Psalmboek

Swart

Inhoud

PSALMS 13
Psalm 1 13
Psalm 2 14
Psalm 3 15
Psalm 4 16
Psalm 5 17
Psalm 6 18
Psalm 7 19
Psalm 8 21
Psalm 9 22
Psalm 10 23
Psalm 11 24
Psalm 12 25
Psalm 13 26
Psalm 14 27
Psalm 15 27
Psalm 16 28
Psalm 17 29
Psalm 18 30
Psalm 19 34
Psalm 20 36
Psalm 21 37
Psalm 22 38
Psalm 23 40
Psalm 24 41
Psalm 25 42
Psalm 26 44
Psalm 27 45
Psalm 28 46
Psalm 29 47
Psalm 30 48
Psalm 31 49
Psalm 32 52

Psalm 33 53
Psalm 34 56
Psalm 35 57
Psalm 36 60
Psalm 37 61
Psalm 38 63
Psalm 39 66
Psalm 40 67
Psalm 41 69
Psalm 42 70
Psalm 43 72
Psalm 44 72
Psalm 45 74
Psalm 46 76
Psalm 47 77
Psalm 48 78
Psalm 49 79
Psalm 50 81
Psalm 51 82
Psalm 52 84
Psalm 53 85
Psalm 54 86
Psalm 55 86
Psalm 56 88
Psalm 57 89
Psalm 58 89
Psalm 59 90
Psalm 60 91
Psalm 61 92
Psalm 62 93
Psalm 63 95
Psalm 64 96
Psalm 65 96
Psalm 66 98

Psalm 67 100
Psalm 68 101
Psalm 69 105
Psalm 70 107
Psalm 71 108
Psalm 72 110
Psalm 73 112
Psalm 74 115
Psalm 75 116
Psalm 76 117
Psalm 77 118
Psalm 78 120
Psalm 79 124
Psalm 80 125
Psalm 81 127
Psalm 82 129
Psalm 83 130
Psalm 84 131
Psalm 85 132
Psalm 86 133
Psalm 87 135
Psalm 88 136
Psalm 89 138
Psalm 90 140
Psalm 91 142
Psalm 92 143
Psalm 93 145
Psalm 94 145
Psalm 95 147
Psalm 96 148
Psalm 97 149
Psalm 98 151
Psalm 99 152
Psalm 100 152

Psalm 101 153
Psalm 102 154
Psalm 103 156
Psalm 104 158
Psalm 105 160
Psalm 106 164
Psalm 107 167
Psalm 108 171
Psalm 109 172
Psalm 110 174
Psalm 111 175
Psalm 112 175
Psalm 113 177
Psalm 114 177
Psalm 115 178
Psalm 116 179
Psalm 117 180
Psalm 118 180
Psalm 119 183
Psalm 120 196
Psalm 121 196
Psalm 122 197
Psalm 123 197
Psalm 124 198
Psalm 125 199
Psalm 126 199
Psalm 127 200
Psalm 128 201
Psalm 129 201
Psalm 130 – 202
Psalm 131 203
Psalm 132 203
Psalm 133 205
Psalm 134 205

Psalm 135 206
Psalm 136 207
Psalm 137 210
Psalm 138 211
Psalm 139 212
Psalm 140 213
Psalm 141 215
Psalm 142 216
Psalm 143 216
Psalm 144 218
Psalm 145 219
Psalm 146 220
Psalm 147 222
Psalm 148 223
Psalm 149 224
Psalm 150 225
SKRIFBERYMINGS 225
1 Lofsang van Maria 225
2 Lofsang van Sagaria 227
3 Lofsang van Simeon 229
4 Engelesang 230
5 Die Woord het vlees geword 232
6 Die Kruiswoorde 233
7 Die LydensPsalm 235
8 Die lied van die Lam 239
9 Die lied van Verlossing 240
10 Paastriomf 243
11 Hemelvaart 244
12 Vreugde en Wee 245
13 Pinkster 247
14 Pinksterbelofte 249
15 Laat jul kinders tot My nader 250
16 Die lied van Saligheid 251
17 Sursum corda 253

18 Kom tot My 255
19 Die Vaderliefde van God 257
20 Lied van die sugtende skepsel 259
21 Die Liefde 261
22 Troos 263
23 Verby 265
24 Verkiesingsjubel 267
25 Seënbede 269
26 Die Tien Gebooie 270
27 Ek Geloof 273
28 A Onse Vader 275
28 B Onse Vader 276
29 Halleluja 276
31 Christus Triumphator 281
32 God is Koning 282
33 Wat ‘n Liefde 284
34 Die Here is God 285
35 Soli Deo Gloria 287
36 Lofsang van die 144 000 288
37 Oorwinnarslied by Eindgerig 290
38 Die eerste liefde 291
39 Getrou tot die dood 292
40 Waak op 293
41 Bewaar my Woord 295
42 Jy is dood 296
43 Omdat jy my Woord bewaar het 298
44 Wagtend staan Ek voor die deur al 300
45 Die Nuwe Jerusalem 302
46 Dag van wraak 306
47 Priesterlike Seën 307
48 Apostoliese Seën 308
49 Môresang 308
50 Aandsang 310
Algemene belydenisskrifte 313

APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS 313
NICEA 313
ATHANASIUS 314
Heidelbergse Kategismus 315
Sondag 1 315
Sondag 2 317
Sondag 3 318
Sondag 4 320
Sondag 5 321
Sondag 6 323
Sondag 7 326
Sondag 8 328
Sondag 9 329
Sondag 10 331
Sondag 11 332
Sondag 12 333
Sondag 13 335
Sondag 14 336
Sondag 15 337
Sondag 16 339
Sondag 17 341
Sondag 18 341
Sondag 19 343
Sondag 20 344
Sondag 21 345
Sondag 22 348
Sondag 23 348
Sondag 24 350
Sondag 25 351
Sondag 26 352
Sondag 27 353
Sondag 28 356
Sondag 29 358
Sondag 30 359

Sondag 31 361
Sondag 32 362
Sondag 33 363
Sondag 34 365
Sondag 35 368
Sondag 36 369
Sondag 37 370
Sondag 38 371
Sondag 39 372
Sondag 40 372
Sondag 41 374
Sondag 42 375
Sondag 43 376
Sondag 44 377
Sondag 45 378
Sondag 46 380
Sondag 47 380
Sondag 48 381
Sondag 49 381
Sondag 50 382
Sondag 51 383
Sondag 52 383
Nederlandse Geloofsbelydenis 385
Artikel 1 - Die Enige God 385
Artikel 2 - Die middele waardeur ons God ken 385
Artikel 3 - Die geskrewe Woord van God 386
Artikel 4 - Die Kanonieke boeke van die Heilige Skrif 386
Artikel 5 - Die gesag van die Heilige Skrif 387
Artikel 6 - Onderskeid tussen die Kanonieke en Apokriewe boeke 387
Artikel 7 - Die Volkomenheid van die Heilige Skrif 387
Artikel 8 - God is een Wese en onderskeie in drie Persone 392
Artikel 9 - Skrifgetuienis oor die leer van die Drie-Eenheid 393
Artikel 10 - Die Godheid van Jesus Cristus 397
Artikel 11 - Die Godheid van die Heilige Gees 400

Artikel 12 - Die skepping van alle dinge, veral van die engele 401
Artikel 13 - Die Voorsienigheid van God 403
Artikel 14 - Die skepping van die mens, die sondeval en die gevolge daarvan 405
Artikel 15 - Die Erfsonde 409
Artikel 16 - Die ewige verkiesing van God 411
Artikel 17 - Die Verlosser deur God beloof 413
Artikel 18 - Die menswording van Jesus Christus 414
Artikel 19 - Die twee nature van Christus 416
Artikel 20 - God se regverdigheid en barmhartigheid in Christus 418
Artikel 21 - Die versoening deur Christus 418
Artikel 22 - Die regverdiging deur die geloof 422
Artikel 23 - Ons geregtigheid voor God 425
Artikel 24 - Ons heiligmaking en goeie werke 427
Artikel 25 - Die seremoniële wet in Christus vervul 430
Artikel 26 - Christus ons Voorspraak 430
Artikel 27 - Die Algemene Christelike Kerk 436
Artikel 28 - Elkeen is verplig om by ware kerk aan te sluit 437
Artikel 29 - Die kenmerke van die ware en die valse kerk 439
Artikel 30 - Die regering van die Kerk 441
Artikel 31 - Die Ampsdraers van die Kerk 442
Artikel 32 - Die orde en tug van die Kerk 444
Artikel 33 - Die Sakramente 445
Artikel 34 - Die Heilige Doop 447
Artikel 35 - Die Heilige Nagmaal 450
Artikel 36 - Die Burgerlike Owerheid 453
Artikel 37 - Die laaste oordeel, die opstanding en die ewige lewe 455
Dordtse Leerreëls 460
Hoofstuk 1 Goddelike Uitverkiesing en Verwerping 460
Verwerping van die Dwalings 466
Hoofstuk 2 Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood 471
Verwerping van die Dwalings 472
Hoofstuk ¾ Die Verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind 475
Verwerping van die Dwalings 478
Hoofstuk 5 Die Volharding van die Heiliges 483

Verwerping van die dwalings: 485
Dordtse Leereëls Simpson 491
BEGELEIDENDE BRIEF H.W. SIMPSON 491
DIE DORDTSE LEERREËLS 493
VOORWOORD 494
Hoofstuk 1 : God se Voorbeskikking 496
Verwerping van die Dwalings waardeur die Nederlandse kerk 'n tyd lank in beroering gebring is 502
Hoofstuk 2: Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood 506
Verwerping van die Dwalings 509
Hoofstuk 3/4: Die Verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind 512
Verwerping van die Dwalings 518
Hoofstuk 5: Die Volharding van die Heiliges 522
Verwerping van die dwalings: 526
Besluit 530
UITSPRAAK VAN DIE SINODE OOR DIE REMONSTRANTE 532
Formuliere 534
Kinderdoop 534
Volwassedoop 539
Belydenis 545
Nagmaal 548
Nagmaal (verkort) 555
Ban 560
Heropname 563
Bevestiging VDM 567
Bevestiging professore 572
Bevestiging sendelinge (verkort) 581
Ouderling-diaken 586
Ouderling 591
Diaken 595
Huwelik 598
Gebede 602
BEDE BY DIE AANVANG VAN DIE SAMEKOMS VAN DIE GEMEENTE 602

'N GEBED VIR AL DIE BEHOEFTES VAN DIE GELOWIGES, OM GEBRUIK TE WORD OP DIE RUSDAG NA DIE EERSTE PREEK 603
'N OPENBARE BELYDENIS VAN DIE SONDES EN KORTER GEBED VOOR DIE PREEK 605
'N KORTER GEBED NA DIE PREEK 606
'N GEBED VOORDAT UIT DIE KATEGISMUS ONDERRIG GEGEE WORD ... 607
GEBED NA DIE ETE 608
GEBED VIR KRANKES EN AANGEVOGTENES 609
DIE MÔREGEBED 610
DIE AANDGEBED 612
GEBED BY DIE OPENING VAN DIE KERKLIKE BYEENKOMSTE 612
GEBED BY DIE SLUITING VAN DIE KERKLIKE BYEENKOMSTE 613
'N GEBED BY DIE OPENING VAN DIE VERGADERING VAN DIE DIAKENS614

PSALMS

Psalm 1

1:1
Welsalig hy wat op die spoor nie gaan
waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of neersit waar die spotglans in die oog is,
waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering,
by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.
1:2
Hy is 'n boom wat diep en vas geplant,
sy wortels uitsprei by die waterkant;
en mild versorg deur vrugb're lentelugte,
sy volle drag laat sien van somervrugte.
Geen onspoed wat hom in sy werk sal stuit:
wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.
1:3
So is die sondaar nie; sy aardse tyd
is wisselspel en onbestendigheid.
Hy's soos die kaf aan stormwind prysgegewe;
in nietigheid, so eindig hy sy lewe;
hy hou nie stand waar God se volk Hom eer,
of waar die straf tot weervergelding keer.
1:4

God ken die pad waarop sy volk moet gaan;
sy oog is dit wat hulle gadeslaan
en met sy lig hul lewenspad bestraal het;
maar sondaarspad wat van Hom weggedaal het -
dit moet vergaan; onkeerbaar in hul spoed,
loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.

Psalm **2**

2:1
Wat dring en dryf die wilde heidendom,
dat volke raas in opgewondenheid?
Gedugte konings staan gereed alom,
en wêreldgrotes raadslaag vir die stryd,
om God almagtig na die kroon te steek
en saam teen sy Gesalfde op te staan.
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek
en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"
2:2
Maar God die HEER wat sy gedugte stoel
bo sterre stig, sien van sy hoogtes neer;
Hy lag en spot dat hul so vrugt'loos woel
en, magteloos, verniet hul krag verteer.
God sal sy wraak laat neerstraal voor hul oog;
dan gloei die lug van vlammende=onweerslig.
Dis God wat spreek! Hy donder van omhoog
en jaag sy skrik hul in die aangesig.
2:3
"Durf jy dit waag om met my krag te twis?
Sal niet'ge stof My my gesag ontwring?
Of weerstand bied aan wie almagtig is?
Ontsien my toorn, verdwaasde sterweling!
Vergeefs wil jul my ryksbestel weerstreef.
Ek het my Vors gesalf - wee, wie Hom hoon! -
op Sionsberg van heiligheid omgeef,
waar Hy sal heers en ewig sit ten troon."
2:4
En Ek, dié Vors, so hoog in mag en eer,
sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:
"Ek self (sê God) het U gegenereer:
U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis.
En dat u troon vir ewig vas mag bly,
gee Ek die volke tot u erfenis
en wêreldwydtes tot u heerskappy.
2:5
"Die trotsaards sal U met u ysterstaf

soos erdepotte slaan tot gruis en skerf;
U sal, as eers u hand ontwaak tot straf,
hul opstandslus tot in die grond verderf."
O konings, graag gehuldig en geëer -
laat nooit u hoogheid Gods Gesalfde hoon!
O regters, wat oortreders regstug leer,
aanvaar die tug wat u sy liefde toon.
2:6
Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd
met blydskap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid,
buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want ligt'lik kan Gods gramskap jul verteer
net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER,
wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Psalm **3**

3:1
Hoe groei my teenparty!
Hoe dring hul naderby!
Ek hoor al hoe hul laster:
"Hy het geen heil by God."
Hul hoon my met hul spot
en keer my altyd vaster.
Maar U sal hulle stuit;
U voer die oorlog uit,
my God, my skild, my ere!
U hef, trots hul gerug,
my hoof weer in die lug,
want U verhoor my, HERE!
3:2
Van God se trou bewus,
was slaap my veil'ge rus
tot ek versterk ontwaak het.
Ek sal hul nou nie vrees,
hoe sterk hul ook mag wees
wat my rondom genaak het.
Staan op, verlos my, HEER!
Verbreek hul tande weer!
U tem die oorlogsvolke!
Aan U die heil alleen!
Stort op u erf 'n seen
soos druppels uit die wolke.

Psalm 4

4:1
Verhoor my, HEER, in donker dae,
God van my reg, send troos vir my!
U wat my voer uit hinderlae,
hoor my uit vrye welbehae.
O manne wat my nou bestry,
hoe lank nog word in teënhede
my eer in skande omgekeer?
Hoe lank is jul met nietighede,
met ydelheid en wind tevrede?
Word leuentaal deur jul begeer?
4:2
Weet dat die HEER vir Hom tevore
'n gunst'ling afgesonder het,
en dat hy, deur God self verkore,
nooit op sy swerftog is verlore,
maar dat die HEER hom hoor en red.
Beef dan, o dienaars van die sonde,
oortree nie teen sy heil'ge wil.
Deursoek jul hart in stille stonde,
as eensaamheid omsweef jul sponde,
verwag die HEER en wees net stil.
4:3
Wil jul aan Hom 'n offer gewe?
Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe,
en Hom alleenlik aan te klewe,
op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë:
Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë,
sien op ons neer in mededoë,
verlig ons hart en ons gemoed!
4:4
U het my hart meer vreug gegewe
as ander smaak in volop-tyd,
as hul deur skyngeluk verhewe,
by mos en koring lustig lewe
en fees hou in kortstondigheid.
Ek sal gerus gaan slaap in vrede
en ongestoord lê ek my neer;
want U alleen verhoor my bede,
U waak oor my in teënhede,
dat ek kan veilig woon, o HEER!

Psalm 5

5:1
O HEER, neem my gebed ter ore!
Kan ek die klare woord nie spreek -
U weet wat in my woel en smeek;
my sugte,=as spraak nog ongebore,
is nie verlore.
5:2
Ek roep om hulp, ek is onmagtig,
die vleuels van my siel geknot.
Maar U, my Koning en my God,
wees U my, arme, tog gedagtig,
en reddingskragtig.
5:3
Wanneer die daglig straal oor rande
van skemerende berge neer,
dan bid en wag ek op die HEER.
Dan lê ek klaar my offerande
met will'ge hande.
5:4
O God, wat groot is van vermoë,
wat woon in smettelose lig,
U sal die goddeloosheid rig;
U kan die sondaar voor u oë
geensins gedoë.
5:5
U, HEER, verdelg die leuenspreker.
Hy wat sy hand met bloed bevlek
en gruwels met bedrog bedek -
hy terg, as snode wetverbreker,
die hoogs te Wreker.
5:6
Maar ek, uit krag van u meedoë
mag ingaan in u heiligdom,
tot voor u tempelwoning kom
met ware Godsvrees, voor u oë
diep neergeboë.
5:7
Lei my in u geregtighede
om my verspieders wil, en baan
die pad waarop my voet moet gaan.
O hoor my pelgrimsmôrebede:
Bewaak my skrede!
5:8
Hul mond is altyd onwaaragtig,
hul binneste=is op kwaad bedag,

hul keel 'n ope graf wat wag;
hul gladde tong, in woorde magtig,
is leuenagtig.
5:9
Waarom, o HEER, met hul geduldig?
Dis hemeltergers wat daar woel!
Verdryf hul van u regterstoel.
Hul leef in misdaad menigvuldig:
Verklaar hul skuldig!
5:10
Maar laat in eewge blydskap lewe
wie by U skuil in veil'ge hut,
en laat hul juig, deur U beskut.
U Naam, grootmagtig en verhewe,
bied vreugdelewe.
5:11
Daar 's vreugde, want u mag bekroon hul,
u seen is oor hul ryk en mild,
u sorg is om hul soos 'n skild,
u welbehae, HEER, beloon hul,
u guns verskoon hul.

Psalm 6

6:1
Wil my, o HEER, nie straf nie,
wys my in toorn nie af nie,
sien my genadig aan;
laat in my teëspoede
'n alte strenge roede
my nie met gramskap slaan!
6:2
Laat, HEER, u oog in strakheid
nie neersien op my swakheid.
Genees my, merk tog hoe
die smart my siel beswaar het,
die skrik in my gevaar het
tot in my beend're toe.
6:3
My siel, deur skrik bewoë,
smeek om u mededoë;
my hart keer om en om.
In my verbrys'ling kla ek,
o HEER, hoe lank nog, vra ek,
voor daar verligting kom?
6:4
Keer weer tot my bevryding,

verlos my uit my lyding,
straal goedheid op my af.
Want daar's geen lofgedagte
vir U in dood se nagte,
geen lofstem in die graf!
6:5
Hoe moeg is al my lede,
daar ek in bangighede
van geen verposing weet.
Die ganse nag deurweek ek
my bed met trane, smeek ek
om redding uit my leed.
6:6
My oog is deur my kwale
verdof en sonder strale,
verouderd van geween;
daar ek in my ellende
verdruk word deur 'n bende
van haters om my heen.
6:7
Wyk weg in julle broosheid,
o werkers van godd'loosheid,
want God kom naderby.
In my geween en smeking,
verbrys'ling en verbreking
verhoor die HERE my.
6:8
Waar is my teenpartyders?
'n Skrik het my bestryders
verstom en om laat keer.
Hul hoogheid lê aan bande,
'n oogwink - en hul skande
daal op hul koppe neer.

Psalm **7**

7:1
HEER, my God, by wie ek skuiling,
redding soek - my teenparty
wat my jaag op al my spore,
dring gedurig naderby.
As u hand my nie verlos nie,
sal hul lewend my verslind,
soos 'n leeu die arme skaaplam
wat hy sonder herder vind.
7:2
HEER, my God, wat is my sonde?

Het die skuld my aangekleef
dat ek kwaad hom aangedoen het
wat met my as vriend wou leef?
Nee, ek het die hand van vriendskap
reddend na hom uitgesteek,
ook al was die band van vriendskap
deur sy vyandskap verbreek.
7:3
As ek met 'n valse weegskaal
leed vir guns en kwaad vir goed
aan my vyand toegeweeg het -
laat sy wraak my dan ontmoet.
Laat hom my dan jaag en inhaal
en my lewe nie verskoon,
my vertrap, my eer verneder
en my in die stof laat woon.
7:4
HEER, ontwaak en keer sy gramskap
met die vuurskerm van u wraak!
Daag hom voor u regtersetel;
laat my tot my reg geraak!
Straal u vonnis voor die oë
van die volke op hom neer!
Keer dan majesteitlik, HERE,
na die eewge hoogtes weer.
7:5
Hoor, o Regter van die volke!
Doen aan my, o God, tog reg!
Bid ek wél, o hoor my bede
na die waarheid van my weg!
Straf die goddelose bende,
stel hul boosheid perk en paal!
Help my, U wat hart en niere
met u kennislig deurstraal.
7:6
Soos 'n held met skild gewapen
aanstap sonder kommernis,
so voel ek by God my veilig
wat my skild en helper is.
Want Hy is die hoogste regter
wat die lyder reg verskaf;
elke dag ontvlam sy wraakvuur
wat die onregwerkers straf.
7:7
As die vyand in sy oormoed
hom nie in sy loop laat stuit,

dan ruk God, hoewel lankmoedig,
eindelik sy slagswaard uit.
Dan span Hy sy boog en mik Hy
met sy pyle, skerp en spits;
en die vyand voor hy neerplof,
sien die dodelike blits.
7:8
Want hy was van onreg swanger,
moeite=en leu'ns het hy versin;
en nou stor HEER t hy self, die grawer,
in sy eie vangkuil in.
Sal ek dan die HEER nie loof nie
en sy Naam nie hulde bring?
Vir sy groot verlossingsdade
sal 'k die Allerhoogste sing.

Psalm **8**

8:1
Daar is geen land so ver of woes geleë,
geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid -
of orals blink u Naam en majesteit.
8:2
U het, o HEER, wat troon oor alle dinge,
uit kindertaal en stem van suigelinge
u mag gegrond, sodat die mens moet swyg
wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig.
8:3
As ek, o HEER, u nagtelike hemel
daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
hoe, deur U toeberei, die skugter maan
met stille gang oor sterrevelde gaan -
8:4
wat is die mens dan dat U hom gedenk het,
die mensekind wat U so ryk beskenk het!
Met eer en heerlikheid is hy gekroon,
skaars minder as die eng'le om u troon.
8:5
U laat hom heers. Tot aan die verste strande
gebied hy oor die werke van u hande.
U het, o HEER, dit onder hom gestel,
dit hoor sy stem en beef voor sy bevel.
8:6
Die os en skaap en wat in wildheid lewe,
die voëls wat deur hoë lugte swewe,
al wat deurkruis die paaie van die see -

tesaam het U dit in sy mag gegee.
8:7
Ja, daar's geen land so ver of woes geleë,
geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid -
of orals blink u Naam en majesteit.

Psalm **9**

9:1
Ek sal van ganser harte, HEER,
u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is,
aan wie my lofsang toegewy is;
9:2
omdat my vyand, hoe gedug,
teruggewyk het en gevlug;
omdat hy voor u aanskyn wég is,
en, HEER, my saak deur U besleg is.
9:3
As Regter 't U die troon bestyg,
U het die heidendom gedreig,
sodat die sondaars uitgedelg is
en daar van hul geen stam of telg is.
9:4
Die vyande het omgekom;
hul stede is nou stil en stom,
kliphope waar geen pad of spoor is,
dis al wat van hul grootheid oor is.
9:5
Maar bo wat wissel en vergaan,
bly ewig God se rykstroon staan.
Hy vel sy vonnis uit die wolke,
regverdig oordeel Hy die volke.
9:6
Die HEER sal, soos 'n rotsskans, dek
wie hier getrap word op die nek.
Hy is 'n vesting hoog verhewe,
en sal in nood hul nooit begewe.
9:7
Die hart van hul wat U bely,
sal in u Naam standvastig bly.
Dié wat U soek in stil vertroue,
is by U veilig en behoue.
9:8
Psalmsing Hom wat op Sion troon,
vertel sy roem waar volke woon!

Geen bloedskuld waar Hy nie van weet nie,
of hulpgeroep wat Hy vergeet nie.
9:9
Bewys aan my genade, HEER,
en sien op my ellende neer!
U, wat my aan die dood ontruk het,
kyk, hoe my haters my verdruk het!
9:10
Dan vind my tong weer nuwe stof,
in Sions poort meld ek u lof.
Dan sing ek bly van u genade,
so groot in nuwe reddingsdade.
9:11
Die heid'ne, deur hul waan mislei,
stort in die kuil vir my berei;
die strik wat hul vir my bestem het,
is dié wat nou hul voet omklem het.
9:12
O oordeel vol geheimenis,
wat meld dat God regverdig is!
Hoe raak verstrik in eie nette
wie geen ontsag het vir Gods wette!
9:13
Die goddelose moet weer wyk,
teruggaan na die doderyk;
die grafkuil wat God wyd gemeet het,
daarin versink wie Hom vergeet het.
9:14
Nooddruftiges wat kwyn in leed,
sal God nie eindeloos vergeet;
Hy sal die hoop van hul bestendig
wat hier verdruk is en ellendig.
9:15
Staan op, o HEER; die mens word sterk!
Vergeld die heid'ne na hul werk!
Verskrik hul, groot in goddeloosheid,
maar nietig voor U in hul broosheid!

Psalm **10**

10:1
Waarom, o HEER, bly U so ver weg staan?
Waarom is U verborge in die nood -
terwyl die trotsaard, in sy oormoed groot,
dring met geweld op die verdrukte aan?
10:2
Laat hom gevang word wat 'n lis beraam;

wat juig wanneer sy plan hom sal geluk,
wat prys wanneer die woekeraar verdruk,
maar God verag en grootspreek teen sy Naam.
10:3
Die goddelose wandel in sy waan:
hoogwys het hy sy neus omhooggesteek,
vermetel het sy mond dit uitgespreek:
"Daar is geen God!" En rustig stap hy aan.
10:4
Hy is voorspoedig waar sy voetstap gaan:
"Hoog in die hoogte, eind'loos ver, " dink hy,
"is Gods gerig: geen loon of straf vir my."
En hy verag al wie hom teëstaan.
10:5
Hy roem dat hy sal standhou vir altyd,
en dat hy nooit, nooit in die kwaad sal kom.
Hy vloek, bedrieg, gaan met verdrukking om;
sy tong spreek moeite=en ongeregtigheid.
10:6
Net soos 'n leeu wat loer, lê hy gereed.
Hy vang sy prooi deur aan sy net te trek
en sleep hom weg, diep in sy wegkruipplek;
die arme slag hy daar - wie sal dit weet?
10:7
Hy smaad die HEER en dink: "God het vergeet.
Hy sluit sy oog en sien dit nimmermeer."
Tree toe, en wil die arme red, o HEER;
dis ons genoeg as U maar sien en weet.
10:8
Ons gee dit oor in al ons kommernis
aan U, o HEER, die helper van die wees.
Verbreek die arm van hom wat U nie vrees,
vergeld die kwaad totdat daar niks meer is.
10:9
Die HEER is Koning, ewig en altyd;
geen heidendom of ‘t moet voor Hom vergaan.
maar die geroep hoor Hy goedgunstig aan
van wie ootmoedig op sy bondstrou pleit.
10:10
God sal hul hoor en sal die hart verkwik
van arme=en wees aan wie Hy reg verskaf,
maar op verdrukkers daal sy strenge straf,
hul brose arm sal niemand meer verskrik.

Psalm **11**

11:1

Ek skuil by God in al my onweersdae.
Hoe sê jul dan in kleingeloof vir my:
"Vlug soos 'n duif met snelle vleuelslae
na die gebergt' van vrees en vyand vry!"
11:2
"Hul span die boog; die pyle=is op die snare,
om die opregte heimlik om te bring.
Wat kan hy doen as die geweldenare
die reg verbreek en uit die land verdring?"
11:3
Daar is 'n God, 'n God wat hoog verhewe
uit sy paleis - sy bouwerk is so skoon! -
die oog het op wie laag op aarde lewe;
sy oordeel vel Hy van sy hoë troon.
11:4
Die HERE toets hul wat regverdig lewe,
maar haat hom wat vir geen gewelddaad vrees;
hy word aan strikke=en vuurgloed oorgegewe,
'n gloeiwind sal sy straf vir onreg wees.
11:5
Die HEER is reg, regverdig is sy handel.
Hy min die reg en bly daaraan getrou.
Opregtes vind die uitkoms van hul wandel:
hul sal die aangesig van God aanskou.

Psalm **12**

12:1
Red, red, en hoor, o HEER,
geen vrome is daar meer;
getrouheid, in die land reeds klein,
het nou daaruit verdwyn.
12:2
Die mens spreek onopreg,
'n woord met leu'ns deurvleg;
die taal wat van hul lippe gly,
is enkel vleiery.
12:3
Mag God die lip uitroei
waarvan die vleitaal vloei,
die tong wat vry en onbewaak
vermetel is van spraak.
12:4
Hul sê: "Ons tong is sterk,
in slimheid onbeperk.
Ons lippe is aan ons getrou;
wie kan ons dan weerhou?"

12:5
"Oor wie verkwyn in druk
en sug in ongeluk,
sal Ek nou opstaan in verweer,
hul uitred," sê die HEER.
12:6
Die woorde van die HEER
is rein, gelouterd meer
as allersuiwerste metaal,
gereinig sewe maal.
12:7
Die HEER sal in gevaar
sy volk altyd bewaar;
as lis en laagheid triomfeer
dan waak en sorg die HEER.

Psalm **13**

13:1
Hoe lank is ek van hulp ontbloot,
my God, in u gedagtes dood?
Hoe lank sal ek in donkerhede
geen antwoord hoor op my gebede,
en ongetroos wees in die nood?
13:2
Hoe lank, o HEER, sal sorg en smart
hul laer opslaan om my hart?
Hoe lank sal die vyand met behae
my aansien in my angs en plae -
my siel mistroostig en benard?
13:3
O HEER, my God, sien my tog aan,
wil my ellende gadeslaan;
verlig die donker van my oë,
en wil tog nimmermeer gedoë
dat ek in doodslaap ondergaan.
13:4
Laat hulle wat in oormoed my
vervolg en met hul swaard bestry -
laat hul nie roem op meerd're kragte,
of smalend sê in hul gedagte:
"Ons het oorwin, daar struikel hy!"
13:5
O HEER, ek sal U nooit laat gaan.
My hoop bly op u goedheid staan.
My hart sal oor u redding bly wees,
my lofgesang U toegewy wees,

want U het aan my welgedaan.

Psalm **14**

14:1
Vermeetle dwaas wat hoogwys spot,
sê in sy hart: "Daar is geen God."
Hul dade is afskuw'lik, sleg,
geeneen wat goed doen in sy weg.
14:2
God het die mens se werk betrag
uit hemelhoë=en helder dag,
of Hy ook by die mensekind
verstand mét ware Godsvrees vind.
14:3
Maar almal het tot groter kwaad
in hul ontaarding God verlaat.
Van almal is hul dade sleg,
geeneen wat goed doen in sy weg.
14:4
Is daar dan by die sondaarskind,
hul wat my volk soos brood verslind,
geen kennis van die waarheid meer,
dat hulle God nie soek en eer?
14:5
Maar skielik het hul skrik gekom:
God slaan hul deur sy oordeel stom.
Maar oor sy volk, tot spot gemaak,
het Hy regverdig opgewaak!
14:6
Hy is 'n rots om in te vlug
vir wie, ellendig, tot Hom sug.
Mag maar die bede nooit verstom:
"Laat Isr'els heil uit Sion kom!"
14:7
As Isr'els God in hul ellend
sy volk se lotgeval wil wend,
sal Jakob jubel bly van gees,
en Israel sal vrolik wees.

Psalm **15**

15:1
Wie styg so hoog in heil en eer,
dat hy met U, die grote Koning,
met U, die allerhoogste HEER,

kan op u heil'ge berg verkeer
en intrek in u heil'ge woning?
15:2
Dié wat, opreg in sy gemoed,
na Gods verhewe eis wil handel,
hom vir bedrog en leuen hoed;
en is dit voor- of teëspoed,
die waarheid spreek in hart en wandel.
15:3
Dié wat nie steun op agterklap,
geen kwaad doen aan sy metgesel nie;
nie uit verborge vyandskap
met laster op die lippe stap,
en dit nie aanhoor of vertel nie.
15:4
Dié wat hom van die manne keer
wat God en sy bevel nie vrees nie;
maar die godvrugtiges wil eer,
en in sy eed nie valslik sweer,
of aan sy woord ontrou wil wees nie.
15:5
Dié wat geen hoop op roof wil stel
en woekerwinste nie begeer nie,
geen omkoopgeld hom af laat tel
om wie onskuldig is, te kwel -
hy sal nie wankel immermeer nie.

Psalm **16**

16:1
Bewaar my tog, o God, op wie 'k vertrou!
Ek skuil by U, my toevlug in die lewe.
Daar is vir my, in wat die oog aanskou,
geen goed bo U, so eind'loos hoog verhewe.
En wie op aarde=U ken en vrees, o HERE,
húl noem ek groot, hul is my roem en ere.
16: 2
Wie hier 'n ander god met gawes eer,
dié sal homself met baie smarte pynig.
Ek sal sy offers uitgiet nòg begeer;
sy afgodsnaam sal nie my mond ontreinig.
My erfdeel is die HEER, my vreugdebeker,
my lot is in sy hand vir ewig seker.
16:3
My erfdeel is op aarde skoon vir my;
die meetsnoer val in plekke lief en lustig.
Ek loof die HEER wat deur sy raad my lei;

selfs in die nag as alles sluimer rustig,
dan wek opnuut my niere die verlange
om God te dank in stille lofgesange.
16:4
'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer:
ek stel die HEER gedurig my voor oë.
My hart is bly, en juigend meld my eer:
"Sy regterhand sal nooit my val gedoë."
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is,
nog veilig woon, omdat die HEER naby is.
16:5
U sal my siel nie oorgee in die dood,
my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot
verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreugde=en volle vrede,
en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Psalm **17**

17:1
0 HEER, verleen my tog gehoor;
my saak - U weet dit - is regverdig.
En wil my smeking nou verwerdig
dat dit kan opklim in u oor.
Alleen deur waarheidsdrang bewoë
beef van my lippe die gebed:
ag, as U maar my saak wou red,
U wat geen onreg wil gedoë.
17:2
U weet wat in my hart is nou,
want dikwels in die stille nagte
het U my hart en my gedagte
tot in my diepste grond deurskou.
My oog, verhelderd deur u rede,
staar nou die mens se doen verby;
deur U geleer, sal ek vermy
die paaie van ongodd'likhede.
17:3
My treë hou vas aan u spoor,
en dat my voet nie weg sou gly nie,
is my geen helper so naby nie!
Ek roep; ag, wil my tog verhoor.
U is my redder - niemand anders!
Verleen my guns en onderstand,
wanneer ek wegskuil by u hand
vir alte sluwe teëstanders.

17:4
Net soos die appel van die oog,
bewaar my so, Getroue=en Sterke!
Oordek my met u eewge vlerke,
met u bewaring van omhoog;
sodat die skaar wat my omring het,
vergeefs na my sal soek, o God,
vergeefs sal jubel oor my lot
as hul al amper my bespring het.
17:5
Niks wat hul meegevoel meer wek,
en niks weerhou hul trotse rede.
Alreeds omsingel hul ons skrede
en wil hul op die grond ons strek.
Geen leeu is slimmer in sy planne
as hul wat op my lê en wag;
geen ondier, vinnig op die jag,
is sluwer as die sluwe manne.
17:6
Staan op, o HEER, en wil hul stuit!
Verlos my van die goddelose;
u hand, u swaard, laat dit die bose
terneer werp; manne wie se buit
as toornskat nie met hul sal sterwe,
maar wat dit as 'n sondesaad
weer aan hul kinders agterlaat,
wat dit húl kinders weer laat erwe.
17:7
'n Beter lot is dan my deel:
as ek ontwaak, ná my benouing,
sal ek U sien in klare=aanskouing,
versadig met u beeld geheel.

Psalm **18**

18:1
Ek het U hartlik lief, o HEER!
U is my sterkte=en teëweer.
Die HEER's my rots, my vesting sterk,
my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil,
my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil,
by wie ek vas en veilig skuil.
18:2
Tot U, van wie my lofsang is,
roep ek in my benouenis,

en - van my vyand word ek vry!
Want bande van die dood het my
omring en strome van verderf,
wat aanstorm uit die donker wyk
van kuil en graf en doderyk,
met kwellings waar die hart by sterf.
18:3
Deur donker magte, troep aan troep,
omsingel, het ek uitgeroep;
ek het in doodsangs uitgebreek
en God, my God, om hulp gesmeek.
Hy het geluister, my verhoor:
my stem het luid omhooggerys,
het deurgedring in sy paleis,
en opgeklim tot in sy oor.
18:4
Toe het die aard' se ingewand,
die berge in hul vaste stand
gebeef, gesidder skrik-verras,
omdat die HERE toornig was.
Rook in sy neus het opgegaan,
vuur wat verteer na alle kant,
het uit sy lippe voortgebrand,
en kolegloed het uitgeslaan.
18:5
Die hemel het ontsag betuig
en by Gods neervaart neergebuig;
en donkerheid van watervloed,
'n onweersnag was om sy voet.
'n Gérub was sy oorlogswa.
Hy het gevlieg en aangesweef
- terwyl dit om Hom skud en beef -
op vleuels van die wind gedra.
18:6
In duisternis het Hy genaak,
in donker nag wat Hom bewaak:
in waterduisternis alom
en diktes van die wolkkolom.
Deur glanse voor Hom, om Hom heen,
wat gans sy gloriewese=oordek,
het swaar sy wolk verbygetrek
met onweersvuur en haelsteen.
18:7
Die HEER ‘t laat dreun die hemel oor,
die hoogste God sy stem laat hoor,
sy stem mét vuur en haelsteen,

die drie tesaam en wild deureen.
Hy het sy pyle uitgestuur
en húl verstrooi wat my beveg,
sy bliksems deur hul heen gevleg
en hul verwar in onheilsuur.
18:8
In beddings waar die waters loop,
raak rotse tot hul wortels oop.
Die see wyk uit sy stille skoot
en sleep die aard' se grondves bloot.
So ‘t God die wêreld, stomverbaas,
laat sidder van sy dreigement,
Hom bulderend omlaag gewend
as Hy 'n storm van gramskap blaas.
18:9
Sy hand het Hy van bo gestrek,
gegryp, uit dieptes my getrek,
my vyande, te sterk vir my,
gebreidel in hul raserny.
Hul ‘t aangestorm. 'n Dag van nood!
Maar God, my helper, was naby;
in ruimtes is ek uitgelei,
want sy behae=in my was groot.
18:10
Die HEER het my, trots hul geweld,
na my geregtigheid vergeld;
en na die reinheid van my hand
doen Hy sy woord aan my gestand.
Ek het nie, aan sy stem ontrou,
sy pad verlaat, aan hul gelyk,
wat goddelooslik af wou wyk,
maar het my aan sy spoor gehou.
18:11
Sy ordening, dié was voor my,
ek het sy woord getrou gebly.
Ek was opreg van hart voor Hom
en wou op onregspad nie kom;
sodat die HEER, sy trou tot prys,
en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand
en my my reg het toegewys.
18:12
Barmhartig, vol van derenis,
is U vir wie barmhartig is;
en wie opreg is, U sal hom
ook met opregtheid teëkom.

By hul wat reinheid rein bemin,
hou U, die Heil'ge, U ook rein;
maar vir wie leef in valse skyn,
is U ook self verkeerd van sin.
18:13
Die HEER verlig die harde juk
van wie hier sug in leed en druk;
maar Hy verneder dié wat hoog
en ydel is van hart en oog.
My lamp brand in die donker uur;
God het my donker opgeklaar!
Met God storm ek 'n leërskaar
en met Hom spring ek oor 'n muur!
18:14
Gods weg is gans volmaak soos Hy,
sy woord van al wat smet is, vry,
soos goud, gelouter sewe maal.
Hy is 'n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou.
Want wie's daar buiten U, o HEER!
U is die Rots, geen ander meer,
op wie ons altyd weer kan bou.
18:15
God het met krag my aangegord;
deur Hom 't my weg gelyk geword.
Hy laat my voete op dié baan
so maklik soos die herte gaan,
en lei my na die hoogtes dan
van seëpraal en heerskappy;
my hande leer Hy om te stry,
dat ek 'n koperboog kan span.
18:16
Die skild van redding gee U my,
u regterhand was my naby;
u goedheid het tot my genaak
en my uit kleinheid groot gemaak.
My voet was deur u guns weer vry,
my enkels het my nie gefaal;
ek het my vyand ingehaal,
verdelg, geeneen het oorgebly.
18:17
Ek het hul gans en al verslaan,
van hul 't geeneen weer opgestaan.
U het my aangegord met moed,
gestruikel het hul voor my voet.
My teëstanders het geval,

U het my vyand weg laat vlug;
vir haters was ek so gedug
dat hul verslaan is, gans en al.
18:18
Hul het geroep, geen hulp gekry,
ook tot die HEER - Hy 't stilgebly.
Toe het ek hul vergruis, verjaag,
soos straatslyk hulle weggevaag.
God red my as my dienaars twis,
en maak dat uit die heidendom
die nasies na my voetbank kom
en aan my onderdanig is.
18:19
Hul was gehoorsaam as hul oor
net van my roem en dade hoor.
Hul het al kruipende gekom;
uit vestings skuif hul kragt'loos, krom.
Die HERE leef! Lof aan my Rots!
Die HEER, my heil, sy groot gemaak!
Hy gee my op my vyand wraak
en breek die volke in hul trots.
18:20
U wat my red, my hoog verhef,
die vyand fnuik, tiranne tref -
U wil ek loof, U singend eer,
U by die nasies groot maak, HEER,
en U vir groot verlossings prys!
Aan u gesalfde=is guns bewys,
aan Dawid en sy nageslag:
U sy die eer en roem en krag!

Psalm **19**

19:1
Die hoë hemelrond / vertel met blye mond
Gods heerlikheid en eer,
en, wonderbaar deurglans, / vermeld die wye trans
die werke van die HEER.
Die dag roep orals luid / en duisendstemmig uit
dié loffelike sprake;
die nag se stille stap / meld kunde=en wetenskap
deur al sy donker wake.
19:2
Hoe goddelik en skoon / en wonderbaar dié toon
wat deur die skepping gaan!
Geen volk so onbegaaf, / geen oor so onbeskaaf,
wat nie dié taal verstaan.

Die prag van hemellyn / wat deur die wydtes skyn,
spreek daar so luid en kragtig
dat nêrens hart of oor / dié skeppingstaal nie hoor -
tot roem van God almagtig.
19:3
Hy ‘t in die wonderbou / van eewge hemelblou
die son se tent gestig.
Dié’s soos 'n bruidegom / wat uit sy slaaptent kom
met glansende gesig.
Hy wandel soos 'n held / blymoedig in die veld
van hoë hemeltranse,
en het sy swaai en spoor / die ganse wêreld oor
wat blink van gloed en glanse.
19:4
Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet,
en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is,
die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly
en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig
wat afstraal op die oë.
19:5
Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein
van heil wat ewig bly.
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer,
regverdig net soos Hy.
Hul's soos die fynste goud - / ja, fyner duisendvoud -
geen glans wat so kan straal nie;
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet -
daar’s niks wat daarby haal nie.
19:6
Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan,
en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin
'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan
en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog
diep in my hart bly steek het.
19:7
Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad
u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry
van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond,

o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees -
my Rots, op wie 'k gebou het.

Psalm **20**

20:1
O, mag die HERE u verhoor
in dag van nood en stryd!
En mag die Naam van Jakobs God
u dek in oorlogstyd!
20:2
Mag Hy sy heil en bystand stuur
uit hoë heiligdom,
en u uit Sion ondersteun,
van waar u hulp sal kom.
20:3
Mag Hy aan al u offers dink
van fynste spys, en nou
u offerbrand wat voor Hom geur,
met welgevalle=aanskou!
20:4
Mag Hy, die ryke God, u gee
al wat u hart verlang!
Vervulling van wat u beraam -
mag u dié guns ontvang!
20:5
Ons wil oor u oorwinning juig -
die vaandels jubel mee!
Ons loof die Naam van onse God.
Mag Hy u wens u gee!
20:6
Nou weet ek dat die HERE sy
gesalfde sal verhoor;
uit heil'ge hemel antwoord Hy,
tot magsdaad aangespoor.
20:7
Daar is wat op hul strydwaens roem,
op oorlogsperde trots;
maar ons sal ons beroem in God,
ons toeverlaat en rots.
20:8
Hul almal ‘t inmekaargesak,
geval, voor ons geswig;
maar ons het kragvol opgestaan
en ons weer opgerig.
20:9

Verlos die koning, troue HEER,
en sterk hom in die stryd!
Verhoor ons as ons tot U roep
in druk en oorlogstyd!

Psalm **21**

21:1
U maak, o HEER, die koning bly,
omdat u arm so sterk is,
sy heil deur u bewerk is.
Sy wens het hy van U verkry;
U het wat hy begeer,
geweier nóg geweer.
21:2
U kom hom vriend'lik tegemoet
met stroom van goeie dinge
en gulde seëninge.
U het 'n kroon van fynste gloed,
van voorspoed en geluk,
hom op die hoof gedruk.
21:3
Hy het van U, o God, begeer
die onverwelkb're lewe.
U het dit hom gegewe.
So word sy dae altyd meer,
so leef hy eindeloos,
vir ewig en altoos.
21:4
Hoe hoog is deur u hulp sy staat:
U ‘t majesteit en ere
op hom gelê, o HERE.
Sy seën ken geen tyd of maat;
en van u aangesig
straal vrolikheid en lig.
21:5
Die vors vertrou in vrede=en stryd
op God se alvermoë,
Hom seën die Alhoë;
en deur sy goedertierenheid
sal, hoe dit ook mag gaan,
sy voete vas bly staan.
21:6
U hand sal wis u haters vind;
vir hul is u verskyning
verbranding en verdwyning.
Die toorn van God sal hul verslind,

'n wraakvuur van die HEER
sal hulle gans verteer.
21:7
Hul somervrug, hul lenteblom,
hul kroos sal U verderwe;
U sal hul weg laat sterwe.
Ons vind van hul, waar ons ook kom,
geen spoor of teken meer -
só het U hul verteer.
21:8
Met onheil het hul U omring,
teen U hul slinkse planne
vergeefs gesmee, die manne
wat U nou tot die vlug sal dwing;
u pyle, wél gerig,
skiet U in hul gesig.
21:9
Verhef U in u sterkte, HEER,
en laat u groot vermoë
gesien word voor die oë
van almal wat U roem en eer!
Ons buig ons voor u mag
en prys u heldekrag.

Psalm **22**

22:1
My God, my God, waarom verlaat U my,
terwyl 'k alleen my sware stryd moet stry,
alleen moet kerm wanneer 'k my lyde ly?
Op al my vrae
kan ek van U, deur al my lydensdae,
geen antwoord kry; deur donker lydensnagte
bly ek nie stil; maar daar's geen heil te wagte,
geen woord vir my.
22:2
Tog sprei U, HEER, u reddingsglans ten toon
waar U, die Heil'ge, by u volk wil woon
en op die vleuels van hul lofsang troon.
Die jammerklagte
het U gehoor van verre voorgeslagte;
hul is gered! In stille Godsbetroue
het hul ontvlug, gehandhaaf en behoue
op hul gebed.
22:3
Maar ek, ek is 'n wurm - 'n man nie meer,
'n smaad van wie deur spotsug my onteer.

"Laat dit maar oor, " so roep hul, "aan sý HEER!"
My heilsverwagting
krenk hul met hoofgeskud en diep veragting
van lipgebaar. "Wat klaag hy so verslae?
Laat God hom red. Hy ‘t mos in hom behae.
Vertrou Hom maar!"
22:4
Die lewenslig het U my laat aanskou;
aan moedersbors het U my laat vertrou,
verwagtingsvol die oog op U laat hou.
My ganse lewe
was aan u sorg blymoedig oorgegewe;
daar was by my, as suigling by my moeder,
geen vrees, want U, my helper en behoeder,
was my naby.
22:5
Wees dan my hulp, hou U nie ver van my!
My knel die nood, benoudheid is naby;
daar’s buiten U, terwyl 'k so bitter ly,
geen hulp te wagte.
Die Basanstiere met hul reusekragte
omsingel my. Hoe wild en ongebonde
dring hul soos leeus met oopgespalkte monde
al naderby!
22:6
Ek’s uitgestort en vloei soos water weg;
daar is geen been wat aan sy been meer heg;
my hart, al klein, smelt uit my binnest' weg.
My krag versterwe
soos glans en kleur verdwyn uit erdeskerwe
al droog en dof. My tong verstom en klewe
was aan my mond; U lê my, uitgelewe,
dood in die stof.
22:7
Om my staan honde wat my wil bespring:
'n bende skenders staan om my 'n kring.
Hul staal het my deur hand en voet gedring.
Met welgevalle
sien hul die skouspel aan wat, gans vervalle,
my vlees hul bied. My klere die verdeel hul;
oor my gewaad werp hul die lot; so speel hul
met my verdriet.
22:8
Maar U, o HEER, wees U nie ver van my!
U is my krag, kom tot my hulp naby,
en maak my siel, my enigste, weer vry

van kloue=en tande,
van oorlogswaard en greep van moord'naarshande.
Tog is dit goed met my; in die beklemming
van buffelshorings ruis die reddingstemming
deur my gemoed.
22:9
Ek wil, o HEER, u Naam my loflied wy,
in broederkring verkondig en bely
hoe goed U my gewees het, hoe naby.
Nakomelinge
van Jakob, volk van soveel seëninge,
en Israel, geslag van gunstelinge -
laat wie God vrees uit altyd wyer kringe
sy lof vertel.
22:10
Die HEER het nooit in die bekommernis
verag, verfoei hom wat ellendig is:
toe hy geroep het, was sy antwoord wis.
HEER, álle dinge -
my liefde, lof en soetste mymeringe,
uit U is ‘t ál. Al my geloftes bring ek,
en waar u volk vergader is, daar sing ek
met lofgeskal.
22:11
Sagmoediges sal aansit saam met my;
dié wat God soek, sal dan sy Naam bely.
Vir hul sal God áltyd sy dis berei.
Versprei die tyding:
"Die volke sal, in altyd voller wyding,
tot God hul keer; hul kom, die mensgeslagte
en konings met hul koninklike wagte,
om Hom te eer."
22:12
Die wêreldgrotes eet hul offermaal,
bid saam met hul wat in die stof moet daal,
met wie, verswak, nog nouliks asemhaal,
so klein van kragte;
wat leef en nog sál leef, 'n reeks geslagte,
húl kondig aan: "Groot is Gods reddingsdade.
Die HEER alleen, wat groot is van genade,
het dit gedaan!"

Psalm **23**

23:1
Net soos 'n herder uittrek met sy skape
en hul laat neerlê in die veld van milde groen,

met sagte hand hul lei langs stille waters -
so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede
in vaste spoor van sy geregtighede.
23:2
En is ek soos 'n skaap in doodsgevare,
wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsdal, diep en donker,
van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan -
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking,
omdat u staf my troos is en verkwikking.
23:3
U bring vir my die tafel in gereedheid,
my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig;
dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehae;
en in u huis, daar bly ek al my dae.

Psalm **24**

24:1
Die ganse aarde, land en meer
met al wat leef, is uwe, HEER!
U het die waters in hul woede
beteuel in die skeppingstond
en het die aarde vas gegrond
op wye seë=en watervloede.
24:2
Wie sal die Godsberg op kan gaan,
en wie sal op sy top kan staan,
omskitter deur Gods heilighede?
Die man wat rein van hart en weg,
sy siel aan nietigheid nie heg,
en trou is aan sy woord en ede.
24:3
Geregtigheid daal op hom neer;
'n seen verkry hy van die HEER,
wat stil hom volg op al sy skrede.
Dit is die ware Israel,
die volk wat vra na Gods bestel,
en wat Hom soek in hul gebede.
24:4
Verhoog, o poorte, nou die boog;
rys, eewge deure, rys omhoog,
want Hy klop aan, die Erekoning!
Wie is die Vors, vol majesteit?

Die HEER, geweldig in die stryd -
dis Hy wat optrek na sy woning.
24:5
Rys op, o poorte=en deure! Rys!
Wie is die Vors wat dit kom eis?
Hy, wat oordek met roem en ere,
sy tien en tien maal duisend tel
as Hy sy leërorde stel -
Hý is die Vors, die HEER der here!

Psalm **25**

25:1
Tot U hef ek hart en hande;
op U, HEER, verlaat ek my;
laat die vyand oor my skande,
oor my val, hom nooit verbly.
Ja, U sal hul nooit verlaat
wat in u vertroue wandel,
maar U dek hul met u smaad
wat hier troueloos lik handel.
25:2
Leer my, HEER, u regte weë,
wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë,
om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer,
lei my dwalende gedagte;
want U is my heil, o HEER!
U is ek altyd te wagte.
25:3
Dink aan my in mededoë
as ek biddend voor U pleit;
milde hande, vriend'like=oë
is by U van ewigheid.
Dink nie aan die sondes meer
van 'n yd'le jonkheidslewe;
wil tog, om u goedheid, HEER,
ál my sondes my vergewe!
25:4
God is goed in al sy handel,
en sy pad is enkel reg;
daarom laat Hy sondaars wandel
in die waarheid van sy weg.
Hy sal met sy hand hul lei
wat verdwaal was en verlore;
wie sagmoedig is, laat Hy

wandel op sy regte spore.
25:5
Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid,
en sy werk altyd getrou
vir wie wandel in sy waarheid
en op sy beloftes bou.
Wil my dan, u Naam ter eer,
al my sondeskuld vergewe;
want ek het teen U, o HEER,
swaar en menigmaal misdrewe!
25:6
Wie's die man wat hier benede
in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede
voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand
hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land
sal sy nageslag beërwe.
25:7
Gods geheim'nis is die lewe
vir wie wandel in sy vrees;
en Hy ‘t sy verbond gegewe
om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die HEER
wat my so getrou gelei het,
want Hy voer my voete weer
uit die net wat hul gesprei het.
25:8
O my God, ontferm U oor my
in my diepe ongeluk;
eensaam is ek - o verhoor my! -
gans ellendig en in druk.
Om my heen, aan alle kant,
is die skrik van duisend dode;
laat dan, HEER, u regterhand
my verlos uit al my node.
25:9
Slaan op my ellende=u oë,
hoor my, HEER, uit medely;
neem my sondes uit meedoë
almal weg, vergeef dit my!
HEER, aanskou die leërmag
wat om my vermenigvuldig,
want hul lê op my en wag -
vol van haat en ongeduldig.

25:10
Red my van geweldenare;
'k steun op U in teëspoed.
Laat opregtheid in gevare,
met die onskuld, my behoed.
Red u volk, o troue HEER,
uit die hand van sy bestryder,
en wees Isr'el immermeer
'n genadige bevryder!

Psalm **26**

26:1
O HEER, doen aan my reg!
Ek wandel as u kneg
en wil opreg met U verkeer.
Op U alleen vertrou ek;
op U, my Rotssteen, bou ek,
ek sal nie wankel, troue HEER!
26:2
Beproef my van omhoog,
deurstraal my met u oog;
want op u guns verlaat ek my.
Deurgrond al my verlange
en toets my in my gange,
want dis u waarheid wat my lei.
26:3
Ek sit nie by die man
wat listig smee sy plan
en heim'lik voer sy raadslag uit.
Met dié wat in hul lewe
u woord en wet weerstrewe,
sal 'k geen verbond of vriendskap sluit.
26:4
Ek was, aan U verpand,
in onskuld nou my hand;
ek sal, as ek my offer bring,
verskyn voor u altare,
en fees hou met die skare
wat vrolik van u wonders sing.
26:5
Vol blydskap is my siel
wanneer ek voor U kniel
wat woon waar aardse lig verdwyn.
Hoe lief het ek u woning,
die plek, o Hemelkoning,
waar U in heerlikheid verskyn.

26:6
O HERE, ruk u kneg
nie met die sondaars weg
en met die manne van geweld!
Daar is in hulle hande
die daad van skade=en skande
saam met die glans van omkoopgeld.
26:7
My God, doen aan my reg!
Ek wandel in u weg.
Verlos my, hoor my smeking aan!
U liefde=en lof verklank ek,
in u vergaadring dank ek,
U het vir my die pad gebaan.

Psalm **27**

27:1
God is my lig, my heil: ek sal nie vrees nie;
Hy is die HEER wat hulp verskaf in nood;
my lewenskrag, 'k hoef nie vervaard te wees nie,
want by die HEER is uitkoms teen die dood.
As bendes my omring, 'n wilde hoop
in woeste vaart op my kom aangeloop,
dan struikel hulle wat my vlees wou eet,
en stort terneer omdat hul God vergeet.
27:2
Al bou 'n leër om my heen sy walle
om my te vang, alreeds ten dood gewy;
al kom 'n oorlog met sy duisendtalle,
ek sal nie vrees; op God verlaat ek my.
Een ding, dit het ek allermees begeer:
om in u huis so lank ek leef, o HEER,
te woon, en daar in stilheid wag te hou,
te peins waar ek u lieflikheid aanskou.
27:3
In tyd van onspoed is U my bevryder;
U berg my in die skuilplek van u tent.
Hoog, op 'n rots, staan ek bo my bestryder,
U het my pad deur dieptes heen gewend.
Dus bring ek U my offers van geklank,
en sing, o HEER, u Naam 'n psalm van dank.
O hoor my stem wanneer ek tot U skrei,
wees my genadig tog en antwoord my!
27:4
My hart sê my, omring deur donkerhede:
"O soek die HEER, die bron van lig en krag."

Ek soek u aangesig in my gebede;
verberg dit nie wanneer ek op U wag.
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER,
die glans van u genade nooit ontbeer.
U is my hulp, die God van heil op wie
ek vas vertrou - begeef, verlaat my nie!
27:5
Verlate's ek van vader en van moeder;
tog weet ek dit: die HERE neem my aan.
U is, o HEER, my Vader en Behoeder,
wat my wil leer om op u weg te gaan.
Wil my dan langs die regte paaie voer,
omdat verspieders op my gange loer.
Verlos my van 'n wrede teenparty,
en wil my van die valse tong bevry.
27:6
As ek op aard, deur soveel smart omgewe,
omring deur droefenis en dood en rou,
nie meer sou glo dat ek in hierdie lewe
die goeie van Gods hand nog sal aanskou -
dan het ek lankal in my druk versmag.
Wees sterk, my siel, wees altyd sterk en wag!
Die HEER sal hoor en op jou roepstem merk,
Hy sal jou weer met nuwe krag versterk.

Psalm **28**

28:1
Ek roep U aan, o HERE, hoor!
Verleen my bystand, neig u oor,
dat ek nie word, daar 'k U moet mis,
soos dié wat in die grafkuil is.
28:2
O hoor as ek, my stem al week,
om hulp U aanroep in gesmeek,
my hande hef na heil'ge plek
waar donkerheid u bondskis dek.
28:3
Ruk my nie weg in jammmerstaat
met al die werkers van die kwaad,
wat wel hul woorde glad vernis,
maar in hul hart is haat en twis.
28:4
Vergeld hul nou hul bose daad,
die vrug van selfgebroude kwaad;
beloon hul na hul werk en sin,
en skink hul eie drank hul in.

28:5
Omdat hul op die HEER se werk,
die hoogheid van sy hand nie merk,
sal Hy wat alle werk deurskou,
hul afbreek en hul nie meer bou.
28:6
Geloofd sy God, Hy het sy oor
geneig en weer my stem gehoor;
my sterkte en my hulp is Hy,
'n skild my altoos dig naby.
28:7
Dus steun my hart net op u mag,
en jubel ek met al my krag.
U is ons sterkte=en teëweer,
'n rots vir u gesalfde, HEER!
28:8
Verlos ons uit benouenis,
en seen hul wat u bondsvolk is;
wees hul 'n herder vir altyd,
en dra hul tot in ewigheid!

Psalm **29**

29:1
Eng'lemagte, loof die HEER,
gee die HERE sterkte=en eer!
Al die duisende tesaam -
sing die ere van sy Naam!
Eng'le, trone, heerskappye -
laat dit opklink uit jul rye!
Dien God, groot deur almagsdade,
in die skoonste feesgewade!
29:2
Dis sy stem wat, hooggedug,
rol en ratel deur die lug
as die onweerstorme woed
bo die donker watervloed;
en dit klink met groot vermoë
majesteitlik deur die boë;
alles beef en staan verwonder
as die God der ere donder.
29:3
Dis die HEER se stem wat spreek
as die trotse seders breek;
as hul spring soos kalwers op
Libanon se hoë top.
Berge kom saam in beroering:

Sirjon spring van skrikvervoering,
Libanon, met sederbosse,
huppel soos die wilde osse.
29:4
Dis die HEER se stem wat vuur
uit die donderwolke stuur;
bliksempyle skiet Hy neer,
Kades bewe van dié weer.
Bosse word ontbloot, en reë
word oorval deur skrik en weë.
In die tempel van sy ere
sê hul almal: Dis die HERE!
29:5
Onweerstorms het uitgewoed.
God sit bo die watervloed;
soos die kleur'ge reenboogkrans
sweef daarbo sy vredeglans;
en die grote wêreldstigter,
Hy, die sterke onweersrigter,
Hy laat op sy erf benede
druppels daal van seen en vrede.

Psalm **30**

30:1
Ek sal met hart en mond, o HEER,
u roem verkondig en u eer;
U het in guns na my gebed
geluister en my uitgered,
sodat die man wat my bestry het,
nie oor my smart hom kon verbly het.
30:2
My God, U het my op my klag
genees, en al my smart versag;
U het my siel, deur angs beroer,
diep uit die graf weer opgevoer,
U het my om die wederstrewer
nie aan die grafkuil oorgelewer.
30:3
Sing nou, Gods gunsgenote, bly,
'n danklied aan die HEER gewy.
Spreek lof, bring in gedagtenis
sy Naam wat hoog en heilig is!
Al laat Hy ons 'n oomblik bewe,
sy goedheid duur ons ganse lewe.
30:4
Die droefheid wat ons hart verskeur,

- wanneer ons saans mistroostig treur
en uitbreek in ons jammerklag -
sal, soos die pelgrim, net vernag;
want nouliks blink die môreglore
of jubelsange word gebore.
30:5
Ek het gesê in voorspoedstyd:
"Ek wankel nie in ewigheid."
Want, HEER, u guns het my bewaak,
U het my rotsberg vasgemaak.
Maar sluit U net vir my u oë -
dan beef my berg, van skrik bewoë.
30:6
Toe was, o HEER, my hart weer week;
ek het geroep en U gesmeek:
"Moet ek dan sterf? Sal ooit my stof
die mond kan open tot u lof?
Sal dit die luister van u waarheid
ooit kan verkondig in sy klaarheid?"
30:7
Hoor, HEER; betoon u guns aan my!
Hoor, troue Helper, wees naby
wanneer ek biddend op U wag!
Toe het die HEER my rougeklag
verander in die jubelreie
van sangers op hul feesgetye.
30:8
In plaas van rou en harteleed
het U met blydskap my omkleed;
my sak het U ontbind, my weer
met vreugde=omgord, sodat my eer
nie swyg: U bring ek al die ere,
U sal ek ewig loof, o HERE!

Psalm **31**

31:1
Net soos 'n rots, gesterk, gestewig
teen storm en ongety,
is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig.
Bevry my, hoor my bede
na u geregtighede.
31:2
O neig u oor en red 'n lyder,
wees my by stormgerug
'n rots om in te vlug!

Wees my 'n vesting, o Bevryder,
wat op 'n berg verhewe,
my veiligheid kan gewe!
31:3
U is my eewge rots, o HERE!
Diep in u veil'ge sy
sal ek genestel bly.
U sal my lei, u Naam ter ere,
tot ek die net verby is
wat voor my voet gesprei is.
31:4
Ek gee my gees oor in u hande,
my Redder, wat my trou
in veil'ge hoede hou.
Ek haat hul wat met offerbrande
hul neerbuig voor die gode.
Ek steun op God in node.
31:5
In U, my God, wil ek weer bly wees;
die guns wat U my bied,
wil 'k lofsing in my lied.
U was dit wat my wou naby wees,
wat my in guns aanskou het
toe ek op U gebou het
31:6
U het my nimmer oorgegewe
aan vyande wat wreed
getrag het na my leed.
Deur U, bevryder van my lewe,
kan ek met vrye skrede
nou wandel in u vrede.
31:7
Toon tans, o HEER, u mededoë,
verhoed my ondergang;
ek is beklemd en bang!
'n Swaar verdriet deurknaag my oë,
my siel is mat van klagte,
my liggaam sonder kragte.
31:8
'n Bitter smart verteer my lewe;
my tyd word deur geklag
verslyt die ganse dag.
Ek voel my kragte my begewe.
My ongeregtighede
deurwoel my kranke lede.
31:9

Ek word bespot, beskimp vanweë
my haters; van my smaad
hoor ek die bure praat.
Selfs vriende is my ongeneë;
my, reeds in smart verlate,
ontvlug hul op die strate!
31:10
Ek is vergeet soos een wat dood is;
ek is - wie dink daaraan? -
soos iets wat al vergaan.
Hul skinder nou dat ek in nood is,
en daar is geen verkwikking,
maar onrus en verskrikking.
31:11
Terwyl hul raad hou teen my lewe
en teen my samespan
met heimelike plan,
het ek my aan U oorgegewe.
Op U staan my verwagting
by smaadtaal en veragting.
31:12
HEER, in u hande is my tye;
ek steun in al my leed
op U alleen wat weet
die maat en einde van my lye.
Red my, o sielsverblyder,
van vyand en bestryder.
31:13
Onthou my nie u wonderlig nie:
blik in u goedheid neer,
en red my tog, o HEER!
Laat my nie voor my haters swig nie.
Laat nooit verleë sug nie
wie biddend tot U vlug nie.
31:14
Beskaam, verskrik die goddelose,
laat hul in skande kom.
Laat in die dood verstom
die valse lippe van die bose,
hul wat my heilsverwagting
bespot het met veragting.
31:15
Hoe groot is, HEER, u seënstrome
vir wie opreg van gees
wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome,

as almal klaar bemerk het
die heil wat U bewerk het.
31:16
U steek hul weg, al u vereerders;
daar' s berging in die lig
van God se aangesig.
U steek hul weg vir samesweerders,
en hoed u gunstelinge
vir tong- en twisgedinge.
31:17
Geloofd sy God vir sy genade,
so wonderbaar en groot
aan my, sy gunsgenoot.
Sy oog slaan my in liefde gade;
Hy lei my na 'n veste
in veiliger geweste.
31:18
In moedeloosheid neergeboë,
het ek, deur vrees gejaag,
weleer te gou geklaag:
"Ek het verdwyn, wég van u oë."
Ook dan is voor u ore
my roepstem nie verlore.
31:19
Bemin die HEER, sy gunstelinge!
Hy sal jul nooit verlaat,
maar straf die trotse daad
deur goddelike regsgedinge.
Wees sterk dan, en behoue,
in stille Godsbetroue.

Psalm **32**

32:1
Welsalig wie van skuld en straf onthewe,
die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid,
het hom vergewe=en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde
toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry,
voor God ootmoedig al die skuld bely.
32:2
Toe ek voor U al worst'lende verstom het,
geen boetgebed my uit die hart gekom het,
het my gebeent', verskrik deur my geklag,
verswak en uitgeteer die ganse dag.

U hand het swaar gedruk op al my lede:
bedags geen rus, en snags geen stem van vrede;
my krag het weggedroog van uur tot uur
soos velde deur die somersonnevuur.
32:3
Ek het bely, o HEER - in sielerou nie
my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem,
U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes
om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan,
dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.
32:4
U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is,
'n skut en skerm in alle angs en leed is,
in nood my red, met jubels my omring,
en in my gees weer vreugde laat ontspring.
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder!
U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan,
waarop my oog jou altyd gadeslaan.
32:5
Wil soos 'n perd nie wees wat opwaarts steier;
Of soos 'n muil wat ons sy dienswerk weier,
wat mensehand moet dwing met toom en tuig
tot hy sy krag in diensbetoon moet buig.
Die goddelose man het baie smarte;
maar wie op God vertrou van ganser harte,
hom sal gewis, ook onder kruis en druk,
die guns van God 'n krans vleg van geluk.
32:6
Regverdiges, laat hoor die blye tyding!
Sing voor die HEER 'n lofsang van bevryding,
'n sang wat juig oor skuldvergiffenis.
Sing, wie opreg van hart en wandel is!

Psalm **33**

33:1
Sing vrolik, hef die stem na bowe;
regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe
en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange - / stem van sterk verlange
om die HEER te dank -
by die smeltendskone / harp- en sitertone,

liefde=en lof verklank!
33:2
Sing nuwe sange, nuutgebore
uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore
moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is,
het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke -
waar en reg soos Hy.
33:3
Hy min die reg in alle dinge,
want enkel waar en reg is Hy;
tot by die aard' se verste kringe
sien ons sy goedheid uitgesprei.
In sy alvermoë / het Hy hemelboë
deur sy woord gestig;
deur sy Gees 'n ganse / leërskaar van glanse
skitt'rend aan laat lig
33:4
Hy laat die wilde wêreldseë
geweldig aanswel tot 'n hoop;
in voorraadskuur, omlaag geleë,
stuit Hy die waters in hul loop.
Voor Hom, Skepper-HERE / van die see en mere,
van wat is en leef,
moet die verste strande, / volke=in al die lande
skrikverslae beef.
33:5
Die HEER se woord is skeppingsmagtig
wat lewe uit die dood gebied.
Hy spreek - dit staan daar lewenskragtig,
Hy roep net en dit het geskied.
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne
in die vlam van haat.
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is
en verbreek hul raad.
33:6
Die HEER se raad word nooit gekeer nie;
dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie;
bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore
as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is
en dié God húl God.

33:7
Die HEER wat bo die wentelkringe
van son en maan sy rykstroon stig,
aanskou die mense=en alle dinge -
daar's niks bedek voor sy gesig.
Uit sy vaste woning / waar Hy heers as Koning,
sien Hy, Skepper- HEER,
uit oneindig hoë / blou-deurglansde boë
op sy skepsel neer.
33:8
Die HEER skou uit die hoë hemel
en sien die mensekinders aan;
Hy ken hul hart, oor hul gewemel
laat Hy sy heil'ge oë gaan.
Magtige=oorlogsvolke, / boë, skilde, dolke,
blinkende=oorlog-staal -
duisende=uitgetelde / manne, stryders, helde
bring geen seëpraal.
33:9
Die oorlogsperd kan nie behou nie,
hoe hy ook aanstorm met geweld;
hy red nie met sy ysterklou nie
wat grimmig neerdreun op die veld.
Maar die HEER se oë / straal met mededoë
op wie, klein van krag,
voor Hom stilverslae / in hul donker dae
op sy goedheid wag.
33:10
Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte
en red hul siele van die dood.
Hy sorg vir hul by somerdroogte,
in sware tyd en hongersnood.
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte
op die HEER vertrou.
Hy, ons skild, Hy wyk nie, / en ons hulp beswyk nie
waar ons hart op bou.
33:11
In God, dié God wat ons beveilig,
voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig,
vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader
met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade
as ons op U wag!

Psalm **34**

34:1
In weelde=en ongeluk,
altyd sal ek die HERE prys;
altyd vir Hom my lof laat rys,
in voorspoed en in druk.
Hom sal 'k die ere skenk,
tot roemtaal kragtig aangespoor.
Sagmoediges, hul sal dit hoor
en aantree op my wenk.
34:2
Kom, maak die HERE groot!
Laat ons sy Naam 'n lofsang wy,
aan Hom wat groot is en naby,
die helper in die nood.
Ek het in my gebed
Die HEER gesoek en Hy het my
in antwoord op my noodgeskrei,
uit al my vrees gered.
34:3
Hul oog was op die HEER,
en - vreugde ‘t van hul uitgestraal;
nou wek by hul geen smaderstaal
'n blos van skaamte meer.
Ellendiges maak Hy
- wanneer hul in verdrukking kerm,
en niemand hom oor hul ontferm -
uit hul benoudheid vry.
34:4
Gods sterke Engel wil
'n laer van beskutting wees
óm almal wat die HERE vrees.
Hy maak hul onrus stil.
Ervaar dan en aanskou
hoe waaksaam God is en hoe goed.
Hoe salig is ‘t in my gemoed
as ek op Hom vertrou!
34:5
O heil'ge volk van God,
geheilig om sy volk te wees,
jul hoef geen honger ooit te vrees,
God waak oor julle lot.
Die jong leeu, groot van moed,
ly honger op die skrale jag,
maar hulle wat die HEER verwag,
ontbreek dit aan geen goed.

34:6
Kom, kinders, hoor na my!
Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is ‘t wat lewensduur begeer
en dae=wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra
na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad,
en jaag die vrede na.
34:7
God wend sy aangesig
teen hul wat sy bevel weerstaan,
Hy laat hul naam met hul vergaan
deur hoogste strafgerig;
maar Hy sien gunstig neer
op die regverdige geslag;
Hy neig sy ore tot hul klag
en red hul altyd weer.
34:8
Die HEER’s die hart naby
wat gans verbroke=is en verskeur.
Die gees wat diep verslae treur,
verlos, bemoedig Hy. Hoe kom hul altyd weer,
die teëspoede van wie hier
regverdig leef; maar Gods bestier
red hulle keer op keer.
34:9
Sy beend're word bewaar:
God sorg dat daar geeneen van breek.
Maar wie hom haat - die onheil wreek
dit op die skuldenaar.
Die HEER sal hul bewaar,
sy volk wat op sy hulp vertrou.
Hy sal hul in sy guns aanskou
en skuldig nooit verklaar.

Psalm **35**

35:1
Verdedig tog my regsaak, HEER,
en laat u hand my vyand keer!
Gryp áán die wapens van die stryder:
die skild en spies, o my Bevryder!
Belet hul optog, tree vooruit
om my vervolgers plots te stuit.
Sê aan my siel wat op U wag:
"Ek is jou heil en veil'ge krag."

35:2
Beskaam hul in hul trotse waan,
wat wreed my na die lewe staan!
Laat hulle wyk in onvermoë
wat net my onheil het voor oë!
Laat hul soos kaf word voor die wind!
Die Engel Gods, laat Hy hul vind,
verstrooi, verjaag op donker pad.
En maak dit voor hul voete glad!
35:3
Want sonder oorsaak het hul my
'n kuil gegraaf, 'n net gesprei.
Laat onheil gou die bose manne
beskaamd maak met hul onheilsplanne!
Laat hulle struikel in hul gang;
die net vir mý gespan, húl vang;
en laat, terwyl ék dan bly staan,
húl daarin val en ondergaan!
35:4
My siel sal in die HERE juig
en Hom, vir hulp, my dank betuig;
my beend're saam spreek tot u ere
en sê: "Wie is soos U, o HERE,
wat die ellendige bevry
van dié wat sterker is as hy?
Die arme - dat hy U mag loof -
verlos van dié wat hom beroof?"
35:5
Boosaardig kom met vrae aan
getuies wat my teëstaan,
my wil verskrik - die tongehelde
wat enkel kwaad vir goed vergelde
en - vir my siel, verlatenheid.
Toe hulle siek was, al die tyd,
het my 'n rougewaad omknel,
ek het my siel met vas gekwel.
35:6
Ook my gebed het altyd weer
my in die boesem t'ruggekeer.
Soos oor 'n vriend, soos oor 'n broeder,
soos een wat weeklaag oor sy moeder,
het ek getreur, in rou gebuk.
Maak as ek struikel in my druk,
dan kom hul vrolik bymekaar
en span hul saam, die ganse skaar.
35:7

Daar’s tafelspotters, roekeloos,
en lae mense, slinks en boos,
wat almal breek deur wet en bande,
en teen my kners hul met hul tande.
Hoe lank sal U dit sien, o God?
Vergun my siel 'n beter lot;
verlos my deur u sterke hand
uit hierdie leeus se klou en tand!
35:8
Nou sal in die teenwoordigheid
van wie U ken, u majesteit
my liefde=en lofsang weer gewy wees.
Laat hul maar net nie oor my bly wees
wat sonder oorsaak met my twis
en sonder grond my vyand is.
Laat hul nie juig wat in hul waan
die oë skimpend op my slaan.
35:9
Hul mond spreek nie van vrede, nee;
hul hart, wat diep sy planne smee,
bedink die fynste listighede
teen stille minnaars van die vrede.
Hul blaf my aan met ope mond;
hul skimptaal wat my diep deurwond,
bespot my leed; hul is verheug
oor al my smart en ongeneug.
35:10
U sien dit aan. Ag, swyg nie stil;
beslis, o HEER, tog my geskil;
ontwaak, tree op tot my beskerming,
en toon my nou u groot ontferming!
Doen reg aan my in hierdie stryd,
o HEER, na u geregtigheid;
en laat die spotters, dag aan dag,
nie juig nie oor my treurgeklag!
35:11
Laat hul nie sê wat my bestry:
"Ha, nou het ons ons wens verkry!"
Laat my dié smaad nie ondervind nie
dat hul kan sê: "Ons ‘t hom verslind" nie!
Laat hul veeleer beskaamd daar staan
oor al die kwaad my aangedaan,
sodat my trotse teenparty
hom nooit kan groot hou teenoor my.
35:12
Laat hulle juig en blydskap smaak

wat bly is oor my goeie saak.
Laat hul, by elke vreugdedaling,
weer aanstem met 'n vreugherhaling:
"Die HEER is groot en goed daarby,
wat vrede vir sy kneg berei."
Dan meld my tong met stil ontsag
u reg, u lof die ganse dag.

Psalm **36**

36:1
Die boosheid van die bose man -
my diepste hart getuig daarvan:
"Gods vrees is uit sy oë."
Hy vlei homself, in kwaad verstyf,
Dat God sy snode wanbedryf
vir altyd sal gedoë.
Bedrog en onreg is sy woord.
Hy gaan in sy onwysheid voort
en vrees geen bose handel.
Hy maak by nag sy planne reg,
en kom dan op die sondaarsweg
om in sy kwaad te wandel.
36:2
U goedheid, HEER, is hemelhoog;
u waarheid tot die wolkeboog;
u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet;
u oordeel is 'n diepe vloed;
U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God!
Hoe vlug die mensekinders tot
u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis;
U laaf hul uit 'n stroom wat bruis
uit dieptes van ontferming.
36:3
Van al wat leef, is U die bron;
van alle lig, die eewge son
wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees
oor wie opreg u ken en vrees
en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap,
nòg bose hand in ballingskap
my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad

vir altyd in 'n jammerstaat
waarin hul magt'loos sterwe.

Psalm **37**

37:1
Vertoorn jou oor die bose nooit:
hul sal verkwyn, hul raak verstrooid
soos gras wat gou verdor, vergaan,
soos spruitjies wat maar kort bly staan.
37:2
Vertrou op God: die hart en hand
in troue diens aan Hom verpand.
Verlustig jou in Hom altyd
wat mild'lik gee en nooit verwyt.
37:3
Laat yd'le sorg jou nimmer kwel,
wil aan die HEER jou sorg vertel:
Hy sal jou reg, soos middagglans,
laat skitter aan 'n helder trans.
37:4
Al bruis dit in jou omdat lis
en leuen hier voorspoedig is -
swyg voor die HEER, gerus en stil,
jou wil verenig met sy wil.
37:5
Wag op die HEER in lydsaamheid,
wees traag tot toorn: Hy ken sy tyd.
Kwaaddoeners stort in hul verderf;
wie God verwag, sal alles erf.
37:6
'n Rukkie nog, en kyk dan weer -
die goddelose's daar nie meer!
Sagmoediges sal alles erf
en vrede sonder eind' verwerf.
37:7
Vergramd bedink die bose='n lis
teen wie voor God regverdig is.
Die HEER belag die domme waan:
Hy weet die dag van straf kom aan.
37:8
Die bose kom - hul nyd gewek,
hul boog gespan, hul swaard getrek.
Die arme, so ellendig al,
sal voor hul wapens neer moet val!
37:9
Hom wat opreg is, klein van krag,

swak tot verweer, wil hulle slag.
Maar wee, hul swaard sal húl deursteek,
hul boë sal die HEER verbreek.
37:10
'n Weinig's vir die vrome meer
as skatte waar die bose=op teer:
God breek die arms waar hul op leun,
maar vromes sal Hy ondersteun
37:11
en welgevallig gadeslaan,
hul erfdeel nooit hul laat ontgaan;
ook in die dag van hongersnood
versadig Hy sy volk met brood.
37:12
Maar goddeloses sal vergaan
soos gras wat op die weiveld staan;
Gods vyande, hoe skoon van skyn,
sal soos 'n rookwolk gou verdwyn.
37:13
Die bose leen - en het te min.
Gods volk deel uit en – daar's gewin;
want sy geseendes sal hier bloei;
wie Hy vervloek, word uitgeroei.
37:14
'n Man se stap is vas en heg
as God behae 't in sy weg;
en as hy val, dan bied Gods hand
hom hulp en wisse onderstand.
37:15
Ek was aanskouer van veel kwaad,
maar nooit dat God sy volk verlaat,
dat hul geslag, hoeseer geplaag,
ooit aan die bedelbrood moes knaag.
37:16
Veeleer skenk hy genadebrood
aan wie al wankel in hul nood.
Sy nageslag strooi om hul heen,
en op hul spoor ontspruit 'n seen.
37:17
Verlaat die pad wat God verlaat.
Die HEER bemin die regte daad.
En in 'n erfdeel, wonderskoon,
daar sal jy voor die HERE woon.
37:18
Die HEER sal vir sy gunsgenoot
'n skut wees selfs tot in die dood.

Die sondaar hou voor Hom nie stand;
regverdiges beërf die land.
37:19
Hul mond is ons 'n wysheids-wel
en reg is wat hul tong vertel.
Gods wet is in hul hart geplant,
en deur sy krag hou hulle stand.
37:20
En as die bose op hul loer,
sal God hul aan die strik ontvoer.
Hy voer hul reg deur sy besluit
voor sy gereg regverdig uit.
37:21
Gaan voort met onvertraagde stap
en hoop op God in vreemd'lingskap,
totdat die aard' jou erfdeel word,
die bose voor jou neer moet stort.
37:22
Die goddelose sal vergaan,
al sien 'k hom nou as pragboom staan;
'n wyle nog, dan soek ek weer,
maar hy staan op sy plek nie meer.
37:23
Let op die vrome wat opreg
met God verkeer in woord en weg;
merk op die man wat God hier vrees:
sy lewenseind' sal vrede wees.
37:24
Oortreders word tesaam verdelg,
van hul vergaan èn stam èn telg.
Die HEER's 'n helper groot van mag
vir die regverdige geslag.
37:25
Hy is 'n toevlug in die nood,
Hy is 'n hulp oneindig groot.
Hy maak hul van die vyand vry,
hul skuil by Hom, Hy's hul naby.

Psalm **38**

38:1
Straf tog nie in ongenade
my misdade,
HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie
en U wreek nie
op my sonde=en sondeskuld.

38:2
In my dring u strafgerigte,
HEER, soos skigte
wat my hart deurboor soos staal.
Ja, die hand wat hul gedryf het
in my lyf, het
self ook op my neergedaal.
38:3
Niks is aan my sonder wond nie,
niks gesond nie,
om u grimmigheid, o HEER!
Om my ongeregtighede
is geen vrede
in my beend're immermeer.
38:4
Want my hoof is gans bedolwe
in die golwe
wat my sonde oor my stort;
al die golwe en die bare
met hul sware
druk het my te swaar geword.
38:5
Al my kwale en my plae
wek mishae
en 'n walging, my te sterk.
Ag, hoe lelik is die wonde
van die sonde
as mens op sy dwaasheid merk!
38:6
Krom en gans'lik neergeboë
voor u oë
gaan ek heeldag in die rou.
In my lende is ontsteking
en verbreking -
niks is heel meer aan my nou.
38:7
Uitgeteerd deur al my klagte
is my kragte
gans verbrysel en tot niet.
In my hart se afgrond ruis dit,
aaklig bruis dit -
daarom brul ek in verdriet.
38:8
HEER, U weet hoe hart en sinne
staan daarbinne
as ek worstel in my leed.

Voor U is my sugte=en sorge
nie verborge,
daar U alles sien en weet.
38:9
Ag, hoe skud my hart en bewe;
uitgelewe
is my krag en opgeteer.
Oë, gans en al ontluister,
skemerduister,
sien geen daglig amper meer.
38:10
Ver van my, uit diep mishae
vir my plae,
het my vriende weggegaan.
Selfs verwante wil nie bly nie
naby my nie,
maar hul staar van ver my aan.
38:11
En my vyand lê sy lae;
in my plae
dreig hy met die laaste slag.
Same spreek hul, same veins hul,
en bepeins hul
my verderf die ganse dag.
38:12
Maar daar is in my geen oor nie
wat wil hoor nie:
soos 'n dowe hou 'k my dom.
Hul kom my van kwaad beskuldig,
maar geduldig
hou ek mond en lippe stom.
38:13
Want U, HEER, ontferm U oor my,
en verhoor my.
Op U bou 'k - wat my ook tref.
Laat my vyand nooit oor my nie
hom verbly nie -
om my wank'ling hom verhef.
38:14
Want in al my teënhede
dreig my skrede
altyd weer om uit te gly.
HEER, ek kerm in onvermoë
voor u oë,
en my smart is steeds voor my.
38:15

Ja, 'k bely voor U my sonde
onomwonde
en bekommerd oor my kwaad.
Maar my vyand lewe pragtig,
altyd magtig
en in hoog verhewe staat.
38:16
Dié wat goed vergeld met boosheid
en godd'loosheid,
hul word groot en sterk in mag;
hul omsluit alkant my weë,
staan my teë,
omdat ek u wet betrag.
38:17
Wil my, HEER, in hierdie lewe
nie begewe;
wees nie ver van my gebed!
Hoor die roepstem van 'n lyder,
o Bevryder
wat my altyd uit wou red!

Psalm **39**

39:1
Ek het gesê: Ek wil my weg bewaar,
geen klaagtoon oor my tong laat gaan;
in onheil wil 'k my mond en spraak bedwing,
terwyl die vyand voor my staan;
sodat hy in sy ongeduld oor my
geen vreugde=of voordeel sal verkry.
39:2
In stilheid was ek stom, ek het geswyg
ook van wat goed is, maar my smart
is aangewakker tot 'n lydensvlam,
en daar was hitte in my hart
by my gesug, sodat my tong moes spreek,
maar met die stem van een wat smeek:
39:3
O HEER, ontdek my lewensend aan my;
my dae is by U getel.
En leer my tog hoe kort van duur ek is:
'n handbreed is my tyd gestel;
'n ademtog en - ek is dit weer kwyt!
Ja, elke mens is nietigheid.
39:4
Gaan nie die mens net soos 'n skim daarheen,
net soos 'n skadu wat verdwyn?

Hul woel vergeefs, hul bring verniet byeen
wat vir die oog begeerlik skyn.
En niemand weet wie ná sy dood sal erf
wat hy met soveel sorg verwerf.
39:5
En nou, wat is dit waar ek nog op wag?
Ek hoop op U alleen, o God!
Red my van skuld, die oorsaak van my smart,
en laat die dwaas nie met my spot;
dan swyg ek stil, want U het dit gedoen;
ek wil my met u wil versoen.
39:6
Te swaar is die bestryding van u hand.
Wend u kastyding van my af!
As U die mens in u gestrengheid tref,
dan welk sy skoonheid by u straf.
Net soos 'n weefsel wat die mot verteer -
so nietig is die mens, o HEER!
39:7
Hoor my gebed, merk op my hulpgeroep,
wanneer 'k my trane voor U skrei.
Ek is 'n vreemd'ling wat maar kom en gaan,
soos ook my vaders was voor my.
Maak my weer vrolik, wend u toornblik af
voordat ek heengaan na die graf.

Psalm **40**

40:1
Ek het die HEER lank in my druk verwag -
Hy het sy oor tot my geneig.
Toe ek bedruk was en bedreig,
het Hy geluister na my jammerklag.
Hy wat aan my gedink het,
toe ek so diep gesink het
in modderige slyk,
Hy laat my rotsvas staan,
Hy laat my veilig gaan -
my voetstap sal nie wyk.
40:2
'n Nuwe lied ruis oor my lippe nou,
'n lofsang Gode toegesing.
'n Ganse skaar wat my omring,
sal ‘t sien en vrees en op die HEER vertrou.
O soete Godsbetroue!
Welsalig en behoue
wie wegvlug derwaarts heen,

op leuenaars nie ag,
van trotsaards niks verwag,
maar steun op God alleen!
40:3
Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond
u wonders so oneindig ryk?
Wie is op aarde=aan U gelyk?
Wie kan, o HEER, u grootheid ooit deurgrond?
Geen gawe=of offerande,
gebring deur mensehande,
was ooit u wil of eis.
U het my oor deurboor,
dat ek u woord kan hoor
as hoogste dankbewys.
40:4
Net om u wil te doen soos in u Boek
- die wonderskrif wat nooit vergaan -
dit klaar van my geteken staan,
dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande
in will'ge offerande -
al wat ek is en het;
diep in my ingewand
waar liefde=en ywer brand,
draag ek u heil'ge wet.
40:5
Nou sal ek u geregtigheid laat hoor:
daarvan in groot vergadering
vry-uit die blye boodskap bring,
uit dankbaarheid tot sanglus aangespoor.
U trou wat nooit beswyk het,
u heil wat ons geblyk het,
u guns oneindig groot -
sal ek my hulde bring
in groot vergadering
van vriend en vreugdgenoot.
40:6
Ek pleit, o HEER, op u barmhartigheid.
Bly met u liefde=en trou om my,
want ramp en onheil is naby
en om my heen. En in my hart is stryd.
Die sonde=uit ver verlede
oorval my matte skrede;
my oog het glans nòg gloed.
Hoe groot’s my sondes al!
hoe eind'loos in getal!

In my's geen krag, geen moed.
40:7
Mag dit, o HEER, mag dit U maar behaag
om my te red. Verhoor my gou!
Oorlaai met skaamt' my vyand nou
wat na my soek, my met sy strik belaag.
Wil hulle rugwaarts slinger -
my vyand en bedringer
wat op my lewe mik.
As onheil my bedreig
laat dan hul spotlag swyg,
oorweldig hul met skrik!
40:8
Laat wie U soek, o God, my hulp in nood,
met almal wat u heil ervaar
in sielsangs en in doodsgevaar,
nou sing en sê: "Die HEER alleen is groot!"
Al is ek arm, ellendig,
Hy dink aan my bestendig.
Hy is die HEER by wie
daar redding is vir my.
U's tot my hulp naby.
My God, vertoef tog nie!

Psalm **41**

41:1
Welsalig wie die arme in verdriet
sy hulp en bystand bied!
God sal hom red, en in die dag van kwaad
is Hy sy Toeverlaat.
God sal sy lewe=in kommernis bewaak
en hom gelukkig maak;
hom nimmer oorgee, dat sy teenparty
oor hom ooit voordeel kry.
41:2
As hy in krankheid op die siekbed is,
gee God hom lafenis;
sy liggaamswee en alle ongeneug
verander Hy in vreug.
Daarom roep ek: Wil my genadig wees
en my, o , genees!
Want, ag, ek weet die oorsaak van my wee:
ek het teen U oortree!
41:3
My vyande oorstort my met ellend
en hunker na my end.

Hul sê: Wanneer kom hy tog tot 'n val,
hy, met sy naam en al?
Hul kom asof hul op my siekte ag;
hul hart die lieg en lag!
Want gaan hul heen en is hul op die straat,
dan laster hul my staat.
41:4
My haters kom byeen, staan skelm opsy
en fluister kwaad teen my!
Hul sê: "Iets skand'liks is op hom gestort;
toe het hy krank geword!
Nou dat hy lê, sal hy nie opstaan weer."
Selfs wie met my verkeer,
my troue vriend, my disgenoot, dié hef
sy voet om my te tref.
41:5
Wil my, o , weer oprig uit my kwaal
dat ek hul dit betaal!
Hieraan weet ek dat U, my so naby,
behae het in my:
geen vyand wat oor my verhoopte val
sal juig met vreugdgeskal;
in my opregtheid steun U my, o HEER,
U lig straal op my neer.
41:6
Geloofd sy God, die God van Israel!
Laat elk sy roem vertel!
Van ewigheid tot ewigheid gee eer
aan onse God en HEER!

Psalm **42**

42:1
Soos 'n hert in dorre streke
skreeuend dors na die genot
van die helder waterbeke,
skreeu my siel na U, o God!
Ja, my siel dors na die HEER,
na die Lewensbron; wanneer
sal 'k, ná swerftog en benouing,
God weer sien in klare=aanskouing?
42:2
Trane stort ek in my klagte,
want die spotters vra vir my:
"Waar’s jou God?" My dae=en nagte
gaan in droefenis verby.
Nog hoor ek die feesgedruis

wat weerklink het om u Huis,
toe 'k 'n skaar daarheen gelei het,
my met hul in God verbly het.
42:3
O my siel, waarom onrustig?
En wat buig jy jou in my?
Waarom in Gods lof onlustig
as die vyand jou bestry?
Menigmaal het Hy jou druk
laat verwissel in geluk.
Hoop op God, in Hom weer rustig!
In sy lof sal 'k my verlustig.
42:4
'k Dink aan God in donker dae
uit die land van die Jordaan;
Hermon hoor my kerme=en klae,
met die klein gebergte, aan.
Weedom gryp my binnenste=aan,
as u waters oor my gaan,
as ek, in my smart bedolwe,
wegsink in u watergolwe.
42:5
Maar die HEER sal in my lewe
weer oordag sy guns gebied.
Ook deur donker nag omgewe,
sing ek nog my pelgrimslied.
Ja, ek lofsing in die nag,
want ek bly die HEER verwag;
my gebed sal opwaarts strewe
na die bronwel van my lewe.
42:6
HEER, my Rots, op U betrou ek.
Waarom dan vergeet U my?
Ganse dae=en nagte rou ek
onder druk en dwing'landy;
want ek hoor die vyand spreek
wat my met sy spot deursteek,
en my toeroep met veragting:
"Waar's die God van jou verwagting?"
42:7
O my siel, waarom onrustig?
En wat buig jy jou in my?
Waarom in Gods lof onlustig
as dié spotstem jou bestry?
Menigmaal het Hy jou druk
laat verwissel in geluk.

Hoop op God, in Hom weer rustig!
In sy lof sal 'k my verlustig.

Psalm **43**

43:1
HEER, doen my reg, hoor my gebede,
en twis my twissaak tog vir my!
Want waar ek heengaan, skrede=op skrede,
beleër my 'n bose=en wrede,
'n huigelende teenparty
wat my my saak bestry.
43:2
My God, ek steun op u vermoë,
U is die sterkte van my hart.
Waarom gaan ek dan neergeboë -
verstoteling van voor u oë,
my siel bekommerd en benard -
gedurigdeur in swart?
43:3
Send, HEER, uit hemelse geweste
u lig en waarheid neer op my!
Laat dié my bring na Sions veste,
want daar is ‘t my die allerbeste,
waar ek, u woning ingelei,
my in u diens verbly.
43:4
Dan gaan ek in na Gods altare,
tot God, my God, my vreugde=en lied;
dan speel ek met die harpenare,
dan ruis vir U my blye snare -
vir U wat my, ná kort verdriet,
'n eewge vreugde bied.
43:5
My siel, wat treur jy nog verslae
en is onrustig in jou lot?
Berus slegs in Gods welbehae;
strek uit jou hoop na beter dae.
Verrys, herleef op sy gebod -
my redder is my God!

Psalm **44**

44:1
O God, het ons nie met ons oor nie
en van ons vaders dit gehoor nie -
het ons dit nie van hul verstaan,

die werk deur U van ouds gedaan?
Hoe U die nasies met u hand
verdryf het en hul uitgeroei het,
terwyl u volk, deur U geplant,
hier welig deur u seen gebloei het!
44:2
Hul swaard het hul dit nie laat erwe,
hul arm geen seëpraal verwerwe.
Dit was ú hand, ú arm, die lig
wat afglans van u aangesig,
wat hul met guns en seen bestraal.
Gebied dan uit u hoë woning
die swaard van Jakobs seëpraal -
U self, o God, U is my koning!
44:3
Met horings stoot ons in die lende,
met voete trap ons neer die bende
van dié wat teen ons op wou staan.
U self, u Naam, het dit gedaan;
want ek vertrou nie op my boog
of swaard waarmee ek my omgord het;
U red ons, sodat voor ons oog
ons haters kragteloos geword het.
44:4
Dus vloei daar daagliks dank en ere:
U Naam loof ons vir ewig, HERE!
En tog het U ons nou verstoot,
U maak ons skaam, ons skande groot.
Want U, ons altyd so naby,
trek met ons leërs nou nie meer nie;
ons wyk al voor die teenparty;
hul plunder ons, en niemand keer nie.
44:5
Soos slagvee word ons oorgelewer,
verwilder deur die wederstrewer.
HEER, U verkoop u volk verniet:
dié spotprys kan geen wins U bied!
U maak ons tot 'n spot en smaad
in ballingskap se donker ure,
'n spreekwoord van dié wat ons haat
en 'n veragting by ons bure.
44:6
My skande is gedurig voor my,
en smaadbesef maar altyd oor my;
want daar’s 'n mond wat laster braak,
'n blik wat listig loer op wraak!

Dit alles het oor ons gekom;
tog het ons nie ons afgewend nie
of met bedrog gehandel om
u heilsverbond met ons te skend nie.
44:7
Geen afgod het ons hart bekoor nie,
ons voet ook nie u pad verloor nie;
tog kwyn ons in 'n woeste plek
waar diepe donker ons oordek.
Het ons Gods Naam dan ooit vergeet?
Tot afgodsdiens ons ooit begewe?
Sou God, wat harte ken, nie weet
en speur wat binne-in ons lewe?
44:8
Om U ontwil moet ons nou swerwe,
gemarteld moet ons heeldag sterwe;
om U ontwil dryf hul ons aan
soos vee wat na die slagbank gaan.
Ontwaak tog, HEER, dit is nou tyd!
Waarom verstoot U ons vir ewig?
Waarom deur u afwesendheid
ons pyn en smart nog meer verhewig?
44:9
Waar skuil die lig wat eers gestraal het,
wat van u aanskyn neergedaal het?
Waarom vergeet U ons ellend,
ons onderdrukking sonder end?
Die moed is min, die gees is dof;
ons vlees kleef aan die aarde=onmagtig.
Staan op en hef ons uit die stof,
wees aan u goedheid weer gedagtig!

Psalm **45**

45:1
My hart, ontroer deur mymering,
sal lieflik van 'n Koning sing.
My tong, deur digvuur aangedryf,
is soos 'n pen wat vaardig skryf.
45:2
U's skoon! Geen skoon wat daarby haal.
Bevalligheid van trek en taal
is oor u lippe uitgestort -
U wat deur God geseën word.
45:3
Gord aan u wapens tot die stryd,
o Held, u glans en majesteit!

Oorwinnend ry na die geveg
vir waarheid, ootmoed, hoogste reg.
45:4
U regterhand wat triomfeer,
sal U gedugte dinge leer.
U pyle sal die volke tref
wat teen die Koning hul verhef.
45:5
U troon hou stand in storm en stryd,
u septer is regverdigheid.
U min geregtigheid, maar haat
die onreg met die onregsdaad.
45:6
U, Koning van so='n ryksgebied,
het God met vreugdesalf oorgiet.
O God, u God, die maak U groot
bo elke vors en troongenoot.
45:7
U klere=is mirre=en alewee,
en balsemgeur sweef met U mee;
uit u ivore-koningshuis
kom wonderskone snaargeruis.
45:8
Daar’s koningsdogters in die ry
van dogters wat U begelei;
die koningin hou by U stand
in fynste goud uit Ofirland.
45:9
O dogter, wat die bruidsroep hoor,
o skoonste, luister, neig jou oor!
Vergeet jou volk, jou eie vlees,
dat jy die Koningsbruid kan wees.
45:10
Gee dan die Koning, groot van mag,
op jou en op jou skoonheid ag,
o weier nie: buig voor Hom neer;
Hy is jou Koning en jou Heer.
45:11
Uit Tirus sal hul nader kom -
ook rykes, met geskenke, om
met skatte van die fynste kuns
te werf die sonskyn van jou guns.
45:12
Die Koningsdogter is nou gans
verheerlik in haar skoonheidsglans.
En oor haar kleed 'n weerskyn sweef:

dit is met gouddraad ryk deurweef.
45:13
Veelkleur'ge kleed, daarin word sy,
die skone, na haar Vors gelei;
'n stoet van maagde agteraan
wat met haar na die Koning gaan.
45:14
Hul word met vreugde voortgelei;
en almal, in hul Koning bly,
mag intree - hoogste gunsbewys! -
in koninklike pragpaleis.
45:15
Wanneer u vaders heen moet gaan,
sal in hul plek u nakroos staan.
U vestig hul met vaste hand
as vorste in die ganse land.
45:16
Ek sal, o Vors, U eer bewys,
u Naam déúr die geslagte prys.
Die volke sal, in U verblyd,
U loof vir ewig en altyd.

Psalm **46**

[By die melodieaanwysing ontbreek
die afkappingsteken by *Ein' feste Burg]*

46:1
God is 'n toevlug in die nood,
'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die nood,
al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef
al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee
wegwankel in die see -
ons sal nie beef of rugwaarts gaan.
46:2
Laat hoog die see se waters bruis
en in hul woede skuim en klots;
laat berge dreun van golfgedruis
wanneer dit teen hul hoogtes bots.
Die waterstroompies wat
daar kronkel in die stad
en oor die rotse gly -
hul maak die Godstad bly,
die heiligdom op veil'ge rots.

46:3
Die HEER is daar, Hy hou die wag;
so gaan die donker uur dan om;
Hy red wanneer die vroeë dag
goudglansend oor die berge kom.
In wilde krygsgedruis
het nasies opgebruis,
en koninkryke sink:
die HEER se stem weerklink -
'n ganse wêreld beef voor Hom!
46:4
Gewis die HERE Sebaot
sal sy gedugte mag laat blyk;
in nag en storm sal Jakobs God
ons rotsburg wees wat nooit beswyk.
Kom nader en bemerk,
aanskou die HEER se werk;
hoe Hy die wêreld rig;
hoe alles voor Hom swig
en in ontsetting weg moet wyk!
46:5
Die oorlog swyg op sy bevel
tot in die allerverste land;
die moordtuig om die mens te kwel,
verbreek Hy met oorwinnaarshand.
Hy keer die oorlogs-kans
en breek die boog en lans,
in vlam van haat gesmee.
Hy slaan die spies aan twee
en steek die oorlogswaens aan brand.
46:6
Hou op, en weet: Ek is die HEER!
Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer,
of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar
sy leërs om ons skaar,
oneindig in getal.
Die God van Jakob sal
vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Psalm **47**

47:1
Juig, o volke, juig! / Handklap en betuig
voor die HEER jul vreug! / Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys / op verhewe wys,

want bo al wat leef / en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink / en sy glorie blink -
Allerhoogste=in eer, / groot is God die HEER!
47:2
God die HEER so groot, / het sy arm ontbloot:
hul wat ons omring, / het Hy saamgebring
dat hul trotse nek / ons tot voetbank strek.
Hy, die sterke God, / kies vir ons ons lot:
Jakobs pronkjuweel, / Kana'n, word ons deel.
Dit is aan sy kneg / gunstig toegeseg.
47:3
God vaar voor die oog / met gejuig omhoog;
die trompette blink, / die basuine klink:
met 'n groot geskal / styg bo berg en dal
God se glorie uit. / Laat nou die geluid
van jul psalme hoor: / laat 'n jubelkoor
Hom, die Vors en Heer / van die aarde, eer!
47:4

Psalmsing tot Gods eer! / Weet dat Hy regeer.
Hy het opgevaar, / Koning is Hy daar
van die heidendom. / Vorste=en volke kom
om sy volk te wees, / Abrams God te vrees.
Skild en teëweer / is van U, o HEER!
Sing dan juublend bly! / Hoog verhewe=is Hy!

Psalm **48**

48:1
Die HEER is groot waar Sions top
hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe
die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde
blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit
die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak,
as rotsburg Hom bekend gemaak.
48:2
Die konings van die heidendom
het met hul leërs aangekom,
die aanvalsmag wat hul gekeur het.
Maar nou? Hul weet nie wat gebeur het -
plots kom oor hul verbasing,
verskrikking en verdwasing.
Die helde deins verward terug,

'n oomblik - en hul ‘t weggevlug!
En Sion, rotsburg van die HEER,
blink in sy oue glorie weer.
48:3
Soos een wat beef in moedersmart,
so raak hul daar verskrik, verward.
Die God van mag, van kragbewyse,
verbreek die skepe, pragpaleise
van Tarsis: oseane
spring op voor sy orkane!
Soos ons gehoor het, sien ons oog:
Die HERE Sebaot rys hoog!
Hy sal sy stad, die mens ten spyt,
bevestig tot in ewigheid.
48:4
Ons wil, o HEER, wat redding skenk,
aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning.
Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning:
die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend
tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog,
rys vol geregtigheid omhoog.
48:5
Laat Sions berg weerklink van vreug!
Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het -
dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse,
paleise, toringtranse -
hoedat hul pryk met nuwe prag.
En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy
sal tot die dood toe ons gelei.

Psalm **49**

49:1
Kom luister, volke wat die aarde=oordek,
wat woon so ver die wêreldlande strek!
Kom aan, wie klein en arm is in die land,
saam met die rykes, hoog in eer en stand!
My hart en mond bring enkel wysheid voort.
Ek neig my oor en luister na 'n woord;
'n diep geheim - 'n stof vir harpenare -

sal ek vertolk by ruising van my snare.
49:2
Waarom sou ek verskrik wees in 'n tyd
as onheil dreig in ongeregtigheid,
as onderkruipers my gedagtes kwel,
en hul vir my die fynste strikke stel?
Hul wil oorwin deur kragdaad en geweld,
dra roem op grootheid, mag van goed en geld;
maar kom die dood - wie weeg dan geld vir lewe?
Geeneen wat God die losprys dan kan gewe.
49:3
Onvindbaar is vir ewig die rantsoen
wat aan Gods reg en strengheid kan voldoen.
Geen mens het ooit, hoe sterk ook sy bestaan,
hoe wys of dwaas, die grafkuil kon ontgaan;
daar’s niemand wat die dood ontvlug, geeneen;
en magt'loos gaan die mensekind weer heen.
Geen skatte volg hom op dié donker spore;
wat hy verwerf het, is vir hom verlore!
49:4
Hy prent hom, dwaas in sy verdorwe sin,
'n ewigheid van aardse dinge in:
sy hoë huis, dink hy, sal altyd staan,
sy naam, al wyd vermaard, sal nooit vergaan!
Dié hoop reik ver, maar wat, wat is dit tog?
'n Skynsel eers en dan - 'n groot bedrog.
Die mens, hoe hoog in eer en mag verhewe,
vergaan soos vee en derf oplaas die lewe.
49:5
So’s dit met hom wat op homself vertrou,
en almal wat sy woord in waarde hou.
Die dood, hul herder, lei hul dieper af,
hul volg hom ná soos skape na die graf.
Dié wat opreg is, sien die môre straal,
maar trotsaards moet in donker dieptes daal,
waar al hul grootheid brokkel in sy broosheid
en hul gestalt' verword tot wesenloosheid.
49:6
Maar ná die dood, dan rys die dag vir my.
God sal my red, Hy koop my siel dan vry.
Hy, die oorwinnaar in die laaste stryd,
neem my dan op in eewge heerlikheid.
Vrees nie, wanneer 'n man se skatte groei,
wanneer sy huis in waarde=en weelde bloei;
want by die grens daar staan die dood, die wagter;
dié wys 'n graf, en - hy laat alles agter!

49:7
Vlei hy homself in sy gelukstaat nou,
prys hul dit dat hy hom geen weelde=onthou -
sy blom verwelk waaroor die doodswind gaan,
en hy daal neer, agter sy vaders aan.
Die duisternis, geselskap van verderf,
'n eewge nag, is al wat hy verwerf.
Die dwase mens, hoe hoog in eer verhewe,
vergaan soos vee en derf oplaas die lewe.

Psalm **50**

50:1
Die grote God, die HERE spreek!
Hy roep, Hy daag die aard', van waar
die son in goudglans uit kom breek
tot waar hy sterwend neer sal vaar.
Uit Sion, sonder voorbeeld skoon,
sprei God sy ligglans ver ten toon.
50:2
God kan nie swyg. Hy kom, Hy kom
met vuur wat voor Hom heen verteer!
Geweldig storm dit rondom Hom:
Aartsregter daal op aarde neer
en roep die aarde=en hemel aan
om, as Hy straf, Hom by te staan.
50:3
"Daag hier my volk, roep almal by
wat met hul offers altyd weer
verbonde maak van trou aan My."
Gerig begin!... Die heemle eer
Gods reg en gee getuienis
dat Hy alleen regverdig is.
50:4
"Kom, Isr'el, luister na my spraak:
Ek is jou God, my volk is jy!
Ek sal jou geen verwyte maak
oor offers aan My toegewy:
jou offerbloed en offergeur
is voor My altyd, altyddeur.
50:5
"Geen stier hoef 'k uit jou huis te lei
of offerdiere uit jou kraal:
die diere wat in wildheid wei,
kan Ek van duisend berge haal.
Die voëls op die berge vry,
al wat beweeg - dit hoort aan My.

50:6
"Dus sal 'k, o mens, na jóú nie kom,
en het Ek honger, jóú nie vra:
die aarde is my eiendom
en al die volheid wat hy dra.
Sou Ek op stierevleis dan wag,
op bloed van bokke, vars geslag?
50:7
"Kom, offer Gode dank en prys!
Geloftes aan die HEER gedaan,
betaal dit Hom met eerbewys!
En roep in tyd van nood My aan.
Ek sal jou uithelp, sê die HEER;
en dankbaar-bly sal jy My eer."
50:8
Aan wie sy wet verwerp, sê God:
"Wat meld jy nog van my verbond?
En spreek jy nog van my gebod?
Mý heilighede in jóú mond! -
terwyl jy tog my roede haat,
my woord verwerp om My te smaad.
50:9
"As jy 'n dief sien, voel jy bly;
aan ontug is jou hart verknog.
Jou mond laat jy in boosheid vry,
jou tong die vleg 'n string bedrog.
Jou broer bejeën jy met kwaad,
terwyl jy skimpend van hom praat.
50:10
"Dié dinge doen jy... sou Ek swyg?
Ek kom en sal my oordeel vel.
Ek sal jou nie met strawwe dreig,
maar alles jou voor oë stel.
O Godvergeters, vrees my wet,
waar Ek verskeur, kan niemand red!
50:11
"Hy wat sy dank My offer met
'n hart gestem tot lof en prys,
wat op sy weg en wandel let -
hý is dit wat My eer bewys.
En, daar hy op my guns vertrou,
sal hy met vreug my heil aanskou."

Psalm **51**

51:1
Ontferm, o God, ontferm U tog oor my!

Ontsluit die bron van u barmhartighede;
wis uit die smet wat kleef aan al my lede,
en maak my siel van sondeskuld weer vry!
Was my geheel tot my behoudenis,
was weg tog, HEER, die skandvlek van die sonde,
die kwaad wat my altyd voor oë is.
Hoe voel ek nou die brandpyn van my wonde!
51:2
U, HEER. wat my deurskou geheel en al,
is van my euweldaad die hoogste weter;
U het die kwaad gesien; dus niemand beter
wat my kan vonnis in my droewe val.
Teen U het ek my sondedaad begaan,
ja, voor u oog deur swaar misdryf gesondig;
dus sal u woord regverdig bly bestaan,
en rein u vonnis, oor my afgekondig.
51:3
Dis nie dié sonde=alleen wat roep om straf:
ek is in ongeregtigheid gebore,
en lê voor U in doemskuld gans verlore
al van die uur van my ontvang'nis af.
U eis is waarheid in my binnenst', HEER;
en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!
Daal af in my verborge diepte=en leer
my daar u wysheid, diep en menigvuldig.
51:4
Net soos die lyder, van melaatsheid vry,
verlangend na die teer gemeenskapsbande,
besprinkel word deur priesterlike hande -
ontsondig, HEER, ontsondig so ook my!
Was my met suiwer water van dié smet
en sneeu in blankheid sal nie witter wees nie.
Laat die gebeent' wat U verbrysel het,
weer in my juig, nie meer verbrysel wees nie.
51:5
Verberg u oog, die vlammelig wat oor
my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregtighede,
herskep my hart wat wegdwing uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees,
dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees,
en neem u goeie Gees nie weg van my nie.
51:6
Gee my weer lewensvreug, die soete smaak
wat ek moet mis, in sondesmart verlore;

gee my gewilligheid, uit vreug gebore,
wat weer u diens vir my 'n vreugde maak.
Dan hoor ek nie die wrede aanklag meer:
"Kyk hoe het hy, die kind van God, gesondig!"
Ek wil oortreders dan u weë leer,
bekering aan die sondaars bly verkondig.
51:7
Skrikbeeld van smet wat in my siel bly heg,
en my herinner aan my sware skande:
vergote bloed besoedel my die hande!
God van my heil, werp tog dié bloedskuld weg!
Dan sal 'k aan u geregtigheid weer dink,
wanneer my mond wat stom was deur die sonde,
deur U geopen, weer u lof laat klink,
my tong, lank vas, in juigtoon word ontbonde.
51:8
Gebroke hart en gans verslae gees -
dit is u offers, HEER! Geen altaardiere,
geen bloed of vet van kleinvee of van stiere,
kan voor u oog die ware offers wees.
Doen goed aan Sion, wees dit welgesind,
en bou weer op Jerusalem se mure;
dan sal ons hand die regte offers vind,
brandoffers opgeur uit die altaarvure.

Psalm **52**

52:1
Wat roem jy, wreedaard, so hooghartig?
Gods guns duur vir my voort!
Jou tong is vlymend soos 'n skeermes,
net valsheid is jou woord.
Net kwaad, geen goed; net leu'ns, geen reg -
dit is jou woord en weg.
52:2
Jy hou van woorde skerp soos swaarde,
o tong, aan tug ontwend!
God sal jou neerwerp, wegruk ewig,
jou uitsleep uit jou tent,
ontwortel totdat daar van jou
geen wortelvesel hou.
52:3
Opregtes sal dit sien en huiwer,
en - oor die trotsaard lag:
"Kyk nou die man wat in sy hoogheid,
die hulp van God verag;
wat steun op rykdom sonder perk,

in roofbegeerte sterk!”
52:4
Maar ék sal wees soos groen olywe,
en, in Gods huis geplant,
vertrou ek op sy guns vir ewig,
my steun en onderstand.
En singend wag ek op sy Naam,
met al Gods gunsvolk saam.

Psalm **53**

53:1
Vermeetle dwaas wat hoogwys spot,
sê in sy hart: "Daar is geen God."
Hul dade is afskuw'lik, sleg,
geeneen wat goed doen in sy weg.
53:2
God het die mens se werk betrag
uit hemelhoë=en helder dag,
of Hy ook by die mensekind
verstand mét ware Godsvrees vind.
53:3
Maar almal het tot groter kwaad,
in hul ontaarding, God verlaat;
van almal is hul dade sleg,
geeneen wat goed doen in sy weg.
53:4
Is daar dan by die sondaarskind,
hul wat my volk soos brood verslind,
geen kennis van die waarheid meer,
dat hulle God nie soek en eer?
53:5
Maar skielik het hul skrik gekom:
God slaan hul deur sy oordeel stom,
want God verstrooi die beend're van
wie almal teen jou saam wou span.
53:6
Jy het hul daar beskaamd laat staan,
want God sien hul nie langer aan. -
Mag maar ons bede nooit verstom:
"Laat Isr'els heil uit Sion kom!"
53:7
As Isr'els God in hul ellend
sy volk se lotgeval wil wend,
sal Jakob jubel bly van gees,
en Israel sal vrolik wees.

Psalm 54

54:1
O God, verlos my deur u Naam,
toon my u mag en rig regvaardig!
HEER, neem my aan, hoeseer onwaardig,
hoeseer tot bidde onbekwaam!
Want vreemdes, teen my opgestaan,
tiranne,=aan misdaad oorgegewe,
soek bloedbegerig na my lewe;
Gods hoogheid jaag geen vrees hul aan!
54:2
Maar ek sal op u bystand bou:
U sal hul op die oorlogsvelde
die kwaad, my aangedoen, vergelde.
Vernietig hulle in u trou!
Dus sal 'k met vreug in my gemoed
gewillig aan U offer, HERE;
ek sing my lof, u Naam ter ere,
want, HEER, u Naam alleen is goed.
54:3
Dit was om my so angstig-nou.
U Naam, gedug bó vestingwalle,
laat nou my oog met welgevalle
die oordeelstraf van God aanskou.

Psalm 55

55:1
Verhoor, o God, verhoor my klagte,
as ek, gekwel in my gedagte,
geen rus kan vind of plek van vrede.
Net onrus is daar in my hart:
ek dwaal, ek duisel, voel verward.
Verberg U nie, maar hoor my bede!
55:2
Ek hoor die roep van goddeloosheid.
Hul wentel op my in my broosheid
hul onreg af. Verward van sinne,
sien ek hoe hul in vyandskap
my die verkrimpte hart vertrap;
'n doodskrik val op my van binne.
55:3
Ag, was ek nou, deur angs omgewe,
maar soos 'n duif, omhoog gehewe -
ek sou met snelle vleuelslae
wegvlieg tot waar die wildernis

my skuiling bied, waar ‘t veilig is
teen alte felle onweersvlae.
55:4
Verwar hul spraak! By dae=en nagte
omsingel, HEER, ontroue wagte
die Sionsvesting op sy mure.
En in die stad - daarbinne is
geweld en onheil, moeite=en twis.
O, wat deurleef ek donker ure!
55:5
Dis nie 'n vyand wat my smaad nie,
of trotse haters wat my haat nie -
dán sou ek stil my leed gely het!
Maar dis my vriend wat my nou kwel,
met wie ek, as my metgesel,
my in Gods heiligdom verbly het.
55:6
Kom, dood en doderyk, verdelg hul!
O aarde,=ontsluit jou en verswelg hul
nog lewend, in jou diepste gronde,
in allerswartste duisternis,
waar daar geen end of weerkeer is,
tot straf van hul vermeetle sonde!
55:7
Ek roep. Tot God klim nou my bede.
Hy sal verlos, Hy gee my vrede.
By aand en môre=en middag hoor Hy:
Hy red my siel met sterke hand
wanneer die stryd teen my ontbrand -
met menigtes staan hul teenoor my.
55:8
Hoog bo die mens, hier groot-vermetel,
staan ewig God se regtersetel.
Hy sal sy volk nooit laat verdruk nie.
waartoe hul straf lank opgeskort,
daar ‘t tog met hul nooit anders word
wat voor Gods hoogheid nie wil buk nie?...
55:9
Hy wat sy hande uitgesteek het
teen my, ons vriendskapsbond verbreek het -
sy botteryladde tong bied vrede,
sy hart is stryd! Soos olie gly
sy woorde, maar hul steek en sny
soos swaarde, glimmend uit die skede!
55:10
Wil met jou sorg jou nou begewe

tot God, beskermer van jou lewe.
Ek sal nie wankel. Maar dié manne
wat my bestry - vernietiging
sal God die HERE oor hul bring.
Die dood oorval hul met hul planne.

Psalm **56**

56:1
Genade,=o God! Ek hoop op U alleen.
Die vyand staan met trots en haat my teen;
hy veg, verdruk, vertrap. Waar moet ek heen?...
Op U, my God, vertrou ek.
U gee u woord, dit sal my nooit begewe,
daar leef ek mee, dit dra my deur die lewe;
ek gee my hart, tot U omhooggehewe -
wat sou ek vlees dan vrees?
56:2
My heil en vrede ‘t hulle my ontvoer.
My aan te val, my inwag, skelm beloer,
my kwaad doen - dis wat hul gedagtes roer.
Die toeleg is my lewe!
Hul ongeregtigheid, hoe menigvuldig!
Hul skuld, hoe groot! Bly hul dan nog onskuldig?
Hul trots, hoe hoog! Is U dan nog geduldig?...
Werp volke neer, o God!
56:3
Hoe hulle my op elke vlugpad kwel,
U weet dit, HEER; my trane ‘t U getel,
dit in u Boek op eewge skrif gestel.
Só was U my gedagtig!
My vyand vlug, U, Redder van my lewe,
U is by my en sal my nooit begewe.
My hart is stil, tot U omhooggehewe.
Wat sou ek vlees dan vrees?
56:4
Toe smart reeds bruisend oor my heen wou slaan,
het ek, o HEER, geloftes U gedaan.
En nou, nou dink ek dankbaar-bly daaraan
en bring my dankbetaling.
My siel’s gered: geen dood wat ek gewaar nie.
My voet was vas: geen vyand is meer daar nie.
Niks wat my hinder om op U te staar nie,
o grote Lewenslig!

Psalm **57**

57:1
Wees my genadig, o my God! Ek soek
'n skuilplek in die dag van nood en stryd -
daar waar u vleu'ls hul oor my uitgestrek het,
diep in hul skadu, soek ek veiligheid,
totdat die onheil weer verbygetrek het.
57:2
Ek roep tot God, die allerhoogste HEER,
wat tot die end getrou by my sal staan,
wat my sal help terwyl 'n ruwe bende
hul smaadgeroep nog oor my op laat gaan.
Hoe goed en trou is God in my ellende!
57:3
Ek is hier by 'n volk van leeue-aard.
Hul tande staan soos spiese in hul mond;
hul tong is skerp soos skerpgeslypte swaarde.
verhef U, HEER, hoog bo die hemelrond,
en straal tog neer u glorieglans op aarde!
57:4
Hul het 'n strik en kuil vir my berei,
my siel laat buig by so 'n bitter lot.
Maar in die vangkuil wat hul slim berei het,
is hul gevang! Nou rus my hart in God.
en 'k juig, omdat Hy my so wys gelei het.
57:5
Waak op, my eer! Waak op, my harp en luit
Laat my die rooidag wek met sanggeluid!
U wil ek loof tot by die verste volke.
U guns en trou straal bo die hemel uit.
Verhef, o God, u eer bo lug en wolke!

Psalm **58**

58:1
Spreek jul wel waarlik reg, o regters?
En vonnis jul die mense reg?...
Jul hart is ver, ver daarvan weg,
en in jul hand is gruweldade.
Die bose=is net afvalligheid,
die leuenspreker dwaal altyd.
58:2
Hul gif is soos die gif van slange.
Hul is soos adders wat nie hoor -
geen towerspreuk kan hul bekoor.
O God, verbreek nou hulle tande!

Die jong, sterk leeus, belus op buit -
o HERE, slaan hul tande uit!
58:3
Laat hul vergaan, verdwyn soos water.
En laat hul pyle magt'loos blyk.
'n Slak wat wegsmelt in sy slyk
sover hy kruip - maak so hul gange!
Laat soos 'n misdrag hul verdwyn,
waaroor geen sonlig ooit sal skyn.
58:4
Voordat hul spys die gloed gewaar het,
storm God dit weg saam mét die vuur!
Regverdiges beleef die uur
van wraakvergelding ná hul lyde.
Ja, daar's 'n God wat waar en reg
die mens se saak op aard' besleg.

Psalm **59**

59:1
Red my, o God, wil my bewaar!
Die vyand kom, 'n sterke skaar.
Neem my tog in u hoede=en wag
vir teëstanders en hul mag;
die manne wat net onreg werk,
is in hul bloeddors my te sterk.
59:2
Want kyk, hul lê en loer op my.
Hoe sterk is nou my weerparty!
Hoe maak hul klaar, storm op my aan,
al het ek nooit teen hul misdaan.
Ontwaak, my tegemoet, aanskou
hoe ek op U alleen vertrou!
59:3
O HEER, oneindig groot van mag,
o Isr'els God, gedug in krag,
ontwaak, en straf dié heidendom
dat daar geeneen u wraak ontkom!
Wees nie genadig, daal met straf
op al die troueloses af.
59:4
Oordag in skuilplek weggevlug,
kom hul by donker weer terug
en huil soos honde deur die stad.
Hoe giftig is hul woorde wat
soos swaarde my die hart deurboor.
"En wie, " sê hulle, "sal dit hoor?"

59:5
Maar U is groot van krag, o God!
U sal met al die heid’ne spot.
Op U, my Sterkte, wil ek wag,
U is my rotsskans, hoog in mag;
U sal u guns aan my laat blyk,
my op my vyand neer laat kyk.
59:6
O HEER, moet hulle nie laat sterf,
maar laat hul soos 'n balling swerf;
sodat my volk dit sien en weet,
en u gerig nooit mag vergeet.
Werp hul, o God, my Skild, terneer
as trotse skenders van u eer!
59:7
Wat is hul ongesnoerde mond?
Hul woord?... 'n Dolksteek wat deurwond.
O, dat hul trots hul mag verstrik,
deur eie vloek en leu'ns verskrik.
Vernietig, HEER, in toorn en mag
die onregverdige geslag,
59:8
dat elkeen helder kan bemerk
by so 'n straf en oordeelswerk
dat God regverdig vonnis vel
en Koning is in Israel;
dat Jakobs God sy heerskappy
oor elke land en volk verbrei.
59:9
Oordag in skuilplek weggevlug,
kom hul by donker weer terug
en huil soos honde deur die stad.
Dan swerf hul rond langs donker pad;
kom hul geen spyse op die spoor
dan bly hul loer, die heel nag oor.
59:10
Maar ék sal van u sterkte sing,
u goedheid vroeg my jubel bring:
U was my toevlug in die nag,
in angs het ek op U gewag.
God van genade=en sterk daarby,
aan U sal ek my loflied wy!

Psalm **60**

60:1
O God, hoe het U ons verstoot!

U grimmigheid was oor ons groot.
Herstel ons; laat die land herleef
wat U geskeur het en laat beef!
Herstel, genees sy breuke weer,
want alles wankel voor U, HEER!
U ‘t ons 'n harde saak laat sien
en swymeldrank ons toegedien.
60:2
U hef vir ons 'n vaandel hoog
waar ons kan heenvlug vir die boog -
'n reddingspaal het U geplant.
Verhoor ons, red ons deur u hand!
God het dit uit sy tempel al
laat klink met hoogste jubelskal:
'"k Sal Sigems stad my eie heet
en Sukkot as my erfdeel meet.
60:3
"Oor Gilead sal 'k heerser bly,
Manasse, dié is ook van My,
Éfraïm weer die aanval af,
en Juda is my veldheerstaf.
Van Moab sal 'k my waskom maak;
oor Edom, nog belus op wraak,
sal Ek in hoogheid triomfeer.
Juig, Filistéa, tot my eer!"
60:4
Wie bring my in 'n vaste stad?
Wie baan na Edoms land my pad?...
U, HEER, wat ons nie by wil staan,
nie met ons leërs saam wil gaan!
Gee ons u bystand in die stryd,
want mensehulp is nietigheid.
Deur Gód sal ons tot kragdaad stap;
ons vyand sal Hy self vertrap!

Psalm **61**

61:1
Neig, o God, tot my die ore!
Ver verlore,
ver van hulp en heil vandaan,
as my hart in my geen krag het,
al versmag het,
roep ek U as helper aan.
61:2
Op 'n rots waar ‘t hoog en yl is,
my te steil is,

laat u hand my daar gelei.
God is my 'n sterke toring;
daar's verhoring,
skuiling teen die storm vir my.
61:3
Graag sou ek, van sorg onthewe,
heel my lewe
my verskuil diep in u hut,
waar u goedheid, my geneë,
met 'n breë
almagsvleuel my beskut.
61:4
My geloftes en gebede,
nietighede,
het die HEER nogtans gedenk:
en Hy het vervul sy woorde,
skone oorde
as besitting my geskenk.
61:5
U sal in u welbehae
lange dae
oor die koning heen laat gaan;
en sy troon, deur U gestewig,
sal vir ewig
voor u aangesig bly staan.
61:6
Send, o HEER, tot sy beskerming
u ontferming
en getrouheid as 'n wag.
Dan, dan loof ek, en dan sing ek,
en dan bring ek
U my offers dag ná dag.

Psalm **62**

62:1
Gewis, my siel is stil tot God!
My redding kom op sy gebod,
geen vyand hoef ek nou te dug nie.
Hy is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap ook dán lei
wanneer ek nêrens meer kan vlug nie.
62:2
Hoe lank, o wreedaards, soek jul dan
die onheil nog van so 'n man,
'n enige wat diep in nood is?
Hoe lank kom jul met drif en drang

teen hom soos teen 'n muur wat hang,
'n klipmuur wat al omgestoot is?
62:3
Hul soek om van sy hoë plek,
deur God bepaal, hom neer te trek.
Hul het in leuentaal behae.
Hul mónd is seën, liefde, guns,
maar in hul hárt - die leuenkuns,
met ywersug en vloek en plae.
62:4
Maar jy, my siel, swyg stil voor God,
beskikker van jou lewe=en lot,
wat nooit sy woord ontrou sal wees nie.
God is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap veilig lei,
ek hoef geen wankeling te vrees nie.
62:5
In God is al my heil, my eer,
my sterke rots en teëweer.
God is my toevlug in die lewe.
Vertrou op Hom, o volk, in smart
stort voor Hom uit jul hele hart,
God is 'n skuilplek, hoog verhewe.
62:6
Hoe nietig is die mensekind;
ook hy wat roem en aansien vind,
is enkel waan, 'n skimverskyning.
Saam in die weegskaal opgeweeg
is hulle niks nie, nietig, leeg,
'n môrewolk in sy verdwyning.
62:7
Vertrou nie op geroofde geld,
tirannemag of handgeweld,
of op die vastheid van jou gang nie.
As rykdom jou sy vreug berei,
jou met sy skynsel wil verlei,
laat dan jou hart nie daaraan hang nie.
62:8
'n Godspraak ruis my in die oor.
Twee woorde het ek toe gehoor:
"By God alleen is sterkte=en kragte!"
"Ook is by U die goedheid, HEER!"
Dus is daar vir die sterfling weer
vergelding na sy werk te wagte.

Psalm **63**

63:1
My God, wat tog my lewe is,
hoe smag my hart as 'k U moet mis!
Ek soek U, HEER, terwyl ek kwyn
in sielsverlatenheid en pyn.
Ek smag soos alles hier om my
waar 'k swerf in wilde woesteny,
'n dor en uitgedroogde land
waarop die son se vlamme brand.
63:2
Ek het voorheen, in stille wag,
U in u heiligdom betrag,
waar U in glans, aanbidd'lik skoon,
en alvermoënd sit ten troon.
Want bo ons lewe=in kommernis,
wat sonder U geen lewe is,
skat ek u grote goedheid, HEER,
waarvoor my mond U dankend eer.
63:3
Ek wil U prys my lewe lank,
my hande ophef en U dank.
Want, soos met vettigheid, sal weer
my siel versadig word, o HEER!
My mond sal jubelend U noem,
my lippe hoog u weldaad roem
wanneer die aarde=in nag versink -
dan sal ek peinsend aan U dink.
63:4
U was, o God, 'n hulp vir my.
U het u vleuels uitgesprei
om met beskerming my te dek
en jubels in my hart te wek.
O God, só met my lot begaan,
hoe kleef my siel U agteraan!
Vertrouensvol op U geleun,
voel 'k hoe u hand my ondersteun.
63:5
Maar wie my op die pad laat swerf
en rust'loos soek na my verderf -
hul stort in hul verdelgingsdrang
self in die kuil van ondergang;
en, weggedryf uit vaste stee,
word hul die slagswaard oorgegee,
om op die velde neergestort,
vir wilde diere='n prooi te word.

63:6
Maar ek is in die HERE bly
met almal wat sy Naam bely;
ons roem, daar Hy die boosheid stuit
en streng die leuenmonde sluit.

Psalm **64**

64:1
O God, verhoor nou my gebed
wanneer ek smeek en roep, en red
my van die mens wat my belaag
en met sy skrik my wil verjaag!
64:2
Verberg my vir die sluwe raad
en wilde woeling van wie kwaad
teen my versin. Hul tonge smee
hul spits soos swaarde, skerp van snee.
64:3
Soos pyle lê hul woorde reg;
soos pyle vlieg hul skielik weg,
om heim'lik uit 'n skuilgewes
opregtes in die siel te kwes.
64:4
'n Fyn beraamde plan is klaar;
gespan het hul èn strik èn snaar.
Die mens, in sondelus verward -
hoe diep, hoe grond'loos is sy hart!
64:5
Maar God se pyl lê ook al klaar,
en - skielik is hul wonde daar.
Hul éie tong verklaag hul al;
geheime kragte bring hul val.
64:6
Al wie dit aansien, skud die hoof;
hul vrees en moet Gods werke loof
as hul aanskou èn nou èn weer
hoe God dit àl tot glorie keer.
64:7
Regverdiges sal bly van gees
en vrolik in die HERE wees;
hul sal, daar Hy die wag wil hou,
met roemtaal op die HEER vertrou.

Psalm **65**

65:1

Na bange tyd van somerdroogte
is daar die uitkoms weer!
Nou pas dit ons op Sionshoogte
U lof te sing, o HEER!
Nou sal hul aankom uit die stamme;
geloftes word betaal,
die offerdier rook in die vlamme,
uit verste veld en kraal.
65:2
Dis waar, 'n donker skuldverlede
leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede
word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore,
versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore,
'n woonplek in u huis.
65:3
Ons al ons in u huis versadig
met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig
laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade:
gedug is U in mag.
Ons prys die blyk van u genade;
die vyand toon ontsag.
65:4
U is tot in die verste lande,
oor velde grenseloos,
tot by die allerverste strande
die mens se hoop en troos.
Die berge ‘t U van oue tye
gegrondves deur u mag;
U is omring van alle sye
met wonderbare krag.
65:5
U demp die bruising van die bare
in donker storme-weer;
die woeling van die volkeskare
lê U met een woord neer.
U almag ken geen paal of perke,
geen grens het u gesag;
die verste volk vrees vir u werke
as tekens van u mag.
65:6
U laat die uitgang van die morge

en van die awend juig;
en wil dat ons vir al u sorge
ootmoedig dank betuig.
Die land besoek U met u seën,
en deur U droog gemaak,
verryk U dit met milde reën
wat tot die wortel raak.
65:7
Die stroom van God wat neergestraal het
deur volle hemelsluis;
die voor waarin die graan gedaal het,
waar nou die koring ruis;
die druppels wat die halm verkwik het;
die weekheid van die kluit -
dis alles soos die HEER beskik het,
Hy seën en - dit spruit!
65:8
U kroon die jaar met ryke vrugte -
wie kan u seen belet?
U wolkewa trek deur die lugte,
sy spore drup van vet.
Die veld vang nou die reëndruppel,
die weiding bly nie droog;
die heuwels, in hul blydskap, huppel
in groen gewaad omhoog.
65:9
Ons sien die kleinvee langs die hange
wat juigend veld toe gaan;
ons hoor omlaag die windgesange
van hooggehalmde graan;
omlaag die dale,=omhoog die rante,
ja, alles jubel weer;
dit sing en roem van alle kante
die goedheid van die HEER.

Psalm **66**

66:1
Juig, aarde, juig met blye galme,
laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme,
en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke,
geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke
en buig hom kruipend voor sy mag.
66:2

Die aardryk met sy verste lande
moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande
moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade,
wat is sy werking hoog gedug.
Smeek Hom, o volke, om genade,
want niemand kan sy hand ontvlug.
66:3
Die HEER het deur die woeste seë
en wilde strome='n pad gebaan;
soos wand'laars op gebaande weë
het Hy sy volk daardeur laat gaan.
Vir ewig heers Hy uit die hoë
en straal sy glans op aarde af;
oor al die volke gaan sy oë
om die oortreders streng te straf.
66:4
Laat, aardse volke=en wêreldmagte,
vir Isr'els God jul lofsang hoor;
want Hy het nie in lydensnagte
ons voet laat uitgly uit sy spoor.
U het ons in vergange tye,
o HEER, getugtig en bedroef,
en ons gelouter deur die lye
nes silwer deur die vuur beproef.
66:5
U het, o HEER, deur vyandshande
ons in die vangnet ingevoer;
U het rondom met enge bande
in diensbaarheid ons ingesnoer;
die oorlogsperd en sy beryder
het ons vertrap; deur vloed en vuur
het ons gegaan - maar ons Bevryder
het sy verkwikking ons gestuur.
66:6
Ek sal, verlos uit doodsgevare,
nou dat ek weer kan asemhaal,
my offers bring op u altare
en my geloftes U betaal.
Ek sal laat opgaan in die vlamme
die vetste vee uit veld en wei;
ek sal by rookwerk van die ramme
ook beeste=en bokke toeberei.
66:7
Kom luister toe, o Godgesinde!

Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde
wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister
toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister,
was God my lof, net Hy alleen.
66:8
Was ek deur ongeregtighede
en hul aanloklikheid bekoor,
dan het die HEER na my gebede
en jammerklagte nie gehoor.
Maar Hom, die kenner van die harte,
was ook my diepste wens bekend;
Hy het gehoor, en in my smarte
die oor na my gebed gewend.
66:9
Lof sy Gods goedertierenhede,
sy Naam sy ewig lof en prys!
Hy het gehoor na my gebede,
my onverhoord nooit afgewys.

Psalm **67**

67:1
Wees ons, o HEER, wees ons genadig
en seën ons by owervloed;
U aanskyn, laat dié weer weldadig
ons koester met sy liefdegloed;
dat vir verste volke / deur ontslote wolke
kennislig kan breek;
nasies met verblyding / van die blye tyding
in hul land kan spreek!
67:2
Die nasies wat U nou nie prys nie,
hul sal U loof, hul almal saam.
Die volk wat U geen dank bewys nie,
sal sing die grootheid van u Naam.
U, hul loflied waardig, / oordeel hul regvaardig,
U wat nasies lei.
Lande vergeleë /.juig oor verre seë,
in u goedheid bly.
67:3
Die aarde het sy vrug gelewer;
ons sal deur U geseënd wees.
U sal ons seën; U, die Gewer,
sal al wat leef, eerbiedig vrees.

Psalm **68**

68:1
Die HEER sal opstaan tot die stryd;
Hy sal sy haters, ver en wyd,
laat wegvlug voor sy oë.
Hoe hoog die mens se trots mag gaan,
hy sal geen oomblik kan bestaan
voor God se alvermoë.
As U, o HEER, in mag verskyn,
sal hul soos rook en damp verdwyn,
deur stormwind voortgedrewe.
Soos was wat smelt voor hitte=en vuur
het almal voor Gods glans geen duur
wat goddelooslik lewe.
68:2
Maar al Gods volk, in Hom verheug,
sal opspring in hul sielevreug
en huppel voor sy oë;
sy mag, wat alle mag oortref
en uit verneedring hul verhef,
sal nooit hul val gedoë.
Hef tot Gods eer 'n danklied aan;
verhoog, verhoog voor Hom die baan;
sing, al wat leef, sy ere!
Berei die weg, in Hom weer bly
wat deur die wye vlaktes ry:
sy Naam is HEER der here!
68:3
Hoog bo die onreg wat hier woel,
staan God se heil'ge regterstoel,
van waar Hy in ontferming
die weduwees hul reg verskaf,
die wees se onderdrukkers straf
en waak tot hul beskerming.
Wie eensaam is, hom stel Hy in
die volheid van 'n huisgesin.
Hy breek die slawebande
van wie hier in gevang'nis smag;
Maar wie Hom hoon in sy gesag,
dié woon in dorre lande.
68:4
O God, toe U uit slawerny
u volk na Kana'n heen wou lei,
om voor u oog te huppel,
het onweer hul vooruitgestreef,

die aarde het gesidderbeef,
die hemel het gedruppel.
Selfs Sinaï se ruwe top
skrik uit sy vaste eeuslaap op,
voor Isr'els God aan bewe.
En toe u erfdeel mat was, HEER,
stuur U die reëndruppels neer
wat dit weer laat herlewe.
68:5
U kudde, HEER, het daar gewoon;
U was die land, so vrugbaar-skoon,
'n vriend'like Beskermer;
U het ellendiges die land
laat erwe deur u goeie hand,
o Israels Ontfermer!
Ja, daar was ryke juigenstof,
om God se wonders en sy lof
met jubelsang te melde.
Die lofsang van 'n vrouekoor
klink al die stryders in die oor
en ruis oor berg en velde.
68:6
Die koninge, hoeseer gedug,
het voor die onweer weggevlug
wat U teen hul verwek het.
Die manne kom terug met buit;
die vrouens deel die roofskat uit
asof hul meegetrek het.
Maar straal daar vrede=op Isr'el neer,
dan skitter hy in luister weer,
tot nuwe skoon herbore -
net soos die duif met silwerwit,
en goud wat op sy vere sit
by helder sonneglore.
68:7
Laat Basans hemelhoë rots
hom ophef in sy yd'le trots
met al sy bulte=en berge;
wat spring jul, berge, rug aan rug,
geweldig in die hoë lug
om Sions kruin te terge?
God self het hierdie berg begeer,
om daar in lig, in glans en eer,
volmaakter, skoner, witter
as sonneglans en sonneskoon
vir ewig by sy volk te woon

en voor hul oog te skitter.
68:8
Gods eng'lemagte bo die swerk
het, tien en tien maal duisend sterk,
slagvaardig uitgeswewe;
by hulle is sy majesteit
'n Sinaï in heiligheid,
deur bliksemlig omgewe.
U het omhoog gevaar vol eer;
die kerker was u buit, o HEER,
en gawes u beloning
wat neerdaal op die mensekind;
selfs wie opstandig is, dié vind
by U, o HEER, 'n woning.
68:9
Geloofd sy God met diep ontsag,
want Hy oorlaai ons dag aan dag
met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys,
die God van saligheid nie prys,
met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid
versterk ons in die dag van stryd
en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood,
selfs as ons sidder vir die dood,
volkome uitkoms gewe.
68:10
Gewis, hoe hoog die nood mag gaan,
God sal die vyandskop verslaan,
die skedel so doemskuldig
wat God se heiligheid wou tart,
en daar hy in die kwaad volhard,
sy skuld vermenigvuldig.
Die HEER het self ons toegeseg:
"Ek sal deur mag en wyse=oorleg
uit Basan jul vergader;
wanneer jul deur die diepte tree,
dan sal geen golfslag van die see
jul veil'ge voetstap nader.
68:11
"Dan sal jul uit die ballingskap
weer bly oor jul verdrukkers stap
op die bebloede velde;
jul honde sal die bloedplas lek
wanneer God weer sy ywer wek

om onreg te vergelde."
O grote God, gedugte HEER,
U gange is vol roem en eer
in Isr'els heiligdomme.
Die sangers gaan die spelers voor,
en rondom juig 'n blye koor:
die maagde met die tromme.
68:12
Loof God in sy gemeente=alom,
o volk, uit Jakob voortgekom,
die eerste stammevader.
Hoe vrolik gaan na Sions top
die stamme uit hul wonings op
om voor Gods troon te nader!
Die kleinste, Benjamin, is daar,
'n vors weleer; en Juda's skaar
met al die leeuestryders;
ook Sébulon en Náftali
wat vir geen vyand sidder nie -
van ouds die volksbevryders.
68:13
Ons prys U, HEER, in sang en lied.
U het u sterkte ons gebied
toe ‘t nag was, lank gelede;
U het gehoor na ons gebed,
U het ons roemryk uitgered -
o hoor nou weer ons bede!
Dan pas die vorste tot u eer
en om u huis ontwil, o HEER,
eerbiedig op u wenke.
Hul sal U dan van alle kant,
selfs uit die allerverste land,
vereer met hul geskenke.
68:14
Omgord U, HERE. tot die kryg
teen hom wat soos 'n ondier dreig
met al die oorlogsbendes -
die volk wat stukke silwer bring
net soos 'n onderworpeling,
maar loer op ons ellendes.
Gewis, ons sien hul al verstrooi
wat hunker na die oorlogsprooi.
Maar uit die pragpaleise
van Nylgebied en Moreland
kom manne wat tot God die hand
sal strek met eerbewyse.

68:15
O Koninkryke, sing Gods lof!
Laat psalme oprys uit die stof -
dis God wat uitgetrek het!
Hy ry, bekleed met eer en mag,
hoog deur die hemel van sy krag
wat Hy met storms bedek het.
Die donderstemme, swaargedug,
verkondig in die hoë lug
sy mag voor al die volke.
Gee sterkte=aan God - sy hoogheid is
oor Israel, sy erfenis;
sy mag is in die wolke.
68:16
Hoe vreeslik is U, HEER, alom
uit u verhewe heiligdom,
omring deur sterkte=en ere!
Dis Isr'els God wat wonders werk
en wat sy volk met krag versterk:
U loof ons, HEER der here!

Psalm **69**

69:1
Help my, o God, want ek vergaan!
Ek het in modder ingegly
waar daar geen staanplek is vir my;
en oor my storm die waters aan.
Ek roep my hees, my oog versmag,
waar ek vergeefs op U bly wag.
69:2
Meer as die som wat ek kan tel,
en meer as my geringe krag,
vermeerder hul in tal en mag
wat my, onskuldig, neer wil vel.
Hul laat my sonder oorsaak boet.
Dit jaag en storm deur my gemoed!
69:3
Voor U alleen wil 'k skuld bely.
My dwaasheid, ag, die klaag my aan.
Maar laat om my beskaamd nooit staan
wie op U wag. U weet ek ly
en dra my smaad geduldig-stil
om U, o HEER, om U ontwil!
69:4
Ook my geslag verwerp my, want
'n ywer vir u huis en eer -

dit het my soos 'n vuur verteer
en in my soos 'n vlam gebrand;
smaadwoorde sonder maat of tal
het, HEER, om U op my geval.
69:5
Ek kwel my siel met vas en ween,
maar dit het my tot smaad geword;
met sakkleed het ek my omgord,
maar is 'n spot vir iedereen.
Die praters praat op straat van my,
en dronkaards sing hul lied daarby.
69:6
Maar my gebed is tot U, HEER!
Daar is 'n tyd dat U verhoor:
in grote goedheid, neig u oor,
en deur u trou, verlos my weer.
Verlos my uit die modderpoel
en waterstroom wat om my spoel.
69:7
Wil, HEER, die waters om my stuit,
laat nie die dieptes my verslind;
die put waarin ek my bevind,
laat hom sy mond nie bo my sluit.
Verhoor my, want u guns is goed,
u medelye='n owervloed.
69:8
Aanskou my in barmhartigheid:
dit is vir my benoud en nou.
Verhoor my, HEER, verhoor my gou,
en maak dit om my heen weer wyd.
Die skande=en smaad wat my onteer,
my vyand self, U ken hul, HEER.
69:9
Dié smaad het my die hart gebreek;
ek beef en wag op medely;
maar tevergeefs, geen troos vir my.
Hoe ek al om erbarming smeek,
gal het hul my as spys gegee;
asyn - hul les my dors daarmee.
69:10
Hul tafel - maak dit tot 'n strik:
dat hul hul ondergang daar vind!
Slaan met u straal hul oë blind,
en laat hul heupe altyd swik!
Stort grimmigheid oor hulle uit,
'n toornvuur wat hul vaart sal stuit!

69:11
Maak van hul laer 'n woesteny,
want hul belaster en verjaag
wie deur u smartwond is geplaag.
Vergroot hul skuld, spreek hul nooit vry;
wil uit u Boek hul naam uitwis
waarin u volk geskrywe is.
69:12
Al is ek, HEER, in pyn en nood,
u hulp sal soos 'n skild verrys!
Daarvoor bring ek U lof en prys,
ek maak U in my danklied groot.
Dit sal die HERE allermees
as offer welgevallig wees.
69:13
Sagmoediges sal dit aanskou
en bly wees as hul dit beleef.
Laat dié wat hul tot God begeef,
herleef, met frisse krag bedou.
God hoor hul wat behoeftig is
en kwyn in die gevangenis.
69:14
Laat aarde=en hemel Hom dan prys,
die see en al wat dit deursweef!
Want God sal Sion laat herleef,
en Juda's stede sal herrys.
Dan vind Gods volk 'n erfdeel weer
en wonings wie sy Naam vereer.

Psalm **70**

70:1
O God, my Hulp in nood, help nou!
O HEER, my Redder, maak tog gou!
Maak hul beskaamd wat my verdruk
en hunker na my ongeluk.
Laat hulle wyk na agter om
en haastig in die skande kom;
laat hul met skaamte rugwaarts gaan
wat met hul smaad teenoor my staan.
70:2
Maar laat u volk, van sorge vry,
in U weer vrolik wees en bly,
en uitroep by hul heilgenot:
"Hoe groot, hoe wondergroot is God!"
Maar in ellende roep ek luid:
"My God, ag, haas U, help my uit!"

U is my hulp, o HEER, by wie
ek bystand soek. Vertoef tog nie!

Psalm **71**

71:1
Op U alleen, my Rotssteen, bou ek.
Laat my dan nimmermeer
in smaad verval, o HEER!
Op u geregtigheid vertrou ek.
Verhoor my, red my lewe:
dis aan U oorgegewe!
71:2
Wees my 'n rotssteen hoog verhewe,
hoog teen 'n bergwand aan,
waar 'k altyd in kan gaan.
U het beveel dat ek sal lewe;
en 'k leef, o grote=Ontfermer,
my Toevlug en Beskermer!
71:3
Ruk my tog uit die wrede kloue
van hul wat onreg werk,
geweld'naars my te sterk.
U is die God van my betroue
vanaf my eerste skrede
en jonkheids ver verlede.
71:4
Ek het gesteun op u vermoë;
van moeders liggaam aan
het U my bygestaan.
Daarom loof ek u mededoë;
my loflied tot u ere
sal nie verstom, o HERE!
71:5
'n Wonder vir wie my aanskou het,
was ek, want inderdaad
was U my toeverlaat
oor wie ek roem, op wie 'k vertrou het.
My loflied tot u ere
sal nie verstom, o HERE!
71:6
As haas my lewensdag gedaan is
en skemering daal neer -
verlaat my dan nie, HEER!
Versterk die krag wat al vergaan is,
dat met die aardse lewe
u hulp my nie begewe.

71:7
My haters loer nou op my lewe,
die vyand hoor ek praat;
tesame hou hul raad:
"Sy God, sy vriend, het hom begewe;
vervolg, gryp aan, beset hom,
want niemand help of red hom!"
71:8
My God, wees tog nie ver van my nie;
kom haastig na my aan
dat hul beskaamd kan staan!
Betoon aan hul geen medely nie,
en laat hul skendershande
hul wikkel in hul skande.
71:9
Ek voel my sterk, aan U verbonde;
my mond vind tot u lof
gedurig ruimer stof.
U redding meld ek elke stonde;
al kan ek dit nie skat nie,
besyfer of bevat nie.
71:10
Nou kom ek aan met forse skrede,
my lof is sonder maat,
vir u verlossingsdaad.
Ek meld van jeugtyd en verlede -
hoe U my, onervare,
gelei het al my jare.
71:11
Ek soek, o God, aan U verbonde
u hulp, nou ouderdom
en grysheid oor my kom.
Verlaat my nie; gun tyd en stonde;
dan stel ‘k u magsvermoë
aan kind en kroos voor oë
71:12
Ek roem, o God, u alvermoë
‘k roem u geregtigheid,
wat uitstraal ver en wyd
en heerlik skitter uit die hoë.
Wie is soos U, o HERE,
so groot in mag en ere!
71:13
U het my baie teëspoede
laat sien; maar U sal my
weer van die dood bevry,

my ophaal uit die watervloede.
My grootheid – maak dit meer,
en troos U my, o HEER!
71:14
Ek sing ‘n lofsang by my snare,
‘n lied van troos en trou
waarin ‘k u lof ontvou,
o Heilige by Isr’els skare!
Ek roep, tot vreug herbore:
“verlos, en nie verlore!”
71:15
Ek meld teenoor hul onheilsplanne,
my vyande ten spyt
steeds u geregtigheid.
Daar stuit hul nou, die onregsmanne,
op eie kronkelweë,
verlate en verleë!

Psalm **72**

72:1
Gee aan die Koning, HEER, u regte
en u geregtigheid
aan Koningskind, dat Hy u knegte
kan rig met wys beleid.
Dan vind u volk weer 'n beskermer,
een wat hul saak besleg,
ellendiges weer 'n ontfermer
wat oordeel volgens reg.
72:2
O saalge ryk waar enkel vrede
oor berge=en heuwels sweef;
die Vors na Gods geregtighede
sal heers oor wat daar leef;
waar Hy in strenge strafgedinge,
sy swaard die skede= ontruk,
die arme ophef en geringe,
maar neerslaan wie verdruk.
72:3
Só lank die son se flonkervure
'n lig by dag sal wees,
die maan 'n lamp by donker ure -
só lank sal hul Hom vrees.
Hy sal so mild wees so die reën
wat neerdaal op die gras;
soos druppels wat met volle seën
besproei die veldgewas.

72:4
Dan kom die tyd van welbehae,
wanneer die vrede bloei;
regverdiges sal in sy dae
in volle wasdom groei.
Van see tot see - geen grensomlyning,
orals gebied sy staf,
totdat die maan, die bleek verskyning,
val van die hemel af.
72:5
Hul kniel, uit lande vergeleë;
sy vyand lek die stof;
en Tarsis voer, oor verre seë,
geskenke na sy hof.
Die konings van die verste strande
bring almal gifte mee;
en Skeba, met die ver weg lande,
stuur goud en vredesbee.
72:6
Ek sien al vorste, ryk en magtig,
wat buigend voor Hom staan,
en al die nasies wat eendragtig
Hom dien as onderdaan.
Want Hy sal die verstotelinge,
dié wat geen helper het -
die stilverloorne en geringe -
sal Hy verhoor en red.
72:7
Hul roep: dit is vir Hom die tyding:
sy arm is al gereed;
vir hul is daar by Hom bevryding
uit alle nood en leed.
Dreig daar geweld van alle sye,
al gaan dit nog so hoog,
hul bloed, hul trane en hul lye
is dierbaar in sy oog.
72:8
Mag Hy, die Koning, altyd lewe!
Mag hul uit Skeba goud
met onbekrompe hand Hom gewe
met heilbee duisendvoud.
Mag koring, selfs langs hoë hange
van berge uitgesaai,
soos Libanon laat hoor sy sange
wanneer die bergwind waai.
72:9

Mag die bewoners van die stede
- daar's geen ellende meer -
soos plante groei by volle vrede
en sing die Vors se eer.
Mag nooit sy Naam en grootheid kwyn nie
- dit is 'n voorspoedsuur! -
geen sonneglans so helder skyn nie
of langer wees van duur!
72:10
Laat al die volke=uit wydste kringe
aan Hom hul dank bewys
vir matelose seëninge,
en Hom gelukkig prys.
Klim op, my lof, na hoër sfere!
Van bowe kom die seën;
want Isr'els God - aan Hom die ere! -
doen wonders, Hy alleen.
72:11
Sy Naam, bo alle naam verhewe,
sy uit eerbiedenis
die volle roem en eer gegewe
so lank daar wêreld is!
En laat so ver die sonlig bewe,
so ver die sonpyl skiet,
sy heerlikheid die aarde=oorswewe!
En "Amen" sê my lied!

Psalm **73**

73:1
Voorwaar, God is vir Isr'el goed,
vir wie opreg is van gemoed.
Gods weg kan nooit só donker wees nie,
dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.
Maar ag, hoewel my siel dit weet,
tog het my voet haas in my leed
gewankel, en dit was vir my
so donker dat my voet wou gly.
73:2
Ek het gepeins, diep in my hart
in lewensraaisels lank verward,
toe 'k moes aanskou met lede oë
hoe boosaards aangroei in vermoë.
Húl is gesond en lewe lank,
maar ánder word van kwellings krank;
op húlle rus geen ongeluk,
maar ánder slyt hul lewe=in druk.

73:3
Net soos 'n snoer van edelsteen
swaai trotsheid om hul nekke heen;
en hul geweld en gruweldade
bedek hul lyf soos praalgewade.
Hul oë puil van vet na voor,
inbeeldings van hul hart loop oor.
Hul spot, verdruk, en in hul oog
is nét hulself, geen ander hoog.
73:4
Hul spot, en van hul spotterny
raak ook die hemel self nie vry,
terwyl hul tong op aarde wandel
en grootspraak voeg by bose handel.
Daarom draai sondaars na hul heen,
met hul in misdaad lotgemeen,
en roem: Sou óns die Heer moet vrees?
Sou daar by Hom dan kennis wees?
73:5
Die trotsaards leef gerus en bly,
in rykdom, onbesorg en vry.
Vergeefs dat ek so opgepas het,
my hande=in onskuld rein gewas het!
Dit help my nie: ek word geslaan,
die plae=oorstroom my, af en aan;
en nooit was daar 'n môre of
my klaagsang kry weer nuwe stof.
73:6
Maar nee, al wil my hart ook breek,
my mond mag só oor God nie spreek:
dan sou 'k verraai wie ek bemin het,
Gods volk met wie 'k die stryd begin het.
Nogtans het ek weer nagedink,
weer in dié raaisel ingesink,
maar ‘t was net moeite in my oog,
vir my bevatting gans te hoog.
73:7
Maar nóú, hoe anders is dit my!
Gods heiligdomme ingelei,
straal my 'n ander ligglans teë;
ek sien hul end... dis gladde weë
waarop die HEER die voet laat gaan
van boosaards wat Hom trots weerstaan.
Hul wankel al om neer te stort -
'n bouwerk wat 'n puinhoop word.
73:8

Hoe swak en onvas dat hul staan!
Hoe gou dat hul te gronde gaan!
Hoe nietig is hul weelde=en vrede!
Hoe huiwer skrik deur al hul lede!
As U, o HEER, die vonnis stryk,
dan moet hul soos 'n droombeeld wyk
wat, in die slaap wel skoon van skyn,
by die ontwaking plots verdwyn.
73:9
Hoe voel ek nou my sondesmart!
Toe ek, verbitterd in my hart,
in eie warnet ingewikkel,
diep in my niere was geprikkel,
was ek voor U, o wyse God,
in al my woorde dwaas, 'n sot.
Ek was, vir alle wysheid sku,
net soos 'n domme dier by U.
73:10
Nogtans sal 'k altyd by U bly;
niks sal my van u liefde skei -
U wat my regterhand gevat het,
vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad,
O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en ná die dag van aardse stryd,
my opneem in u heerlikheid.
73:11
Wie het ek in die hemel, HEER -
wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig,
hom op die aarde=in kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bitter smart
of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed
my rots, my deel, my eewge goed.
73:12
Wie ver van U sy weg wil gaan,
stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het,
in trouelоosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot,
as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel
om al sy werke te vertel.

Psalm **74**

74:1
Waarom, o God, vind ons geen medely?
Waarom verdryf u toorn ons altyd verder?
Ons is u kudde, U die kuddeherder
wat deur u hand ons uit en in wou lei.
74:2
Dink aan u volk, aan u gemeente weer,
wat U voorheen as gunsvolk uitgelei het,
die stam wat U as erfdeel toe verkry het
aan Sions berg, u woonplek van weleer.
74:3
Hef op u voete na die eewge puin!
Dit is u heiligdom wat neergestort het,
van plunderaars geheel 'n prooi geword het!
Hoog rys hul vaandel nou op Sions kruin.
74:4
Hul hamers het die houtwerk neergeslaan;
hul byle het geswaai, gekap, gekerwe,
hul ruwe hand die tempelskoon bederwe,
verdelgingsvuur oor alles heen laat gaan.
74:5
U heiligdom is deur die vuur geskend;
niks kon sy glans teen hul geweld beveilig.
Die pronkpaleis, u woning, is ontheilig,
tot puin en as het hul dit omgewend.
74:6
Hul het gesê:"Laat ons met ruwe hand
hul almal saam verdruk deur strafgerigte."
Hul ruwe vuis het al die Godsgestigte,
u Naam tot hoon, verbrysel en verbrand.
74:7
Ons sien geen tekens in die donker uur
van u verbond, en daar is geen profete
wat ons meer troos of bring die dieper wete
hoe lank ons druk en hartseer nog moet duur.
74:8
Hoe lank, o God, sal nog die teenparty
ons smaad en tart? Sal dan in ewighede
u Naam beskimp word in sy lasterrede?
Wat toef U nog en trek u hand tersy?
74:9
Strek uit u hand, die regterhand so sterk,
vernietig hul, die skenders van u woning!
U is, o God, van ouds af tog my Koning,
U wat op aard' verlossingswonders werk.

74:10
Mag dié ontwaak, u hand, en hul verstrooi -
U wat voorheen in stormsee al die drake,
seemonsters, Leviatans ope kake
oorweldig het, die roofgediert' ten prooi.
74:11
U guns, o HEER, was oor ons van omhoog,
‘tsy U fonteine uit 'n rots laat spring het,
of waters, wat uit dieptes saamgedring het,
'n volle stroom, deur U is uitgedroog.
74:12
Aan U behoort die son wat ons bestraal,
die sterrenag is maaksel van u hande,
die see wat spoel langs vasgestelde strande;
die jaarseisoen het U vir ons bepaal.
74:13
Gedenk hieraan, o God van grote krag:
Vermeetle tonge het u Naam gelaster;
die vyand, van u vrees en diens verbaster,
het U geterg, gehoon in u gesag.
74:14
Gee aan gediert' wat om ons roof en skeur,
die lewe van u tortelduif nie oor nie;
laat dit nie wees asof U ons nie hoor nie,
asof U ons vergeet het altyddeur.
74:15
Ons is omring deur skrik en duisterheid:
uit donker plekke loer die onheilsmagte.
Maar bo ons skyn die helder sterrewagte
van u verbond, waarop ons voor U pleit.
74:16
Mag ons, o HEER, u bystand maar erlang!
Maak ons in ons gebedsroem nie verleë.
Staan op, o God, en stap u vyand teë,
sodat ons U kan grootmaak in gesang.
74:17
Vergeet nie, HEER, die onverdraag'bre hoon,
die spotgeroep van al u teenpartyders,
rumoerigheid van al u magsbestryders,
wat tartend opstyg na u hemeltroon.

Psalm **75**

75:1
U alleen, U loof ons bly -
ja, ons jubel tot u eer!
Want u Naam is, troue HEER,

vir u volk tot troos naby.
Daarom roem ons in ons land
al die wonders van u hand.
75:2
Al vertoef Ek, spreek die HEER;
al gaan jare langsaam om -
eind'lik sal my regsdag kom,
en dan daal my oordeel neer.
Wat ook wankel - deur my hand
bly die aarde=in vaste stand.
75:3
Laat die rasers dan nie raas;
laat geen goddelose kop
hef die hoë horings op -
in verwaandheid opgeblaas.
Want God sal die horing tref,
en die mond wat hom verhef.
75:4
Die verlossing, roem en eer
kom nie uit woestyne ver,
nie uit oos of weste her;
want die Regter is die HEER.
Hy sit bo die hemelboog -
Hy verneder en verhoog.
75:5
In Gods hand 'n beker blink;
en die druppels skuim en spring
uit die bitter mengeling
waar die sondaars van moet drink;
ja, die goddelose mond
suig die droesem tot die grond.
75:6
God van Jakob, lof en prys
sing ek ewig tot u eer!
Hoë horings werp ek neer
wat teen U het opgerys.
Maar ons horing, swaar getref,
word deur God weer opgehef.

Psalm **76**

76:1
Die HEER wat woon in donker tent,
maak Hom by Juda's stam bekend;
daar word sy wonderdaad vertel,
sy Naam is groot in Israel;
in Salem met sy veil'ge skanse,

daar straal sy huis met vredeglanse.
76:2
Hy het die vuurge pyl verbreek
waarmee Gods vyand hom wou wreek,
die skild en swaard en oorlogstuig.
Hoe heerlik bo die roofberg ruig
styg U, o God, ver bo die skare
van buiters en geweldenare.
76:3
Die held is daar beroof, verswak:
hy het meteens in slaap gesak;
die sterk en dapper mensekind
het daar sy hande nie kon vind.
U dreigstem, HEER, op oorlogsvelde
bedwelm tesaam die perde=en helde.
76:4
Hoe vreeslik, HEER, is u gerig!
Wie kan bestaan voor u gesig?
U laat van bo die oordeel hoor,
u donderwoord, die wêreld oor;
die aarde,=uit skrik vir u vermoë,
lê stilverslae voor u oë.
76:5
In stortvloed van sy krag kom Hy
al die sagmoediges bevry;
want grimmigheid en wraakgeweld
van mense moet u lof vermeld.
Die toorn wat oor is van die bende
dien, HEER, as gordel van u lende.
76:6
Doen dan geloftes aan die HEER
en lê jul offers voor Hom neer;
laat almal wat die HEER omring,
uit vrees aan Hom geskenke bring.
Hy breek die mens se praalvertonings,
Hy's vreeslik vir die aardse konings.

Psalm **77**

77:1
Opwaarts klim my roep en rede,
o my God, verhoor my bede;
in benoudheid, altyd weer,
neem ek toevlug by die HEER,
En my hande, hele nagte,
mét my worst'lend in my klagte,
bly, terwyl 'k mistroostig smeek,

sonder moeg word, opgesteek.
77:2
In 'n nag so dubbelduister
wil my siel na troos nie luister.
En gedenk ek in my nood
aan die God, voorheen so groot
in ons redding en ontvlugting,
dan versink ek in versugting;
en my gees in my versmag,
waar ek raadloos hoop en wag.
77:3
Slaap kom daar nie in my oë;
diep onrustig, neergeboë,
draai ek aldeur om en om,
maar my mond bly strak en stom.
Al die lank vervloë jare,
ook die juigtoon van my snare
kom voor my in stille nag.
Alles het my gees deurdag.
77:4
Gans mistroostig, wederstrewig,
vra ek: Sal die HEER vir ewig
dan verstoot en nimmermeer
wees nie wat Hy was weleer?
Is dan sy beloftenis nie
onverbreekbaar en gewis nie?
Is sy goedertierenheid
nie bestendig vir altyd?
77:5
Sou God sy gená vergeet het?
Van my onheil nie geweet het?
Is ontferming dan vir my
deur sy gramskap afgesny?
Ja, Gods hand, voorheen grootdadig,
red ons nou nie meer genadig,
ons wat diep ellendig is -
dit is my bekommernis!
77:6
Máár 'k wil liewer wees indagtig
al u dade, groot en magtig,
dade van die ou tyd aan
wonderbaar deur U gedaan.
Ek wil let op al die merke
van u onvolprese werke
en in plaas van bitter klag,
daaroor nadink dag en nag.

77:7
Heilig was, o God, u weë,
in die voortyd, lank geleë,
toe u Naam en sterkte=alom
groot was by die heidendom;
toe U, HEER, u mag gewek het,
Jakobs kinders uit laat trek het.
U het Josefs nakroos vry
uit Egipteland gelei.
77:8
Watervloede, opgesteier,
wou u volk die deurtog weier;
maar toe hul u koms gewaar,
het 'n skrik in hul gevaar.
Donderwolke het hul water
uitgegiet, en fel geklater
het gedreun met swaar gerug
deur die vuurverligte lug.
77:9
Hoog daarbo gerol van donder,
vuur van vlammesee daaronder;
aarde=en wêreld, stormverlig,
het geskrik by die gesig.
Ja, u pad was in die seë,
U verlos langs diepe weë;
en u nooit ontdekte spoor -
daar sweef donker waters oor.
77:10
Kudde skape en hul herder;
veil'ge hoede=en altyd verder -
Moses met Aäron lei
Isr'el deur die woesteny.

Psalm **78**

78:1
Merk op, my volk wat nou my roepstem hoor,
met ope hart en toegeneë oor!
Met wyse spreuke wil ek u vermaan,
wat waarheid is van vroegste tye=af aan;
verborge goud wat net op koest'ring wag,
met stof bestrooi, haal ek weer voor die dag.
78:2
'n Wysheidswoord wat vloei uit diepe wel
- ons vaders het dit ons voorheen vertel -
sal ons laat hoor, en aan die stamverband
sal ons verhaal die wonders van Gods hand;

sodat ons kinders trou dit ná kan speur,
sy dade kan verkondig altyddeur.
78:3
Die HERE het aan Jakob sy bevel,
sy woord en wet gegee aan Israel;
'n vaandelteken om, met erns en trou,
gedurigdeur in oog en hart te hou;
'n teken om die nakroos toe te wink,
'n taal om diep hul in die hart te sink;
78:4
sodat hul dit húl kinders kan vertel,
om hul vertroue=alleen op God te stel -
nie wederstrewig in hul wandel weer
en koppig, soos hul vaders was weleer:
'n volk onvas van hart, ontrou van gees,
was hul nie trou teenoor hul God gewees.
78:5
Ja, Efraïm, die heldestam weleer,
het weggevlug - hul was geen helde meer!
Die Godsverbond het hulle nie betrag,
maar, weieragtig, dit gering geag,
Gods dade, met geen maatstaf afgemeet,
sy wonders het hul troueloos vergeet.
78:6
In Soans veld, in gans Egipteland,
het hul gesien die wonders van sy hand;
en in die see, waardeur hul pad sou gaan,
het Hy die vloed soos walle hoog laat staan.
Hy was oordag met digte wonderwolk,
en snags met vuur die leidsman van sy volk.
78:7
Uit barre rots, gehoorsaam as Hy spreek,
het Hy vir hul die waters uit laat breek,
wat soos 'n vloed gespoel het oor die sand.
Nogtans was hul weerspannig teen sy hand,
'n spys het hulle na hul hart begeer,
hul ‘t God versoek, opnuut gemurmureer:
78:8
"Kan God vir ons hier ooit 'n tafel sprei?
Hy het geslaan, die rots in twee laat skei -
maar in 'n land van dors so dubbeldood,
hoe skaf Hy vir sy volk hier vleis en brood?"
Toe ‘t God gehoor, 'n vuur is aangesteek,
en gramskap het teen Jakob uitgebreek.
78:9
Hy het beveel, en wolke ‘t aangewaai,

die hemeldeure ‘t ylings oopgeswaai:
geheimnisvol het manna neergestort,
en hemelkoring het hul brood geword.
Dié wonderbrood, hul volop toegemeet,
dié eng'lespys het hul op pad geëet.
78:10
Daarna 'n windstorm deur die hemel heen!
En Hy het vleis soos stof op hul laat reen.
'n Kwartelswerm, oneindig in getal,
het binne-in die laers neergeval.
God het gegee, in oorvloed ongemeet;
die volk het tot versadiging geëet.
78:11
Hul het geëet - die spys nog in hul mond -
toe het Gods toorn teen hul ontvlam terstond.
'n Slagting! Uit hul laer het die blom
van Isr'els manskap smaadlik omgekom.
Tog het hul in hul sondes nog volhard,
in ongeloof aan God se mag verward.
78:12
So het die HEER hul dae weg laat slyt
in skrik en smart, in moeite=en nietigheid.
En as die dood hul tent oorval, dan vlug
hul soekend, sugtend na hul God terug,
gedagtig dat hul rotssteen, trou en vas,
die Allerhoogste, hulle redder was.
78:13
‘t Was vleiery. In sy verbond en leer
was hulle nie opreg voor God, hul HEER.
Nogtans was Hy oneindig van geduld,
barmhartig en 'n delger van die skuld.
Hoe dikwels wend Hy weer sy gramskap af
en wek nie al sy toorn tot strenge straf!
78:14
Hy het gedenk waarvan hul was gemaak;
hoe lig hul stof weer tot die aarde raak;
hoe gou dat hul net soos 'n wind verdwyn,
en, eenmaal weg, nie wederom verskyn.
Hoe wederstrewig was hul teen die HEER!
Hoe griewend was hul ondank keer op keer!
78:15
Hoe menigmaal moes in die woeste land
die heil'ge God in heil'ge toorn ontbrand!
‘t Was altyd weer: Gods ongemete mag
het hul gemeet na swakke mensekrag;
hul ‘t nie gedenk hoe in hul slawetyd

die blyk gesien is van sy Godd'likheid.
78:16
‘t Was wondertyd in Isr'els groot weleer!
Egiptes stroom het Hy in bloed verkeer.
Hy het die kwelgedierte=in donker uur
- kikvors en steekvlieg - in die land gestuur;
hul veldgewas, die spys van mens en vee,
het Hy aan ruspe=en sprinkaan oorgegee.
78:17
Hul wingerdstok het Hy deur hael laat sterf,
hul vyeboom deur koue laat verderf,
en oor hul vee het Hy die bliksemskig,
met haelbui, verwoestend aan laat lig.
'n Gloed van toorn en woede ‘t Hy gestuur
en onheilsbodes in benoudheids-uur
78:18
Hy ‘t vir sy grimmigheid 'n pad gebaan;
hul nie gered, deur pes hul laat vergaan;
en al die eerstelinge van hul krag
het Hy laat sterf in donker onheilsnag.
Maar Hy ‘t sy volk soos skape uit laat trek,
die see het gou hul vyand gans oordek.
78:19
Hy ‘t hul laat uittrek na 'n bergland skoon,
om in die tent van nasies in te woon;
die volke ‘t Hy verdryf deur hoë hand
en hul laat erf die wonderskone land.
Maar dit - en meer - voorheen so klaar geweet,
het nou sy volk, as ongeskied, vergeet.
78:20
Gelyk voorheen, was hul afvallig weer:
‘t was Godverlating en gemurmureer.
Die Godsverbond het hulle nie gehou,
en soos hul vaders was hul ook ontrou -
net soos 'n boog, wat tot verweer gehef,
bedrieglik swik en dan geen doel kan tref.
78:21
Hul het gebou die hoogtes van die land,
en ywervuur van God het toe ontbrand.
Die heil'ge plek waar Hy by hul wou woon,
het Hy verlaat; die ark van ouds sy troon,
sy sterkte, het in ballingskap gegaan,
sy heerlikheid wég uit hul land vandaan.
78:22
Hul het 'n prooi van vyandswaard geword,
die HEER se toorn is oor hul uitgestort.

Hul jongmanne ‘t die oorlogsvuur verteer,
hul maagde is deur bruidslied nie geëer.
Selfs priesterbloed verf deur die mantel heen,
en by hul graf - geen weduwees wat ween.
78:23
Soos een wat uit sy sluimer wakker raak,
en soos 'n held wat uit sy wyn ontwaak –
so het die HEER, tot kragdaad aangegord,
in tyd van nood sy volk 'n held geword.
Die vyand, ylings op die vlug geslaan,
het Hy 'n eewge smaadheid aangedaan.
78:24
Maar Josefs stam was nie sy woning meer;
dis Juda's stam wat opklim tot die eer,
en Sions berg waar Hy teen hemelblou,
sy heiligdom teen hemelhoogtes bou,
waar Hy omlaag, in rotsblok ingepas,
die grondslag lê, vir ewig diep en vas.
78:25
O goedheid Gods wat altyd dieper daal:
uit herderstent word Dawid weggehaal,
uit agterveld waar skape rustig wei,
om nou Gods volk as herder-vors te lei.
Hy ‘t hul gehoed in sy opregtigheid
en hul beskerm deur dapper krygsbeleid.

Psalm **79**

79:1
Die heid'ne het gekom, 'n woeste hoop,
U erfdeel, HEER, geweldig neergeloop,
U heiligdom se heiligheid geskend,
Jerusalem tot puinhoop omgewend.
79:2
Die lyke van u knegte lê verstrooi,
hul vlees aan al wat skeur en aas ten prooi.
Daar’s bloed soos water om die stad gestort;
en niemand wat daar meer begrawe word.
79:3
Vir al ons bure is ons nou 'n smaad,
'n spot en skimp van almal wat ons haat.
Hoe lank sal nog u toorngloed oor ons duur?
U ywer, HEER, nog oor ons brand soos vuur?
79:4
Stort uit u toorn op wie u Naam nie ag,
op konings wat U hoon in u gesag;
want hul het Jakobs erfland opgeteer,

sy woning is vir ons geen woning meer.
79:5
Gedenk die kwaad, deur ons gedaan, nie meer.
Ons euweldaad wil ons vergeef, o HEER!
En maak u volk wat nou, verswak, moet ly,
deur u gená weer van die skuldstraf vry.
79:6
Ons vra dit nie om ons verdienste, nee;
maar om u Naam die hoogste eer te gee;
en dat die vyand nooit met ons mag spot:
"Wie is die HEER? En waar is nou hul God?"
79:7
Laat ons, laat hul wat ons so swaar laat boet,
aanskou die wraak oor die vergote bloed.
Laat die gesug van wie in bande is,
tog voor U kom uit hul gevangenis.
79:8
Die kind des doods - wil U oor hom erbarm,
en red hom deur die grootheid van u arm.
Vergeld ons bure sewevoudig weer
die smaad waarmee hul U gesmaad het, HEER!
79:9
Dan sal u volk, u eie kudde weer,
wat U wou lei en deur u staf regeer -
dan sal ons sing tot in die nageslag
van u vermoë=en onverwinb're krag.

Psalm **80**

80:1
O Herder Isr'els, neem ter ore,
wat Josefs kroos, deur U verkore,
soos skape rustig wil laat wei,
of deur gevare heen wil lei;
U wat u troon op gérubs stig -
verskyn weer blinkend in u lig!
80:2
Wek op u mag voor Efraims oë,
toon Benjamin u alvermoë,
en wil Manasse red, o HEER!
O Herder, lei, herstel ons weer,
verkwik, verlos ons deur die lig
wat afstraal van u aangesig!
80:3
Hoe lank, o God der leërmagte,
verwerp U ons gebed en klagte?
Hoe lank verlaat U ons in nood?

U spysig ons met tranebrood,
en laat ons in ons jammerstaat
die trane drink uit volle maat.
80:4
U maak u volk in donker ure
'n skyf en mikpunt vir sy bure;
ons vyande bespot ons, HEER!
Sien op ons in ontferming neer;
verkwik, verlos ons deur die lig
wat afstraal van u aangesig.
80:5
U, HEER, het ons in vroeër dae
geken, en in u welbehae
'n wynstok uit Egipteland
gebring, en self hier ingeplant;
U het die nasies uitgeroei,
en in hul plek u volk laat groei.
80:6
Sy wortels sprei na alle kante,
sy ranke slaan wyd oor die rante.
Hy dek die hoë bergetop
en klim teen hoë seders op;
hy ‘t uitgeswaai van see en strand
tot by Eufraat se wonderland.
80:7
En nou, waar is sy pragverskyning?
Waarom verbreek U sy omheining?
Waarom gedenk U nie aan hom?
Die bosvark woel sy akker om;
'n ieder pluk en gaan verby,
en wilde diere kom daar wei.
80:8
Keer weer, o God der leërmagte!
Verhoor ons in ons jammerklagte.
Skou uit die hoë hemel neer,
besoek u wynstok soos weleer;
en laat u hand die seun bewaak
vir U gekweek en grootgemaak.
80:9
Hy staan verbrand op ope velde;
hy’s omgekap; van al u skelde
vergaan die volk deur U geplant.
Ag, laat u sterke regterhand
wees met die seun wat U, o HEER,
gekweek, gesterk het tot u eer.
80:10

O HERE, God der leërskare,
verlos u volk uit doodsgevare;
dan sal ons U weer dien en eer.
O Herder, lei, herstel ons weer,
verkwik, verlos ons deur die lig
wat afstraal van u aangesig.

Psalm **81**

81:1
Laat ons nou die HEER
wat sy volk verbly het
deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God,
wat weer feesgenot
vir sy volk berei het.
81:2
Laat die trommel hoor
by die toongemengel
van 'n jubelkoor!
Laat die harpenaar
klank van sagte snaar
deur dié blydskap strengel!
81:3
Laat basuine klink
as aan lae transe
nuwe maan weer blink!
Blaas hul nog 'n keer
as die Paasmaan weer
skyn met volle glanse.
81:4
Want dis die bevel
wat alom weerklink het
onder Israel;
dis die groot gebod
van 'n troue God
wat aan ons gedink het;
81:5
wat ons wou bevry
aan die Nyl se boorde
van die slawerny.
Maar as nou my oor
dieper luister, hoor
ek die vreemde woorde:
81:6
Ék was ‘t wat hul juk
eind'lik opgelig het

toe hul, hard gedruk,
hand en skouer vas
aan die draerslas,
slawediens verrig het.
81:7
Jul ‘t geroep, en my
antwoord was 'n wonder;
om jul uit te lei,
het uit onweerskuil,
waar die dreunings skuil,
my bevel gedonder.
81:8
Deur die dors gekwel
is hul, nooit tevrede,
op die proef gestel
in hul trou aan My,
wat hul uit wou lei
deur my wonderhede.
81:9
Neig, my volk, jul oor,
- dis wat Ek getuig het -
neig jul oor en hoor:
Ag, as Israel
maar op my bevel
voor my woord gebuig het!
81:10
Onder jul mag geen
afgodsbeeld verrys nie:
Ek is God alleen!
Jul mag god of heer
wat die nasies eer,
met geen lofstem prys nie.
81:11
Ek is God en HEER
wat die volk bevry het -
Ek en niemand meer!
Wat jul deur my hand
uit Egipteland
veilig uitgelei het.
81:12
Open julle mond,
eis van My vrymoedig
op my trouverbond:
al wat jul ontbreek,
skenk Ek as jul smeek
mild'lik en oorvloedig.

81:13
Maar my volk wou My
nie gewillig eer nie,
aan my diens gewy;
ver van My vandaan
het hul weggegaan
en My nie begeer nie.
81:14
Toe ‘t Ek hul laat gaan
op hul donker spore,
weg van My vandaan;
in hul hart verhard,
in hul sin verward,
in hul weg verlore.
81:15
Ag, as hul maar net
na my raad wou handel,
op my woord wou let!
As hul maar wou hoor,
in die veil'ge spoor
van my wet wou wandel!
81:16
Vyande sou dan
voor my mag gebuk het –
hul wat, saamgespan,
met 'n slaweband,
met 'n ysterhand
Israel verdruk het.
81:17
Godverlaters sou
veinsend Hom gevrees het
met 'n skynberou;
maar my volk se tyd
sou in ewigheid
vrede=en bloei gewees het.
81:18
Koring, vet en goed,
sou die lande=oorgroei het,
om hul mild te voed.
In die dorste streek
sou 'n heuningbeek
uit die krans gevloei het.

Psalm **82**

82:1

God daag in regsvergadering
maghebbers tot sy strafgeding:
"Hoe lank sal jul geen onreg vrees,
partydig vir die bose wees?...
Doen reg aan wie in druk,
verweesd terneer moet buk;
bied swakkes onderstand
en red hul uit die hand
van wie hul goddeloos beroof."
82:2
Van regdoen is daar geen verstand:
hul tas soos blindes na die wand.
Die aard' se grondves word onvas!
"Jul's gode, ja, my seuns," dit was
my woord. "Nogtans - jul sal
soos alle vorste val."
Staan op, o God, vaag weg!
Lui in die eeu van reg;
want alles is u eiendom.

Psalm **83**

83:1
O God, wees nie altoos
so stil en dadeloos
teenoor die onheilsmanne!
Hul steek met groot gerug
die hoof op in die lug
en dreig met onheilsplanne.
Teen ons smee hul verraad,
teen U, ons toeverlaat,
by wie ons, skuilgeboë,
teen storm en onweerswind,
'n skuil- en rusplek vind
uit krag van u vermoë.
83:2
"Die slagorde=opgestel!
Roei uit van Israel
die naam en die gedagte!
Versamel Edomiet,
Woestynstam, Moabiet
en Ismaels geslagte!
Gébal en Amalek
moet saam met Ammon trek."
By Filistynse magte

het nou, belus op buit,
ook Assur aangesluit -
die arm van Lots geslagte.
83:3
Wil hul verdelg, verban,
o God, soos Midian,
soos Jabin en sy helde:
hul is gestuit, gestort,
het slyk en mis geword
op Endors vrugb're velde.
Maak hulle soos weleer
die Midians-vorste, HEER,
die saamverbonde konings.
Hul wat nou sê: "Komaan,
laat ons Gods volk verslaan
en intrek in Gods wonings!"
83:4
Soos stoppels voor die wind,
verwilder hul geswind,
en jaag die vlugtelinge!
Storm op die bendes los
soos vlamme=in berg en bos
wat waai in wilde kringe!
Laat hulle voor U swig!
Oordek hul aangesig
met skaamte=en skrik en skande,
dat hul erken u mag
en buig voor u gesag
as Hoogste=oor alle lande.

Psalm **84**

84:1
Hoe lieflik is u wonings, HEER
der leërskare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange
om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan
met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid
tot U wat leef, verlangend uit.
84:2
Die mossie vind 'n huis, o HEER,
die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare,
waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak.

Gedugte HEER der leërskare,
welsalig wie in u paleis
U altyddeur mag loof en prys!
84:3
Welsalig is die mensekind
wat al sy sterkte=in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte.
Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein
waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reen hul daar oordek
wat hul tot nuwe lewe wek.
84:4
Hul sal van krag tot krag steeds gaan
totdat hul voet in Sion staan:
geeneen wat daar nie sal verskyn nie.
Let, HEER der leërskare, let
op my geroep, hoor my gebed,
en laat my nie in druk verkwyn nie.
Leen my 'n toegeneë oor;
o Jakobs God, gee my gehoor!
84:5
O God, ons skild, ons teëweer,
sien tog op u gesalfde neer,
skenk hulp en heil aan Sions koning!
Een dag is in u huis my meer
as duisend waar ek U ontbeer;
veel liewer is ek in u woning
'n drumpelwagter, as gewend
aan yd'le vreugde=in sondaarstent.
84:6
'n Son en skild is onse HEER;
Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontrou nie:
Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg,
die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou,
aan U geheel hom toevertrou.

Psalm **85**

85:1
U het, o HEER, u land weer guns bewys
en Jakobs saad uit knegskap op laat rys:
hul misdaad, wat u heil'ge toorn verwek,
was weg; hul sondes almal toegedek.

U het u gramskap eind'lik afgeweer;
die hitte van u toorn was daar nie meer.
O God van heil, besoek nou weer u land,
en laat u toorn nie meer teen ons ontbrand.
85:2
Sal dan u toorn ons altyddeur oordek -
die onweerswolk wat, grimmig uitgestrek,
ons lewenslig oordonker dag aan dag?
Sal dit nog rus op kind en nageslag?
Wek U nie meer in ons die lewensgees,
dat ons, u volk, in U verblyd kan wees?
Toon ons u goedertierenheid, o HEER,
en wek in ons verlossingsvreugde weer.
85:3
Ek sal nou wag en luister, want ek weet
dat God die HEER sy volk nie sal vergeet.
Hy sal, wanneer sy gunsgenote smeek,
hul roepstem hoor en weer van vrede spreek.
Maar laat sy volk dan nie onagsaam weer
die voetstap na die pad van dwaasheid keer;
Gods heil's naby - dat luisterryk en skoon
die heerlikheid weer in ons land kan woon.
85:4
Genade=en trou sal dan mekaar ontmoet;
die reg sal vrede met 'n kus begroet;
getrouheid spruit dan uit die aarde weer,
geregtigheid sien van die hemel neer.
Die goeie=ontvang ons dan weer uit Gods hand
as halme buig op vrugbare=akkerland.
Geregtigheid gaan voor Gods aangesig
en bloei omhoog waar Hy sy voetstap rig.

Psalm **86**

86:1
HEER, my God, ontferm U oor my,
luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood,
gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U's almagtig;
maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou,
waar 'k alleen op U vertrou.
86:2
Wie is tog, soos U, weldadig?
Wees my dan, o HEER, genadig,
want my roepstem en geklag

klim tot U die ganse dag.
Hoor my in my sielsverlange;
gee my vreugde=en vreugdesange;
want ek hef my hart en oog,
troue God, tot U omhoog.
86:3
HEER, u goedheid is die lewe;
U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood,
vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my,
luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek,
op die stem waarmee ek smeek.
86:4
'k Is gewoond in bange dae
my benoudheid U te klae:
U, o HEER, is dan naby,
U verhoor en antwoord my.
By die gode, hoog in ere,
is daar niemand soos die HERE;
en geen aardse werk hou stand
by die werke van sy hand.
86:5
Al die volke=in heidenlande -
eie maaksel van u hande -
sal hul neerbuig voor U, HEER,
en u Naam aanbiddend eer.
Want u grootheid ken geen perke;
U alleen doen wonderwerke:
daar’s geen God naas U, geeneen,
U is God, ja, U alleen!
86:6
Leer my na u wil te handel,
'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam
tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe,
nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys -
'k sal u Naam vir ewig prys.
86:7
'k Is behoeftig en ellendig,
maar u guns, oor my onendig,
het my siel - omlaag gedruk -
uit die dieptes uitgeruk.

O my God, 'n hele skare
trotsaards en geweldenare
soek my siel en span die boog -
daar’s geen Godsvrees voor hul oog.
86:8
Maar barmhartig en lankmoedig,
groot van goedheid en oorvloedig
in genade,=en altoos trou
is die HEER wat my behou.
Wend U tot my in ontferming,
red my, toon my u beskerming!
Hoor my, HEER, 'n seun is dit
van u diensmaagd wat hier bid.
86:9
Doen 'n teken my ten goede,
dat my haters in hul woede,
kan aanskou hoe U my red
en my troos op my gebed.

Psalm **87**

87:1
Hoe grondvas staan Jerusalem se walle,
Gods eewge bergwerk wat nie skok of skud!
Bo al die Jakobswonings, huis of hut,
het God aan Sions poorte='n welgevalle.
87:2
O koninklike stad, maak wyd jou woning:
God self wil jou laat groei op grootser wys,
en wat ek hoor, is lof, jou naam tot prys;
die vyand selfs kom nou met eerbetoning.
87:3
Egipte, Babel, Filistyn en More,
ook Tirus ken my Naam as hoogste skat.
Hul almal noem jou nou die moederstad.
Ek sien hul: Dié en dié is daar gebore!
87:4
Hul almal, nou tot nuwe heil verkore,
sal kom, selfs uit die allerverste land.
Hul sien God hou die moederstad in stand
en jubel: Dié en dié is daar gebore!
87:5
Die HEER self skryf hul op, die duisendtalle,
een-een, gebore uit die volkeskaar;
en singend, juigend klink die lofstem daar:
Ons heilsfontein stroom neer uit Sions walle!

Psalm **88**

88:1
Ek roep tot U, o God,
op wie my hoop bly staan,
‘tsy dat die blye son oor my
of op- of ondergaan.
88:2
As ek my bede bid,
en ‘t opklim in u oor -
ag, sluit dan nie u hart vir my,
maar wil my smeking hoor!
88:3
My siel is sat en siek,
só klaag en kerm ek nou;
dit is of ek hier voor my oog
die dood alreeds aanskou.
88:4
Ek word getel by dié
wat in die graf verdwyn.
Ek voel my nietig, sonder krag,
en hoe 'k in onmag kwyn.
88:5
'n Swaard-deurboorde=is ek,
deur U welhaas vergeet;
'n dooie in die graf alleen,
waar niemand meer van weet;
88:6
'n dooie=in wie daar nou
geen lewenshoop meer is,
wat in die see verdronke lê
in diepe duisternis.
88:7
U grimmigheid rus swaar
op my ellende, HEER!
U golwe staan op, ry aan ry,
en druk my dieper neer.
88:8
My vriende, hulle wat
my vriende was weleer,
hul vlug uit afsku weg van my
en is geen vriende meer.
88:9
Soos 'n gevangene,
so is ek ingesluit;
my oog versmag in my ellend';
ek kom daar nie weer uit.

88:10
Maar nou, o HEER, my God,
verhef ek in geklag
smekend my hande na omhoog
en roep die ganse dag.
88:11
Kan U die mens weer wek
wat al vergaan tot stof?
Of kan 'n skim voor U verrys
en psalmsing tot u lof?
88:12
Sal hulle in die graf
u goedheid kan vereer? -
u trou daar in die donker plek,
waar die verderf verteer?
88:13
Word ooit u wondermag
bekend in duisternis?
Word u geregtigheid herdenk,
waar geen gedagte is?
88:14
Maar ek, o HEER, ek roep,
ek swyg nie met hul mee;
en in die vroeë môre kom
my smeekstem U al tee.
88:15
Waarom dan, HEER, verstoot
U sonder medely?
Waarom verberg U langer dan
u aangesig vir my?
88:16
Vanaf my vroegste jeug
is ek verdruk gewees;
en altyd het ek ramp verduur,
óf altyd ramp gevrees.
88:17
U toorn verskrik my, HEER,
en raadloos sien ek hoe
dit soos 'n vloed van waters kom
al nader na my toe.
88:18
Die waters rol om my,
ombruis my al geheel,
omsingel my in hoë vloed
en reik tot aan my keel.
88:19

U ‘t vriend en metgesel
verwyder ver van my;
bekendes - hul is almal weg,
en duisternis - naby!

Psalm **89**

89:1
Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing,
en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het,
so rys die eewge guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie,
so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
89:2
Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek,
met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie,
niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig,
jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.
89:3
Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag;
die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie;
geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.
U' s groteliks gedug en eind'loos in vermoë,
u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.
89:4
U tem die woeste see, dit luister na u wil;
hoe hoog die storm mag gaan, U wink en dit is stil!
Ook Rahab is verslaan; net waar u arm geswaai het,
lê vyande verstrooi, soos kaf wat weggewaai het.
Die aarde=en hemel, HEER, die volheid wat daarin is,
is uwe, daar U self hul oorsprong en begin is.
89:5
Die noorde ‘t U geskep, die suide daarmee saam;
hier jubel Tabor, daar juig Hermon in u Naam.
U het 'n arm met mag; u hand het groot vermoë,
u regterhand is hoog, u troon bly onbewoë:
geregtigheid, die skraag u troon aan alle kante,
en guns en waarheid is u troue troongesante.
89:6
Hoe salig is die volk wat luister na u woord,
hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is,
die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;

hul prys u grote krag wat alle krag oortref het,
en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.
89:7
U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag,
wat hul beklee met sterkte=en onverwinb're mag.
Uit vrye guns alleen, uit eewge mededoë,
hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.
Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe;
en onse Koning is deur Isr'els God gegewe.
89:8
U het voorheen, o HEER, u goddelike lig
laat uitstraal voor ons heen in sieners-vérgesig;
U ‘t van 'n saak gemeld in donker nog verlore:
My hulp verleen Ek aan 'n held deur My verkore,
aan Dawid, aan my kneg, met kosb're salf oorgote,
wat Ek verhoog het uit sy stam- en ryksgenote.
89:9
My hand sal hom bewaak, bestendig dag en nag;
my arm sal hom in nood versterk met moed en krag.
Val hom die vyand aan, dit sal hul nie geluk nie;
die man van onreg sal hom nooit kan onderdruk nie;
wie hom beangstig, of dit ooit teen hom wil wae,
dié sal my hand besoek met strafgerig en plae.
89:10
My goedertierenheid, hom altyd trou naby,
sal in die donker nag sy helder leidstér bly.
My Naam sal vir hom wees 'n altyd sterke toring,
en in my krag swaai hy die hooggehewe horing.
Ek sal sy hand laat heers oor lande wydgeleë,
sy regterhand laat rus op stroomgebied en seë
89:11
Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou,
my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore,
wat Ek tot koning van die konings het verkore.
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig,
my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.
89:12
Ek sal sy nageslag en troon nooit laat vergaan,
sy heerskappy laat duur so lank die hemel staan.
Maar wil sy kinders nie my wette onderhou nie,
bly hul aan my bevel en regte nie getrou nie,
maar dwaal hul verder af in hul onheil'ge weë -
Dan kom my tugtiging op sondaarspad hul teë.
89:13
Dan sal Ek oor hul kwaad my strenge roede hef;

my hand sal nie verskoon, maar streng hul boosheid tref.
Nogtans sal Ek van hom my goedheid nimmer wend nie,
nóg wankel in my trou, of ooit my waarheid skend nie.
Ek wil nie afgaan van my heilige verbond nie,
nóg ooit herroep die woord wat uitgaan uit my mond nie.
89:14
'k Het by my heiligheid aan Dawid trou gesweer,
beloftewoord wat Ek bevestig altyd weer;
sy nageslag en troon sal voor My wees onendig,
net soos die son se lig so glansryk en bestendig;
net soos die maan so vas. En bo die hemelboë
staan die Getuie, in getrouheid onbewoë.
89:15
En nou?... U het verstoot, U het in toorn verag
hom wat gesalf was, in sy late nageslag!
Het U u kneg vergeet, dink U aan u verbond nie?
Lê nie sy koningskroon ontheilig teen die grond nie?
U gooi sy mure om en breek sy vestingwalle,
al wie verbygaan, roof en spot na welgevalle.
89:16
Sy teëstander, HEER, het U bo hom verhef,
sy vyand bly gemaak, sy swaard kan nie meer tref;
sy heldehart is weg, geen krag meer in sy hand nie,
sy glanse het verbleek, sy troon hou nie meer stand nie;
sy jeug het U verkort deur smaad wat hom oordek het.
Hoe lank nog?... HEER, hoe brand die vlam wat U gewek het!
89:17
Gedenk, o HEER, hoe swak ek is: hoe kort van duur,
hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur.
Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie?
Geeneen wat teen dié mag sy lewe kan behou nie.
Skenk ons u guns, o HEER; help ons in donker stonde
na u beloftenis, aan Dawids huis verbonde.
89:18
Gedenk, o HEER, die smaad waarmee hul ons oorstort,
hoedat ons siel deur volk op volk gepynig word.
Gedenk hoe skande=en skimp die voetstap begelei het
van hom wat U gesalf, as vors Uself gewy het.
Nogtans, o HEER, u trou die volg U in u gange -
geloofd sy dus u Naam, en "Amen" sê my sange!

Psalm **90**

90:1
U was, o HEER, vanaf die vroegste jare
vir ons 'n vlug- en skuilplek in gevare.
Voordat die rotsgebergtes was gebore,

die aarde=uit niks geroep was, lank tevore -
is U, o HEER, dieselfde God van mag,
onwankelbaar in wese en in krag.
90:2
Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe?
Wat hét die mens, al is hom veel gegewe?
U knak die steel van sy geswinde jare,
en hy gaan heen net soos die najaarsblare.
Want in u oog is duisend jare, HEER,
'n enk'le dag, 'n nagwaak en niks meer.
90:3
Wat is die mens as U hom soos met strome
so snel oorgolf? Sy lewe=is slaap en drome!
Die môre staan hy nog omhooggehewe
soos gras wat spruit in eerste jonkheidslewe.
Maar sawens al, dan word hy afgesny,
dan droog hy weg, en dis met hom verby.
90:4
U toorn verslyt ons in ons aardse swerwe,
deur skrik vir gramskap bly ons lewe - sterwe.
Ons sondes, ook uit dae lank vervloë,
ons misdaad, nog bedek voor mense-oë,
staan naak en klaar, o God, voor u gesig,
wat die geheim ontsluier met u lig.
90:5
So gaan u gramskap met ons deur die lewe -
die skaduwee wat swart oor ons bly swewe;
ons lewe,='n som van droewe dae=en nagte,
ons jare bring ons deur soos 'n gedagte.
Die sterkste klim ten hoogste tot die top
van sewentig of tagtig jare op.
90:6
En ag, wat is dit as dit klaar gebloei het?
Die yd'le pronk van wat ons net vermoei het!
Hul gaan so gou verby, ons lewensdae,
net soos 'n wolk gedryf deur onweersvlae.
Wie ken u toorn in al sy woede=en krag,
wie ken u gramskap met 'n regte=ontsag?
90:7
Maar wie kan leef met enkel voort te klae?...
Leer ons dan só te tel ons lewensdae
dat wysheid ons kan voortlei in ons gange,
ons hart kan vul met dankb're lofgesange.
Hoe lank, o HEER?... Ons dae gaan verby!
Keer tot ons weer, betoon ons medely!
90:8

En as die leed van jare uitgely is,
verkwik ons vroeg, wanneer die nag verby is;
ag, skenk ons, HEER, dié blyk van welbehae,
verbly ons na die smart van al ons dae
en na die swaarte van die sware proef,
waarmee U ons wou tugtig en bedroef.
90:9
Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie!
Laat van ons kroos u heerlikheid nie wyk nie!
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede!
En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:
Bevestig by die onguns van die tyd,
bevestig tog ons werk in ewigheid.

Psalm **91**

91:1
Wie toevlug neem in veil'ge hut
en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut
deur God se alvermoë.
O HEER, my Rots, op wie ek bou,
by U is ‘t my die beste;
my toevlug waar ek stil vertrou,
in nood my veil'ge veste.
91:2
Daar’s nette, waar jou voet ook gaan,
soos van die voëlvanger;
uit donker plekke waai jou aan
'n stroom van pesdamp swanger.
Maar eewge vleuels sweef oor jou,
geruis van reusevlerke;
rondom jou is Gods eewge trou,
die harnas van die Sterke.
91:3
Geen vrees, wanneer by donker nag
die skrik 'n mens laat bewe;
geen vrees, wanneer die pyl oordag
geswind kom aangeswewe.
Geen vrees, wanneer die dood sy prooi
verslaan in middagstonde,
of as die pes sy gifkiem strooi
by nagtelike ronde.
91:4
Al val daar duisend deur die pes,
die nagtelike swerwer,
al val tienduisende gekwes,

verslaan deur die verderwer -
jy staan daar onbeskadig, pal;
net maar dat jy gesien het
hoedat die goddelose val,
die loon wat hul verdien het.
91:5
Wie toevlug neem in veil'ge hut
en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut
deur God se alvermoë.
In onheilsnag sal geen geweld
jou pad onveilig maak nie,
jou reistent, eensaam in die veld,
geen kwaad of plaag genaak nie.
91:6
Rondom jou ruis die eng'levoet
met liggewiekte treë,
hul kom die wand'laar tegemoet
en lei hom op sy weë.
Hul bied op Gods bevel hom aan
die hulp van will'ge hande,
en dra hom, waar die reispad gaan
oor ruwe rotserande.
91:7
Hoog sal jy oor die leeukop stap,
vertree dié roofbespringer;
jy sal op slang en adder trap
wat sluipend om jou slinger.
"Hy het my lief, hom maak Ek vry
wat dierbaar in my oog is;
Ek waak oor hom, want hy bely
my Naam wat sterk en hoog is.
91:8
"Hy roep, en Ek beskerm hom daar,
totdat die nood verby is;
Ek lei hom na die hoogtes waar
'n eerkrans hom berei is.
Die menseleeftyd, vlug en kort,
verleng Ek uit genade,
sodat hy blye=aanskouer word
van al my reddingsdade."

Psalm **92**

92:1
Wie sou die HEER nie prys nie,
as weer met nuwe gloed

'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie
in stille môrewagte,
as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing
ln loflied in die nagte?
92:2
Wie sou dié troue HEER nie -
Hom wat sy gunste=ons bied -
met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie?
Hy maak weer los my bande,
Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy dade bly,
die werke van sy hande.
92:3
Hoe groot is, HEER, u werke,
hoe diep gaan u beleid!
Hoe reik u moëndheid
oor alle aardse perke!
Maar dwase sit gevange
en in hul waansin vas;
hul weet nie dat hul ras
sal struikel in hul gange.
92:4
Hul groei in pragverskyning
soos plante, groen en fris,
terwyl hul einde is
verdelging en verdwyning.
Maar U is hoog verhewe:
u vyand, HEER, moet val;
geen onregwerker sal
ooit strafloos voor U lewe.
92:5
Van blydskap opgetoë
en deur u krag gedug,
swaai ek weer in die lug
die horing van vermoë.
U, HEER, laat op my druppel
u salf en laat my nou
die val van húl aanskou
wat oor mý val wou huppel.
92:6
'n Palmboom hoog en rustig,
'n seder sterk en skoon
met breë blarekroon -

só groei Gods volk, so lustig.
Hul groei deur Gods genade:
hul bloei daar hoog en fris,
waar God se voorhof is,
in skone lofgewade.
92:7
Hul groei in balsemlugte;
selfs in hul ouderdom
sal daar geen mind'ring kom
van bloei en eedle vrugte.
Hul lof sal nie verstom nie:
Die HEER is reg! en Hy,
Hy is 'n rots vir my!
Geen onreg is in Hom nie.

Psalm **93**

93:1
Die HEER regeer. Die kleed van heerlikheid
wat Hom omstraal, is enkel majesteit.
En deur sy krag, wat enkel triomfeer,
hou alles stand, dit wankel nimmermeer.
93:2
U troon, o HEER, het ewig vasgestaan.
U is die HEER van ewigheid af aan.
Rivier en meer het woedend opgebruis,
hul hoog gehef, geklots met groot gedruis.
93:3
Maar oor hul, in die hoogte, sit die HEER,
geweldiger as vloed van storm en meer,
geweldiger as golwe van die see
as Hy van bo sy stormbevele gee.
93:4
Al u getuig'nis, HEER, is gans getrou,
beloftewoord sal U vir altyd hou.
U tempel sal, wat ook om ons vergaan,
net soos u trou, onskendbaar bly bestaan.

Psalm **94**

94:1
Verskyn weer aan die onweerstranse,
o God van wraak, in skitterglanse!
Vertoon u stralende=aangesig,
o Regter, wat die wêreld rig!
Staan op, verhef U en vergeld
die trotsaards nou hul trots geweld!

94:2
Hoe lank, o HEER, sal nog die bose
hier triomfeer... die goddelose
by al ons jammer en gesug
hul jubels uitstoot in die lug?
En giftig, by hul seëpraal,
ons uitspot met hul lastertaal?
94:3
Hoe lank het hul ons nie laat buk nie?
Hoe ons, u erfdeel, nie verdruk nie?
Die weduwee van hulp ontbloot,
word met die vreemdeling gedood;
verdrukte wees word nie verhoor,
maar onder skyn van reg vermoor.
94:4
Hul roem uit krag van hul vermoë:
"Die HEER slaan op ons daad geen oë!
Wie sal ons planne uitvind? Wie?
Die God van Jakob sien dit nie."
Hoe lank, o sondaars, bly jul doof?
O dwase, van verstand beroof?
94:5
Sou Hy, die Skepper van die oor, nie,
sou Hy, die HEER, dit nie kan hoor nie?
Sou Hy ontbloot wees van gesig,
die Maker van die oëlig?
Wat volke straf, en kennis leer
aan hom wat waarheidslig ontbeer?
94:6
Maar, mens, die HEER ken u gedagte -
van nietigheid is niks te wagte!
Gelukkig dan die man, o HEER,
wat uit u wet sy wysheid leer,
en weet hoe Gods geregtigheid
gehandhaaf word in nood en stryd.
94:7
In stil vertroue=is hy geduldig;
hy sal in lyde menigvuldig,
die roede wat hom tugtig, kus;
en onderwerping gee hom rus -
totdat die kuil gegrawe word,
waarin die sondaar neer sal stort.
94:8
Die HEER sal in ons donker lewe
sy volk en erfdeel nooit begewe.
Die regspraak keer, vol majesteit,

terug weer tot geregtigheid.
En wie opreg is van gemoed -
hy volg die regspraak op die voet.
94:9
Wie sal my bystaan as die bose
my aanval? En die goddelose
van alle kante my verras?
As nie die HEER my bystand was,
dan was my lewe gou verkort,
en ek diep in die graf gestort.
94:10
As ek moet roep in donker stonde:
"My voet gly uit, ek gaan te gronde!"
dan ondersteun u goedheid my.
In my gepeins is U naby;
as duisend sorge my verskrik,
het u vertroosting my verkwik.
94:11
Kan by U staan, gestrenge Rigter,
die setel van die onheilstigter
wat, teen u heil'ge wette in,
net moeite=en onreg wil versin?
Op ons, onskuldig, storm hul af
en lê op ons die swaarste straf.
94:12
Maar God die HEER is hoog en heilig;
by Hom, my vesting, is ek veilig,
my steenrots en my toeverlaat.
Hy stort die sondaar in die kwaad,
en delg, as Hy hul aanval stuit,
die sondaar met die sonde uit.

Psalm **95**

95:1
Kom, laat ons jubel voor die HEER,
laat ons Hom toesing lof en eer -
die rots van heil wat ons oordek het.
Laat ons met lof en eerbiedsgroet
sy vriend'like=aangesig ontmoet
wat nuwe vreugde=in ons gewek het.
95:2
Bo al die gode=en godeprag
troon God as Koning; sy gesag
is groot en ken geen grense=of lyne.
Die aard' se diepste binnekant
is in die holte van sy hand;

die hoë berg daarbo is syne.
95:3
Die woeste see het Hy gemaak,
die rotse wat ons kus bewaak
en wydgeleë wêreldlande.
Kom, laat ons voor sy voete=aanbid:
sy grootste skeppingsdaad is dit,
en ons die maaksel van sy hande.
95:4
Hy's onse God en Herder, Hy,
en ons die skape in die wei
wat uittrek onder sy beskerming.
As jul vandag sy roepstem hoor,
verhard jul nie, maar neig jul oor,
merk op die roep van sy ontferming.
95:5
Verhard jul hart nie, soos weleer
jul vaders wat - hoe dikwels weer! -
nie op my wondermag vertrou het.
Hul het My, deur die dors gekwel,
versoek, My op die proef gestel,
hoewel hul al my werk aanskou het.
95:6
Ek het verdriet van hul gehad
wat aldeur weg wou van my pad,
en deur 'n dwaalsiek hart verlei is.
Daarom het Ek in toorn gesweer:
Dié rusplek erf hul nimmermeer
wat vir 'n trouer volk berei is.

Psalm **96**

96:1
Sing vir die HEER 'n nuwe lied!
Die aard' se verste perke
moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied;
moet uitroep en verwag
sy heil van dag tot dag.
96:2
Verkondig nou sy roem en eer
by al die nasies, onder
die volke: sterkte=en wonder;
want groot, lofwaardig is die HEER.
Vreeslik in heerskappy
bo al die gode=is Hy.
96:3

Die gode wat die volke=aanbid,
is nietig en onmagtig.
Die HERE=is skeppingskragtig:
die hemel daar - sy werk is dit!
Voor Hom is majesteit
en heersersheerlikheid.
96:4
By Hom is sterkte=en sieraad; daar
is mag- en pragvertoning,
waar God sit in sy woning.
Gee dan, geslagte=en volkeskaar,
gee prys en sterkte=en eer
aan onse God en HEER.
96:5
Gee aan sy Naam die hoogste eer.
Bring aan uit alle lande
sy tempelofferande;
buig daar in heil'ge kleding neer!
Die aarde - al wat leef,
moet voor Hom skrik en beef.
96:6
Verkondig nou van mond tot mond:
oor al wat is, regeer Hy,
oor onreg triomfeer Hy -
dus is die wêreld vas gegrond.
Die volkestryd beslis
Hy wat regverdig is.
96:7
Laat nou die aarde juig van vreug!
Laat juig die hoë hemel,
die see met wat daar wemel!
Laat al die velde hul verheug!
Dan breek én boom én bos
in wilde jubels los.
96:8
Laat aarde=en hemel juig voor Hom!
Want Hy, die Wêreldregter,
die strenge Saakbeslegter,
groot in geregtigheid, Hy kom!
Hy kom, waar en getrou,
sy strafgerigte hou.

Psalm **97**

97:1
God heers as hoogste HEER;
die aarde moet Hom eer,

en juig, saam met die strande
van afgeleë lande.
Daar’s wolkedonkerheid
rondom sy majesteit;
sy rykstroon is gestig
op oordeel en gerig
en op geregtigheid.
97:2
'n Vlam van vuurgerig
wat voor sy aangesig
ontbrand aan alle sye,
verteer sy teenpartye.
Sy skerpe bliksemspeer
skiet op die aarde neer
en straal na alle kant;
die aardryk sien dié brand
en sidder vir die weer.
97:3
Wanneer die onweersvuur
wat God het uitgestuur,
daarheen storm, smelt die trotse
gebergtes met hul rotse.
'n Ganse hemelveld,
van skok en skrik ontsteld,
het Gods geregtigheid,
sy eer en majesteit
aan alle volk gemeld.
97:4
Beskaamd word alle siel
wat voor die beelde kniel,
met lofwoord en gebede
gerig tot nietighede.
Hoog bo hul sit die HEER;
Hy’s God, en niemand meer!
Hul buig hul, diep en stom,
die ganse godedom,
voor God se grootheid neer.
97:5
Maar Sions burg die hoor,
met Juda's dogterkoor,
en jubel van verblyding,
wanneer dié oordeelstyding
oor Juda's berge kom.
Dan swyg die vyand stom,
want God, die hoogste HEER,
Hy sit en - triomfeer

oor lae godedom.
97:6
Beminnaars van die HEER,
haat wat sy Naam onteer,
en wandel in sy weë.
Hy is sy volk geneë
en sal in doodsgevaar
sy gunsgenoot bewaar;
Hy red hom van die hand
wat dreig van alle kant,
van die geweldenaar.
97:7
Gods vriend'like=aangesig
straal vrolikheid en lig
deur duisternis en smarte
vir alle=opregte harte.
Regverdiges, wees bly!
En sing 'n lied daarby!
Verheug u in die HEER!
Lofsing sy Naam tot eer,
Hy's hoog en heilig, Hy!

Psalm **98**

98:1
Sing nuwe lof aan God die HERE,
die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte=en ere,
sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë
die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë
soos sonnestrale=oor berg en veld.
98:2
Hy het gedink aan sy genade,
sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldeindes gade
nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme,
o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme:
dit is Gods heil wat ons verheug.
98:3
Laat by die psalm, in vreug gebore,
jul harp en stem Hom loof en dank;
laat opklink deur jul tempelkore
trompette en basuingeklank!

Laat vreug die HEER se huis deurbewe,
want groot is Isr'els Vors en HEER;
die see en alles wat daar lewe,
die ganse wêreld moet Hom eer!
98:4
Laat al die strome nou die hande
in jubel saamklap van omlaag;
laat die gebergtes langs hul wande
die juigtoon altyd verder draag!
Hy kom, die Regter van die volke,
omstraal deur reg en majesteit;
Hy span sy vierskaar in die wolke
en oordeel in regmatigheid.

Psalm **99**

99:1
God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer,
eer die God wat troon, / waar die gérubs woon;
wat in Israel / sy gerig bestel.
Aarde=en al wat lewe / laat dit voor Hom bewe!
99:2
God wat help in nood, / is in Sion groot;
al die volkemag / niks by Hom geag!
Hoog gedug's sy Naam. / Laat hul almal saam
lofsing tot sy ere! / Heilig is die HERE!
99:3
Loof Gods mag: Hy's reg / in sy oordeelsweg;
volke 't Hy gestraf, / Isr'el reg verskaf.
Loof, verhef die HEER, / werp jul voor Hom neer;
en laat al wat lewe / voor dié Regter bewe!
99:4
Bidders het gepleit / in die worstelstryd;
daar het lig gekom / uit die wolkkolom,
dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou:
heil'ge lewensorde / hul van God geworde.
99:5
By U, HERE, is / daar vergiffenis,
ook al het u trou / nie hul straf weerhou.
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer!
Bring Hom roem en ere - / heilig is die HERE!

Psalm **100**

100:1
Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydskap, gee Hom eer;

kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig!
100:2
Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees.
100:3
Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam.
100:4
Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag.

Psalm **101**

101:1
'k Wil in my lied van reg én goedheid sing
en U daarvoor my hoogste hulde bring.
Opregtheid sal ek, HEER, bo alles ag,
en U verwag.
101:2
My wandel, waar ek in my huis verkeer,
was in opregtheid, om U reg te eer;
my strewe altyd hoog, bedagsaam, reg,
van laagheid wég.
101:3
Verkeerde hart, bly ver van my vandaan!
Ek roei hul uit wat slimme gange gaan
van lasterpraat. Die trots van hart en oog
sal 'k nooit gedoog.
101:4
My oog sal wees op wie opreg en trou
die regte spoor van Gods bevel wil hou;
hy is my vriend en dienaar wat wil gaan
my agteraan.
101:5
Hy wat die pad van lis en leuens gaan,
sal voor my oog en ywer nie bestaan:
my huis sal vir die waarheid allermees
'n vesting wees.
101:6
My ywer sal met 'n gestrenge hand

die bose daagliks uitdelg uit die land,
sodat die Godstad welbewaak en vry
van onreg bly.

Psalm **102**

102:1
HEER, u goedheid is onendig;
hoor my as ek diep ellendig,
as ek in my krag verkort,
klag voor U soos water stort.
Hoor die hulproep van 'n lyer,
wil u aanskyn hom nie weier;
hoor in nood, en hoor my nou,
help my, HEER, ag, help my gou!
102:2
Net soos rook in stormevlae,
so verdwyn my droewe dae;
my gebeente=is dor geskroei,
soos 'n vuurherd so deurgloei.
En soos plante=in sonnelande,
welk ek by u sonnebrande;
in ellende= ‘t ek vergeet,
soos 'n kranke,=om brood te eet.
102:3
Al my krag wil my begewe;
vlees voel 'k aan my beend're klewe
weens my benoude sug.
Eensaam voel ek, weggevlug
in woestyne soos die reier -
beeld van die verlate lyer;
soos 'n uil oor bouval heen
sit en tuur, so’s ek alleen.
102:4
Eensaam klaag ek deur die nagte,
soos 'n duif, my dowwe klagte.
Heeldag smaad die vyand my,
hoor ek in hul raserny
hoe my naam, in my besoeking,
vloekwoord is by hul vervloeking.
As moet ek soos spyse eet,
tranedrank drink in my leed.
102:5
HEER, waar U my hoog laat word het,
maar in toorn my neergestort het,
is ek soos 'n plant wat kwyn,
en my dae - skaduskyn.

Maar U, HEER, U is onendig,
u gedagt'nis bly bestendig;
mensgeslagte gaan verby,
maar u roem sal ewig bly.
102:6
U sal opstaan tot beskerming,
Sion vind by U ontferming;
tyd van smart is eind'lik om,
dag van guns ‘t oplaas gekom.
En u knegte, in hul smarte,
dink met liefde in hul harte
aan die stad wat sonder lof
nog vergruis lê in die stof.
102:7
Volke=en wie hier hoog in waarde
kroon en septer dra op aarde,
sal, wanneer God Sion bou,
vrees as hul sy mag aanskou;
daar Hy Hom, in hul ellende,
tot die armes heen wou wende
en nie hul versoek of klag
as onwaardig wou verag.
102:8
Watter skatte van genade
sal beskryf word op die blade
wat die nageslag sal lees!
Hul sal lofsing op hul fees;
want God het uit mededoë
op gevang'nes, neergeboë,
en op hul gekerm gelet,
"kinders van die dood" gered.
102:9
Dan sing hul Gods magvermoë
weer in Sion, opgetoë;
dan weerklink die vreugdestem
uit jou muur, Jerusalem! -
as die volke, saam vergader,
oor die aardbreedte=aan kom nader,
as die konings hulle buig
en Hom hul ontsag betuig.
102:10
Dis die beeld, vol soet behae,
van die ongebore dae.
Maar nóú?... Hoe ‘t ek ingestort!
Hoe’s my lewenstyd verkort!
Toe sê ek, by soveel plae:

HEER, verkort tog nie my dae!
Ag, hoe kort is reeds my uur!
Maar u jare= ‘t eewge duur.
102:11
HEER, die aarde=en hemelboë
is die werk van u vermoë.
Hul is saam, in hul verband,
kunswerk van u wyse hand.
Maar hul almal moet verderwe,
U alleen, U sal nie sterwe;
soos 'n kleed sal hul verslyt,
maar U bly in ewigheid.
102:12
HEER, in plaas van droef te klae
sien ons ongemete dae,
wanneer eind'lik kroos en kind
lewensvolheid by U vind.

Psalm **103**

103:1
Loof, o my siel, en alles wat in my is,
loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys!
Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede,
vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
103:2
Loof Hom wat jou, van skuldelas onthewe,
genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees;
wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het,
en in die nood is Hy jou hulp gewees.
103:3
Loof Hom wat met die goeie jou versadig,
jou lewenskrag van nuuts af begenadig,
sodat jou jeug is soos die arendsjeug.
Die HEER doen reg - Hy is die hoogste rigter -,
vergeld die kwaad en straf die onregstigter,
maar aan verdruktes skenk Hy ruimte=en vreug.
103:4
Waar dorheid woon, in velde vergeleë,
het Moses klaar aanskou Gods wonderweë,
en Israel sy diepe bondsbeleid -
hoedat die HEER barmhartig en genadig,
lankmoedig is en altyd weer weldadig.

Die HEER is groot van goedertierenheid.
103:5
Hy sal nie altoos twis teen ons ontrou nie
of ewiglik die toorn teen ons behou nie,
want wie kan dra Gods eewge gramskap - wie?
Hy sal met ons nie na ons sondes handel,
ons nie vergeld die boosheid van ons wandel;
Hy straf ons, maar na al ons sondes nie.
103:6
Soos hoog bo ons verrys die hemelboë,
so sal sy guns, uit eewge mededoë
geweldig hoog bo al sy kinders staan.
En soos die oosterkim se helder glanse
ver weg is van die kwynende=awendtranse,
so ver het Hy ons sondes weggedaan.
103:7
Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë,
sy kind aanskou met teerder mededoë
as Isr'els HEER dié wat Hom eer en vrees.
Hy wat wat van sy maaksel is te wagte,
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte,
en dat ons stof van jongs af is gewees.
103:8
Die mens - soos gras is al sy lewensdae,
'n blom wat ons aanskou met welbehae,
maar wat kortstondig is en baie teer.
Sodra die rukwind oor die veld gekom het,
dan knak die steel wat lustig daar geblom het:
dis weg - sy staanplek ken hom selfs nie meer.
103:9
Maar Gods genade=en goedheid is onendig
oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag
wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie,
maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.
103:10
God het sy stoel gebou bo lug en wolke,
van waar Hy heers as Koning van die volke,
as HEER van alles op die wêreldrond.
Loof, loof die HEER, o al sy leërmagte,
o eng'le, wat met will'ge heldekragte
die woord volbring wat uitgaan uit sy mond!
103:11
Verhef die HEER, o al sy leërmagte,
sy dienaars wat Hom dien as troue wagte!

Laat hemel, aarde=en see en berg en dal,
wáár ook sy septer swaai - laat alle dinge
sy lof verhef in altyd wyer kringe!
En jy, my siel, loof jy Hom bowenal.

Psalm **104**

104:1
Waak op, my siel, en loof die HEER!
My God, U is uitnemend seer
verhewe in u majesteit,
U is bekleed met heerlikheid:
104:2
u mantel is van sonneglans,
u troongewelf die bloue trans;
die solderwerk van u paleis
is in die wolke, hooggehys.
104:3
Daar sweef U op die wolkwa aan,
of wandel op die wind, u baan!
U bode is die windgeluid;
as dienaars vlieg u blitse uit.
104:4
Die aarde ‘t Hy deur sy bevel
op fondamente vasgestel.
Die waters in hul stormgewoel,
oor hoogste berge heengespoel,
104:5
het U, soos in 'n vegtersvlaag,
deur donder voor U heen gejaag,
- die dal laat sak, die berg laat rys -
u vinger ‘t hul die plek gewys.
104:6
Ook vir die see was daar 'n merk,
sy woede is daar ingeperk.
U stuur die sterk fonteine uit,
die berge ruis van stroomgeluid.
104:7
Daar laaf die wilde dier sy bors
en wilde-esels breek hul dors;
daar woon die blye voëlkoor
wat uit die takke='n stem laat hoor.
104:8
Uit boonste kamers ruis Gods reen,
die berge=en aarde drink 'n seen;
en gras skiet vir die veedier uit,
en vir die mens ontluik die kruid:

104:9
die brood wat hom sy kragte voed,
die wyn wat hom sy smart versoet,
die olie wat sy aangesig,
deur leed verdof, met vreug verlig.
104:10
God gee die reën as sy hand
die wilde bome=en seders plant,
wat wyd hul lommer opevou
en voëls nooi om nes te bou.
104:11
Sipresboom, slanke woudpilaar,
'n huis is vir die ooievaar;
op berg en rots se hoogste top -
daar spring die das en steenbok op.
104:12
Gods vaste tydmaat is die maan;
die son weet as hy skuil moet gaan.
Dan word dit nag op Gods besluit,
en roofdier trek op rooftog uit.
104:13
Gebrul wat oor die velde rys,
is leeugeroep tot God om spys.
Maar sal die son sy loop begin,
dan sluip hul weer hul skuilplek in.
104:14
Nou word die mens deur môrelig
gewek, gewink tot arbeidsplig
totdat oplaas die skemer val.
Hoe eind'loos is u werketal,
104:15
hoe wys het U hul geformeer,
hoe vul hul saam die aarde, HEER!
Dáár is die see, na alkant wyd;
en ‘t wemel in sy eind'loosheid.
104:16
Dáár oor die wye waterbaan
sien ons die blanke seile gaan;
daar laat U Leviatan speel
en in die weidse vreugde deel.
104:17
Wat leef in water en op land,
verwag hul spyse uit u hand.
Ontsluit U dit, hul word verkwik;
hou U dit toe, hul word verskrik;
104:18

neem U hul asem weg, hul keer
tot stof en as, en is nie meer.
Maar as u Gees weer oor hul sweef,
dan leef hul, en die aard' herleef.
104:19
Laat glorie sonder maat of perk
die HEER verbly uit al sy werk!
Hy, wat net kyk en - niks hou stand;
en as Hy slaan, staan berge=aan brand.
104:20
Ek wil terwyl ek lig geniet,
Gods grootheid sing in psalm en lied.
En die oorpeinsing van my gees -
mag dit Hom welgevallig wees.
104:21
Al wie die HEER se lof mishaag,
laat hul soos stof voor wind vervaag!
My siel, wat uitsing tot Gods eer -
sing onvermoeid, en loof die HEER!

Psalm **105**

105:1
Loof, loof die HEER van alle here!
Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is,
sy dade in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag
van al sy wonders, dag aan dag.
105:2
Laat almal juig met blye galme;
sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam,
Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer
en hul verlustig in die HEER.
105:3
Vra na die HEER der leërmagte,
die HEER oneindig groot in kragte;
soek daeliks sy aangesig;
gedenk die werk deur Hom verrig,
die wonders deur sy hand gedaan,
en wil sy strawwe gadeslaan.
105:4
O volk uit Abraham gebore,
uit Jakob, deur God uitverkore;
o volk wat soveel guns geniet -

verhoog die HEER in sang en lied!
Hy's onse God - 'n wêreldrond
vrees vir die oordeel van sy mond.
105:5
Die HEER wat van geen wankel weet nie,
sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag
tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind,
bevestig Hy van kind tot kind.
105:6
Die HEER wat nooit sy waarheid krenk nie,
sal Hy dan nie die eed gedenk nie
aan Isak, in sy trou gesweer?
Hy het dit ook vir Jakob weer
as wet gegee, as bondsbestel
in ewigheid aan Israel.
105:7
Toe hul soos pelgrims rond moes swerwe,
het God gesê: "'k Sal jul laat erwe
die land van Kanaän - dit is
jul afgemete erfenis."
Die volk was swak nog en gering
en in die land 'n vreemdeling.
105:8
Van volk tot volk het hul geswerwe
voor hul geslag die land kon erwe;
hul het gegaan van land tot land,
beveilig deur Gods goeie hand;
en konings wat hul wou verdruk,
moes onder sy besoeking buk.
105:9
Hy stuur aan koninge die wete:
"Tas my gesalfdes, my profete,
nie aan nie met onheil'ge hand."
Hy roep 'n honger in die land,
Hy breek daar alle staf van brood -
Egipte raas van hongersnood.
105:10
God het in wysheid lank tevore
vir hul 'n redder uitverkore:
'n Josef gaan in slawerny
en in gevang'nisbande ly:
hul het sy voete vasgedruk
en onder ysters hom laat buk.
105:11

Totdat die HEER in nag en duister
sy woord vervul het en dié kluister
verbreek het, moes hy eensaam wag,
deurlouterd in die lydensnag.
Maar eind'lik breek die daagraad aan:
die heer van volke= ‘t hom ontslaan.
105:12
Die volkeheer verbreek sy bande
en stel hom oor sy huis en lande,
om in deurlugte ryksbewind
die vorste na sy lus te bind;
en al die oudstes van die staat
dié luister na sy wyse raad.
105:13
Daarna kom Jakob in sy grysheid,
gedryf deur honger, waar die wysheid
van Josef hom versorg met brood.
God maak vir Israel daar groot,
totdat die groei van sy geslag
Egipte tref deur tal en mag.
105:14
Die volkie word 'n leërskare,
maar God het die Egiptenare
se liefde omgekeer in haat.
Faro se knegte smee 'n raad
om Israel deur druk te dwing
en om hul listig om te bring.
105:15
Maar God stuur Moses, wat tevore
deur Hom met Aron was verkore.
Hul twee voer toe Gods raadsbesluit
deur tekens en deur wonders uit;
hul toon aan Gam se ganse land
die strawwe van sy strenge hand.
105:16
Hy slaan Egipte met sy plae:
in nag verander Hy hul dae.
Hul twee weerstaan nie die bevel
van God, die God van Israel.
Hy maak hul waterstrome bloed
en laat hul vis sterf in die vloed.
105:17
Die kikvors kruip in al hul wonings,
tot in die kamers van hul konings.
Hy spreek, en op sy wonderwoord
vlieg ongediertes ylings voort;

muskiete kwel aan alle kant
die volk van Faro's wonderland.
105:18
Hy dek hul lug met wolke=en donder
en werp die haelsteen na onder,
wat, met die bliksem in verbond,
hul wynstok neerslaan teen die grond;
hul vyeboom en elke plant
verbreek Hy in hul ganse land.
105:19
Nog twis God met die wederstrewers:
nou kom die sprinkaan en die kewers
en eet hul landerye af.
Dan volg die allerswaarste straf:
Die eerstelinge van hul krag
verslaan Hy in die laaste nag.
105:20
Nou trek Gods volk ná smartverlede,
en niemand struikel in sy skrede;
hul trek vol blydskap deur die nag,
met goud en silwer ryk bevrag.
Egipte juig met vreuggeskal,
want skrik het op die land geval.
105:21
God brei 'n wolk uit oor die stamme
om hul te dek teen sonnevlamme;
Hy gee hul in die donker uur
die ligkolom, 'n wondervuur.
Hul bid, en Hy, die milde HEER,
stuur kwartels op hul laer neer.
105:22
Hy het hul daagliks begenadig,
met manna, hemelbrood, versadig;
Hy het die rots vir hul ontsluit
en water vloei oorvloedig uit;
'n stroom spoel oor die dorre land
waarop die son se vlamme brand.
105:23
God het gedink, uit welbehae,
aan sy verbond uit vroeër dae:
aan wat aan Abraham, sy kneg,
in vrye guns was toegeseg.
So het die HEER uit slawerny
sy volk met blydskap uitgelei.
105:24
Hul erf die Kananiet se lande

en al die arbeid van sy hande -
dit gee die HEER hul in sy trou
dat hul sy wet sal onderhou,
en in hul weë Hom sal eer.
Loof, halleluja, prys die HEER!

Psalm **106**

106:1
Geloofd sy God, die eewge HEER!
Gee aan Hom vrolik roem en eer!
Sy goedheid ken geen pale=of perke,
geen maat of tyd. Maar wie is hy
wat uit kan spreek sy grote werke,
sy lof kan uitsing na waardy?
106:2
Welsalig wie die reg betrag,
en dankbaar op Gods woorde ag.
O HEER, wees aan my nou gedagtig
en kom my met u guns naby,
dat ek, u volk se heil deelagtig,
my met u erfdeel kan verbly.
106:3
Ons en ons vaders het misdaan
en van die heilspoor weggegaan.
U hand was oor hul hoog gehewe
in wonderdaad en gunsbetoon;
maar hul ‘t daarop geen ag gegewe
en by die Skelfsee U gehoon.
106:4
Maar om sy Naam, deur hul verag,
het Hy, tot stawing van sy mag,
die see, wat hul 'n weg wou weier,
gedreig, geslaan, gedryf, sodat
sy vloedgolf agterwaarts moes steier,
terwyl hul gaan langs droë pad.
106:5
Maar toe die waters in hul kolk
terugswaai, kon én vors én volk
geen weg meer vind na veil'ge boorde -
só het die waters opgedring!
Gods volk, gelowig aan sy woorde,
het toe sy lof Hom toegesing.
106:6
Gou het hul weer sy werk verag
en op sy voorsorg nie gewag.
Toe vraatsug hul al haas verteer het,

nog erger in die hongeruur,
het Hy gegee wat hul begeer het,
maar maerte in hul siel gestuur.
106:7
Teen Moses was daar afguns, nyd,
teen Aron, om sy heiligheid.
Die aarde wat toe oopgegaan het,
het gou die muiterskaar verswelg,
'n vlam wat om hul heen geslaan het,
die goddelose saam verdelg.
106:8
Hul het 'n kalf van goud gemaak
en God, hul heerlikheid, versaak;
voor niet'ge dierbeeld neergeboë,
hul redder uit Egipteland
vergeet, wat groot was voor hul oë,
gedug was by die see se strand.
106:9
"Weg met dié volk!" het God gespreek.
"Vir goed wil Ek hul opstand breek."
Maar Moses, held deur God verkore,
het in die bres vir hul gaan staan,
dat hul, so diep in skuld verlore,
nie deur Gods toorn sou ondergaan.
106:10
Hul het die skoonste land versmaad,
hul God deur ongeloof verlaat,
en in hul tent was 'n gefluister,
'n murmurering is gehoor.
Maar God die HEER het toegeluister,
en ‘t was 'n wanklank in sy oor.
106:11
Toe ‘t God sy hand gehef, tot straf
wys Hy hul op die strengste af,
om in die wildheid weg te sterwe.
Hul nageslag het Hy verlaat,
in heidenland het hul moes swerwe
in banningsoord en jammerstaat.
106:12
Hul het hul voor die vloekaltaar,
verlei deur Moabs dogterskaar,
tot Baäl-Peors diens begewe.
Hul het geëet die offerand'
na dooie gode opgehewe,
en gramskap het teen hul ontbrand.
106:13

Maar Pinehas het opgestaan,
hy het deur wraak Gods reg voldaan:
sy swaard deur sondaarslyf gedrywe.
Dis hom, dié heil'ge heldefeit,
hom en sy nakroos, opgeskrywe
as ewige geregtigheid.
106:14
Die God wat hul in guns wou dra,
het hul geterg by Meriba.
Toe het 'n Moses, sat gelewe,
verstoord, verward, ten einde raad
- want hulle het Gods Gees weerstrewe -
in onbedagsaamheid gepraat.
106:15
In Kana'n het plig-trae hand
die volke=ontsien en voort laat plant;
aan heidenstam en -bloed verbonde,
en yw'rig in hul godediens,
is hul gevang in wilde sonde
soos in 'n strik, so onvoorsiens.
106:16
Verbysterd op verleidingspoor,
werp hulle aan die duiwels voor
hul liggaamsvrug, mét offerbede!
Deur kinderbloed, so ruim gestort,
het Kana'n vol afskuw'likhede,
die off'raars self bevlek geword.
106:17
Toe het die HEER se toorn ontsteek,
geweldig teen hul uitgebreek;
hul was verwerplik in sy oë.
Daarom het Hy hul oorgegee
aan dié wat sonder mededoë
hul slawebande swaar sou smee.
106:18
Verdrukking voor, verneedring ná;
en dan by God weer hulp gevra!
En as hul in hul kwaad versink het,
dan hoor Hy weer hul angsroep aan -
Hy wat aan sy verbond gedink het,
was met hul harde lot begaan.
106:19
So het die HEER hul medely
laat vind, ook by die weerparty.
Verlos ons, HEER, wees ons geneë
en bring ons van die nasies weer

uit banningsoorde vergeleë,
dat ons met roemtaal U kan eer.
106:20
Geloofd sy God! Sy bondsbestel,
sy goedheid heers in Israel.
Geloofd sy God in ewighede;
Hy, Isr'els HEER, is God alleen!
'n "Amen" klink uit ver verlede,
'n "Amen" deur die hede heen!

Psalm **107**

107:1
Loof God, omdat Hy goed is,
en goed is sonder end!
Meld dit, al wie behoed is,
verlos is uit ellend;
wat God uit elke land
in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband,
waarmee hul hom geknel het.
107:2
In woesteny verlore,
was daar vir hul geen pad
wat hul langs regte spore
kon heenlei na 'n stad.
Gebrek aan drank en brood
sou hulle laat versmag het,
as God nie in hul nood
op hul geroep geag het.
107:3
Hy het hul matte skrede
gelei op regte baan
om tot bewoonde stede
met blydskap in te gaan.
Laat hul Hom dank bewys
vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys,
omdat Hy groot en goed is.
107:4
Hy het hul matte skrede
gelei op regte baan
om tot bewoonde stede
met blydskap in te gaan;
met kostelike goed
het Hy hul begenadig,
met brood hul daar gevoed,

met water hul versadig.
107:5
Hul wat al lank gekwel was
in eindelose nag,
in ysters vasgeknel was,
gevange en ontkrag,
omdat hul, dwars van sin,
die HEER se raad verag het,
wat diep die kerker in,
geen redding meer verwag het -
107:6
by hul was angs, verfloudheid;
maar hul geroep het God
verhoor in die benoudheid,
met wending van hul lot.
Bo hul het saamgedring
'n nag van kerkerduister
Hý het hul uitgebring,
bevryd van klem en kluister.
107:7
Die koper-kerkerdeur het
gewaggel voor Gods mag
wat ysters weggebeur het,
verbreek het met een slag.
Laat hul Hom dank bewys
vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys,
omdat Hy groot en goed is.
107:8
Wie dwaas en ongebonde
geleef het, tref die straf;
gevang deur eie sonde,
mat plaag op plaag hul af,
sodat hul die genot
van alle spys versaak het,
in sware lewenslot
die doodspoort al genaak het.
107:9
Angs was daar by verfloudheid,
maar hul geroep het God
verhoor in die benoudheid,
met wending van hul lot.
Hy het sy woord gestuur
wat siekte=en kwaal genees het,
'n engel in die uur
toe hul die dood gevrees het.

107:10
Laat hul met offerande
die HERE loof en dank,
die werke van sy hande
vermeld met klare klank;
laat hul Hom dank bewys
vir redding wat so soet is,
Hom met hul offers prys,
omdat Hy groot en goed is.
107:11
Hul wat na wêreldseë
op skepe uitgevaar,
langs verre waterweë
die handelskat vergaar -
hoe klaar en alte seer
dat hulle daar bemerk het
die wonders wat die HEER
ver in die see gewerk het.
107:12
Hy spreek, en om die skepe
spring wilde bare op,
die winde is die swepe
wat hul tot woede klop.
Hul hart versmelt van wee -
hul vleg deur hoë golwe
of skuif langs holle see,
in dieptes haas bedolwe.
107:13
Hul waggel in hul spore
net soos die dronkaard, dan
is hul vernuf verlore,
hul hart beswyk daarvan.
Dan roep hul tot die groot
en eenge Stormbedwinger;
Hy red hul uit die nood
waarin hul was geslinger.
107:14
Ver trek die stormgeruisel,
die wind se krag’s gespil;
daar kom 'n sag gesuisel,
die golfslag word weer stil.
Dan is hul harte bly
deur God se goeie gawe;
die skip, van onweer vry,
bring Hy in veil'ge hawe.
107:15

Laat hul van stormbedaring,
van God, wat golwe breek,
van heil en heilservaring
in volksvergaadring spreek.
Laat hul Hom dank bewys
vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys,
omdat Hy groot en goed is.
107:16
God skep die skone boorde
van strome=in dorsland om;
Hy laat oor vrugb're oorde
die straf van sonde kom.
Waar vog was, maak Hy droog,
al is die landman wakker,
vergeefs al wat ons poog
op die onvrugb're akker.
107:17
Dan weer het Hy woestyne
'n waterplas gemaak
en lustige fonteine
in dorsland laat ontwaak.
Daar was dit dat sy hand
wie honger had, verlig het,
sodat hul in dié land
'n ryke stad gestig het.
107:18
Daar styg - dank sy die Gewer -
die seënmaat ten top;
gesaaide=en wynstok lewer
hul vrug oorvloedig op.
Hul kroos vermeerder Hy,
hul vee ‘t Hy nie verminder;
as God die seen wil sprei,
wie kan dit Hom verhinder?
107:19
Daarna word hul weer minder
en kom bykans tot niet;
deur kommernis en hinder,
verdrukking en verdriet.
Oor die geweldenaar
kom onheil en veragting;
hy swerf in woestheid waar
geen pad is of verwagting.
107:20
Maar God sal die veragte,

verarmde trou bewaak,
vermeerder sy geslagte
wat Hy soos kuddes maak.
Gods volk is bly daarom:
hul sien wat Hy gewerk het;
maar boosaards staan verstom,
daar hul Gods mag bemerk het.
107:21
Wie wys is, merk dié dinge
en gee godvrugtig ag
op al Gods handelinge,
sy goedheid en sy mag.

Psalm **108**

108:1
Hoe rus, o God, my hart in my
nou 'k U 'n môrelied kan wy.
Ontwaak met my, my harp, ontwaak!
Ek wil die rooidag wakker maak.
U trou en goedertierenheid,
tot bo die hemel uitgebreid,
sal ek verhoog by al wat leef
met sang wat van ontroering beef.
108:2
Verhef U bo die hemel wyd,
en bo die aarde=u heerlikheid!
Verlos u gunsvolk deur u hand,
verhoor ons, send ons onderstand.
God het dit uit sy tempel al
laat klink met hoogste jubelskal:
'"k Sal Sigems stad my eie heet
en Sukkot as my erfdeel meet.
108:3
"Oor Gilead sal 'k Heerser bly,
Manasse - dié is ook van My;
Efraïm weer die aanval af,
en Juda is my veldheerstaf.
Van Moab sal 'k my waskom maak,
oor Edom nog belus op wraak,
sal Ek in hoogheid triomfeer,
oor Filistéa jubileer."
108:4
Wie bring my in 'n vaste stad?
Wie baan na Edoms land my pad?
U is ‘t wat ons nie by wou staan,
nie met ons leërs saam wil gaan!

Gee ons u bystand in die stryd,
want mensehulp is nietigheid.
Deur Gód sal ons tot kragdaad stap;
ons vyand sal Hy self vertrap.

Psalm **109**

109:1
God van my lof, merk hoe ek ly,
en swyg nie langer meer!
Die lastermond gaan oop teen my -
hoe kan ek my verweer?
Hoe haatlik spreek hul om my heen,
hoe is hul swaard gewet!
Waar ek met liefde húl bejeen,
vir hul was my gebed.
109:2
Stel nou 'n booswig oor hom aan;
laat die verklaer kom;
laat hy as skuldig van U gaan,
sy bede=ook pleit teen hom.
Sy dae, wil dit tog verkort,
sy amp aan ander gee;
en laat sy kinders wese word,
sy vrou 'n weduwee!
109:3
En laat sy kinders orals swerf
en bedel by gemis
aan brood, verstote uit hul erf
wat nou 'n puinhoop is.
Die woek'raar, laat hy alles neem
en eet met skerp gebit;
die vreemdeling, laat dié vervreem
sy ganse erfbesit.
109:4
Geen helper moet hom help in nood,
geeneen hom ooit ontferm
wanneer sy wese, arm en bloot,
in bitter smarte kerm.
Laat niemand op sy nakroos ag,
maar wil hul, stam en telg,
reeds in die volgende geslag
met naam en al verdelg.
109:5
Die onreg, deur sy stam bedryf,
hou in gedagt'nis, HEER!
Die sonde van sy moeder, skryf

in u gedenkboek neer.
Ruk uit, want hy het uitgeruk,
en laat geen wortel oor;
hy het verdruktes hard verdruk,
wie moed'loos is, vermoor.
109:6
Die seën het hy nie gesoek -
dit bly ver weg van hom.
Liefhebber was hy van die vloek -
dit het oor hom gekom;
soos klere ‘t hy dit aangetrek,
soos water, so kom dit
in hom, en soos 'n olievlek
tot in sy laaste lid.
109:7
Laat hom die vloek wees soos 'n kleed
waarmee hy hom bedek
en soos 'n gordel, styfgemeet,
vas om sy heup getrek.
Laat dit die loon wees - daad vir daad! -
wat God hul sal betaal,
hul almal wat my soek en haat
en onheil oor my haal.
109:8
Maar, HEER, u goedheid is só goed,
maak U dit goed vir my;
ek voel bedruk in my gemoed,
my hart’s deurwond daarby:
ek is 'n skadu wat verdwyn,
'n sprinkaan, voortgejaag;
my knieë knik van vas; ek kwyn,
my vlees is weggeknaag.
109:9
By lyde kom die smaadgekwel:
hul skud hul hoof oor my.
As U, op wie 'k my hoop nou stel,
my tog maar wil bevry!
Wil met u goedheid my bejeen,
toon hul: dit is u daad.
Wat baat húl vloek, as U maar seen -
hul smaad, as Ú hul smaad?
109:10
In vreugde sal u dienaar leef,
en in 'n grote skaar
- as smaad húl soos 'n kleed omgeef -
u lof, o HEER, verklaar.

Want God is aan my regtersy
om my met krag te stut;
teen hul wat vonnis soek teen my,
sal my die HEER beskut.

Psalm **110**

110:1
Die HEER is dit wat tot my HEER gespreek het:
"Sit aan my regterhand as hoogste HEER,
tot Ek u vyand in sy mag gebreek het,
hom werp as voetbank voor u voete neer.
110:2
"Aan U, so hoog in heerlikheid verhewe,
gee Ek uit Sion, waar U sit ten troon,
die heerserstaf oor wie u mag weerstrewe.
Sprei voor hul oog u heerskappy ten toon!"
110:3
U volk, gereed tot dapper krygsmansdade,
sal met U uittrek op die dag van stryd.
Hul sal verskyn in heil'ge feesgewade,
in diensplig een en al gewilligheid.
110:4
Die frisse dou, deur môreglans omtower,
wanneer die son net oor die kimlyn gaan,
word nie so dig gevind op kruid en lower
as wat die jonge manskap om U staan.
110:5
Groot-Priester wat die HEER so hoog geëer het
dat U kan opstyg tot die hoogste trap -
U is dit na die eed wat God gesweer het,
na Melgisédeks eewge priesterskap!
110:6
Die HEER wat dit van U, sy Vors, voorspel het -
sy moondheid sal met U ten stryde gaan;
en konings wat hul teen U opgestel het,
sal Hy wat saam trek, in sy toorn verslaan.
110:7
Hy sal, wanneer sy ywervuur gewek is,
die nasies slaan met 'n gedugte hand,
totdat die veld met lyke gans oordek is
en hy moet swig, die grootvors van die land.
110:8
Góds Grootvors sal, omdat Hy dors gely het
- só het Hy hul gejaag in somertyd! -
buk by die beek as Hy die stryd volstry het,
en dan sy hoof hoog ophef ná die stryd.

Psalm **111**

111:1
'k Sal met my ganse hart die HEER
met die opregtes loof en eer -
die Gode dankb're duisendtalle.
Sy werk is groot die wêreld deur,
dit word deur almal nagespeur
wat daarin soek 'n welgevalle.
111:2
Sy dade=is enkel majesteit,
aanbiddelike heerlikheid,
en sy geregtigheid onendig.
Sy wonders staan in rots gegrif,
en sy genade=in eewge skrif
vir al wie arm is en ellendig.
111:3
Vir almal wat Hom vrees, het Hy
hul spyse mild'lik toeberei.
Hy is aan sy verbond gedagtig.
Hy het aan hul 'n erfdeel skoon,
'n land gegee om in te woon,
deur dade groot en oppermagtig.
111:4
Die werk van God is reg en waar:
onwrikbaar-vas, onwankelbaar
wat sy bevel aan ons verkondig;
bevestig is dit in sy stand,
verwerklik word dit deur Gods hand
in trou en regtheid, diep en grondig.
111:5
Hy het sy volk bevry, bewaak,
vir ewig sy verbond gemaak:
sy Naam is vreeslik, hoog verhewe.
Sy vrees is wysheids-aanbegin.
Kom wandel dan dié heilsweg in!
Aan Hom sy ewig lof gegewe.

Psalm **112**

112:1
Welsalig is die man
wat God van harte vrees;
welsalig hy wat in sy wet
'n welgevalle het.
112:2

Sy nageslag sal groot,
geweldig wees op aard';
opregtes sal van kind tot kind
'n seen en erfdeel vind.
112:3
Rykdom en oorvloed is
bestendig in sy huis;
en duursaam's sy geregtigheid
vir ewig en altyd.
112:4
Vir die opregte=is God
'n lig in donkerheid:
genadig en barmhartig is
die HEER wat reg beslis.
112:5
Gelukkig hy wat hom
ontferm en uit wil leen,
wat nooit by voorspoed en geluk
sy naaste sal verdruk.
112:6
Hy sal nooit wankel, nee,
maar vas bly soos 'n rots,
sodat sy nagedagtenis
'n eewge seën is.
112:7
Hy sal nie vrees wanneer
die slegte tyding kom:
sy hart, berustend in Gods wil,
is in hom sterk en stil.
112:8
Sy hart is vas, geen skrik
of skok sal hom ontroer,
totdat sy oog, triomf-bewus,
op sy vervolgers rus.
112:9
Vir wie behoeftig is,
strooi hy sy gawes uit;
Gods heil verlaat hom nimmermeer;
hy klim in mag en eer.
112:10
Die bose wat dit sien,
smelt, tandeknersend, weg;
met nyd sien hy die skouspel aan:
wat hy begeer – vergaan!

Psalm **113**

113:1
Hef aan, Gods knegte, loof verblyd,
van nou af tot in ewigheid,
die Naam en roem van God die HERE.
Bring Hom van waar die môre straal,
tot waar die sonlig saans weer daal,
die lof, aanbidding, prys en ere!
113:2
Die HEER wat in die hemel woon,
wat bo die wêreldvolke troon,
is hoog, met heerlikheid omgewe.
Ja, wie is hoog soos onse HEER?
Nogtans sien Hy genadig neer
op wie voor Hom in kleinheid lewe.
113:3
Die HEER verhef uit as en stof
geringes, wat Hy tot sy lof
laat woon by prinse=in hul paleise.
Hy skenk onvrugbares sy troos
en maak hul moeders van 'n kroos.
Loof God met eer- en dankbewyse!

Psalm **114**

114:1
Toe Isr'el uit Egipteland,
die land van vreemde spraak,
getrek het, het God Juda's stam
sy heiligdom gemaak
en Israel sy ryksgebied,
waaroor sy septer waak.
114:2
Die see het dit gesien, gevlug;
Jordaanstroom - waar was hy?
Die berge het onhooggespring
soos ramme, ry aan ry;
die heuwels soos 'n lammertrop
wat wegvlug deur die wei.
114:3
Wat is dit, see, dat jy moet vlug?
Jordaan, wat steier jy?
En berge, waarom spring jul rond
soos ramme, ry aan ry?
En heuwels, soos 'n lammertrop
wat wegvlug deur die wei?...

114:4
Beef, aarde, beef voor Jakobs God,
wees voor Hom skrik-verras!
Hy wat die rots beveel het en -
dit word 'n waterplas;
'n springfontein het uitgebreek
waar eers 'n klipsteen was.

Psalm **115**

115:1
Nie aan óns, o troue God,
aan úu Naam alleen gee eer!
Waarom sou die nasies spot
as hul oor ons triomfeer?
Om u goedheid, wees nie stil!
Red ons om u trou ontwil!
115:2
Waarom sou die nasies spot,
met die uitroep ons trotseer:
"Waar is nou die HEER, hul God?"
In die hemel sit die HEER,
en Hy doen wat Hom behaag:
net sý wil geskied omlaag.
115:3
Gode van die heidendom,
goue=of silwerbeeltenis,
waar die mens sy knie voor krom,
niks as eie maaksel is:
daar's 'n mond, maar sonder taal;
daar' s 'n oog, maar sonder straal.
115:4
Ore het hul, maar dié's doof
vir die klank van stem of taal;
en die neus van afgodshoof
kan nie ruik of asemhaal.
Hande het hul - alkant vas! -
vingers wat nie voel of tas.
115:5
Voete het hul, vasgeklem
aan die altyd-selfde oord;
hulle keel - geen klank of stem
kom uit tempelstilte voort.
Laat dié wat hul dien en vrees,
soos hulself, só nietig wees.
115:6
Israel, steun op die HEER!

Hy's hul hulp; hul skild is Hy.
Arons huis, steun op die HEER!
Hy' s hul hulp; hul skild is Hy.
Almal wat die HERE vrees,
laat die HEER jul steunsel wees!
115:7
God die HEER het ons gedenk
na sy troue bondsbestel.
Seëninge sal Hy skenk
aan die huis van Israel;
seëninge van die HEER
daal op Arons kinders neer.
115:8
Hy sal seën wie Hom vrees,
groot en klein wat op Hom wag;
ja, Hy sal hul allermees
seën in hul nageslag.
Hy wat spreek, en 't het geskied,
sal sy seen oor hul gebied.
115:9
HEER, die hemel's u paleis,
U 't die aarde=aan ons gegee:
dooies kan die HEER nie prys,
maar óns sal - 'n stemmesee -
ewig juig die HEER ten prys,
hallelujas op laat rys.

Psalm **116**

116:1
God het ek lief, want dié getroue HEER
hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae,
Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
116:2
Om my was bande=en strikke van die dood;
en angste van die hel het my laat bewe;
ek was benoud, vol droefheid was my lewe;
maar 'k het die HEER gesmeek in al my nood:
116:3
"Ag, red my, HEER, na u beloftenis!"
Toe 't God gehoor; Hy is my lofsang waardig;
Hy is die HEER wat goed is en regvaardig,
en vir sy volk groot van ontferming is.
116:4
Eenvoudiges wil God steeds gadeslaan.
'k Was uitgeteerd, maar Hy is vol ontferming.

Soek dan, my siel, jou rus in sy beskerming,
Hy ‘t jou verlos en aan jou welgedaan.
116:5
U het my siel weer van die dood bevry;
in droefenis droog U, o HEER, my trane;
U lei my voet langs nuwe lewensbane,
om in u lig te wandel, lewensbly.
116:6
Ek het geglo toe ek, in smart gedaal,
dit uit moes spreek: "Ek is terneergeboë, "
en uit moes roep, deur sware smart bewoë:
"Die mens se woord is enkel leuentaal."
116:7
Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld?
Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade
en by die kelk van heil sy Naam vermeld.
116:8
Al my geloftes, uitgespreek in nood,
sal ek betaal as ek voor U mag nader
en met u gunsvolk in u huis vergader.
Hoe kost'lik, HEER, is in u oog hul dood!
116:9
Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg,
seun van u diensmaagd, in u diens gebore:
my bande=is los; vir hoër diens verkore,
bring ek die offers, aan U toegeseg.
116:10
Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys
te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare
die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Psalm **117**

1
Loof, loof die HEER, o heidendom!
O volke, prys sy Naam alom!
Sy goedheid is in nood en dood
vir ons, sy volk, oneindig groot.
Sy waarheid wankel nimmermeer,
Sing, halleluja, sing sy eer!

Psalm **118**

118:1
Loof, loof die HEER met lofgesange!

O Isr'el, wees in God verblyd.
Sy goedheid volg Hom in sy gange,
sy goedheid duur in ewigheid.
Loof, Arons huis, met jubelsange!
Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange,
sy goedheid duur in ewigheid!
118:2
Loof, loof die God van ons verlange,
o almal wat die HERE vrees!
Sing voor die HEER jul lofgesange,
en laat Gods volk nou vrolik wees!
Loof almal saam met jubelsange!
Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange,
sy goedheid duur in ewigheid!
118:3
Toe ek, omring van alle sye,
die vyand rondom my sien staan,
het God my stem gehoor uit lye,
en my weer veilig uit laat gaan.
Ek sal nie langer hulp'loos wees nie,
of wanhoop selfs in doodsgevaar:
ek sal die mens nie langer vrees nie,
wat magt'loos is as God bewaar.
118:4
Die HEER, die Hoof van duisendtalle,
sal in die stryd my hulp verskaf.
Dan kyk my oog met welgevalle
op my verwoede haters af.
Dis beter by ons bidde=en wense
dat ons vertrou op God se mag,
as dat ons ooit vertrou op mense,
of selfs van prinse hulp verwag.
118:5
Toe al die heid'ne my omring het,
hul laers om my opgeslaan,
en hul op my al aan kom dring het,
het ek hul in Gods Naam weerstaan.
Ja, toe die volke my omring het,
met leërs teen my opgestaan,
toe hul ter dood toe my bespring het,
het ek hul in Gods Naam verslaan.
118:6
Hul het my wel omswerm soos bye,
maar het soos doringvuur vergaan;

hul het gekom in breë rye,
maar 'k het hul in Gods Naam verslaan.
O vyand, jy ‘t met harde stote
tot vallens toe my weggedruk;
die HEER bewaar sy gunsgenote,
die HEER het self my uitgeruk.
118:7
Dit is die HEER wat my gesterk het.
Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het,
dus loof ek Hom my lewe lang.
Ek hoor alom die blye galme
van vromes ná die lydensnag;
hul tent weerklink van dankb're psalme:
Gods regterhand doen grote krag.
118:8
Gods regterhand is hoog verhewe,
sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe,
maar hef sy volk uit lyde=en smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande
wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande,
maar al Gods werke bly vertel.
118:9
Die HEER het my met sware slae
getugtig, maar nie tot die dood;
Hy ‘t my gehoor in donker dae
en my gered uit alle nood.
Ontsluit dan voor my pelgrimskrede
die poort van sy geregtigheid,
om God te loof wat my gebede
verhoor het in die dag van stryd.
118:10
Dit is die poort van Isr'els HERE,
wat voor sy huis as wagter staan;
die poort wat meld van heil en ere,
waardeur sy gunsvolk in mag gaan.
Daar sal ek, HEER, met dankgebede
U groot maak op die dag van fees,
want U was in my angsverlede
vir my tot hulp en heil gewees.
118:11
Die steen waaraan die tempelbouers
veragt'lik het 'n plek ontsê,
is voor die oog van die beskouers

deur God as hoeksteen neergelê.
Dié werk van godd'like=alvermoë
is van God self geskied, deur wie
die wonder oprys voor ons oë;
ons sien dit, maar deurgrond dit nie.
118:12
Dit is die dag deur God verkore,
die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore,
ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge;
gee voorspoed, HEER, op hierdie dag -
dit is die dag van grote dinge,
die glorieteken van u mag.
118:13
Geseënd is die grote Koning
wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning
is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons betroue,
Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue
en lei dit na die altaar heen.
118:14
U is my God, ál my verlange;
U prys ek om u majesteit.
My God, U loof my lofgesange
van nou af tot in ewigheid.
Loof almal saam met jubelsange!
Gods goedheid ken geen grens of tyd;
geen hede, toekoms of vergange,
sy goedheid duur in ewigheid!

Psalm **119**

119:1
Salig wie in hul opregtheid
wandel in die Heer se wet,
wie Hom soek van ganser harte
en op sy getuig'nis let.
Salig dié wat in hul wandel
nie op onregspaaie gaan,
maar wil wandel op die weë
in Gods wet vir hul gebaan.
119:2
Dis u wil dat ons u woorde
in getrouheid sal betrag.

Kon ek maar, ek sou ‘t van harte.
HEER, verleen U my die krag!
Ag, was tog my voet maar vaster,
dat ek van die spoor nie dwaal
in u wet my voorgeteken,
en geen skande oor my haal!
119:3
As ek, HEER, u wet wat billik,
reg en waar is, maar kan leer,
dan word U van ganser harte
en opreg deur my geëer.
Ja, ek loof U, want regverdig
is u regte, woord en daad.
Wil dan nimmer my verlaat nie
wat u wet nie wil verlaat.
119:4
Hoe sal in sy jeug die jong'ling,
gou deur ydelheid bekoor,
rein kan wandel in sy weë?...
As hy wandel in u spoor!
U soek ek van ganser harte.
HEER, hou U my hande vas,
dat ek van u spoor nie dwaal nie
en die kwaad my nie verras.
119:5
Daarom sluit ek al u woorde
in my hart sorgvuldig in,
dat ek nie teen U sou sondig
en te minder U bemin.
HEER, my God, U is lofwaardig!
Leer my tog u regte wél.
Met my lippe ‘t ek die wysheid
van u wet alom vertel.
119:6
In u wet smaak ek 'n vreugde
groter as waar hy van weet
wat sy goed en aardse skatte
in hul waarde nie kan meet.
Daarmee bly ek altyd besig,
daar ‘t my soetste=oorpeinsing is;
mag maar niks dié bron van vreugde
ooit uit my gedagte wis.
119:7
Help my, HEER, dat ek kan lewe;
dan wil ek u woord bewaar.
Laat my oog aanskou die wonders

wat u wet my openbaar.
Wat besit ek hier op aarde?
Niks is daar wat my behoort.
Maar één ding, daarna verlang ek -
dis die rykdom van u woord.
119:8
HEER, U dreig hul wat, vermetel,
nie op u gebooie ag.
As hul smaad, wend dan hul smaadheid
van my wat u wet betrag.
Ook al kom die vorste same
en versin hul teen my kwaad -
juig ek tog in teënhede,
want u wet skenk vreugde=en raad.
119:9
Ag, hoe kleef ek aan die stof al!
Maak my lewend na u woord -
U tog wie 'k my sorg vertel het,
laat u kneg nie onverhoord.
Lei my altoos voort en verder
om u wonders te oordink,
my wat droewig en verslae
haas in kommernis versink.
119:10
Weer my voet van leuenpaaie
en verleen my, HEER, u wet,
my wat kies die weg van waarheid
en wat U verorden het.
Gee my hoop, en ek sal lewe,
troos, en wég is my gekwel!
Gaan met weldaad voor, dan volg ek,
dan betrag ek u bevel.
119:11
HEER, leer my u wet dat ek dit
tot die einde toe kan hou;
gee verstand en gee volharding,
dan bly ek daaraan getrou.
Laat my leef na u bevele -
niks wat my só kan behaag.
Neig my hart daartoe, maar nimmer
om na woekerwins te jaag.
119:12
Wend my oog van wat tog niks is,
maak my lewend in u weg;
u belofte=aan al u dienaars -
maak dit waarheid aan u kneg!

Laat geen smaad my ooit oorval nie,
stort weer lewe=in my gemoed
uit u woord wat reg en waar is,
en 'n bron van alle goed.
119:13
Wees my goed na u belofte,
dat ek smaders tot hul spyt
reg kan antwoord op hul smading
wat my Godsvrees my verwyt.
Neem u woord nie uit my mond nie,
waar my hoop op is gebou.
Dan getuig ek van u waarheid
wat ek graag wil onderhou.
119:14
Dan sal 'k wandel in die ruimte,
want ek wandel in u spoor.
Selfs voor konings spreek ek daarvan
en ek skaam my nooit daaroor.
Aan u wet, my hoogste vreugde,
is my liefde toegewy:
daaraan dink ek, daarna soek ek,
daarin, HEER, verdiep ek my.
119:15
Wees, o HEER, nou tog gedagtig
aan die woord, die fondament
van die hoop en heilsverwagting
wat my troos in my ellend!
Of ek al vir trotse mense
dwaas is en tot spotterny -
nogtans het ek aan u woorde
stil my wandel toegewy.
119:16
As ek, wég van beuselinge,
klaar aanskou het in my gees
hoe u oordeel op die aarde
van begin af is gewees:
hoe die vromes toe bewaar is
en die bose neergestort -
dan gevoel ek dat my siel weer
in sy diepste vrolik word.
119:17
As ek sien die wetverlaters,
kom daar skrik in my gemoed,
en 'n heil'ge vuur van ywer
laat dit opbruis in my bloed.
Want u wet wat hul verwerp het,

in hul agting waardeloos,
is die stof van my gesange,
op my pelgrimspad my troos.
119:18
Aan u Naam is ek gedagtig
in my soetste mymery,
as ek uitrus op by bedstee
en die nag die aarde=oorsprei.
Is ‘t 'n wonder? Nee, geen wonder,
want te doen na u gebod
is my hoogste lewensweelde
en op aard' my hoogste lot.
119:19
HEER, U is my deel op aarde,
en u woord is my die skat
wat U aan my toebetrou het
op die lange pelgrimspad.
'k Het voor U my hart geheellik
in my smeking uitgestort.
Maak my dan u guns deelagtig,
laat u woorde waarheid word.
119:20
Ek oordink nou al my weë
om my aan u wet te wen;
of ek staan en of ek struikel,
kan ek klaar daaruit beken.
Of ek dood is, of ek lewe,
kan ek klaar daaruit verstaan.
Ek verhaas daarom my skrede
om weer in u spoor te gaan.
119:21
Strikke span die goddelose
voor my voetstap, om en om;
maar u spoor, wat ek gevolg het,
laat my aan hul net ontkom.
Midde-in die stille nagte
staan ek op met lofgeklank
om U vir u wyse regte
met my ganse hart te dank.
119:22
Vriend is ek van al u vriende,
mét hul in u waarheid één;
leer my, HEER, wat met u goedheid
dring deur wêreldwydtes heen;
maar wat ook na u beloftes
aan u kneg het wel gedaan.

Gee my insig, gee my kennis
en 'n hart om te verstaan.
119:23
Voordat ek verdruk was, HERE,
het ek dwaalsiek, al maar voort
op verkeerde pad gewandel;
maar nou let ek op u woord.
U is goed, U is goeddadig,
o fontein van alle goed.
Leer my dan wat goed en reg is,
uit u goedheids-owervloed.
119:24
Opgeblase volk dig leuens,
en daar druk hul my mee neer;
maar ek voeg van ganser harte
woord en wandel na u leer;
maar húl hart is onaandoenlik,
in 'n vetlaag ingewoel,
sodat hul die vreug nie voel nie
wat ek in u wette voel.
119:25
Dat U my verdruk het, HERE,
dit was enkel goed vir my,
want daardeur het U my dieper
in u kennis ingelei.
Daarom is dit my veel beter
as die allerrykste skat,
meer as al die goud en silwer
wat die wêreld kan bevat.
119:26
U, o HERE, ‘t my geskape
deur u goddelike hand -
ag, herskep my nou inwendig
en verlig U my verstand.
Al u dienaars sien my lewe
en dit is hul siel 'n vreug
dat my siel op u beloftes
so vrymoedig hom verheug.
119:27
Al u vonnisse is suiwer,
maar onsuiwer was my weg;
dat U my dan swaar verdruk het,
is 'n daad van trou en reg.
Dog waar ek in u beloftes
al my heil soek en geluk,
bid ek dat U, na u goedheid,

my wil troos in al my druk.
119:28
Laat op my u mededoë
neervloei soos 'n sagte dou,
sodat ek die regte lewe
in u vrese kan behou.
Smaad die trotsaards wat hardvogtig
sware druk op my laat daal,
omdat ek hul ore hinder
as ek van u wet verhaal.
119:29
Laat húl weer met my vergader
wat u Naam van harte vrees,
dat ons, in u woord verenig,
een gemeenskap weer kan wees.
Laat my hart maar net opreg wees
voor u oog wat alles sien,
dan sal my geen skaamte=oorkom nie
as ek U van harte dien.
119:30
Op u heil wag ek verlangend,
op u woord hoop ek altoos,
en ek vra met smagtende=oë:
Wanneer sal U my vertroos?
Want my liggaam uitgemergel,
tot die laaste lid verswak,
is verkrimp al soos die leer is
van 'n swartberookte sak.
119:31
Nogtans wag ek op U, HERE,
wat van al my kommer weet -
op die uitkoms van u woorde
wat my hart nie kon vergeet.
Sal daar nie 'n einde kom nie?
Toef U, HEER, nog met u straf?
Spaar U nog my vyand wat my
graag wil neerdruk in die graf?
119:32
Dié wat op u wet nie ag nie,
skoon dit waar bly en gewis,
hul vervolg my. Help my, HERE!
Lewe wat nog in my is,
het hul amper al vernietig;
maar - hoe kon 'k u wet laat vaar?
Maak my in u guns weer lewend,
dat 'k u woorde kan bewaar.

119:33
HEER, u woord is onbeweeglik,
en u waarheid het geen end,
soos die sterre wat bly vonkel
aan die hoë firmament.
Met die duur van mensgeslagte
sal u bondstrou nooit beswyk;
soos die aarde=is dit bevestig
wat nie van sy grondslag wyk.
119:34
Aarde, hemel, alle dinge -
niks wat ooit u ord'ning breek;
want hul almal is u knegte,
stip-gehoorsaam as U spreek.
Was u wet nie al my lus nie,
dan het ek in smart versmag;
maar nou dit my krag gewek het,
dink ek daaraan dag en nag.
119:35
U behoort ek al my dae,
help u dienaar, goeie HEER!
Soek my heil; ek soek my lewe
in die waarheid van u leer.
Goddelose wil my ombring,
lê en loer en hou die wag,
maar ek let op hoë dinge,
'k gee op u getuig'nis ag.
119:36
Nimmer, nêrens het my oë
op die wêreld iets aanskou
wat bestendig voort kan duur nie
en sy wese kan behou.
Wat volmaak skyn, het 'n einde,
moet, met al wat is, verslyt;
net u wet, in duur onendig,
is volmaak en eind'loos wyd.
119:37
Waarom is ‘t dat ek u wette
al my liefde waardig keur,
sodat ek in my bepeinsing
daarmee besig is aldeur?
Omdat hul my wys gemaak het,
wyser as my teenparty,
as my leraars, as die grysaards.
Dis 'n kennisskat vir my!
119:38

HERE,=ek wyk deur u genade
weg van elke slegte pad;
maak ek wyk nie van u regte,
want hul is my wysheidskat.
Soet soos heuning is u woorde,
soeter, want hul gee my raad;
daarom is ‘t dat ek van harte
al die valse paaie haat.
119:39
HEER, u woord is my 'n fakkel
wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse
van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming
dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe,
deur dié ligglans wil laat lei.
119:40
Troos my nou met u beloftes;
teëspoede druk my neer.
Laat my offers - my gebede -
U behaaglik wees, o HEER!
Of my lewe=al in gevaar is,
of die dood my al bedreig -
'k kan u wette nie vergeet nie,
so’s my hart daartoe geneig.
119:41
Of ek amper al gevang is
in die slim-verborge net -
midde-in gevaarlikhede
dwaal ek nog nie van u wet.
Want dit is my vreug, my erfdeel,
waar ek nie meer sonder kan;
daaraan kleef ek deur u goedheid,
en my voet wyk nie daarvan.
119:42
Vir u wette dra ek liefde,
vir die twyf'laars enkel haat.
HEER, U is my skild en skuiling,
en u woord my toeverlaat.
Weg van my, o boosgeaardes;
want dit maak my onrus stil:
om in my bedryf en handel
so te wandel soos God wil.
119:43
Stel u woord my tot 'n steunsel,

dat 'k kan lewe, en nie loop
tot my eie spot en skande,
na 'n ongewisse hoop.
Sterk my, red my; laat die liefde
tot u wet in my ontwaak;
want U bring oor hul veragting
wat bedrog hul steunsel maak.
119:44
HEER, U skif die goddelose,
soos ons skuim skif van metaal,
en verwerp hul; daarom bid ek
dat u liefde=in my mag daal.
As ek dink aan u gestrengheid,
dan meng liefde=en vrees deureen;
en ek voel hoedat daar angste
sidder deur my lede heen.
119:45
Wil my, wat u wet betrag het,
nimmer prysgee as 'n roof
van vermeetles, maar beskerm my
soos u woord dit my beloof.
Hoe verlang ek na die heilgoed
wat my toewink in u trou!
Wees my goed, maak my verstandig,
dat ek u bevel kan hou.
119:46
HEER, hoe lank het U met hulle
wat u wet verag, geduld?
Kom dan eind'lik, doen vergelding,
bring oor hul die sware skuld!
Maar vir my is u gebooie
reiner, fyner duisendvoud,
meer gelouterd en gekeurmerk
as die allerfynste goud.
119:47
Daarom is my u bevele
altyd waar en reg; ek haat
alle dowwe leuenpaaie
wat die regte pad verlaat.
HEER, u wet is my 'n wonder
as 'k sy diepte wil deurgrond;
gaan dit oop, dan skiet dit glanse
skoner as die môrestond.
119:48
Dis 'n lig wat klare kennis
aan eenvoudiges ontdek;

dis die asem van die lewe
wat ek diep na binne trek.
Wend U dan nie weg van my nie,
wees my gunstig na die reg
wat in u verbondsgeheim'nis
aan u volk is toegeseg.
119:49
Laat die sonde=oor my nie heers nie.
Hou my voetstap in u spoor.
Red my van die onderdrukkers;
gaan my met u heillig voor!
Trane kom my in die oë
en dit vloei in strome neer,
omdat hul, die wetsveragters,
van u weg hul voetstap weer.
119:50
HEER, my God, U is regverdig,
u verordening is reg;
u getuienis is billik
en u waarheid waar en heg.
Daarom brand in my 'n ywer,
ywer wat my hart verteer,
as ek sien hoedat die vyand
U nie in u waarheid eer.
119:51
HEER, u woord, dit is gelouterd
en bemind deur my, u kneg,
wat, hoewel hy klein, verag is,
nog aan u bevel bly heg.
U geregtigheid bly ewig,
onveranderlik bestaan,
en u waarheid is 'n waarheid
wat nie wankel of vergaan.
119:52
As ek wandel in benoudheid,
en in diepe angs geraak,
is u woord die één en alles
waar my hart hom in vermaak.
Ewige geregtighede
vloei uit u getuienis.
Leer my daaruit só te lewe
soos die ware lewe is.
119:53
Tot U roep ek; HEER, verhoor my,
en verlos my, maak my trou,
dat ek u getuienisse

heel my lewe lank kan hou.
Op u woord steun my verwagting:
smôrens by die eerste lig
is my oë en my hande
en my stem tot U gerig.
119:54
Diep nog in die stille nagte
as ek niemand wakker hoor,
bring ek my u woord te binne
en bepeins dit oor en oor.
Hoor genadig, wek my lewe
na u heil'ge ordening;
want die snode wetsveragters
kom al nader aangedring.
119:55
Hul kom nader! Kom ook nader!
Ja, ek weet van ouds af al
uit wat U voorheen getuig het:
ewig staan u waarheid pal.
Sien my aan in my ellende,
'k voel my aan u wet verkleef;
wil my regsaak nou verdedig;
laat my, na u woord, herleef.
119:56
Ver's u weldaad van die bose,
want hul swerf van U af weg;
maar oor my is u ontferming:
maak my lewend na u reg.
My vervolgers, vals en vinnig,
hul getal vermeerder nou;
maar dis u getuienisse
wat my voete staande hou.
119:57
'k Het gesien die trouelose -
en gesmaak hoe hul U smaad,
maar dit wek in my 'n walging
dat hul, HEER, u woord verlaat.
Merk tog hoedat u bevele
soetste spys is van my gees;
maak my lewend na die woorde
wat vir ewig waar sal wees.
119:58
Vorste haat my sonder oorsaak,
op my pad vervolg hul my;
maar ek vrees u Woord alleenlik,
en ek is daar vrolik by.

U beloftes gee my vreugde
soos dié wat oorwinnaars smaak,
as hul tel die ryke skatte
op hul togte buitgemaak.
119:59
Leuens haat ek; in u wette
is my lus en liefde=altyd:
en die ganse dag deur sing ek
lof op u geregtigheid.
Vrede is daar, enkel vrede,
en dit daal in die gemoed
van wie u bevele liefhet,
vrede sonder teëspoed.
119:60
Tot U loop ek, op u hoop ek,
op u wette gee ek ag;
en ek hou wat U getuig het
vol van liefde=en stil ontsag.
'k Voeg my stil na u bevele
- mag ek dié maar nooit vergeet!
HEER, U weet dit - al my weë
is voor U wat alles weet.
119:61
Mag my klag maar tot U nader,
mag dit opklim deur die lug!
Maak my, na u woord, verstandig,
red my as ek tot U sug!
Van my lippe stroom die sange,
want U maak my waarlik wys:
al u wette is regverdig,
daarom sal my tong dit prys.
119:62
Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek
en hoe sug ek diep en swaar
na die heil wat U beloof het,
na u kennis wonderklaar!
Laat my leef; o HEER, dan loof ek!
Laat niks my die heil ontroof!
Laat u oordeel my tot hulp wees!
Laat my lewe om te loof!
119:63
HEER, ek is 'n skaap verlore,
in die wildernis verdwaal.
U, my HEER en Herder, bid ek
dat U my tog wil kom haal.
Soek my, bring my weer, u dienaar

wat in al sy harteleed,
en in al sy teënhede,
u gebooie nie vergeet.

Psalm **120**

120:1
As die hoë nood by tye
en die storm van alle sye
dreigend teen my op kom staan,
dan verhef ek my gedagte,
send tot God my bitter klagte,
want Hy neem dit gunstig aan.
120:2
Red my, HEER, in hierdie stonde
van die tong en leuenmonde
wat my smaad in my verdriet.
Watter straf keur God jou waardig,
lastertong wat my so vaardig
met jou lastertaal beskiet?
120:3
Pyle ylings afgevloë
van die staalsterk heldeboë
met 'n dodelike sprong,
saam met vuurstraal uit die rosse
kolegloed van besembosse -
dis jou loon, o valse tong!
120:4
Wee my, dat ek om moet swerwe
waar my sielsrus weg moet sterwe
by dié wat die vrede haat;
by 'n volk wat, as my rede
spreek van vriendskap en van vrede,
des te meer van oorlog praat.

Psalm **121**

121:1
Ek hef my oë bergwaarts heen
en staar die ure óm,
tot my verlossing kom.
My hulp is van die HEER alleen.
Hy, oor my lot bewoë,
is eind'loos in vermoë.
121:2
Bedreig gevaar jou reispad ooit -
Hy is dit wat jou voet

vir wankeling behoed.
Hy, Isr'els wagter, sluimer nooit.
Die HEER is jou ontfermer,
jou skadu en beskermer.
121:3
Die son wat bo jou trekpad staan,
sal jou nie steek by dag;
die maan ook nie by nag.
Die HEER sal met jou samegaan.
Hy, Israels ontfermer,
is altyd jou beskermer.
121:4
Die HEER sal jou bly gadeslaan;
in onheil en gevaar
sal Hy jou siel bewaar.
Wanneer jy uit of in mag gaan -
Hy, Israels ontfermer,
is ewig jou beskermer.

Psalm **122**

122:1
Ek was verheug toe die geluid
weerklink het bo die ruimtes uit:
Kom, laat ons optrek hiervandaan,
om na die HEER se huis te gaan!
O heil'ge stad, gelukkige=oord,
ons voete staan nou in jou poort!
Jerusalem, waar al die stamme
op Gods bevel hul feesdag hou,
Jerusalem is goed gebou
en glinster in die son se vlamme.
122:2
Daar staan die Dawidstroon gestig -
'n regterstoel vir die gerig.
Gelukkig hy wat jou bemin,
wat juigend gaan jou poorte in
en bid dat vrede lank mag duur
in jou paleis en vestingmuur.
Om vriende=en broers soek ek jou vrede;
en om Gods huis, my hoogste skat,
soek ek vir jou die goeie,=o stad,
wat skoonste is van alle stede.

Psalm **123**

123:1

Ek hef tot U wat in die hemel sit,
my oë op en bid.
Net soos die kneg sy oog nie weg wil wéér nie,
of aftrek van sy heer nie;
en soos die diensmaagd smekend van haar vrou nie
die oë af kan hou nie -
so staar ons op die HEER tot daar van Hom
oplaas erbarming kom.
123:2
Wees ons in lydenstyd genadig, HEER,
en red u erfdeel weer!
Ons word, terwyl ons leef in heilsverwagting,
versadig met veragting.
Ons is so moeg van trotsaards en hul smading,
van spot- en skimpversading;
gefolter en verag slaan ons die oog
na U, o God, omhoog.

Psalm **124**

124:1
Laat Israel nou uitroep bly van gees:
Ja, was die HEER nie toe by ons gewees,
toe mensemagte, teen ons aangekant,
ons aangegryp het, in hul toorn ontbrand -
dan was ons lewendig verslind gewees.
124:2
Het toe die HEER sy volk nie bygestaan -
toe trotse waters oor ons heen wou slaan,
dan het die vloed vir ons te sterk geword,
dan het hy bruisend oor ons heengestort,
dan het 'n stroom ons oor die siel gegaan.
124:3
Geloofd sy God: Hy het ons vrygemaak;
die woedende=ondier het ons nie genaak;
God het die dodelike sprong gestuit
en ons nie oorgelewer tot 'n buit.
Dies loof ons God: Hy het ons vrygemaak!
124:4
Die troue HEER het self ons vrygemaak:
die strik is los en ons het vrygeraak,
vry soos 'n voël wat vind sy vryheid weer.
Die eewge God, van alle dinge HEER,
Hy is ons hulp, Hy het ons vrygemaak.

Psalm **125**

125:1
Dié wat op God vertrou,
al kom die vyand aan,
is soos die Sionsberg
wat altyd vas bly staan.
125:2
Die hoë berge is
net soos 'n vaste skans
rondom Jerusalem:
geen vyand het daar kans.
125:3
So is die HEER rondom
sy volk in ewigheid -
'n berg wat vas bly staan
in dag van storm en stryd.
125:4
Hy sal sy Sion wat
op sy verlossing wag,
nie ewiglik laat bly
in tirannieke mag;
125:5
nie ewiglik laat bly
in so 'n droewe staat;
laat hul maar net die hand
nie uitstrek na die kwaad!
125:6
O HEER, wat hul verdoen
wat afwyk van u baan,
doen goed aan wie opreg
die reguit weë gaan.
125:7
Ek bid vir Israel.
Mag vrede=u volk oorsweef!
En mag u vrede bly
solank hul hier sal leef!

Psalm **126**

126:1
Toe God uit smaad en slawerny
ons uit gevangenskap wou lei,
was dit vir ons, beklemd deur vrees,
net soos 'n blye droom gewees.
Ons mond was vrolik, ongebonde
ons tong van blydskap in dié stonde.

Selfs heidenvolke het vertel:
Groot is Gods daad aan Israel!
126:2
Groot was u daad, en ons is bly.
U het gered, en ons in vry!
Maar, HEER, u gunsvolk sit nou weer
in droefnis en ellende neer.
Wil in u trou ons nooit begewe,
maar wend ons lot, laat ons herlewe,
soos waterstrome=in Suiderland
die veld laat juig ná sonnebrand.
126:3
Wie wenend, onder leed en smaad,
die korrels uitstrooi van die saad,
sal in die hoggehalmde graan
eerlang verblyd die sekel slaan.
Al wenend saai hy oor die akker;
maar vrolik word sy saaigraan wakker.
En eind'lik dra sy nyw're hand
die volle gerwe van die land.

Psalm **127**

127:1
Laat bouers bou al wat hul kan -
vergeefs is alles wat hul bou,
as God sy hand daaraan onthou.
Vergeefs, o wagte, waak jul dán,
as God jul nie wil gadeslaan,
sy oog nie oor die stadswal gaan.
127:2
Vergeefs om voordag op te staan,
vergeefs die werk-uur lank gemeet
en brood van smart met smart geëet,
nadat die dag al is gedaan.
God gee, hoe ander ook mag raap,
dit sy bemindes in die slaap.
127:3
Seuns is 'n erfdeel van die HEER;
die gawe van die moederskoot
is 'n beloning eind'loos groot.
Soos pyle wat die vyand keer,
so is die seuns 'n bron van vreug,
die seuns gebore=uit krag van jeug.
127:4
Gelukkig wie dit so mag gaan,
wat soos 'n held sy hand kan vul

met sulke pyle; dit is hul
wat nie verleë hoef te staan,
wanneer die vyand in die poort
vermetel spreek sy hoë woord.

Psalm **128**

128:1
Wie deur Gods vrees bewoë,
trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë
en klaar getekend staan -
die arbeid van sy hande
sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande
met seen hul opbrings bied.
128:2
Soos ons met welgevalle
die wingerdstok aanskou,
en tel die trossetalle
wat ons die blare=ontvou -
so sal sy in jou lewe,
die huisvrou van jou jeug,
aan jou die volheid gewe
van huiselike vreug.
128:3
Soos jong olyfboomplante,
wat uitspruit sterk en fris,
so bloei aan alle kante
jou kinders om jou dis.
O wie van dié getal is,
hy wat die HERE vrees,
vir wie God een en al is -
hy sál geseënd wees.
128:4
Mag ryke seëninge
uit Sion jou bedou;
mag jy dié goeie dinge
van Sionstad aanskou!
mag jy nog, op jou bede,
'n nakroosseen verkry!
En, God van alle vrede,
mag Isr'els vrede bly!

Psalm **129**

129:1

Al van my jeug af was ek martelaar!
Laat Israel dus klaag sy lewensklagte.
Al van my jeug af was ek martelaar! -
Oorweldig deur 'n vloed van meerd're kragte.
129:2
Soos met 'n ploeg wat gaan oor akkerland,
het hul my rug geploeg met diepe vore;
hul het die skaar gedryf met strawwe hand,
maar nooit, nooit was my saak by God verlore.
129:3
Wat is ‘t 'n troos dat God die onreg wreek!
Hy wat regverdig oor my lot gewaak het,
Hy het die ploegtou met een slag verbreek
waarmee die mens sy vore lank gemaak het.
129:4
Laat hul wat Sion haat, veragt'lik wyk
en wees soos saad wat winde uitgesaai het
op hoë dak, wat gou met spruite pryk,
maar gou verdor as skroeiwind dit bewaai het;
129:5
waarin die maaier nooit sy hand sal slaan
om handevol sy goue graan te maai nie;
waar nooit die gerwebinder langs sal gaan
om arremsvol sy koring op te laai nie;
129:6
waar wie verbygaan nooit met handgebaar
en oestydsgroet die maaier sal bejeën,
en sê: "Mag God jul arbeid seën daar!"
waar niemand roep: "Wees in Gods Naam geseën!"

Psalm **130 –**

130:1
Uit dieptes, gans verlore,
van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore
in wanhoop my vergaan;
uit diep van donker nagte
roep ek, o HERE, hoor,
en laat my jammerklagte
tog opklim in u oor!
130:2
As U, o HEER, die sonde
na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde
voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing

altyd by U gewees;
daarom word U met bewing
reg kinderlik gevrees.
130:3
Soos een wat op die mure
as wagter uitgestel,
gedurigdeur die ure
met sy gedagte tel -
só wag my siel, en sterker,
gedurig op die HEER,
tot Hy, die Ligbewerker,
die nag in daagraad keer.
130:4
Hoop, Isr'el in jou klagte;
vertrou, o volk, wat treur;
sy guns verduur die nagte,
sy heil breek eind'lik deur.
Dan skyn 'n soete vrede:
gans Israel word vry
van ongeregtighede.
HEER, doen ook so aan my!
.

Psalm **131**

131:1
My hart is nie hoogmoedig, HEER!
My oog nie trots nie; ek verkeer,
ek wandel nie in wat te groot,
te diep is vir u gunsgenoot.
131:2
Voorwaar my siel is in my stil,
weer één met God se heil'ge wil.
Net soos 'n kind, tevrede by
sy moeder, is my siel in my.
131:3
Laat Isr'el op die HEER vertrou,
sy hoop op Gods ontferming bou,
en stil berus in sy beleid
van nou af tot in ewigheid.

Psalm **132**

132:1
Gedenk aan Dawid; hoe hy, HEER,
u woning met sy sorg wou eer!
Gedenk sy eed, aan U gesweer;
aan Jakobs sterke God het hy

geloftewoord dús toegewy:
132:2
"Ek sal my woning nie betree,
my nie begeef na stille stee
- waar ek my oë rus sal gee,
my oëlede sluimering-
voordat ek hierdie eed volbring, -
132:3
"voordat ek Hom, die eewge HEER,
die Magtige van Jakob, eer;
voor 'k onder al die stamme weer
die eerbied-stille stee ontdek,
waar Hy sy woning kan betrek."
132:4
Die tyding gaan van mond tot mond:
in Efrata - so klink dit rond -
daar is die ark op Jaärs grond!
Daar het ons as geheimenis
dit weer gevind, die heil'ge kis.
132:5
Kom, laat ons na sy woning gaan
en, biddend in sy voorhof, aan
die voetbank van sy voete staan.
Staan op, u rusplek wag, o HEER,
U met die ark van sterkte=en eer!
132:6
Beklee, o hoogste Majesteit,
u priesters met geregtigheid!
U volk moet juig, in U verblyd.
En wys om Dawids wil nie meer
u ryksgesalfde af, o HEER!
132:7
U het aan Dawid in u trou
gesweer dat U sy troon sal bou
- wie kan U in u mag weerhou? -
"Jou seuns, tot in die verste lid,
sal 'k op jou glorietroon laat sit.
132:8
"Hou hul by verbond die wag,
gee hul op my getuig'nis ag,
dan rys oor hul 'n eewge dag:
wat ook mag wyk of ondergaan,
jou troon sal altyd vas bly staan."
132:9
Want Sion word deur God geëer,
as woonplek het Hy dit begeer.

"Dit is my rusplek," sê die HEER.
"Hier vestig ek my huis en troon,
en hier wil Ek vir ewig woon.
132:10
"In Sion is my seën groot,
hier red Ek armes uit die nood,
hier is versadiging met brood.
My priesters sal 'k met heil beklee,
my gunsgenote jubel mee.
132:11
"Aan Dawid gee Ek heerskappy;
'n lamp is vir hom toeberei,
en skaamte=oordek sy teenparty.
Maar op sy hoof sal wonderskoon
en ewig blink die gloriekroon."

Psalm **133**

133:1
Hoe goed is dit - 'n huis vol lieflikhede! -
dat broeders woon in onverstoorb're vrede.
Soos salf wat kunstig toeberei,
om Arons hoof 'n sagte geur versprei,
sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek -
so sal die liefde liefde wek.
133:2
Dis soos die dou van Hermon, ryk nes reën,
op Sions berg: die HEER gebied die seën,
die lewe tot in ewigheid.

Psalm **134**

134:1
O priesters, wat voor God bly staan,
wanneer die sonlig ondergaan,
wanneer die laaste straal verskiet -
o loof die HEER in sang en lied!
134:2
O hef vir ons 'n naglied aan,
wanneer ons weer van hier moet gaan;
hef priesterlike hande=en pleit,
as alles rus in donkerheid.

Die Priesters:
134:3
Die HEER se seen sal met u gaan,
en ons sal biddend voor Hom staan.

Hy wat beveel en - dit geskied,
Hy sal sy seen oor u gebied.

134:4
Laat, HEER, u seën op hul daal,
u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en - dit geskied,
wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Psalm 135

135:1
Prys die Naam van onse HEER!
Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer,
al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis
van sy Naam wat lieflik is.
135:2
Loof die HEER se goedheid luid,
al wie in sy voorhof kom!
Want Hy kies vir Jakob uit,
Is'rel tot sy eiendom.
Bo al wat die mens vereer –
groot, dit weet ek, is die HEER.
135:3
In die hoogte sit die HEER;
daar doen Hy wat Hom behaag;
Hy stuur sy bevele neer,
en sy wil geskied omlaag.
See en aarde luister stil,
met die dieptes, na sy wil.
135:4
Hy wat wolke=en dampe stuur
van die aard' se verste end,
Hy's dit wat die bliksemvuur
in die onweerswolke wend.
Hy bring winde deur sy woord
uit sy skatgewelwe voort.
135:5
Hy 't sy strafbevel gegee:
eersgeborenes verslaan,
van die mens af tot die vee.
Wonders het Hom voorgegaan -
tekens van sy strenge hand
in jou midde,= Egipteland!

135:6
God het Faro's mag weerstaan.
Volke=en konings het beswyk.
Sihon het Hy neergeslaan
met die vors van Basans ryk.
Kana'ns ryke ‘t neergestort,
vir Gods volk 'n buit geword.
135:7
Ná die veertig jaar van swerf
het die HEER vir Israel,
vir sy volk die land laat erf
na sy vaste bondsbestel.
HEER, U Naam verduur die tyd:
dit bestaan in ewigheid!
135:8
U Gedenknaam, HEER, sal leef
tot die verste nageslag.
U sal nooit u volk begeef,
maar U hou oor hul die wag.
En U knegte, skoon ontrou,
U sal hul in liefde= aanskou.
135:9
Gode van die heidendom,
goue=of silwerbeeltenis,
waar die mens sy knie voor krom,
niks as eie maaksel is:
daar’s 'n mond, maar sonder taal;
daar’s 'n oog, maar sonder straal.
135:10
Ore het hul, maar dié’s doof
vir die klank van stem of taal;
ook 'n mond, maar afgodshoof
kan daarmee nie asemhaal.
Laat dié wat hom dien en vrees,
soos die afgod, net só wees.
135:11
Huis van Isr'el, loof die HEER!
Huis, van Aron, loof die HEER!
Huis van Levi, loof die HEER!
Almal wat Hóm vrees en eer -
laat dit klink op hoogste toon:
"Loof God wat in Sion woon!"

Psalm **136**

136:1
Loof die HEER met blye klank,

loof sy Naam, bewys Hom dank;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:2
Loof die hoogste God en HEER,
wat alle=aardse mag regeer;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:3
Loof die God wat onbeperk
wonders in sy almag werk;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:4
Hy ‘t alwys die eewge blou
van die hemele gebou;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:5
En die aarde,=omlaag, het Hy
oor die seevlak uitgebrei;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:6
Loof God! Ligte, groot van glans,
stel Hy aan die hemeltrans;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:7
Aan die son gee Hy gesag,
opperheerskappy by dag;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:8
Maan en sterre,=in minder prag,
lig en vonkel deur die nag;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:9
Hy ‘t Egipte swaar getref;
teen hul kroos sy hand gehef;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:10
En sy Isr'el uitgelei
uit Egiptes slawerny;

want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:11
Sterk van hand, sy arm gestrek,
het Hy hul van daar laat trek;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:12
Hy ‘t die Skelfsee deurgesny
en hul middeldeur gelei;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:13
Faro met sy leër word
in die diepte neergestort;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:14
En hy het sy volk gelei
deur die wilde woesteny;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:15
Hy het koninge gedood
wat geweldig was en groot;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:16
Hy het voor sy volk gegaan -
Og en Sihon neergeslaan;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:17
En hul land is toe geheel
aan sy Isr'el toegedeel;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:18
Hy ‘t aan ons gedink in druk;
aan ons vyand ons ontruk;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!
136:19
Loof die HEER wat ewig leef,
mens en dier hul spyse geef;
want sy goedertierenheid

sal bestaan in ewigheid!
136:20
Loof dié God, dié Hemelheer,
allerhoogste=in mag en eer;
want sy goedertierenheid
sal bestaan in ewigheid!

Psalm **137**

137:1
Aan die riviere ‘t ons gesit
in Babel en geween,
as swerfgedagte=ons hartseer wek
en trek na Sion heen.
137:2
Ons het aan wilgerbome daar
ons siters opgehang.
Want hul by wie ons slaaf was, het
'n lied van ons verlang;
137:3
hul wat ons onderdruk het, wou
van ons 'n feessang hoor:
"Kom, sing ons nou 'n Sionslied,
'n tempellofsang voor!"
137:4
Die HEER se lied in vreemde land! -
ons kan dit hier nie sing.
Ons rou en treur, maar Sion leef
in ons herinnering!
137:5
My hand sal weier om te speel
voordat ek ooit, ontrou,
Jerusalem sal kan vergeet.
Nee, 'k sal, ék sal onthou.
137:6
My tong sal aan my mond bly kleef
as ek jou ooit vergeet,
en jou nie loof bo wat ek hier
my hoogste vreugde heet.
137:7
O HEER, vergeld aan Edom tog
die dag van Sions nood,
toe hul gesê het: "Kom, ontbloot
dit tot die grond, ontbloot!"
137:8
O Babel, wat verwoes sal word,
gelukkig prys ek hom

wat gruweldaad ons aangedoen,
weer op jou neer laat kom.
137:9
Jy wat in Sion vrou en kind
verdelg het voor jou knots -
gelukkig hy wat nou jóú kroos
verpletter teen die rots.

Psalm **138**

138:1
'k Sal met my ganse hart, o HEER,
U loof en eer, / u hoogheid huldig,
en voor die gode,=in psalmgeklank,
U bring die dank, / aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis,
na u paleis, / die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam,
u heil'ge Naam / eerbiedig lowe.
138:2
Hoe hoog is nou in elke oord
u Naam en woord / omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed,
verhoor, gered, / my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER,
u grootheid eer / in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor
en aansweef oor / hul wank'le trone.
138:3
Dan breek hul saam in sangstem uit;
'n lofgeluid / klink U dan teë.
Want groot is God in heerlikheid;
sy majesteit / in al sy weë.
Hy slaan, hoewel oneindig hoog,
op hul die oog / wat needrig lewe.
Maar sien van ver die kleinheid aan
van grootheidswaan / wat hoog wil strewe.
138:4
As in my angs en teëspoed
die krag en moed / my wil begewe,
as vyande van veglus brand,
dan kéér u hand / en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk:
Hy sal sy werk / deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar,
tog nóú nie vaar, / en nimmermeer nie.

Psalm **139**

139:1
Daar's niks voor U bedek, o HEER!
U skou uit eewge dieptes neer
en sien my hart en wandel aan:
al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het -
U weet al wat my hart bedink het.
139:2
My gaan en lê, waar ek my wend -
my weë is aan U bekend;
geen woord het nog my tong ontval
of kyk, o HEER, u weet dit al.
U sluit my in: ek is gevange,
u hand's op my in al my gange.
139:3
Die kennis is te hoog vir my,
te wonderbaar - wie haal daarby?
Waar sou ek heengaan voor u Gees,
of vlug, om van U weg te wees?
'k Kan nêrens my aan U onttrek nie,
want niks kan my voor U bedek nie.
139:4
As ek op vleu'ls die hemel naak,
of diep omlaag my slaapplek maak;
vlieg ek met daagraadsvlerke mee,
of woon ek aan die verste see -
daar is geen verte wat my skei nie,
dat my u hand nie daar sou lei nie.
139:5
Wanneer ek sê: "Die donkerheid
bedek my voor u majesteit,"
dan is die nag 'n helder lig
wat my ontdek aan u gesig.
Vir U, HEER, is die nag se duister
net soos die dag in glans en luister.
139:6
U 't my geheel en al deurgrond,
selfs voor my eerste lewenstond.
Gans wonderbaarlik voortgebring,
sal ek verbaas u grootheid sing
as ek aanskou u grootheidsmerke.
Hoe wonderlik is al u werke!
139:7
U oog sien in die dieptes neer,
U 't my gebeente=aanskou, o HEER,

toe ek, van mense ongemerk,
soos kunsborduursel fyn bewerk,
gemaak is in die aarde onder -
'n toonbeeld van u skeppingswonder.
139:8
U het, daar niks u blik weerhou,
my ongevormde klomp aanskou.
U wysheid, HEER, wat nimmer faal,
het my geboortestond bepaal;
voor iets van my ‘t begin te lewe,
was alles in u boek geskrewe.
139:9
Hoe kost'lik u gedagtes, HEER!
Ek tel - en hul word altyd meer.
Geweldig groot is hulle som,
waar nooit my reekning by kan kom:
meer as die sand van see en mere.
Ontwaak ek - ek is by U, HERE!
139:10
Mag U die goddelose tref
wat hulle trots teen U verhef!
Wyk almal weg wat my omgeef,
aan wie se hand die bloedvlek kleef,
dié wat geveinsd God wel geag het,
maar vir Gods hoogheid geen gesag het!
139:11
Sou ek nie haat van ganser hart
wie in hul hoogheid U wil tart?
Sou ek my nie met afsku keer
van dié wat teen U opstaan, HEER?
Ek smaad - omdat hul U gesmaad het;
ek haat - omdat hul U gehaat het.
139:12
Deurgrond, o HEER, en ken die swart,
verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees,
'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede
tog op die weg van eewge vrede.

Psalm **140**

140:1
O HEER, verlos my van die man
wat heil soek in geweld en kwaad,
wat hart en hand laat samespan
tot stryd en goddelose daad.

140:2
Hul maak hul tong skerp soos 'n slang,
vol gif van adders is hul mond.
Help my, dat manne my nie vang
wat my wil neerwerp teen die grond.
140:3
Die trotsaard loer al op my gang:
digby my voet, daar lê sy net!
Ek móét daarin, ek word gevang
as U, o God, dit nie belet.
140:4
Ek het toe tot die HEER gespreek:
U is my God, wat my verhoor.
Ag, luister dan wanneer ek smeek,
en neig tot my geroep u oor!
140:5
O HEER, in wie my heil sy stut,
my lewe sy gewisheid het -
U is dit wat my hoof beskut
en in die stryd my val belet.
140:6
Laat dit die bose nie geluk,
maar stuit sy hand voor hy my tref;
verhinder tog sy gruwelstuk,
sodat hy hom nie trots verhef.
140:7
Aanstigters van die leuenwerk,
wat steun op lis en slinkse taal -
mag die vergelding, vol en sterk,
nou op hul hoofde neer kom daal.
140:8
Werp vuurge kole op hul af,
laat vlamme om hul lende slaan;
'n diepe kuil - maak dit hul graf
waaruit hul nooit weer op sal staan!
140:9
Die trouelose nietigheid
van leuenaars hou nimmer stand;
geweldenaars het korte tyd
en onheil jaag die dwingeland.
140:10
Die HERE sal, dis wat ek weet,
die regsaak van die arme rig;
in druk sal Hy hom nie vergeet,
maar hom die lydenslas verlig.
140:11

Gewis, regverdiges sal, vry
van smaad, U loof op hoë toon,
opregtes nie meer onreg ly,
maar veilig voor u aanskyn woon.

Psalm **141**

141:1
As daar vir my geen hulp of raad is,
roep ek, o HEER, hoor my gebed!
Ag, haas U tot my hulp, en red
voordat dit hier met my te laat is.
141:2
Laat soos die geur van wierookbrande
my bee wees voor u aangesig;
soos offerspys, saans toegerig,
my biddend opgehewe hande.
141:3
Mag nooit my woord U smaad, o HEER, nie!
Rys smaadtaal uit die hart se grond -
ag, wil dit wegweer van my mond,
dat ek u Naam nooit mag onteer nie!
141:4
Bewaar my hart, gedagte=en handel,
sodat ek nooit die vreug mag smaak,
of deel mag neem aan feesvermaak
van wie in goddeloosheid wandel.
141:5
'k Voel my aan liefdetug verbonde:
soos hoofsalf vir my hoof is ‘t my
as die opregte my kasty;
want liefdetug die laat geen wonde.
141:6
Teen bose daad stel ek my bede.
Is hul verleiers swaar gestraf,
gestort van hoë bergrots af,
dan sal hul weet: my woord was vrede.
141:7
Net soos 'n ploeg langs donker vore
die kluite her- en derwaarts gooi -
so lê ons beendere verstrooi,
op velde van die dood verlore.
141:8
Op U rig ek my wenende=oë;
by U, o HERE, skuil ek. Giet
my siel nie uit in my verdriet.
Ek soek my krag in u vermoë.

141:9
HEER, hou my in die regte spore,
want manne, vreemd aan trou en reg,
verberg hul vangnet langs my weg:
een misstap, en ek is verlore.
141:10
Laat hulle staan waar ek gestaan het;
laat hulle met hul plan en al
tesaam sélf in hul vangkuil val,
terwyl ék stil verbygegaan het.

Psalm **142**

142:1
Ek roep tot God met groot geluid;
ek stort my klag soos water uit;
ek klaag my node in Gods oor,
want Hy sal my gebed verhoor.
142:2
Wanneer my gees van druk versmag,
ken U my pad in lydensnag.
Hul het hul vangnet, HEER, vir my
arglistig op my weg gesprei.
142:3
Na regs wend ek my oë - en
daar' s niemand wat my nou wil ken;
daar' s nou vir my geen toevlug meer,
en niemand sorg vir my, o HEER!
142:4
Wat dan? Ek wend my tot U heen;
U is my skuilplek, U alleen.
U is, so lank ek leef, my deel,
dié God aan wie ek my beveel.
142:5
Hoor in die nood my roepstem, HEER,
want ek is swak en uitgeteer;
maak my van my vervolgers vry,
want hul getal oorweldig my.
142:6
Voer my uit die gevangenis
waarin my siel gekerker is;
dan sal 'n skare my omring
en vrolik van u weldaad sing.

Psalm **143**

143:1

O HEER, ek roep, hoor my gebede.
Daar is in my geen stilte=of vrede!
Ek smeek tot U, o hoor my nou!
Ek pleit op u geregtighede,
en ek verlaat my op u trou.
143:2
Ag, reken met u kneg nie af nie,
en wil my na u wet nie straf nie;
want niemand wat voor U bestaan,
kan pleit- of regsgrond ooit verskaf nie,
dat hy u vonnis sou ontgaan.
143:3
Die vyand volg my op my skrede,
hy trap my afgesloofde lede
en laat my woon in duisternis,
soos een wat dood is, lank gelede
uit die herinn'ring uitgewis.
143:4
My gees versmag by so='n benouing,
my hart verstyf by die aanskouing;
en ek herdenk die beter dag
van u genadige aanskouing
van redding deur u wondermag.
143:5
Ek hef my hande na die hoë,
ek kwyn voor U in onvermoë
net soos 'n dorstige=akkerland,
wat in die son lê uit te droë
en gloei in hitte=en somerbrand.
143:6
Verhoor my, HEER; wil nie meer wag nie;
en laat my gees tog nie versmag nie!
Verberg u aanskyn nie vir my,
dat ek soos dié nie word geag nie
wat in die kuil het afgegly!
143:7
Laat by die eerste môreglore
u goedheid fluister in my ore!
Op U vertrou ek, laat my tref
die veil'ge pad en regte spore,
daar ek my siel tot U verhef!
143:8
Verlos my, HEER, van hinderlae;
en wil my leer u welbehae.
Ek skuil by U, vat U my hand,
en laat u Gees in al my dae

my voortlei in 'n veil'ge land.
143:9
Laat hier u guns my nooit begewe;
skenk om U selfs wil my die lewe!
En laat my siel weer wees verblyd,
van sy benoudheid wees onthewe.
Ek pleit op u geregtigheid.
143:10
Laat dit die vyand nooit geluk nie.
Vernietig hul, laat mý nie buk nie;
bring almal om wat my beveg.
Laat hulle nie meer my verdruk nie,
want, HEER, ek is, ek is u kneg!

Psalm **144**

144:1
Geloofd sy God wat my in wank'le tyd
'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;
wat tot die kryg my hande toeberei,
so goed is en 'n vestingwerk vir my;
wat my die skans tot redding wil verstrek,
by wie ek skuil, daar my sy skild oordek;
wat in die stryd my altyd trou bewaak
en nou my volk aan my gehoorsaam maak.
144:2
Wat is die mens, o HEER; wat sy geslag?
En wat is hy dat U op hom sou ag?
Soos skaduwees verswind sy lewenstyd:
en sy bestaan is enkel ydelheid.
Buig, HEER, die hoë hemel en daal af!
Strek uit u hand, tref berge met u straf,
dat rook kan opstyg uit hul ingewand,
en slinger neer van bo u hemelbrand!
144:3
Verwar, verstrooi my harde teenparty,
stuur uit u pyl en laat dit vir my stry.
Strek uit u hand van hoë hemel neer
en hef my hoof uit wilde waters, HEER!
Verlos my uit 'n see van ramp en nood,
want vreemdes dreig my met 'n wisse dood.
Hul mond spreek leuens en hul regterhand
doen by hul eed dié leuenwoord gestand.
144:4
O God, ek wil opnuut my dank U bring
en by die harp my psalmgesang U sing,
U wat aan Dawid die oorwinning gee

oor reuse-swaard, vir sy verderf gesmee.
Verlos my uit 'n see van ramp en nood,
want vreemdes dreig my met 'n wisse dood.
Hul mond spreek leuens en hul regterhand
doen by hul eed dié leuenwoord gestand.
144:5
Dan sal ons seuns soos plante ons verheug:
hoog opgekweek en sterk wees in hul jeug;
ons dogters soos pilare, na die eis
gebeitel van 'n skone rotspaleis;
ons skure vol van voorraad ongeteld,
ons kleinvee talloos hupp'lend oor die veld,
ons beeste swaar gelaai; geen bres alom,
waar krygsgeskreeu ons stand kan binnekom.
144:6
Welsalig - dus hef ek my slotsang aan -
welsalig is die volk wie ‘t só mag gaan!
Welsalig hul wat by dié groot genot
van volle heil, die HEER het tot hul God!

Psalm **145**

145:1
U Naam, o HEER, so hoog in heerlikheid,
wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone=oorstraal,
wil ek verhoog in onvermoeide taal.
145:2
Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid
wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet,
dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
145:3
Omdat, o God, in dié geheimenis
vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wérk, u dáád van krag,
van kind tot kind, tot in die nageslag.
145:4
Die skitterglans wat uit u majesteit
u wonderwerk bestraal met heerlikheid,
gedugte krag wat ons van angs laat vrees,
u grootheid, HEER - dit sal my lofsang wees.
145:5
Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink
en vir u heil die jubels op laat klink:
genadig, goed, lankmoedig soos weleer,
barmhartig en 'n redder is die HEER.

145:6
Al wat deur Hom die aansyn mag geniet,
is met 'n stroom van goedheid mild oorgiet.
Daarbuite juig, gehoor en ongehoor,
sy kreatuur - 'n ganse skeppingskoor!
145:7
Maar bo hul uit weerklink 'n ander prys:
Gods gunsvolk sing sy roem op klaarder wys,
dat elke volk kan hoor die groot gerug
van heerskappy wat wegdreun deur die lug.
145:8
U magdaad blink - 'n son aan die gewelf!
U koninkryk is ewig soos Uself.
Tog help U, HEER, wie hier voor onheil swig,
wie neerstort, word deur U weer opgerig.
145:9
Daar's oë wat in sterk verlange smag,
hul wag op U, ja, alle skeps'le wag:
U spysig hul, u wonderhand alleen
versadig hul en strooi 'n volle seen.
145:10
Die Heer is reg in al sy weg en werk,
sy goedheid ken, die wêreld deur, geen perk.
Hy is naby die siel wat tot Hom sug,
Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug.
145:11
Hy gee die wens van almal wat Hom vrees;
op hul geroep wil Hy 'n redder wees.
Sy hand verdelg die goddelose, maar
dié wat Hom liefhet, sal die HEER bewaar.
145:12
Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?...
Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!
Laat alle vlees vir ewig en altyd
sy Naam verhef so hoog in heerlikheid!

Psalm **146**

146:1
Prys die HEER met blye galme,
o my siel, daar's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme
vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied,
altyd groot maak in my lied.
146:2
Moet op prinse nie vertrou nie,

by wie niemand heil kan vind -
op die mens jou hoop nie bou nie;
want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer
en hul raadslag stort terneer.
146:3
Salig hy wat in die lewe,
sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe,
vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag
op die HERE=alleen bly wag.
146:4
Dis die HEER wat aarde=en hemel,
die getuies van sy mag,
met die see en wat daar wemel,
voortgebring het deur sy krag;
wat, onwrikbaar in sy trou,
altyd sy beloftes hou.
146:5
Dis die HEER wat aan die arme
in sy druk laat reg geskied,
wat uit liefderyke=erbarme
hongeriges spyse bied;
wat gevang'nes vryheid skenk
en hul in hul smart gedenk.
146:6
Dis die HEER se mededoë
wat die blinde oog verlig;
wie in stof lê neergeboë,
word deur Hom weer opgerig.
Hy bemin dié wat opreg
wandel in sy woord en weg.
146:7
Dis die HEER wat vreemdelinge
met 'n wakende=oog aanskou,
weduwees in twisgedinge,
met hul wese, staande hou.
Maar sy arm, hul steun en hoop,
stuit die bose in sy loop.
146:8
Dis die God der leërmagte,
troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte,
tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing dié God ter eer,

prys sy grootheid, loof die HEER!

Psalm **147**

147:1
Laat voor die HEER 'n lofsang rys!
Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om dié lof te sing,
die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou,
Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf,
versamel op die heil'ge erf.
147:2
Hy heel gebrokenes van hart,
en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver;
Hy tel en roep die laaste ster;
sy krag en kennis, ongemeet,
oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer,
maar goddeloses werp Hy neer.
147:3
Sing daarom voor die HEER u dank,
psalmsing Hom by die siterklank!
Hom wat die lug met wolke=oorsprei
en vir die aarde reen berei,
wat op die berge gras en kruid,
die voedsel vir die vee laat spruit,
die rawe-nes op milde wys
versorg, wanneer dit roep om spys.
147:4
Gods sterkte=is nie soos mensemag
wat heil van oorlogsperde wag,
of van die bene, sterk gebou,
waarop die krygsman vas vertrou.
Maar húl alleen kan Hom behaag
wat needrig na sy sterkte vraag,
en, hoe dit ook mag teëloop,
Hom vrees en op sy goedheid hoop.
147:5
Laat nou jou stem, o Salem, rys!
O Sion, wil die HERE prys!
Hy dek jou dig vir slag en stoot,
versterk jou poorte teen die nood.
Hy seen jou kinders met jou mee
as Hy jou land die vrede gee.

Hy laat jou akkers wuiwend staan
en voed jou met die beste graan.
147:6
Hy stuur van bo sy koningswoord,
snel vlieg dit heen van oord tot oord.
Dit is die God van lug en weer
wat strooi soos wol sy sneeuvlok neer.
Natuur moet op sy wenke pas:
Hy strooi rondom sy ryp soos as,
die waters groei tot ysblok aan -
wie kan voor so 'n kou bestaan?
147:7
Hy stuur sy woord, sy wind - hul smelt,
die waters stroom weer oor die veld.
So laat hy guns op almal daal,
oor Isr'el het die wonderstraal
van waarheidskennis opgegaan;
so het Hy aan geen volk gedaan.
Húl ken sy ryksverordening;
húl moet uit dank sy grootheid sing!

Psalm **148**

148:1
Loof uit die heemle, loof die HEER!
Loof in die hoogtes, sing sy eer!
Loof, heil'ge eng'le, om sy troon,
die God wat in die hoogte woon!
Loof almal saam, o leërmagte,
wat Hom omring as troue wagte!
Loof, blink gesternte, maan en son:
Hy is van alle lig die bron.
148:2
Loof, hemel van die heemle hoog,
en waters van die wolkeboog,
wat van die aarde ‘t opgevlug
tot in die boonste, ligte lug!
Want op sy woord is hul geworde;
Hy ‘t hul bevestig en 'n orde
vir ewig en altoos gegee -
geeneen van hul sal dit oortree.
148:3
Loof van die aard’ die HEER se Naam,
o walvis, met die dieptes saam!
Loof, sneeu en damp! Loof, vuur en hael
wat uit die onweershemel daal!
Loof, wind wat aanstorm oor die velde

en bruisend ons sy woord kom melde!
Loof, berg en bult, en boom en vrug,
en seders van die hoë lug!
148:4
Loof, wilde diere=en alle vee;
en al wat kruip, loof almal mee!
Loof, voëls in die vrye lug!
Loof, volke=en konings hoog gedug!
Loof, regters in jul regsgedinge;
die maagde met die jongelinge!
Sing, oud en jonk, verruk van vreug -
wees in die God van heil verheug!
148:5
Laat almal saam die HERE prys:
sy Naam alleen het hoog gerys;
oor aarde=en hemel, ver en wyd,
sien ons sy glans en majesteit.
Hy wou die horing vol vermoë,
die glorie van sy volk verhoë:
Sing dan, o volk, met hoog geskal
die lofsang van die groot heelal!

Psalm **149**

149:1
Sing tot Gods eer met lof en dank
'n nuwe lied met nuwe klank,
o al sy gunstelinge!
Laat Isr'el voor sy Maker juig,
laat Sion voor sy Koning buig,
die HEER van alle dinge!
149:2
Hul moet sy Naam en roem laat hoor
in feesgesang en sangerskoor,
met harp en trommelslae!
Die HEER ‘t sy volk weer guns betoon,
sagmoediges met heil gekroon
uit vrye welbehae.
149:3
Laat hulle juig in staat van eer,
juig op die bed waar hul weleer
die lydensug geslaak het!
Gods lofverheffing in hul stem,
die slagswaard in hul hand geklem,
wat tot die straf ontwaak het!
149:4
Selfs konings moet in kettings gaan,

en eedles, in die boei geslaan,
is magt'loos krygsgevange.
Die eeue-oue=oordeel word voltrek;
die HEER ‘t sy volk met roem oordek.
Loof Hom, my jubelsange!

Psalm **150**

150:1
Loof God, loof sy Naam alom!
Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag
in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëndhede,
om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit -
voor sy troon en hier benede!
150:2
Loof God met basuingeklank!
Gee Hom eer, bewys Hom dank!
Loof Hom met die harp en luit!
Loof Hom met die trom en fluit!
Loof Hom met die blye snare!
Al wat klank het - laat dit hoor,
laat dit opklink uit die koor
van 'n juigend-blye skare!
150:3
Loof God - dit is sy bevel -
met die helder simbelspel!
Loof Hom met die klinkmetaal
van die vrolike simbaal!
Loof die HEER en gee Hom ere -
al wat kruip en roer en sweef,
al wat asem het en leef!
Halleluja, loof die HERE!

SKRIFBERYMINGS

1 Lofsang van Maria

1:1

Ek wil die hoogste Heer
met blye roemtaal eer,
my Redder en Bewaker.
In nederige staat
wou Hy my nie verlaat,
my God en Saligmaker.

1:2

Van nou af sal hul roem:
hul sal my salig noem,
want God was my gedagtig;
sy wonderwoord aan my
het God bevestig, Hy
wat heilig is en magtig.

1:3

Barmhartigheid verleen
Hy deur geslagte heen
aan wie in Godsvrees lewe.
Sy arm, gedurigdeur,
tot kragdaad opgebeur,
is magtig, hoog verhewe.

1:4

Soos stoppels voor die wind
dryf Hy die mensekind,
met al sy trotse planne.

Sy arm, met sterkte=omgord,

het van hul troon gestort

maghebbers en tiranne.

1:5

Wie klein is voor sy oog,

het God in eer verhoog,

wie honger is, versadig;

maar Hy ‘t in onspoeds-uur

die rykes weggestuur,

verleë=en onversadig.

1:6

Hy het sy bondsbestel

vervul aan Israel,

sy eewge heilsgedagte;

ontferming toegeseg

aan Abraham, sy kneg

tot verre nageslagte.

2 Lofsang van Sagaria

2:1

Loof nou die God van Israel

wat op sy volk se roepstem merk,

wat na sy vaste bondsbestel

vir ons verlossing wil bewerk.

Hy het 'n horing opgerig:

'n sterkte=in Dawids huis gestig,

tot heil van al sy knegte.

Profetestem het dit geprofeteer

van aanbegin af, altyd weer,

totdat die raad vervul was van die Heer.

2:2

Die Heer hou sy verbond in stand

en maak ons van ons vyand vry,

Hy red ons van die harde hand

wat ons wil kneg in slawerny -

om aan ons vaders te gedenk

en hul barmhartigheid te skenk.

Aan sy verbond gedagtig,

kan nooit sy eed Hom immermeer berou,

maar sal Hy, aan sy woord getrou,

aan Abraham al sy beloftes hou.

2:3

Hy maak na sy beloftenis,

dat ons - verlos van bande=en vrees,

verlos van wie ons vyand is -

sy knegte immermeer sal wees;

om, tot 'n hoër diens bereid,

Hom reg te dien in heiligheid

in al ons lewensdae.

En jy, o kindjie, aan die Heer gewy,

die Hoogste se profeet is jy,

herout van Hom wat groot is en naby.

2:4

Jy sal, o kind, vooruit moet gaan

om voor die Heer se aangesig

die weë voor sy voet te baan:

jy sal sy volk eers moet verlig

met kennis van die saligheid;

want God skeld nou die sondes kwyt

uit innerlike=erbarming.

Nou rys 'n ligglans aan die donker boog,

nou sal die Heer op hart en oog

die lewenslig laat neerstraal van omhoog.

2:5

Dié ligstraal sal hul ook verlig

wat nou nog woon in duisternis;

dit sal ons wank'le voetstap rig

op paaie waar dit vrede is.

3 Lofsang van Simeon

3:1

Neem nou maar, Heer, u kneg

na u belofte weg,

en laat hom gaan in vrede -

nou hy die saalge dag,

so lank deur hom verwag,

gesien het op sy bede.

3:2

'n Lig het opgegaan,

'n helder stralebaan

skiet deur die donker wolke.

Dit is Immanuel,

die Vors van Israel,

die Lig van alle volke.

4 Engelesang

4:1

En daar was by Betlehem

in die stilte van die nag

herders in die vrye veld

by hul skape op die wag,

toe 'n engel van omhoog

skielik neerdaal voor hul oog.

4:2

Voor die heerlikheid van God

het die donker nag moes swig,

maar die herders het gevrees
vir die wonderbare lig
wat met hemelse gestraal
skielik oor die velde daal.
4:3
Maar die engel het geroep:
"Moenie skrik nie, moenie vrees,
want ek boodskap vreugde wat
vir die hele volk sal wees."
"Die Verlosser", juig sy stem,
"is gebore=in Betlehem.
4:4
"Hy, die Heer en Christus, lê
- dis die teken van die Kind -
rustig in die voerkrip neer
en in doeke toegebind."
En toe klink 'n lofsang daar
van 'n ganse engelskaar:
4:5
"Eer aan God, die hoogste Heer!"
ruis dit uit 'n stemmesee.
"Vrede=op aarde, vrede weer!"
En die donker nag ruis mee.
"Welbehae, eind'loos groot,

in die mens, Gods gunsgenoot!"

4:6

Toe die engele weer gaan

na die hemel, hoog en klaar,

en dit stil was op die veld,

sê die herders vir mekaar:

"Laat ons gaan en sien die saak

deur die Heer bekend gemaak!"

4:7

En die herders het gegaan;

en hul het die Wonderkind

in die voerkrip toegedek

by die moedermaagd gevind,

en hul het in blye taal

van die Wonderkind verhaal.

4:8

Almal was verwonderd oor

wat die herders openbaar;

maar Maria het die woord

peinsend in haar hart bewaar.

En hul stem het God geprys

vir sy woord en gunsbewys.

5 Die Woord het vlees geword

5:1

Die Woord het vlees geword

en onder ons gewoon.

Ons het sy heerlikheid aanskou,

dié van Gods eenge Soon;

5:2

die heerlikheid van Hom

wat van die Vader kom,

wat vol genade=en derenis

en vol van waarheid is.

6 Die Kruiswoorde

6:1

Oor die kruis neersinkend, bid Hy:

"Vader, ag vergeef hul dit,

want hul weer nie wat hul doen nie."

As Hy so sy bede bid,

dan weerklink daar, slag ná slag,

hamerhoue van die wag.

6:2

Aan die moord'naar, haas verlore,

word die hoogste guns bewys:

"Hede sal jul met My saam wees

in die vredesparadys."

Dan troos vrede=in volle vloed

die verbryselde gemoed.

6:3

By die kruispaal staan Maria,

en Johannes word haar kind:

deur die kruiswoord: "seun" en "moeder",

word sy aan sy sorg verbind.

En hy ‘t haar, van nooddruf vry,

al sy liefde toegewy.

6:4

Middagklare son word duister:

deur die duister noodgeskrei:

"O my God, my God en Helper,

waarom tog verlaat U My?"

Jesus sink, ná sware stryd

in dié dubb'le donkerheid.

6:5

In 'n wêreldwye dorheid,

met 'n brandend-droë bors,

roep die Heer van alle dinge,

Skrifvervullend: "Ek het dors!"

En hul het Hom in sy wee

edik uit 'n spons gegee.

6:6

Toe die offerwerk verby was,

na Gods hoë ordening,

het die Heer, sy daad deurgrondend,

uitgeroep: "Dit is volbring!"

En, die hoof omlaag gebuig,

het Hy sterwend dit betuig.

6:7

Laaste=en luide roep van Jesus,

en dan skei Hy uit die vlees:

"Vader, in u veil'ge hoede,

in u hande=ontvang my gees."

Aardse=en helse raserny

snel ontwykend, is Hy vry.

7 Die LydensPsalm

7:1

Wie het gelowig hart en oor

geneig om na Gods Woord te hoor?

Die arm van God, aan wie en waar

is dit in krag geopenbaar?

Hy tog, die swakke loot, het uit

'n dorsland voor Hom opgespruit,

en prag of heerlikheid vir wie

Hom aansien, had die spruitjie nie.

7:2

Hoe sou ons Hom dan kon begeer?...

Hy was verlate, ongeëer,

vir almal net 'n smarteman,

die lydensnaar altyd gespan.

Vir Hom, deur wreedste smart geterg,

het ons die aangesig verberg;

en in die ruwe lydensnag

het ons Hom in sy leed verag.

7:3

Hy het die lyde=op Hom geneem,

wat nou ons hart van Hom vervreem;

en al die smarte wat ons pla,

het Hy gewilliglik gedra.

Maar ons het in sy ongeluk

gesien die hand van God wat druk,

wat, om sy lyde te verskerp,

Hom altyd dieper neer wou werp.

7:4

Die misstap wat ons voet begaan,

die misdaad deur ons hand gedaan,

die straf uit swaarste regsgeding,

wat ons die volle vrede bring,

die wonde wat ons wonde heel -

dit alles was sy lydensdeel.

Ja, al die kwaad deur ons gedaan,

het God die Heer oor Hom laat gaan.

7:5

Terwyl ons op die dwaalweg gaan,

storm al ons sondes op Hom aan;

maar Hy ‘t mishandel, neergebuk,

sy mond nie oopgemaak in druk.

'n Lam, ter slagting heengelei,

so stil en stemmeloos was Hy,

en soos 'n skaap voor wie hom skeer,

so stil en sonder teëweer.

7:6

Uit druk en strafgerig bevry,

merk niemand dit met medely

dat Hy van mense weggestoot

en prysgegee is aan die dood.

My volk se sonde het op Hom

as sware smartplaag neergekom,

en hul het Hom 'n grafstee by

die goddelose toeberei.

7:7

En Hy, van aardse goed ontbloot,

was by 'n ryke in sy dood;

want Hy ‘t geen onreg ooit gedaan,

geen leu'n het uit sy mond gegaan.

Dit het die Here self behaag

Hom te verbrysel. Toe sy plaag

die diepste lydensgrond genaak,

het God sy kneg doodkrank gemaak.

7:8

Het eers sy offerbloed gevloei,

dan sal vir Hom 'n nakroos bloei,

en eeu-omvattend bring sy hand

Gods werk voorspoediglik tot stand.

Hy sal, vir al sy sielsverdriet,

sy werk aanskou en vol geniet,

en deur sy suiwer kennislig

regverdig maak en vryheid stig.

7:9

Dan kom 'n leërskaar hierna

vir wie Hy al die skuld wou dra;

en aan Hom word mét grotes mee,

mét magtiges 'n deel gegee,

omdat sy siel in lydensnood

vol uitgestort is in die dood,

en Hy, deur smaadheid diep gekwel,

by die oortreders is gestel.

7:10

Hy het gedra die sondelas

wat op sy hart gebonde was,

en het - 'n lydenswonder dit! -

vir hul behoudenis gebid.

8 Die lied van die Lam

8:1

Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang!

Want U is waardig om die wonderboek te=ontvang

en oop te breek - die boek van toekoms en verlede

en van wat word, geskrif van Gods verborgenhede.

U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is,

toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is

8:2

U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal,

en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.

Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het,

waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het

en konings in die ryk van onverstoorb're vrede,

om God te dien en eer in eind'lose=ewighede.

8:3

Toe sien ek hoog bo my die skaar van eng'le staan

en 'k hoor hul sanggeluid wat deur die hemel gaan.

Hul staan wyd om die troon, self heerskappye=en magte,

rondom die oudstes en die gérubs groot van kragte;

ontelbaar is hul tal, dis duisende maal duisend,

en 'k hoor hul koorgesang soos baie waters bruisend:

8:4

"Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag,

is waardig om te=ontvang die rykdom, wysheid, krag,

en eer en heerlikheid en dankb're seëninge!"

En al wat leef en roer, al die geskape dinge

op aarde=en diep omlaag, of in die hoë hemel,

al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel -

8:5

die ganse skepping sing met krag van jubeltoon:

"Aan Hom wat heerlik is, hoog op die wêreldtroon,

en aan die Lam van God, self eewge Skeppings-Here,

sy ewig lof en prys en krag en roem en ere!"

Met "Amen, Amen!" het die gérubs opgeswewe.

Die oudstes het aanbid voor Hom wat ewig lewe.

9 Die lied van Verlossing

9:1

Toe staar ek deur die wêreldnagte

- lighoogtes het my oog geboei -

en 'k sien uit alle mensgeslagte

'n skaar, ontelbaar, saamgevloei.

Hul staan, uit alle volke=en lande,

nou voor die Lam en voor Gods troon,

die vredespalmtak in die hande,

hul wit gewaad in eenvoud skoon.

9:2

Ek hoor hul stem die lug deurbewe:

"Die reddingseer", so hef hul aan,

"bring ons aan God, so hoog verhewe,

en aan die Lam wat by Hom staan!"

En om die troon en ouderlinge,

en viertal wesens wonderbaar,

sien ek in altyd wyer kringe,

oneindig ver, die eng'leskaar.

9:3

Hul ‘t neergesink in sagte deining,

al verderweg in ordekring,

en almal, by hul knielverkleining,

die lof van God die Heer gesing

met "Amen! Lof aan God die Here,

en wysheid, dank en majesteit,

en mag en krag en sterkte=en ere,

van nou af tot in ewigheid!"

9:4

Ek sien toe weer in hemelsfere

die skaar wat ligtend voor God staan.

Hul was bekleed met lang wit klere:

maar wie is hul, en waarvandaan?

Toe kom by my gesigsverrukking

'n stem my ruisend tegemoet:

"Dié skaar kom uit die groot verdrukking,

gereinig in die Lam se bloed.

9:5

"Hul ‘t in dié bloed, deur Gods genade,

hul kleed gewas, en vlekloos rein

mag hul nou in hul straalgewade

as priesters voor Gods troon verskyn;

hul mag aan Hom hul dienswerk heilig,

en altyd in sy tempel bly.

God self sal hulle daar beveilig

as Hy sy tentseil oor hul sprei.

9:6

"Hul sal nie langer honger kry nie,

geen son sal oor hul hoofde brand;

hul sal nie langer dors meer ly nie

by sonstraal in die somerland.

Langs altyd helder waterbane

lei nou die Lam hul voetstap heen:

en God veeg van hul oog die trane

deur hul in droefenis geween."

10 Paastriomf

10:1

Wie kan ons voor die regter daag?

Gods uitverkore kind verklaag?

Waar is die mond wat durf verdoem

as God sy kind regverdig noem?

10:2

Dis Christus wat die skuld wou dra,

die dood vir ons gesterf het, ja,

wat, opgewek, in glorie sit

en altyddeur vir ons wil bid.

10:3

Wie sal ons, van die skuldstraf vry,

van Christus en sy liefde skei?

Verdrukking of vervolgingsnag?

Benoudheid wat ons hier nog wag?

10:4

Of honger, naaktheid of gevaar?

Die swaard van die geweldenaar?

(As skape word ons nou geag,

klaar vir die mes wat ons wil slag!)

10:5

Maar nee, ons sál oorwinnaars bly

deur Hom vir wie ons leef en ly.

Ja 'k weet gewis, geen lewe=of dood,

geen eng'lemag, bo-menslik groot,

10:6

geen skepsel in die skepping wyd,

geen ding in tyd of ewigheid -

niks kan ons van Gods liefde skei

wat ewig-vas in Christus bly.

11 Hemelvaart

11:1

Die laagte deur waar die olywe staan,

het hul met Jesus na die berg gegaan;

en dáár het Hy, in stilte ongestoord,

tot hul gespreek sy laaste lewenswoord:

11:2

"Jul wat só na die Godsryk al verlang,

sal nou die kragte van die Gees ontvang,

en oor die wydtes dan van land en see

uit nuwe krag van My getuig'nis gee."

11:3

En toe het Hy, terwyl hul na Hom staar,

geruisloos opgestyg en weggevaar.

'n Digte waas het Hom geheel oordek,

'n wolk het Hom sag aan hul oog onttrek.

11:4

Terwyl hul smagtend na die hemel kyk

en Jesus altyd verder van hul wyk,

het daar twee manne=in wit gewaad kom staan,

dié spreek hul met 'n hemelboodskap aan:

11:5

"O manne, nou vereensaamd en alleen,

wat staan en staar jul na die hemel heen?

Dié Jesus wat gevaar het na omhoog,

sal net so kom, verheerlik voor die oog."

11:6

En van die berg waar die olywe staan,

het hul met blydskap na die stad gegaan.

12 Vreugde en Wee

12:1

'n Eng'lestem het ek hoor juig,

wat aanswel uit die hemel aan:

"Nou moet voor God die Here buig

die magte teen Hom opgestaan:
want heil en krag en heerskappy
het God nou skitt'rend aan laat lig,
en Christus - so 'n glans het Hy
dat Satan blind daarvoor moes swig.
12:2
“Nou sal die duiwel nimmermeer
kan opstyg uit die diepte=omlaag,
nou sal hy hier ook nimmer weer
Gods uitverkoornes kan verklaag.
Vors Migael - die tyd was ryp
dat hy tot kragdaad aangegord,
die Satan in sy vuis sou gryp
en in die afgrond neer sou stort.
12:3
“Die Lam wat hul laat triomfeer
sy bloed het hul gedek as skild
en al die pyle afgeweer.
En hul getuig'nis, nooit gestild,
dit was hul wapen in die stryd.
Hul het hul lewe=as hoogste skat,
in mart'laarskap en dure tyd,
tot in die dood nie liefgehad.
12:4

“Kom, jubel dan op hoë toon,

o heemle, sing jul vreugde-Psalm!

Laat al wie in die hoogte woon,

sy vertes met hul lied deurgalm!...

Bewoners van die aarde=en see,

die duiwel ‘t op jul neergestort.

En daarom klaag ons oor jul: Wee!

Hy’s woedend, want sy tyd is kort.”

13 Pinkster

13:1

Toe kom daar haastig 'n geluid

wat aanblaas uit die hemel uit:

'n rukwind wat met stormgedruis

daarheen vaar, vul die ganse huis.

13:2

Hul sien - dit was 'n wonderuur -

verdeelde tonge soos van vuur,

deurgloeid en wonderbaar deurstraal,

wat glansend op hul hoof kom daal.

13:3

Toe was dit, op die dag van fees,

dat hul vervul is met die Gees.

In loftaal het hul uitgebreek

net soos die Gees dit uit laat spreek.

13:4

Dit is die saak wat die profeet

aan ons verkondig en laat weet:

"Die laaste tyd, dan sal dit wees

dat Ek sal uitgiet van my Gees.

13:5

"Dan stort Ek met 'n groot geluid

die Gees se reënstrale uit,

jul seuns en dogters, dan nie meer

van spraak ontbloot, sal profeteer.

13:6

"Jul kinders, uitsiend op die wag,

sal vergesigte sien by dag;

jul grysaards, in hul krag al loom,

die allerskoonste drome droom.

13:7

"Ook op die knegte=en maagde, vry

om My hul dienswerk toe te wy,

stort Ek my Gees in mildheid neer,

en almal sal hul profeteer.

13:8

'"k Sal wonders in die hemel gee,

op aarde tekens van die wee

wat oor die mensheid heen sal kom:

bloedplas en vuur en rookkolom."

13:9

Die dag sal kom, deurlugtig-groot,

maar elkeen wat in sielenood

Hom aanroep wat die Redder is,

vind in sy Naam behoudenis.

14 Pinksterbelofte

14:1

"Water sal ek op hul sprinkel,

water uit 'n springfontein."

En van alle=onreinighede

was die Heer sy volk dan rein.

"Nuwe harte gee 'k aan julle,

en Ek gee 'n nuwe gees;

'k sal die hart van klip verwyder,

aan jul gee 'n hart van vlees.

14:2

"'k Gee my Heil'ge Gees aan julle,

wat die krag verleen en trou

om te wandel in my weë

en my wet te onderhou.

En jul sal die land van seën

deur my seën weer verkry

waar 'k 'n God sal wees vir julle,

jul 'n volk sal wees vir My."

15 Laat jul kinders tot My nader

15:1

"Laat jul kinders tot My nader

en geen hindernis hul weer,

want die koninkryk der heemle

is hul erfdeel," sê die Heer.

15:2

"Wie nie needrig soos die kindjie

wat hier tussen julle staan,

só die Godsryk wil ontvang nie,

sal daar geensins binnegaan."

15:3

En die Here het sy arrems

koest'rend om hul heen geslaan,

met sy hande op hul hoofde,

hul geseen, en weer laat gaan.

15:4

"Sal die herder van die kudde

wat een enk'le skaap maar mis,

hom nie haas en in die berge

opspoor wat verlore is?

15:5

"En as hy sy skaap gevind het,

is hy daaroor bly, verras,

meer as oor die hele kudde

waar geeneen verdwaald van was.

15:6

"So's die wil ook van my Vader,

onveranderd bly dit staan,

dat geeneen van die geringes

ooit meer sal verlore gaan."

15:7

En die Menseseun op aarde,

soos die Vader hom gelas,

het gekom, en Hy maak salig

hulle wat verlore was.

16 Die lied van Saligheid

16:1

Salig die wat arm van gees is

en van God hul wysheid leer,

want die koninkryk der heemle

is hul erfdeel, sê die Heer.

16:2

Salig die wat kwyn in droefheid,

in hul weedom troosteloos,

want hul droefheid word tot vreugde

as die Heer hul hart vertroos.

16:3

Salig die wat stil-sagmoedig

hier geen hoogheid wil verwerf,

want 'n aarde sonder moeite,

nuut-herbore, sal hul erf.

16:4

Salig die wat, dors en honger,

smag na die geregtigheid,

want vir hul is daar versading,

laafnis ná die dag van stryd.

16:5

Salig die wat nou, barmhartig,

hul ontferm oor die wat ly,

want hul sal, as God gaan oordeel,

sélf barmhartigheid verkry.

16:6

Salig die wat rein van hart is

en die oog omhoog bly hou;

as die newels weggetrek het,

sal hul klaar hul God aanskou.

16:7

Salig is die vredemakers

in 'n wêreld oud van twis;

"seuns van God" sal hul genoem word

as ‘t weer vrede=op aarde is.

16:8

Salig die wat hier vervolg word

en vir reg en waarheid ly,

want die koninkryk der heemle

is vir hul as loon berei.

16:9

Salig die wat hier gesmaad word,

onder lyde lydsaam-stil;

die wat wegkwyn onder laster

en dit dra om Christus wil.

16:10

Juig, want hul het die profete

ook gemartel en gehoon!

Juig en Jubel! Uit die hemel

wink die skone=oorwinnaarsloon.

17 Sursum corda

17:1

Wees nie besorgd nie oor jul lewe,

oor wat die harte neerwaarts trek:

"Wat sal ons eet, waar vind ons laafnis?

Wie skaf die kleed wat ons moet dek?"

Is lewe=en liggaam dan nie meer nie

as alles wat net kommer wek?

17:2

Aanskou die voëls van die hemel,

dat hul nie saai of maai of swoeg.

Tog voed die Hemelvader hulle.

Het Hy vir jul dan nie genoeg?

En wie kan ooit in sy besorgdheid

één el maar by sy leeftyd voeg?

17:3

En wat is jul besorgd oor kleding?

Let op die lelies, hoe hul leef,

hoedat hul opbloei uit die velde,

dat hul nie swoeg of spin of weef.

En Salomo in al sy glorie

was nie deur soveel skoons omgeef.

17:4

As God die gras, in duur kortstondig -

wat hede in die veld nog groei,

maar môre=aan dorheid oorgegewe,

verskrompeld in die vuurvlam gloei -

also beklee, hoe meer dan julle

wat julle=in kleingeloof vermoei?

17:5

Vra dan nie meer: "Hoe sal ons lewe?

Waar is die kleed wat ons moet dra?"

Want hierdie dinge jaag die heid'ne

met kwelling en besorgdheid na.

Maar julle Vader in die hemel,

Hy ken jul nooddruf voor jul vra.

17:6

Soek eers die koninkryk der heemle

en Gods geregtigheid; dan laat

Hy seën druppel uit die hemel -

vir elke dag die dag se maat.

Want elke dag dra self die sorge

vir elke dag se nuwe kwaad.

18 Kom tot My

18:1

Ek loof U, Vader, groot van mag,

dat U dié dinge, diep en swaar,

vir wêreldwyse onbekend,

aan kindertjies wou openbaar.

18:2

Ja, Vader, dis u guns alleen,

die guns van al wat dwang is, vry,

waardeur ook alle dinge saam

al oorgelewer is aan My.

18:3

Wie kan die Seun ooit ken, as net

die Vader, met Hom wesens-een?

of wie die eewge Vader ken,

as net die Seun, net Hy alleen?

18:4

Wie kan die eewge Wese ken,

so diep en ontoeganklik klaar?...

Alleen die mens aan wie die Seun,

die heilgeheim wil openbaar.

18:5

Kom dan tot My, o almal wat

vermoeid is en so swaar belas,

Ek gee 'n rusplek vir die voet

waarvoor daar nêrens rusplek was;

18:6

verligting vir die skouer wat,

deur druk gemartel en gepla,

en onder lewensorge krom,

'n altyd swaarder las moet dra.

18:7

Maar leer: dat Ek sagmoedig is,

en dat Ek needrig is van hart.

Dan sal jul rus vind vir jul siel

en vrede by die wreedste smart.

18:8

En dra my juk: dié juk is sag,

wat nooit gedruk het of geknel;

en dra my las: dié las is lig,

wat nooit gekneus het of gekwel.

19 Die Vaderliefde van God

19:1

Nou sal ek opstaan, na die woning weer,

die vaderhuis my wank'le voetstap keer.

"My vader," sal ek sê, van misdaad sku,

"my sonde=is teen die hemel en voor u.

19:2

"Ek het van hoë kindskap neergestort

en is nie werd u seun genoem te word,

as ek, my vader, wat u gramskap vrees,

as ek by u 'n huurling maar kan wees."

19:3

Hy ‘t opgerys, sy swerfpad weer gegaan:

"Lig neem die vader my as huurling aan."

Dié ‘t hom gesien en - eerste straal van hoop -

uit jammerte hom tegemoet geloop,

19:4

tot waar hy was, hom aan sy hart laat rus,

geliefkoos deur die vaderlike kus.

"My vader", roep hy uit, van misdaad sku,

"my sonde=is teen die hemel en voor u.

19:5

"Van hoë kindskap het ek neergestort

en is nie werd u seun genoem te word;

as ek, my vader, wat u gramskap vrees,

as ek by u 'n huurling maar kan wees."

19:6

Die vader sien sy slawe wagtend staan;

"Bring hier die beste kleed, trek hom dit aan;

bring vir sy hand die ring van fynste gloed

en skoeisel vir sy afgesloofde voet,

19:7

Want hy, my seun, oor wie ons vrolik is,

was dood en het, in bly herrysenis,

weer lewendig geword; en hy, my kind,

vir my verlore,=is eind'lik weer gevind."

20 Lied van die sugtende skepsel

20:1

Bo='n strandelose=en donker see
van eindelose wêreldwee
verhef die skepsel hom -
die kop hóóguit, om deur die nag
te speur wanneer die gloriedag
van al Gods kinders kom.

20:2

Die skepping, uit die oer-ou tyd,
is slaaf van die verganklikheid,
maar nie gewillig; nee,
ter wille van die mensekind,
van eeuskuld is dié band gebind,
dié lydensboei gesmee.

20:3

Die ganse skepping het in druk
altyd weer aan die boei geruk,
sterk-smagtend na die tyd
dat hy weer los van die verderf
die vryheid met Gods kind sal erf
in onverganklikheid.

20:4

Ons weet die ganse skepping sug -

geluidloos deur die hoë lug

en afgrond diep benee,

maar yslik as die stormwind brul,

die slagdier in sy bloedplas krul

en kerm die eewge wee.

20:5

Maar ons ook wat die eerst'lingsvrug

uit God se Gees ontvang, ons sug;

dit lyk so ver nog af

dat ons ons kindsdeel vól sal kry,

dat ons van die verderf'nis vry,

sal oprys uit die graf.

20:6

Ons sug, want daar’s geen oogbewys!

Maar hoop het ons weer op laat rys

in die ontkomingstryd;

want as ons sién, hoop ons nie meer;

maar as ons hoop dan leef ons weer

en wag in lydsaamheid.

20:7

En is ons swak en moedeloos,

dan kom die Heil'ge Gees ons troos.

Gods duif, so hoog van vlug,

het diep gedaal om saam te smeek,

in donker dal saam uit te breek

in diepe bidgesug.

20:8

En God wat in die hart kan lees,

die ken die sugstem van die Gees

en neig in guns sy oor;

en het die Gees met regte bee

vir ons by God weer ingetree,

dan’s ons gebed verhoor.

[Strofe 8 ontbreek in

Psalmboek 2001]

21 Die Liefde

21:1

Al sou 'k die skoonste taal kon spreek,

in eng'lelofstem uit kon breek,

en 'k had die liefde nie daarby,

dan was nogtans my stem en taal

net maar 'n klinkende simbaal

wat harteloos sy klank verbrei.

21:2

Al had ek kennis, dat ek wis

al wat verborge=en donker is,

die gawe van die profesie;

al had ek die geloof, ook dit,

sodat ek berge kon versit,

en had daarby die liefde nie -

21:3

al deel ek al my goed're uit,

al gee 'k my liggaam self as buit,

al laat ek dit verbrand tot as -

dan was dit net vergeefse vlyt,

vergeefse moeite=en ydelheid,

wanneer ek sonder liefde was.

21:4

Lankmoedig is die liefde=in pyn

en vriend'lik waar sy ook verskyn.

Afgunstig is die liefde nooit,

of opgeblase=of hoog van spraak;

niks wat hier onwelvoeglik maak,

kleef aan die daad van liefde ooit.

21:5

Sy soek haar eie voordeel nooit,

niks maak haar hart verbitterd ooit,

en sy vergeld geen kwaad met kwaad.

Geen ongeregtigheid wil sy,

maar net die waarheid maak haar bly -

die waarheidsklank van woord en daad.

21:6

Die liefde lê die kwaad nie oop,

sy dra, verdra en glo en hoop -

Die profesie sal nie bestaan,

ons taal en kennis gaan tot niet;

maar - hoogste lofprys van my lied -

die liefde=alleen sal nooit vergaan.

22 Troos

22:1

Troos, troos my volk, sê God die Here;

dreig nou nie meer met oordeelstem,

genees die wond, o sienerherder,

die hartseer van Jerusalem.

22:2

Vertel haar dat haar stryd verby is,

haar skuld vereffen is geheel,

dat sy ontvang het uit my hande

vir al haar sonde='n dubbel deel.

22:3

Daar ruis 'n roep: Baan vir die Here

'n weg waar nou net woestheid is;

en maak vir onse God al verder

'n grootpad in die wildernis.

22:4

Laat elke dal rys uit die diepte,

en elke berg en heuwel wyk.

Die bulte - laat hul wees 'n vlakte,

en maak die skurwe plek gelyk.

22:5

Want kyk, Gods heerlikheid verskyn weer,

en alle vlees sal dit aanskou.

Die Heer self het die Woord verkondig,

en as Hy spreek, wie sal ‘t weerhou?

22:6

'n Stem sê: Roep! - Wat moet ek melde? -

En ruisend-ver die antwoord kom:

dat alle vlees hier enkel gras is,

en al sy goedheid net 'n blom.

22:7

Die gras verdor, die blom verwelk weer

wanneer dit oor die velde raas:

wanneer die asem van die Here,

die winterstormwind daar oor blaas.

22:8

Voorwaar, die mens is maar 'n stengel,

'n grasspriet wat verdor, vergaan,

'n blom wat wegwelk uit die velde.

Alleen die Woord van God bly staan.

22:9

Klim op 'n berg, o vreugdebode,

o Sion, en verhef jou stem!

Verhef dit hoog en vrees nie langer,

roep uit met vreug, Jerusalem!

22:10

Meld die verwoeste dogter-stede:

Hier is jul God! Die sterke=is Hy!

Al voor Hom uit gaan sy beloning,

sy hoë arm voer heerskappy.

22:11

Hy lei sy kudde soos 'n herder,

die lammers sluimer in sy arm,

die lammerooie dryf Hy saggies -

oor almal sal Hy Hom erbarm!

23 Verby

23:1

Toe sien ek: alles was verby -

'n nuwe aarde=en hemel skyn;

die eerste aarde=en hemel het

in donker oordeelsnag verdwyn;

Die see, wat immer wend en keer

in ongewisheid, was nie meer

23:2

Ek sien toe dat die heil'ge stad,

Jerusalem in skoonheidspraal,

van God, haar bouheer-kunstenaar,

hoog uit die hemel neer kom daal.

'n Bruid gelyk, so skoon is sy,

wat vir 'n man is toeberei.

23:3

En 'k hoor 'n hemelstem wat sê:

Die tabernakel van die Heer,

die woning van sy heiligheid,

is by die mens op aarde weer.

Húl is sy volk, Hy’s hul naby

en sal hul God vir ewig bly.

23:4

En God sal self, en vir altyd,

die trane van hul oë wis;

geen dood sal daar dan langer wees,

geen smart of rou of kommernis.

Dis alles nuut, van sonde vry;

die eerste dinge is verby!

24 Verkiesingsjubel

24:1

Geseënd sy bo alle dinge
die eewge God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge
vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore
en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore
voordat daar tyd of wêreld was.

24:2

Hy het deur eie wil bewoë,
dat niks ons ooit weer sou vervreem,
om Christus wil, uit mededoë,
ons as sy kinders aangeneem;
dat ons, by guns so vry gegewe,
in hart en wandel onbevlek,
sou leef voor Hom, in liefde lewe,
wat lewe=in dooie harte wek.

24:3

Tot roem en prys van Gods genade,
die grond van ons behoudenis,
sing ons nou van sy reddingsdade
in Hom wat die Geliefde is.

Uit Hom in wie ons nou weer vry is
van skuld, deur sy verlossingsbloed, -
in Hom, in wie die heil berei is,
kom seënstroom ons tegemoet.

24:4

Die bron wat God vir ons bevry het,
wat mild'lik aanloop deur die tyd -
dis wysheid wat dié stroom gelei het
en loutere bedagsaamheid.
Geheimenis eers diep en bondig
gevestig in Gods diepe wil,
sy welbehae word verkondig,
die ewigheid is nie meer stil.

24:5

Nou bring die tyd in volheidskringe
die vrug van Gods geheimenis -
tót Christus Hoof van alle dinge
op aarde=en in die hemel is.
In Hom is dit dat ons verkry het
die erfdeel ons verordineer,
wat God se wil ons voorberei het,
die wil wat alles hier regeer.

24:6

Gods werk, eers eind'loos hoog verhewe,

daal op 'n aarde=in sonde oud,

sodat nou uit ons donker lewe

sy lof kan opstyg duisendvoud.

In toebereide harte=en ore,

van volk tot volk, van oord tot oord,

ruis nou - 'n mensheid word herbore! -

die nuwe reddingsboodskap voort.

24:7

Ons sal, in lewe en in sterwe,

Gods eiendom vir altyd wees;

ons sal wat Hy beloof het, erwe,

verseël deur die Heil'ge Gees.

Hy is die waarborg ons gegewe,

die eerst'ling van die volle som;

ons sal die reddingsdag belewe -

die gloriedag van God, wat kom.

25 Seënbede

25:1

Genade=en vrede sy oor ons

van God wat in die hemel woon,

wat is, wat was en kom, en van

die sewe Geeste voor sy troon;

25:2

van Jesus Christus, onse Heer,

in sy getuig'nis altyd trou;

die Eersgeboorne uit die dood,

wat dood en doodsmag nie kon hou,

25:3

wat oor die konings heers tot hul

die krone neerwerp aan sy voet -

Hy wat ons liefgehad het en

ons rein gewas het in sy bloed!

25:4

Tot konings het Hy ons gemaak,

tot priesters om sy Vader te=eer;

Hom sy vir ewig eer en krag,

wat nou oor alles triomfeer.

26 Die Tien Gebooie

26:1

My siel herdink met sidderbewe

hoe God, met majesteit beklee,

deur wolke=en donkerheid omswewe,

sy wet op Horeb het gegee:

26:2

Ek is die Heer, jou God en Koning,

wat uit Egipte jou bevry;

jou uitlei uit jou slaafse woning:

dien dan geen gode buiten My.

26:3

Ek tog, Ek ywer teen my haters;

maak dan geen beeld om dié te=aanbid;

Ek straf hul streng, die wetverlaters,

tot in die derde=en vierde lid.

26:4

Maar Ek bewys barmhartighede

en bly aan duisende getrou,

wat tot My kom met hul gebede

en wat my wette onderhou.

26:5

Misbruik die Naam van God die Heer nie,

en bly altyd jou eed getrou,

want hulle wat sy Naam nie eer nie,

sal God geensins onskuldig hou.

26:6

Gedenk die sabbat: in ses dae

het God die wêreld toeberei;

maar Hy het, na sy welbehae

die rusdag aan sy diens gewy.

26:7

Gee eer aan vader en aan moeder,

want God regeer ons deur hul hand;

dan sal die Heer, die troue hoeder,

ons seën in ons vaderland.

26:8

Jy mag nie doodslaan, jou nie wreek nie,

maar liefde moet jou steunsel wees.

Jy mag die heil'ge eg nie breek nie,

maar, kuis van hart, die Here vrees.

26:9

Laat nooit jou voet die weg betree nie

van hom wat roof nóg diefstal vrees.

Jy mag geen vals getuig'nis gee nie,

maar laat jou woorde waarheid wees.

26:10

Daar mag nooit in ons hart meer kom nie

die minste lus teen Gods gebod.

Maar wie se mond sal nie verstom nie

as U beveel, o heil'ge God!

26:11

Ons het, o Heer, u wet weerstrewe,

genade=is al waar ons op pleit;

gee ons in Christus nuwe lewe,

om dit te doen uit dankbaarheid.

27 Ek Geloof

27:1

Ek geloof in God die Vader

wat almagtig, wys en trou,

Skepper is van alle dinge

en dit nog in wese hou.

Ek geloof in Jesus Christus,

wat ons in aanbidding eer:

Eengeboorne van die Vader,

in sy hoogheid onse Heer.

27:2

Hy wat deur die Gees ontvang is

- die geheimenis is groot! -

en gebore=is uit Maria,

uit die maagdelike skoot.

Wat gely het toe Pilatus

onregsvonnis het gevel -

kruis en doodsmart ondergaan het,

ál die angste van die hel.

27:3

Wat die derde dag verrys het,

daar die dood Hom nie kon hou;

na die hemel opgevaar het

deur die diep, onpeilb're blou.
Wat nou sit, met eer en sterkte
aan Gods regterhand omgeef,
tot Hy weerkom as die regter
van wat dood is en wat leef.

27:4

Ek geloof, met stille=aanbidding,
in die Heil'ge Gees wat my
in my sondedood gewek het,
my as Trooster leer en lei.
Ek geloof 'n heil'ge eenheid,
wêreldwyd, in Christus één,
wat sy roepstem sal vergader,
deur die lange eeue heen.

27:5

Ek geloof aan die gemeenskap,
heilige verbintenis
van wie almal saam 'n eenheid,
in hul Heer één liggaam is.
Ek geloof die skuldvergewing,
weeropstanding van die vlees,
en 'n lewe=in eewge duurte,
as die dood nie meer sal wees.

28 A Onse Vader

28:1

O Vader, in die hemel hoog,

tot wie ons ophef hart en oog,

ons bid in stille=eerbiedenis:

Gee dat u Naam, wat heilig is,

deur ons geken, geëer, gevrees,

in alles mag geheilig wees.

28:2

Gee dat u koninkryk mag kom,

in Christenland en heidendom,

in sy triomfe eindeloos!

En laat ons op die aarde, soos

die eng'le wat u troon omring,

gewillig, Heer, u wil volbring.

28:3

Gee ons - want ons gebrek is groot -

vandag ons daelikse brood.

Bewys ons tog barmhartigheid

en skeld ons, Heer, ons skulde kwyt,

soos ons, in skuldvergiffenis,

vir hul wat aan ons skuldig is.

28:4

Lei ons nie in die donker land,

die wêreld van versoeking, want

ons is so swak. Verlos ons van

die Bose=as hy sy vangnet span.

Want U kom toe die majesteit

en krag en eer in ewigheid.

28 B Onse Vader

1

Ons Vader wat woon in die hemel,

geheilig sy u Naam,

laat u ryk kom, u wil geskied,

soos in die hemel so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons dag se brood

en vergeef ons al ons skulde,

net soos ons vergewe

die wat teen ons sondig.

Laat kom ons nie in die versoeking;

maar verlos ons van die Bose.

Van U is die ryk en die sterkte en die ere,

vir ewig en ewig, amen

vir ewig en ewig, amen.

29 Halleluja

Eerste Hemelkoor

29:1

Bo lug en wolke ‘t ek gehoor

die "Halleluja" van 'n koor

wat aarde=en swerk laat beef het.

Dit was die stem, die lofgeskal

van eng'leskare sonder tal

wat bruisend my omsweef het.

29:2

"Die heil en heerlikheid en eer

en sterkte=aan onse God en Heer!

Hy het as Vonnisspreker

die aartsverleidster neergestort;

van mart'laarsbloed, al weggedord,

is Hy die strenge Wreker."

29:3

En nogeens het die sangerskring

hul "Halleluja" neergesing

en daardie doem verhewig.

Vir haar wat alles wou verderf,

sal nou die pyniging nie sterf:

haar rook gaan op vir ewig.

29:4

Tweede Hemelkoor

Die oudstes, om die troon geskaar,

en viertal wesens wonderbaar

het neergeval tesame.

Hul het die sterke God aanbid

wat op sy hoë magstroon sit,

met "Halleluja, Amen!"

29:5

'n Stem het uit die troon gegaan.

Dit spoor tot strenger spanning aan

al wie Gods lof gesing het:

Laat wie God vrees en dien, Hom eer

totdat sy glans en glorie weer

die groot heelal deurdring het.

29:6

Derde Hemelkoor

Aanswellend soos 'n onweerskoor,

het ek die sangerstem gehoor

van die verloste skare -

geweldig soos 'n donderslag,

swaar soos die dreuning in die nag

van opgesweepte bare.

29:7

Hul sing die "Halleluja" weer.

"Want," sê hul, "onse God en Heer

is aan sy Woord gedagtig:

die groot verlossingsdag is daar,

Hy het die koningskap aanvaar

en heers as God almagtig.

29:8

"Laat ons verheug wees en verblyd,

en gee aan God die heerlikheid!

Ná leed wat ons gely het,

staan nou die bruilofsmaal gereed,

waarvoor die Lam se bruid haar kleed

van fynste stof berei het.

29:9

"Dié skoonheid is aan haar gegee,

Gód het haar met dié kleed beklee

van reine=en regte dade.

En - salig hy wat tot dié maal

deur God genooi word en mag straal

in daardie lofgewade."

30 ‘n Nuwe Wêreld

30:1

Hy ‘t my die lewenstroon getoon

wat voortkom uit die hoë troon

van God en van die Lam, vanwaar

dit vonkel soos kristal so klaar.

30:2

En in die middel van die straat,

in altyd blye=en frisse staat,

aan weerskant van die lewenstroom,

staan juigendgroen die lewensboom.

30:3

In vaste kringloop ommegaand,

gee hy sy vrug van maand tot maand.

Sy blad, wat nooit in onmag kwyn,

is vir die volke='n medisyn.

30:4

Vervloeking is daar dan nie meer;

die troon van God is by hul weer

en van die Lam. Hul sal Hom sien,

en al sy knegte sal Hom dien.

30:5

Sy Naam sal nie in glorie taan,

maar blinkend op hul voorhoof staan.

En nag, wat somber skadu sprei,

is daar nie meer: dit is verby.

30:6

Geen lamp of son is nodig meer:

hul lamp en son is God die Heer.

Hul sal ná smaad en druk en stryd

as konings heers in ewigheid.

31 Christus Triumphator

31:1

Toe sien ek teen die bloue vert'

'n ruiter op sy haelwit perd;

en ‘t was om Hom stormagtig,

want Hy, die ruiter, voer sy stryd

en oordeel in geregtigheid;

sy Naam is: Trou, Waaragtig.

Sy oog is soos 'n vlam van vuur,

sy krone skitter in die uur

van langverwagte=oorwinning.

Sy Naam, diep met sy wese een,

deurgrond geen mens, net Hy alleen

in held're selfbesinning.

31:2

Die kleed vol bloed vertel sy roem.

Die Naam waarmee sy volk Hom noem,

is "Woord van God". 'n Skare

van ruiters volg Hom op die voet,

hul nader soos 'n watervloed,

soos bruising van die bare.

'n Hemelleër, skitterwit,

hul is dit wat in streng gelid

saam met Hom uitgetrek het.

En uit sy mond het uitgegaan

'n swaard waarmee Hy nasies slaan

wat, trots sy toorn gewek het.

31:3

Hy sal nou met 'n ysterstaf

sy vonnis oor hul, streng en straf,

met oordeelsdaad bekragtig.

Hy trap die parskuip met sy voet,

en bring oor hul in volle gloed

die toorn van God almagtig.

En op sy kleed met bloed geverf,

en op sy heup wat heil verwerf,

staan daar 'n Naam der ere:

dié oorlog het die pleit beslis

dat Hy die "Hoogste Koning" is,

die "Heer van alle here"!

32 God is Koning

32:1

Toe het die hoë lug gebeef

en eng'lestem het neergesweef:

"Nou is die koninkryke weer
die eiendom van onse Heer
en van sy Ryksgesalfde wat
die wêreld in sy vuis omvat.
Hy sal - beslis is nou die stryd -
as Koning heers in ewigheid."

32:2

Toe het die vier- en twintigtal,
die ouderlinge neergeval -
hul wat voor God op trone sit -
en het die hoë God aanbid:
"Ons dank U, onse God en Heer,
U wat oor alles triomfeer,
wat is en was en kom, - u mag,
o Koning, tree nou aan die dag.

32:3

"Die volke ‘t woedend opgestaan -
u toorn het hulle neergeslaan.
Grysskeemrend rys die oordeelsdag,
en see van dode=op vonnis wag:
verderwers van die aarde erf
'n eewge toestand van verderf,
maar al Gods knegte=ontvang 'n kroon
en uit genade='n arbeidsloon.”

32:4

Die tempel het toe oopgegaan

waarin die heil'ge bondsark staan.

Daar straal sy glorie onbesmet,

daar lééf die woorde van sy wet:

daar’s bliksems wat geen weerstand stuit

en donderstemme gee geluid;

die aarde beef, daar’s haelslag -

dit is die grote oordeelsdag.

33 Wat ‘n Liefde

33:1

Wat 'n liefde=en volheidslewe,

waar ons bly ons in beroem,

het die Vader ons gegewe

dat Hy ons sy kinders noem!

Maar die wêreld weet van dié

wat uit God gebore=is, nie,

het die kennis van die Heer nie

as hul hoogste goed begeer nie.

33:2

Wat die Heer nog meer vervul het,

bly verborge; tot dié stond

ál die wonders ons onthul het

van die eewge vree-verbond.

Ja, wanneer die Here kom,

dan word ons gelyk aan Hom,

want ons sal in klare=omlyning

Hom aanskou in sy verskyning.

33:3

Wie die Midd'laar se verskyning

inwag uit die heiligdom,

soek van harte die verreining

wat daar uit sy sterwe kom.

Teen die sonde duur die stryd:

"Sonde=is ongeregtigheid!

Maar ons lewe=uit God gebore,

is tot heilig-wees verkore!”

34 Die Here is God

34:1

Die Heer is God, 'n eenge Heer;

die Heer is God, en niemand meer.

Erken dit, alle volke,

van waar die sonlig smôrens blink

tot waar dit in die purper sink

van sagdeurglansde wolke.

Die Heer is God, want Hy formeer

die dag en nag wat wend en keer
na sy verordeninge.
Hy bring die heil en onheil voort,
hul luister na sy almagswoord -
die Heer doen al dié dinge.
34:2
Stuur God ons sy bevrydingswoord -
bring dan, o heemle, wolke voort,
waaruit soos reënstrale
geregtigheid van uitkoms sing
en ons die blye boodskap bring
van skoonste seëprale.
Dan sal die aarde=uit vrugb're kluit
die heil en vrede uit laat spruit -
geen onheil is daar meer nie!
Die reg sal uit die aarde breek,
want God die Heer het dit gespreek,
en niemand kan dit keer nie.
34:3
Wee hom wat met sy Maker twis,
wat, waar hy net 'n potskerf is,
Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid,
kan dit sy Maker ooit verwyt

dat Hy hom só gemaak het?

Maar nee, ons buig ootmoedig neer;

ons wil die hoë hande eer

wat ons só toeberei het,

ons in dié hande altyd stel,

as kinders, Heer, die werk vertel

waardeur U ons verbly het.

35 Soli Deo Gloria

35:1

O dieptes vol geheimenis

wat vir ons oog onpeilbaar is!

O wysheidsbron en kennis wat

die som van alle dinge=omvat!

Nog dieper as die hemelrond

is God se oordeel, sonder grond.

En dieper as die diepste seë,

so onnaspeurlik is sy weë.

35:2

Het ooit 'n mens of hemeling

in Gods gedagtes deurgedring?

Of wie is daar so groot van gees,

dat hy sý raadsman ooit kan wees?

Wie ‘t eers aan God so='n guns bewys

dat hy van Hom vergelding eis?

Wat is by God, so onvolprese,

die mens dan in sy waarde=en wese?

35:3

Uit Hom - die Bron van alle goed;

deur Hom - wat alles ~~dra~~ en voed;

tot Hom - die eind van al wat streef,

wat is en word, wat roer en sweef,

tot Hom is alle dinge wat

Hy met een wilsgreep gans omvat,

Aan Hom, die God wat ewig lewe,

sy ewig lof en eer gegewe.

36 Lofsang van die 144 000

36:1

Toe hoor ek uit die hemel uit

'n sangstem groot soos die geluid

van golwe wat die seekus slaan,

en donder wat die stormpad baan.

Dit het my ore=ook sag gestreel

soos siters waar hul sag op speel.

36:2

Met duisenderlei stemme dring

die lied omlaag wat hulle sing.

Dit was 'n lied in nuwe toon

wat hulle aanhef voor die troon

en voor die hofstoet wat met glans

van vlammelig Gods troon omkrans.

36:3

En buiten hul kon niemand meer

die klanke van dié loflied leer,

só diep was hulle ingelei,

in gods geheim'nis ingewy!

Hul lewe, deur die Lam gekoop,

gaan soos 'n blanke lelie oop.

36:4

Dis hulle wat, op aarde rein,

voor God nou maagd'lik kan verskyn,

as eerstelinge,=aan God gewy

en aan die Lam, deur loskoop vry.

Agter die Lam kom hulle aan,

hul volg Hom waar sy voetstap gaan.

36:5

Deur Gods genade=in Christus ryk,

was hulle aan sy beeld gelyk:

geen valse skyn het hul verblind,

geen leu'n is in hul mond gevind,

geen letsel het húl aangekleef,

wat nou by God in reinheid leef.

37 Oorwinnarslied by Eindgerig

37:1

Toe sien ek soos 'n see van glas,

deurstraal met geel-rooi vlammelig.

En die oorwinnaars van die dier -

hul wat nie voor sy mag wou swig -

het langs die see van glas gestaan,

en daar was siters in hul hand.

Hul het gesing soos Israel

gesing het aan die Skelfseestrand.

37:2

Die lied van Moses, kneg van God,

het hul tot eer van God gesing,

en aan die Lam, vir hul geslag,

oorwinnaarshulde toegebring:

"Hoe groot en wonderbaar, o Heer,

hoe billik, reg en almagsterk,

hoe waar en trou, o Koning van

die heiliges is al u werk!

37:3

"Wie sal, o Regter, U nie vrees,

u Naam nie in die reine sfeer,

ná so 'n storm en oordeelswerk,

met sange van oorwinning eer?

U’s heilig, Heer: die nasies kom

om U die hoogste eer te gee;

want nou het u regverdigheid

grootglansend aan die dag getree."

38 Die eerste liefde

38:1

Ek wat die sewe sterre dra

wat vonkel in my regterhand;

wat wandel waar die kandelaars,

die sewe goue, om My brand -

Ek ken jou werk, al die geswoeg,

en hoe geduldig dat jy ly,

dat jy die kwaad en leu'n nie duld

en vir my Naam en waarheid stry.

38:2

Helaas, dié bruidstyd is verby!

Jou eerste liefde ‘t jy verlaat.

Gedenk daaraan en soek dit weer,

dié liefde met die liefdesdaad.

En as jy tog my Woord verwerp,

dan kom Ek, maar met oordeel, weer:

Ek neem jou kand'laar van sy plek
indien jou hart My nie begeer.

38:3

O, luister na My as Ek roep -

dit is die roepstem van die Gees.

Al wie 'n oor het, laat hom hoor,

dat jy my bruidskerk weer kan wees.

Aan die oorwinnaar in die stryd

gee Ek die lewensvolle spys,

die altyd-nuwe vrugte van

die keurboom in Gods paradys.

39 Getrou tot die dood

39:1

Dit sê die Eerste=en Laaste, Hy

wat dood was maar nie dood kon bly:

Ek ken jou werke=en lydenslot,

jou armoed, maar jy's ryk in God.

39:2

Ek hoor die lastering en roem

van wie hulself Gods Bondsvolk noem,

maar wat die krag en wese mis

en Satans sinagoge is.

39:3

Wees nie bevrees as jul moet ly;

die duiwel self sal jul bestry.

Jul mart'laarskap is kort van duur:

jul lyde=is Gods beproewingsvuur.

39:4

Laat wie volhard in stryd en nood,

getrou wees maar tot in die dood.

En 'k gee hul as genadeloon

die onverwelkb're lewenskroon.

39:5

En laat dit klink in hart en oor,

die drangroep wat die Gees laat hoor:

Die eewge dood sal nimmermeer

oor die oorwinnaar triomfeer.

40 Waak op

40:1

Ek wat die swaard dra, weerskant skerp,

waarmee 'k my vyand neer sal werp,

Ek weet jou werke=en waar jy woon -

die plek waar Satan sit ten troon.

40:2

Jou liefde=en trou, aan My verpand,

hou in die martelvure stand;

en jou geloof is vas ten spyt

van Satans felste woede=en nyd.

40:3

Maar in jou midde sluip die slang

wat siele in sy liste vang.

Die lokwoord uit sy leuenmond

verlei die volk van my verbond.

40:4

Waak op en stuit die kwaad! Waarom

sal Ek in gramskap na jou kom

en met die slagswaard van my mond

my vyand neerwerp teen die grond?

40:5

Ek roep dit uit voor wie 'n oor,

voor wie 'n hart het - laat hom hoor,

gewillig as die Gees getuig

om na my wil sy wil te buig.

40:6

Aan die oorwinnaar in die stryd

skenk Ek 'n groot verborgenheid:

die manna uit die wildernis,

maar een wat diep verborge is.

40:7

'n Steen uit marmerberg vandaan,

waarop sy naam geskrywe staan,

gee Ek aan hom; daar is geeneen

wat dit kan lees, net hy alleen.

41 Bewaar my Woord

41:1

Die Seun van God, die hoogste Heer,

Hy send sy magsbevele neer!

Sy oog is soos 'n vlam van vuur,

sy voet soos koper, blink geskuur

41:2

Ek ken jou ywer, ongedoof,

jou liefde=en diens en jou geloof,

jou lydsaamheid, nog onverkort,

en dat jou werke=al skoner word.

41:3

Maar daar is een wat strikke weef:

Isébel het by jou herleef;

sy wat die offermaaltyd sprei,

my volk tot sinnediens verlei.

41:4

Aan hulle wat my woord bewaak,

die Satansdieptes nie genaak,

aan die getroues gee Ek las:

kleef enkel aan my woorde vas.

41:5

Aan wie oorwin, onwankelbaar

my werke tot die end bewaar:

hy sal oor nasies triomfeer,

met ysterstaf sal hy regeer;

41:6

soos kruike, so te pletter slaan

die leërs teen hom opgestaan.

Dis afglans van die heerskappy

wat Hy, die Vader, gee aan My.

41:7

Boodskapper van die dag wat kom,

die môrester, gee Ek aan hom.

Ontwaak dan, slapers van die nag,

gee op die Gees se roepstem ag!

42 Jy is dood

42:1

Ek wat die sewe Geeste stuur
uit wie die lewensvonke spat,
en wat die sewe sterre=omvat
wat skitter in die donker uur -
Ek ken jou werke, maar dis skyn,
die lewe ‘t uit jou weggekwyn.
42:2
Word wakker uit die sluimerdood!
Jou dade=is nie opreg en waar,
jou wese troebel, gans onklaar,
voor God lê al jou werke bloot!
Word wakker uit jou slaap en red
wat haas geen lewensasem het!
42:3
My Woord was helder soos kristal,
jou bruidstyd fris soos môredou.
En hoe is dit verdonkerd nou!
Bewaar dié skatte, of Ek sal
net soos 'n dief kom, onverwag,
jou opskrik in die oordeelsnag.
42:4
Maar daar is enkele (hoe min!)
wat nie hul kleed besoedel het.
Hul sal Ek uit die oordeel red,

en hul sal met My wandel in

'n wit gewaad en reinheidsgeur,

omdat Ek hul dit waardig keur.

42:5

Oorwinnaars sien 'k in wit kledy,

en in die lewensboek hul naam,

wat Ek voor al die eng'le saam

en voor my Vader sal bely. -

Al wie 'n hart het en 'n oor,

laat hy die Gees se roepstem hoor.

43 Omdat jy my Woord bewaar het

43:1

Hy wat heilig en waaragtig

en omkleed is met gesag,

wat die sleutel dra van Dawid,

hoogheidsteken van sy mag -

daar is niks wat Hom kan hinder,

wat sy magsvermoë stuit,

wat kan sluit as Hy wil open,

wat kan open as Hy sluit.

43:2

Al jou werke sien en ken Ek,

in hul skoonheid blink hul uit.

En Ek het 'n deur gegewe

wat geeneen vir jou kan sluit.

Dat jou krag gering is, weet Ek,

maar jy eer my Woord as skat,

en jy ‘t nie my Naam verloën

wat die kennis vol omvat.

43:3

Oë-dienaars, trotse pralers

uit die huis van Israel,

is 'n satansinagoge

wat jou met verdrukking kwel.

Maar uit hul sal Ek laat aankom

wat hul voor jou voet sal buig;

en dat Ek jou liefgehad het,

sal hul bly voor jou getuig.

43:4

Omdat jy die Woord bewaar het

van my lyde en=lydsaamheid,

is Ek jou ook 'n Bewaarder

in die uur van sware stryd

as die tye van besoeking

(elke mond sal dan verstom!)

oor die aarde=en sy bewoners

in die felste smarte kom.

43:5

Ek kom gou! Hou dan bestendig

wat my mond aan jou beloof.

Wees net waaksaam, en laat niemand

jou die eerkroon ooit ontroof.

Wie oorwin, hom sal 'k bevestig:

as 'n suil sal hy verrys,

om daar nooit weer uit te gaan nie,

in my God se pragpaleis.

43:6

Op hom sal 'k die Godsnaam skrywe,

onuitwisbaar sal dit straal,

met die naam ook van die Godstad

wat van God op aarde daal.

Daar skryf Ek my nuwe Naam ook,

waar hy draer van sal wees.

Laat wie ore het, dan luister

na die roepstem van die Gees.

44 Wagtend staan Ek voor die deur al

44:1

Dis die woord van Hom, die Amen,

die Getuie, trou en waar,

die Begin van God se skepping,

sterke Skeppingsmiddelaar.

Al jou werke sien en ken Ek:

daar’s by jou geen koue=of gloed.

En daar rys vir jou 'n walging

uit die grond van my gemoed.

44:2

"Ek is ryk, verryk, " so roem jy.

En jy ken nie jou gebrek,

dat jy, arm en blind, ellendig,

niks het om jou toe te dek.

Koop van My dan goud, gelouterd,

wat die ware rykdom gee.

Koop van My die wit gewade

wat jou, naakte, kan omklee.

44:3

Koop van My die fyne mengsel

wat as oogsalf jou kan dien,

en bestryk daarmee jou oë,

dat jy, blinde, weer kan sien.

Ek bestraf al wie Ek liefhet,

en Ek tugtig in my trou.

Wees dan yw'rig tot bekering,

vurig om my Woord te hou.

44:4

Wagtend staan Ek voor die deur al,

waar Ek aanklop, lank en luid.

Hoor dan een my roepstem buite,

word vir My die deur ontsluit,

dan sal 'k tot sy woning ingaan.

Na die maaltyd heengelei,

sal 'k in vriendskap met hom aansit,

hy sal aansit saam met My.

44:5

Ek sal gee aan die oorwinnaar,

in my hoë heerskappy,

dat hy sit as wêreldheerser

op my rykstroon saam met My,

net soos Ek ook met my Vader

triomfeer die wêreld oor.

Dis die Gees se laaste roepstem -

wie 'n oor het, laat hom hoor!

45 Die Nuwe Jerusalem

45:1

Hy het my die stad getoon,

groot en van die hemel dalend,

en, deur God se ligglans skoon,

soos 'n kleurgesteente stralend,

helder soos 'n kristallyn

wat in al sy klaarheid skyn.

45:2

Rondom rys, gedug in krag,

twaalftal poorte in die mure.

Elkeen voor sy poort op wag,

staan die eng'le, glansfigure.

Bo hul blink, in vlammespel,

twaalf stamname=uit Israel.

45:3

Lokkend staan die poorte oop,

oop na al die wêreldoorde,

dat die nasies toe kan loop:

van die suide=en van die noorde

en vandaar waar son en maan

nie meer op- en ondergaan.

45:4

Uit die diepte=omhoog geskraag,

rys die muur as skut en wering;

en daaronder, laag naas laag,

lê ie ewige fondering.

Van die Lam se=apostelskaar

straal daaruit die name klaar.

45:5

In die stad se mate was

daar geen kleinheid en geen engte.

Van die klimmende terras

het die hoogte=aan breedte=en lengte

in sy maat geheel gelyk,

tot die hemelblou gereik.

45:6

En die muur was swaar van bou

wat die grote stad omring het;

glanse soos van môredou

was die glans wat dit deurdring het.

En die stad se boustof was

goud, deurskynend net soos glas.

45:7

Fondamente=uit edelsteen

was dit wat die stad omlyn het.

Pêrelpoorte daaromheen,

wat met sagte lig geskyn het.

Goudbane=al die strate was,

maar deursigtig, blink soos glas.

45:8

Maar 'n tempel, skoon van bou

(aan wat was nog steeds gedagtig!)

het my oog nie daar aanskou;

want die Here God almagtig

is sy tempel, en die Lam

is die helder altaarvlam.

45:9

En geen lig van son en maan,

wat hul wentel langs die transe,

sal daar op- en ondergaan:

God self skyn daar met sy glanse,

en die Lam is self die lig

waar 'n eewge nag voor swig.

45:10

Nasies, vry van die gerig,

kom uit nuwe wêreldlande

om te wandel in dié lig.

Konings bring hul offerande

uit 'n volle wêreldskat:

eer en glorie, in die stad.

45:11

Vir 'n nag van skrik en vrees

word die poorte nie gesluit nie,

want daar sal geen nag meer wees

en geen klaag- of skrikgeluid nie.

Heerlikheid en eer alleen

trek dan deur die poorte heen.

45:12

Daar sal in dié heiligdom

niemand wat die kwaad bedrywe,

ooit of immer binnekom.

Hul van wie die naam geskrywe

in die Lewensboek sal staan,

húlle sal daar binnegaan.

46 Dag van wraak

46:1

Bo die kimme van verdwyning

rys die marmerwit verskyning -

oordeelstroon van God die Heer.

Aarde=en hemel, skrikbewoë,

weggevlug het van sy oë;

daar’s geen plek vir hulle meer.

46:2

Voor die regterstoel ontbode,

klein en groot staan daar die dode,

en die boeke ‘t oopgegaan,

ook die Lewensboek met wisse,

eewge naamgeheimenisse

wat daarin geskrywe staan.

46:3

Alles deur die mens bedrywe,

's in dié boeke neergeskrywe

van die skeppingsdag af aan.

Alles - eeue word nou ure! -

doem dan op uit dié Skrifture:

dis waaroor die vonnis gaan.

46:4

Langs hul diep, verborge weë

gee die wêreldwye seë

hulle dode almal weer.

Dood en doderyk aan bewe,

gee hul dode=en oor hul lewe

stryk die laaste vonnis neer.

46:5

En die dood, die strawwe koning,

met die doderyk, sy woning,

stort dan in hul vlammegraf;

en wie dan nie staan geskrewe

in die Grootboek van die Lewe,

stort met hul die steiltes af.

47 Priesterlike Seën

47:1

Die Here sal ons seën,

en Hy sal ons behoed.

Die Here sal sy aanskyn

altyd oor ons laat straal

en ons genadig wees vir ewig.

Hy sal sy aangesig oor ons verhef

en aan ons gee sy vrede.

Amen, Amen.

48 Apostoliese Seën

48:1

Die genade van die Here Jesus Christus

en die liefde van God

en die gemeenskap van die Heil'ge Gees,

sy met ons almal! Amen.

49 Môresang

49:1

Barmhartige=en getroue God,

Beskikker van ons deel en lot,

ons dank U vir die troue wag

ons weer betoon in hierdie nag.

49:2

Verleen ons, ná die soete rus,

opnuut gesondheid, krag en lus,

wanneer ons, deur die slaap verkwik,

ons willig tot die arbeid skik.

49:3

Laat ons ons amp en plig, o Heer,

getrou behartig tot u eer;

en laat u guns ons werk bekroon,

u Gees ons lei en in ons woon!

49:4

Sien op ons in genade neer,

en maak ons werk voorspoedig weer;

skeld ons, na u barmhartigheid,

o Heer, ons skuld en misdaad kwyt.

49:5

Verlig ons hart wat duister is;

laat ons, na u getuienis,

die duiwel en sy werk weerstaan

en yw'rig in u weë gaan.

49:6

Gee ons 'n seën by u Woord;

plant self die Kerk van Christus voort;

sterk leraars, sterk alle=aardse mag

wat U beklee met u gesag.

49:7

Troos almal wat deur smart getref,

hul hart vol angs tot U verhef:

maak ons in teëspoede stil;

hoor ons, o God, om Jesus wil.

50 Aandsang

50:1

O grote Christus, eewge Lig,

niks is bedek vir u gesig,

wat ons bestraal waar ons ook gaan,

al skyn geen son, al blink geen maan.

50:2

Toon ons u goedheid en u mag

deur u beskerming hierdie nag;

wil in die donker oor ons waak,

sodat geen plaag ons tent genaak.

50:3

Verkwik ons deur 'n soete rus,

dat ons mag werk met nuwe lus;

laat ook ons luisterende oor

die nag se diepe wysheid hoor.

50:4

Leer ons om in die lewensnag

verlangend op u koms te wag,

daar ons in stil vertroue leef

dat U ons al ons skuld vergeef.

50:5

Beskerm ons in die bange tyd

van sielsversoeking en van stryd;

help as die Bose ons bestry

dat hy oor ons geen voordeel kry.

50:6

Bewaar die Kerk wat nou nog stry,

en wil haar onder kruis verbly;

vertroos die neergeboë hart,

genees die krankes in hul smart.

50:7

O Vader, laat u liefde=ons blyk;

o Seun, maak ons u beeld gelyk;

o Gees, send u vertroosting neer;

Drie-eenge God, U sy al d'eer!

Algemene belydenisskrifte

APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

Die Christelike kerk noem hierdie Belydenisskrif die Apostoliese Geloofsbelydenis, alhoewel die apostels dit nie opgestel het nie. Reeds vanaf die 2de eeu het dit sy ontstaan gehad en het verder ontwikkel totdat dit ongeveer die 4de eeu sy finale beslag gekry het (NGB, art. 9).
(1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
(2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
(3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
(4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel;
(5) wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood;
(6) opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
(7) waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
(8) Ek glo in die Heilige Gees.
(9) Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
(10) die vergewing van sondes;
(11) die opstanding van die vlees
(12) en 'n ewige lewe.

NICEA

Hierdie Belydenisskrif word genoem na die plek Nicéa (Klein-Asië), waar daar in die jaar 325 'n Sinode gehou is en waar die dwalings van Arius verwerp is. Die finale vorm is egter eers van 'n later datum, waarskynlik die Sinode van Konstantinopel, 381 (NGB, art. 9).
Ons glo in een God, die Almagtige Vader, die Skepper van die hemel en die aarde, van alle sigbare en onsigbare dinge;
en in een Here Jesus Christus, sy eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader gebore:
Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het.
Hy het ter wille van ons, mense, en ons saligheid uit die hemel neergedaal en het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria vlees geword, hy het mens geword;
onder Pontius Pilatus is Hy gekruisig;
Hy het gely en is begrawe.
Op die derde dag het Hy volgens die Skrifte opgestaan, en Hy het na die hemel opgevaar.
Hy sit aan die regterhand van die Vader, en Hy sal met heerlikheid terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel.
Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.

Ons glo in die Heilige Gees wat Here is en lewend maak. Hy gaan van die Vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik. Hy het deur die profete gespreek.
Ek glo aan een heilige, algemene en apostoliese kerk.
Ons bely een doop tot vergifnis van die sondes.
Ons verwag die opstanding van die dooies en die lewe van die toekomstige bedeling.
Amen

ATHANASIUS

Hierdie belydenisskrif word genoem na Atanasius, die verdediger van die Skriftuurlike leer teen die dwalings van Arius en die 4de eeu, alhoewel dit betwyfel word of dit Atanasius self was wat dit opgestel het. Dit vertolk egter die Kerk se standpunt oor die leer van die Drie-eenheid (NGB, art. 9)

1 Vir elkeen wat salig wil word, is dit in die eerste plek nodig dat hy die algemene geloof moet vashou.
2 As iemand dit nie heeltemal en ongeskonde bewaar nie, sal hy sonder twyfel vir ewig verlore gaan.
3 Die algemene geloof is: Ons moet die een God in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid eer;
4 sonder om die persone te vermeng of die wese te deel.
5 want die Persoon van die Vader is 'n ander, dié van die Seun is 'n ander, dié van die Heilige Gees is 'n ander.
6 Tig het die die Vader die Seun en Heilige Gees een Godheid, gelyke eer en gelyke ewige heerlikheid.
7 Soos die Vader is, so is ook die Seun en ook die Heilige Gees
8 Die Vader is ongeskape, Seun is ongeskape, en die Heilige Gees is ongeskape;
9 onmeetlik is Vader, onmeetlik is Seun, onmeetlik is die Heilige Gees
10 Die Vader is ewig, Seun is ewig, en die Heilige Gees is ewig.
11 Nogtans is daar nie drie ewiges nie maar een Ewige,
12 net so is daar nie drie ongeskapenes of dir onmeetlikes nie maar een Ongeskapene en een Onmeetlike.
13 Eweneers is die Vader almagtig, die Seun almagtig, en die Heilige Gees almagtig;
14 en tog is daar nie drie almagtiges nie maar een Almagtige.
15 So ook is die Vader God, die Seun God en die Heilige Gees God;
16 en tog is daar nie drie gode nie maar een God.
17 So ook is die Vader Here, die Seun Here een die Heilige Gees Here;
18 en tog is daar nie drie Heres nie maar een Here.
19 Want sos ons deur die Christelike waarheid gedwing word om elke Persoon afsonderlik God en Here te noem,
20 word ons ook deur die algemene geloof verbied om drie gode og heres te bely.
21 Die Vader is deur niemand gemaak of geskep of gegenereer nie;
22 die Seun is deur die Vader alleen nie gemaak of geskep nie, maar gegenereer;
23 die Heilige Gees is deur die Vader en die Seun nie gemaak of geskep of gegenereer nie maar gaan van Hulle uit.

24 So is daar een Vader, nie drie vaders nie, een Seun, nie drie seuns nie, een Heilige Gees, nie drie heilige geeste nie.
25 En in hierdie Drieheid is daar nie 'n eerste of 'n laaste nie, nie meeste of minste nie,
26 maat al drie Persone het gelyke ewigheid en is heeltemaal aan mekaar gelyk,
27 sodat in alle opsigte, soos hierbo gesê is, die Eenheid in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid geëer moet word.
28 Wie dus salig wil word, moet so oor die Drie-eenheid dink.
29 Maar vir die ewige saligheid is dit nodig dat hy getrou aan die menswording van ons Here Jesus Christus moet glo.
30 So is die opregte geloof dan: Ons glo en bely dan dat ons Here Jesus Christus, die Seun van God, tegelyketyd God én mens is.
31 Hy is God uit die Wese van die Vader, voor alle tye gegenereer, en mens uit die wese van sy moeder, in die tyd gebore;
32 volkome God, volkome mens met 'n redelike siel en menslike vlees;
33 na die Godheid aan die Vader gelyk, na die mensheid minders as die Vader.
34 En alhoewel Hy God en mens is, is Hy nogtans nie twee nie maar een Christus.
35 Hy is een, nie deur verandering van die Godheid in die vlees nie, maar deur die aanneming van die mensheid in God.
36 Hy is in alle opsigte een, nie deur vermenging van die wese nie maar deur die eenheid van die Persoon.
37 Want soos die redelike siel en die vlees een mens is, so is God en mens een Christus,
38 wat ter wille van ons saligheid gely het, na die hel neergedaal het, op die derde dag uit die dood opgestaan het,
39 na die hemel opgevaar het en aan die regterhand van God, die almagtige Vader, sit.
40 Daarvandaan sal hy kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
41 By sy koms sal alle mense, met hulle liggame, opstaan
42 en van hulle eie werke rekenskap gee.
43 En die wat goed gedoen het, sal in die ewige lewe ingaan, maar die wat sonde gedoen het, in die ewige vuur.
44 Dit is die algemene geloof; en as iemand dit nie getrou en vas glo nie, sal hy nie salig word nie.

Heidelbergse Kategismus

Sondag 1

1. Vr. Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Antw. Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a), nie aan myself nie (b), maar aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus, toebehoort (c), wat met sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (d) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het (e) en my so bewaar (f) dat sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my hoof kan val nie (g), ja ook, dat alles tot my saligheid moet dien (h); daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe (i) en maak Hy my van harte gewillig en bereid om verder vir Hom te lewe (k).

(a)
Rom. 14:8 Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.
(b)
1 Cor 6:19 Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?
(c)
1 Cor 3:23 maar julle behoort aan Christus, en Christus aan God.
Tit. 2:14 wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.
(d)
1 Pet 1:18-19 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,
1 Joh. 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.
1 Joh. 2:2 En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.
1 Joh. 2:12 Ek skryf aan julle, my kinders, omdat die sondes julle vergewe is om sy Naam ontwil.
(e)
Heb. 2:14 Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel
1 Joh. 3:8 Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.
Joh. 8:34-36 Jesus antwoord hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is. En die dienskneg bly nie vir altyd in die huis nie; die seun bly vir altyd. As die Seun julle dan Vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.
(f)
Joh. 6:39 En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag.
Joh. 10:28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.
2 Thess 3:3 Maar die Here is getrou; Hy sal julle versterk en bewaar van die Bose.
1 Pet 1:5 wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd.
(g)
Matt. 10:30 En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel.
Luk. 21:18 En geen haar van julle hoof sal ooit verlore gaan nie.
(h)
Rom. 8:28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.
(i)
2 Cor 1:22 wat ons ook verseël het en die Gees as onderpand in ons harte gegee het.
2 Cor 5:5 Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is God, wat ons ook die Gees as onderpand gegee het.
Eph 1:14 (die Heilige Gees van die belofte ...) wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid.
Rom. 8:16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;
(k)
Rom. 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.
1 Joh. 3:3 En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.

2. Vr. Hoeveel dinge is daar vir jou nodig om te weet, sodat jy in hierdie troos salig kan lewe en sterwe?

Antw. Drie dinge (a). Ten eerste: hoe groot my sondes en ellende is (b). Ten tweede: hoe ek van al my sondes en ellende verlos kan word (c). En ten derde: hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (d).

(a)
Matt. 11:28-30 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig.
Eph 5:8 Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here - wandel soos kinders van die lig.
(b)
Joh. 9:41 Jesus antwoord hulle: As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie; maar nou sê julle: Ons sien! Daarom bly julle sonde.
Matt. 9:12 Maar toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is.
Rom. 3:10 soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.
1 Joh. 1:9-10 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.
(c)
Joh. 17:3 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.
Acts 4:12 En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.
Acts 10:43 Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang.
(d)
Eph 5:10 En beproef wat die Here welbehaaglik is;
Ps. 50:14 Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;
Matt. 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.
1 Pet 2:12 en hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking.
Rom. 6:13 En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.
2 Tim. 2:15 Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny.

DIE EERSTE DEEL
OOR DIE MENS SE ELLENDE

Sondag 2

3. Vr. Waaruit ken jy jou ellende?

Antw. Uit die wet van God (a).

(a)
Rom. 3:20 aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde.

4. Vr. Wat eis die wet van God van ons?

Antw. Dit leer Christus ons in hoofsaak, Matt. 22:37-40: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met jou hele krag. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete (a).

(a)
Deut. 6:5 Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.
Lev. 19:18 Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die HERE.
Mark. 12:30 en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod.
Luk. 10:27 En hy antwoord en sê: Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself.

5. Vr. Kan jy dit alles ten volle onderhou?

Antw. Nee (a), want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat (b).

(a)
Rom. 3:10 soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.
Rom. 3:20 aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde.
Rom. 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,
1 Joh. 1:8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie.
1 Joh. 1:10 As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.
(b)
Rom. 8:7 omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.
Eph 2:3 onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.
Tit. 3:3 Want ons was ook vroeër onverstandig, ongehoorsaam, op 'n dwaalweg, verslaaf aan allerhande begeerlikhede en singenot; ons het in boosheid en afguns gelewe; ons was haatlik en het mekaar gehaat.
Gen. 6:5 Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,
Gen. 8:21 En die HERE het die lieflike geur geruik, en die HERE het in sy hart gesê: Ek sal die aarde verder nie meer vervloek ter wille van die mens nie, want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af. En Ek sal verder nie meer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie.
Jer. 17:9 Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?
Rom. 7:23 maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is.

Sondag 3

6. Vr. Het God die mens dan so boos en verkeerd geskape?

Antw. Nee; maar God het die mens goed (a) en na sy ewebeeld (b) geskape, dit is, in ware regverdigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kan ken, Hom van harte kan liefhê en met Hom in die ewige saligheid kan lewe om Hom te loof en te prys (c).

(a)

Gen. 1:31 Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en - dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag.
(b)
Gen. 1:26-27 En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.
(c)
Eph 4:24 en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.
Col 3:10 en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,
2 Cor 3:18 En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.

7. Vr. Waar kom dié verdorwe aard van die mens dan vandaan?

Antw. Uit die val en die ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers, Adam en Eva, in die paradys (a) waar ons natuur so verderwe is, dat ons almal in sondes ontvang en gebore word (b).

(a)
Gen. 3
Rom. 5:12 Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het
Rom. 5:18-19 Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.
(b)
Ps. 51:7 Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.
Gen. 5:3 Toe Adam honderd en dertig jaar oud was, het hy 'n seun verwek na sy gelykenis, na sy ewebeeld, en hom Set genoem.

8. Vr. Maar is ons so verdorwe dat ons heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad?

Antw. Ja (a), tensy ons deur die Gees van God wedergebore word (b).

(a)
Gen. 8:21 En die HERE het die lieflike geur geruik, en die HERE het in sy hart gesê: Ek sal die aarde verder nie meer vervloek ter wille van die mens nie, want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af. En Ek sal verder nie meer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie
Gen. 6:5 Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,
Job 14:4 Ag, kon maar 'n reine voortkom uit 'n onreine - nie een nie!
Job 15:14 Wat is die mens, dat hy rein sou wees? En hy wat uit 'n vrou gebore is, dat hy regverdig sou wees?
Job 15:16 hoeveel minder die afskuwelike en ontaarde, die mens wat onreg drink soos water!
Job 15:35 Hulle is swanger van moeite en baar onheil; en hulle skoot bring bedrog voort.
Joh. 3:6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.
Isaiah 53:6 Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.
(b)
Joh. 3:3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.
Joh. 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

1 Cor 12:3 Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.
2 Cor 3:5 Nie dat ons uit onsself bekwaam is om iets as uit onsself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God,

Sondag 4

9. Vr. Doen God die mens dan geen onreg nie dat Hy in sy wet van hom eis wat hy nie kan doen nie?

Antw. Nee (a); want God het die mens so geskape dat hy dit kon doen (b); maar die mens het homself en al sy nakomelinge deur die ingewing van die duiwel (c) en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

(a)
Eph 4:24 en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.
(b)
Gen. 3:13 Daarop sê die HERE God aan die vrou: Wat het jy nou gedoen? En die vrou antwoord: Die slang het my bedrieg, en ek het geëet.
1 Tim. 2:13-14 Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom.
(c)
Gen. 3:6 Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.
Rom. 5:12 Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het

10 Vr. Wil God dié ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antw. Nee, sekerlik nie; maar Hy vertoorn Hom verskriklik (a) oor die aangebore sowel as die werklike sondes en wil dit deur 'n regverdige oordeel tydelik en ewiglik straf (b); soos Hy gesê het: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskrywe is in die boek van die wet om dit te doen nie (c).

(a)
Gen. 2:17 maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.
Rom. 5:12 Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het
(b)
Ps. 50:21 Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel.
Ps. 5:6 Die onsinniges sal voor u oë nie standhou nie; U haat al die werkers van ongeregtigheid.
Nah. 1:2 'n Jaloerse God en 'n wreker is die HERE, 'n wreker is die HERE, en vol grimmigheid; 'n wreker is die HERE vir sy teëstanders, en Hy behou die toorn teen sy vyande.
Ex 20:5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;
Ex 34:7 wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag.
Rom. 1:18 Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk,
Eph 5:6 Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid.
(c)

Deut. 27:26 Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie; en die hele volk moet sê: Amen.
Gal. 3:10 Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.

11. Vr. Is God dan nie ook barmhartig nie?

Antw. Ja, God is wel barmhartig (a), maar Hy is ook regverdig (b); daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God begaan is, ook met die hoogste, dit is, met die ewige straf aan liggaam en siel gestraf moet word.

(a)
Ex 34:6-7 En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag.
Ex 20:6 en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.
(b)
Ps. 7:10 Laat tog die boosheid van die goddelose mense 'n einde neem, maar bevestig U die regverdige, ja, U wat harte en niere toets, o regverdige God!
Ex 20:5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;
Ex 23:7 Hou jou ver van valse sake af. En moenie die onskuldige en die wat reg het, ombring nie, want Ek sal die skuldige nie regverdig verklaar nie.
Ex 34:7 wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag.
Ps. 5:5-6 Want U is nie 'n God wat behae het in goddeloosheid nie; die kwaaddoener sal by U nie vertoef nie. Die onsinniges sal voor u oë nie standhou nie; U haat al die werkers van ongeregtigheid.
Nah. 1:2-3 'n Jaloerse God en 'n wreker is die HERE, 'n wreker is die HERE, en vol grimmigheid; 'n wreker is die HERE vir sy teëstanders, en Hy behou die toorn teen sy vyande. Die HERE is lankmoedig, maar groot van krag; en nooit laat die HERE ongestraf bly nie. Sy weg is in warrelwind en in storm, en wolke is die stof van sy voete.

DIE TWEEDE DEEL
OOR DIE VERLOSSING VAN DIE MENS

Sondag 5

12. Vr. Aangesien ons dan na die regverdige oordeel van God tydelike en ewige straf verdien het, is daar enige middel waardeur ons van hierdie straf kan vrykom en weer genade kan verkry?

Antw. God wil dat aan sy geregtigheid voldoen moet word (a); daarom moet ons daaraan òf deur onsself òf deur 'n ander ten volle betaal (b).

(a)
Gen. 2:17 maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.
Ex 23:7 Hou jou ver van valse sake af. En moenie die onskuldige en die wat reg het, ombring nie, want Ek sal die skuldige nie regverdig verklaar nie.
Eze 18:4 Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun - hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe.
Matt. 5:26 Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie.
2 Thess 1:6 aangesien dit reg is by God om aan die wat julle verdruk, verdrukking te vergelde,

Luk. 16:2 En hy het hom geroep en vir hom gesê: Wat is dit wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou bestuur van sake; want jy sal nie meer bestuurder kan wees nie.
(b)
Rom. 8:4 sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

13. Vr. Maar kan ons deur onsself betaal?

Antw. Nee, hoegenaamd nie; maar ons maak selfs die skuld nog daagliks meer (a).

(a)
Job 9:2 Waarlik, ek weet dat dit so is; en hoe kan 'n mens regverdig wees by God?
Job 15:15-16 Kyk, in sy heiliges stel Hy geen vertroue nie; ja, die hemele is nie rein in sy oë nie; hoeveel minder die afskuwelike en ontaarde, die mens wat onreg drink soos water!
Job 4:18-19 Kyk, in sy dienaars stel Hy geen vertroue nie, en by sy engele ontdek Hy dwaling. Hoeveel meer by hulle wat kleihuise bewoon, van wie die grondslag in die stof is, wat fyngedruk word soos 'n mot.
Ps. 130:3 As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?
Matt. 6:12 en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
Matt. 18:25 En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word.
Matt. 16:26 Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?

14. Vr. Kan daar ook êrens enige skepsel gevind word om vir ons te betaal?

Antw. Nee, want ten eerste wil God die skuld wat die mens gemaak het, aan geen ander skepsel straf nie (a), ten tweede kan ook geen enkele skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsele daarvan verlos nie (b).

(a)
Eze 18:4 Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun - hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe.
Gen. 3:17 En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie - vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.
(b)
Nah. 1:6 Wie sal standhou voor sy grimmigheid? En wie sal bestand wees teen die gloed van sy toorn? Sy gramskap word uitgegiet soos vuur, en die rotse word stukkend geruk voor Hom.
Ps. 130:3 As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?

15. Vr. Hoedanig 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

Antw. So een wat 'n waaragtige (a) en regverdige (b) mens is en nogtans ook sterker as alle skepsele, dit is, wat ook tegelykertyd waaragtige God is (c).

(a)
1 Cor 15:21 Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens.
(b)
Heb. 7:26 Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het;
(c)
Isaiah 7:14 Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem.
Isaiah 9:5 Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors - ;
Jer. 23:6 In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.
Luk. 11:22 Maar as een hom oorval wat sterker is as hy en hom oorwin, neem hy sy volle wapenrusting weg waar hy op vertrou het, en deel sy buit uit.

Sondag 6

16. Vr. Waarom moet hy 'n waaragtige en regverdige mens wees?

Antw. Omdat die regverdigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal (a); en omdat 'n mens wat self sondaar is, nie vir ander kan betaal nie (b).

(a)
Eze 18:4 Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun - hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe.
Eze 18:20 Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees.
Rom. 5:18 Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe.
1 Cor 15:21 Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens.
Heb. 2:14-16 Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel - en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was. Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom.
(b)
Heb. 7:26-27 Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het.
Ps. 49:8 Niemand kan ooit 'n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie
1 Pet 3:18 Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring - Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees;

17. Vr. Waarom moet hy tegelykertyd waaragtige God wees?

Antw. Om uit krag van sy Godheid (a) die las van die toorn van God (b) aan sy mensheid te kan dra (c) en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee (d).

(a)
Isaiah 9:5 Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors -
Isaiah 63:3 Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het.
(b)
Deut. 4:24 Want die HERE jou God is 'n verterende vuur, 'n jaloerse God.
Nah. 1:6 Wie sal standhou voor sy grimmigheid? En wie sal bestand wees teen die gloed van sy toorn? Sy gramskap word uitgegiet soos vuur, en die rotse word stukkend geruk voor Hom.
Ps. 130:3 As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?
(c)
Isaiah 53:4 Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte - dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.
Isaiah 53:11 Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra.
(d)
Isaiah 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.
Isaiah 53:11 Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra.

18. Vr. Maar wie is hierdie middelaar wat tegelykertyd waaragtige God (a) en 'n waaragtige (b) regverdige mens is (c)?

Antw. Ons Here Jesus Christus (d) wat deur God aan ons geskenk is tot wysheid, regverdigheid, heiligmaking en verlossing (e).

(a)
1 Joh. 5:20 En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.
Rom. 9:5 aan wie die vaders behoort en uit wie die Christus is na die vlees Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen.
Rom. 8:3 Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees,
Gal. 4:4 Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,
Isaiah 9:6 tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen.
Jer. 23:6 In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.
Mal 3:1 Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare.
(b)
Luk. 1:42 en het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die vrug van jou skoot!
Luk. 2:6-7 En terwyl hulle daar was, is die dae vervul dat sy moes baar; en sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.
Rom. 1:3 aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid
Rom. 9:5 aan wie die vaders behoort en uit wie die Christus is na die vlees Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen.
Php 2:7 maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;
Heb. 2:14 Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het-dit is die duiwel-
Heb. 2:16-17 Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom. Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.
Heb. 4:15 Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.
(c)
Isaiah 53:9 En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in sy mond gewees het nie.
Isaiah 53:11 Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra.
Jer. 23:5 Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land.
Luk. 1:35 En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.
Joh. 8:46 Wie van julle oortuig My van sonde? En as Ek die waarheid spreek, waarom glo julle My nie?
Heb. 4:15 Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.
Heb. 7:26 Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het;
1 Pet 1:19 maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,
1 Pet 2:22 Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie;
1 Pet 3:18 Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring - Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees;

(d)
1 Tim. 2:5 Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus,
Matt. 1:23 Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.
1 Tim. 3:16 En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid.
Luk. 2:11 dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is.
Heb. 2:9 maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.
(e)
1 Cor 1:30 Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.

19. Vr. Waaruit weet jy dit?

Antw. Uit die heilige evangelie wat God self eers in die Paradys geopenbaar het (a) en daarna deur die heilige aartsvaders (b) en profete (c) laat verkondig en deur die offerandes en ander seremonies van die Wet vooraf laat afbeeld het (d) en eindelik deur sy eniggebore Seun vervul het (e).

(a)
Gen. 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.
(b)
Gen. 22:18 En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het.
Gen. 12:3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.
Gen. 49:10 Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.
(c)
Isaiah 53;
Isaiah 42:1-4 Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring. Hy sal nie skreeu of uitroep of sy stem op die straat laat hoor nie. Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; met getrouheid sal Hy die reg uitbring. Hy sal nie dof brand of geknak word, totdat Hy die reg op aarde gegrond het nie; en die eilande wag op sy leer.
Isaiah 43:25 Ek, Ek is dit wat jou oortredinge uitdelg om My ontwil, en aan jou sondes dink Ek nie.
Isaiah 49:5-6 En nou sê die HERE wat My van die moederskoot af geformeer het om sy Kneg te wees, om Jakob na Hom terug te bring en dat Israel by Hom versamel mag word - en Ek word geëer in die oë van die HERE, en my God is my sterkte - Hy het gesê: Dit is te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde.
Isaiah 49:22-23 So sê die Here HERE: Kyk, Ek sal my hand ophef na die nasies en my banier opsteek na die volke; dan sal hulle jou seuns aan die boesem bring, en jou dogters sal op die skouer gedra word; en konings sal jou oppassers wees, hulle vorstinne jou pleegmoeders; hulle sal voor jou neerbuig met die aangesig na die aarde toe en die stof van jou voete lek; en jy sal weet dat Ek die HERE is, dat hulle nie beskaamd staan wat My verwag nie.
Jer. 23:5-6 Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land. In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.
Jer. 31:32-33 nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie-my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.
Jer. 32:39-41 En Ek sal hulle een hart en een weg gee om My altyd te vrees, hulle ten goede en hulle kinders ná hulle. En Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit, dat Ek My van hulle nie sal afwend om aan hulle

goed te doen nie; en Ek sal my vrees in hulle hart gee, sodat hulle van My nie afwyk nie. En Ek sal My oor hulle verheug om aan hulle goed te doen; en Ek sal hulle duursaam in hierdie land plant, met my hele hart en met my hele siel.
Miga 7:18-20 Wie is 'n God soos U, wat die ongeregtigheid vergewe en by die oortreding van die oorblyfsel van sy erfdeel verbygaan? Hy hou toorn nie vir ewig vas nie, maar het 'n welbehae in goedertierenheid. Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp. U sal trou bewys aan Jakob, goedertierenheid aan Abraham, wat U aan ons vaders met 'n eed beloof het sedert die dae van die voortyd.
Acts 10:43 Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang.
Acts 3:22-24 Want Moses het tot die vaders gespreek: Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broeders net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek. En elke siel wat nie na dié Profeet luister nie, sal uit die volk uitgeroei word. En ook al die profete van Samuel af en die wat gevolg het, almal wat gespreek het, het ook hierdie dae aangekondig.
Rom. 1:2 wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte,
Heb. 1:1 Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun
(d)
Heb. 10:1 Want die wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie.
Heb. 10:7 Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom - in die boekrol is dit van My geskrywe - om u wil te doen, o God.
Col 2:7 gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging.
Joh. 5:46 Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe.
(e)
Rom. 10:4 Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.
Gal. 4:4 Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,
Gal. 3:24 Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.
Col 2:17 wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.

Sondag 7

20. Vr. Word alle mense dan weer deur Christus verlos soos hulle deur Adam verdoem is?

Antw. Nee (a), maar alleen die wat in Hom deur 'n ware geloof ingelyf word en al sy weldade aanneem (b).

(a)
Matt. 7:14 Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.
Matt. 22:14 Want baie is geroep, maar min uitverkies.
(b)
Mark. 16:16 Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.
Joh. 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;
Joh. 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
Joh. 3:18 Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.
Joh. 3:36 Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.
Isaiah 53:11 Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra.
Ps. 2:12 Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!
Rom. 11:20 Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees.

Rom. 3:22 die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie;
Heb. 4:3 Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie - alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is.
Heb. 5:9 en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword
Heb. 10:39 Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe.
Heb. 11:6 En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

21. Vr. Wat is 'n ware geloof?

Antw. 'n Ware geloof is nie alleen 'n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie (a), maar ook 'n vaste vertroue (b) wat die Heilige Gees (c) deur die evangelie in my hart werk (d) dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid (e) deur God geskenk is uit loutere genade alleen ter wille van die verdienste van Christus (f).

(a)
Jak. 2:19 Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder.
(b)
Heb. 11:1 Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.
Heb. 11:7 Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.
Rom. 4:18-21 Hy het teen hoop op hoop geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was: So sal jou nageslag wees. En sonder om te verswak in die geloof het hy, al was hy omtrent honderd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie. En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het.
Rom. 10:10 want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.
Eph 3:12 in wie ons die Vrymoedigheid en die toegang het met vertroue deur die geloof in Hom.
Heb. 4:16 Laat ons dan met Vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.
Jak. 1:6 Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.
(c)
Gal. 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.
Matt. 16:17 Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.
2 Cor 4:13 En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het - soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek - glo ons ook, daarom spreek ons ook.
Joh. 6:29 Jesus antwoord en sê vir hulle: Dít is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het.
Eph 2:8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;
Php 1:19 Want ek weet dat dit deur julle gebed en die ondersteuning van die Gees van Jesus Christus my tot heil sal strek,
Acts 16:14 En 'n vrou met die naam van Lídia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatíre, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is.
(d)
Rom. 1:16 Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.
Rom. 10:17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.
1 Cor 1:21 Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red;
Acts 10:44 En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het.
Acts 16:14 En 'n vrou met die naam van Lídia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatíre, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is.

(e)
Rom. 1:17 Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.
Gal. 3:11 En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe.
Heb. 10:10 Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal.
Heb. 10:38 Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie.
Gal. 2:16 terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie.
(f)
Eph 2:8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;
Rom. 3:24 en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.
Rom. 5:19 Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.
Luk. 1:77-78 om kennis van saligheid aan sy volk te gee in die vergifnis van hulle sondes, deur die innige barmhartigheid van onse God waarmee die opgaande Lig uit die hoogte ons besoek het,

22. Vr. Wat is dan vir 'n Christen nodig om te glo?

Antw. Alles wat ons in die evangelie beloof word (a) en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.

(a)
Joh. 20:31 maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.
Matt. 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
Mark. 1:15 en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.

23. Vr. Hoe lui die artikels?

Antw. (1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde. (2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; (3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; (4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is en neergedaal het na die hel; (5) wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; (6) opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, (7) van waar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode. (8) Ek glo in die Heilige Gees. (9) Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; (10) die vergewing van sondes; (11) die wederopstanding van die vlees, (12) en 'n ewige lewe.

Sondag 8

24. Vr. Hoe word hierdie artikels verdeel?

Antw. In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede, oor God die Seun en ons verlossing; die derde, oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

25. Vr. Aangesien daar maar 'n enige Goddelike wese is (a), waarom noem jy die Vader, die Seun en die Heilige Gees?

Antw. Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het (b) dat dié drie onderskeie Persone die enige, waaragtige en ewige God is.

(a)
Deut. 6:4 Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE.
Eph 4:6 een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.
Isaiah 44:6 So sê die HERE, die Koning van Israel en sy Losser, die HERE van die leërskare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie.
Isaiah 45:5 Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie; Ek omgord jou, hoewel jy My nie geken het nie,
1 Cor 8:4 Wat dan die eet van die offervleis aan die afgode betref, weet ons dat 'n afgod niks in die wêreld is nie, en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een.
1 Cor 8:6 tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom.
(b)
Isaiah 61:1 Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis;
Luk. 4:18 En Jesus antwoord en sê vir hom: Gaan weg agter My, Satan, want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.
Gen. 1:2-3 En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters. En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig.
Ps. 33:6 Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër.
Isaiah 48:16 Kom julle nader na My, hoor dit: Ek het van die begin af nie in die geheim gespreek nie; van die tyd af dat dit gebeur, is Ek daar! En nou het die Here HERE my met sy Gees gestuur.
Matt. 3:16-17 En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.
Matt. 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
1 Joh. 5:7 Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een;
Isaiah 6:1 In die sterfjaar van koning Ussía het ek die Here sien sit op 'n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het.
Isaiah 6:3 En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!
Joh. 14:26 maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.
Joh. 15:26 Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig.
2 Cor 13:13 Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen.
Gal. 4:6 En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!
Eph 2:18 want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.
Tit. 3:5-6 nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser;

OOR GOD DIE VADER EN ONS SKEPPING

Sondag 9

26. Vr. Wat glo jy met hierdie woorde: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde?

Antw. Dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat hemel en aarde, met alles wat daarin is, uit niks geskape het (a), wat ook deur sy ewige raad en voorsienigheid dit nog onderhou en regeer (b) ter wille van sy Seun Christus my God en my Vader is (c); op wie ek so vertrou dat ek nie twyfel nie of Hy sal my met alles wat nodig is vir liggaam en siel versorg (d) en ook al die kwaad wat Hy oor my in hierdie jammerdal beskik, my ten beste bestuur (e), omdat Hy dit kan doen as 'n almagtige God (f) en ook wil doen as 'n getroue Vader (g).

(a)
Gen. 1 en 2
Ex 20:11 Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.
Job 33:4 Die Gees van God het my geskape, en die asem van die Almagtige maak my lewend.
Job 38 en 39
Acts 4:24 En toe hulle dit hoor, het hulle eendragtig die stem tot God verhef en gesê: Here, U is die God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het,
Acts 14:15 en gesê: Manne, waarom doen julle hierdie dinge? Ons is net sulke mense soos julle, en ons verkondig die evangelie dat julle jul van hierdie nietige dinge moet bekeer tot die lewende God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het.
Ps. 33:6 Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër.
Isaiah 45:7 wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen.
(b)
Heb. 1:3 Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,
Ps. 104:27-30 Hulle almal wag op U, dat U hulle voedsel kan gee op die regte tyd. U gee dit aan hulle, hulle tel dit op; U maak u hand oop, hulle word versadig met die goeie. U verberg u aangesig, hulle word verskrik; U neem hulle asem weg, hulle sterwe en keer terug tot hul stof. U stuur u Gees uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut.
Ps. 115:3 terwyl onse God tog in die hemel is; Hy doen alles wat Hom behaag.
Matt. 10:29 Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie.
Eph 1:11 in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil,
(c)
Joh. 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;
Rom. 8:15 Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!
Gal. 4:5-7 om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.
Eph 1:5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,
(d)
Ps. 55:23 Werp jou sorg op die HERE, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie.
Matt. 6:25-26 Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe - wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam - wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?
Luk. 12:22 En Hy het aan sy dissipels gesê: Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe, wat julle sal eet, of oor jul liggaam, wat julle sal aantrek nie.
(e)
Rom. 8:28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.
(f)
Isaiah 46:4 en tot die ouderdom toe is Ék dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra; Ék het dit gedoen, en Ék sal julle opneem, en Ék sal dra en red.

Rom. 10:12 Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep.
(g)
Matt. 6:32-33 Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.
Matt. 7:9-11 Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!

Sondag 10

27. Vr. Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

Antw. Die almagtige en alomteenwoordige krag van God (a), waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsele as met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid (d), rykdom en armoede (e) en alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons toekom (f).

(a)
Acts 17:25-28 Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee. En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag.
Jer. 23:23-24 Is Ek 'n God van naby, spreek die HERE, en nie 'n God van ver nie? Sou iemand hom in skuilplekke kan wegsteek dat Ek hom nie sien nie? spreek die HERE. Vervul Ek nie die hemel en die aarde nie? spreek die HERE.
Isaiah 29:15-16 Wee hulle wat planne diep verberg vir die HERE, wie se werk in duisternis plaasvind; en hulle sê: Wie sien ons en wie ken ons? o Julle verkeerdheid! Of moet die pottebakker beskou word as klei, dat die maaksel van sy maker kan sê: Hy het my nie gemaak nie, en die vormsel van sy vormer kan sê: Hy het geen verstand nie?
Eze 8:12 Toe sê Hy vir my: Het jy gesien, mensekind, wat die oudstes van die huis van Israel in die duisternis doen, elkeen in sy kamers met beeldwerk? Want hulle dink: Die HERE sien ons nie; die HERE het die land verlaat.
(b)
Heb. 1:3 Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,
(c)
Jer. 5:24 en hulle het nie in hul hart gesê nie: Laat ons tog die HERE onse God vrees, wat reën gee, vroeë reëns en laat reëns op hulle tyd, wat vir ons die vasgestelde weke van die oes in stand hou.
Acts 14:17 al het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul.
(d)
Joh. 9:3 Jesus antwoord: Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word.
(e)
Proverbs 22:2 Rykes en armes ontmoet mekaar, die HERE het hulle almal gemaak.
(f)
Matt. 10:29 Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie.
Proverbs 16:33 In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.

28. Vr. Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskape het en nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antw. Dat ons in alle teëspoed geduldig (a), in voorspoed dankbaar moet wees (b) en in alles wat nog oor ons kan kom, 'n vaste vertroue moet stel op ons getroue God en Vader (c), dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels só in sy hand is dat hulle teen sy wil hulle nie kan roer of beweeg nie (e).

(a)
Rom. 5:3 En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk,
Jak. 1:3 omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.
Ps. 39:10 Ek is stom, ek sal my mond nie oopmaak nie; want U het dit gedoen.
Job 1:21-22 en gesê: Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer. Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd! By dit alles het Job nie gesondig en aan God niks ongerymds toegeskrywe nie,
(b)
1 Thess 5:18 Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.
Deut. 8:10 en jy sal eet en versadig word en die HERE jou God loof oor die goeie land wat Hy jou gegee het.
(c)
Ps. 55:23 Werp jou sorg op die HERE, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie.
Rom. 5:4 en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop;
(d)
Rom. 8:38-39 Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.
(e)
Job 1:12 Daarop sê die HERE aan die Satan: Kyk, alles wat hy het, is in jou hand; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie. En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE.
Job 2:6 En die HERE sê aan die Satan: Kyk, hy is in jou hand; spaar net sy lewe.
Proverbs 21:1 Die koning se hart is in die hand van die HERE soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil.
Acts 17:25 Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee.

OOR GOD DIE SEUN EN ONS VERLOSSING

Sondag 11

29. Vr. Waarom word die Seun van God Jesus, dit is, Saligmaker genoem?

Antw. Omdat Hy ons salig maak en van al ons sondes verlos (a); en verder dat by niemand anders enige saligheid te soek of te vinde is nie (b).

(a)
Matt. 1:21 en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.
Heb. 7:25 Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.
(b)
Acts 4:12 En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.
Joh. 15:4-5 Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.
1 Tim. 2:5 Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus,
Isaiah 43:11 Ek, Ek is die HERE, en daar is geen Heiland buiten My nie.
1 Joh. 5:11 En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun.

30. Vr. Glo húlle dan ook in die enigste Saligmaker Jesus, wat hulle saligheid en welsyn by die heiliges, by hulleself of êrens anders soek?

Antw. Nee; maar hulle verloën met die daad die enigste Heiland Jesus, ofskoon hulle met die mond in Hom roem (a); want één van twee; òf Jesus is geen volkome Saligmaker nie, òf die wat hierdie Saligmaker met 'n ware geloof aanneem, moet alles in Hom hê wat vir hulle saligheid nodig is (b).

(a)
1 Cor 1:13 Is Christus verdeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig? Of is julle in die naam van Paulus gedoop?
1 Cor 1:30-31 Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing. Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die Here roem.
Gal. 5:4 Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval.
(b)
Heb. 12:2 die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.
Isaiah 9:6 tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen.
Col 1:19-20 Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy Vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis - ek sê deur Hom - die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele.
Col 2:10 en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag;
1 Joh. 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

Sondag 12

31. Vr. Waarom word Hy Christus, dit is Gesalfde genoem?

Antw. Omdat Hy deur God die Vader verordineer en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle geopenbaar het (c); en tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offerande van sy liggaam verlos het (e) en vir ons met sy voorbidding gedurigdeur intree by die Vader (f); en tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verworwe verlossing beskut en bewaar (g).

(a)
Ps. 45:8 U het geregtigheid lief en haat goddeloosheid. Daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle.
Heb. 1:9 U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle;
Isaiah 61:1 Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis;
Luk. 4:18 Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees;
(b)
Deut. 18:15 'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die HERE jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister -
Acts 3:22 Want Moses het tot die vaders gespreek: Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broeders net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek.

Acts 7:37 Dit is dié Moses wat aan die kinders van Israel gesê het: Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broers net soos ek is; na Hom moet julle luister.
Isaiah 55:4 Kyk, Ek het hom tot 'n getuie van die volke gemaak, tot 'n vors en 'n gebieder van die nasies.
(c)
Joh. 1:18 Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.
Joh. 15:15 Ek noem julle nie meer diensknegte nie, omdat die dienskneg nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.
(d)
Ps. 110:4 Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.
(e)
Heb. 10:12 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God
Heb. 10:14 Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.
Heb. 9:12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.
Heb. 9:14 hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.
Heb. 9:28 so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.
(f)
Rom. 8:34 Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.
Heb. 9:24 Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn;
1 Joh. 2:1 My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.
Rom. 5:9-10 Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn. Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is.
(g)
Ps. 2:6 Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg.
Sag. 9:9 Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel - op 'n jong esel, die vul van 'n eselin.
Matt. 21:5 Sê vir die dogter van Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe, sagmoedig, en Hy sit op 'n esel, ja, 'n jong esel, die vul van 'n pakdier.
Luk. I:33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.
Matt. 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.
Joh. 10:28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.
Rev 12:10-11 Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag. En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.

32. Vr. Maar waarom word jy 'n Christen genoem (a)?

Antw. Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel het aan sy salwing (c) sodat ek sy Naam kan bely (d) myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e), met 'n vrye en goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel kan stry (f) om hierna in ewigheid saam met Hom oor alle skepsele te regeer (g).

(a)
Acts 11:26 En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochíë vir die eerste keer Christene genoem.
(b)

1 Cor 6:15 Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van 'n hoer maak? Nee, stellig nie!
(c)
1 Joh. 2:27 En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly.
Acts 2:17 En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.
(d)
Matt. 10:32 Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is.
Rom. 10:10 want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.
(e)
Rom. 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.
1 Pet 2:5 en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.
1 Pet 2:9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,
Rev 1:6 en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.
Rev 5:8 en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is.
Rev 5:10 en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.
(f)
1 Pet 2:11 Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel;
Rom. 6:12-13 Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.
Gal. 5:16-17 Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.
Eph 6:11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.
1 Tim. 1:18-19 Hierdie boodskap vertrou ek aan jou toe, my kind Timótheüs, ooreenkomstig die profesieë wat vroeër aangaande jou uitgespreek is, sodat jy daardeur die goeie stryd kan stry en aan die geloof en 'n goeie gewete vashou. Sommige het dit van hulle weggestoot en aan die geloof skipbreuk gely,
(g)
2 Tim. 2:12 As ons verdra, sal ons met Hom regeer. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën.
Matt. 25:34 Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.

Sondag 13

33. Vr. Waarom word Hy die eniggebore Seun van God genoem as ons tog ook kinders van God is?

Antw. Omdat Christus alleen die ewige, natuurlike Seun van God is (a) terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is (b).

(a)
Joh. 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid.
Heb. 1:1-2 Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.
Joh. 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

1 Joh. 4:9 Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.
Rom. 8:32 Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?
(b)
Rom. 8:16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;
Joh. 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;
Gal. 4:6 En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!
Eph 1:5-6 een Here, een geloof een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.

34. Vr. Waarom noem jy Hom ons Here?

Antw. Omdat Hy ons met liggaam en siel van al ons sondes, nie met goud of silwer nie, maar met sy dierbare bloed gekoop en van alle heerskappy van die duiwel verlos het en ons so tot sy eiendom gemaak het (a).

(a)
1 Pet 1:18-19 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,
1 Pet 2:9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,
1 Cor 6:20 Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.
1 Tim. 2:6 wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuienis op die regte tyd,
Joh. 20:28 En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!

Sondag 14

35. Vr. Wat beteken die woorde: Wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria?

Antw. Dat die ewige Seun van God, wat waaragtige en ewige God is (a) en bly (b) 'n ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria (c) deur die werking van die Heilige Gees, aangeneem het (d), sodat Hy ook die ware nakomeling van Dawid sou wees (e), aan sy broeders in alle opsigte gelyk (f) uitgesonderd die sonde (g).

(a)
1 Joh. 5:20 En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.
Joh. 1:1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.
Joh. 17:3 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.
Rom. 1:3 aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid
Col 1:15 Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping;
(b)
Rom. 9:5 aan wie die vaders behoort en uit wie die Christus is na die vlees Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen.
(c)
Gal. 4:4 Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,
Luk. 1:31 En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.
Luk. 1:42-43 en het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die vrug van jou skoot! En wat het my oorgekom dat die moeder van my Here na my toe kom?
(d)

Matt. 1:20 Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees;
Luk. 1:35 En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.
(e)
Rom. 1:3 aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid
Ps. 132:11 Die HERE het aan Dawid gesweer in waarheid (Hy sal daarvan nie terugkom nie): Van die vrug van jou liggaam sal Ek laat sit op jou troon.
2 Sm 7:12 As jou dae vol is en jy met jou vaders ontslaap het, sal Ek jou nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom, laat optree en sy koningskap bevestig.
Luk. 1:32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,
Acts 2:30 Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat God vir hom met 'n eed gesweer het dat hy uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit,
(f)
Php 2:7 maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;
Heb. 2:14 Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel -
Heb. 2:17 Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.
(g)
Heb. 4:15 Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.

36. Vr. Watter nut verkry jy deur die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?

Antw. Dat hy ons Middelaar is (a) en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor die aangesig van God bedek (b).

(a)
Heb. 7:26-27 Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het.
(b)
1 Pet 1:18-19 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,
1 Pet 3:18 Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring - Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees;
1 Cor 1:30-31 Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing. Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die Here roem.
Rom. 8:3-4 Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.
Isaiah 53:11 Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra.
Ps. 32:1 'n Psalm van Dawid; 'n onderwysing. Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is.

Sondag 15

37. Vr. Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?

Antw. Dat Hy aan liggaam en siel die ganse tyd van sy lewe op die aarde, maar veral aan die end van sy lewe, die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra het (a), sodat Hy met sy lyde as met die enigste soenoffer (b) ons liggaam en ons siel van die ewige verdoemenis kon verlos (c) en vir ons die genade van God, geregtigheid en die ewige lewe kon verwerf (d).

(a)
Isaiah 53:4 Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte - dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.
1 Pet 2:24 wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.
1 Pet 3:18 Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring - Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees;
1 Tim. 2:6 wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuienis op die regte tyd,
(b)
Isaiah 53:10 Maar dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees.
Eph 5:2 en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.
1 Cor 5:7 Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees - soos julle inderdaad ongesuurd is - want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.
1 Joh. 2:2 En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.
Rom. 3:25 Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God
Heb. 9:28 so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.
Heb. 10:14 Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.
(c)
Gal. 3:13 Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word - want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang -
Col 1:13 Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde,
Heb. 9:12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.
1 Pet 1:18-19 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,
(d)
Rom. 3:25 Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God
2 Cor 5:21 Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.
Joh. 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
Joh. 6:51 Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.
Heb. 9:15 En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.
Heb. 10:19 Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus

38. Vr. Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

Antw. Om ons, deurdat Hy onskuldig onder die wêreldlike regter veroordeel is (a), te bevry van die strenge oordeel van God wat oor ons moes gaan (b).

(a)
Joh. 18:38 Pilatus sê vir Hom: Wat is waarheid? En toe hy dit gesê het, gaan hy weer uit na die Jode en sê vir hulle: Ek vind geen skuld in Hom nie.
Matt. 27:24 En toe Pilatus sien dat niks help nie, maar dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water geneem en sy hande voor die skare gewas en gesê: Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man; julle kan toesien!
Luk. 23:14-15 Julle het hierdie man na my gebring as een wat die volk afvallig maak. En nou het ek in julle teenwoordigheid ondersoek ingestel en in hierdie man geen skuld gevind aan die dinge waarvan julle Hom beskuldig nie; ja, ook Herodes nie, want ek het julle na hom gestuur; en daar is deur Hom niks gedoen wat die dood verdien nie.
Joh. 19:4 Pilatus gaan toe weer buitentoe en sê vir hulle: Kyk, ek bring Hom vir julle uit buitentoe, sodat julle kan weet dat ek in Hom geen skuld vind nie.
(b)
Ps. 69:5 Die wat my sonder oorsaak haat, is meer as die hare van my hoof; die wat klaar staan om my te vernietig, wat sonder grond my vyande is, is magtig; wat ek nie geroof het nie, moet ek dan teruggee.
Isaiah 53:4-5 Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte - dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.
2 Cor 5:21 Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.
Gal. 3:13 Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word - want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang -

39. Vr. Sit daar iets meer in dat Hy gekruisig is as dat Hy'n ander dood sou gesterf het?

Antw. Ja; want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het (a), aangesien die kruisdood deur God vervloek is (b).

(a)
Gal. 3:13 Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word - want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang -
(b)
Deut. 21:23 dan mag sy lyk nie aan die paal oornag nie, maar jy moet hom sekerlik dié dag nog begrawe; want een wat opgehang is, is deur God vervloek. En jy mag jou land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee, nie verontreinig nie.

Sondag 16

40. Vr. Waarom moes Christus Hom tot in die dood verneder?

Antw. Omdat weens die geregtigheid en waarheid van God (a) nie anders vir ons sondes betaal kon word as deur die dood van die Seun van God nie (b).

(a)
Gen. 2:17 maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.
(b)
Rom. 8:3-4 Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.
Heb. 2:14-15 Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel - en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.

41. Vr. Waarom is Hy begrawe?

Antw. Om daarmee te betuig dat Hy waarlik gesterf het (a).

(a)
Acts 13:29 En toe hulle alles volbring het wat oor Hom geskrywe is, het hulle Hom van die kruishout afgehaal en in 'n graf neergelê.
Matt. 27:59-60 En Josef het die liggaam geneem en dit met skoon linne toegedraai en dit in sy nuwe graf gelê wat hy in die rots uitgekap het; en nadat hy 'n groot steen teen die opening van die graf gerol het, het hy weggegaan.
Luk. 23:53 en dit afgehaal en in linne toegedraai en dit neergelê in 'n graf wat uit 'n rots gekap was, waar nog nooit iemand in gelê het nie.
Joh. 19:38 En ná hierdie dinge het Josef van Arimathéa, wat 'n dissipel van Jesus was, maar in die geheim, uit vrees vir die Jode, vir Pilatus gevra of hy die liggaam van Jesus mag wegneem. En Pilatus het dit toegelaat. Hy het toe gegaan en die liggaam van Jesus weggeneem.

42. Vr. As Christus dan vir ons gesterf het, hoe kom dit dat ons ook moet sterwe?

Antw. Ons dood is geen betaling vir ons sondes nie (a), maar alleen 'n afsterwing van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe (b).

(a)
Mark. 8:37 Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?
Ps. 49:8 Niemand kan ooit 'n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie
(b)
Php 1:23 Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;
Joh. 5:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.
Rom. 7:24 Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?

43. Vr. Watter nut verkry ons nog meer uit die offerande en die dood van Christus aan die kruis?

Antw. Dat deur sy krag ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe word (a), sodat die bose luste van die vlees in ons nie meer regeer nie (b), maar dat ons onsself aan Hom as 'n offerande van dankbaarheid kan toewy (c).

(a)
Rom. 6:6 aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.
(b)
Rom. 6:6 aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.
Rom. 6:12 Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie.
(c)
Rom. 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.

44. Vr. Waarom volg daar: Wat neergedaal het na die hel?

Antw. Dat ek in my swaarste aanvegtinge seker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus deur sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyde (a) (maar veral aan die kruis) versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het (b).

(a)

Isaiah 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.
(b)
Ps. 18:5-6 Bande van die dood het my omring, en strome van onheil het my oorval. Bande van die doderyk was rondom my; strikke van die dood het my teëgekom.
Ps. 116:3 Bande van die dood het my omring, en angste van die doderyk het my getref; ek het benoudheid en kommer gevind.
Matt. 26:38 Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My.
Matt. 27:46 en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?
Heb. 5:7 Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs -

Sondag 17

45. Vr. Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

Antw. Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid deelagtig sou kan maak wat Hy deur sy dood vir ons verwerf het (a). Ten tweede word ons ook deur sy krag opgewek tot 'n nuwe lewe (b). Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n gewisse pand van ons salige opstanding (c).

(a)
Rom. 4:25 wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking.
1 Pet 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode,
1 Cor 15:16 Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie;
(b)
Rom. 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.
Col 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.
Col 3:5 Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is,
Eph 2:5-6 ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus - uit genade is julle gered - en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,
(c)
1 Cor 15:20-21 Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens.

Sondag 18

46. Vr. Wat verstaan jy onder: Wat opgevaar het na die hemel?

Antw. Dat Christus voor die oë van sy dissipels van die aarde na die hemel opgevaar het (a) en dat Hy ons ten goede daar is (b), totdat Hy terugkom om te oordeel die lewende en die dode (c).

(a)
Acts 1:9 En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.
Mark. 16:19 Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God.
Luk. 24:51 En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem.
(b)

Heb. 9:24 Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn;
Heb. 4:14 Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.
Rom. 8:34 Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.
Col 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.
(c)
Acts 1:11 wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.
Matt. 24:30 En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.

47. Vr. Is Christus dan nie by ons tot aan die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie (a)?

Antw. Christus is waaragtige mens en waaragtige God. Na sy menslike natuur is Hy nie meer op aarde nie (b); maar na sy Godheid, majesteit, genade en Gees wyk Hy nooit meer van ons nie (c).

(a)
Matt. 28:20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.
(b)
Heb. 8:4 Want as Hy op aarde was, sou Hy selfs geen priester wees nie, omdat daar priesters is wat volgens die wet die gawes offer,
Matt. 26:11 Want die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie.
Joh. 16:28 Ek het van die Vader uitgegaan en in die wêreld gekom. Weer verlaat Ek die wêreld en gaan na my Vader.
Joh. 17:11 En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons.
Acts 3:21 Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete.
(c)
Joh. 14:18 Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.
Matt. 28:20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.

48. Vr. Maar as die mensheid nie orals is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

Antw. Stellig nie; want aangesien die Godheid deur niks ingesluit kan word nie en oral teenwoordig is (a), moet daaruit volg dat dit wel buite sy aangenome mensheid is (b) en ewenwel tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.

(a)
Jer. 23:24 Sou iemand hom in skuilplekke kan wegsteek dat Ek hom nie sien nie? spreek die HERE. Vervul Ek nie die hemel en die aarde nie? spreek die HERE.
Acts 7:49 Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Watter soort huis sal julle vir My bou, sê die Here, of hoedanig is die plek van my rus?
(b)
Col 2:9 Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik;
Joh. 3:13 En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is.
Joh. 11:15 En Ek is bly om julle ontwil dat Ek nie daar was nie, sodat julle kan glo. Maar laat ons na hom toe gaan.
Matt. 28:6 Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het;

49. Vr. Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?

Antw. Ten eerste, dat Hy in die hemel voor die aangesig van sy Vader ons Voorspreker is (a). Ten tweede, dat ons ons vlees in die hemel as 'n gewisse pand het, dat Hy as die Hoof ons sy lede ook tot Hom sal neem (b). Ten derde, dat Hy ons sy Gees as 'n teëpand stuur (c), deur wie se krag ons soek wat daarbo is, waar Christus is aan die regterhand van God en nie wat op die aarde is nie (d).

(a)
1 Joh. 2:1 My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.
Rom. 8:34 Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.
(b)
Joh. 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.
Joh. 17:24 Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.
Joh. 20:17 Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God.
Eph 2:6 en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,
(c)
Joh. 14:16 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.
Joh. 16:7 Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur;
Acts 2:33 Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dit uitgestort, wat julle nou sien en hoor.
2 Cor 1:22 wat ons ook verseël het en die Gees as onderpand in ons harte gegee het.
2 Cor 5:5 Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is God, wat ons ook die Gees as onderpand gegee het.
(d)
Col 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.

Sondag 19

50. Vr. Waarom word daarby gevoeg: En sit aan die regterhand van God?

Antw. Omdat Christus daarom na die hemel opgevaar het, dat Hy Hom daar sou betoon as die Hoof van sy Christelike Kerk (a), deur wie die Vader alle dinge regeer (b).

(a)
Eph 1:20-23 wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.
Col 1:18 En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees.
(b)
Matt. 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.
Joh. 5:22 Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee,

51. Vr. Watter nut bring die heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons?

Antw. Eerstelik, dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitgiet (a). Daarna, dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskut en bewaar (b).

(a)
Acts 2:33 Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor.
Eph 4:8 Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.
(b)
Ps. 2:9 U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot.
Ps. 110:1-2 Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete. U magtige septer sal die HERE uitstrek uit Sion en sê: Heers te midde van u vyande.
Joh. 10:28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.
Eph 4:8 Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.

52. Vr. Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om te oordeel die lewende en die dode?

Antw. Dat ek in alle droefenis en vervolging met 'n opgerigte hoof dieselfde Saligmaker wat Hom tevore om my ontwil voor die strafgerig van God gestel en die vloek geheel en al van my weggeneem het, as 'n Regter uit die hemel verwag (a), wat al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp (b), maar my met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem (c).

(a)
Php 3:20 Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,
Luk. 21:28 En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.
Rom. 8:23 En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam.
Tit. 2:13 terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus,
1 Thess 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.
(b)
Matt. 25:41 Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.
2 Thess 1:6 aangesien dit reg is by God om aan die wat julle verdruk, verdrukking te vergelde,
(c)
Matt. 25:34 Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.
2 Thess 1:7 en aan julle wat verdruk word, verligting te gee saam met ons in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele

OOR GOD DIE HEILIGE GEES EN ONS HEILIGMAKING.

Sondag 20

53. Vr. Wat glo jy van die Heilige Gees?

Antw. Eerstelik, dat Hy saam met die Vader en die Seun waaragtige en ewige God is (a). Ten tweede dat Hy ook aan my gegee is (b) om my deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig te maak (c), my te troos (d) en ewig by my te bly (e).

(a)
1 Joh. 5:7 Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een;
Gen. 1:2 En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.
Isaiah 48:16 Kom julle nader na My, hoor dit: Ek het van die begin af nie in die geheim gespreek nie; van die tyd af dat dit gebeur, is Ek daar! En nou het die Here HERE my met sy Gees gestuur.
1 Cor 3:16 Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?
1 Cor 6:19 Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?
Acts 5:3-4 Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou? As dit nie verkoop was nie, het dit nie joue gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.
(b)
Gal. 4:6 En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!
Matt. 28:19-20 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.
2 Cor 1:22 wat ons ook verseël het en die Gees as onderpand in ons harte gegee het.
Eph 1:13 in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,
(c)
Gal. 3:14 sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.
1 Pet 1:2 uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!
1 Cor 6:17 Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom.
(d)
Joh. 15:26 Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig.
Acts 9:31 En die gemeentes deur die hele Judéa en Galiléa en Samaría het vrede gehad; en terwyl hulle opgebou is en gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees, het hulle vermeerder.
(e)
Joh. 14:16 En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:
1 Pet 4:14 As julle beledig word oor die Naam van Christus, is julle gelukkig, omdat die Gees van die heerlikheid en van God op julle rus. Wat hulle betref, word Hy wel gelaster; maar wat julle betref, word Hy verheerlik.

Sondag 21

54. Vr. Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike Kerk?

Antw. Dat die Seun van God (a) uit die ganse menslike geslag (b), vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (c), deur sy Gees en Woord (d), in die eenheid van die ware geloof (e), van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe (f) vergader, beskerm en onderhou (g); en dat ek daarvan 'n lewende lid is (h) en ewig sal bly (i).

(a)
Eph 5:26 om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,
Joh. 10:11 Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.
Acts 20:28 Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.
Eph 4:11-13 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,

totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot `n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;
(b)
Gen. 26:4 En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde gese‰n word;
Rev 5:9 Toe sing hulle `n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie,
(c)
Rom. 8:29 Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders;
Eph 1:10-13 om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig - in Hom in wie ons ook `n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil, sodat ons kan wees tot lof van sy heerlikheid, ons wat reeds tevore op Christus gehoop het, in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,
(d)
Isaiah 59:21 Wat My aangaan, dit is my verbond met hulle, sê die HERE: My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie, en ook nie uit die mond van jou kroos en uit die mond van die kroos van jou kroos, sê die HERE, van nou af tot in ewigheid nie.
Rom. 1:16 Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is `n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.
Rom. 10:14-17 Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig! Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie; want Jesaja het gesê: Here, wie het ons prediking geglo? Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.
Eph 5:26 om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,
(e)
Acts 2:42 En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.
Eph 4:3-5 en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede. Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof een doop,
(f)
Ps. 71:17-18 o God, U het my geleer van my jeug af, en tot nou toe verkondig ek u wonders. En ook tot die ouderdom en die grysheid toe - o God, verlaat my nie, totdat ek aan die volgende geslag u arm verkondig, aan almal wat sal kom, u mag.
Isaiah 59:21 Wat My aangaan, dit is my verbond met hulle, sê die HERE: My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie, en ook nie uit die mond van jou kroos en uit die mond van die kroos van jou kroos, sê die HERE, van nou af tot in ewigheid nie.
1 Cor 11:26 Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.
(g)
Matt. 16:18 En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.
Joh. 10:28-30 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie. Ek en die Vader is een.
Ps. 129:1-5 Alreeds te veel het hulle my as vyand behandel van my jeug af -laat Israel dit sê - alreeds te veel het hulle my as vyand behandel van my jeug af; tog het hulle my nie oorwin nie. Ploeërs het op my rug geploeg; hulle het hul vore lank getrek. Die HERE is regverdig: Hy het die toue van die goddelose afgekap. Laat hulle beskaamd staan en agteruitwyk, almal wat Sion haat.
(h)
1 Joh. 3:14 Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood.
1 Joh. 3:19-21 En hieraan weet ons dat ons uit die waarheid is; en ons sal ons harte voor Hom gerusstel, want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles. Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God;
2 Cor 13:5 Ondersoek julself of julle in die geloof is; stel julself op die proEph Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie - as julle ten minste nie verwerplik is nie!

Rom. 8:10 Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid.
(i)
Ps. 23:6 Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.
1 Cor 1:8-9 wat julle ook sal bevestig tot die einde toe, om in die dag van onse Here Jesus Christus onberispelik te wees. God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here.
Joh. 10:28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.
1 Joh. 2:19 Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.
1 Pet 1:5 wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd.

55. Vr. Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?

Antw. Eerstelik, dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede aan die Here Christus en al sy skatte en gawes gemeenskap het (a). Ten tweede, dat elkeen moet weet dat hy skuldig is om sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend (b).

(a)
1 Joh. 1:3 wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.
Rom. 8:32 Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?
1 Cor 12:12-13 Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.
1 Cor 6:17 Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom.
(b)
1 Cor 12:21 Maar veel eerder is dié lede van die liggaam noodsaaklik wat die swakste lyk;
1 Cor 13:1 Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek `n klinkende metaal of `n luidende simbaal geword.
1 Cor 13:5 handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie,
Php 2:4-8 Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n. Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van `n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as `n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

56. Vr. Wat glo jy van die vergewing van sondes?

Antw. Dat God ter wille van die voldoening van Christus aan al my sondes, ook my sondige aard waarteen ek my hele lewe lank moet stry (a), nooit meer wil gedenk nie, maar my uit genade die geregtigheid van Christus wil skenk (b), sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie (c).

(a)
1 Joh. 2:2 En Hy is `n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.
1 Joh. 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.
2 Cor 5:19 naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.
(b)

Rom. 7:23-25 maar ek sien `n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is. Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!
Jer. 31:34 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.
Miga 7:19 Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp.
Ps. 103:3 Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees,
Ps. 103:10 Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie.
Ps. 103:12 So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.
(c)
Joh. 3:18 Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.
Joh. 5:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.

Sondag 22

57. Vr. Watter troos gee die opstanding van die vlees aan jou?

Antw. Dat nie alleen my siel ná hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie (a), maar dat ook hierdie selfde vlees van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en gelykvormig sal word aan die heerlike liggaam van Christus (b).

(a)
Luk. 16:22 En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.
Luk. 23:43 En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.
Php 1:21 Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.
Php 1:23 Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;
(b)
Job 19:25-26 Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan. En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou;
1 Joh. 3:2 Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.
Php 3:21 wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.

58. Vr. Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?

Antw. Dat, aangesien ek nou die beginsel van die ewige vreugde in my hart gevoel (a), ek ná hierdie lewe volkome saligheid sal besit wat geen oog gesien, geen oor gehoor en wat in die hart van geen mens opgekom het nie en dit om God ewig daarin te prys (b).

(a)
2 Cor 5:2-3 Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word, as ons ten minste gekleed en nie naak bevind sal word nie.
(b)
1 Cor 2:9 maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van `n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.

Sondag 23

59. Vr. Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?

Antw. Dat ek in Christus voor God regverdig is en 'n erfgenaam van die ewige lewe (a).

(a)
Hab. 2:4 Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.
Rom. 1:17 Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.
Joh. 3:36 Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.

60. Vr. Hoe is jy regverdig voor God?

Antw. Alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus (a); só dat al klaag my gewete my ook aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig en geeneen daarvan gehou het nie (b) en dat ek nog gedurigdeur tot alle boosheid geneig is (c), God my nogtans, sonder enige verdienste aan my kant (d), uit louter genade (e) die volkome voldoening (f), geregtigheid en heiligheid van Christus (g) skenk en toereken (h), asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof ek self alle gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (i), vir sover ek dié weldaad met 'n gelowige hart aanneem (k).

(a)
Rom. 3:21-22 Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie;
Rom. 3:24 en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.
Rom. 5:1-2 Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God.
Gal. 2:16 terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie.
Eph 2:8-9 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.
Php 3:9 en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof;
(b)
Rom. 3:9 Wat dan? Het ons enige voorrang? Hoegenaamd nie! Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is,
(c)
Rom. 7:23 maar ek sien `n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is.
(d)
Tit. 3:5 nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees
Deut. 9:6 Weet dan dat die HERE jou God nie ter wille van jou geregtigheid jou hierdie goeie land gee om dit in besit te neem nie, want jy is `n hardnekkige volk.
Eze 36:22 Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek die Here HERE: Ek doen dit nie om julle ontwil nie, o huis van Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat julle ontheilig het onder die nasies waar julle gekom het.
(e)
Rom. 3:24 en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.
Eph 2:8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;
(g)
1 Joh. 2:2 En Hy is `n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.

(h)
1 Joh. 2:1 My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het `n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.
(i)
2 Cor 5:21 Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.
(k)
Rom. 3:22 die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie;
Joh. 3:18 Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.

61. Vr. Waarom sê jy dat jy alleen deur die geloof regverdig is?

Antw. Nie dat ek vanweë die waardigheid van my geloof God welgevallig is nie; maar daarom, dat alleen die voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is (a) en dat ek dit nie anders as alleen deur die geloof kan aanneem en my kan toeëien nie (b).

(a)
1 Cor 1:30 Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.
1 Cor 2:2 want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.
(b)
1 Joh. 5:10 Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie.

Sondag 24

62. Vr. Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God, of 'n deel daarvan wees nie?

Antw. Omdat die geregtigheid wat voor die strafgerig van God kan bestaan, heeltemal volkome en in alle dele gelykvormig moet wees aan die wet van God (a) en dat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolkome en met sondes bevlek is (b).

(a)
Gal. 3:10 Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.
Deut. 27:26 Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie; en die hele volk moet sê: Amen.
(b)
Isaiah 64:6 En ons het almal geword soos `n onreine, en al ons geregtighede soos `n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind.

63. Vr. Hoe? Verdien ons goeie werke niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomende lewe wil beloon?

Antw. Hierdie beloning word nie uit verdienste gegee nie, maar uit genade (a).

(a)
Luk. 17:10 So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.

64. Vr. Maar maak hierdie leer nie sorgelose en goddelose mense nie?

Antw. Nee; want dit is onmoontlik dat iemand wat in Christus deur 'n waaragtige geloof ingeplant is, geen vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie (a).

(a)
Matt. 7:18 `n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en `n slegte boom ook geen goeie vrugte nie.
Joh. 15:5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.

OOR DIE SAKRAMENTE

Sondag 25

65. Vr. Aangesien alleen die geloof ons Christus en al sy weldade deelagtig maak, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antw. Van die Heilige Gees (a) wat die geloof in ons harte werk deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente (b).

(a)
Eph 2:8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;
Eph 6:23 Vrede vir die broeders en liefde, met geloof, van God die Vader en die Here Jesus Christus!
Joh. 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.
Php 1:29 omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly,
(b)
Matt. 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
1 Pet 1:22-23 As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart; want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.

66. Vr. Wat is sakramente?

Antw. Die sakramente is heilige, sigbare waartekens en seëls deur God ingestel om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël; naamlik dat Hy ons vanweë die enige offer van Christus, wat aan die kruis volbring is, vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk (a).

(a)
Gen. 17:11 julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle.
Rom. 4:11 En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word;
Deut. 30:6 En die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe.
Lev. 6:25 Spreek met Aäron en sy seuns en sê: Dit is die wet van die sondoffer: Op die plek waar die brandoffer geslag word, moet die sondoffer voor die aangesig van die HERE geslag word. Dit is hoogheilig.
Heb. 9:7-9 maar in die tweede die hoëpriester alleen, een maal in die jaar, nie sonder bloed nie, wat hy offer vir homself en vir die sondes van die volk uit onwetendheid begaan - waarmee die Heilige Gees dít duidelik maak, dat die weg na die heiligdom nog nie geopen is so lank as die eerste tabernakel nog standhou nie. Dit was 'n beeld met die oog op die teenwoordige tyd waarin daar gawes en offers gebring word, wat hom wat die diens verrig, na die gewete nie volkome kan maak nie,

Heb. 9:24 Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn;
Eze 20:12 Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig.
Isaiah 6:6-7 Maar een van die serafs het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het, en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen.
Isaiah 54:9 Soos in die dae van Noag is dit vir My: soos Ek gesweer het dat die waters van Noag nie meer oor die aarde sou gaan nie, so het Ek gesweer dat Ek nie op jou toornig sal wees of jou sal dreig nie.

67. Vr. Is die Woord en die sakramente altwee dan daarvoor bedoel, of daartoe verorden om ons geloof op die offerande van Jesus Christus aan die kruis as op die enigste grond van ons saligheid wys?

Antw. Ja, seker; want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volkome saligheid in die enige offerande van Christus geleë is, wat vir ons aan die kruis volbring is (a).

(a)
Rom. 6:3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?
Gal. 3:27 want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee.

68. Vr. Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?

Antw. Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.

OOR DIE HEILIGE DOOP

Sondag 26

69. Vr. Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offerande van Christus wat aan die kruis gebring is, jou ten goede kom?

Antw. So, dat Christus hierdie uitwendige waterbad ingestel het (a) en daarby beloof het (b) dat ek net so seker met sy bloed en Gees gewas is van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes (c), as wat ek uitwendig gewas is met die water wat die onsuiwerheid van die liggaam wegneem.

(a)
Matt. 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
(b)
Matt. 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
Mark. 16:16 Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.
Acts 2:38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.
Joh. 1:33 En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.
Matt. 3:11 Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.
Rom. 6:3-4 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.
(c)

1 Pet 3:21 waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete - deur die opstanding van Jesus Christus
Mark. 1:4 Johannes het gekom en was besig om in die woestyn te doop en die doop van bekering tot vergifnis van sondes te verkondig.
Luk. 3:3 En hy het gekom in die hele omtrek van die Jordaan en die doop van bekering tot vergifnis van sondes verkondig;

70. Vr. Wat beteken dit om met die bloed en die Gees van Christus gewas te word?

Antw. Dit is om van God vergewing van sondes uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offerande aan die kruis vir ons vergiet het (a); en dan ook om deur die Heilige Gees vernuut en geheilig te wees tot lede van Christus, sodat ons hoe langer hoe meer die sondes afsterwe en in 'n godsalige, onberispelike lewe wandel (b).

(a)
Heb. 12:24 en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.
1 Pet 1:2 uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!
Rev 1:5 en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed
Rev 7:14 En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.
Sag. 13:1 In dié dag sal daar 'n geopende fontein wees vir die huis van Dawid en vir die inwoners van Jerusalem teen sonde en onreinheid.
Eze 36:25 Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig.
(b)
Joh. 1:33 En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.
Joh. 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.
1 Cor 6:11 En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.
1 Cor 12:13 Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.
Rom. 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.
Col 2:12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.

71. Vr. Waar het Christus ons beloof dat Hy ons so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?

Antw. In die instelling van die doop wat aldus lui: Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees (Matt. 28:19); en: Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word (Mark. 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes noem (Tit. 3:5; Acts 22:16 [Tit. 3:5; Acts 22:16]).

Sondag 27

72. Vr. Is die uiterlike waterbad dan die afwassing van die sondes self?

Antw. Nee (a); want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes (b).

(a)
Matt. 3:11 Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.
1 Pet 3:21 waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete - deur die opstanding van Jesus Christus
Eph 5:26 om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,
(b)
1 Joh. 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.
1 Cor 6:11 En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.

73. Vr. Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?

Antw. God spreek so nie sonder gewigtige redes nie; naamlik nie alleen om ons daarmee te leer dat net soos die onsuiwerheid van die liggaam deur die water, so ook ons sondes deur die bloed en die Gees van Jesus Christus weggeneem word nie (a), maar veel meer, omdat Hy ons deur hierdie Goddelike pand en waarteken wil verseker dat ons so sekerlik van ons sondes geestelik gewas is as wat ons uitwendig met die water gewas word (b).

(a)
Rev 1:5 en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed
Rev 7:14 En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.
1 Cor 6:11 En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.
(b)
Mark. 16:16 Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.
Gal. 3:27 want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee.

74. Vr. Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antw. Ja, want aangesien hulle net so goed as die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is (a) en aan hulle nie minder as aan die volwassenes nie deur die bloed van Christus beloof word die verlossing van die sondes (b) en die Heilige Gees wat die geloof werk (c), daarom moet hulle ook deur die doop, as deur die teken van die verbond, in die Christelike Kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word (d), soos dit gedoen is in die Ou Verbond of Testament deur die besnydenis (e), waarvoor in die Nuwe Verbond die doop ingestel is (f).

(a)
Gen. 17:7 En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou.
(b)
Matt. 19:14 Maar Jesus sê: Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele.
(c)
Luk. 1:15 want hy sal groot wees voor die Here. En wyn en sterk drank sal hy nooit drink nie, en hy sal vervul word met die Heilige Gees reeds van die skoot van sy moeder af.
Ps. 22:11 Aan U is ek oorgegee van die geboorte af; van die skoot van my moeder af is U my God.
Isaiah 44:1-3 Maar luister nou, my kneg Jakob, en Israel wat Ek uitverkies het! So sê die HERE, jou Maker en jou Formeerder van die moederskoot af, wat jou help: Wees nie bevrees nie, Jakob, my kneg, en Jesúrun

wat Ek uitverkies het! Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge.
Acts 2:39 Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.
(d)
Acts 10:47 Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie?
(e)
Gen. 17:14 En wat manlik is en die voorhuid het, wat nie aan die vlees van sy voorhuid besny is nie - dié siel moet uit sy volksgenote uitgeroei word: hy het my verbond verbreek.
(f)
Col 2:11-13 in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het. En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het,

OOR DIE HEILIGE NAGMAAL VAN ONS HERE

Sondag 28

75. Vr. Hoe word jy in die heilige nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat jy gemeenskap het aan die enige offerande van Christus wat aan die kruis volbring is en aan al sy goed?

Antw. Só, dat Christus my en alle gelowiges beveel het om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie drinkbeker te drink en daarby ook beloof het (a): eerstelik, dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek en sy bloed vir my vergiet is, as wat ek met die oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die drinkbeker aan my meegedeel word; en ten tweede, dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en vergote bloed so seker tot die ewige lewe voed en laaf as wat ek die brood en die drinkbeker van die Here - as gewisse waartekens van die liggaam en bloed van Christus - uit die dienaar se hand ontvang en met die mond geniet.

a)
Matt. 26:26-28 En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam. Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.
Mark. 14:22-24 En terwyl hulle eet, neem Jesus brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Neem, eet, dit is my liggaam. Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle, en hulle het almal daaruit gedrink. En Hy sê vir hulle: Dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word.
Luk. 22:19-20 Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis. Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word.
1 Cor 10:16-17 die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.
1 Cor 11:23-25 Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.
1 Cor 12:13 Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.

76. Vr. Wat beteken die woorde: die gekruisigde liggaam van Christus eet en sy vergote bloed drink?

Antw. Dit is nie alleen om met 'n gelowige hart die ganse lyde en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie (a), maar bowendien ook om deur die Heilige Gees wat én in Christus én in ons woon, só met sy heilige liggaam hoe langer hoe meer verenig te word (b) dat, al is dit dat Christus in die hemel is (c) en ons op die aarde, ons tog vlees van sy vlees en been van sy gebeente is (d) en dat ons deur een Gees - soos die lede van een liggaam deur een siel - ewig lewe en geregeer word (e).

(a)
Joh. 6:35 En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.

Joh. 6:40 En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.
Joh. 6:47-48 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe. Ek is die brood van die lewe.
Joh. 6:50-51 Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.
Joh. 6:53-54 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag.
(b)
Joh. 6:55-56 Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank. Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.
(c)
Col 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.
Acts 3:21 Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete.
1 Cor 11:26 Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.
(d)
Eph 5:29-30 want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente. Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.
Eph 3:16 dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens,
1 Cor 6:15 Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van 'n hoer maak? Nee, stellig nie!
1 Joh. 3:24 En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het.
1 Joh. 4:13 Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het.
(e)
Joh. 6:57 Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.
Joh. 15:1-6 Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer. Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra. Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het. Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.
Eph 4:15-16 maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, uit wie die hele liggaam - goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate - die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.

77. Vr. Waar het Christus beloof dat Hy die gelowiges so seker op die wyse met sy liggaam en bloed wil voed en laaf as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en van hierdie drinkbeker drink?

Antw. In die instelling van die nagmaal wat aldus lui (a): In die nag waarin Hy verraai is, het die Here Jesus die brood geneem en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom (1 Cor 11:23-26). Hierdie toesegging word ook herhaal deur die heilige Paulus waar hy spreek: Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit

een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood (1 Cor 10:16-17).

(a)
Matt. 26:26-28 En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam. Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.
Mark. 14:22-24 En terwyl hulle eet, neem Jesus brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Neem, eet, dit is my liggaam. Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle, en hulle het almal daaruit gedrink. En Hy sê vir hulle: Dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word.
Luk. 22:19-20 Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis. Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word.

Sondag 29

78. Vr. Word die brood en wyn dan die wesenlike liggaam en bloed van Christus?

Antw. Nee (a); maar net soos die water in die doop nie in die bloed van Christus verander nie en ook nie die afwassing self van die sondes is nie - waarvan dit alleen 'n Goddelike waarteken en versekering is (b) - so word ook die brood in die nagmaal nie die liggaam self van Christus nie (c), ofskoon dit na die aard en die eienskappe van die sakramente (d) die liggaam van Christus Jesus genoem word.

(a)
Matt. 26:29 Maar Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader.
(b)
Eph 5:26 om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,
Tit. 3:5 nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees
(c)
1 Cor 10:16 die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?
1 Cor 11:26 Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.
(d)
Gen. 17:10-11 Dit is my verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou: Al wat manlik onder julle is, moet besny word - julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle.
Ex 12:11 En só moet julle dit eet: Julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete en julle staf in jul hand; baie haastig moet julle dit eet. 'n Pasga van die HERE is dit.
Ex 12:13 Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.
Ex 13:9 En dit moet vir jou as 'n teken wees op jou hand en 'n gedenkteken tussen jou oë, sodat die wet van die HERE in jou mond mag wees; want deur 'n sterke hand het die HERE jou uit Egipte uitgelei.
1 Pet 3:21 waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete - deur die opstanding van Jesus Christus
1 Cor 10:3-4 en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.

79. Vr. Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die drinkbeker sy bloed, of die nuwe testament in sy bloed en Paulus: die gemeenskap van die liggaam en bloed van Christus?

Antw. Christus spreek so nie sonder gewigtige redes nie; naamlik omdat Hy ons daarmee wil leer dat, soos brood en wyn hierdie tydelike lewe onderhou, so ook sy gekruisigde liggaam en vergote bloed die waaragtige spys en drank is waardeur ons siele tot die ewige lewe gevoed word (a); en nog meer omdat Hy ons deur hierdie sigbare tekens en pande wil verseker dat ons net so waarlik sy ware liggaam en bloed deur die werking van die Heilige Gees deelagtig word as wat ons hierdie heilige waartekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang (b), en dat al sy lyde en gehoorsaamheid so sekerlik ons eie is asof ons self in ons eie persoon alles gely en aan God vir ons sondes voldoening gegee het.

(a)
Joh. 6:55 Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank.
(b)
1 Cor 10:16 die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?

Sondag 30

80. Vr. Watter onderskeid is daar tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?

Antw. Die nagmaal van die Here betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het deur die enige offerande van Jesus Christus wat Hy self eenmaal aan die kruis volbring het (a), en dat ons deur die Heilige Gees Christus ingelyf word (b) wat nou na sy menslike natuur nie op die aarde is nie maar in die hemel aan die regterhand van God sy Vader (c) en daar deur ons aanbid wil wees (d). Maar die mis leer dat die lewende en die dode nie deur die lyde van Christus vergewing van sondes het nie tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die mispriesters geoffer word en dat Christus liggaamlik onder die gestalte van die brood en wyn is en daarom ook daarin aanbid moet word; en so is die mis in die grond niks anders nie as 'n verloëning van die enige offerande en lyde van Jesus Christus en 'n vervloekte afgodery (e).

(a)
Heb. 10:10 Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal.
Heb. 10:12 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God
Heb. 7:26-27 Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het.
Heb. 9:12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.
Heb. 9:25 ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie,
Joh. 19:30 En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.
Matt. 26:28 Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.
Luk. 22:19 Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis.
(b)
1 Cor 10:16-17 die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.
1 Cor 6:17 Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom.
(c)

Joh. 20:17 Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God.
Col 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.
Heb. 1:3 Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus,
Heb. 8:1 Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dít: Ons het so 'n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele,
(d)
Matt. 6:20-21 maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.
Joh. 4:21 Jesus sê vir haar: Vrou, glo My, daar kom 'n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie.
Luk. 24:52 En hulle het Hom aanbid en na Jerusalem teruggegaan met groot blydskap.
Acts 7:55 Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God.
Col 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.
Php 3:20 Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,
1 Thess 1:10 en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos.
(e)
Heb. 9:26 want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen.
Heb. 10:12 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God
Heb. 10:14 Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.

81. Vr. Vir wie is die nagmaal van die Here ingestel?

Antw. Vir die wat hulleself vanweë hulle sondes mishaag en tog vertrou dat dit hulle vergewe is om Christus wil en dat ook die oorblywende swakheid met sy lyde en sterwe bedek is; die wat ook begeer om hoe langer hoe meer hulle geloof te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie met 'n opregte hart tot God bekeer nie, dié eet en drink 'n oordeel oor hulleself (a).

(a)
1 Cor 11:28 Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink.
1 Cor 10:19-22 Wat sê ek dan? Dat 'n afgod iets is, of dat 'n afgodsoffer iets is? Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie. Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie. Of wil ons die ywer van die Here opwek? Is ons miskien sterker as Hy?

82. Vr. Moet ook diegene aan hierdie nagmaal toegelaat word wat hulle met hul belydenis en hul lewe as ongelowige en goddelose mense gedra?

Antw. Nee; want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die ganse gemeente verwek (a). Daarom is die Christelike Kerk verplig, volgens die ordening van Christus en van sy apostels, om sulke mense deur die sleutels van die hemelryk uit te sluit totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys.

(a)
1 Cor 11:20 As julle dus saamkom, dan wil dit nie sê dat julle die nagmaal van die Here eet nie.
1 Cor 11:34 en as iemand honger het, laat hom by die huis eet, sodat julle nie tot 'n oordeel saamkom nie. Die ander sake sal ek reël wanneer ek kom.

Isaiah 1:11 Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? sê die HERE. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie.
Isaiah 66:3 Wie 'n bees as offer slag, is soos hy wat 'n man doodslaan; wie 'n lam offer, soos hy wat 'n hond se nek breek; wie 'n spysoffer bring - dit is varkbloed; wie wierook as gedenkoffer bring, is soos hy wat 'n afgod prys. Soos húlle hul eie weë verkies het en hulle siel 'n behae het in hul verfoeisels,
Jer. 7:21 So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Voeg julle brandoffers by julle slagoffers en eet vleis.
Ps. 50:16 Maar aan die goddelose sê God: Wat vertel jy nog my insettinge en neem jy my verbond in jou mond -

Sondag 31

83. Vr. Wat is die sleutels van die hemelryk?

Antw. Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike ban of uitsluiting uit die Christelike gemeente; deur hierdie twee handelinge word die hemelryk vir die gelowiges geopen en vir die ongelowiges gesluit.

84. Vr. Hoe word die hemelryk deur die prediking van die heilige evangelie oopgesluit en toegesluit?

Antw. Só dat, volgens die bevel van Christus, aan die gelowiges, aan almal saam en elkeen afsonderlik, verkondig en openlik betuig word dal al hulle sondes waaragtig ter wille van die verdienste van Christus hulle deur God vergewe is so dikwels as hulle die beloftenis van die evangelie met 'n ware geloof aanneem; en daarteenoor aan al die ongelowiges en aan die wat hulle nie van harte bekeer nie, verkondig en betuig word dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank as hulle hul nie bekeer nie (a); volgens hierdie getuienis van die evangelie sal God oordeel in hierdie lewe sowel as in die toekomstige.

(a)
Joh. 20:21-23 Jesus sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees. As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou.
Matt. 16:19 En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.

85. Vr. Hoe word die hemelryk toegesluit en oopgesluit deur die Christelike ban?

Antw. Só dat, volgens die bevel van Christus, die wat onder die Christelike naam hulle onchristelik in leer of lewe openbaar, as hulle nadat hulle verskeie male broederlik vermaan is, van hul dwalinge of hul skandelike lewe geen afstand wil doen nie, by die gemeente of die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, aangegee moet word; en, as hulle hul aan die vermaning nie steur nie, dan word die sakramente hulle deur dié persone verbied en hulle uit die Christelike gemeente en deur God self uit die Ryk van Christus uitgesluit; terwyl hulle weer as lede van Christus en van sy gemeente aangeneem word wanneer hulle waaragtige verbetering beloof en bewys (a).

(a)
Matt. 18:15-17 En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin; maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat

in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar.
1 Cor 5:4-5 in die Naam van onse Here Jesus Christus, as julle vergader het en my gees saam met die krag van onse Here Jesus Christus - om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus.
1 Cor 5:11 maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as 'n broeder bekend, 'n hoereerder is of 'n gierigaard of 'n afgodedienaar of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie.
2 Cor 2:6-8 Vir so iemand is daardie bestraffing deur die meerderheid genoeg; sodat julle daarenteen hom liewer moet vergewe en vertroos, dat so iemand nie miskien deur al te groot droefheid verteer word nie.
Daarom vermaan ek julle om die liefde aan hom te bevestig.

DIE DERDE DEEL
OOR DIE DANKBAARHEID WAT ONS AAN GOD VIR DIE VERLOSSING VERSKULDIG IS

Sondag 32

86. Vr. Aangesien ons uit ellende, sonder enige verdienste van ons kant, alleen uit genade, deur Christus verlos is, waarom moet ons dan nog goeie werke doen?

Antw. Omdat Christus, nadat Hy ons met sy bloed gekoop en vrygemaak het, ons ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe, sodat ons met ons ganse lewe aan God dankbaarheid vir sy weldade sal bewys (a) en Hy deur ons geprys word (b). Dan ook, dat elkeen by homself van sy geloof uit die vrugte versekerd kan wees (c) en dat deur ons godsalige wandel ons naaste ook vir Christus gewin kan word (d).

(a)
Rom. 6:13 En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.
Rom. 12:1-2 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.
1 Pet 2:5 en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.
1 Pet 2:9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,
1 Cor 6:20 Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.
(b)
Matt. 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.
1 Pet 2:12 en hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking.
(c)
2 Pet 1:10 Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.
Matt. 7:17 So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte.
Gal. 5:6 Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk.
Gal. 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.
(d)

1 Pet 3:1-2 Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het.
Rom. 14:19 Laat ons dan najaag wat tot vrede en onderlinge stigting dien.

87. Vr. Kan diegene dan nie salig word wat in hulle goddelose ondankbare lewe volhard en hulle tot God nie bekeer nie?

Antw. Nee, hoegenaamd nie; want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, geldgierige, dronkaard, lasteraar, of rower, of dergelike die koninkryk van God sal beërwe nie (a).

(a)
1 Cor 6:9-10 Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.
Eph 5:5-6 Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie. Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid.
1 Joh. 3:14 Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood.

Sondag 33

88. Vr. Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antw. Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe (a).

(a)
Rom. 6:1 Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?
Rom. 6:4-6 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.
Eph 4:22-24 dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.
Col 3:5-6 Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom,
Col 3:8-10 Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond. Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,
1 Cor 5:7 Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees - soos julle inderdaad ongesuurd is - want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.
2 Cor 7:10 Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood.

89. Vr. Wat is die afsterwing van die ou mens?

Antw. Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het, sodat ons dit nou hoe langer hoe meer haat en ontvlug (a).

(a)

Rom. 8:13 want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.
Joel 2:13 En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil;
Hos. 6:1 Kom en laat ons terugkeer tot die HERE; want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind.

90. Vr. Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antw. Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus (a) en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe (b).

(a)
Rom. 5:1 Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus;
Rom. 14:17 Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.
Isaiah 57:15 Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes.
(b)
Rom. 6:10-11 Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.
Gal. 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

91. Vr. Wat is goeie werke?

Antw. Net die wat uit 'n ware geloof (a), volgens die Wet van God (b), alleen tot sy eer gedoen word (c) en nie die wat op ons goeddunke of op insettinge van mense gegrond is nie (d).

(a)
Rom. 14:23 Maar hy wat twyfel as hy eet, is veroordeel, omdat dit nie uit die geloof is nie; en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde.
(b)
Lev. 18:4 My verordeninge moet julle doen en my insettinge hou om daarin te wandel. Ek is die HERE julle God.
1 Sm 15:22 Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.
Eph 2:10 Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.
(c)
1 Cor 10:31 Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.
(d)
Eze 20:18-19 Maar Ek het aan hulle kinders in die woestyn gesê: Wandel nie in die insettinge van julle vaders nie en onderhou nie hulle verordeninge nie en verontreinig julle nie met hulle drekgode nie. Ek is die HERE julle God; wandel in my insettinge en onderhou my verordeninge en doen dit.
Isaiah 29:13 En die Here het gesê: Omdat hierdie volk nader kom met hulle mond en My eer met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde mensegebod is,
Matt. 15:7-9 Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.

OOR DIE WET

Sondag 34

92. Vr. Hoe lui die Wet van die Here?

Antw. God het al hierdie woorde gespreek (Exod 20:1-17; Deut. 5:6-21): Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het.

Die eerste gebod: Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Die tweede gebod: Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder die aarde is of van wat in die water onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie. Want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en My gebooie onderhou.

Die derde gebod: Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Die vierde gebod: Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen, maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God, dan mag jy geen werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het Hy die sabbatdag geseën en dit geheilig.

Die vyfde gebod: Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

Die sesde gebod: Jy mag nie doodslaan nie.

Die sewende gebod: Jy mag nie egbreek nie.

Die agste gebod: Jy mag nie steel nie.

Die negende gebod: Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

Die tiende gebod: Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg, of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

93. Vr. Hoe word hierdie gebooie ingedeel?

Antw. In twee tafels (a), waarvan die eerste leer hoe ons teenoor God ons moet gedra; die ander, wat ons aan ons naaste verskuldig is (b).

(a)
Deut. 4:13 Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe.

Ex 34:28 En hy was daar by die HERE veertig dae en veertig nagte; hy het geen brood geëet en geen water gedrink nie. En Hy het op die tafels die woorde van die verbond, die tien woorde, geskrywe.
Deut. 10:3-4 Toe het ek 'n ark van akasiahout gemaak en twee kliptafels soos die eerstes gekap en op die berg geklim met die twee tafels in my Acts En Hy het op die tafels, volgens die eerste skrif, die tien woorde geskrywe wat die HERE op die dag van die vergadering by die berg uit die vuur met julle gespreek het; en die HERE het dit aan my gegee.
(b)
Matt. 22:37-40 En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.

94. Vr. Wat gebied God in die eerste gebod?

Antw. Dat ek, so dierbaar as my die saligheid van my siel is, alle afgodery (a), towery, waarsêery, bygeloof (b), aanroeping van die heiliges of van ander skepsele (c) moet vermy en dit ontvlug, en die enige ware God reg moet leer ken (d), Hom alleen moet vertrou (e), in alle ootmoedigheid (f) en lydsaamheid my aan Hom alleen moet onderwerp (g), van Hom alleen alles wat goed is (h) moet verwag, Hom van ganser harte moet liefhê (i), vrees (k) en eer (l), sodat ek eerder van alle skepsels sal afsien en dié laat vaar as dat ek in die allerminste teen sy wil sal handel (m).

(a)
1 Joh. 5:21 My kinders, bewaar julleself van die afgode. Amen.
1 Cor 6:10 Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.
1 Cor 10:7 En wees ook nie afgodedienaars soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel.
1 Cor 10:14 Daarom, my geliefdes, vlug vir die afgodediens.
(b)
Lev. 19:31 Begeef julle nie tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie. Ek is die HERE julle God.
Deut. 18:9-10 As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie. Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan - wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie,
(c)
Matt. 4:10 Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.
Rev 19:10 En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.
Rev 22:8-9 En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het. Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God.
(d)
Joh. 17:3 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.
(e)
Jer. 17:5 So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk.
Jer. 17:7 Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is.
(f)
1 Pet 5:5 Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees; en wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.
(g)
Heb. 10:36 Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry.

Col 1:11 en met alle krag bekragtig word volgens die mag van sy heerlikheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap,
Rom. 5:3-4 En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop;
1 Cor 10:10 En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom.
Php 2:14 Doen alles sonder murmurering en teëspraak,
(h)
Ps. 104:27 Hulle almal wag op U, dat U hulle voedsel kan gee op die regte tyd.
Isaiah 45:7 wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen.
Jak. 1:17 Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.
(i)
Deut. 6:5 Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.
Matt. 22:37 En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.
(k)
Deut. 6:2 dat jy die HERE jou God kan vrees om al sy insettinge en sy gebooie wat ek jou beveel, te hou - jy en jou kind en jou kindskind al die dae van jou lewe; en dat jou dae verleng kan word.
Ps. 111:10 Resj. Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; Sin. almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand. Tau. Sy lof bestaan tot in ewigheid.
Proverbs 1:7 Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.
Proverbs 9:10 Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand.
Matt. 10:28 En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel.
(l)
Matt. 4:10 Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.
Deut. 10:20 Die HERE jou God moet jy vrees, Hom moet jy dien en Hom moet jy aanhang en by sy Naam sweer.
(m)
Matt. 5:29 As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.
Matt. 10:37 Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie.
Acts 5:29 En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.

95. Vr. Wat is afgodery?

Antw. Afgodery is, om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar, het, of naas Hom, iets anders te versin of te hê waarop die mens sy vertroue stel (a).

(a)
Eph 5:5 Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.
1 Kron. 16:26 Want al die gode van die volke is afgode, maar die HERE het die hemele gemaak.
Php 3:19 Hulle einde is die verderf, hulle god is die buik en hulle eer is in hulle skande; hulle bedink aardse dinge.
Gal. 4:8 Maar destyds, toe julle God nie geken het nie, het julle dié gedien wat van nature geen gode is nie;
Eph 2:12 dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.
1 Joh. 2:23 Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.
2 Joh.:9 Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun.
Joh. 5:23 sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.

Sondag 35

96. Vr. Wat eis God in die tweede gebod?

Antw. Dat ons van God nooit enige afbeelding mag maak nie (a), en Hom op geen ander manier mag vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (b).

(a)
Isaiah 40:18-19 By wie wil julle God dan vergelyk? Of watter gelykenis naas Hom stel? Die ambagsman giet 'n beeld, en die goudsmid trek dit oor met goud en smelt silwerkettings.
Isaiah 40:25 By wie sal julle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees? sê die Heilige.
Deut. 4:15-16 Neem julle dan terdeë in ag ter wille van julle siele - want julle het géén verskyning gesien op die dag dat die HERE by Horeb uit die vuur met julle gespreek het nie - sodat julle nie verderflik handel deurdat julle vir julle 'n gesnede beeld, 'n gelykenis van enige afgodsbeeld, maak nie: 'n afbeelding van man of vrou,
Rom. 1:23 en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere.
Acts 17:29 As ons dan die geslag van God is, moet ons nie dink dat die godheid aan goud of silwer of steen, die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gelyk is nie.
(b)
1 Sm 15:23 Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.
Deut. 12:30 neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? - dat ek ook so kan doen.
Matt. 15:9 Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.

97. Vr. Mag ons dan glad nie beelde maak nie?

Antw. God kan en mag geen enkele manier afgebeeld word nie (a). Die skepsele mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons hulle beeltenis sal maak of hê om dit te vereer of God daardeur te dien (b).

(a)
Isaiah 40:25 By wie sal julle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees? sê die Heilige.
(b)
Ex 34:17 Jy mag vir jou geen gegote gode maak nie.
Ex 23:24 Jy mag jou voor hulle gode nie neerbuig en hulle nie dien nie, ook mag jy nie doen na hulle werke nie; maar jy moet hulle heeltemal afbreek en hulle klippilare kort en klein slaan.
Ex 34:13 Maar hulle altare moet julle omgooi en hulle klippilare verbrysel en hulle heilige boomstamme afkap.
Num. 33:52 moet julle al die bewoners van die land voor julle uit verdrywe en hulle beeldhouwerk verniel; ook moet julle al hulle gegote beelde verniel en al hulle hoogtes verwoes.

98. Vr. Maar sou ons die beelde in die kerke as boeke van die leke nie mag toelaat nie?

Antw. Nee; want ons moet nie wyser wees as God nie, wat sy Christene nie deur stomme beelde nie (a), maar deur die lewende verkondiging van sy Woord wil laat onderrig (b).

(a)
Jer. 10:8 Maar almal saam word hulle dom en dwaas, die tugtiging van die nietige afgode - dit is hout.
Hab. 2:18 Wat baat 'n gesnede beeld dat sy maker dit reggekap het, 'n gegote beeld, wat 'n leuenleraar is, dat die maker op sy eie maaksel vertrou, deur stomme afgode te maak?
(b)
Rom. 10:14-15 Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as

hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!
Rom. 10:17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.
2 Pet 1:19 En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte;
2 Tim. 3:16-17 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

Sondag 36

99. Vr. Wat eis die derde gebod?

Antw. Dat ons nie alleen deur te vloek (a) of deur 'n valse eed nie (b), maar ook deur onnodig te sweer (c) die Naam van God nie moet laster of misbruik nie; en dat ons ook deur te swyg of dit toe te laat aan sodanige verskriklike sondes geen deel moet hê nie (d); kortom, dat ons die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied moet gebruik nie (e), sodat Hy deur ons reg bely (f), aangeroep (g) en in al ons woorde en werke geprys word (h).

(a)
Lev. 24:15-16 En met die kinders van Israel moet jy spreek en sê: As iemand sy God vloek, sal hy sy sonde dra. En wie die Naam van die HERE laster, moet sekerlik gedood word; die hele vergadering moet hom sekerlik stenig. Die vreemdeling net soos die kind van die land as hy die NAAM laster, moet hy gedood word.
(b)
Lev. 19:12 En julle mag nie vals sweer by my Naam en so die Naam van jou God ontheilig nie. Ek is die HERE.
(c)
Matt. 5:37 Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose.
Jak. 5:12 Maar bo alles, my broeders, moenie sweer nie: nie by die hemel nie, ook nie by die aarde nie en ook geen ander eed nie; maar laat julle ja ja wees en julle nee nee, sodat julle nie onder 'n oordeel val nie.
(d)
Lev. 5:1 En as iemand sondig dat hy die luid uitgesproke beswering hoor, terwyl hy getuie was, dit gesien het of daarvan weet as hy naamlik dit nie te kenne gee nie en so sy ongeregtigheid moet dra;
Proverbs 29:24 Hy wat saam met 'n dief deel, haat sy eie siel; hy hoor die beswering, maar openbaar niks nie.
(e)
Jer. 4:2 Dan sal jy sweer: So waar as die HERE leef! in waarheid, in reg en in geregtigheid; en die nasies sal hulleself in Hom seën en hulle in Hom beroem.
Isaiah 45:23 Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer.
(f)
Matt. 10:32 Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is.
Rom. 10:9-10 As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.
(g)
Ps. 50:15 en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.
1 Tim. 2:8 Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet bid en heilige hande ophef sonder toorn en twis.
(h)
Col 3:17 En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.
Rom. 2:24 Want, soos geskrywe is, die Naam van God word om julle ontwil onder die heidene gelaster.
1 Tim. 6:1 Almal wat diensknegte is onder 'n juk, moet hulle eie here alle eer waardig ag, sodat die Naam van God en die leer nie belaster mag word nie.

100. Vr. Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek, dat God Hom ook oor diegene vertoorn wat dit nie, soveel as dit in hulle vermoë is, help weer en verbied nie?

Antw. Ja seker (a); want daar is geen groter sonde of een wat God meer vertoorn nie as die lastering van sy Naam; daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf (b).

(a)
Proverbs 29:24 Hy wat saam met 'n dief deel, haat sy eie siel; hy hoor die beswering, maar openbaar niks nie.
Lev. 5:1 En as iemand sondig dat hy die luid uitgesproke beswering hoor, terwyl hy getuie was, dit gesien het of daarvan weet as hy naamlik dit nie te kenne gee nie en so sy ongeregtigheid moet dra;
(b)
Lev. 24:16 En wie die Naam van die HERE laster, moet sekerlik gedood word; die hele vergadering moet hom sekerlik stenig. Die vreemdeling net soos die kind van die land as hy die NAAM laster, moet hy gedood word.

Sondag 37

101. Vr. Maar mag ons ook Godsalig by die Naam van God 'n eed sweer?

Antw. Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis, of anders die nood dit vorder om trou en waarheid daardeur te bevestig, en dit tot eer van God en tot heil van die naaste; want om so 'n eed te sweer is in die Woord van God gegrond (a) en daarom ook deur die heiliges in die Ou en Nuwe Verbond reg gebruik (b).

(a)
Deut. 6:13 Jy moet die HERE jou God vrees en Hom dien; en by sy Naam moet jy sweer.
Deut. 10:20 Die HERE jou God moet jy vrees, Hom moet jy dien en Hom moet jy aanhang en by sy Naam sweer.
Isaiah 48:1 Hoor dit, huis van Jakob wat julleself noem met die naam van Israel en uit die waters van Juda voortgekom het, wat sweer by die Naam van die HERE en die God van Israel roem, maar nie in waarheid of in geregtigheid nie -
Heb. 6:16 Want mense sweer by een wat meer is, en die eed van bevestiging is vir hulle die einde van alle teëspraak.
(b)
Gen. 21:24 En Abraham antwoord: Ek sweer.
Gen. 31:53 Die God van Abraham en die God van Nahor, die God van hulle vader, sal regter tussen ons wees. En Jakob het gesweer by die Vrees van sy vader Isak.
Jos 9:15 En Josua het met hulle vrede gemaak en met hulle 'n verbond gesluit, dat hy hulle sou laat lewe; en die owerstes van die vergadering het hulle dit met 'n eed beloof.
1 Sm 24:23 Toe sweer Dawid vir Saul. En Saul het na sy huis gegaan, maar Dawid en sy manne het na die bergvesting opgetrek.
2 Sm 3:35 Daarop kom die hele volk om Dawid te beweeg dat hy brood moet eet terwyl dit nog dag was; maar Dawid het gesweer en gesê: Mag God so aan my doen en so daaraan toedoen as ek voor sonsondergang brood of enigiets proe.
1 Kings 1:29 Toe sweer die koning en sê: So waar as die HERE leef wat my uit alle benoudheid verlos het,
Rom. 1:9 Want God wat ek in my gees dien in die evangelie van sy Seun, is my getuie hoe ek onophoudelik aan julle dink
Rom. 9:1 Ek spreek die waarheid in Christus, ek lieg nie my gewete getuig saam met my in die Heilige Gees
2 Cor 1:23 Maar ek roep God as getuie aan oor my siel dat ek om julle te spaar nog nie na Korinthe gekom het nie -

102. Vr. Mag 'n mens ook by die heiliges of by enige ander skepsele 'n eed sweer?

Antw. Nee; want as ons 'n regte eed sweer beteken dit dat ons God aanroep om as die enigste Kenner van die hart vir die waarheid getuienis te gee, en my te straf as ek vals sweer (a) - 'n eer wat aan geen skepsel toekom nie (b).

(a)
2 Cor 1:23 Maar ek roep God as getuie aan oor my siel dat ek om julle te spaar nog nie na Korinthe gekom het nie -
Rom. 9:1 Ek spreek die waarheid in Christus, ek lieg nie my gewete getuig saam met my in die Heilige Gees
(b)
Matt. 5:34-36 Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie - nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is; ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning; ook by jou hoof mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie.
Jak. 5:12 Maar bo alles, my broeders, moenie sweer nie: nie by die hemel nie, ook nie by die aarde nie en ook geen ander eed nie; maar laat julle ja ja wees en julle nee nee, sodat julle nie onder 'n oordeel val nie.

Sondag 38

103. Vr. Wat gebied God in die vierde gebod?

Antw. Eerstelik, dat die kerkdiens of die predikamp en die skole onderhou moet word (a), en dat ek, veral op die sabbat, dit is op die rusdag, met die gemeente van God ywerig moet opkom (b) om die Woord van God te hoor (c), die sakramente te gebruik (d), God die Here openlik aan te roep (e) en aan die armes Christelike liefdegawes te bring (f); ten tweede, dat ek al die dae van my lewe van my bose werke moet rus, die Here deur sy Gees in my moet laat werk en so die ewige sabbat in hierdie lewe moet begin (g).

(a)
Tit. 1:5 Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het -
2 Tim. 3:14 Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het,
1 Cor 9:13-14 Weet julle nie dat die wat met die heilige dinge werk, uit die heiligdom eet nie; en dat die wat by die altaar besig is, met die altaar deel nie? So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe.
2 Tim. 2:2 en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer.
2 Tim. 3:15 en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.
(b)
Ps. 40:10-11 Ek het 'n blye boodskap van geregtigheid in die groot vergadering verkondig; kyk, my lippe bedwing ek nie. HERE, U weet dit. U geregtigheid bedek ek nie binne-in my hart nie; van u trou en u heil spreek ek; u goedertierenheid en u trou verberg ek nie vir die groot vergadering nie.
Ps. 68:27 Loof God, die Here, in die vergaderinge, julle wat is uit die fontein van Israel!
Acts 2:42 En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.
(c)
1 Tim. 4:13 Totdat ek kom, moet jy aanhou met voorlesing, vermaning en lering.
1 Cor 14:29 Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel.
(d)
1 Cor 11:33 Daarom, my broeders, as julle saamkom om te eet, wag vir mekaar;
(e)
1 Tim. 2:1 In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, dankseggings gedoen moet word vir alle mense;
1 Cor 14:16 Anders, as jy met die gees dank, hoe sal hy wat die plek van 'n onkundige inneem, amen sê op jou danksegging, aangesien hy nie weet wat jy sê nie?
(f)

1 Cor 16:2 Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie.
(g)
Isaiah 66:23 En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE.

Sondag 39

104. Vr. Wat wil God in die vyfde gebod hê?

Antw. Dat ek my vader en my moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou moet bewys en my aan hulle goeie leer en straf met gepaste gehoorsaamheid moet onderwerp (a) en dat ek ook met hulle swakheid en gebreke geduld moet hê (b), aangesien dit God behaag om ons deur hulle hand te regeer (c)

(a)
Eph 6:1-2 Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder - dit is die eerste gebod met 'n belofte -
Eph 6:5 Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus;
Col 3:18 Vroue, wees julle mans onderdanig soos dit betaamlik is in die Here.
Col 3:20 Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik.
Col 3:22 Diensknegte, julle moet jul here na die vlees in alles gehoorsaam wees, nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar in eenvoudigheid van hart, omdat julle God vrees.
Eph 5:22 Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here.
Proverbs 1:8 My seun, luister na die tug van jou vader, en verwerp die onderwysing van jou moeder nie;
Proverbs 4:1 Hoor, julle seuns, na die tug van die vader, en luister om insig te leer ken;
Proverbs 15:20 'n Wyse seun verbly sy vader, maar 'n dwase mens verag sy moeder.
Proverbs 20:20 Wie sy vader of sy moeder vloek, sy lamp gaan in pikdonker dood.
Ex 21:17 En hy wat sy vader of moeder vloek, moet sekerlik gedood word.
Rom. 13:1 Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel,
(b)
Proverbs 23:22 Luister na jou vader wat jou verwek het, en verag jou moeder nie as sy oud geword het nie.
Gen. 9:24 Toe Noag van sy wyn wakker word en merk wat sy jonger seun hom aangedoen het,
1 Pet 2:18 Diensknegte, wees julle here onderdanig met alle vrees, nie alleen aan die wat goed en vriendelik is nie, maar ook aan die wat verkeerd is.
(c)
Eph 6:4 Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus;
Eph 6:9 En, here, doen dieselfde teenoor hulle en laat staan die dreigemente, omdat julle weet dat ook julle eie Here in die hemele is en by Hom geen aanneming van die persoon is nie.
Col 3:20 Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik.
Rom. 13:2-3 sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang. Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang;
Matt. 22:21 Hulle antwoord Hom: Die keiser s'n. Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom.

Sondag 40

105. Vr. Wat eis God in die sesde gebod?

Antw. Dat ek my naaste nie met gedagtes en ook nie met woorde of enige gebaar en nog minder met die daad, deur myself of deur ander mag onteer, haat, wond of doodmaak nie (a); maar dat ek alle wraakgierigheid moet aflê (b); ook myself nie mag

wond of moedswillig in enige gevaar begewe nie (c); daarom dra die owerheid ook die swaard om die doodslag te weer (d).

(a)
Matt. 5:21-22 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.
Matt. 26:52 Toe sê Jesus vir hom: Sit jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan.
Gen. 9:6 Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak.
(b)
Eph 4:26 Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie;
Rom. 12:19 Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.
Matt. 5:25 Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en jy in die gevangenis gewerp word nie.
Matt. 18:35 So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.
(c)
Rom. 13:14 Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.
Col 2:23 wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees.
Matt. 4:7 Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.
(d)
Gen. 9:6 Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak.
Ex 21:14 Maar as iemand moedswillig teen sy naaste handel, om hom met lis dood te maak, moet jy hom van my altaar af wegneem, om te sterwe.
Matt. 26:52 Toe sê Jesus vir hom: Sit jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan.
Rom. 13:4 want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf.

106. Vr. Maar dit lyk tog of hierdie gebod net van doodslaan spreek?

Antw. Deur doodslag te verbied, leer God ons dat Hy die wortel van die doodslag soos nyd (a), haat (b), toorn (c) en wraakgierigheid, haat en dit alles vir 'n doodslag hou (d).

(a)
Proverbs 14:30 'n Rustige hart is die lewe vir die vlees, maar hartstog 'n verrotting vir die gebeente.
Rom. 1:29 hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid;
(b)
1 Joh. 2:11 Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het.
(c)
Jak. 1:20 Want die toorn van 'n man bewerk nie die geregtigheid voor God nie.
Gal. 5:19-21 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.
(d)
1 Joh. 3:15 Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.

107. Vr. Maar is dit genoeg dat ons, soos tevore gesê is, ons naaste nie doodmaak nie?

Antw. Nee; want terwyl God nyd, haat en toorn verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself (a) en jeens hom geduld, vrede, sagmoedigheid, barmhartigheid en alle vriendelikheid moet bewys (b), sy skade, sowel as wat in ons vermoë is, moet afkeer (c) en ook aan ons vyande moet goeddoen (d).

(a)
Matt. 22:39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
Matt. 7:12 Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete.
Rom. 12:10 wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning;
(b)
Eph 4:2 met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra
Gal. 6:1-2 Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie. Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.
Matt. 5:5 Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.
Rom. 12:18 as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.
Luk. 6:36 Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is.
Matt. 5:7 Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.
1 Pet 3:8 En eindelik, wees almal eensgesind, medelydend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik.
Col 3:12 Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.
(c)
Ex 23:5 As jy jou vyand se esel onder sy pak sien lê, moet jy dit nie onverskillig aan hom oorlaat nie: jy moet dit sekerlik saam met hom aflaai.
(d)
Matt. 5:44-45 Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.
Rom. 12:20 As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.

Sondag 41

108. Vr. Wat leer die sewende gebod ons?

Antw. Dat alle onkuisheid deur God vervloek is (a) en dat ons daarom van harte vyande daarvan moet wees (b) en kuis en ingetoë moet lewe (c), in die heilige huwelikstaat of daarbuite (d).

(a)
Lev. 18:28 Laat die land julle dan nie uitspuug as julle dit verontreinig nie, soos dit die nasie uitgespuug het wat daar voor julle was.
(b)
Judas:23 maar ander moet julle met vrees red deur hulle uit die vuur te ruk; en ook die kleed moet julle haat wat deur sonde bevlek is.
(c)
1 Thess 4:3-5 Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer, nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie;
(d)
Heb. 13:4 Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel.

1 Cor 7:7 Want ek wens dat alle mense soos ek was; maar elkeen het sy eie genadegawe van God, die een so en die ander weer anders.

109. Vr. Verbied God in hierdie gebod nie meer as egbreuk en dergelike skandelikhede nie?

Antw. Omdat ons liggaam en siel tempels is van die Heilige Gees, daarom wil Hy dat ons altwee suiwer en heilig moet bewaar; daarom verbied Hy alle onkuise dade, gebare, woorde (a), gedagtes, luste (b) en wat die mens daartoe kan verlei (c).

(a)
Eph 5:3-4 Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam; ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liewer danksegging.
1 Cor 6:18-19 Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf sondig teen sy eie liggaam. Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?
(b)
Matt. 5:27-28 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.
(c)
Eph 5:18 Moenie dronk word van wyn nie - daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.
1 Cor 15:33 Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes.

Sondag 42

110. Vr. Wat verbied God in die agste gebod?

Antw. God verbied nie alleen dié diefstal (a) en roof (b) wat die owerheid straf nie; maar Hy noem ook diewery, alle bose dade en listige planne waarmee ons dink om die goed van ons naaste onsself toe te eien (c), met geweld of skyn van reg, soos met valse gewig, el, maat, ware (d), munt, woeker (e) of deur enige middel wat God verbied; daarby ook alle gierigheid (f), alle misbruik en verkwisting van sy gawes (g).

(a)
1 Cor 6:10 Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.
(b)
1 Cor 5:10 dit wil sê, nie die hoereerders van hierdie wêreld of die gierigaards of rowers of afgodedienaars in die algemeen nie, want dan sou julle uit die wêreld moet uitgaan -
Isaiah 33:1 Wee jou, verwoester, wat self nie verwoes is nie, en troubreker teen wie nie troueloos gehandel is nie! As jy klaar is met verwoes, sal jy verwoes word; en as jy klaar is met troubreuk, sal hulle troueloos teen jou handel.
(c)
Luk. 3:14 En die soldate het hom ook gevra en gesê: En ons, wat moet ons doen? En hy sê vir hulle: Julle moet niemand geweld aandoen of iets afpers nie; en wees tevrede met julle soldy.
1 Thess 4:6 dat niemand sy broeder in hierdie saak moet bedrieg en benadeel nie, omdat die Here 'n wreker is oor al hierdie dinge, soos ons aan julle ook vantevore gesê en betuig het.
(d)
Proverbs 11:1 'n Valse weegskaal is vir die HERE 'n gruwel, maar in 'n volle gewig het Hy behae.
Proverbs 16:11 'n Regte weegtoestel en weegskaal kom van die HERE, al die weegstene in die sak is sy werk.
Eze 45:9-10 So sê die Here HERE: Dit is nou genoeg, o vorste van Israel! Verwyder geweld en verdrukking, en doen reg en geregtigheid; hou op om my volk uit hulle besittings te verdring, spreek die Here HERE. Julle moet 'n regte weegskaal hê en 'n regte efa en 'n regte bat.
Deut. 25:13 Jy mag nie twee soorte weegstene, 'n grote en 'n kleintjie, in jou sak hê nie.
(e)

Ps. 15:5 wat sy geld nie gee op woeker en geen omkoopgeskenk aanneem teen die onskuldige nie. Hy wat hierdie dinge doen, sal nie wankel in ewigheid nie.
Luk. 6:35 Maar julle moet jul vyande liefhê en goed doen en leen sonder om iets terug te verwag, en julle loon sal groot wees; en julle sal kinders van die Allerhoogste wees; want Hy self is goedertieren oor die ondankbares en slegtes.
(f)
1 Cor 6:10 Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.
(g)
Proverbs 23:20-21 Wees nie onder die wynsuipers nie, onder die wat as vrate hulle hart ophaal. Want 'n drinker en 'n vraat sal arm word, en slaperigheid laat stukkende klere dra.
Proverbs 21:20 'n Kosbare skat en olie is in die woning van die regverdige, maar 'n dwase mens bring dit deur.

111. Vr. Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?

Antw. Dat ek die belange van my naaste, waar ek kan en mag, moet bevorder; met hom so moet handel soos ek sou wens dat die mense met my moet handel (a); daarby ook dat ek getrou moet arbei, sodat ek die behoeftiges kan help (b).

(a)
Matt. 7:12 Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete.
(b)
Eph 4:28 Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.

Sondag 43

112. Vr. Wat wil die negende gebod hê?

Antw. Dat ek teen niemand valse getuienis mag aflê nie (a), niemand se woorde mag verdraai nie (b), geen kwaadspreker of lasteraar mag wees nie (c), niemand ligvaardig en onverhoord mag oordeel of help veroordeel nie (d); maar alle lieg en bedrieg as die eie werke van die duiwel (e) moet vermy, tensy dat ek die sware toorn van God op my wil laai (f); so ook, dat ek in die gereg en alle ander handelinge die waarheid moet liefhê, opreg spreek en bely (g); ook my naaste se eer en goeie naam na my vermoë moet verdedig en bevorder (h).

(a)
Proverbs 19:5 'n Valse getuie bly nie ongestraf nie, en hy wat leuens uitstrooi, sal nie vrykom nie.
Proverbs 19:9 'n Valse getuie bly nie ongestraf nie, en hy wat leuens uitstrooi, kom om.
Proverbs 21:28 'n Leuenagtige getuie kom om; maar 'n man wat goed toeluister, spreek vir altyd.
(b)
Ps. 15:3 wat nie rondgaan met laster op sy tong nie, sy vriend geen kwaad doen en geen smaadrede uitspreek teen sy naaste nie;
Ps. 50:19-20 Jou mond laat jy los in boosheid, en jou tong vleg bedrog. Jy sit en praat teen jou broer, die seun van jou moeder beskimp jy.
(c)
Rom. 1:30 nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers;
(d)
Matt. 7:1 Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie.
Luk. 6:37 En julle moet nie oordeel nie, dan sal julle nooit geoordeel word nie. Julle moet nie veroordeel nie, dan sal julle nooit veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word.
(e)

Joh. 8:44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.
(f)
Proverbs 12:22 Valse lippe is vir die HERE 'n gruwel, maar Hy het 'n welbehae in die wat getrou handel.
Proverbs 13:5 Die regverdige haat leuentaal, maar die goddelose maak gehaat en handel skandelik.
(g)
1 Cor 13:6 is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid.
Eph 4:25 Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede.
(h)
1 Pet 4:8 Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek.

Sondag 44

113. Vr. Wat eis die tiende gebod van ons?

Antw. Dat ook die geringste lus of gedagte teen enige gebod van God nooit in ons hart mag opkom nie, maar dat ons van alle sondes altyd van ganser harte vyande moet wees en in alle geregtigheid behae moet hê (a).

(a)
Rom. 7:7 Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee, stellig nie! Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.

114. Vr. Maar kan diegene wat tot God bekeer is, hierdie gebooie ten volle onderhou?

Antw. Nee, maar ook die allerheiligstes het maar 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid solank as hulle in hierdie lewe is (a); maar só, dat hulle met 'n ernstige voorneme nie alleen na sommige nie, maar na al die gebooie van God begin lewe (b).

(a)
1 Joh. 1:8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie.
Rom. 7:14-15 Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek.
Pred. 7:20 want daar is geen regverdige mens op die aarde wat goed doen sonder om te sondig nie.
1 Cor 13:9 Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele.
(b)
Rom. 7:22 Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens;
Ps. 1:2 maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.

115. Vr. Waarom laat God die tien gebooie dan so skerp vir ons verkondig as tog niemand dit in hierdie lewe kan onderhou nie?

Antw. Eerstelik, dat ons ons lewe lank ons sondige aard hoe langer hoe meer sal leer ken (a) en des te begeriger mag wees om die vergewing van die sondes en die geregtigheid in Christus te soek (b). Dan ook, dat ons sonder ophou ons sal beywer en God sal bid om die genade van die Heilige Gees, sodat ons hoe langer hoe meer na die ewebeeld van God vernuut mag word, totdat ons hierdie volkomendheid wat ons voorgehou word, ná hierdie lewe bereik (c).

(a)
Rom. 3:20 aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde.

1 Joh. 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.
Ps. 32:5 My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe. Sela.
(b)
Matt. 5:6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.
Rom. 7:24-25 Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!
(c)
1 Cor 9:24 Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal.
Php 3:12-14 Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is. Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.

OOR DIE GEBED

Sondag 45

116. Vr. Waarom is die gebed vir die Christene nodig?

Antw. Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons vorder (a) en omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (b).

(a)
Ps. 50:14 Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;
(b)
Matt. 7:7 Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.
Luk. 11:9 En Ek sê vir julle: Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.
Luk. 11:13 As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?
1 Thess 5:17 Bid sonder ophou.

117. Vr. Wat behoort by so 'n gebed wat God welgevallig is en deur Hom verhoor word?

Antw. Eerstelik dat ons alleen die enige ware God, wat Hom in sy Woord geopenbaar het (a), van harte moet aanroep (b) vir al die dinge wat Hy ons beveel het om voor te bid (c). Ten tweede, dat ons ons nood en ellendigheid reg en grondig moet ken (d) sodat ons ons voor die aangesig van sy majesteit sal verootmoedig (e). Ten derde, dat ons hierdie vaste grond het (f) dat Hy ons gebed, nieteenstaande ons dit onwaardig is, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor (g), soos Hy ons dit in sy Woord beloof het (h).

(a)
Rev 19:10 En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n medediensknegvan jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.
Joh. 4:22-24 Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode. Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.
(b)

Rom. 8:26 En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.
1 Joh. 5:14 En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil.
Jak. 1:5 En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word.
(c)
Joh. 4:24 God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.
Ps. 145:18 Kof. Die HERE is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom aanroep in waarheid.
(d)
2 Kron. 20:12 Onse God, sal U nie teen hulle strafgerig oefen nie? Want in ons is geen krag teenoor hierdie groot menigte wat teen ons gekom het nie; en ons weet nie wat ons moet doen nie, maar ons oë is op U.
(e)
Ps. 2:11 Dien die HERE met vrees, en juig met bewing.
Ps. 34:19 Kof. Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees.
Isaiah 66:2 Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die HERE. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord.
(f)
Rom. 10:14 Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?
Jak. 1:6 Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.
(g)
Joh. 14:13 En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.
Joh. 16:23 En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee.
Dan. 9:18 Neig u oor, my God, en hoor, open u oë en aanskou ons verwoeste plekke en die stad waar u Naam oor uitgeroep is; want nie op grond van ons geregtigheid werp ons ons smekinge voor u aangesig neer nie, maar op grond van u grote barmhartigheid.
(h)
Matt. 7:8 Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.
Ps. 27:8 Van U sê my hart: Soek my aangesig! Ek soek u aangesig, o HERE!

118. Vr. Wat het God ons beveel om van Hom te bid?

Antw. Alle geestelike en liggaamlike behoeftes (a) wat Christus saamgevat het in die gebed wat Hy self aan ons geleer het.

(a)
Jak. 1:17 Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.
Matt. 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

119. Vr. Hoe lui dié gebed?

Antw. (a) Ons Vader wat in die hemele is,
1. laat u Naam geheilig word,
2. laat u koninkryk kom,
3. laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.
4. Gee ons vandag ons daaglikse brood,
5. en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
6. en lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen .

(a)
Matt. 6:9-13
Luk. 11:2-4

Sondag 46

120. Vr. Waarom het Christus ons beveel om God aan te spreek as Ons Vader?

Antw. Sodat Hy onmiddellik by die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek wat tesame die grond van ons gebed is, naamlik dat God ons Vader deur Christus geword het en dat Hy ons veel minder sal weier wat ons van Hom met 'n regte geloof bid, as wat ons vaders aan ons aardse dinge ontsê (a).

(a)
Matt. 7:9-11 Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!
Luk. 11:11-13 En vir watter vader onder julle sal sy seun brood vra, en hy sal hom 'n klip gee; of ook 'n vis, en hy sal hom in plaas van 'n vis 'n slang gee; of ook as hy 'n eier vra, hom 'n skerpioen gee? As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?

121 Vr. Waarom word hier bygevoeg: Wat in die hemele is?

Antw. Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards sal dink nie (a) en van sy almag alles wat nodig is vir liggaam en siel, sal verwag (b).

(a)
Jer. 23:23-24 Is Ek 'n God van naby, spreek die HERE, en nie 'n God van ver nie? Sou iemand hom in skuilplekke kan wegsteek dat Ek hom nie sien nie? spreek die HERE. Vervul Ek nie die hemel en die aarde nie? spreek die HERE.
Acts 17:24-25 Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee.
Acts 17:27 sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie;
(b)
Rom. 10:12 Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep.

Sondag 47

122. Vr. Wat is die eerste bede?

Antw. Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee ons eerstelik, dat ons U reg ken (a) en U in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid helder skyn, mag heilig, roem en prys (b); dan ook dat ons ons hele lewe, ons gedagtes, woorde en werke so skik en rig dat u Naam om ons ontwil nie gelaster word nie, maar geëer en geprys word (c).

(a)
Joh. 17:3 Maar nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat hulle my blydskap volkome in hulle kan hê.
Jer. 9:24 maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die HERE.

Jer. 31:33-34 Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.
Matt. 16:17 Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.
Jak. 1:5 En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word.
Ps. 119:105 Noen. U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.
(b)
Ps. 119:137 HERE, U is regverdig, en reg is u verordeninge.
Luk. 1:46-47 En Maria het gesê: My siel maak die Here groot, en my gees is verheug in God, my Saligmaker;
Luk. 1:68-69 Geloofd sy die Here, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het, en 'n horing van heil vir ons opgerig het in die huis van Dawid, sy kneg -
Rom. 11:33 o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!
(c)
Ps. 71:8 My mond is vol van u lof, die hele dag van u roem.
Ps. 115:1 Nie aan ons, o HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil.

Sondag 48

123. Vr. Wat is die tweede bede?

Antw. Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en u Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp (a); bewaar en vermeerder u kerk (b); vernietig die werke van die duiwel en alle heerskappy wat hom teen U verhef, en verder ook alle bose planne wat teen u heilige Woord bedink word (c), totdat die volkomenheid van u ryk kom (d), waarin U alles sal wees in almal (e).

(a)
Ps. 143:10 Leer my om u welbehae te doen, want U is my God. Laat u goeie Gees my lei in 'n gelyk land.
Ps. 119:5 Ag, was my weë maar vas om u insettinge te onderhou!
Matt. 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.
(b)
Ps. 51:20 Doen goed aan Sion na u welbehae; bou die mure van Jerusalem op.
Ps. 122:6 Bid om die vrede van Jerusalem; mag hulle wat jou liefhet, rustig lewe!
(c)
1 Joh. 3:8 Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.
Rom. 16:20 En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel. Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle! Amen.
(d)
Rev 22:20 Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!
Rom. 8:22-23 Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam.
(e)
1 Cor 15:28 En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.

Sondag 49

124. Vr. Wat is die derde bede?

Antw. Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil versaak (a) om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëspraak gehoorsaam te wees (b), sodat elkeen sy amp en beroep so gewillig en getrou mag beoefen en uitvoer (c) as die engele in die hemel dit doen (d).

(a)
Matt. 16:24 Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.
Tit. 2:11-12 Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe,
(b)
Luk. 22:42 en gesê: Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!
Eph 5:10 En beproef wat die Here welbehaaglik is;
Rom. 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.
(c)
1 Cor 7:24 Laat elkeen, broeders, in die staat waarin hy geroep is, daarin bly voor God.
(d)
Ps. 103:20-21 Loof die HERE, sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord! Loof die HERE, al sy leërskare, sy dienaars wat sy welbehae doen!

Sondag 50

125. Vr. Wat is die vierde bede?

Antw. Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: Wil ons versorg met alles wat nodig is vir die liggaam (a), sodat ons daardeur erken dat U die enigste oorsprong is van al wat goed is (b), en dat ons sorg en arbeid sowel as u gawes sonder u seën ons nie tot voordeel kan strek nie (c), en dat ons dus vertroue van alle skepsele moet aftrek en op U alleen stel (d).

(a)
Ps. 145:15 Ajin. Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd.
Ps. 104:27 Hulle almal wag op U, dat U hulle voedsel kan gee op die regte tyd.
Matt. 6:26 Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?
(b)
Jak. 1:17 Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.
Acts 14:17 al het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul.
Acts 17:27 sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie;
(c)
1 Cor 15:58 Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.
Deut. 8:3 En Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die HERE uitgaan.
Ps. 37:16 Tet. 'n Klein bietjie is vir die regverdige beter as die rykdom van baie goddelose;
Ps. 127:1-2 'n Bedevaartslied. Van Salomo. As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet - net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap!
(d)

Ps. 55:23 Werp jou sorg op die HERE, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie.
Ps. 62:11 Vertrou nie op verdrukking en bou geen ydele hoop op rowery nie; as die vermoë aangroei, sit daar die hart nie op nie!
Ps. 146:3 Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie.
Jer. 17:5 So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk.
Jer. 17:7 Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is.

Sondag 51

126. Vr. Wat is die vyfde bede?

Antw. Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Wil ons, arme sondaars, al ons misdade en ook die boosheid wat ons altyd aankleef, nie toereken nie (a) ter wille van die bloed van Christus, soos ons ook hierdie getuienis van u genade in ons bevind dat ons ganse voorneme is om ons naaste van harte te vergewe (b).

(a)
Ps. 51:3 Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid.
Ps. 143:2 En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie.
1 Joh. 2:1 My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.
Rom. 8:1 Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.
(b)
Matt. 6:14 Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.

Sondag 52

127. Vr. Wat is die sesde bede?

Antw. Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Omdat ons in onsself so swak is dat ons nie een oomblik sou kan stand hou nie (a) en daarby nog ons doodvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie vlees (d), nie ophou om ons aan te val nie, wil ons tog staande hou en versterk deur die krag van u Heilige Gees, sodat ons in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie (e), maar altyd sterk teëstand kan bied, totdat ons eindelik vergoed die oorhand behou (f).

(a)
Joh. 15:5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.
Ps. 103:14 Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is.
(b)
1 Pet 5:8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.
Eph 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.
(c)
Joh. 15:19 As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle.
(d)

Rom. 7:23 maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is.
Gal. 5:17 want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.
(e)
Matt. 26:41 Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.
Mark. 13:33 Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie.
(f)
1 Thess 3:13 sodat Hy julle harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader by die wederkoms van onse Here Jesus Christus met al sy heiliges.
1 Thess 5:23 En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!

128. Vr. Hoe besluit jy jou gebed?

Antw. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Dit is: Dit alles bid ons van U, omdat U as ons Koning en as Almagtige die wil en die vermoë besit om ons alles wat goed is te gee (a), en dit alles, sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word (b).

(a)
Rom. 10:12 Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep.
2 Pet 2:9 die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word;
(b)
Joh. 14:13 En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.
Jer. 33:8-9 En Ek sal hulle reinig van al hulle ongeregtigheid waarmee hulle teen My gesondig het, en vergewe al hulle ongeregtighede waarmee hulle teen My gesondig en teen My oortree het. En die stad sal vir My wees 'n vreugdevolle roem, 'n lof en 'n sieraad by al die nasies van die aarde wat sal hoor van al die goeie wat Ek aan hulle doen; en hulle sal bewe en ontroer word oor al die goeie en oor al die vrede wat Ek daaraan bewys.
Ps. 115:1 Nie aan ons, o HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil.

129. Vr. Wat beteken die woordjie: Amen?

Antw. Amen wil sê: Dit sal waar en seker wees. Want my gebed is veel sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart gevoel dat ek dit van Hom begeer (a).

(a)
2 Cor 1:20 Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons.
2 Tim. 2:13 As ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie.

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 1 - Die Enige God

Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.

2 Cor 3:17
Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid

Joh. 4:24
God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid

Isaiah 40:14
Met wie het Hy raad gehou, dat dié Hom verstand sou gee en Hom sou leer aangaande die pad van die reg, en Hom kennis sou leer en Hom bekend maak die weg van volledige insig?

Artikel 2 - Die middele waardeur ons God ken

Ons ken Hom deur twee middele:
Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, *naamlik sy ewige krag en goddelikheid,* duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê (Rom. 1:20: Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie). Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontneem.

Ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend, en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort.

Ps. 19:2
Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande.

Eph 4:6
een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.

1 Tim. 2:5
Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus

Deut. 6:4
Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE.

Mal 2:10
Het ons nie almal een Vader nie? Het een God ons nie geskape nie? Waarom handel ons dan troueloos met mekaar, deur die verbond van ons vaders te ontheilig?

1 Cor 8:4
Wat dan die eet van die offervleis aan die afgode betref, weet ons dat 'n afgod niks in die wêreld is nie, en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een.

1 Cor 8:6
tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom.

1 Kor 12
1 Kor 1

Artikel 3 - Die geskrewe Woord van God

Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, *maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek*, soos die heilige Petrus sê (2 Pet 1:21). Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid sy knegte (die profete en apostels) beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel, en H self het met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. Daarom noem ons sulke geskrifte die heilige en Goddelike Skrif.

2 Pet 1:21
want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.

Ps. 102:19
Dit sal vir die volgende geslag opgeskrywe word, en die volk wat geskape gaan word, sal die HERE loof

Ex 17:14 (Deut. 3)
Toe sê die HERE vir Moses: Skrywe dit as 'n aandenking in 'n boek en prent dit Josua in, dat Ek die gedagtenis van Amalek onder die hemel heeltemal sal uitdelg.

Ex 34:27
Verder het die HERE vir Moses gesê: Skrywe vir jou hierdie woorde op, want volgens hierdie woorde het Ek 'n verbond gesluit met jou en met Israel.

Deut. 5:22
Met hierdie woorde het die HERE julle hele vergadering op die berg, uit die vuur, die wolk en die wolkedonkerheid met 'n groot stem toegespreek, en niks meer nie; en Hy het dit op twee kliptafels geskrywe en dit aan my gegee.

Ex 31:18
En Hy het aan Moses, toe Hy geëindig het om met hom te spreek op die berg Sinai, die twee tafels van die Getuienis gegee, tafels van klip, beskrywe met die vinger van God.

Artikel 4 - Die Kanonieke boeke van die Heilige Skrif

Ons vat die Heilige skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen niks ingebring kan word nie. Hulle getal in die kerk van God is soos volg:

Die boeke van die Ou Testament, nl. die vyf boeke van Moses: Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium; die boeke Josua, Rigters, Rut, 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke (genoem Paralipomenon), Esra, Nehemia, Ester, Job, die Psalms van Dawid, drie boeke van Salomo: Spreuke, Prediker en Hooglied; die vier groot profete: Jesaja, Jeremia, Esegiël en Daniël; en vervolgens die twaalf klein profete: Hosea, Joel, Amo , Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria en Maleagi;

die boeke van die Nuwe Testament, nl.: vier evangeliste: Matteus, Markus, Lukas en Johannes; die Handelinge van die apostels; die veertien briewe van die apostel Paulus: aan die Romeine, twee aan die Korintiërs, aan die Galasiërs, die Efesiërs, die Filippense, die Kolossense, twee aan die Tessalonisense, twee aan Timoteus, aan Titus, Filemon en die Hebreërs; die sewe briewe van die ander apostels: die brief van Jakobus, twee van Petrus, drie van Johannes en die brief van Judas en die Openbaring van die apostel Johannes.

Artikel 5 - Die gesag van die Heilige Skrif

Ons aanvaar al hierdie boeke en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.

Artikel 6 - Onderskeid tussen die Kanonieke en Apokriewe boeke

Ons onderskei hierdie heilige boeke van die apokriewe boeke: die derde en vierde boek van Esra, die boek van Tobias, Judit, die Wysheid, Jesus Sirag, Barug, die byvoegsel by die geskiedenis van Ester, die Gebed van die drie manne in die vuur, die Geskiedenis van Susanna, die Beeld van Bel en die Draak, die Gebed van Menasse en die twee boeke van die Makkabeërs.

Die kerk mag hierdie boeke wel lees en daaruit lering trek vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem.

Hulle het egter geensins sodanige krag of gesag dat iemand deur hulle getuienis enigiets van die geloof of van die Christelike godsdiens sou kan bevestig nie. Hulle mag nie in die minste aan die gesag van ander, die heilige boeke, afbreuk doen nie.

Artikel 7 - Die Volkomenheid van die Heilige Skrif

Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - *ja, al was daar ook 'n engel uit die hemel*, soos die apostel Paulus sê (Gal. 1:8: Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!). En aangesien dit verbode is *om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat* (Deut. 12:32: Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps. 62:10: Ja, nietigheid is die mensekinders, leuens is die aansienlikes; in die weegskaal moet hulle opgaan, almal saam is hulle minder as nietigheid.). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: "...*maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is*" (1 Joh. 4:1) en: "*As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie*..." (2 Joh.:10).

2 Tim. 3:17
sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

1 Pet 1:11-12
en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna. (12) Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is--dinge waarin die engele begerig is om in te sien.

Proverbs 30:6
Voeg by sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder en jy as 'n leuenaar openbaar word nie.

Gal. 3:15
Broeders, ek spreek menslikerwys: selfs 'n mens se testament wat bekragtig is, maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie.

Rev 22:18
Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.

1 Tim. 1:3
Soos ek jou versoek het toe ek na Macedónië op reis was, moet jy in Éfese wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie

Gal. 1:8-11

Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees! (9) Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees! (10) Soek ek dan nou die guns van mense, of van God? Of probeer ek om mense te behaag? As ek nog mense behaag, dan sou ek nie 'n dienskneg van Christus wees nie. (11) Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie.

1 Cor 15:2
waardeur julle ook gered word as julle daaraan vashou op die wyse waarop ek dit aan julle verkondig het, of julle moet tevergeefs geglo het.

Acts 26:22
Maar omdat ek hulp van God verkry het, staan ek tot vandag toe en getuig aan klein en groot, en spreek niks buiten wat die profete en ook Moses gesê het dat sou gebeur nie

Rom. 15:4
Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê.

Acts 18:28
want hy het die Jode kragtig in die openbaar weerlê en deur die Skrifte bewys dat Jesus die Christus is.

1 Pet 4

Luk. 11:13
As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?

2 Tim. 3:16
Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid

2 Tim. 1:13
Hou as voorbeeld van gesonde woorde dié wat jy van my gehoor het, in die geloof en liefde wat in Christus Jesus is.

Col 2:8
Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie.

Acts 4:19
Toe antwoord Petrus en Johannes en sê vir hulle: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis

Joh. 3:13
En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is.

2 Pet 2:16
maar die bestraffing van sy eie oortreding ontvang het: die stom lasdier het met die stem van 'n mens gepraat en die waansinnigheid van die profeet verhinder.

Joh. 15:15

Ek noem julle nie meer diensknegte nie, omdat die dienskneg nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.

1 Joh. 1:5
En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.

Acts 20:27
Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie.

2 Joh 1

Joh. 4:25
Die vrou sê vir Hom: Ek weet dat die Messías kom, Hy wat Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig.

Deut. 12:32
Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.

Heb. 8:9
nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here.

Matt. 15:3
Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Waarom oortree julle ook die gebod van God ter wille van julle oorlewering?

Matt. 17:5
Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!

Mark. 7:7
Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.

Isaiah 1:12
As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis--om my voorhowe te vertrap?

Acts 1:21
Van die manne dan wat saam met ons rondgegaan het al die tyd waarin die Here Jesus by ons in--en uitgegaan het

Rom. 3:4
Nee, stellig nie! Maar God moet waaragtig wees en elke mens leuenagtig, soos geskrywe is: Sodat U geregverdig kan word in u woorde en oorwin as U gerig hou.

Isaiah 8:20
Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie.

2 Tim. 4:3

want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede

1 Cor 1:13
Is Christus verdeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig? Of is julle in die naam van Paulus gedoop?

1 Cor 2:4
en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag

1 Cor 3:11
Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.

1 Pet 5:12
Deur Silvánus, die getroue broeder, soos ek meen, het ek kortliks aan julle geskrywe om julle te vermaan en om te betuig dat dit die ware genade van God is waarin julle staan.

2 Thess 2:2
om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie--deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees--asof die dag van Christus al daar is.

Ps. 12:7
Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal.

Ps. 19:8-9
Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige. (9) Die bevele van die HERE is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die HERE is suiwer: dit verlig die oë.

Ps. 19:12
Ook word u kneg daardeur gewaarsku; in die onderhouding daarvan is groot loon.

Deut. 4:6
Onderhou dit dan en doen dit; want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk.

Deut. 6:9
En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrwywe.

Eph 4:5
een Here, een geloof een doop

Joh 5

Col 1:16
want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte--alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.

Col 1:18
En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees.

1 Cor 8:6
tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom

Artikel 8 - God is een Wese en onderskeie in drie Persone

Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat Hulle nie met mekaar deel nie.

Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge.

Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader.

Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uitgaan.

Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeel is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, deur sy eienskappe op so 'n wyse ondeske dat hierdie drie Persoon slegs een enige God is. Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie. Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie. Want die Vader en die Heilige Gees het nie vlees aangeneem nie, maar slegs die Seun. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van gelyke ewigheid af in een en dieselfde wese. Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid.

1 Cor 1:24
maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God.

Joh. 1:14
En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon--en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom--vol van genade en waarheid.

1 Joh. 1:1
Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe-

Rev 19:13
En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.

Proverbs 8:22
Die HERE het my berei as eersteling van sy weg, voor sy werke, van ouds af.

Col 1:15

Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping

Matt. 28:19
Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Matt. 3:16-17
En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. (17) En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

Joh. 1:14
En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon--en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom--vol van genade en waarheid.

Miga 5:2
Daarom sal Hy hulle prysgee tot op die tyd dat 'n barende gebaar het. Dan sal die oorblyfsel van sy broers saam met die kinders van Israel terugkeer.

Artikel 9 - Skrifgetuienis oor die leer van die Drie-Eenheid

Ons weet dit alles sowel uit die getuienisse van die Heilige Skrif as uit hulle werkinge, veral uit werkinge wat ons in onsself voel. Die getuienisse van die Heilige Skrif wat ons leer om in hierdie heilige Drie- eenheid te glo, staan op baie plekke in die Ou Testament en dit is nie nodig om hulle almal op te noem nie.

Ons kan hulle onderskeidend en oordeelkundig uitkies: Genesis 1:26 en 27: "*En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis...En God het die mens geskape na sy beeld; man en vrou het Hy hulle geskape"*; Genesis 3:22: "*Toe sê die Here God: Nou het die mens geword soos een van Ons*". Wanneer God sê: Laat Ons mense maak na *ons* beeld, blyk daaruit dat daar meer as een Persoon in die Godheid is. En as Hy sê: God het geskep, wys Hy die eenheid van die Godheid aan. Welliswaar sê hy nie hoeveel Persone daar is nie, maar wat vir ons in die Ou Testament enigsins duister is, is in die Nuwe Testament baie duidelik. Want toe die Here in die Jordaan gedoop is, is die stem van die Vader gehoor, wat sê: "*Dit is my geliefde Seun*" (Matt. 3:17). Die Seun is in die water gesien en die Heilige Gees het Hom in die vorm van 'n duif geopenbaar. Buitendien is vir die doop van alle gelowiges hierdie formule deur Christus vasgestel: "*Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees*" (Matt. 28:19). In die Evangelie van Lukas sê die engel Gabriël aan Maria, die moeder van die Here: "*Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word*" (Luk. 1:35); eweneens: "*Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal*" (2 Cor 13:13) en: "*Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees en hierdie drie is een; en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed en die drie is eenstemmig*" (1 Joh. 5:7-8).

Ons word op al hierdie plekke baie duidelik geleer dat daar drie persone in een enige Goddelike Wese is. Al gaan hierdie leer die menslike verstand ver te bowe, glo ons dit nou tog deur die Woord, terwyl ons verwag om die volle kennis en vrug daarvan in die hemel te geniet.

Verder moet ons ook let op die besondere ampte en op die eie werkinge van die drie Persone met betrekking tot ons: Die Vader word ons Skepper deur sy krag genoem; die Seun is ons Saligmaker en Verlosser deur sy bloed; die Heilige Gees is ons Heiligmaker deur sy inwoning in ons hart.

Die leer van die heilige Drie-eenheid is in die ware kerk van die tyd van die apostels af tot nou toe altyd onderhou en gehandhaaf teenoor die Jode, Mohammedane en sommige valse christene en ketters soos Marcion, Mani, Praxeas, Sabellius, Samosatenus, Arius en derglike, wat tereg deur die regsinnige vaders veroordeel is.

Daarom aanvaar ons in hierdie opsig graag die drie belydenisse, naamlik dié van die Apostels, Nicéa en Atanasius en ook wat die ou vaders in ooreenstemming hiermee besluit het.

Gen. 5:1
Dit is die stamboom van Adam. Die dag toe God Adam geskape het, het Hy hom gemaak na die gelykenis van God.

Matt. 3:16
En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom.

Matt. 28:19
Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Luk. 1:35
En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.

Acts 2:32
Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is.

2 Cor 13:13
Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal! Amen.

1 Joh. 5:7
Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een

Acts 2:32-33
Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is. (33) Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor.

1 Pet 1:2
uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!

1 Joh. 4:13-14
Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het. (14) En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het.

Gal. 4:6
En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!

Eph 3:14-16
Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, (15) van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang, (16) dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens

Tit. 3:4-6
Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het-- (5) nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees (6) wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser

Judas:20-21
Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid (21) en julleself in die liefde van God bewaar, terwyl julle die barmhartigheid van onse Here Jesus Christus tot die ewige lewe verwag.

Rom. 8:9
julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.

Acts 10:38
met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.

Acts 8:29
Toe sê die Gees vir Filippus: Gaan daarheen en bly by daardie wa.
Acts 8:37
Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.

Joh. 14:16
En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid

Joh. 15:26
Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig.

Joh. 1:33
En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.

Proverbs 25:27
Om baie heuning te eet, is nie goed nie, maar om swaar sake na te speur, is 'n eer.

Artikel 10 - Die Godheid van Jesus Cristus

Ons glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is. Hy is van ewigheid af gebore; Hy is nie gemaak nie en nie geskep nie, want dan sou Hy 'n skepsel wees; Hy is een wese met die Vader, ewig saam met Hom, die ewebeeld van die Persoon van die Vader, ewig saam met Hom, die heerlikheid (Heb. 1:3: Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte) en in alles aan Hom gelyk (Php 2:6: Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie). Hy is van ewigheid die Seun van God en nie slegs sedert Hy ons natuur aangeneem het nie; so leer die volgende getuienisse ons as hulle met mekaar vergelyk word. Moses sê dat God die wêreld geskep het en die heilige Johannes sê dat alle dinge ontstaan het deur die Woord, wat hy God noem (Gen. 1:1: In die begin het God die hemel en die aarde geskape. en Joh. 1:3: Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie). Die apostel sê dat God die wêreld deur sy Seun gemaak het en ook dat God alle dinge deur Jesus Christus geskep het (Heb. 1:2: wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. en Col 1:16: want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte--alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.). So moet Hy wat God, die Woord, die Seun en Jesus Christus genoem word, dus reeds bestaan het toe alles deur Hom geskep is. En daarom sê die profeet Miga: "*Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid*" (Miga 5:1: En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.) en sê die apostel: "*Hy is sonder begin van dae of lewenseinde*" (Heb. 7:3: sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur.). Hy is dus ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien.

Joh. 1:18
Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.

Joh. 1:34 en Joh. 1:49
En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is. (49) Natánael sê vir Hom: Waarvandaan ken U my? Jesus antwoord en sê vir hom: Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien.

Joh. 1:14
En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon--en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom--vol van genade en waarheid.

Col 1:15
Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping

Heb. 1:3

Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte

Matt. 3:17
En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

Matt. 17:5
Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!

Joh. 8:24
Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe; want as julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe.

Joh. 10:30
Ek en die Vader is een.

Joh. 9:36
Hy antwoord en sê: Wie is Hy, Here, dat ek in Hom kan glo?

Acts 8:34
En die hofdienaar antwoord en sê vir Filippus: Ek bid u, van wie sê die profeet dit, van homself of van iemand anders?

Isaiah 7:14
Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem.

Rom. 9:5
aan wie die vaders behoort en uit wie die Christus is na die vlees Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen.

1 Thess 3:11
Maar mag onse God en Vader self en onse Here Jesus Christus ons weg na julle toe rig

Php 2:11
en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.

2 Cor 5:19
naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.

Acts 20

Eph 3:9
en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus

Rom. 14

Tit. 2

1 Cor 8:6
tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom.

Heb. 1:1
Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun

Heb. 3:4
want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat alle dinge gebou het, is God.

Joh. 1:3
Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

1 Joh. 5

Joh. 7

Joh. 14

Joh. 20

Rev 1-6

Joh. 8:58
Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek.

Joh. 17:5
En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.

1 Cor 10:9
En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom.

Gal. 4:4
Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet

Miga 5:1
En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.

Col 1:15
Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping

Ps. 2:7
Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer.

Ps. 2:12
Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!

Heb. 13:8
Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

Artikel 11 - Die Godheid van die Heilige Gees

Ons glo en bely ook dat die Heilige Gees van ewigheid van die Vader en die Seun uitgaan; dat Hy nie gemaak of geskep of gebore is nie maar van albei slegs uitgaan; dat Hy in orde die derde Persoon van die Drie-eenheid is; dat Hy van een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun is; dat Hy inderdaad ware en ewige God is, soos die Heilige Skrif ons leer.

Gen. 1:1
In die begin het God die hemel en die aarde geskape.

Heb. 1:3
Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,

Heb. 11:3
Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.

Joh. 1:3
Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

Ps. 33:6
Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër.

Jer. 32:17
Ag, Here HERE, kyk, U het die hemel en die aarde gemaak deur u grote krag en deur u uitgestrekte arm; geen ding is vir U te wonderbaar nie.

Mal 2:10
Het ons nie almal een Vader nie? Het een God ons nie geskape nie? Waarom handel ons dan troueloos met mekaar, deur die verbond van ons vaders te ontheilig?

Joh. 1:3
Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

Joh. 16:26
In daardie dag sal julle in my Naam bid; en Ek sê nie vir julle dat Ek die Vader aangaande julle sal vra nie

Ps. 104

Amo 4:13
Want kyk, Hy wat die berge formeer en die wind skep en aan die mens sy gedagte bekend maak, wat die dageraad duisternis maak, wat op die hoogtes van die aarde wandel, HERE, God van die leërskare, is sy Naam!

Joh. 14:16
En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid

Joh. 14:26
maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

Artikel 12 - Die skepping van alle dinge, veral van die engele

Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgedink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het. Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.

Sommige van die engele het uit die verhewenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf verval, maar die ander het deur die genade van God in hulle toestand volhard en staande gebly. Die duiwels en bose geeste het só ontaard dat hulle vyande van God sowel as van alles wat goed is.

Soos moordenaars loer hulle op die kerk - ook op elke lidmaat - om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes. Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging. Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Saduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.

Isaiah 40:26
Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie.

Matt. 28:19
Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

1 Joh. 5:15
En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het

Acts 5:3
Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou?

1 Cor 3:16
Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?

1 Cor 6:11
En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.

Rom. 8:9
julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.

Col 1:16
want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte--alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.

1 Tim. 4:3
wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken.

Heb. 3:4
want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat alle dinge gebou het, is God.

Rev 4:11
U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape.

Rev 11:16
En die vier en twintig ouderlinge wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê

Heb. 1:14
Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie

Ps. 103:21
Loof die HERE, al sy leërskare, sy dienaars wat sy welbehae doen!

Ps. 34:8
Get. Die Engel van die HERE trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.

Joh. 8:44
Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.

2 Pet 2:4
Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word

Luk. 8:31
En hulle het Hom gesmeek dat Hy hulle nie sou beveel om in die onderwêreld af te vaar nie.

Matt. 25:41
Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.

Acts 23:8

Want die Sadduseërs sê dat daar geen opstanding is nie, ook geen engel of gees nie; maar die Fariseërs bely albei.

Matt. 4.

Artikel 13 - Die Voorsienigheid van God

Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie maar dit volgens sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie. Tog is God nie die bewerker van die sondes wat gedoen word nie en Hy dra ook nie die skuld daarvoor nie. Sy mag en goedheid is immers so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en uitvoer, selfs al handel die duiwels en goddelose mense onregverdig. Ons wil ook nie verder as wat ons kan verstaan, nuuskierig ondersoek instel na dié dinge wat Hy bo die vermoë van die menslike verstand doen nie; inteendeel, ons eerbiedig juis in alle nederigheid en in aanbidding die regverdige oordele van God wat vir ons verborge is. Ons is tevrede daarmee dat ons leerlinge van Christus is om slegs te leer ken wat Hy aan ons in sy Woord openbaar, sonder om die grense daarvan te oorskry.

Hierdie leer bied onuitspreeklike troos as ons daardeur geleer word dat niks per toeval oor ons kan kom nie maar alles deur die beskikking van ons goeie hemelse Vader oor ons kom. Hy waak oor ons met vaderlike sorg en heers so oor alle skepsels dat sonder die wil van ons Vader nie een haar van ons kop - hulle is almal getel - en ook nie een mossie op die aarde sal val nie (Matt. 10:29-30).

Ons verlaat ons hierop, omdat ons weet dat Hy die duiwels en al ons vyande in toom hou, sodat hulle ons sonder sy toelating en wil geen skade kan aandoen nie. Daarom verwerp ons ook die gruwelike dwaling van die Epikureërs, wat sê dat God Hom met niks bemoei nie en alle dinge aan die toeval oorlaat.

Joh. 5:17
En Jesus het hulle geantwoord: My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook.

Heb. 1:3
Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte

Proverbs 16

Eph 1:11
in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil

Jak. 4:13
Kom nou, julle wat sê: Vandag of môre sal ons na dié en dié stad gaan en daar een jaar deurbring en handel drywe en wins maak--

Job 1:21
Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer. Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd!

2 Kings 22:20
Daarom, kyk, Ek sal jou by jou vaders versamel, en jy sal met vrede in jou graf versamel word, en jou oë sal al die onheil nie aansien wat Ek oor hierdie plek bring nie. En hulle het die koning antwoord gebring.

Acts 4:28
om alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind.

Acts 2:23
Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring

1 Sm 2:25
As mens teen mens sondig, dan beslis die owerheid oor hom, maar as 'n mens teen die HERE sondig, wie sal dan vir hom as skeidsregter optree? Maar hulle het nie na hul vader geluister nie, want die HERE wou hulle ombring.

Ps. 115:13
Hy sal diegene seën wat die HERE vrees, die kleintjies saam met die grotes.

Isaiah 45:7
wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen.

Amo 3:6
Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie?

Deut. 19:5
en hy wat saam met sy naaste in die bos gaan om hout te kap en sy hand swaai met die byl om die boom af te kap, en die yster glip van die steel af en tref sy naaste, sodat hy sterwe--hy moet in een van hierdie stede vlug om in die lewe te bly

Proverbs 21:1
Die koning se hart is in die hand van die HERE soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil.

Ps. 105:25
Hy het hulle hart verander, om sy volk te haat, om listig teen sy knegte te handel.

Isaiah 10:9
Het dit met Kalno nie gegaan soos met Kárkemis, met Hamat soos met Arpad, met Samaría soos met Damaskus nie?

2 Thess 2:11
En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo

Eze 14:9
En as die profeet hom laat verlei om 'n woord te spreek--Ek, die HERE, het dié profeet verlei, en Ek sal my hand teen hom uitstrek en hom verdelg uit die midde van my volk Israel.

Matt. 10:29
Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie.

Rom. 1:28
En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie

1 Kings 11:23
God het ook as teëstander vir hom verwek Reson, die seun van Éljada, 'n vlugteling van sy heer Hadadéser, die koning van Soba.

Gen. 45:8
Júlle het my dan nou nie hierheen gestuur nie, maar God; en Hy het my 'n raadsman van Farao gemaak en 'n gebieder oor sy hele huis en 'n regeerder in die hele Egipteland.

Gen. 50:20
Want júlle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou.

2 Sm 16:10
Maar die koning sê: Wat het ek met julle te doen, seuns van Serúja? As hy vloek, en as die HERE aan hom gesê het: Vloek Dawid! wie mag dan vra: Waarom maak jy so?

Matt. 8:31
En die duiwels het Hom gesmeek en gesê: As U ons uitdryf, laat ons toe om in die trop varke te vaar.

1 Joh. 2:16
Want alles wat in die wêreld is--die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe--is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

Ps. 5:5
Want U is nie 'n God wat behae het in goddeloosheid nie; die kwaaddoener sal by U nie vertoef nie.

1 Joh. 3:8
Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.

Gen. 1:26
En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.

Col 1:15
Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping

Col 3:10.
en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper

Artikel 14 - Die skepping van die mens, die sondeval en die gevolge daarvan

Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê goed, regverdig en heilig, sodat

hy met sy wil in alles met die wil van God ooreenstem. Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan nie en sy uitnemendheid nie besef nie. Hy het homself egter, deur na die woord van die duiwel te luister, willens en wetens aan die sonde en daarmee aan die dood en die vervloeking onderwerp. Hy het immers die gebod van die lewe wat hy ontvang het, oortree en homself deur die sonde losgeskeur van God, wat sy ware lewe was; so het hy sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien. Hy het deurdat hy in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortreflike gawes wat hy van God ontvang het, verloor en hy het niks anders daarvan oorgehou nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter genoegsaam is om hom van alle verontskuldiging te ontneem. Al die lig wat ons het, het immers in duisternis verander, soos die Skrif ons leer: *En die lig skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie oorweldig nie* (Joh. 1:5: En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.), waar die heilige Johannes die mense duisternis noem. Daarom verwerp ons alles wat in stryd hiermee oor die vrye wil van die mens geleer word, aangesien die mens niks anders as 'n slaaf van die sonde is nie en: "*'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie*" (Joh. 3:27: Johannes antwoord en sê: 'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie.).

Want wie is daar wat daarop sal roem dat hy uit homself iets goeds kan doen, terwyl Christus sê: "*Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie*" (Joh. 6:44: Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.)?
Wie sal op sy eie wil roem as hy verstaan dat "*...wat die vlees bedink, vyandskap teen God is*" (Rom. 8:7: omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.)?

Wie sal op sy eie kennis roem as die natuurlike mens die dinge van die Gees van God nie aanneem nie (1 Cor 3:5: Wie is Paulus dan, en wie Apollos anders as dienaars deur wie julle gelowig geword het? En dit soos die Here aan elkeen gegee het.)?

Kortom: Wie sal ook maar op 'n enkele gedagte roem as hy verstaan dat ons uit onsself nie bekwaam is om iets uit onsself te bedink nie maar dat ons bekwaamheid uit God is (2 Cor 3:5: Nie dat ons uit onsself bekwaam is om iets as uit onsself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God)? Daarom is dit reg dat wat die apostel sê, onwrikbaar bly, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Php 2:13: want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.).

Want daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die verstand en die wil van God as Christus dit nie in die mens tot stand bring nie. Dit leer Hy ons as Hy sê: "*Sonder My kan julle niks doen nie*" (Joh. 15:5: Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.).

1 Pet 2:9
Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig

Pred. 12:7
en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.

Ps. 8:5
wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?

Ps. 49:21
Die mens wat in aansien is en geen verstand het nie, is soos die diere wat vergaan.

Isaiah 59:2
maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.

Gen. 3:17
En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie--vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.

Gen. 3:19
In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.

Pred. 7:30 (Prediker 7:30 [waarna verwys word] bestaan nie, sien vers 29: Pred. 7:29)
Kyk, net dit het ek uitgevind: dat God die mens reg gemaak het, maar hulle het baie slim planne gesoek.

Rom. 5:12
Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het

Joh. 8:7
Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi.

Eph 4:24
en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.

Rom. 12:2
En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

Rom. 3:10
soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.

Rom. 8:6
Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede

Acts 14:17
al het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul.

Rom. 1:20-21

Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; (21) omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister.

Acts 17:27
sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie

Eph 4:18
mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart

Eph 5:8
Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here--wandel soos kinders van die lig.

Joh. 1:5
En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

Ps. 37:9
Want die kwaaddoeners sal uitgeroei word; maar die wat die HERE verwag, hulle sal die aarde besit.

Isaiah 26:12
HERE, U sal vir ons vrede beskik, want U het ook al ons werk vir ons volbring.

Ps. 94:11
Die HERE ken die gedagtes van die mense-dat hulle nietigheid is.

Rom. 8:3
Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees

1 Kings 20:9
Daarom het hy aan die boodskappers van Bénhadad gesê: Sê aan my heer die koning: Alles wat u die eerste keer u dienaar laat weet het, sal ek doen; maar hierdie ding kan ek nie doen nie. En die boodskappers het weggegaan en hom antwoord gebring.

Ps. 28:8
Die HERE is 'n sterkte vir hulle, en Hy is 'n vesting van verlossing vir sy gesalfde.

Isaiah 45:25
In die HERE sal geregverdig word en hulle beroem die hele geslag van Israel.

Joh. 3:27
Johannes antwoord en sê: 'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie.

Joh. 6:44 (1 Cor 2:14)
Joh 6:44 Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

1 Kor 2:14 Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.

2 Cor 3:5
Nie dat ons uit onsself bekwaam is om iets as uit onsself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God

Php 2:13.
want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.

Artikel 15 - Die Erfsonde

Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is. Dit is hierdie wortel wat in die mens allerhande sonde laat uitspruit. Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem. Dit word selfs nie deur die doop geheel en al tot niet gemaak of volkome uitgeroei nie, aangesien die sonde aanhoudend uit hierdie verdorwenheid opborrel soos water uit 'n giftige fontein. Dit word die kinders van God ewenwel nie tot verdoemenis toegereken nie maar deur sy genade en barmhartigheid vergewe. God vergewe nie sodat die gelowiges in die sonde gerus sou slaap nie maar wel sodat die besef van hierdie verdorwenheid hulle dikwels sou laat sug in die verlange om van hierdie liggaam van die dood verlos te word. Ons verwerp hiermee die dwaling van die Pelagiane, wat sê dat hierdie sonde uit niks anders as uit navolging ontstaan nie.

Ps. 51:7
Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.

Rom. 3:10
soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.

Joh. 3:6
Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.

Gen. 6:3
Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar.

Eph 2:5
ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus--uit genade is julle gered--

Job 14:4
Ag, kon maar 'n reine voortkom uit 'n onreine--nie een nie!

Rom. 5:14
Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom.

Rom. 7:18-19
Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie. (19) Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.

Artikel 16 - Die ewige verkiesing van God

Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here. God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het.

Rom. 3:12
Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.

Rom. 9:16
So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is.

Deut. 32:8
Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel.

1 Sm 12:22
Want die HERE sal sy volk ter wille van sy grote Naam nie verwerp nie, omdat dit die HERE behaag het om van julle vir Hom 'n volk te maak.

Ps. 65:5
Welgeluksalig is hy wat U uitkies en laat nader kom, dat hy kan woon in u voorhowe. Ons wil versadig word met die goeie van u huis, die heiligheid van u paleis.

Mal 1:2
Ek het julle liefgehad, sê die HERE. Nogtans vra julle: Waarin het U ons liefgehad? Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die HERE. Tog het Ek Jakob liefgehad, (3) maar Esau het Ek gehaat en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee.

2 Tim. 1:9
wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is

Rom. 9:29
En soos Jesaja tevore gesê het: As die Here van die leërskare vir ons nie 'n nageslag oorgelaat het nie, soos Sodom sou ons geword het en aan Gomorra gelyk gewees het.

Tit. 3:4-5
Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het-- (5) nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees

Eph 1:4-5

soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, (5) deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil

Rom. 11:5
Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade.

Acts 2:47
terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is.

Acts 13:48
En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe.

2 Tim. 2:20
Maar in 'n groot huis is daar nie alleen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en erdewerk; en sommige tot eer, maar ander tot oneer.

Rom. 9:11
Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep

1 Pet 1:2
uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!

Rom. 9:21
Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?

Joh. 6:27
Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee; want Hom het God, die Vader, verseël.

Joh. 6:44
Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

Joh. 17:9
Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.

Joh. 17:12
Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word.

Joh. 13:9
Simon Petrus sê vir Hom: Here, nie net my voete nie, maar ook die hande en die hoof.

Joh. 15:16

Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.

Rom. 11:34-35
Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? (35) Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?

Joh. 18:20
Jesus antwoord hom: Ek het ronduit tot die wêreld gespreek; Ek het altyd in die sinagoge geleer en in die tempel waar die Jode van alle kante vergader; en in die geheim het Ek niks gespreek nie.

Joh. 15:19
As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle.

Tit. 1:1
Paulus, 'n dienskneg van God en 'n apostel van Jesus Christus, volgens die geloof van die uitverkorenes van God en die kennis van die waarheid wat na die godsaligheid is

Eph 1:3
Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus

Joh. 10:29
My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie.

Matt. 15:24
Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.

Matt. 20:23
En Hy sê vir hulle: Dis waar, my beker sal julle drink en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word; maar om te sit aan my regter--en aan my linkerhand berus nie by My om te gee nie, maar is vir hulle vir wie dit deur my Vader berei is.

Artikel 17 - Die Verlosser deur God beloof

Ons glo dat ons goeie God in sy uitnemende wysheid en goedheid die mens weer opgesoek het toe Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak en al bewende van Hom weggevlug het. God het die mens toe getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en hom salig te maak - sy Seun, wat uit 'n vrou (Gal. 4:4: Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet) gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel (Gen. 3:15: En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.).

Gen. 3:15
En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Gen. 22:18
En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het.

Isaiah 7:14
Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem.

Joh. 7:42
Het die Skrif nie gesê dat die Christus uit die geslag van Dawid kom en uit Betlehem, die dorp waar Dawid was nie?

2 Tim. 2:8
Onthou dat Jesus Christus, uit die geslag van Dawid, uit die dode opgewek is volgens my evangelie

Heb. 7:14
Want dit is volkome duidelik dat onse Here uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie

Joh. 1:14
En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon--en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom--vol van genade en waarheid.

Gen. 3

Gal. 4:4
Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet

Artikel 18 - Die menswording van Jesus Christus

Ons bely dat God die belofte aan die vaders deur die mond van die heilige profete inderdaad vervul het deur sy Seun in die wêreld te stuur op die tyd deur Hom bepaal. Hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem en aan die mens gelyk geword (Php 2:7: maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword) deur werklik 'n egte menslike natuur, met al sy swakhede maar sonder sonde, aan te neem. Hy is in die liggaam van die geseënde maagd Maria deur die krag van die Heilige Gees en sonder die toedoen van 'n man verwek. Hy het nie alleen wat die liggaam betref, die menslike natuur aangeneem nie, maar ook 'n egte menslike siel om so 'n werklike mens te wees.

Want Hy moes sowel die siel as die liggaam aanneem om altwee te red, aangesien albei verlore was. Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en die bloed van die kinders deelagtig geword het (Heb. 2:14: Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het--dit is die duiwel--), dat Hy, wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid (Acts 2:30: Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat God vir hom

met 'n eed gesweer het dat hy uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit en Rom. 1:3: aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid), 'n vrug van die moederskoot van Maria (Luk. 1:42: en het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die vrug van jou skoot!), gebore uit 'n vrou (Gal. 4:4: Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet), 'n spruit van Dawid (Jer. 33:15: In dié dae en in dié tyd sal Ek vir Dawid 'n Spruit van geregtigheid laat uitspruit, en Hy sal reg en geregtigheid doen in die land.), 'n loot uit die wortels van Isai (Isaiah 11:1: Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra), van die geslag van Juda afstam (Heb. 7:14: Want dit is volkome duidelik dat onse Here uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie.), uit die Jode as mens gebore (Rom. 9:5: aan wie die vaders behoort en uit wie die Christus is na die vlees Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen.), uit die geslag van Abraham, aangesien Hy die geslag van Abraham aangeneem het in alle opsigte - maar sonder sonde, aan sy broers gelyk geword het (Heb. 2:17: Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.en Heb. 4:15: Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.). Ons bely inderdaad dat Hy waarlik ons Immanuel is, dit wil sê: God met ons.

Php 2:7
maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword

1 Tim. 3:16
En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid.

Luk. 1:55
soos Hy tot ons vaders gespreek het--aan Abraham en sy nageslag tot in ewigheid.

Gen. 26:4
En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word

2 Sm 7:12
As jou dae vol is en jy met jou vaders ontslaap het, sal Ek jou nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom, laat optree en sy koningskap bevestig.

Ps. 132:11
Die HERE het aan Dawid gesweer in waarheid (Hy sal daarvan nie terugkom nie): Van die vrug van jou liggaam sal Ek laat sit op jou troon.

Acts 13:23
Uit die nageslag van hierdie man het God vir Israel, volgens die belofte, Jesus as Verlosser verwek

1 Tim. 2:5
Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus

1 Cor 12:3
Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.

Deut. 29:2
En Moses het die hele Israel geroep en vir hulle gesê: Julle het self gesien alles wat die HERE in Egipteland voor julle oë aan Farao en aan al sy dienaars en aan sy hele land gedoen het

Ps. 119:34
Gee my verstand, dat ek u wet kan bewaar, ja, dit kan onderhou van ganser harte.

Rom. 7:19
Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.

Jer. 33:15
In dié dae en in dié tyd sal Ek vir Dawid 'n Spruit van geregtigheid laat uitspruit, en Hy sal reg en geregtigheid doen in die land.

Heb. 7:14
Want dit is volkome duidelik dat onse Here uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie.

Rom. 9:5
aan wie die vaders behoort en uit wie die Christus is na die vlees Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen.

Gal. 3:16
Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus.

Heb. 2:16
Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom.

Matt. 1:16
en Jakob die vader van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word.

Artikel 19 - Die twee nature van Christus

Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is; dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou. Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van dae of lewenseinde (Heb. 7:3: sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur.) en die hemel en aarde vervul, so ' het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie; dit het skepsel gebly, wat wel 'n begin van dae het, eindig van natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam behoort.

Hoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheid gegee het, het Hy die egtheid van sy menslike natuur nie verander nie, omdat ons saligheid en ons opstanding ook van die egtheid van sy liggaam afhanklik is. Hierdie twee nature is so ' saam in een persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie.

Dit wat Hy by sy sterwe in die hande van sy Vader oorgegee het, was dus 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het. Die Goddelike natuur het in die tussentyd steeds met die menslike natuur verenig gebly, ook toe Hy in die graf gelê het. Die Godheid het nie opgehou om in Hom te wees nie; dit was in Hom toe Hy 'n klein kindjie was, al het die Godheid Hom toe 'n klein tydjie nie geopenbaar nie. Ons bely daarom dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe.

Matt. 28:20
En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen

Joh. En die huurling vlug, omdat hy 'n huurling is en niks vir die skape omgee nie. 10:13

Eph 4:8, Eph 4:12
Eph 4:8 Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.
Eph 4:12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,

Heb. 7:3
sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur.

Matt. 26:11
Want die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie.

Acts 1:11
wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.

Acts 3:21
Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete.

Luk. 24:39
Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie.

Joh. 20:25
Die ander dissipels sê toe vir hom: Ons het die Here gesien! Maar hy het vir hulle gesê: As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.

Acts 1:3

aan wie Hy ook, ná sy lyde, Hom lewend vertoon het deur baie kentekens, terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van die koninkryk van God gespreek het.

Matt. 27:50
Daarop het Jesus weer met 'n groot stem geroep en die gees gegee.

Artikel 20 - God se regverdigheid en barmhartigheid in Christus

Ons glo dat God, wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het om die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaan is, aan te neem. Hy moes in die menslike natuur aan die geregtigheid voldoen en die straf vir die sondes deur die allerbitterste lyding en sterwe dra. So het God sy regverdigheid teenoor sy Seun betoon toe Hy ons sondelas op Hom gelê het en so ' sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor ons, wat skuldig was en die ewige vervloeking verdien het. Hy het immers sy Seun deur die mees volmaakte liefde vir ons in die dood gegee en Hy het Hom tot ons regverdiging opgewek, sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe kan hê.

Heb. 2:14
Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het--dit is die duiwel--

Rom. 8:3, Rom. 8:32
Rom. 8:3 Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees,
Rom. 8:32 Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?

Rom. 4:25.
wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking.

Artikel 21 - Die versoening deur Christus

Ons glo dat Jesus Christus - kragtens 'n eed - 'n ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek. Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil deur Homself aan die kruishout te offer en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort soos die profete dit voorspel het. Daar staan geskrywe dat *die straf wat vir ons die vrede aanbring, op die Seun van God was en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom; dat Hy soos 'n lam na die slagpale gelei en by die misdadigers gereken is* (Isaiah 53:5: Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom., Isaiah 53:7: Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders--

ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie., Isaiah 53:9: En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in sy mond gewees het nie.); dat Hy as 'n misdadiger deur Pontius Pilatus veroordeel is al het dié Hom eers onskuldig verklaar. Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie (Ps. 69:5: Die wat my sonder oorsaak haat, is meer as die hare van my hoof; die wat klaar staan om my te vernietig, wat sonder grond my vyande is, is magtig; wat ek nie geroof het nie, moet ek dan teruggee.); Hy het na liggaam en siel as regverdige vir die onregverdiges gely (1 Pet 3:18: Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring--Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees); Hy het die verskriklike straf wat ons sondes verdien, ervaar, sodat sy sweet soos bloeddruppels geword het wat op die grond val (Luk. 22:44: En toe Hy in 'n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val.) en Hy het uitgeroep: "*My God, my God, waarom het U my verlaat*" (Matt. 27:46: en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?).

Dit alles het Hy ter wille van die vergewing van ons sondes gely. Ons sê daarom tereg saam met die apostel Paulus dat ons met julle oor niks praat nie as oor Jesus Christus en wel oor Hom as gekruisigde (1 Cor 2:2: want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.); dat ons alles as waardeloos beskou, want om Christus Jesus, ons Here, te ken oortref alles in waarde (Php 3:8: Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry); dat ons volkome vertroosting in sy wonde vind en dat ons nie enige ander middel hoef te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as slegs hierdie offerande wat net een maal gebring is, waardeur die gelowiges vir altyd volmaak word (Heb. 10:14).

Dit is dan ook die rede waarom Hy deur die engel van die God Jesus, dit is Verlosser, genoem is, want Hy sou sy volk van hulle sondes verlos (Matt. 1:21: en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.).

Ps. 110:4
Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.

Heb. 5:10
en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek

Rom. 5:8-9
maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. (9) Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.

Col 2:14
en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael

Heb. 2:9, Heb. 2:17

Heb. 2:9 maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.
Heb. 2:17 Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.

Rom. 4:25
wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking.

Joh. 15:13
Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.

Acts 2:24
Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word.

Joh. 3:16
Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Rom. 8:32
Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?

1 Tim. 1:15
Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is.

Isaiah 53:5, Isaiah 53:7
Isaiah 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.
Isaiah 53:7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders--ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.

Heb. 9:14
hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.

1 Pet 2:24
wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.

Matt. 15:28
Toe antwoord Jesus en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af.

Joh. 18:38
Pilatus sê vir Hom: Wat is waarheid? En toe hy dit gesê het, gaan hy weer uit na die Jode en sê vir hulle: Ek vind geen skuld in Hom nie.

Ps. 69:5

Die wat my sonder oorsaak haat, is meer as die hare van my hoof; die wat klaar staan om my te vernietig, wat sonder grond my vyande is, is magtig; wat ek nie geroof het nie, moet ek dan teruggee.

Ex 12:6
En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand.

Ps. 22:16
My krag is verdroog soos 'n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte; en U lê my neer in die stof van die dood.

Dan. 9:26
En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.

1 Cor 2:2
want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.

Rom. 5:6
Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe.

Php 2:8
en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

Heb. 9:12
ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.

1 Pet 1:18-19
omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, (19) maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos

Joh. 10:9
Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.

Heb. 9:25-26
ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie, (26) want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen.

Heb. 10:14
Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.

Joh. 5:10
Die Jode sê toe vir hom wat genees was: Dit is sabbat; dit is jou nie geoorloof om jou bed te dra nie.

Matt. 1:21

en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.

Acts 4:12
En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.

Luk. 1:31
En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.

Artikel 22 - Die regverdiging deur die geloof

Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie. Daar is dus net twee moontlikhede: In Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, òf dit is alles wél in Hom, en dan het hy wat Jesus Christus deur die geloof besit, sy volle saligheid. Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is. Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is (Rom. 3:28: Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.). Om presies te wees: Ons bedoel nie dat die geloof self ons regverdig maak nie, want die geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus Christus ons Geregtigheid is. Hý reken ons sy hele verdienste toe en ook al die heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom geword het, is hulle meer as genoeg om vryspraak vir ons sondes te verkry.

Ps. 51:8
Kyk, U het 'n welgevalle aan waarheid in die binneste, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend.

Eph 1:17-18
dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, (18) verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges i

1 Thess 1:6
En julle het navolgers van ons geword en van die Here deurdat julle die woord in baie verdrukking ontvang het met die blydskap van die Heilige Gees

1 Cor 2:12
Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het.

Gal. 2:21

Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe.

Jer. 23:6
In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.

1 Cor 1:20
Waar bly die wyse? Waar bly die skrifgeleerde? Waar die redetwister van hierdie eeu? Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie?

Jer. 51:10
Die HERE het ons geregtighede te voorskyn gebring; kom en laat ons in Sion vertel die werk van die HERE onse God!

1 Cor 15:3
Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte

Matt. 1:21
en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.

Rom. 8:1
Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

Rom. 3:20, Rom. 3:28
Rom. 3:20 aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde.
Rom. 3:28 Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.

Gal. 2:16
terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie.

Heb. 7:19
omdat die wet niks volkome gemaak het nie; maar aan die ander kant is daar die invoering van 'n beter hoop waardeur ons tot God nader.

Rom. 8:29, Rom. 8:33
Rom. 8:29 Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders;
Rom. 8:33 Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak.

Acts 13:28
En al het hulle niks gevind wat die dood verdien nie, tog het hulle van Pilatus gevra dat Hy omgebring moes word.

1 Pet 1:4

sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons

Rom. 10:3, Rom. 10:5
Rom. 10:3 Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie.
Rom. 10:5 Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.

Rom. 10:9
As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word

Luk. 1:77
om kennis van saligheid aan sy volk te gee in die vergifnis van hulle sondes

Tit. 3:5
nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees

Ps. 32:1
'n Psalm van Dawid; 'n onderwysing. Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is.

Rom. 4:5
aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken.

Rom. 3:24, Rom. 3:27
Rom. 3:24 en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.
Rom. 3:27 Waar is dan die roem? Dit is uitgesluit. Deur watter wet? Van die werke? Nee, maar deur die wet van die geloof.

Php 3:9
en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof

2 Tim. 1:9
wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is

Ps. 115:1
Nie aan ons, o HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil.

1 Cor 4:7
Want wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? En as jy dit dan ontvang het, waarom roem jy asof jy dit nie ontvang het nie?

Rom. 4:2
Want as Abraham uit die werke geregverdig is, het hy iets om op te roem, maar nie teenoor God nie.

Artikel 23 - Ons geregtigheid voor God

Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Die leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken (Ps. 32:2: Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie. en Rom. 4:6: Soos Dawid ook die mens salig spreek aan wie God geregtigheid toereken sonder werke). Dieselfde apostel sê dat ons verniet, dit wil sê uit genade, geregverdig is deur die verlossing wat in Jesus Christus is (Rom. 3:24: en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.). Ons hou daarom hierdie grondslag altyd vas: Ons gee aan God al die eer, verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is en roem glad nie in onsself of in ons verdienste nie maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen. Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo; dit is ook genoegsaam om al ons ongeregtighede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan, terwyl ons nie handel soos ons eerste vader, Adam, wat al bewende probeer het om hom met vyeblare te bedek nie. Waarlik, as ons voor God moes verskyn terwyl ons, in watter geringe mate ook al, op onsself of op enige ander skepsel sou staatmaak, sou ons - helaas! - verteer moes word. En daarom moet elkeen saam met Dawid sê: "*En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie*." (Ps. 143:2: En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie.).

Heb. 11:7
Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.

Eph 2:8
Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God

2 Cor 5:19
naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.

1 Tim. 2:6
wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuienis op die regte tyd

1 Joh. 2:1
My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.

Gen. 3:7 (Rom. 5:19)
Gen. 3:7 Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak.

Rom. 5:19 Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.

Rom. 4:6
Soos Dawid ook die mens salig spreek aan wie God geregtigheid toereken sonder werke

Acts 4:12
En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.

Eze 36:23, Eze 36:32
Eze 36:23 En Ek sal my grote Naam heilig wat onder die nasies ontheilig is, wat julle onder hulle ontheilig het; en die nasies sal weet dat Ek die HERE is, spreek die Here HERE, as Ek My in julle voor hul oë as die Heilige laat ken.
Eze 36:32 Ek doen dit nie om julle ontwil nie, spreek die Here HERE; laat dit julle bekend wees! Skaam julle en bloos oor jul weë, o huis van Israel.

Deut. 27:26
Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie; en die hele volk moet sê: Amen.

Jak. 2:10
Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword.

Ps. 143:2
En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie.

Luk. 16:15
En Hy het vir hulle gesê: Dit is julle wat julself regverdig voor die mense, maar God ken julle harte; want wat by die mens hoog geag word, is 'n gruwel voor God.

Job 1

1 Cor 4:4
want ek is my van geen ding bewus nie. Daardeur is ek egter nie geregverdig nie; maar Hy wat my beoordeel, is die Here.

Ps. 18:28
Want U verlos die verdrukte volk; maar U verneder die oë wat hoog is.

Zep 3:11
Op dié dag hoef jy jou nie te skaam weens al jou dade waarmee jy teen My oortree het nie; want dan sal Ek uit jou midde wegruim die wat in jou oormoedig jubel, en jy sal jou nooit hoogmoedig gedra op my heilige berg nie.

Heb. 10:20
op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees

Artikel 24 - Ons heiligmaking en goeie werke

Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees, dat die geloof hom wedergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing van die sonde bevry. Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regverdigmakende geloof die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie; inteendeel, hy sou daarsonder nooit iets uit liefde tot God doen nie, maar slegs uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis. Dit is daarom onmoontlik dat hierdie geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie maar van wat die Skrif noem 'n geloof wat tot dade oorgaan (Gal. 5:6: Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk.), wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat deur God in sy Woord beveel het.

Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is. Tog geld hierdie werke nie vir ons regverdiging nie, want ons is in die geloof geregverdig nog voordat ons goeie werke doen. Hulle sou anders mos nie goed kon wees nie, net so min as die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom self goed is.

Ons doen dus die goeie werke, maar nie om iets te verdien nie - wat sou ons tog kon verdien?

Veeleer is ons goeie werke wat ons doen, aan God verskuldig, terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk. Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Php 2:13: want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.). Laat ons daarom let op wat geskrywe staan: "*...wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen*" (Luk. 17:10: So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.). Tog wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawes bekroon. Verder, al doen ons ook goeie werke, maak ons dit glad nie die grond van ons saligheid nie, want ons kan geen werk doen wat nie deur ons sondige natuur besmet en ook strafwaardig is nie. En al kon ons ook één goeie werk lewer, is die herinnering aan net een sonde vir God genoeg om dit te verwerp. Op hierdie manier sou ons altyd in twyfel verkeer, heen en weer geslinger sonder enige sekerheid en ons arme gewete sou altyd gekwel word as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Verlosser steun nie.

Rom. 10:17
Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.

Joh. 5:26
Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê.

Eph 2:4

Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad he

Joh. 8:36
As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.

Tit. 2:12
en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe

Joh. 15

Heb. 11:6
En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

1 Tim. 1:5
Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof

Gal. 5:6
Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk.

Tit. 3:8
Dit is 'n betroubare woord, en ek wil hê dat jy hierdie dinge beslis bevestig, sodat die wat in God glo, sorg kan dra om goeie werke voor te staan; dít is wat goed en nuttig is vir die mense.

Rom. 9:32
Waarom? Omdat dit nie uit die geloof was nie, maar net asof dit uit die werke van die wet was; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot.

Tit. 3:5
nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees

Matt. 7:17
So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte.

Rom. 14:23
Maar hy wat twyfel as hy eet, is veroordeel, omdat dit nie uit die geloof is nie; en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde.

Heb. 11:4
Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was, omdat God oor sy gawes getuienis gegee het; en deur dieselfde geloof spreek hy nog nadat hy dood is.

Gen. 4:4
En Abel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring, naamlik van hulle vet. En die HERE het Abel en sy offer genadig aangesien

1 Cor 4:7

Want wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? En as jy dit dan ontvang het, waarom roem jy asof jy dit nie ontvang het nie?

Php 3:13
Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie.

Isaiah 26:12
HERE, U sal vir ons vrede beskik, want U het ook al ons werk vir ons volbring.

Gal. 3:5
Hy wat julle dan die Gees verleen en kragte onder julle werk, doen Hy dit uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?

1 Thess 2:13
Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo.

Luk. 17:10
So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.

Rom. 2:6
wat elkeen sal vergeld na sy werke

Rev 2:13
Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon.

2 Joh.:8
Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang.

Rom. 11:5 (Rom. 11:6-7); (Eph 2:5)
Rom. 11:5 Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade.
Rom. 11:6 En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie.
Rom. 11:7 Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard.
Eph 2:5 ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus--uit genade is julle gered--

Isaiah 64:6
En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind.

1 Cor 3:11
Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.

Isaiah 28:26
En sy God het hom onderrig hoe om dit te doen, Hy leer hom.

Rom. 10:11
Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.

Hab. 2:4
Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.

Artikel 25 - Die seremoniële wet in Christus vervul

Ons glo dat die seremonies en heenwysings na die wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het. Die gebruik daarvan moet derhalwe onder die Christene afgeskaf word. Die waarheid en inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus bestaan: in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling. Ons gaan ook nog voort om die getuienisse van die wet en die profete te gebruik om ons in die evangelie te bevestig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig.

Rom. 10:4
Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.

Gal. 3, 4

Col 2:17
wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.

2 Pet 1:19
En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte

2 Pet 3:2
sodat julle die woorde kan onthou wat deur die heilige profete tevore gespreek is, en die gebod van ons, apostels van die Here en Verlosser.

2 Pet 3:18
Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amen.

Artikel 26 - Christus ons Voorspraak

Ons glo dat ons geen ander toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige. Hy het juis hiervoor mens geword en in Hom die Goddelike en menslike natuur verenig, sodat ons, mense, tot die Goddelike majesteit toegang kan hê, anders sou die toegang vir ons gesluit wees. Maar hierdie Middelaar wat die Vader tussen Homself en ons aangestel het, moet ons nie deur sy verhewenheid laat terugdeins sodat ons 'n ander middelaar na ons eie insigte sou soek nie. Want daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsels wat vir ons groter liefde het as Jesus Christus nie, Hy ' wat, alhoewel Hy in die gestalte van God was, Homself ontledig het deur vir ons die

gestalte van 'n mens en van 'n slaaf aan te neem en aan sy broers in alle opsigte gelyk geword het (Php 2:6-7: Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, (7) maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geworden Heb. 2:17: Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.). As ons dus moes soek na 'n ander middelaar wat ons goedgesind sou wees, wie sou ons dan kon vind wat groter liefde vir ons sou hê as Hy wat sy lewe vir ons afgelê het, selfs toe ons nog sy vyande was (Rom. 5:8: maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was., Rom. 5:10: Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is.)? En as ons een soek wat mag en aansien het, wie besit meer as Hy wat aan die regterhand van sy Vader sit en alle mag in die hemel en op die aarde het (Matt. 28:18: En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.)? En wie sal eerder verhoor word as die eie, geliefde Seun van God? Dit is slegs deur gebrek aan vertroue dat hierdie gewoonte posgevat het om die heiliges te onteer in plaas van hulle te vereer. So doen hulle iets wat die heiliges nooit gedoen of gesoek het nie maar wat hulle onophoudelik en pligsgetrou verwerp het, soos dit ook uit hulle skrifte blyk.

Hier moet ook nie ingebring word dat ons dit onwaardig is nie. Daar is mos geen sprake van dat ons ons gebede op grond van ons waardigheid voor God bring nie. Ons doen dit alleen op grond van die uitnemendheid en waardigheid van Jesus Christus, want sy geregtigheid is ons geregtigheid deur die geloof. Daarom sê die apostel - wanneer hy hierdie dwase vrees of liewer gebrek aan vertroue van ons wil wegneem - dat Jesus in elke opsig aan sy broers gelyk geword het, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word (Heb. 2:17-18: Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen. (18) Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word). En om ons nog meer moed te gee, sê die apostel vervolgens: "*Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word*" (Heb. 4:14-16: Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. (15) Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ns swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. (16) Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.). Dieselfde apostel sê: "*Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus... laat ons dan toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid..*". (Heb. 10:19: Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus, Heb. 10:22: laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water.). En voorts: "*maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome*

red dié wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree" (Heb. 7:24-25: maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. (25) Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.). Wat kom daar nog kort, aangesien Christus self sê: "*Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom tot die Vader behalwe deur my nie"* (Joh. 14:6: Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.)?

Waarom sal ons 'n ander voorspraak soek, aangesien dit God behaag het om ons sy Seun as Voorspraak te gee? Laat ons Hom geensins verlaat om 'n ander te neem of liewer om 'n ander een te soek sonder om hom ooit te vind nie. Want toe God Hom aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars is. Volgens die bevel van Christus roep ons daarom die hemelse Vader aan deur Christus, ons enigste Middelaar, soos dit in die gebed van die Here geleer word; en ons is verseker dat alles wat ons die Vader in sy Naam sal bid, aan ons gegee sal word (Joh. 16:23: En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee.).

1 Tim. 2:5
Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus

1 Joh. 2:1
My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.

Rom. 8:26
En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

Deut. 4:24
Want die HERE jou God is 'n verterende vuur, 'n jaloerse God.

Gen. 3:10
En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg.

Ex 20:19
En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons.

Jer. 2:33
Hoe goed kry jy jou pad om liefde te soek! Daarom het jy ook jou weë aan die slegte dinge gewend gemaak.

Isaiah 43:22
Nogtans het jy My nie aangeroep, o Jakob, dat jy jou vir My sou vermoei het nie, o Israel!

Hos. 13:9
Dit is jou verderf, o Israel, dat jy teen My, jou helper, is.

Luk. 18:19

En Jesus antwoord hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie behalwe een, naamlik God.

Eph 3:20
En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk

1 Joh. 4:10
Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.

Eph 3:19
en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.

Php 2:7
maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword

Joh. 15:13
Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.

Matt. 28

Heb. 1:3, Heb. 1:7
Heb. 1:3 Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,
Heb. 1:7 En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme;

Isaiah 55:1-3
o Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! (2) Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. (3) Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe; Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit: die bestendige genadebewyse van Dawid.

Matt. 11:28
Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.

Jak. 5:17
Elía was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie

Ps. 15:1
'n Psalm van Dawid. HERE, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg?

Acts 14:15
en gesê: Manne, waarom doen julle hierdie dinge? Ons is net sulke mense soos julle, en ons verkondig die evangelie dat julle jul van hierdie nietige dinge moet bekeer tot die lewende God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het.

Acts 10:26

Maar Petrus het hom opgerig en gesê: Staan op, ek is self ook maar 'n mens.

Heb. 9:24
Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn

Joh. 11:9
Jesus antwoord: Is daar nie twaalf ure in die dag nie? As iemand in die dag wandel, stamp hy hom nie, omdat hy die lig van hierdie wêreld sien.

Acts 4:12
En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.

1 Cor 1:30
Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.

Ps. 34:7
Sajin. Hierdie ellendige het geroep, en die HERE het gehoor, en Hy het hom uit al sy benoudhede verlos.

Jer. 2:5
So sê die HERE: Watter onreg het julle vaders in My gevind, dat hulle ver van My afgewyk en agter nietige afgode aan geloop het en self nietig geword het?

Heb. 4:14, Heb. 4:16
Heb. 4:14 Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.
Heb. 4:16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

Jer. 17:5, Jer. 17:7
Jer. 17:5 So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk.
Jer. 17:7 Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is.

Heb. 2:17-18
Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen. (18) Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word.

Heb. 4:14-16
Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. (15) Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. (16) Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

Eph 2:18
want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.

Heb. 10:19

Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus

Heb. 7:25
Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.

Joh. 14:6
Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Ps. 44:(21) 6 (Sien Nota)
Nota: Die verwysing *Psalm 44:(21) 6* is vir my onduidelik – WJS
'n Vriend sê vir my die volgende: Die verwysing na Ps 44:(21) 6 hoort by die woorde aan die begin van die laaste paragraaf: "Laat ons Hom geensins verlaat om 'n ander een te neem". In die oorspronklike teks van Guido de Bres word blykbaar foutiewelik verwys na Ps 44:6. Dit moet wees Ps 44:21.

> Ps. 44:21
> As ons die Naam van onse God vergeet het en ons hande uitgebrei het na 'n vreemde god-
>
> Ps. 44:6
> Deur U sal ons ons teëstanders omstoot; in u Naam sal ons hulle vertrap wat teen ons opstaan.

1 Tim. 2:5
Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus

1 Joh. 2:1
My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.

Rom. 8:34
Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.

Luk. 11:2
En Hy sê vir hulle: Wanneer julle bid, sê: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde

Joh. 14:13
En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.

Jer. 16:20
Sal 'n mens vir hom gode maak wat tog geen gode is nie?

Heb. 13:15
Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.

Rom. 5:8

maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

Artikel 27 - Die Algemene Christelike Kerk

Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie. En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het - soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat die voor Baäl gekniel het nie. Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.

Ps. 46:6
God is daar binne-in, dit sal nie wankel nie; God sal dit help as die dag aanbreek.

Jer. 31:36
As hierdie verordeninge voor my aangesig sal wyk, spreek die HERE, dan sal die nageslag van Israel ook ophou om 'n volk te wees voor my aangesig vir altyd

Ps. 102:14
U sal opstaan, U oor Sion ontferm; want dit is tyd om hom genadig te wees, want die bestemde tyd het gekom.

Matt. 28:20
En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen

2 Sm 7:16
En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid.

Luk. 1:32
Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee

Ps. 89:37
Sy nageslag sal vir ewig wees en sy troon soos die son voor My.

Ps. 110:4
Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.

Gen. 22

Rom. 11

1 Kings 19:18

Maar Ek sal sewe duisend in Israel laat oorbly, al die knieë wat nie voor Baäl gekniel en elke mond wat hom nie gesoen het nie.

2 Tim. 2:19
Ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is; en: Laat elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtigheid.

Luk. 17:21
En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle.

Matt. 11:25
In daardie tyd het Jesus gespreek en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het.

Acts 4:32
En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad.

Eph 4:4
Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping

1 Pet 3:20
wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is

Gen. 22:18
En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het.

Matt. 16:18
En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

Isaiah 1:9
As die HERE van die leërskare vir ons nie 'n klein oorblyfsel oorgelaat het nie--soos Sodom sou ons geword het, ons sou net soos Gomorra gewees het.

Rom. 9:29
En soos Jesaja tevore gesê het: As die Here van die leërskare vir ons nie 'n nageslag oorgelaat het nie, soos Sodom sou ons geword het en aan Gomorra gelyk gewees het.

Joel 2:32
En elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die HERE gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat die HERE sal roep.

Acts 2:21
En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Artikel 28 - Elkeen is verplig om by ware kerk aan te sluit

Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien. En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hufle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie, en hulle by dié vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood- of lyfstraf oplê. Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.

Ps. 5:7
U sal die leuensprekers laat omkom; van die man van bloed en bedrog het die HERE 'n afsku.

Ps. 22:24
Julle wat die HERE vrees, prys Hom! Al die nakomelinge van Jakob, vereer Hom! Ja, vrees Hom, al die nakomelinge van Israel!

Eph 4:12
om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus

Heb. 2:12
wanneer Hy sê: Ek sal u Naam aan my broeders verkondig, in die midde van die gemeente sal Ek U prys

Matt. 24:28
Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom.

Isaiah 49:22
So sê die Here HERE: Kyk, Ek sal my hand ophef na die nasies en my banier opsteek na die volke; dan sal hulle jou seuns aan die boesem bring, en jou dogters sal op die skouer gedra word

Isaiah 52:11-12
Vertrek, vertrek, gaan weg daarvandaan, raak nie aan wat onrein is nie; gaan uit hulle midde uit, reinig julle, draers van die heilige voorwerpe van die HERE! (12) Want julle sal nie baie haastig weggaan en nie soos vlugtelinge vertrek nie; want die HERE trek voor julle uit, en die God van Israel is julle agterhoede.

Acts 4:17, Acts 4:19
Act 4:17 Maar dat dit nie nog meer onder die volk versprei word nie, laat ons hulle dreig om nie meer in hierdie Naam met enige mens te spreek nie.
Act 4:19 Toe antwoord Petrus en Johannes en sê vir hulle: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis;

Heb. 10:25
en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.

Rev 17:2

met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery.

Acts 17:7
en Jason het hulle ontvang. En hulle almal handel teen die bevele van die keiser en sê dat daar 'n ander koning is, naamlik Jesus.

Acts 18:13
en gesê: Hierdie man haal die mense oor om God op onwettige wyse te vereer.

Artikel 29 - Die kenmerke van die ware en die valse kerk

Ons glo dat ons sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is, aangesien al die sektes wat daar vandag in die wêreld is, hulle en ten onregte die naam kerk toe-eien. Ons praat hier nie van die huigelaars wat in die kerk met die goeies vermeng is en tog nie aan die kerk behoort nie alhoewel hulle uiterlik daarin is; maar ons sê dat 'n mens die liggaam en die gemeenskap van die ware kerk moet onderskei van al die sektes wat beweer dat hulle die kerk is. Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf - kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken. Hieraan kan ons met sekerheid die ware kerk uitken en niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie.

Vervolgens, aangaande die lidmate van die kerk: Ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser Jesus Christus aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig. Hiermee sê ons nie dat daar nie nog groot swakheid in hulle is nie; inteendeel, deur die Gees stry hulle juis al die dae van hulle lewe daarteen, terwyl hulle altyd weer hulle toevlug neem tot die bloed, die dood, die lyding en gehoorsaamheid van die Here Jesus Christus, in wie hulle deur die geloof in Hom vergewing van hulle sondes het.

Wat die valse kerk betref: Dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf.

Hierdie twee kerke kan maklik uitgeken en van mekaar onderskei word.

Matt. 13

2 Tim. 2:18-20
wat van die waarheid afgedwaal het, omdat hulle sê dat die opstanding al plaasgevind het; en hulle keer die geloof van sommige om. (19) Ewenwel, die fondament van God

staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is; en: Laat elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtigheid. (20) Maar in 'n groot huis is daar nie alleen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en erdewerk; en sommige tot eer, maar ander tot oneer.

Rom. 9:6
Maar ek sê dit nie asof die woord van God verval het nie; want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie.

Eph 2:20
gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is

Joh. 10:4, Joh. 10:14
Joh 10:4 En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken.
Joh 10:14 Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken.

Matt. 28:20
En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen

Gal. 1:8
Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!

1 Cor 11:20
As julle dus saamkom, dan wil dit nie sê dat julle die nagmaal van die Here eet nie.

Col 1:23
as julle ten minste gegrond en vas bly in die geloof en julle nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie, wat julle gehoor het en wat verkondig is in die ganse mensdom onder die hemel, waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het.

Acts 17:11
En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.

Joh. 18:37
Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem.

Eph 1

Joh. 8:47
Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie.

Joh. 17:20
Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo-
-

1 Joh. 4:2 (en 1 Joh. 3:9)
1 Joh. 4:2 Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God;

1 Joh. 3:9 Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.

Rom. 6:2
Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?

Gal. 5:17, Gal. 5:24
Gal. 5:17 want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.
Gal. 5:24 Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.

Rom. 7:5
Want toe ons in die vlees was, het die sondige hartstogte wat deur die wet kom, in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra.

Col 1:12
en die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig--

Col 2:18-19
Laat niemand julle van jul prys beroof nie, al sou hy behae hê in nederigheid en verering van die engele en indring in wat hy nie gesien het nie, en sonder oorsaak opgeblase wees deur sy vleeslike gesindheid, (19) en nie vashou aan die Hoof nie, uit wie die hele liggaam deur die gewrigte en verbindinge ondersteuning ontvang en saamgebind word en so met goddelike groei groot word.

Ps. 2:3
Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!

Rev 2:9
Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan.

Rev 17:3
En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.

Joh. 16:2
Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys.

Artikel 30 - Die regering van die Kerk

Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons in die Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Daar is naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm. Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom hou en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word. Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone

gekies word ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus gee (1 Tim. 3).

1 Cor 4:1-2
So moet ons dan beskou word as dienaars van Christus en bedienaars van die verborgenhede van God. (2) En verder word van die bedienaars vereis dat hulle getrou bevind moet word.

2 Cor 5:19
naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.

Joh. 20:23
As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou.

Acts 26:18
om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang.

1 Cor 15:10
Maar deur die genade van God is ek wat ek is, en sy genade aan my was nie tevergeefs nie; maar ek het oorvloediger gearbei as hulle almal; nogtans nie ek nie, maar die genade van God wat met my is.

Matt. 5:14
Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie

Luk. 10:16
Wie na julle luister, luister na My; en wie julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het.

Gal. 2:8
want Hy wat Petrus bekragtig het met die oog op die apostelskap vir die besnedenes, het my ook bekragtig met die oog op die heidene--

Tit. 1:5
Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het--

1 Tim. 3

Artikel 31 - Die Ampsdraers van die Kerk

Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en die diakens tot hulle ampte verkies moet word deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk, onder aanroeping van die Naam van God en in goeie orde, soos die Woord van God leer. Daarom moet elkeen terdeë daarteen waak om hom met onbehoorlike middele in te dring. Hy moet wag totdat hy deur God geroep word, sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom.

Verder, wat die bedienaars van die Woord betref: hulle het, op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is - die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk. Verder sê ons, met die oog daarop dat die heilige bevel van God nie verkrag of geminag sal word nie, dat elkeen vir die bedienaars van die Woord en die ouderlinge van die kerk besondere agting moet hê ter wille van die werk wat hulle doen en sover moontlik sonder murmurering, twis of tweedrag in vrede met hulle moet saamleEph

Acts 6:3-4
Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; (4) maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord.

1 Tim. 4:13
Totdat ek kom, moet jy aanhou met voorlesing, vermaning en lering.

Acts 1:23
En hulle het twee voorgestel: Josef wat genoem is Bársabas, met die bynaam van Justus, en Matthías.

Acts 13:2
En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het.

1 Tim. 5:22
Moenie haastig iemand die hande oplê nie, en moet ook nie met die sondes van ander gemeenskap hê nie. Hou jou rein.

1 Cor 12:28
En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale.

Rom. 12:8
of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.

1 Tim. 4:14
Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderlinge.

Matt. 18:26
Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal.

1 Cor 3:8
Maar hy wat plant en hy wat natmaak, is een, maar elkeen sal sy eie loon volgens sy eie arbeid ontvang.

Rom. 12:7-8
is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering; (8) of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.

2 Cor 5:19
naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.

Acts 26:18
om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang.

Isaiah 61:1
Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis

Eph 1:22
En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee

Col 1:28
Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel

1 Thess 5:12-13
Maar ons vra julle, broeders, erken die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan; (13) en bewys hulle in liefde die hoogste agting ter wille van hulle werk. Hou vrede onder mekaar.

Heb. 13:7,17
Heb 13:7 Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.
Heb 13:17 Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.

Artikel 32 - Die orde en tug van die Kerk

Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie.

En daarom verwerp ons alle menslike versindsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing. Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou. Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God.

1 Cor 7:57 (Die vers bestaan nie, ek vermoed dit moet 1 Cor 5:7 wees - WJS)

Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees--soos julle inderdaad ongesuurd is--want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.

Col 2:6-7
Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, (7) gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging.

Matt. 15:9
Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.

Isaiah 29:13
En die Here het gesê: Omdat hierdie volk nader kom met hulle mond en My eer met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde mensegebod is

Gal. 5:1
Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie.

Rom. 16:17-18
En ek vermaan julle, broeders, hou hulle in die oog wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer wat julle geleer het, en vermy hulle. (18) Want sulke mense dien nie onse Here Jesus nie, maar hulle eie buik; en hulle verlei deur hul vriendelike en mooi woorde die harte van die eenvoudiges.

Matt. 18:17
En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar.

1 Cor 5:5
om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus.

1 Tim. 1:20
onder wie daar is Himenéüs en Alexander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie.

Artikel 33 - Die Sakramente

Ons glo dat ons goeie God, omdat hy met ons stompsinnigheid en swakheid rekening hou, die sakramente vir ons ingestel het om sy beloftes aan ons te beseël, om tekens van sy goedheid en genade teenoor ons te wees en om ons geloof te voed en in stand te hou. Hy het dit by die Woord van die evangelie gevoeg om vir ons uitwendige sintuie des te beter voor te stel wat Hy aan ons deur sy Woord te kenne gee en wat Hy inwendig in ons hart doen. So bekragtig Hy in ons die heil wat Hy aan ons meedeel. Dit is immers sigbare tekens en seëls van 'n inwendige en onsigbare saak en deur middel daarvan werk God in ons deur die krag van die Heilige Gees. Die tekens is dus nie sonder sin en sonder inhoud om ons te bedrieg of te mislei nie; hulle waarheid is juis geleë in Jesus Christus, sonder wie hulle geheel en al betekenisloos sou wees. Verder is ons tevrede met die aantal

sakramente wat Christus, ons Meester, vir ons ingestel het en wat slegs twee is, naamlik die sakrament van die doop en van die heilige nagmaal van Jesus Christus.

Rom. 4:11
En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word

Gen. 9:13
my boog gee Ek in die wolke; dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en die aarde.

Gen. 17:10-11
Dit is my verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou: Al wat manlik onder julle is, moet besny word-- (11) julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle.

Ex 12

Col 2:11
in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus

1 Cor 5:7
Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees--soos julle inderdaad ongesuurd is--want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.

Matt. 28:19
Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Matt. 26:26
En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam.

Rom. 10:9
As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word

Col 1:11
en met alle krag bekragtig word volgens die mag van sy heerlikheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap

1 Pet 3:20
wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is

1 Cor 10:2
en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see

Artikel 34 - Die Heilige Doop

Ons glo en bely dat Jesus Christus, wat die einde van die wet is (Rom. 10:4: Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.), deur sy bloed te stort 'n einde gemaak het aan elke ander bloedvergieting wat 'n mens tot versoening of tot voldoening van sondes sou kan of wil aanwend. Hy het die besnydenis, wat met bloed gepaard gegaan het, afgeskaf en in die plek daarvan die sakrament van die doop ingestel. Deur die doop word ons in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra. Dit dien vir ons tot 'n getuienis dat Hy ewig ons God en genadige Vader sal wees. Daarom het Hy ons beveel om almal wat sy eiendom is, net met gewone water in die Naam van die Vader en die Seun en die heilige Gees te doop (Matt. 28:19: Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.).

Hy toon ons daarmee dat, soos die water die vuilheid van die liggaam afwas as dit oor ons gegiet word en soos die water op die liggaam van die dopeling gesien word wanneer dit daarop gesprinkel word, so bewerkstellig die bloed van Christus deur die Heilige Gees dieselfde inwendig in die siel: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons, wat kinders van die toorn is, as kinders van God weergebore word. Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie maar wel met die besprinkeling met die kosbare bloed van die Seun van God, ons Rooisee waardeur ons moet trek om aan die slawerny van Farao, dit wil sê die duiwel, te ontkom en in die geestelike land Kanaän in te gaan. Die bedienaars gee ons van hulle kant dus met die sakrament wat sigbaar is, maar die Here gee wat met die sakramente aangedui word, naamlik die onsigbare genadegawes: Hy was ons siel, suiwer en reinig dit van alle vuilheid en ongeregtigheid; Hy maak ons hart nuut en vul dit met alle vertroosting; Hy gee ons egter sekerheid van sy Vaderlike goedheid; Hy beklee ons met die nuwe mens en ontklee ons van die ou mens en al sy werke.

Ons glo daarom dat iemand wat tot die ewige lewe wil kom, slegs een maal gedoop moet word sonder om dit ooit te herhaal, want ons kan tog ook nie twee maal gebore word nie. Hierdie doop is nie alleen nuttig solank die water op ons is en en ons dit ontvang nie, maar ook vir ons hele lewe. Daarom verwerp ons die dwaling van die Wederdopers, wat nie tevrede is met die een doop wat hulle een maal ontvang het nie en wat bowendien ook nog die doop van die gelowiges se kindertjies veroordeel. Ons glo daarenteen dat ons hulle behoort te doop en met die teken van die verbond te beseël, net soos die kindertjies in Israel kragtens dieselfde beloftes besny is as wat aan ons kinders gemaak is. En, waarlik, Christus het sy bloed nie minder vir die reiniging van die gelowiges se kindertjies as vir die volwassenes vergiet nie. Daarom behoort hulle die teken en die sakrament te ontvang van wat Christus vir hulle gedoen het, soos die Here in die wet beveel het om hulle kort na die geboorte deel te laat hê aan die sakrament van die lyding en sterwe van Christus deur vir hulle 'n lam te offer, wat 'n sakramentele heenwysing na Jesus was. Buitendien doen die doop aan ons kindertjies dieselfde as wat die besnydenis aan die Joodse volk gedoen het; dit is die rede waarom die heilige Paulus die doop die besnydenis deur Christus noem (Col 2:11: in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus).

Matt. 28:19
Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

1 Cor 6:11
En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God.

Tit. 3:5
nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees

Heb. 9:14
hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.

1 Joh. 1:7; (Rev 1:5)
1 Joh. 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.
Open. 1:5 en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed

1 Pet 1:2
uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!

1 Pet 2:24
wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.

1 Joh. 5:16
As iemand sy broeder 'n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee--vir die wat nie 'n sonde tot die dood doen nie. Daar is 'n sonde tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie.

Joh. 19:34
Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekom.

Matt. 3:11
Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.

1 Cor 3:7
So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie, maar God wat laat groei.

Rom. 6:3
Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?

Eph 5:26
om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord

Acts 22:16
En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.

1 Pet 3:21
waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete--deur die opstanding van Jesus Christus

Gal. 3:27
want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee.

1 Cor 12:13
Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.

Eph 4:5
een Here, een geloof een doop

Heb. 6:1-2
Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, (2) van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.

Acts 8:16
want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus.

Acts 2:38, Acts 2:41
Acts 2:38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.
Acts 2:41 Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring.

Matt. 19:14
Maar Jesus sê: Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele.

1 Cor 7:14
Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig.

Gen. 17:11
julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle.

Col 2:11
in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus

Lev. 12:6
En as die dae van haar reiniging in die geval van 'n seun of 'n dogter verby is, moet sy 'n jaaroud lam as brandoffer en 'n jong duif of tortelduif as sondoffer bring na die ingang van die tent van samekoms, na die priester toe

Artikel 35 - Die Heilige Nagmaal

Ons glo en bely dat ons Verlosser, Jesus Christus, die sakrament van die heilige nagmaal beveel en ingestel het om hulle te voed en te onderhou wat Hy reeds wederbaar en in sy huisgesin, die kerk, ingelyf het. Nou het dié wat wedergebore is, tweërlei lewe in hulle: die een liggaamlik en tydelik, wat hulle van hulle eerste geboorte saamgebring het en wat alle mense besit; die ander geestelik en hemels, wat aan hulle gegee word in die tweede geboorte, wat deur die woord van die evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus plaasvind. Almal deel nie in hierdie lewe nie, maar slegs die uitverkorenes van God. So het God tot instandhouding van die liggaamlike en aardse lewe vir ons aardse en gewone brood voorsien; dit dien die lewe en behoort, soos die lewe self, aan almal. Maar om die geestelike en hemelse lewe wat die gelowiges besit, in stand te hou het Hy vir hulle 'n lewende brood gestuur wat uit die hemel neergedaal het, naamlik Jesus Christus; Hy voed en onderhou die geestelike lewe van die gelowiges wanneer Hy geëet, dit wil sê deur die geloof toegeëien en ontvang word. Om hierdie geestelike brood vir ons af te beeld het Christus aardse en sigbare brood as 'n teken van sy liggaam en wyn as teken van sy bloed in te stel.

Hy gee ns daarmee dit te kenne: so waarlik as wat ons die sakrament ontvang en in ons hande hou en dit met ons mond eet en drink en dit daarna in die lewe hou, net so waarlik ontvang ons vir ons geestelike lewe in ons siele deur die geloof - die ware liggaam en die ware bloed van Christus, ons enigste Verlosser.

Dit staan dus bo alle twyfel vas dat Jesus Christus nie tevergeefs sy sakramente vir ons voorgeskryf het nie; Hy doen immers in ons alles wat Hy vir ons in hierdie heilige tekens voor oë stel, al gaan dit ons verstand te bowe en is dit vir ons onbegryplik hoe dit gebeur, net soos die werk van die Heilige Gees ondeurgrondelik en onbegryplik is. Tog dwaal ons nie as ons sê dat wat deur ons geëet en gedrink word, die eie en natuurlike liggaam en die eie bloed van Christus is nie; maar die manier waarop ons dit nuttig, is nie met die mond nie maar met die Gees deur die geloof. Daarom, al bly Christus altyd aan die regterhand van sy Vader in die hemel sit, hou Hy tog nie op om ons deur die geloof aan Homself deel te laat hê nie.

Hierdie feesmaal is 'n geestelike maaltyd waar Christus Homself met al sy weldade aan ons meedeel en waar Hy ons Homself en die verdienste van sy lyding en sterwe laat geniet. Hy voed, versterk en vertroos ons arme troostelose siel as ons sy liggaam eet en Hy verkwik en herstel dit as ons sy bloed drink.

Verder, hoewel die sakramente én die sake waarvan hulle tekens is, bymekaar hoort, word nie beide deur alle mense ontvang nie. Die goddelose ontvang wel die sakrament tot sy verdoemenis, maar hy ontvang nie die waarheid van die sakrament nie. So het Judas en Simon die towenaar albei wel die sakrament ontvang maar nie

Christus, wat daardeur voorgestel word nie; Hy ' word slegs aan die gelowiges gegee.

Ten slotte, ons ontvang hierdie sakrament in nederigheid en met eerbied in die samekoms van die volk van God, waar ons met danksegging 'n heilige gedagtenis aan die dood van Christus ons Verlosser onderhou en belydenis van ons geloof en van die Christelike godsdiens doen. Daarom behoort niemand daarheen te gaan as hy homself nie eers deeglik ondersoek het nie, sodat hy nie tot sy eie oordeel drink as hy van hierdie brood eet en van hierdie beker drink nie (1 Cor 11:29: Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.). Kortom, deur die gebruik van hierdie heilige sakrament word ons tot 'n vurige liefde vir God en ons naaste beweeg. Daarom verwerp ons alle brousels en verwerplike versindsels wat mense by die sakrament bygevoeg en daarmee vermeng het, as onheiligings daarvan. Ons verklaar dat ons tevrede moet wees met die verordening wat Christus en sy apostels ons geleer het en ons sê dieselfde as wat hulle daarvan gesê het.

Matt. 26:26
En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam.

Mark. 14:17
En toe dit aand geword het, kom Hy met die twaalf.

Luk. 22:19
Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis.

1 Cor 11:24, 1 Cor 11:28
1 Cor 11:24 en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.
1 Cor 11:28 Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink.

Joh. 3:6
Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.

Joh. 10:10
Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

Joh. 5:25
Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe.

Joh. 6:48, Joh. 6:51, Joh. 6:63
Joh. 6:48 Ek is die brood van die lewe.
Joh. 6:51 Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.
Joh. 6:63 Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.

1 Cor 10:16, 1 Cor 10:27

1 Cor 10:16 die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?

1 Cor 10:27 En as een van die ongelowiges julle nooi en julle is gewillig om te gaan, eet dan alles wat julle voorgesit word sonder om navraag te doen, ter wille van die gewete.

Eph 3:17

sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is

Joh. 6:35

En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.

Acts 3:21

Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete.

Mark. 16:14

Later het Hy aan die elf self verskyn toe hulle aan tafel was, en Hy het hulle hul ongeloof en hardheid van hart verwyt, omdat hulle die wat Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo het nie.

Matt. 26:11

Want die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie.

1 Cor 10:3-4

en almal dieselfde geestelike spys geëet het, (4) en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.

1 Cor 11:29

Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.

Rom. 8:22

Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe.

2 Cor 6:15

En watter ooreenstemming het Christus met Bélial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?

1 Cor 2:14

Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.

Acts 2:42

En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.

Acts 20:7

En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag sou vertrek en hy het sy rede gerek tot middernag toe.

Artikel 36 - Die Burgerlike Owerheid

Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het. Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop. Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf (Rom. 13:4: want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf.) en die deugsames te beskerm. En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm, om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord en die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel.

Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook al mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys, hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie en vir hulle voorbidding te doen dat die Here hulle in al hulle handelinge mag bestuur, sodat ons in alle godsvrug en eerbaarheid 'n rustige en stil lewe kan lei (1 Tim. 2:2: vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.). Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgesag en die regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder mense ingestel het, versteur.

Ex 18:20
en onderrig hulle in die insettinge en die wette, en maak hulle die weg bekend waarop hulle moet gaan, en die werk wat hulle moet doen.

Rom. 13:1
Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel

Proverbs 8:15
Deur my regeer die konings en stel die maghebbers vas wat reg is

Jer. 22:3
So spreek die HERE: Doen reg en geregtigheid, en red die beroofde uit die hand van die verdrukker; en doen geen skade, geen geweld aan vreemdeling, wees en weduwee nie, en vergiet geen onskuldige bloed in hierdie plek nie.

Ps. 82

Deut. 1:16
En ek het in dié tyd aan julle regters bevel gegee en gesê: Neem julle broers in verhoor en oordeel regverdig tussen 'n man en sy broer en die vreemdeling wat by hom is.

Deut. 16:19
Jy mag die reg nie verdraai nie; jy mag nie partydig wees nie; ook mag jy geen omkoopgeskenk aanneem nie, want die geskenk verblind die oë van die wyse en verdraai die sake van die wat reg het.

Deut. 17:16
Hy mag net nie vir hom baie perde aanskaf nie, en hy mag die volk nie na Egipte teruglei om baie perde aan te skaf nie, aangesien die HERE vir julle gesê het: Julle mag nooit meer teruggaan op hierdie pad nie.

2 Cor 10:6
en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is.

Ps. 101

Jer. 21:12
o huis van Dawid! So spreek die HERE: Verskaf reg in die môre en red die beroofde uit die hand van die verdrukker, sodat my grimmigheid nie uitgaan en brand soos 'n vuur sonder dat iemand kan blus nie, weens die boosheid van julle handelinge.

Jdg 21:25
In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë.

Jer. 22:3
So spreek die HERE: Doen reg en geregtigheid, en red die beroofde uit die hand van die verdrukker; en doen geen skade, geen geweld aan vreemdeling, wees en weduwee nie, en vergiet geen onskuldige bloed in hierdie plek nie.

Dan. 2:21-22; (Dan. 5:8)
Dan 2:21 Hy tog verander die tye en die geleenthede; Hy sit konings af en stel konings aan; Hy verleen wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig het;
Dan 2:22 Hy openbaar ondeurgrondelike en verborge dinge; Hy weet wat in die duister is, en die lig woon by Hom.
Dan 5:8 Toe het al die wyse manne van die koning ingekom, maar hulle was nie in staat om die skrif te lees en sy uitlegging aan die koning bekend te maak nie.

Isaiah 49:23
en konings sal jou oppassers wees, hulle vorstinne jou pleegmoeders; hulle sal voor jou neerbuig met die aangesig na die aarde toe en die stof van jou voete lek; en jy sal weet dat Ek die HERE is, dat hulle nie beskaamd staan wat My verwag nie.

2 Kron. 23

1 Kron. 15:12
en aan hulle gesê: Julle is hoofde van families van die Leviete; heilig julle, julle en jul broers, en bring die ark van die HERE, die God van Israel, op na die plek wat ek daarvoor reggemaak het.

Luk. 22:1
En die fees van die ongesuurde brode, wat pasga genoem word, was naby.

1 Pet 2:17
Julle moet almal eer, die broederskap liefhê, God vrees, die koning eer.

Tit. 3

Matt. 17:27
Maar dat ons hulle geen aanstoot mag gee nie, gaan na die see toe, gooi 'n hoek uit en neem die eerste vis wat opkom; en as jy sy bek oopmaak, sal jy 'n stater kry; neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou

Acts 4:17-19
Maar dat dit nie nog meer onder die volk versprei word nie, laat ons hulle dreig om nie meer in hierdie Naam met enige mens te spreek nie. (18) En hulle het hul geroep en hulle bevel gegee om in die geheel nie in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie. (19) Toe antwoord Petrus en Johannes en sê vir hulle: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis

Acts 2

Acts 5

Hos. 5:11
Efraim is verdruk, verbreek deur die oordeel; want dit het hom behaag om na die gebod van mense te wandel.

Jer. 27:5
Ek het die aarde, die mens en die diere wat op die aarde is, gemaak deur my grote krag en deur my uitgestrekte arm, en Ek gee dit aan wie dit reg is in my oë.

2 Pet 2:10
en veral die wat die vlees in vuile begeerlikheid agternaloop en die heerskappy verag. Vermetel en aanmatigend, skroom hulle nie om die heerlike wesens te belaster nie

Judas:10
Maar hierdie mense belaster alles wat hulle nie ken nie; en alles wat hulle, soos die redelose diere, op natuurlike wyse verstaan, daardeur gaan hulle te gronde.

1 Tim. 2:2
vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.

Artikel 37 - Die laaste oordeel, die opstanding en die ewige lewe

Ons glo ten slotte, in ooreenstemming met die Woord van God, dat, wanneer die tyd gekom het wat die Here bepaal het-die tyd is vir alle skepsels onbekend-en die getal uitverkorenes volledig sal wees, ons Here Jesus Christus met groot heerlikheid en majesteit uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het, om Homself as Regter oor die lewendes en die dooies aan te kondig, terwyl Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer. Dan sal, gedaag deur die stem van die aartsengel en deur die geklank van die basuin van God, alle mense, mans, vrouens en kinders, wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe geleef het, persoonlik voor hierdie groot Regter verskyn. Want al die dooies sal uit die aarde opstaan, die siel van elkeen saamgevoeg en verenig met die liggaam

waarin hy geleef het. En hulle wat dan nog lewe, sal nie soos die ander sterwe nie maar in 'n oogwink verander en uit verganklikheid onverganklik word. Dan sal die boeke, dit is die gewetens, geopen en die dooies geoordeel word volgens wat hulle in hierdie wêreld gedoen het, of dit goed was of sleg. Ja, die mense sal rekenskap moet gee van elke ligsinnige woord wat hulle gesê het, al beskou die wêreld dit slegs as kinderspel en tydverdryf; en dan sal die geheime bedrog en huigelary van die mense in die openbaar voor almal oopgevlek word.

Daarom is die gedagte aan hierdie oordeel vir die oortreders en goddeloses met reg ontsettend en skrikwekkend maar vir die vromes en uitverkorenes begeerlik en troosryk. Want dat sal hulle volle verlossing voltooi word en hulle sal daar die vrugte ontvang van moeite en lyding wat hulle gedra het. Hulle onskuld sal deur almal erken word en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal voltrek oor die goddeloses wat hulle in hierdie wêreld wreed vervolg, verdruk en gekwel het. Maar die goddeloses sal deur die getuienis van hulle eie gewete tot erkenning van hulle skuld gebring word; hulle sal onsterflik word dog slegs om gepynig te word in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is (Matt. 25:41: Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.). Die gelowiges en uitverkorenes, daarenteen, sal met heerlikheid en eer gekroon word. Die Seun van God sal hulle naam voor God, sy Vader (Matt. 10:23: En wanneer hulle julle vervolg in die een stad, vlug na die ander toe. Want voorwaar Ek sê vir julle, julle sal met die stede van Israel sekerlik nie klaar kry voordat die Seun van die mens kom nie.) en sy uitverkore engele bely; alle trane sal van hulle oë afgevee word (Rev 21:4: En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.). Dan sal dit bekend word dat hulle saak, wat tans deur baie regters en owerhede as ketters en goddeloos veroordeel word, die saak van die Seun van God is. En as 'n beloning uit genade sal die Here self hulle so 'n heerlikheid gee as wat die hart van 'n mens nooit sou kon bedink nie.

Daarom verwag ons hierdie groot dag met sterk verlange om die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here, ten volle te geniet.

Matt. 13:23
En by wie op die goeie grond gesaai is--dit is hy wat die woord hoor en verstaan, wat dan ook vrug dra en oplewer: die een honderd,die ander sestig--, die ander dertigvoudig.

Matt. 25:13
Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.

1 Thess 5:1-2
Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; (2) want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag.

Matt. 24:36
Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.

Rev 6:11
En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.

Acts 1:11
wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.

2 Pet 3:10
Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.

Matt. 24:30
En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.

Rev 21:11
en dit het die heerlikheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.

Matt. 25:31
En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit

Judas:15
om gerig te hou oor almal en al die goddelose mense onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het.

1 Pet 4:5
Hulle sal rekenskap gee aan Hom wat gereed staan om die lewende en die dode te oordeel.

2 Tim. 4:1
Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk

1 Thess 4:16
Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

1 Cor 15:51
Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word

Matt. 11:22
Maar Ek sê vir julle, dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle.

Mark. 12:18

Toe kom daar Sadduseërs na Hom, die wat sê dat daar geen opstanding is nie, en hulle vra Hom en sê:

Matt. 23:23
Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat.

Joh. 5:29
en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.

Rom. 2:5
Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God

Heb. 6:2
van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.

Heb. 9:27
En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel

Matt. 12:36
Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.

2 Thess 1:5; (Heb. 10:27)
2 Thess 1:5 'n teken van die regverdige oordeel van God, dat julle die koninkryk van God waardig geag mag word, waarvoor julle ook ly;
Heb. 10:27 maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.

1 Joh. 4:17
Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld.

Rev 14:7
En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.

Luk. 14:14
en jy sal gelukkig wees, omdat hulle niks het om jou te vergeld nie; want dit sal jou vergeld word in die opstanding van die regverdiges.

2 Cor 5:10
Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.

Rev 21:8

Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.

Rev 22:12
En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

Dan. 7

Matt. 25:41
Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.

2 Pet 2:9
die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word

Isaiah 25:8
Hy sal die dood vir ewig vernietig, en die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee; en Hy sal die smaad van sy volk van die hele aarde af wegneem; want die HERE het dit gespreek.

Matt. 10:32
Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is.

Rev 21:4
En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.

Isaiah 66:5
Hoor die woord van die HERE, julle wat vir sy woord bewe! Julle broers, julle haters wat julle verstoot om my Naam ontwil, sê: Laat die HERE heerlik word, dat ons julle vreugde kan aanskou! Maar hulle sal beskaamd staan!

1 Cor 2:9
maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 1 Goddelike Uitverkiesing en Verwerping

1. Alle mense het in Adam gesondig en hulle skuldig gemaak aan die vloek en die ewige dood. Daarom sou God niemand verontreg het as dit sy wil was om die hele menslike geslag in die sonde en vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel nie. Daarom leer die apostel: die hele wêreld is voor God doemwaardig (Rom 3:19). Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God (Rom. 3:23) en: Die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23).

Rom 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,
Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.

2. Die liefde van God is egter hierin geopenbaar dat Hy sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (1 Joh. 4:9; Joh. 3:16).

1Jn 4:9 Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.
Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

3. Om mense tot geloof te bring, stuur God uit louter goedheid verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hulle diens word die mense geroep tot bekering en geloof in Christus, die gekruisigde, want: Hoe kan hulle in Hom glo van Wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? (Rom. 10:14-15).

Rom 10:14 Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?
Rom 10:15 En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!

4. Die toorn van God bly op hulle wat hierdie evangelie nie glo nie. Hulle wat die evangelie egter aanneem en die Verlosser, Jesus, met 'n ware en lewende geloof omhels, word deur Hom van die toorn van God en van die verderf verlos, en Hy skenk hulle die ewige lewe (Joh. 3:36; Mark. 16:16).

Joh 3:36 Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.
Mark. 16:16 Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

5. Die oorsaak of skuld van daardie ongeloof, net soos van alle ander sondes, lê beslis nie by God nie, maar by die mens. Die geloof in Jesus Christus en die saligheid deur Hom is egter 'n genadegawe van God. Soos geskrywe is: Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God (Eph 2:8), ook: Dit is aan julle genadiglik gegee om in Christus te glo (Php 1:29).

Eph 2:8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;
Php 1:29 omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly,

6. Dat God aan sommige mense in die tyd die gawe van die geloof skenk en aan ander dit nie skenk nie, volg uit sy ewige besluit. Immers: Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend (Acts 15:18), en Hy doen alles volgens die raad van sy wil (Eph 1:11). Volgens hierdie besluit maak God genadiglik die harte van die uitverkorenes ontvanklik - hoe verhard hierdie harte ook al mag wees - en buig hulle om tot geloof. Hulle wat egter nie uitverkies is nie, laat Hy volgens sy regverdige oordeel in hulle boosheid en verharding bly. Hierin veral kom vir ons tot openbaring die diepe, barmhartige en tegelyk regverdige onderskeiding tussen die mense wat almal ewe verlor is. Dit is die besluit van die uitverkiesing en verwerping wat in die Woord van God geopenbaar is. Verkeerde, onreine en onstandvastige mense verdraai hierdie leer tot hulle eie verderf, maar aan die heiliges en godvresendes gee dit 'n onuitspreeklike troos.

Acts 15:18 Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend.
Php 1:11 in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil,

7. Hierdie uitverkiesing is 'n onveranderlike voorneme van God. Daarvolgens het Hy nog voor die skepping 'n sekere aantal mense uit die hele menslike geslag uitverkies. Hierdie menslike geslag het deur hulle eie skuld van hulle oorspronklike ongeskondenheid in sonde en verderf verval. Die uitverkorenes is dus nie beter of waardiger as die ander nie, maar verkeer saam met die ander in die gemeenskaplike ellende. Nogtans het Hy hulle, uit volkome vrye welbehae van sy wil en uit louter genade, tot die saligheid in Christus uitverkies. God het Christus ook van ewigheid af tot Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes en tot Fondament van die saligheid gestel. So het Hy ook besluit om die uitverkorenes aan Christus te gee om hulle salig te maak. Deur sy Woord en Gees roep en trek God die uitverkorenes kragdadiglik tot gemeenskap met Hom. Hy het dus besluit om aan die uitverkorenes die ware geloof in Christus te gee, hulle te regverdig en te heilig en om hulle, wat kragtig in die gemeenskap van sy Seun bewaar word, uiteindelik as bewys van sy barmhartigheid en tot lof van sy oorvloedige en heerlike genade te verheerlik. Soos geskrywe is: In Christus het God ons uitverkies voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons vir sy kinders vir

Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde (Eph 1:4-6); en elders: Die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik (Rom. 8:30).

Eph 1:4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,
Eph1:5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,
Eph1:6 tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.
Rom 8:30 en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.

8. Hierdie uitverkiesing is nie veelvoudig nie, maar een en dieselfde vir almal wat salig word, in die Ou sowel as in die Nuwe Testament. Die Skrif verkondig immers aan ons net een welbehae, voorneme en raad van die wil van God. Hiervolgens het Hy ons van ewigheid af uitverkies tot die genade sowel as tot die heerlikheid, tot die saligheid sowel as tot die weg na die saligheid wat Hy voorberei het, sodat ons daarin kan wandel (Eph 1:4-5; Eph 2:10).

Eph 1:4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,
Eph1:5 deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,
Eph2:10 Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

9. Hierdie uitverkiesing het nie op grond van vooruitgesiene geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of enige ander goeie hoedanigheid of geskiktheid van die mens tot stand gekom nie. Dit alles kan nooit vooraf as rede of voorwaarde vir die uitverkiesing van die mens vereis word nie. Die uitverkiesing is immers die oorsaak van geloof en geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, ensovoorts. Daarom is die uitverkiesing die fontein van alle saligheid waaruit geloof, heiligheid en al die ander saligmakende gawes, en uiteindelik die ewige lewe self, as vrugte en gevolge daarvan voortvloei. Die apostel getuig immers: Om heilig en sonder gebrek voor Hom te wees (Eph 1:4), en nie ómdat ons alreeds so was nie.

Eph1:4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,

10. Die oorsaak van hierdie genadige uitverkiesing is inderdaad slegs die welbehae van God. Dit bestaan nie daarin dat Hy uit alle moontlikhede sekere menslike hoedanighede of dade as 'n voorwaarde vir die saligheid uitgekies het nie. Dit bestaan wel hierin dat Hy sekere bepaalde mense uit die hele menigte van sondaars as sy eiendom aangeneem het. Soos geskrywe is: Toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of

kwaad gedoen het nie, ..., is vir haar (nl Rebekka) gesê: Die oudste sal die jongste dien. Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat (Rom. 9:11-13); en: Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Acts 13:48).

Rom 9:10 En nie alleen dit nie, maar ook Rebekka was swanger uit een, naamlik Isak, ons vader.
Rom 9:11 Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep
Rom 9:12 is vir haar gesê: Die oudste sal die jongste dien.
Rom 9:13 Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat.
Acts 13:48 En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe.

11. God self is alwys, onveranderlik, alwetend en almagtig, en daarom kan sy daad van uitverkiesing nie ongedaan gemaak, oorgedoen, verander, herroep of afgebreek word nie. Die uitverkorenes kan ook nie verwerp of in getal verminder word nie.

12. Die uitverkorenes word op God se tyd van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid verseker. Dit gebeur verskillend en nie vir almal in gelyke mate nie. Hierdie versekering ontvang hulle nie as hulle nuuskierig die verborgenhede en dieptes van God probeer deursoek nie. Hulle ontvang die sekerheid egter as hulle in hulleself die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing, soos in die Woord van God aangewys, met geestelike blydskap en heilige vreugde waarneem. Hierdie onfeilbare vrugte van die uitverkiesing is die ware geloof in Christus, die kinderlike vrees van God, die droefheid oor die sonde volgens die wil van God, die honger en dors na die geregtigheid, ensovoorts (2 Cor 13:5).

2 Cor 13:5 Ondersoek julself of julle in die geloof is; stel julself op die proEph Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie--as julle ten minste nie verwerplik is nie!

13. Vir die kinders van God is die besef en die sekerheid van hierdie uitverkiesing daagliks steeds meer rede om hulle voor die aangesig van God te verootmoedig, om die diepte van sy barmhartigheid te aanbid, om hulleself te reinig en om Hom, wat hulle eerste so uitnemend liefgehad het, ook van hulle kant vurig lief te hê. Dit is dan ook onmoontlik dat hierdie leer van die uitverkiesing en die besinning daaroor die kinders van God sal laat ophou om die gebooie van God te gehoorsaam of dat hulle onverskillig sou word deur 'n sondige lewe te lei. Deur die regverdige oordeel van God is dit juis die geval met hulle wat die genade van die uitverkiesing ligtelik vir hulleself toe-eien of ydellik en ligsinnig daaroor praat, sonder dat hulle begeer om in die weë van die uitverkorenes te wandel.

14. Hierdie leer van die Goddelike uitverkiesing is verder, volgens die wyse besluit van God, deur die profete, deur Christus self en deur die apostels in sowel die Ou as die Nuwe Testament verkondig. Daarna is dit in die heilige Skrifte bekend gemaak en bewaar. Daarom moet dit vandag nog op die regte tyd en plek in die kerk van God - waarvoor dit in die besonder bestem is - uiteengesit word. Hierdie leer moet egter oordeelkundig, met gelowige eerbied en heilige ontsag, sonder 'n nuuskierige ondersoek na die weë van die Allerhoogste, verkondig word. Dit alles moet gebeur tot eer van die heilige Naam van God en tot 'n lewende troos vir sy volk (Acts 20:27; Rom. 12:3; Rom. 11:33-34; Heb. 6:17-18).

Acts 20:27 Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie.
Rom 12:3 Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie van homself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie; maar dat hy daaraan moet dink om besadig te wees na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het.
Rom 11:33 o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!
Rom 11:34 Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?
Heb 6:17 Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg;
Heb 6:18 sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê;

15. Verder toon die heilige Skrif hierdie ewige en onverdiende genade van ons uitverkiesing baie duidelik aan en verkondig dit nadruklik aan ons. Dit getuig bowendien dat nie alle mense uitverkies is nie, maar dat sommige nie uitverkies is nie of in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan is. God het besluit om hulle, na sy volkome vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehae, in die gemeenskaplike ellende te laat bly. Daarin het hulle hulleself deur hulle eie skuld gestort. God het immers besluit om nie aan hulle die saligmakende geloof én die genade van die bekering te gee nie. Om sy geregtigheid te openbaar, het God besluit om hierdie mense aan hulleself oor te laat, hulle onder sy regverdige oordeel te laat bly en om hulle nie alleen oor hulle ongeloof nie, maar ook oor al hulle ander sondes te veroordeel en ewig te straf. Dit is die besluit van die verwerping, wat God hoegenaamd nie tot bewerker van die sonde maak nie, want dit sou 'n godslasterlike gedagte wees. Inteendeel, dit sê juis dat God 'n gedugte, onberispelike en regverdige Regter is wat die sonde straf.

16. Hulle wat die lewende geloof in Christus, die vaste vertroue, die gewetensrus, die beoefening van kinderlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus nog nie ten volle ervaar nie - ofskoon hulle die middele gebruik waardeur God hulle beloof, het om hierdie dinge in ons te bewerk - moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie. Hulle moet hulleself ook nie onder die verworpenes reken nie, maar ywerig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit ook met eerbied en ootmoed verwag. Hulle wat ernstig begeer om hulle tot God te bekeer, om Hom alleen gehoorsaam te wees en van die liggaam

van die dood verlos te word, maar op die pad van die vroomheid en die geloof nog nie so ver gekom het as wat hulle wel wou nie, behoort nog minder die leer van die verwerping te vrees. Die barmhartige God het immers beloof dat Hy die dowwe lamppit nie sal uitblus en die geknakte riet nie sal verbreek nie. Maar hierdie leer is tereg verskriklik vir almal wat God en die Verlosser, Jesus Christus, verag en hulleself geheel en al aan wêreldse sorge en sondige begeertes oorgegee het. Dit sal so bly solank hulle hulle nie met erns tot God bekeer nie.

17. Die Woord van God, waaruit ons die wil van God leer ken, getuig daarvan dat die kinders van die gelowiges heilig is. Hulle is nie van nature heilig nie, maar kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hulle ouers opgeneem is. Gelowige ouers moet daarom nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat God in hulle kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie (Gen. 17:7; Acts 2:39; 1 Cor 7:14).

Gen 17:7 En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou.
Acts 2:39 Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.
1 Cor 7:14 Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig.

18. Teen iemand wat oor hierdie genade van die onverdiende uitverkiesing en gestrengheid van die regverdige verwerping in opstand is, stel ons die woorde van die apostel: O, mens, wie is jy wat teen God antwoord? (Rom. 9:20); en ook die woorde van ons Saligmaker: Of staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie? (Matt. 20:15). Maar ons wat hierdie verborgenhede godvresend en met eerbied aanbid; roep saam met die apostel uit: O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken of wie was sy raadsman gewees? Of wie het iets aan Hom gegee, dat dit vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid! Amen (Rom. 11:33-36).

Rom 9:20 Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie?
Matt. 20:15 Of staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie? Of is jou oog verkeerd, omdat ek goed is?
Rom 11:33 o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!
Rom 11:34 Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?
Rom 11:35 Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?
Rom 11:36 Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Verwerping van die Dwalings

Die regsinnige leer van die uitverkiesing en verwerping is nou uiteengesit.

1. Die Sinode verwerp daarom die dwaling van hulle wat leer: Die hele en volledige besluit van die uitverkiesing tot saligheid is God se wil om daardie mense salig te maak wat nog sal glo en in die geloof en geloofsgehoorsaamheid sal volhard. Oor hierdie besluit is daar niks anders in die Woord van God geopenbaar nie. Die Sinode leer: Die dwaalleraars mislei hiermee die opregtes en hulle weerspreek duidelik die Heilige Skrif. Die Skrif getuig immers dat God nie alleen hulle wat sal glo, wil salig maak nie, maar dat Hy ook sekere bepaalde mense van ewigheid af uitverkies het. God het aan hierdie mense, in onderskeiding van ander, in die tyd die geloof in Christus en die volharding geskenk. Soos geskrywe is: Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het (Joh. 17:6); en: Daar het gelowig geword almal wat tot die ewige lewe verordineer was (Acts 13:48). Hy het ons uitverkies voor die grondlegging van die wêreld om heilig te wees, ens (Eph 1:4).

Joh 17:6 Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar.

Acts 13:48 En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe.

Eph 1:4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,

2. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die uitverkiesing van God tot die ewige lewe is veelsoortig: die een is algemeen en onbepaald, die ander is besonder en bepaald. Laasgenoemde val weer in twee dele uiteen: Dit is òf 'n onvolkome herroeplike, nie-beslissende en voorwaardelike uitverkiesing, òf 'n volkome, onherroeplike, beslissende en volstrekte uitverkiesing. Verder: Daar is een uitverkiesing tot die geloof en 'n ander tot die saligheid, dit wil sê daar kan 'n uitverkiesing tot die regverdigmakende geloof wees sonder dat daar 'n beslissende uitverkiesing tot saligheid hoef te wees. Die Sinode leer: Dit is 'n versinsel van die menslike verstand wat buite die Skrif om uitgedink is. Dit vernietig die leer van die uitverkiesing en verbreek hierdie goue ketting van ons saligheid. Die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik (Rom. 8:30).

Rom 8:30 en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.

3. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die welbehae en voorneme van God, waarvan die Skrif in die leer van die uitverkiesing

melding maak, bestaan nie daarin dat God sekere, bepaalde mense bo ander uitverkies het nie. Dit bestaan daarin dat God uit alle moontlike voorwaardes - soos byvoorbeeld die werke van die wet - of uit die orde van alle dinge, die wesenlik onverdienstelike daad van die geloof en die onvolmaakte gehoorsaamheid daarvan tot 'n voorwaarde vir die saligheid uitverkies het. Dit sou Hy dan genadiglik wou reken as 'n volkome gehoorsaamheid en dit waardig ag om met die ewige lewe te beloon. Die Sinode leer: Hierdie skadelike dwaling maak die welbehae van God en die verdienste van Christus kragteloos. Terselfdertyd word die mense deur nuttelose vrae van die waarheid van die genadige regverdigmaking en van die eenvoud van die Skrif weggelei. Daarmee word hierdie uitspraak van die apostel as onwaar bestempel: God het ons geroep met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgns sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is (2 Tim. 1:9).

2 Tim. 1:9 wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is,

4. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die voorwaarde wat vir die uitverkiesing tot die geloof vereis word, is dat die mens die lig van die natuur reg moet gebruik en vroom, klein, nederig en geskik vir die ewige lewe moet wees - asof die uitverkiesing op die een of ander manier van hierdie dinge sou afhang. Die Sinode leer: Dit klink na Pelagius en is in stryd met die leer van die apostel waar hy skrywe: Ons het vroeër gewandel in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van ons vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander. Maar God, wat ryk is in barmhartigheid het ons deur sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het, toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus - uit genade is julle gered - en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, laat betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedentierenheid oor ons in Christus Jesus. Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. (Eph 2:3-9).

Eph 2:3 onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.
Eph 2:4 Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het,
Eph 2:5 ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus--uit genade is julle gered--
Eph 2:6 en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,
Eph 2:7 sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus.
Eph 2:8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;
Eph 2:9 nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.

5. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die onvolkome en nie-beslissende uitverkiesing van spesifieke mense tot saligheid het tot stand gekom uit die vooruitgesiene geloof, bekering, heiligheid en vroomheid, wat òf net begin het òf al 'n tyd lank geduur het. Die volkome en beslissende uitverkiesing het egter tot stand gekom uit die volharding in die vooruitgesiene geloof, in bekering, in heiligheid en in vroomheid tot die einde toe. Dit is die waarde van die genade en die evangelie waarvolgens hy wat uitverkies word, waardiger is as hy wat nie uitverkies word nie. Die geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding is dus nie vrugte of gevolge van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie, maar noodsaaklike voorwaardes en oorsake daarvan. In die geval van uitverkorenes, is dit vooraf vereis en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het. Die Sinode leer: Dit is in stryd met die hele Skrif wat hierdie en dergelike uitsprake telkens weer in ons ore en harte inskerp: Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Rom. 9:11). Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Acts 13:48). Hy het ons in Hom uitverkies ... om heilig ... te wees (Eph 1:4). Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies (Joh. 15:16). As dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie (Rom. 11:6) Hierin is die liefde: nie dat ons God liefdgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het (1 Joh. 4:10).

Rom 9:11 Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep

Acts 13:48 En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe.

Eph 1:4 soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,

Joh 15:16 Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.

Rom 11:6 En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie.

1 Joh. 4:10 Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.

6. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Nie elke uitverkiesing tot saligheid is onveranderlik nie, maar sommige uitverkorenes kan verlore gaan en gaan inderdaad ook vir ewig verlore, nieteenstaande enige besluit van God. Die Sinode leer: Met hierdie growwe dwaling maak hulle God veranderlik en vernietig die troos wat die vromes uit die vastigheid van hulle uitverkiesing put. Ook weerspreek hulle die heilige Skrif wat leer dat die uitverkorenes nie verlei kan word nie (Matt. 24:24); dat Christus almal wat deur die Vader aan Hom gegee is, nie sal verloor nie (Joh. 6:39), en dat God die wat Hy vantevore verordineer, geroep en geregverdig het, ook verheerlik het (Rom. 8:30).

Mat 24:24 Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.
Joh 6:39 En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag.
Rom 8:30 en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.

7. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Daar is in hierdie lewe geen vrug, geen besef en geen sekerheid van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie, behalwe dié wat van 'n veranderlike en onsekere voorwaarde afhang. Die Sinode leer: Nie alleen is dit ongerymd om te beweer dat daar 'n onsekere sekerheid is nie, maar dit stry ook met die ervaring van die heiliges. Uit die besef van hulle uitverkiesing verheug die heiliges hulle saam met die apostel en roem hulle in hierdie weldaad van God (Eph 1). In gehoorsaamheid aan Christus verbly hulle hulle saam met die dissipels dat hulle name in die hemel opgeskrywe is (Luk. 10:20). Ook stel hulle die besef van hulle uitverkiesing teenoor die vurige pyle van aanvalle van die duiwel, terwyl hulle vra: Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? (Rom. 8:33).

Luk 10:20 Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is.
Rom 8:33 Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak.

8. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God het oor niemand bloot kragtens sy regverdige wil besluit om hom in die val van Adam en in die gemeenskaplike staat van sonde en verdoemenis te laat bly nie. Ook het Hy in die gee van die genade wat vir die geloof en bekering nodig is, besluit om niemand verby te gaan nie. Die Sinode leer: Dit staan vas: Hy is barmhartig oor wie Hy wil, en Hy verhard wie Hy wil (Rom. 9:18), en: Die is aan julle gegee om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie (Matt. 13:11), en: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir die wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, so was dit u welbehae (Matt. 11:25-26).

Rom 9:18 So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil.
Mat 13:11 Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie.
Mat 11:25 In daardie tyd het Jesus gespreek en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het.
Mat 11:26 Ja, Vader, want so was dit u welbehae.

9. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Dit is nie enkel en alleen die welbehae van God wat die oorsaak is waarom Hy die evangelie eerder na die een as na die ander volk stuur nie. Dit gebeur omdat die een volk beter en waardiger is as die ander aan wie die evangelie nie meegedeel word nie.

Die Sinode leer: Dit ontken Moses as hy die Israelitiese volk soos volg toespreek: Kyk, aan die HERE jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is. Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is (Deut. 10:14-15). En Christus het gesê: Wee jou, Gorasin, wee jou, Betsaida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het (Matt. 11:21).

Deut. 10:14 Kyk, aan die HERE jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is.

Deut. 10:15 Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is.

Mat 11:21 Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het.

Hoofstuk 2 Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood

1. God is nie alleen in die hoogste mate barmhartig nie, maar ook in die hoogste mate regverdig. Sy geregtigheid - soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het - eis dat ons sondes, wat teen sy oneindige majesteit begaan is, nie alleen met tydelike nie, maar ook met ewige strawwe na siel en na liggaam gestraf moet word. Ons kan aan hierdie strawwe nie ontkom nie, tensy aan die geregtigheid van God voldoen word.
2. Ons self kan geen voldoening gee om ons van die toorn van God te bevry nie. Daarom het God uit oneindige barmhartigheid sy eniggebore Seun as borg aan ons gegee. Die Seun het vir ons, of in ons plek, sonde en vervloeking aan die kruis geword om vir ons te voldoen.
3. Hierdie dood van die Seun van God is die enigste en volmaakte offer en voldoening vir die sondes. Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen.
4. Hierdie dood het daarom so 'n groot krag en waarde, omdat Hy wat dit ondergaan het, nie alleen 'n ware en volkome heilige mens is nie, maar ook die eniggebore Seun van God. Hy is saam met die Vader en die Heilige Gees een en dieselfde ewige en oneindige Wese. So moes ons Verlosser dan ook wees. Boonop het sy dood so 'n groot krag en waarde, omdat Hy geweet het dat Hy die toorn van God en die vloek, wat ons deur ons sondes verdien het, gedra het.
5. Verder is dit die belofte van die evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Hierdie belofte moet aan alle volke en mense, aan wie God na sy welbehae die evangelie stuur, sonder enige onderskeid verkondig en bekend gestel word, met die eis tot bekering en geloof.
6. Baie wat deur die evangelie geroep is, bekeer hulle nie, glo nie in Christus nie, maar sterf in ongeloof. Dit gebeur, nie omdat die offer wat Christus aan die kruis volbring het, gebrekkig of onvoldoende is nie, maar deur hul eie skuld.
7. Almal wat egter waarlik glo en deur die dood van Christus van die sonde bevry en van die verderf gered word, ontvang hierdie weldaad slegs uit die genade van God. Hierdie genade is van ewigheid af in Christus aan hulle gegee, sonder dat Hy dit aan enigiemand verskuldig is.
8. Dit was immers die volkome vrye raadsbesluit, genadige wil en voorneme van God die Vader, dat die lewendmakende en saligmakende krag van die uiters kosbare dood van sy Seun al die uitverkorenes tot voordeel sal strek. So het God slegs aan die uitverkorenes die regverdigende geloof geskenk om hulle daardeur onfeilbaar salig te maak. Dit wil sê: Dit was die wil van God dat Christus deur die bloed van die kruis - waarmee Hy die nuwe verbond bevestig het - uit elke volk, stam, geslag en taal húlle en hulle alleen kragdadiglik sal verlos, wat van ewigheid af tot die saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is. Ook was dit die wil van God dat Christus aan hulle die geloof sal gee wat Hy, soos ook die ander saligmakende gawes van die Heilige Gees, deur sy dood vir hulle verwerf het. Verder, dat Hy hulle van al hulle sondes - sowel die erfsonde as die daadsonde wat ná en vóór die

geloof begaan is - deur sy bloed sal reinig. Ten slotte, dat Hy hulle tot die einde toe getrou sal bewaar, en uiteindelik sonder enige vlek of rimpel in heerlikheid by Hom sal neem.

9. Hierdie raadsbesluit is die gevolg van God se ewige liefde vir die uitverkorenes. Die besluit word van die begin van die wêreld af tot vandag toe kragdadig uitgevoer ondanks die vergeefse verset van die magte van die doderyk. Hierdie besluit sal steeds uitgevoer word, sodat die uitverkorenes op die regte tyd in een liggaam vergader sal word. Daar sal altyd 'n kerk van gelowiges wees, gegrond in die bloed van Christus. Hierdie kerk moet sy Verlosser, wat sy lewe aan die kruis vir die kerk gegee het - soos 'n bruidegom sy lewe vir sy bruid sal gee - standvastig liefhê en Hom met volharding dien en van nou af tot in alle ewigheid verheerlik.

Verwerping van die Dwalings

Die regsinnige leer is nou uiteengesit.

1. Daarom verwerp die Sinode die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het sy Seun tot die kruisdood bestem sonder 'n sekere en besondere besluit om iemand sekerlik salig te maak. Die noodsaaklikheid, nuttigheid en waardigheid van die verdienste van die dood van Christus sou gevolglik ongeskonde, in alle dele volmaak, volkome en as een geheel kon bestaan selfs al sou geen enkele mens ooit werklik gedeel het in die verlossing wat Hy verwerf het nie.
   Die Sinode leer: Hierdie leer verag die wysheid van God die Vader en die verdienste van Jesus Christus en is in stryd met die Heilige Skrif. Ons Verlosser sê immers: Ek lê my lewe af vir die skape en Ek ken hulle (Joh. 10:15, Joh. 10:27).
   En die profeet Jesaja sê van die Verlosser: as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die Here sal deur sy hand voorspoedig wees (Isaiah 53:10).
   Verder weerspreek dit die geloofsartikel waarmee ons bely dat ons aan die kerk glo.

Joh 10:15 Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape.
Joh 10:27 My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My.
Isaiah 53:10 Maar dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees.

2. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Dit was nie die doel van die dood van Christus om die nuwe verbond van die genade werklik deur sy bloed te bevestig nie. Dit was alleen maar om vir die Vader eenvoudig die reg te verwerf om opnuut met die mense 'n verbond van die genade of van die werke, net soos Hy wil, te kan sluit.
   Die Sinode leer: Dit is immers in stryd met die Skrif wat leer dat Christus Borg en Middelaar geword het van 'n beter, dit wil sê, van die nuwe verbond

(Heb. 7:22) en dat 'n testament eers by 'n sterfgeval geldig is (Heb. 9:15, Heb. 9:17).

Heb 7:22 in sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword.
Heb 9:15 En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.
Heb 9:17 want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie.

3. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Christus het deur sy voldoening vir niemand met sekerheid die saligheid verdien nie; ook nie die geloof waardeur hierdie voldoening van Christus kragdadiglik tot saligheid toegeëien word nie. Hy het daarenteen, slegs die mag of die volkome wil vir die Vader verwerf om opnuut met die mense te handel en om nuwe voorwaardes, soos Hy wil, voor te skrywe. Die uitvoering daarvan sou van die vrye wil van die mens afhang. Dit sou dus kon gebeur dat òf niemand òf alle mense dit sou vervul.
Die Sinode leer: Hierdie mense minag die dood van Christus volkome en aanvaar op geen wyse die vernaamste vrug of weldaad wat daardeur verkry is nie. Hulle roep weer die dwaling van Pelagius uit die hel terug.

4. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie. Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet afgeskaf het, nou die geloof self en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon.
Die Sinode leer: Hierdie mense weerspreek die Skrif: Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voordestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof (Rom. 3:24-25). Met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde leer oor regverdiging van die mens voor God in. Dit is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk.

Rom 3:24 en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.
Rom 3:25 Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God

5. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Alle mense is in die staat van die versoening en in die genade van die verbond opgeneem, sodat niemand vanweë die erfsonde aan die verdoemenis skuldig is of verdoem moet word nie, maar dat alle mense van hierdie sondeskuld vry is.
Die Sinode leer: Hierdie mening is in stryd met die Skrif wat verklaar dat ons van nature kinders van die toorn is (Eph 2:3).

Eph 2:3 onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.

6. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat die onderskeid tussen verwerping en toe-eiening misbruik om by die onversigtiges en onervarenes die denkbeeld in te prent: Dat God, vir sover dit Hom betref, aan alle mense die weldade, wat deur die dood van Christus verkry word, in gelyke mate wou meedeel. Dat sommige die vergifnis van sondes en die ewige lewe deelagtig word en ander nie, hang van hulle vrye wil af wat hom aanpas by die genade wat sonder onderskeid aangebied word. Dit hang nie van die besondere gawe van die barmhartigheid af wat kragdadig in hulle werk, dat hulle, anders as ander mense, dié genade vir hulleself sou toe-eien nie.
Die Sinode leer: Daardie mense wat voorgee dat hulle hierdie onderskeiding reg voorstel probeer om die volk met die verderflike Pelagiaanse dwalings te vergiftig.

7. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Christus kon en moes nie vir hulle gesterf het vir wie God volkome liefgehad en tot die ewige lewe uitverkies het nie. Inderdaad het Hy ook nie vir hulle gesterf nie, omdat hulle die dood van Christus nie nodig gehad het nie.
Die Sinode leer: Hulle weerspreek die apostel wat sê: Christus het my liefgehad en het Homself vir my oorgegee (Gal. 2:20).
Met dieselfde strekking sê hy: Wie sal beskuldinging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie kan ons veroordeel? Christus is dit wat gesterf het (Rom. 8:33-34), juis vir hulle.
Hulle weerspreek ook die Heiland wat sê: Ek lê my lewe af vir die skape (Joh. 10:15); Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee (Joh. 15:12-I3).

Gal 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.
Rom 8:33 Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak.
Rom 8:34 Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.
Joh 10:15 Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape.
Joh 15:12 Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het.
Joh 15:13 Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.

Hoofstuk ¾ Die Verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind

1. Die mens is van die begin af na die beeld van God geskape. Verstandelik was hy toegerus met ware en heilsame kennis van sy Skepper en van geestelike sake. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus en sy hele gesindheid was suiwer. Hy was dus volkome heilig. Maar deur die ingewing van die duiwel en uit sy eie vrye wil het hy hom van God losgeskeur en homself van hierdie uitnemende gawes beroof. Daarenteen het hy in die plek daarvan oor homself gebring: blindheid, verskriklike duisternis ydelheid en verdorwenheid van verstandelike oordeel, boosheid, rebellie en hardheid van sy wil en hart, sowel as onsuiwerheid van sy hele gesindheid.
2. Net soos die mens ná die val was, so was ook die kinders wat hy voortgebring het. As verdorwene het hy verdorwe kinders voortgebring. Dit hou in dat die verdorwenheid, volgens die regverdige oordeel van God, van Adam af op al sy nakomelinge oorgegaan het. Net Christus is hierin 'n uitsondering. Die verdorwenheid van die mens ontstaan dus nie deur navolging, soos die Pelagiane vroeër beweer het nie, maar deur die voortplanting van die verdorwe natuur.
3. Alle mense word daarom in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enigiets goeds wat sou kon salig maak, geneig tot die kwaad, dood in die sonde en slawe van die sonde. Sonder die genade van die Heilige Gees, wat die wedergeboorte skenk, kan en wil hulle nie tot God terugkeer of hulle verdorwe natuur verbeter of onderneem om dit te verbeter nie.
4. Na die sondeval het daar in die mens tog nog 'n bietjie van die lig van die natuur oorgebly. Daardeur het hy 'n mate van kennis van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen die betaamlike en onbetaan like bly behou en vertoon hy in sekere mate 'n strewe na deug en openbare gedissiplineerdheid. Vir die mens is dit egter onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer. Gevolglik kan hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik nie. Hoe ook al, veeleer verduister hy dit heeltemal op verskillende maniere en bedek dit in ongeregtigheid. Omdat hy dit doen, is daar voor God vir hom geen verontskuldiging nie.
5. Net soos met die lig van die natuur, so is dit ook gesteld met die Tien Gebooie wat God deur Moses in besonder aan die Jode gegee het. Die wet vlek wel die grootheid van die sonde oop en oortuig die mens hoe langer hoe meer van sy skuld, maar dit dui geen geneesmiddel aan en deel geen kragte mee om uit hierdie ellende te kom nie. Die wet het dus, omdat dit deur die sondige natuur kragteloos gemaak is, die oortreder onder die vloek laat bly. Daarom kan die mens nie deur die wet die saligmakende genade verkry nie.
6. Wat nie deur die lig van die natuur of deur die wet gedoen kan word nie, dit doen God deur die krag van die Heilige Gees, deur middel van die Woord of die bediening van die versoening. Dit is die evangelie van die Messias, waardeur God besluit het om die gelowiges in die Ou sowel as in die Nuwe Testament salig te maak.

7. Hierdie verborgenheid van sy wil het God in die Ou Testament aan min mense bekend gemaak, maar in die Nuwe Testament, waar die onderskeid tussen die volke nou weggeneem is, het Hy dit aan meer mense geopenbaar. Die oorsaak waarom hierdie bedeling so verskillend is, moet nie aan die waardigheid van die een volk bo die ander of aan die beter gebruik van die lig van die natuur toegeskryf word nie, maar aan die volledig vrye welbehae en onverdiende liefde van God. Daarom moet hulle wat sonder en teen enige verdienste so 'n groot genade deelagtig word, dit met 'n nederige en dankbare hart erken. Die ander wat hierdie genade nie ontvang nie, moet saam met die apostel die strengheid en regverdigheid van die oordele van God aanbid sonder om dit met nuuskierigheid te ondersoek.
8. Almal wat egter deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want in alle erns en waarheid betuig God in sy Woord wat sy wil is: die geroepenes moet na Hom toe kom. In alle erns beloof Hy ook aan almal wat na Hom toe kom en glo, die rus vir hulle siele en die ewige lewe.
9. Baie mense wat deur die bediening van die evangelie geroep is, kom nie na Hom toe nie en word nie bekeer nie. Die skuld hiervoor lê nie in die evangelie of in Christus wat deur die evangelie aangebied is nie, ook nie in God wat mense deur die evangelie roep en aan hulle ook verskillende gawes gee nie. Die skuld lê by die geroepenes self. Sommige neem deur sorgeloosheid die Woord van die lewe nie aan nie. Ander neem dit wel aan, maar nie in die binneste van hulle hart nie, met die gevolg dat hulle ná 'n kortstondige blydskap van die tydelike geloof weer terugval. Ander weer, laat die saak van die Woord deur die dorings van die sorge en deur die welluste van die wêreld verstik en dra geen vrugte nie, soos ons Verlosser dit in die gelykenis van die saaier leer (vgl Matt. 13).
10. Ander mense weer, wat deur die verkondiging van die evangelie geroep is, kom en word bekeer. Dit moet egter nie aan die mens toegeskryf word nie asof hy hom deur sy vrye wil van ander onderskei wat net so 'n groot of genoegsame genade tot geloof en bekering ontvang het. So stel die hooghartige kettery van Pelagius dit. Dit moet aan God toegeskryf word. Hy het hulle van ewigheid af in Christus as sy eiendorn uitverkies. Hy roep almal kragdadig in die tyd en skenk hulle geloof en bekering. Nadat hulle uit die mag van die duisternis verlos is, bring Hy hulle ook in die ryk van sy Seun, om die deugde van Hom, wat hulle uit die duisternis tot sy wonderbare lig geroep het, te verkondig en om nie in hulleself nie, maar in die Here te roem. So getuig die Apostoliese geskrifte telkens.

I I. Verder: wanneer God sy welbehae in die uitverkorenes tot uitvoering bring en die ware bekering in hulle werk, dan laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees, sodat hulle die dinge van die Gees van God reg verstaan en onderskei nie. Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.

12. Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmaking waarvan die Skrif so heerlik spreek wat God sonder ons in ons werk. Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorreding of op enige ander wyse in ons gewerk nie, sodat, na die voltooiing van God se werk, dit dan in die mens se mag sou lê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie. Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God. Volgens die getuienis van die Skrif wat deur Hom, die Outeur van hierdie werkinge, geïnspireer is, is dit in sy krag nie minder of geringer as die skepping of die opwekking van die dooies nie. Die gevolg is dat almal in wie se harte God op hierdie wonderlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weergebore word en daadwerklik glo. Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer.
13. Die aard van hierdie werking kan die gelowiges in hierdie lewe nie volkome begryp nie. Intussen is dit vir hulle 'n gerusstelling dat hulle weet en oortuig is dat hulle deur hierdie genade van God van harte glo en hulle Verlosser liefhet.
14. So is die geloof dan 'n gawe van God, nie omdat dit deur God aan die vrye wil van die mens aangebied word nie, maar omdat dit aan die mens inderdaad geskenk word en vir hom ingegee en ingestort word. Ook is dit nie so dat God net die vermoë om te glo gee nie en daarna van die vrye wil van die mens die instemming of die daadwerklike geloof verwag nie. Sowel die wil om te glo as die geloof self word in die mens tot stand gebring. Immers, Hy wat in die mens werk om te wil sowel as om te werk, bewerk alles in almal.
15. Hierdie genade is God aan niemand verskuldig nie. Wat sou God immers aan iemand skuld wat Hom vooraf niks kan gee nie en waarvoor hy dan vergoed moet word? Inderdaad, wat sou God aan die mens verskuldig wees wat self niks anders as sonde en leuens het nie? Die mens wat hierdie genade ontvang, is aan God alleen ewige dankbaarheid verskuldig en hy dank God ook daarvoor. Die mens wat hierdie genade nie ontvang nie, heg geen waarde aan hierdie geestelike dinge nie en skep net in sy eie dinge behae, of beroem hom, sonder om na te dink, tevergeefs op wat hy het, terwyl hy niks het nie. Verder moet oor hulle wat hulle geloof in die openbaar bely en hulle lewe verbeter, volgens die voorbeeld van die apostels, baie gunstig geoordeel en gepraat word, want die binneste van die hart is aan ons onbekend. Vir die ander wat nog nie geroep is nie, moet ons tot God bid wat die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan. Ons mag ons volstrek nie teenoor hulle in trotsheid verhef asof ons onsself in so 'n bevoorregte posisie geplaas het nie.
16. Die mens het egter deur die sondeval nie opgehou om 'n mens, toegerus met verstand en wil, te wees nie. Die sonde, wat die hele menslike geslag deurdring het, het die natuur van die mens nie weggeneem nie, maar dit bederf en in geestelike sin gedood. Daarom werk hierdie Goddelike genade van die wedergeboorte nie in die mense asof hulle stokke en blokke is nie; ook vernietig dit nie die wil en sy eienskappe nie, en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter

en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig. Terwyl sondige opstandigheid en verset vroeër volkome oorheers het, begin 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees nou die oorhand kry. Hierin lê die ware en geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil. Inderdaad, as die wonderlike Werkmeester van alle goeie dinge nie so met ons gehandel het nie, dan sou die mens glad geen hoop hê om deur sy vrye wil uit die sondeval op te staan nie. Deur sy vrye wil het hy homself, toe hy nog gestaan het, in die verderf gestort.

17. Die almagtige werking van God, waardeur Hy ons natuurlike lewe skep en onderhou, sluit nie die gebruik uit van die middele waardeur God na sy oneindige wysheid en goedheid hierdie krag van Hom wil uitoefen nie, maar eis juis dat hulle gebruik sal word. Net so sluit hierdie bonatuurlike werking van God, waardeur Hy ons weergebore laat word, volstrek nie die gebruik van die evangelie uit en werp dit ook nie omver nie. Inteendeel, die alwyse God het dit tot 'n saad van die wedergeboorte en tot voedsel vir die siel bestem. Die apostels, en die leraars wat hulle opgevolg het, het dan ook die mense oor hierdie genade van God, tot sy eer en tot onderdrukking van alle hoogmoed, gelowig onderrig. Hulle het ook nie nagelaat om die mense ondertussen deur middel van heilige vermanings uit die evangelie, onder die bearbeiding van die Woord, van die sakramente en van die kerklike tug te hou nie. Net so moet hulle wat in die gemeente onderrig gee of die wat onderrig ontvang, hulle ook nie nou aanmatig om God te versoek deur die dinge te skei wat Hy na sy welbehae wou saamvoeg nie. Deur die vermanings word die genade immers gegee, en hoe gewilliger ons ons amp uitoefen, des te heerliker word die weldaad, wat God in ons werk, openbaar. So vorder God se werk op die allerbeste manier. Aan dié God alleen kom toe, vanweë die middele sowel as vanweë die verlossende vrug en krag daarvan, alle heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Verwerping van die Dwalings

Die regsinnige leer is nou uiteengesit

1. Daarom verwerp die Sinode die dwaling van hulle wat leer: 'n Mens kan eintlik nie sê dat die erfsonde alleen voldoende is om die hele menslike geslag te veroordeel of om tydelike en ewige strawwe te verdien nie.
Die Sinode leer: Hulle weerspreek immers die apostel wat sê: Deur een mens het die sonde in die wêreld ingekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het (Rom. 5:12): en: Die oordeel was uit één tot veroordeling (Rom. 5:16), en: Die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23).

Rom 5:12 Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het

Rom 5:16 En nie soos deur één wat gesondig het, is die gawe nie; want die oordeel was uit één tot veroordeling, maar die genadegawe is uit baie misdade tot vryspraak.

Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.

2. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die geestelike gawes of goeie hoedanighede en deugde soos goedheid, heiligheid en regverdigheid kon nie deel van die wil van die mens wees toe hy in die begin geskep is nie. Daarom kon dit in die sondeval ook nie van die wil geskei word nie.
Die Sinode leer: Dit is in stryd met die beskrywing van die beeld van God wat, volgens die apostel in Efesiërs 4:24(Eph 4:24), in geregtigheid en heiligheid bestaan, en beide setel sonder twyfel in die wil.

Eph 4:24 en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.

3. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Hierdie geestelike gawes is in die geestelike dood nie van die mens se wil geskei nie, aangesien die wil op sigself nooit verdorwe was nie. Dit is slegs deur die verduistering van die verstand en wisselvalligheid van die neigings verhinder. Wanneer hierdie hindernisse uit die weg geruim is, kan die wil dan weer sy vrye, aangebore krag uitoefen. Dit wil sê dit kan allerhande goeie dinge wat hom voorgehou word, self wil en self kies of nie wil en nie kies nie.
Die Sinode leer: Dit is 'n nuwigheid en 'n dwaling waardeur die kragte van die vrye wil verhef word, en dit teen die uitspraak van die profeet. Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit. (Jer. 17:9), en van die apostel: Onder wie (nl die kinders van die ongehoorsaamheid) ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en die sinne gedoen het (Eph 2:3).

Jer 17:9 Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?
Eph 2:3 onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.

4. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die mens wat nie weergebore is nie, is nie werklik en nie heeltemal dood in sondes nie. Ook is alle kragte om die geestelike goeie te doen hom nie ontneem nie. Hy kan nog honger en dors na die geregtigheid en die lewe en kan die offer van 'n verslae en gebroke gees, wat God welgevallig is, bring.
Die Sinode leer: Hierdie opvattings stry teen die duidelike getuienisse van die Skrif: Julle was dood deur die misdade en die sondes (Eph 2:1, Eph 2:5), en: al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was (Gen. 6:5; Gen. 8:21).
Buitendien is honger en dors na bevryding uit die ellende, na die lewe, asook die offer van 'n gebroke gees aan God, slegs eie aan die wedergeborenes en aan hulle wat salig genoem word (Ps. 51:8 (Ps. 51:10); Matt. 5:6).

Eph 2:1 En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes
Eph 2:5 ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus--uit genade is julle gered—

Gen 6:5 Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,
Gen 8:21 En die HERE het die lieflike geur geruik, en die HERE het in sy hart gesê: Ek sal die aarde verder nie meer vervloek ter wille van die mens nie, want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af. En Ek sal verder nie meer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie.
Ps. 51:10 Laat my vreugde en blydskap hoor; laat die gebeente juig wat U verbrysel het.
Mat 5:6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.

5. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die verdorwe en natuurlike mens kan die algemene genade (waaronder hulle die lig van die natuur verstaan) of die gawes wat ná die sondeval nog in hom oorgebly het, tot sy heil gebruik. Deur dit só te gebruik kan hy 'n groter genade, naamlik die evangeliese of verlossende genade en die saligheid self, geleidelik en trapsgewyse verkry. Op hierdie wyse betoon God Hom van sy kant bereid om Christus aan alle mense te openbaar. Hy het die middele wat vir die openbaring van Christus en vir geloof en bekering nodig is, aan almal genoegsaam en kragdadig geskenk.
Die Sinode leer: Behalwe die ervaring van alle tye getuig die Skrif immers ook dat dit vals is, want Hy maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en verordeninge. So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, dié ken hulle nie (Ps. 147:19-20), en God het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hull eie weë sou wandel (Acts 14:16), en: Hulle (naamlik Paulus en sy reisgenote) is deur die Heilige Gees verhinder om die woord in Asië te verkondig; en toe hulle by die grens by Misië kom, het hulle probeer om na Bithinië toe te gaan, maar die Gees van Jesus het hulle dit nie toegelaat nie (Acts 16:6-7).

Ps. 147:19 Hy maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en sy verordeninge.
Ps. 147:20 So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, dié ken hulle nie. Halleluja!
Acts 14:16 Hy het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel,
Acts 16:6 En hulle het deur die land Frígië en Galásië gegaan, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om in Asië die woord te verkondig.
Acts 16:7 En toe hulle by Mísië kom, het hulle probeer om na Bithínië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie.

6. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Met die ware bekering van die mens word geen nuwe eienskappe, kragte of gawes in sy wil deur God gestort nie. Daarom is die geloof, waardeur ons die eerste keer bekeer word en gelowiges genoem word, nie 'n eienskap of 'n gawe wat deur God ingestort word nie, maar net 'n daad van die mens. Die geloof kan alleen 'n gawe genoem word vir sover as wat die mens deur sy eie vermoë daartoe kom.
Die Sinode leer: Daarmee weerspreek hulle die heilige Skrif, wat getuig dat God nuwe eienskappe van geloof, gehoorsaamheid en die besef van sy liefde in ons harte uitstort: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart (Jer. 31:33), en: Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou nageslag giet" (Isaiah 44:3), en Die liefde van

God is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is (Rom. 5:5). Hulle is ook in stryd met die voortdurende gebruik van die kerk van God, wat in die woorde van die profeet so bid: Bekeer my, dan sal ek my bekeer (Jer. 31:18).

Jer 31:33 Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Isaiah 44:3 Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge.

Rom 5:5 en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

Jer 31:18 Sekerlik het Ek Efraim hoor weeklaag: U het my getugtig en ek het my laat tugtig soos 'n ongeleerde kalf. Bekeer my, dan sal ek my bekeer, want U is die HERE my God.

7. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die genade, waardeur ons tot God bekeer word, is niks anders as 'n ligte aansporing nie; of - soos ander dit verklaar - dít wat deur die aansporing plaasvind, is die mees gepaste manier om die mens tot bekering te bring, en pas die beste by die menslike natuur. Daar is geen rede waarom hierdie aansporende genade alleen nie genoeg sou wees om die natuurlike mens geestelik te maak nie. God bewerk die instemming van die wil inderdaad op geen ander manier as deur hierdie aansporing nie. Die krag van die Goddelike werking, waardeur die sataniese werking oortref word, bestaan hierin dat God ewig goeie dinge, maar die Satan slegs tydelike voordele belowe.
Die Sinode leer: Dit is suiwer Pelagiaans en in stryd met die hele heilige Skrif, wat, behalwe aansporing, nog 'n ander, baie kragtiger en Goddeliker werkwyse van die Heilige Gees by die bekering van die mens ken: Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee (Eze 36:26).

Eze 36:26 En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.

8. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God gebruik by die wedergeboorte van die mens nie daardie kragte van sy almag waardeur Hy die menslike wil kragtig en feilloos tot geloof en bekering ombuig nie. As al die genadewerkinge wat God gebruik om die mens te bekeer, voltooi is, kan die mens nogtans God en die Heilige Gees, wat sy wedergeboorte beoog en hom weergebore wil laat word, só weerstaan - en hy doen dit inderdaad ook dikwels - dat hy sy eie wedergeboorte geheel en al verhinder. Dit bly dus in sy eie mag om weergebore te word of nie.
Die Sinode leer: Dit beteken niks anders nie as dat al die krag van die genade van God in ons bekering weggeneem en die werking van die almagtige God aan die wil van die mens onderwerp word. Dit is in stryd met wat die apostels leer: Ons glo na die werking van die krag van sy sterkte (Eph 1:19), en: dat God alle welgevalle aan wat goed is, en alle werk van die geloof in ons met krag volkome maak (2 Thess 1:11), en: sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien (2 Pet 1:3).

Eph 1:19 en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte

2 Thess 1:11 Daarom bid ons ook altyd vir julle dat onse God julle die roeping waardig mag ag, en dat Hy alle welgevalle aan wat goed is, en alle werk van die geloof met krag volkome mag maak,

2 Pet 1:3 Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug,

9. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die genade en die vrye wil is gedeeltelike oorsake wat altwee saam die begin van die bekering bewerk. Die genade gaan in hierdie volgorde ook nie aan die werking van die wil vooraf nie. Dit wil sê: God help die menslike wil nie kragtig tot bekering voordat die menslike wil nie self in beweging kom en daarop besluit nie. Die Sinode leer: Die ou kerk het hierdie leer al lankal by die Pelagiane veroordeel kragtens die woorde van die apostel: So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartigheid is (Rom. 9:16), net so ook: Wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? (1 Cor 4:7), en: Dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae (Php 2:13).

Rom 9:16 So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is.

1 Cor 4:7 Want wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? En as jy dit dan ontvang het, waarom roem jy asof jy dit nie ontvang het nie?

Php 2:13 want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.

Hoofstuk 5 Die Volharding van die Heiliges

1. Hulle wat God na sy voorneme tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus, roep en deur die Heilige Gees wederbaar, verlos Hy wel van die heerskappy en slawerny van die sonde. Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van hulle sondige natuur en bestaan nie.
2. Hieruit ontstaan die daaglikse sondes van swakheid, en selfs die allerbeste werke van die heiliges is nog gebrekkig. Daarom moet hulle hulle voortdurend voor God verootmoedig, hulle toevlug tot die gekruisigde Christus neem, die sondige natuur hoe langer hoe meer doodmaak deur die Gees van die gebed en heilige geloofshandelinge, en vurig na die bereiking van die volmaaktheid verlang. So moet hulle volhard totdat hulle, losgemaak van hierdie sterflike liggaam, met die Lam van God in die hemel regeer.
3. Vanweë hierdie oorblyfsels van die inwonende sonde, en ook vanweë die aanvalle van die wêreld en die Satan, kan die bekeerdes nie in die genade volhard as hulle aan hulle eie kragte oorgelaat was nie. Maar God is getrou. Uit barmhartigheid bevestig Hy hulle in die genade wat eenmaal aan hulle gegee is, terwvl Hy hulle ook tot die einde toe kragtig bewaar.
4. Die mag van God, waardeur Hy die ware gelowiges in die genade bevestig en bewaar, is so groot dat hulle nie deur die sondige natuur oorwin kan word nie. Tog word die bekeerdes nie altyd so deur God gelei en beweeg dat hulle - deur hulle eie skuld - in sommige besondere gevalle nie van die leiding van die genade sou kon afwyk en deur die begeerlikhede van die sondige natuur verlei word en dit navolg nie. Daarom moet hulle voortdurend waak en bid dat hulle nie in versoekings gelei word nie. As hulle dit nie doen nie, kan hulle deur hulle sondige natuur, die wêreld en Satan tot groot en gruwelike sondes verlei word. Soms word hulle ook inderdaad, onder die regverdige toelating van God, daartoe verlei. Die droewige val van Dawid, Petrus en ander heiliges, wat vir ons in die heilige Skrif beskryf is, bewys dit.
5. Met sulke growwe sondes vertoorn hulle God vreeslik, verdien hulle die dood en bedroef hulle die Heilige Gees, versteur hulle die oefening in die geloof, verwond hulle die gewete ernstig en verloor hulle soms 'n tyd lank die besef van die genade. Dit gebeur totdat God, wanneer hulle deur 'n opregte berou op die regte pad terugkeer, weer die lig van sy Vaderlike aangesig oor hulle laat skyn.
6. God, wat oneindig barmhartig is, neem, weens die onveranderlike besluit van die uitverkiesing, sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom weg nie, selfs nie in hulle jammerlike sonde val nie. Hy laat hulle ook nie só diep val dat hulle uit die genade van die aanneming en uit die staat van die regverdiging uitval nie. Ook laat Hy nie toe dat hulle die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees begaan en, heeltemal deur Hom verlaat, hulleself in die ewige verderf stort nie.
7. Wanneer hulle so in die sonde val, bewaar God eerstens in hulle sy onverganklike saad waaruit hulle weergebore is, sodat dit nie vergaan of vernietig word nie. Tweedens vernuwe Hy hulle deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot bekering. Die gevolg is dat hulle oor die sondes wat hulle gedoen het van harte en volgens die wil van God berou het en deur die geloof, met 'n gebroke hart, vergifnis in die bloed van die Middelaar begeer

en verkry. So besef hulle weer die genade van God wat nou met hulle versoen is, aanbid hulle sy ontferming en trou om daarna met groter ywer hulle eie heil met vrees en bewing uit te werk.

8. Dat hulle nie heeltemal uit die geloof en die genade uitval of ook tot die einde in die sonde bly of verlore gaan nie, verkry hulle nie deur hulle eie verdienste of inspanning nie, maar weens die genadige barmhartigheid van God. As dit van hulle afgehang het, kon dit nie alleen maklik gebeur het nie, maar sou dit ook ongetwyfeld gebeur het. Maar omdat dit van God afhang, kan dit glad nie gebeur nie. Immers, sy raad kan nie verander, sy belofte kan nie verbreek, die roeping na sy voorneme kan nie herroep, die verdienste, voorbidding en bewaring van Christus kan nie kragteloos gemaak word nie, net so min as wat die verseëling deur die Heilige Gees verydel of vernietig kan word.

9. Die gelowiges kan sekerheid hê van hierdie bewaring van die uitverkorenes tot die saligheid en van die volharding van die ware gelowiges in die geloof. Hulle het hieroor sekerheid volgens die maat van die geloof waarmee hulle seker glo dat hulle ware en lewende lidmate van die kerk is en altyd sal bly en dat hulle vergifnis van sondes en die ewige lewe het.

10. Hierdie sekerheid spruit dus nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar uit die geloof aan die beloftes van God wat Hy in sy Woord baie oorvloedig tot ons troos geopenbaar het; uit die getuienis van die Heilige Gees: Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, mede-erfgename van Christus (Rom. 8:16-17), en, laastens, uit die ernstige en heilige strewe na 'n goeie gewete en goeie werke. As die uitverkorenes van God in hierdie wêreld nie hierdie vaste troos het dat hulle die oorwinning sal behou en hierdie onfeilbare pand van die ewige heerlikheid sou besit nie, dan sou hulle die ellendigste van al die mense wees.

Rom 8:16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;
Rom 8:17 en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.

11. Voorts getuig die Skrif dat die gelowiges in hierdie lewe teen verskillende sondige vertwyfelings stry en, as hulle in ernstige versoekings kom, nie altyd hierdie volle geloofsvertroue en hierdie sekerheid van die volharding ondervind nie. Maar God, die Vader van alle vertroosting, laat nie toe dat hulle bo hulle kragte versoek word nie, maar gee saam met die versoeking ook die uitkoms (1 Cor 10:13), en deur die Heilige Gees maak Hy steeds weer die sekerheid van die volharding in hulle wakker.

1 Cor 10:13 Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.

12. Dit is egter totaal onmoontlik dat hierdie sekerheid van die volharding die ware gelowiges hoogmoedige en sorglose mense sou maak. Inteendeel, dit is 'n ware wortel waaruit die nederigheid, die kinderlike vrees, die ware

vroomheid, die volharding in alle stryd, die vurige gebede, die standvastigheid onder die kruis, die standvastigheid in die belydenis van die waarheid en die standvastigheid van 'n blywende vreugde in God spruit. Ook is die oordenking van hierdie weldaad vir hulle 'n aansporing tot ernstige en aanhoudende beoefening van dankbaarheid en goeie werke, soos uit die getuienisse van die Skrif en die voorbeelde van die heiliges blyk.

13. Wanneer die vertroue in die volharding weer lewendig word in hulle wat uit 'n val in sonde weer opgerig word, bring dit geen ligsinniglieid of verwaarlosing van die vroomheid nie, maar eerder 'n baie groter begeerte om nougeset in die paaie van die Here te wandel. Hierdie paaie is vantevore gemaak. Wanneer hulle daarop loop, behou hulle gevolglik die sekerheid van hulle volharding. 'n Verdere gevolg is dat die aangesig van die versoende God - waarvan die aanskouing vir die gelowiges soeter as die lewe en die verberging bitterder as die dood is - nie weer weens hulle misbruik van sy Vaderlike goedheid van hulle afgewend word en hulle só in swaarder gemoedskwellings verval nie.
14. Dit het God behaag om hierdie Goddelike genadewerk deur middel van die verkondiging van die evangelie in ons te begin. So bewaar Hy dit, sit Hy dit voort en voleindig Hy dit deur die aanhoor, die lees en die oordenking van die evangelie, deur die aansporing, vermanings en beloftes daarin en ook deur die gebruik van die heilige sakramente.
15. Hierdie leer van die volharding van die ware gelowiges, dit wil sê die heiliges, en van die sekerheid daaroor, het God tot eer van sy Naam en tot troos van die gelowiges uitvoerig in sy Woord geopenbaar en in die harte van die gelowiges ingeprent. Die sondige natuur verstaan hierdie leer nie, die Satan haat dit, die wêreld bespot dit, onkundiges en huigelaars misbruik dit en dwaalgeeste bestry dit. Die Bruid van Christus het dit egter altyd as 'n skat van onberekenbare waarde innig liefgehad en dit volhardend verdedig. God sal sorg dat die kerk dit ook in die toekoms doen. Teen God kan geen beplanning stand hou nie, nog minder kan geweld iets teen Hom vermag. Aan hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Verwerping van die dwalings:

Die regsinnige leer is nou uiteengesit.

1. Daarom verwerp die Sinode die dwaling van hulle wat leer: Die volharding van die ware gelowiges is nie 'n vrug van die uitverkiesing of 'n gawe van God wat deur die dood van Christus verwerf is nie. Dit is 'n voorwaarde (soos hulle sê) van die nuwe verbond wat die mens, voor sy finale uitverkiesing en regverdiging, deur sy vrye wil moet volbring.
   Die Sinode leer: Die heilige Skrif getuig immers dat die volharding die vrug is van die uitverkiesing en dat dit deur die krag van die dood, die opstanding en die voorbidding van Christus aan die uitverkorenes gegee word: Die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard (Rom. 11:7), ook Romeine 8:32-35 (Rom. 8:32-35): Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons

ook alles genadiglik skenk nie? Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit watregverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus?

Rom 11:7 Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard.
Rom 8:32 Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?
Rom 8:33 Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak.
Rom 8:34 Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.
Rom 8:35 Wie sal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?

2. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God gee die gelowige wel genoeg krag om te volhard en is bereid om dit in hom te bewaar, mits die mens sy plig doen. Al is alles wat nodig is om in die geloof te volhard en wat God wil gebruik om die geloof te bewaar, ook in werking gestel, dan nog hang dit altyd van die oordeel van die wil af of die mens sal volhard of nie sal volhard nie.
Die Sinode leer: Hierdie mening is duidelik 'n Pelagiaanse dwaling. Terwyl dit die mense vry wil maak, beroof hulle God van sy eer. Dit is ook in stryd met die deurlopende getuienis van die evangeliese leer wat die mens alle stof tot roem ontneem en die lof vír hierdie weldaad alleen aan die genade van God toeskryf. Dit is verder ook in stryd met die uitspraak van die apostel: Dit is God wat ons ook sal bevestig tot die einde toe, om in die dag dat onse Here Jesus Christus onberispelik te wees (1 Cor 1:8).

1 Cor 1:8 wat julle ook sal bevestig tot die einde toe, om in die dag van onse Here Jesus Christus onberispelik te wees.

3. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die ware gelowiges en wedergeborenes kan nie alleen heeltemal en onherroeplik uit die regverdigende geloof, die genade en saligheid uitval nie, maar val inderdaad ook dikwels daar uit en gaan vir ewig verlore.
Die Sinode leer: Hierdie opvatting maak juis die genade van die regverdiging en die wedergeboorte en die voortdurende bewaring deur Christus kragteloos. Dit is ook in stryd met die nadruklike woorde van die apostel Paulus: As Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was, veel meer dan sal ons, noudat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn (Rom. 5:8-9), en van die apostel Johannes: Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore (1 Joh. 3:9). Net so is dit in teëspraak met die woorde van Jesus Christus: Ek gee my skape die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal: en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie (Joh. 10:28-29).

Rom 5:8 maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.
Rom 5:9 Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.
1 Joh. 3:9 Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.
Joh 10:28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.
Joh 10:29 My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie.

4. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die ware gelowiges en wedergeborenes kan die sonde tot die dood of dié teen die Heilige Gees begaan.
Die Sinode leer: Dieselfde apostel Johannes, nadat hy in 1 Johannes 5:16, 17 (1 Joh. 5:16-17) melding gemaak het van hulle wat tot die dood sondig, en dit verbied het om vir hulle te bid, voeg dadelik in v. 18 daarby: Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig (naamlik met so 'n sonde) nie, maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie (1 Joh. 5:18).

1 Joh. 5:16 As iemand sy broeder 'n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee--vir die wat nie 'n sonde tot die dood doen nie. Daar is 'n sonde tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie.
1 Joh. 5:17 Alle ongeregtigheid is sonde, en daar is 'n sonde wat nie tot die dood is nie.
1 Joh. 5:18 Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie.

5. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: 'n Mens kan in hierdie lewe geen sekerheid van die toekomstige volharding sonder 'n besondere openbaring besit nie.
Die Sinode leer: Deur hierdie leer word die vaste troos wat die ware gelowiges in hierdie lewe het, weggeneem en die twyfel van die pousgesindes weer in die kerk ingevoer. Die heilige Skrif lei egter hierdie sekerheid nie telkens uit 'n besondere en buitengewone openbaring af nie, maar uit die kenmerke wat aan die kinders van God eie is, en uit die standhoudende beloftes van God. Dit kom veral na vore by die apostel Paulus in Romeine 8:39: Geen skepsel sal ons skei van die liefde van God wat daar in Christus onde Here is nie en by Johannes: Hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat hy ons gegee het (1 Joh. 3:24).

1 Joh. 3:24 En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het.

6. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die leer van die sekerheid van die volharding en van die saligheid is, kragtens sy eie aard en wese, 'n kussing vir die sondige natuur en skadelik vir die vroomheid, goeie sedes, gebede en ander heilige handelinge. Daarteenoor is dit selfs lofwaardig om daaraan te twyfel.

Die Sinode leer: Daarmee wys hulle immers dat hulle die krag van die Goddelike genade en die werking van die Heilige Gees wat in ons woon nie ken nie. Ook weerspreek hulle die apostel Johannes wat met uitdruklike woorde die teendeel in sy, eerste brief leer: Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, wanneer Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is (1 Joh. 3:2-3). Buitendien word hulle weerlê deur die voorbeeld van die heiliges van die Ou en Nuwe Testament. Hoewel hulle van hulle volharding en saligheid seker was, het hulle nogtans in die gebede en ander geloofshandelinge volhard.

1 Joh. 3:2 Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.
1 Joh. 3:3 En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.

7. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die geloof van hulle wat slegs 'n tyd lank glo, verskil net in tydsduur van die regverdigende en saligmakende geloof.
Die Sinode leer: Christus stel immers self duidelik in Matteus 13:20 (Matt. 13:20) en Lukas 8:13 (Luk. 8:13) en volgende verse nog 'n drieledige onderskeid vas tussen hulle wat net 'n tyd lank glo en die ware gelowiges. Hy sê: Eersgenoemdes ontvang die saad op rotsagtige grond, maar die gelowiges in goeie grond of in goeie harte; eersgenoemdes is sonder wortel, maar die gelowiges het 'n vaste wortel; eersgenoemdes dra nie vrug nie, maar die gelowiges dra met standvastigheid of volharding in verskillende mate hulle vrugte.

Mat 13:20 En by wie op rotsagtige plekke gesaai is--dit is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem;
Luk 8:13 En dié op die rots is hulle wat die woord met blydskap ontvang wanneer hulle dit hoor; en hulle het geen wortel nie, aangesien hulle net vir 'n tyd glo, en in die tyd van versoeking val hulle af.

8. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Dit is nie ongerymd dat die mens sy eerste wedergeboorte verloor en daarna weer, selfs baie keer, weergebore word nie.
Die Sinode leer: Met hierdie leer ontken hulle die onverderflikheid van die saad van God waardeur ons weergebore word, en kom hulle in stryd met die getuienis van die apostel Petrus: Julle wat wedergebore is, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike (1 Pet 1:23).

1 Pet 1:23 want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.

9. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Christus het nêrens gebid dat die gelowiges in die geloof onfeilbaar sou volhard nie
Die Sinode leer: Hulle weerspreek Christus self, wat sê: Maar Ek het vir jou gebid, Petrus, dat jou geloof nie mag ophou nie (Luk. 22:32); en die

evangelis Johannes, wat getuig dat Christus nie alleen vir die apostels gebid het nie, maar ook vir almal wat deur hulle woord sou glo: Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam en: Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar (Joh. 17:11;Joh. 17:15;Joh. 17:20).

Luk 22:32 Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.
Joh 17:11 En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons.
Joh 17:15 Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.
Joh 17:20 Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo--

Besluit

Die voorgaande is dan die duidelike, eenvoudige openhartige verklaring van die regsinnige leer aangaande die Vyf Artikels waaroor in Nederland verskil van mening is. Tegelykertyd is dit die verwerping van die dwalings waardeur die Nederlandse kerke 'n tyd lank in beroering was. Die Sinode oordeel dat hierdie uiteensetting en verwerping uit die Woord van God geneem is en met die belydenisse van die Gereformeerde Kerke ooreenstem. Hieruit blyk dit duidelik dat mense vir wie dit allermins betaamlik was, in stryd met alle waarheid, eerlikheid en liefde die volk die volgende wou wysmaak:

dat hierdie leer 'n oorkussing van die duiwel en die sondige natuur en 'n vesting van die Satan is, waaruit hy vir alle mense hinderlae opstel, die meeste verwond en baie met pyle òf van wanhoop òf van sorgeloosheid dodelik tref;

dat hierdie leer God tot outeur van die sonde, 'n onregverdige, 'n tiran en 'n huigelaar maak en dat dit niks as die herleefde leer van die Stoïsyne, Manigeërs, Libertyne en Moslems is nie;

dat hierdie leer die mense sorgloos maak en dat hulle hulle daardeur verbeel dat, op watter wyse hulle ook al leef, dit nie die saligheid van die uitverkorenes verhinder nie en dat hulle gevolglik sonder kommer allerhande afskuwelike sondes kan doen;

dat dit die verworpenes nie tot saligheid strek nie, selfs al sou hulle inderdaad ook al die werke van die gelowiges verrig;

dat volgens hierdie leer God enkel en alleen deur sy wilsbesluit en sonder oorweging of inagneming van enige sonde van enig-iemand die grootste deel van die wêreld vir die ewige verderf voorbeskik en geskep het;

dat net soos die verkiesing die fontein en die oorsaak van die geloof en die goeie werke is, die verwerping ook so die oorsaak van die ongeloof en goddeloosheid is;

dat baie onskuldige kinders van gelowiges van die moederbors weggeruk en op wreedaardige wyse in die hel gegooi word, sonder dat die bloed van Christus of hulle doop of die gebede van die kerk by hulle doop vir hulle tot voordeel kan wees.

En watter baie ander soortgelyke bewerings is daar nie wat die Gereformeerde Kerke nie alleen nie aanvaar nie maar ook van maar ook van ganser harte verfoei!

Daarom doen hierdie Sinode van Dordrecht in die Naam van die Here 'n beroep op almal wat die Naam van ons Verlosser Jesus Christus gelowig aanroep, om die geloof van die Gereformeerde Kerke nie te beoordeel op grond van hier en daar saamgeroepte lasteringe of op grond van persoonlike uitsprake van verskeie ouer of jonger leraars nie. Hierdie uitsprake word dikwels slegs met kwade bedoelings aangehaal of vermink en tot 'n verkeerde betekenis verdraai. Hulle moet eerder op grond van die openbare belydenisse van genoemde Gereformeerde Kerke oordeel en op grond van hierdie uiteensetting van die regsinnige leer wat met algemene instemming van almal saam en van elke lid van die hele Sinode afsonderlik vasgestel is.

Vervolgens vermaan die Sinode hierdie lasteraars ernstig dat hulle moet besef watter swaar oordeel van God hulle oor hulleself bring as hulle teen soveel kerke en teen die belydenisse van soveel kerke valse getuienis gee, die gewetens van die swakkeres in beroering bring en naarstiglik streef om by baie mense die gemeenskap van die ware gelowiges verdag te maak.

Ten slotte doen hierdie Sinode 'n beroep op alle mededienaars in die evangelie van Christus om hulle in die behandeling van hierdie leer in die skole en in die kerke vroom en gelowig te gedra. Hulle moet hierdie leer sowel mondeling as skriftelik tot eer van Naam van God, tot heiligmaking van die lewe en tot troos van die verslae harte uitlê. Hulle moet in ooreenstemming met die Skrif nie alleen na die reël van die geloof dink nie maar ook praat. Eindelik moet hulle hulle weerhou van alle uitsprake wat die voorgeskrewe perke van die ware strekking van die Heilige Skrif oorskry. Sulke uitsprake kan aan die skaamtelose dwaalleraars 'n gegronde rede gee om die leer van die Gereformeerde Kerke sleg te maak Of te belaster.

Mag die Seun van God, Jesus Christus, wat aan die regterhand van die Vader sit en aan die mense gawes gee, ons in die waarheid heilig. Mag Hy hulle wat dwaal, tot die waarheid lei en die lasteraars van die gesonde leer die mond snoer. Mag Hy die getroue dienaars van sy Woord die Gees van wysheid en onderskeiding gee, sodat al hulle uitsprake tot eer van God en tot opbouing van hoorders mag strek. Amen.

Dordtse Leereëls Simpson

BEGELEIDENDE BRIEF H.W. SIMPSON

Hierby ingesluit my voorstel vir die Hersiening van die Vertaling van die Dordtse Leerreëls. Ten opsigte hiervan die volgende opmerkings:

Die vertaling van die Dordtse Leerreëls onder die Drie Formuliere van Eenheid in die Derde Hersiene Uitgawe van 1992 van die Berymde Psalms en Skrifberymings, uitgegee deur die Calvyn-Jubileumboekefonds, ISBN 0-86955-110-8 , is as uitgangspunt vir die hersiening van die vertaling gebruik. Dit is ook vergelyk met die 1619-Nederlandse tEx

Vir die Latynse teks is daar verskeie uitgawes beskikbaar. Die volgende was tot my beskikking:

MÜLLER, E.F.K., Hrsg. 1903. Die Bekenntnisschriften der reformierten Kirche: in authentischen Texten mit geschichtlicher Einleitung und Register. Leipzig: A.Deichert'sche Verlagsbuchhandlung Nachf. (Georg Böhme.) 976 p.

SCHAFF,P., ed. 1990. The Creeds of Christendom, Vol. III: The Evangelical Protestant Creeds. Revised by David S. Schaff. Grand Rapids, Mich.: Baker Book House. 966 p. (p. 550 - 580).

BAKHUIZEN VAN DEN BRINK, J.N., Samest. 1940. De Nederlandsche Belijdenisgeschriften: vergelijkende tekste. Amsterdam: Uitgeversmaatschappij Holland. 287p. (p. 218 - 281).
(Hierdie laaste uitgawe bevat die amptelike Latynse teks van 1619. Bakhuizen van den Brink het hierdie teks vergelyk met die oorspronklike eksemplaar wat aan die State-Generaal voorgelê is, asook die teks wat in die Acta van hierdie Sinode opgeneem is. (Vgl. Bakhuizen van den Brink, 1940:45).)

Hierdie samestellers is dit almal eens dat die Latynse teks die amptelike teks van die Sinode was en dat dit ook as sodanig opgeneem is in die Acta van die 136ste Sessie van die Sinode (p. 240 - 275) . Die Uitspraak van die Sinode is in die volgende twee Sessies hanteer en opgeneem in die Acta p. 275 - 278. Daarna is die Voorwoord op die 140ste Sitting vasgestel en opgeneem in die Acta p 283 - 286.

Elke Hoofstuk is afsonderlik deur die afgevaardigdes onderteken en so ook die Uitspraak en Approbatio. Die ondertekende (Latynse) teks is ongetwyfeld die amptelike tEx Dit is te verstane in die lig daarvan dat hierdie Sinode in 'n sekere sin 'n ekumeniese Sinode was met afgevaardigdes van Engeland, Duitsland, Frankryk, Switserland, en die hele Nederland. Die Nederlandse weergawe gedateer 6 Mei 1619 meld trouens uitdruklik dat hierdie uitgawe "Uyt het Latijn getrouwelijk in't Nederduytsch overgheset" is. (Vgl. Addendum B, p. 72 infra.).

Die teks van Bakhuizen van den Brink is vergroot, met 'n aftaster in die rekenaar ingelees

en met die Afrikaans (tesame met die 1619-Nederlandse teks) gekorreleer.

In die lig van die belangrikheid van die belydenisskrifte sal u my sekerlik vergun om met 'n enkele aanbeveling te kom. Dit is naamlik dat ek deurgaans ervaar het dat ons met sekondêre materiaal werk. In die lig van die groter openheid van oorsese biblioteke om Suid-Afrikaners behulpsaam te wees met bibliografiese materiaal is dit sekerlik die aangewese weg om hierdie tekste eerstehands te bekom by wyse van fotokopieë of microfiche's. Ek is seker daarvan dat goeie vriende soos Proff. Willem van't Spyker en Wilhelm Neuser asook Cor Brill by die Amsterdamse Universiteit behulpsaam sal wees om die oorspronklike tekste tot ons beskikking te stel, sodat ons self die outentisiteit van hierdie tekste kan bepaal en dus nie afhanklik hoef te wees van sekondêre bronne nie.

DIE DORDTSE LEERREËLS

Hierdie Belydenisskrif was die beslissing van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke van die Verenigde Nederlande, wat in die jare 1618 en 1619 in Dordrecht gehou is, oor die bekende vyf leerstellings van die Remonstrante waaroor daar in die Gereformeerde Kerke verskil ontstaan het.

VOORWOORD

IN DIE NAAM VAN ONS HERE EN VERLOSSER JESUS CHRISTUS

Die Here en ons Verlosser Jesus Christus het 'n uiters groot aantal vertroostinge in hierdie ellendige bestaan aan sy strydende kerk gegee. Tereg word die troos wat Hy by sy vertrek na sy Vader in sy hemelse heiligdom vir die kerk agtergelaat het, as die belangrikste beskou. Hy het naamlik gesê: Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld (Mat. 28:20). Die waaragtigheid van hierdie belofte skitter duidelik in die kerk van alle tye. Dit is immers van die begin af nie alleen deur openlike geweld van die vyande daarvan en deur die goddeloosheid van ketters geteister nie, maar ook deur die openlike slinksheid van verleiers. As die Here sy kerk trouens ooit in die heilsame bystand van die belofte van sy nabyheid in die steek sou gelaat het, sou dit lankal deur die geweld van tiranne onderdruk of deur die bedrog van bedrieërs die verderf in verlei gewees het. Maar Hy, die goeie Herder, het sy kudde vir wie Hy sy lewe afgelê het, met die grootste betroubaarheid lief gehad; Hy het altyd betyds en dikwels met sy uitgestrekte hand die woede van die vervolgers van die kerk wonderbaarlik onderdruk en die kronkelpaaie en bedrieglike planne van verleiers ontmasker en vernietig . In albei gevalle het Hy getoon dat Hy sy kerk ten nouste naby is. Daar bestaan voortreflike getuienis hiervan in die annale van godvrugtige keisers, konings en prinse wat die Seun van God so dikwels verwek het om sy kerk by te staan en met heilige ywer vir sy huis laat brand het . Deur hulle toedoen het Hy nie alleen die woede van tiranne aan bande gelê nie, maar ook die middels van heilige Sinodes aan die kerk voorsien wanneer dit in stryd met valse leraars gewikkel was wat die godsdiens op verskillende maniere vervals het. In hierdie Sinodes het getroue diensknegte van Christus met gesamentlike gebede, besluite en inspanning ten behoewe van die kerk en die waarheid van God moedig stand gehou en die kerk onverskrokke teen die dienaars van die Satan beskerm, ten spyte daarvan dat hulle hulle as engele van die lig voorgedoen het. Verder het hulle die saad van dwalings en tweedrag uit die weg geruim, die kerk in eensgesindheid van die suiwer godsdiens bewaar en die opregte diens aan God onvervalsd aan die nageslag oorgelewer.

Ons getroue Verlosser het sy genadige nabyheid in hierdie tyd op soortgelyke wyse aan die kerk in Nederland betuig wat verskeie jare lank tot die uiterste toe geteister is. Hierdie kerk is trouens deur die magtige hand van God van die tirannie van die Roomse Antichris en die verskriklike afgodediens van die pousdom verlos; so dikwels is dit in die gevare van langdurige oorlog wonderbaarlik beskerm en dit het tot lof van sy God, tot wonderlike groei van die staat en tot die vreugde van die ganse Gereformeerde wêreld in eensgesindheid van leer en tug geblom. Jakobus Arminius en sy navolgers, wat as Remonstrante bekend staan, het dit daarna egter eers in die geheim maar uiteindelik in die openbaar met verskeie bekende sowel as nuwe dwalinge aangeval. Hierdeur is die kerk hardnekkig deur afstootlike twis en skeuring in beroering gebring en hulle het dit in so 'n groot krisis gedompel dat die mees bloeiende kerk as gevolg van die verskriklike ontbranding van twiste en skeuring uiteindelik in vlamme sou opgegaan het as die ontferming van ons Verlosser nie tydig tussenbeide getree het nie.

Maar aan die Here kom lof toe tot in ewigheid. Nadat Hy vir 'n rukkie sy aangesig vir ons verberg het omdat ons sy toorn en verontwaardiging op baie maniere uitgelok het, het Hy aan die hele wêreld bewys dat Hy sy verbond nie vergeet het nie en dat Hy die versugtinge van die wat aan Hom behoort, nie versmaai nie. Menslikerwys kon daar

beswaarlik enige teenmiddel te voorskyn tree. Daarom het Hy die ingewing aan beroemde maghebbers in die State Generaal van die Nederlandse verbond gegee om volgens die advies en aanwysing van die deurlugtige en moedige Prins van Oranje die beslissing te neem om hierdie euwels wat hulleself uitwoed, met wetlike middels teen te gaan. Hierdie middels was volgens die voorbeeld van die apostels en die wat daarop gevolg het, met die lang verloop van tyd deur die Christelike kerk goedgekeur en tevore ook met groot vrug in die Nederlandse kerk gebruik. Hulle het ook besluit om uit al die provinsies waaroor hulle bevel gehad het, op hulle eie gesag 'n Sinode by Dordrecht byeen te roep nadat hulle daartoe versoek is en hulle ook begunstig is deur die baie vriendelike en magtige koning van Groot Brittanje, Koning Jakobus, uitmuntende prinse, rade en state en hulle hierbenewens ook 'n baie groot aantal van die belangrikste teoloë bekom het sodat die leerstellings van Arminius en sy navolgers deur die algemene oordeel van soveel teoloë sorgvuldig in 'n plegtige Sinode ondersoek kon word om uit die Woord van God alleen daaroor te oordeel ; verder dat die ware leer bevestig en die valse leer verwerp kon word, en dat eensgesindheid, vrede en rus met God se seën weer in die kerke in Nederland herstel kon word. Dit is oor hierdie weldaad van God waaroor die Nederlandse kerke verheug is, en hulle erken nederig die getroue medelye van hulle Verlosser en verkondig dit met dankbaarheid.

Hierdie agbare Sinode is gevolglik op gesag van die hoogste owerheid in al die kerke in Nederland voorafgegaan deur die aansegging en huldiging van vas en gebede om God se toorn af te bid en Hom om sy genadige bystand te smeek. Die Sinode is aangevuur deur liefde vir die mag van God en vir die welvaart van die kerk en het in Dordrecht in die Naam van die Here vergader. Na aanroeping van God se Naam, is die Sinode deur 'n heilige eed daartoe verbind om die heilige Skrif alleen as maatstaf vir sy beoordeling te aanvaar en in die ondersoek en oordeel van hierdie saak met 'n goeie en onpartydige gewete op te tree. Die Sinode het ywerig en met groot geduld daaraan gewerk om die belangrikste voorstanders van hierdie leerstellings voor hulle te daag en hulle daartoe te beweeg om hulle opvatting oor die vyf bekende hoofpunte van hulle leer en die redes vir hulle opvattings vollediger uiteen te sit. Hulle het egter die oordeel van die Sinode verwerp en geweier om op 'n billike manier op die vrae te antwoord. Nog die teregwysings van die Sinode, nog die opdragte van die uitmuntende en magtige verteenwoordigers van die State Generaal, ja, selfs nie eens die bevele van die uitnemende maghebbers van die State Generaal kon by hulle enige vordering maak nie. Hierdie Sinode was dus op las van dieselfde maghebbers en volgens 'n gewoonte wat al lankal reeds in Sinodes van ouds in swang was, genoodsaak om ' n ander weg te betree. Daarom is 'n ondersoek ingestel na daardie vyf hoofpunte van hulle leerstelllings wat gedeeltelik reeds tevore die lig gesien het en wat gedeeltelik aan hierdie Sinode beskikbaar gestel is. Deur die sonderlinge genade van God is hierdie ondersoek met die grootste sorgvuldigheid, betroubaarheid en goeie gewete, en met die instemming van almal saam en elkeen afsonderlik afgehandel. Gevolglik het hierdie Sinode besluit om tot Gods eer en met die oog daarop om die suiwerheid van die heilswaarheid, die rustigheid van ons gewetens en die rus en welvaart van die Nederlandse kerk ter harte te neem, die volgende beslissing bekend te stel. Hierin word die Sinode se opvatting wat waaragtig en in ooreenstemming met die Woord van God is, oor die voorgenoemde vyf hoofpunte van hulle leer uiteengesit en as vals en in stryd met die Woord van God verwerp.

Hoofstuk 1 : God se Voorbeskikking

*Artikel **1.***

Alle mense het in Adam gesondig en hulle aan die vloek van die ewige dood skuldig gemaak. Daarom sou God niemand veronreg het as dit sy wil was om die hele mensdom in die sonde en vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel nie. Gevolglik leer die apostel: Die hele wêreld is voor God doemwaardig. Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God (Rom 3:19, Rom 3:23), en: Die loon van die sonde is die dood (Rom 6:23).

*Artikel **2.***

Die liefde van God is egter hierin geopenbaar dat Hy sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (1Jo 4:9; Joh 3:16).

*Artikel **3.***

Om mense tot die geloof te bring stuur God uit genade verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hulle diens word mense geroep tot bekering en die geloof in Christus, die gekruisigde, want: Hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? (Rom 10:14-15).

*Artikel **4.***

Die toorn van God bly op mense wat hierdie evangelie nie glo nie. Hulle wat die evangelie egter aanneem en die Verlosser, Jesus, met 'n ware en lewende geloof omhels, word deur Hom van die toorn van God en van die verderf verlos, en Hy skenk hulle die ewige lewe (Joh 3:36; Mar 16:16).

*Artikel **5.***

Die oorsaak of skuld van hierdie ongeloof, net soos van alle ander sondes, lê beslis nie by God nie maar by die mens. Die geloof in Jesus Christus en die saligheid deur Hom is egter 'n genadegawe van God. Soos geskrywe is: Uit genade is julle gered, deur die

geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God (Eph 2:8); ook: Dit is aan julle genadiglik gegee om in Christus te glo (Phi 1:29).

*Artikel **6.***

Dat God aan sommige mense in die tyd die gawe van die geloof skenk en aan ander dit nie skenk nie, volg uit sy ewige besluit. Immers: Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend (Act 15:18), en Hy doen alles volgens die raad van sy wil (Eph 1:11). Volgens hierdie besluit maak God genadiglik die harte van die uitverkorenes ontvanklik - hoe verhard hulle ook al mag wees - en buig hulle om tot geloof. Hulle wat egter nie uitverkies is nie, laat Hy volgens sy regverdige oordeel in hulle boosheid en verharding bly. Hierin veral kom vir ons tot openbaring die diepe, barmhartige en tegelyk regverdige onderskeiding tussen die mense, wat almal ewe verlore is. Dit is die besluit van die uitverkiesing en verwerping wat in die Woord van God geopenbaar is. Verkeerde, onreine en onstandvastige mense verdraai hierdie leer tot hulle eie verderf, maar aan die heiliges en godvresendes gee dit onuitspreeklike troos.

*Artikel **7.***

Hierdie uitverkiesing is 'n onveranderlike voorneme van God. Daarvolgens het Hy nog voor die skepping 'n sekere aantal mense uit die hele mensdom uitverkies. Hierdie mensdom het deur hulle eie skuld van hulle oorspronklike ongeskondenheid in sonde en verderf verval. Die uitverkorenes is dus nie beter of waardiger as ander nie maar verkeer saam met die ander in die gemeenskaplike ellende. Nogtans het Hy hulle, uit volkome vrye welbehae van sy wil en uit louter genade, tot die saligheid in Christus uitverkies. God het Christus ook van ewigheid af tot Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes en tot fondament van die saligheid gestel. So het Hy ook besluit om die uitverkorenes aan Christus te gee om hulle salig te maak. Deur sy Woord en Gees roep en trek God die uitverkorenes kragdadiglik tot gemeenskap met Hom. Hy het dus besluit om aan die uitverkorenes die ware geloof in Christus te gee, hulle te regverdig en te heilig en om hulle, wat kragtig in die gemeenskap van sy Seun bewaar is, uiteindelik as bewys van sy barmhartigheld en tot lof van sy oorvloedige en heerlike genade te verheerlik. Soos geskrywe is: In Christus het God ons uitverkies voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde (Eph 1:4-6); en elders: Die wat Hy vantevore verordineer het, die het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, die het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, die het Hy ook verheerlik (Rom 8:30).

*Artikel **8.***

Hierdie uitverkiesing is nie veelsoortig nie maar een en dieselfde vir almal wat salig word, in die Ou sowel as in die Nuwe Testament. Die Skrif verkondig immers aan ons net een welbehae, voorneme en raad van die wil van God. Hiervolgens het Hy ons van ewigheid af uitverkies tot die genade sowel as tot die heerlikheid, tot die saligheid sowel as tot die weg van die saligheid wat Hy voorberei het, sodat ons daarin kan wandel (Eph 1:4-5; Eph 2:10).

*Artikel **9.***

Hierdie uitverkiesing het nie op grond van 'n vooruitgesiene geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of enige ander goeie hoedanigheid of ooreenkoms tot stand gekom asof dit as rede of voorwaarde vir die uitverkiesing van die mens vereis is nie. Die uitverkiesing is immers die oorsaak van geloof en geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, ens. Daarom is die uitverkiesing die bron van alle saligheid waaruit geloof, heiligheid en al die ander saligmakende gawes, en uiteindelik die ewige lewe self, as vrugte en gevolge daarvan vloei. Die apostel getuig immers: Om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees (Eph 1:4), en nie omdat ons alreeds so was nie.

*Artikel **10.***

Die oorsaak van hierdie genadige uitverkiesing is inderdaad slegs die welbehae van God. Dit bestaan nie daarin dat Hy uit alle moontlikhede sekere menslike hoedanighede of dade as 'n voorwaarde vir die saligheid uitgekies het nie. Dit bestaan wel hierin dat Hy sekere, bepaalde mense uit die hele menigte sondaars as sy eiendom aangeneem het. Soos geskrywe is: Toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie ... is vir haar (nl. Rebekka) gesê.. Die oudste sal die jongste dien. Soos geskrywe is: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat (Rom 9:11-13); en: Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Act 13:48).

*Artikel **11.***

God self is alwys, onveranderlik, alwetend en almagtig, en daarom kan sy daad van uitverkiesing nie onderbreek, verander, herroep of afgebreek word nie. Die uitverkorenes kan ook nie verwerp of hulle getal verminder word nie.

*Artikel **12.***

Die uitverkorenes word op God se tyd van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid verseker. Dit gebeur in verskillende trappe en nie vir almal in gelyke mate nie. Hulle ontvang hierdie versekering nie deur nuuskierig die verborgenhede en dieptes van God te probeer deursoek nie, maar wel deur in hulleself die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing, soos in die Woord van God aangewys, met geestelike blydskap en heilige vreugde waar te neem.

Hierdie onfeilbare vrugte van die uitverkiesing is ware geloof in Christus, die kinderlike vrees van God, die droefheid oor die sonde volgens die wil van God, die honger en dors na die geregtigheid, ens. (2Co 13:5).

*Artikel **13.***

Die kinders van God put uit hulle besef en sekerheid van hierdie uitverkiesing daagliks steeds meer rede om hulle voor God te verootmoedig, om die diepte van sy barmhartighede te eerbiedig, om hulleself te reinig en om Hom, wat hulle eerste so uitnemend liefgehad het, ook van hulle kant vurig lief te hê. Dit is dan ook geheel en al onmoontlik dat hierdie leer van die uitverkiesing en die besinning daaroor die kinders van God sou laat ophou om die gebooie van God te gehoorsaam of dat hulle onverskillig sou word deur 'n sondige lewe te lei. Deur die regverdige oordeel van God is dit juis die geval met hulle wat die genade van die uitverkiesing ligtelik vir hulleself toe-eien of ydellik en ligsinnig daaroor praat, sonder dat hulle begeer om in die weë van die uitverkorenes te wandel.

*Artikel **14.***

Hierdie leer van die Goddelike uitverkiesing is verder, volgens die wyse besluit van God, deur die profete, deur Christus self en deur die apostels in sowel die Ou as die Nuwe Testament verkondig. Daarna is dit in die heilige Skrifte bekend gemaak en bewaar. Daarom moet dit vandag nog op die regte tyd en plek in die kerk van God - waarvoor dit in die besonder bestem is - uiteengesit word. Hierdie leer moet egter oordeelkundig, met gelowige eerbied en heilige ontsag, sonder 'n nuuskierige ondersoek na die weë van die Allerhoogste, verkondig word. Dit alles moet gebeur tot eer van die heilige Naam van God en tot 'n lewende troos vir sy volk (Act 20:27; Rom 12:3; Rom 11:33-34; Heb 6:17-18).

*Artikel **15.***

Verder toon die Heilige Skrif hierdie ewige en onverdiende genade van ons uitverkiesing baie duidelik aan en verkondig dit nadruklik aan ons. Dit betuig bowendien dat nie alle mense uitverkies is nie, maar dat sommige nie uitverkies is nie of in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan is. God het besluit om hulle, na sy volkome vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehae, in die gemeenskaplike ellende te laat bly. Daarin het hulle hulleself deur hulle eie skuld gestort. God het immers besluit om nie aan hulle die saligmakende geloof en die genade van die bekering te gee nie. Om sy geregtigheid te openbaar, het God besluit om hierdie mense aan hulleself oor te laat, hulle onder sy regverdige oordeel te laat bly en om hulle nie alleen oor hulle ongeloof nie maar ook oor al hulle ander sondes te veroordeel en ewig te straf. Dit is die besluit van die verwerping, wat God hoegenaamd nie tot bewerker van die sonde maak nie, want dit sou 'n godslasterlike gedagte wees; inteendeel, dit sê juis dat God 'n gedugte, onberispelike en regverdige Regter is wat die sonde straf.

*Artikel **16.***

Hulle wat die lewende geloof in Christus, die vaste vertroue, die gewetensrus, die beoefening van kinderlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus nog nie kragtig ervaar nie - ofskoon hulle die middele gebruik waardeur God beloof het om hierdie dinge in ons te bewerk - moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie. Hulle moet hulle ook nie onder die verworpenes reken nie maar ywerig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit ook met eerbied en ootmoed verwag. Hulle wat ernstig begeer om hulle tot God te bekeer, om Hom alleen te behaag en van die liggaam van die dood verlos te word maar op die pad van die godsvrug en die geloof nog nie so ver gevorder het as wat hulle wel wou nie, behoort die leer van die verwerping nog baie minder te vrees. Die barmhartige God het immers beloof dat Hy die dowwe lamppit nie sal uitblus en die geknakte riet nie sal verbreek nie. Maar hierdie leer is tereg verskriklik vir almal wat God en die Verlosser, Jesus Christus, vergeet en hulle geheel en al aan wêreldse sorge en sondige begeertes oorgegee het. Dit sal so bly solank hulle hulle nie met erns tot God bekeer nie.

*Artikel **17.***

Die Woord van God, waaruit ons die wil van God leer ken, getuig daarvan dat die kinders van die gelowiges heilig is. Hulle is nie van nature heilig nie maar kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hulle ouers opgeneem is. Godvrugtige ouers moet daarom nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat God in hulle kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie (Gen 17:7; Act 2:39; 1Co 7:14).

*Artikel **18.***

Teen iemand wat oor hierdie genade van die onverdiende uitverkiesing en gestrengheid van die regverdige verwerping in opstand is, stel ons die woorde van die apostel: 0 mens, wie is jy wat teen God antwoord? (Rom 9:20), en ook die woorde van ons Verlosser: Staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie? (Mat 20:15).

Maar ons wat hierdie verborgenhede godvresend eerbiedig, roep saam met die apostel uit: 0, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen (Rom 11:3-36).

Verwerping van die Dwalings waardeur die Nederlandse kerk 'n tyd lank in beroering gebring is

Die voorgaande was 'n uiteensetting van die egte leer oor die uitverkiesing en verwerping

*Artikel **1.***

Die Sinode verwerp daarom die dwaling van hulle wat leer: Die hele en volledige besluit van die uitverkiesing tot saligheid is God se wil om daardie mense salig te maak wat nog sal glo en in die geloof en geloofsgehoorsaamheid sal volhard. Oor hierdie besluit is daar niks anders in die Woord van God geopenbaar nie.

Die Sinode leer: Hierdie dwaalleraars mislei hiermee die eenvoudiges, en hulle weerspreek duidelik die Heilige Skrif. Die Skrif getuig immers dat God nie alleen hulle wat sal glo, wil salig maak nie, maar dat Hy ook sekere bepaalde mense van ewigheid af uitverkies het. God het aan hierdie mense, in onderskeiding van ander, in die tyd die geloof in Christus en die volharding geskenk. Soos geskrywe is: Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U my uit die wêreld gegee het (Joh 17:6). en: Daar het gelowig geword almal wat tot die ewige lewe verordineer was (Act 13:48). Hy het ons uitverkies voor die grondlegging van die wêreld om heilig te wees, ens. (Eph 1:4).

*Artikel **2.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die uitverkiesing van God tot die ewige lewe is veelsoortig: die een is algemeen en onbepaald, die ander is besonder en bepaald. Laasgenoemde val weer in twee dele uiteen: Dit is òf 'n onvolkome, herroeplike, nie-beslissende en voorwaardelike uitverkiesing òf 'n volkome, onherroeplike, beslissende en volstrekte uitverkiesing. Verder: Daar is een uitverkiesing tot die geloof en 'n ander tot die saligheid, dit wil sê daar kan 'n uitverkiesing tot die regverdigmakende geloof wees sonder dat daar 'n beslissende uitverkiesing tot saligheid hoef te wees.

Die Sinode leer: Dit is 'n versinsel van die menslike verstand wat buite die Skrif om uitgedink is. Dit vernietig die leer van die uitverkiesing en verbreek hierdie goue ketting van ons saligheid: Die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik (Rom 8:30).

*Artikel **3.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die welbehae en voorneme van God,

waarvan die Skrif in die leer van die uitverkiesing melding maak, bestaan nie daarin dat God sekere bepaalde mense bo ander uitverkies het nie. Dit bestaan daarin dat God uit alle moontlike voorwaardes - soos byvoorbeeld die werke van die wet - of uit die orde van alle dinge die wesenlik onverdienstelike daad van die geloof en die onvolmaakte gehoorsaamheid daaraan tot 'n voorwaarde vir die saligheid gekies het. Dit sou Hy dan genadiglik as 'n volkome gehoorsaamheid wou reken en dit waardig wou ag om met die ewige lewe te beloon.

Die Sinode leer: Hierdie skadelike dwaling maak die welbehae van God en die verdienste van Christus kragteloos. Terselfdertyd word die mense deur nuttelose vrae van die waarheid van die genadige regverdigmaking en van die eenvoud van die Skrif weggelei. Daarmee word hierdie uitspraak van die apostel as onwaar bestempel: God het ons geroep met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is (2Ti 1:9).

*Artikel **4.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die voorwaarde wat vir die uitverkiesing tot die geloof vereis word, is dat die mens die lig van die natuur reg moet gebruik en vroom, klein, nederig en geskik vir die ewige lewe moet wees - asof die uitverkiesing in enige opsig van hierdie dinge sou afhang.

Die Sinode leer: Dit klink na Pelagius en is in stryd met die leer van die apostel waar hy skryf: Ons het vroeër gewandel in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander. Maar God wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus - uit genade is julle gered - en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus. Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie (Eph 2:3-9).

*Artikel **5.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die onvolkome en nie-beslissende uitverkiesing van spesifieke mense tot saligheid het tot stand gekom uit die vooruitgesiene geloof, bekering, heiligheid en godsvrug, wat òf net begin het òf al 'n tyd lank geduur het. Die volkome en beslissende uitverkiesing het egter tot stand gekom uit die volharding in die vooruitgesiene geloof, in bekering, in heiligheid en in godsvrug tot die einde toe. Dit is die waarde van die genade en die evangelie waarvolgens hy wat uitverkies word, waardiger is as hy wat nie uitverkies word nie. Die geloof,

geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, godsvrug en volharding is dus nie vrugte of gevolge van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie maar noodsaaklike voorwaardes daarvoor en oorsake daarvan. In die geval van uitverkorenes is dit volledige voorvereistes en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het.

Die Sinode leer: Dit is in stryd met die hele Skrif, wat hierdie en dergelike uitsprake telkens weer in ons ore en harte inskerp: Die uitverkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep (Rom 9:1); Daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe (Act 13:48); Hy het ons in Hom uitverkies ... om heilig ... te wees (Eph 1:4); Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle, uitverkies (Joh 15:16); As dit deur genade is, is dit nie meer uit die werke nie (Rom 11:6); Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het (1Jo 4:10).

*Artikel **6.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Nie elke uitverkiesing tot saligheid is onveranderlik nie, maar sommige uitverkorenes kan verlore gaan en gaan inderdaad ook vir ewig verlore, nieteenstaande enige besluit van God.

Die Sinode leer: Met hierdie growwe dwaling maak hulle God veranderlik en vernietig die troos wat die vromes uit die vastigheid van hulle uitverkiesing put. Ook weerspreek hulle die Heilige Skrif, wat leer dat die uitverkorenes nie verlei kan word nie (Mat 24:24); dat Christus almal wat deur die Vader aan Hom gegee is, nie sal verloor nie (Joh 6:39) en dat God die wat Hy vantevore verordineer, geroep en geregverdig het, ook verheerlik het (Rom 8:30).

*Artikel **7.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Daar is in hierdie lewe geen vrug, geen besef en geen sekerheid van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie, behalwe dié wat van 'n veranderlike en toevallige voorwaarde afhang.

Die Sinode leer: Nie alleen is dit ongerymd om te beweer dat daar 'n onsekere sekerheid is nie, maar dit stry ook met die ervaring van die heiliges. Uit die besef van hulle uitverkiesing verheug die heiliges hulle saam met die apostel en roem hulle in hierdie weldaad van God (Eph 1). Volgens die vermaning van Christus verbly hulle hulle saam met die dissipels dat hulle name in die hemel opgeskrywe is (Luk 10:20). Ook stel hulle die besef van hulle uitverkiesing teenoor die vurige pyle van die aanvalle van die duiwel, terwyl hulle vra: Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? (Rom 8:33).

*Artikel **8.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God het oor niemand bloot kragtens sy regverdige wil besluit om hom in die val van Adam en in die gemeenskaplike staat van sonde en verdoemenis te laat bly nie. Ook het Hy in die gee van die genade wat vir die geloof en bekering nodig is, besluit om niemand verby te gaan nie.

Die Sinode leer: Dit staan vas: Hy is barmhartig oor wie Hy wil, en Hy verhard wie Hy wil (Rom 9:18), en: Dit is aan julle gegee om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie (Mat 13:11), en: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, want so was dit u welbehae (Mat 11:25-26).

*Artikel **9.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Dit is nie enkel en alleen die welbehae van God wat die oorsaak is waarom Hy die evangelie eerder na die een as na die ander volk stuur nie. Dit gebeur omdat die een volk beter en waardiger is as die ander aan wie die evangelie nie meegedeel word nie.

Die Sinode leer: Dit ontken Moses as hy die Israeliete soos volg toespreek: Kyk, aan die HERE jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is. Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag na hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is (Deu 10:14-15). En Christus het gesê: Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het (Mat 11:21).

Hoofstuk 2: Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood

*Artikel **1.***

God is nie alleen in die hoogste mate barmhartig nie maar ook in die hoogste mate regverdig. Sy geregtigheid - soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het - eis dat ons sondes wat teen sy oneindige majesteit begaan is, nie alleen met tydelike nie maar ook met ewige strawwe na siel en na liggaam gestraf moet word. Ons kan aan hierdie strawwe nie ontkom nie, tensy aan die geregtigheid van God voldoen word.

*Artikel **2.***

Ons kan egter self geen voldoening gee en ons van die toorn van God bevry nie. Daarom het God uit oneindige barmhartigheid sy eniggebore Seun as borg aan ons gegee. Die Seun het vir ons of in ons plek sonde en vervloeking aan die kruis geword om vir ons te voldoen.

*Artikel **3.***

Hierdie dood van die Seun van God is die enigste en volmaakste offer en voldoening vir die sondes. Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen.

*Artikel **4.***

Hierdie dood het daarom so 'n groot krag en waarde, omdat Hy wat dit ondergaan het, nie alleen 'n ware en volkome heilige mens is nie maar ook die eniggebore Seun van God. Hy is saam met die Vader en die heilige Gees een en dieselfde ewige en oneindige Wese. So moes ons Verlosser dan ook wees. Boonop het sy dood so 'n groot krag en waarde, omdat Hy geweet het dat Hy die toorn van God en die vloek, wat ons deur ons sondes verdien het, gedra het.

*Artikel **5.***

Verder is dit die belofte van die evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. Hierdie belofte moet aan alle volke

en mense aan wie God na sy welbehae die evangelie stuur, sonder onderskeid en willekeur verkondig en bekend gestel word, met die eis tot bekering en geloof.

*Artikel **6.***

Baie wat deur die evangelie geroep is, bekeer hulle nie en glo nie in Christus nie maar sterf in ongeloof. Dit gebeur, nie omdat die offer wat Christus aan die kruis volbring het, gebrekkig of onvoldoende is nie, maar deur hulle eie skuld.

*Artikel **7.***

Almal wat egter waarlik glo en deur die dood van Christus van die sondes bevry en van die verderf gered word, ontvang hierdie weldaad slegs uit die genade van God. Hierdie genade is van ewigheid af in Christus aan hulle gegee sonder dat Hy dit aan enigiemand verskuldig is.

*Artikel **8.***

Dit was immers die volkome vrye raadsbesluit, genadige wil en voorneme van God die Vader dat die lewendmakende en saligmakende krag van die uiters kosbare dood van sy Seun al die uitverkorenes tot voordeel sal strek. So het God slegs aan die uitverkorenes die regverdigmakende geloof geskenk om hulle daardeur onfeilbaar salig te maak. Dit wil sê: Dit was die wil van God dat Christus deur die bloed van die kruis - waarmee Hy die nuwe verbond bevestig het - uit elke volk, stam, geslag en taal hulle en hulle alleen kragdadiglik sal verlos wat van ewigheid af tot die saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is. Ook was dit die wil van God dat Christus aan hulle die geloof sal gee wat Hy, soos ook die ander saligmakende gawes van die Heilige Gees, deur sy dood vir hulle verwerf het. Verder dat Hy hulle van al hulle sondes - sowel die oorspronklike sonde as die werklike sonde wat na en voor die geloof begaan is - deur sy bloed sal reinig. Ten slotte dat Hy hulle tot die einde toe getrou sal bewaar en uiteindelik sonder enige vlek of rimpel in heerlikheid by Hom sal neem.

*Artikel **9.***

Hierdie raadsbesluit is die gevolg van God se ewige liefde vir die uitverkorenes. Die besluit word van die begin van die wêreld af tot vandag toe kragdadig deurgevoer ondanks die vergeefse verset van die magte van die doderyk. Hierdie besluit sal steeds deurgevoer word, sodat die uitverkorenes op die regte tyd in een liggaam vergader sal

word. Daar sal altyd 'n kerk van gelowiges wees, gegrond in die bloed van Christus. Hierdie kerk moet Hom as haar Verlosser, wat sy lewe aan die kruis vir haar gegee het - soos 'n bruidegom vir sy bruid - standvastig liefhê, Hom met volharding dien en van nou af tot in alle ewigheid verheerlik.

Verwerping van die Dwalings

Die regsinnige leer is nou uiteengesit.

*Artikel **1.***

Daarom verwerp die Sinode die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het sy Seun tot die kruisdood bestem sonder 'n vaste en bepaalde besluit om iemand uitdruklik salig te maak. Die noodsaaklikheid, nuttigheid en waardigheid van die verdienste van die dood van Christus sou gevolglik ongeskonde, in alle opsigte volmaak, volkome en as een geheel kon bestaan, selfs al sou geen enkele mens ooit werklik gedeel het in die verlossing wat Hy verwerf het nie.

Die Sinode leer: Hierdie leer verag die wysheid van God die Vader en die verdienste van Jesus Christus en is in stryd met die Skrif. Ons Verlosser sê immers: Ek lê my lewe af vir die skape, en Ek ken hulle (Joh 10:15, Joh 10:27). En die profeet Jesaja sê van die Verlosser: As sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die Here sal deur sy hand voorspoedig wees (Isa 53:10). Verder weerspreek dit die geloofsartikel waarin ons die kerk bely.

*Artikel **2.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die doel van Christus se dood was nie om die nuwe genadeverbond werklik deur sy bloed te bevestig nie. Dit was slegs maar om vir die Vader die blote reg te verwerf om opnuut met die mense 'n verbond van die genade of van die werke, net soos Hy wil, te kan sluit.
Die Sinode leer: Dit is immers in stryd met die Skrif, wat leer dat Christus Borg en Middelaar geword het van 'n beter, dit wil sê, van die nuwe verbond (Heb 7:22) en dat 'n testament eers by 'n sterfgeval geldig is (Heb 9:15, Heb 9:17).

*Artikel **3.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Christus het deur sy voldoening vir niemand met sekerheid die saligheid verdien nie; ook nie die geloof waardeur hierdie voldoening van Christus kragdadig tot saligheid toegeëien word nie. Hy het, daarenteen, slegs die mag of die volkome wil vir die Vader verwerf om opnuut met die mense te handel en om nuwe voorwaardes, soos Hy wil, voor te skrywe. Die uitvoering daarvan sou van die vrye wil van die mens afhang. Dit sou dus kon gebeur dat òf niemand òf alle mense die voorwaardes sou kon nakom.

Die Sinode leer: Hierdie mense minag die dood van Christus geheel en al en aanvaar op

geen wyse die vernaamste vrug of weldaad wat daardeur te weeggebring is nie. Hulle roep weer die dwaling van Pelagius uit die hel terug.

*Artikel **4.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie. Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet afgeskaf het, nou die geloof self en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon.

Die Sinode leer: Hierdie mense weerspreek die Skrif: Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof (Rom 3:24-25). Met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde regverdigmaking van die mens voor God in. Dit is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk.

*Artikel **5.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Alle mense is in die staat van die versoening en in die genadeverbond opgeneem, sodat niemand vanweë die oorspronklike sonde aan die verdoemenis skuldig is of verdoem moet word nie maar dat alle mense van hierdie sondeskuld vry is.
Die Sinode leer: Hierdie mening is in stryd met die Skrif, wat verklaar dat ons van nature kinders van die toorn is (Eph 2:3).

*Artikel **6.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat die onderskeid tussen verwerwing en toe-eiening misbruik om by die onversigtiges en onervarenes die denkbeeld in te prent: Dat God, vir sover dit Hom betref, aan alle mense die weldade wat deur die dood van Christus verkry word, in gelyke mate wou meedeel. Dat sommige die vergifnis van sonde en die ewige lewe deelagtig word en ander nie, hang van hulle vrye wil af, wat hom aanpas by die genade wat sonder onderskeid aangebied word. Dit hang nie van die besondere gawe van die barmhartigheid af wat kragtig in hulle werk, dat hulle, anders as ander mense, hierdie genade vir hulleself sou toe-eien nie.

Die Sinode leer: Daardie mense wat voorgee dat hulle hierdie onderskeiding reg voorstel, probeer om die kerkvolk met die verderflike Pelagiaanse dwalings te vergiftig.

Artikel 7.

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Christus kon en moes nie vir hulle gesterf het vir wie God volkome liefgehad en tot die ewige lewe uitverkies het nie. Inderdaad het Hy ook nie vir hulle gesterf nie, omdat sulke mense die dood van Christus nie nodig gehad het nie.

Die Sinode leer: Hulle weerspreek die apostel wat sê: Christus het my liefgehad en het Homself vir my oorgegee (Gal 2:20). Met dieselfde strekking sê hy: Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het (Rom 8:34), juis vir hulle. Hulle weerspreek ook die Heiland, wat sê: Ek lê my lewe af vir die skape (Joh 10:15), en: Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee (Joh 15:12-13).

Hoofstuk 3/4: Die Verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind

*Artikel **1.***

Die mens is van die begin af na die beeld van God geskep. Verstandelik was hy toegerus met ware en heilsame kennis van sy Skepper en van geestelike sake. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus, en sy hele gesindheid was suiwer. Hy was dus volkome heilig. Maar deur die ingewing van die duiwel en uit sy eie vrye wil het hy hom van God losgeskeur en homself van hierdie uitnemende gawes beroof. Daarenteen het hy in die plek daarvan oor homself gebring: blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid en verdorwenheid van verstandelike oordeel, boosheid, rebellie en hardheid van sy wil en hart sowel as onsuiwerheid van sy hele gesindheid.

*Artikel **2.***

Net soos die mens ná die val was, so was ook die kinders wat hy voortgebring het. As verdorwene het hy verdorwe kinders voortgebring. Dit hou in dat die verdorwenheid, volgens die regverdige oordeel van God, van Adam af op al sy nakomelinge oorgegaan het. Net Christus is hierin 'n uitsondering. Die verdorwenheid van die mens ontstaan dus nie deur navolging, soos die Pelagiane vroeër beweer het nie, maar deur die voortplanting van die bedorwe natuur.

*Artikel **3.***

Alle mense word daarom in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enigiets goeds wat sou kon salig maak, geneig tot die kwaad, dood in die sonde en slawe van die sonde. Sonder die genade van die Heilige Gees, wat die wedergeboorte skenk, kan en wil hulle nie tot God terugkeer of hulle bedorwe natuur verbeter of onderneem om dit te verbeter nie.

*Artikel **4.***

Na die sondeval het daar in die mens tog nog 'n bietjie van die lig van die natuur oorgebly. Daardeur het hy 'n mate van kennis van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen die betaamlike en onbetaamlike bly behou en vertoon hy in 'n sekere mate 'n strewe na deug en uiterlike tug. Vir die mens is dit egter onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer. Gevolglik kan hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik

nie. Hoe ook al, veeleer bederf hy dit heeltemal op verskillende maniere en hul hy dit in ongeregtigheid. Omdat hy dit doen, is daar vir hom geen verontskuldiging voor God nie.

*Artikel **5.***

Net soos met die lig van die natuur is dit ook gesteld met die Tien Gebooie, wat God deur Moses in besonder aan die Jode gegee het. Die Wet vlek wel die grootheid van die sonde oop en kla die mens hoe langer hoe meer van sy skuld aan, maar dit dui geen geneesmiddel aan en deel geen kragte mee om uit hierdie ellende te kom nie. Omdat die Wet dus deur die sondige natuur kragteloos gemaak is, laat dit die oortreder onder die vloek bly. Daarom kan die mens nie deur die Wet die saligmakende genade verkry nie.

*Artikel **6.***

Wat nie deur die lig van die natuur of deur die Wet gedoen kan word nie, dit doen God deur die krag van die Heilige Gees, deur midddel van die Woord of die bediening van die versoening. Dit is die evangelie van die Messias, waardeur God besluit het om die gelowiges in die Ou sowel as in die Nuwe Testament salig te maak.

*Artikel **7.***

Hierdie verborgenheid van sy wil het God in die Ou Testament aan min mense bekend gemaak, maar in die Nuwe Testament, waar die onderskeid tussen die volke nou weggeneem is, openbaar Hy dit aan meer mense. Die oorsaak waarom hierdie bedeling so verskillend is, moet nie aan die waardigheid van die een volk bo die ander of aan die beter gebruik van die lig van die natuur toegeskryf word nie maar aan die volledig vrye welbehae en onverdiende liefde van God. Daarom moet hulle wat sonder en teen enige verdienste so 'n groot genade deelagtig word, dit met 'n nederige en dankbare hart erken. Hulle moet, ten opsigte van die ander, wat hierdie genade nie ontvang nie, saam met die apostel die strengheid en regverdigheid van die oordele van God eerbiedig sonder om dit nuuskierig te ondersoek.

*Artikel **8.***

Almal wat egter deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want in alle erns en waarheid betuig God in sy Woord wat sy wil is: Die geroepenes moet na Hom toe kom. In alle erns belowe Hy ook aan almal wat na Hom toe kom en glo, rus vir hulle siele en die ewige lewe.

*Artikel **9.***

Baie mense wat deur die bediening van die evangelie geroep is, kom nie na Hom toe nie en bekeer hulle nie. Die skuld hiervoor lê nie in die evangelie of in Christus, wat deur die evangelie aangebied is nie, ook nie in God, wat mense deur die evangelie roep en aan hulle verskillende gawes gee nie. Die skuld lê by die geroepenes self. Sommige neem deur sorgeloosheid die Woord van die lewe nie aan nie. Ander neem dit wel aan maar nie in die binneste van hulle hart nie, met die gevolg dat hulle na 'n kortstondige blydskap van die tydelike geloof weer terugval. Ander weer, laat die saad van die Woord deur die dorings van die sorge en deur die welluste van die wêreld verstik en dra geen vrugte nie, soos ons Verlosser dit in die gelykenis van die saaier leer (vgl. Matt. 13).

*Artikel **10.***

Ander mense, weer, wat deur die bediening van die evangelie geroep is, kom en word bekeer. Dit moet egter nie aan die mens toegeskryf word nie asof hy hom deur sy vrye wil van ander onderskei wat eweveel of genoegsame genade tot geloof en bekering ontvang het. So stel die hooghartige kettery van Pelagius dit. Dit moet aan God toegeskryf word. Hy het hulle van ewigheid af in Christus as sy eiendom uitverkies. Hy roep hulle almal kragdadig in die tyd en skenk hulle geloof en bekering. Nadat hulle uit die mag van die duisternis verlos is, bring Hy hulle oor in die ryk van sy Seun, om die deugde van Hom, wat hulle uit die duisternis tot hierdie wonderbare lig geroep bet, te verkondig en om nie in hulleself nie maar in die Here te roem. So getuig die apostoliese geskrifte telkens.

*Artikel **11.***

Verder: Wanneer God sy welbehae in die uitverkorenes tot uitvoering bring en die ware bekering in hulle werk, laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees, om die dinge van die Gees van God reg te verstaan en te onderskei nie. Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is, en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.

*Artikel **12.***

Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmaking waarvan die Skrif so heerlik spreek, wat God sonder ons in ons werk. Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorreding of op soortgelyke wyse in ons gewerk nie, sodat na die voltooing van God se werk die mens by rnag sou lê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie. Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God. Volgens die getuienis van die Skrif, wat deur Hom, die Outeur van hierdie werking geïnspireer is, is dit deur sy krag wat nie minder of geringer as die skepping of as die opwekking van die dooies is nie. Die gevolg is dat almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weergebore word en daadwerklik glo. Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God gedryf word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer.

*Artikel **13.***

Die aard van hierdie werking kan die gelowiges in hierdie lewe nie volkome begryp nie. Intussen is dit vir hulle 'n gerusstelling dat hulle weet en ervaar dat hulle deur hierdie genade van God van harte glo en hulle Verlosser liefhet.

*Artikel **14.***

So is die geloof dan 'n gawe van God, nie omdat dit deur God aan die vrye wil van die mens aangebied word nie maar omdat dit inderdaad aan die mens geskenk word en vir hom ingegee en in hom ingestort word. Ook is dit nie so dat God net die vermoë om te glo gee en daarna van die mens se wil instemming of daadwerklike geloof verwag nie. Maar Hy bring sowel die wil om te glo as die geloof self in die mens tot stand. Hy wat immers in die mens werk om te wil sowel as om te werk, bewerk alles in almal.

*Artikel **15.***

Hierdie genade is God aan niemand verskuldig nie. Wat sou God immers aan iemand skuld wat Horn vooraf niks kan gee nie om dan daarvoor vergoed te word? Inderdaad, wat sou God aan die mens verskuldig wees wat self niks anders as sonde en leuens het nie? Die mens wat hierdie genade ontvang, is aan God alleen ewige dankbaarheid verskuldig, en dank God ook daarvoor. Die mens wat hierdie genade nie ontvang nie, heg geen waarde aan hierdie geestelike dinge nie en skep net in sy eie dinge behae of beroem

hom sonder om na te dink tevergeefs op wat hy het, terwyl hy niks het nie. Verder moet oor hulle wat hulle geloof in die openbaar bely en hulle lewe verbeter, volgens die voorbeeld van die apostels, baie gunstig geoordeel en gepraat word, want die binneste van die hart is aan ons onbekend.

Vir die ander, wat nog nie geroep is nie, moet ons tot God bid, wat die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan. Ons mag ons volstrek nie teenoor hulle in trotsheid verhef asof ons onsself so van hulle onderskei het nie.

*Artikel **16.***

Die mens het egter nie deur die sondeval opgehou om mens, toegerus met verstand en wil, te wees nie. Die sonde, wat die hele menslike geslag deurdring het, het die natuur van die mensdom nie weggeneem nie maar dit bederf en in geestelike sin gedood.

Daarom werk hierdie Goddelike genade van die wedergeboorte nie in die mense asof hulle stokke en blokke is nie; ook vernietig dit nie die wil en sy eienskappe nie en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig. Terwyl sondige opstandigheid en verset dit vroeër volkome oorheers het, begin 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees nou die oorhand daaroor kry. Hierin lê die ware en geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil.

Inderdaad, as die uitnemende Werkmeester van alle goeie dinge nie so met ons gehandel het nie, sou die mens glad geen hoop gehad het om deur sy vrye wil uit die sondeval op te staan nie. Deur sy vrye wil het hy homself, toe hy nog gestaan het, in die verderf gestort.

*Artikel **17.***

Die almagtige werking van God, waardeur Hy ons natuurlike lewe skep en onderhou, sluit nie die gebruik uit van die middele waardeur God na sy oneindige wysheid en goedheid hierdie krag van Hom wil uitoefen nie, maar eis juis dat hulle gebruik sal word. Net so sluit bogenoemde bonatuurlike werking van God, waardeur Hy ons weer gebore laat word, volstrek nie die gebruik van die evangelie uit en werp dit ook nie omver nie; inteendeel, die alwyse God het dit tot 'n saad van die wedergeboorte en tot voedsel vir die siel bestem. Die apostels en die leraars wat hulle opgevolg het, het dan ook die mense gelowig oor hierdie genade van God tot sy eer en tot onderdrukking van alle hoogmoed onderrig. Hulle het ook nie nagelaat om die mense ondertussen deur middel van heilige vermanings uit die evangelie onder die bearbeiding van die Woord, van die sakramente en van die kerklike tug te hou nie. Net so moet hulle wat nou in die gemeente onderrig gee, of die wat onderrig ontvang, hulle ook nie aanmatig om God te versoek deur die dinge te skei wat Hy na sy welbehae wou saamvoeg nie. Deur die vermanings word die

genade immers gegee, en hoe gewilliger ons ons amp uitoefen, des te heerliker word die weldaad wat God in ons werk, openbaar. So vorder God se werk op die allerbeste manier. Aan dié God alleen kom al die heerlikheid van die middele sowel as van die heilsame vrug en die krag daarvan tot in ewigheid toe. Amen.

Verwerping van die Dwalings

Die regsinnige leer is nou uiteengesit

*Artikel **1.***

Daarom verwerp die Sinode die dwaling van hulle wat leer: 'n Mens kan eintlik nie sê dat die oorspronklike sonde alleen voldoende is om die hele mensdom te verdoem of om tydelike en ewige strawwe te verdien nie.

Die Sinode leer: Hulle weerspreek immers die apostel wat sê: Deur een mens het die sonde in die wêreld ingekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het (Rom 5:12), en: Die oordeel was uit één tot veroordeling (Rom 5:16), en: Die loon van die sonde is die dood (Rom 6:23).

*Artikel **2.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die geestelike gawes of goeie hoedanighede en deugde soos goedheid, heiligheid en regverdigheid kon nie deel van die wil van die mens wees toe hy in die begin geskep is nie. Daarom kan dit in die sondeval ook nie van die wil geskei word nie.

Die Sinode leer:. Dit is in stryd met die beskrywing van die beeld van God wat, volgens die apostel in Eph 4:24, in geregtigheid en heiligheid bestaan, en altwee setel sonder twyfel in die wil.

*Artikel **3.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Hierdie geestelike gawes is in die geestelike dood nie van die mens se wil geskei nie, aangesien die wil op sigself nooit verdorwe was nie. Dit is slegs deur die verduistering van die verstand en wisselvalligheid van die neigings verhinder. Wanneer hierdie hindernisse uit die weg geruim is, kan die wil dan weer sy vrye aangebore vermoë uitoefen. Dit wil sê dit kan allerhande goeie dinge wat hom voorgehou word, self wil en self kies of nie wil nie en nie kies nie.

Die Sinode leer: Dit is 'n nuwigheid en 'n dwaling waardeur die kragte van die vrye wil verhef word, en dit teen die uitspraak van die profeet: Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit (Jer 17:9), en van die apostel: Onder wie (nl. die kinders van die ongehoorsaamheid) ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het (Eph 2:3).

*Artikel **4.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die mens wat nie weergebore is nie, is nie werklik en nie heeltemal dood in sondes nie. Ook is alle kragte om die geestelik goeie te doen hom nie ontneem nie. Hy kan nog honger en dors na die geregtigheid en die lewe en kan die offer van 'n verslae en gebroke gees, wat God welgevallig is, bring.

Die Sinode leer: Hierdie opvattings stry teen die duidelike getuienisse van die Skrif: Julle was dood deur die misdade en die sondes (Eph 2:1, Eph 2:5), en: AI die versinsels wat hy in sy hart bedink, is altyddeur net sleg (Gen 6:5; Gen 8:21).

Buitendien is honger en dors na bevrydiing uit die ellende en na die lewe, asook die offer van 'n gebroke gees aan God slegs eie aan die wedergeborenes en aan hulle wat salig genoem word (Ps. 51:19 [Psa 51:17]; Mat 5:6).

*Artikel **5.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die verdorwe en natuurlike mens kan die algemene genade (waaronder hulle die lig van die natuur verstaan) of die gawes wat ná die sondeval nog in hom oorgebly het, tot sy heil gebruik. Deur dit só te gebruik kan hy geleidelik 'n groter genade, naamlik die evangeliese of verlossende genade en die saligheid self, verkry. Op hierdie wyse betoon God Hom van sy kant bereid om Christus aan alle mense te openbaar. Hy skenk die middele wat vir die openbaring van Christus en vir geloof en bekering nodig is, genoegsaam en kragdadig aan almal.

Die Sinode leer: Behalwe die ervaring van alle tye getuig die Skrif immers ook dat dit vals is, want Hy maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en sy verordeninge. So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, dié ken hulle nie (Psa 147:19-20), en: God het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle, eie weë sou wandel (Act 14:16), en: Hulle (naamlik Paulus en sy reisgenote) is deur die Heilige Gees verhinder om die Woord in Asië te verkondig; en toe hulle by Misië kom, het hulle, probeer om na Bithinië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie (Act 16:6-7).

*Artikel **6.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Met die ware bekering van die mens kan geen nuwe eienskappe, kragte of gawes deur God in sy wil gestort word nie. Daarom is die geloof, waardeur ons die eerste keer bekeer word en gelowiges genoem word, nie 'n eienskap of 'n gawe wat deur God ingestort word nie, maar net 'n daad van die mens. Die

geloof kan alleen 'n gawe genoem word vir sover die mens deur sy eie vermoë daartoe kom.

Die Sinode leer: Daarmee weerspreek hulle die Heilige Skrif, wat getuig dat God nuwe eienskappe van geloof, gehoorsaamheid en die besef van sy liefde in ons harte uitstort: Ek gee my wet in hulle, binneste en skrywe dit op hulle hart (Jer 31:33), en: Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou nageslag giet (Isa 44:3), en: Die liefde van God is in ons harte ingestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is (Rom 5:5). Hulle is ook in stryd met die voortdurende gebruik van die kerk van God, wat in die woorde van die profeet so bid: Bekeer my, dan sal ek my bekeer (Jer 31:18).

*Artikel **7.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die genade, waardeur ons tot God bekeer word, is niks anders as 'n ligte aansporing nie of - soos ander dit verklaar - is dit wat deur aansporing plaasvind, die edelste manier om die mens tot bekering te bring en pas dit die beste by die menslike natuur. Niks verhinder die aansporende genade alleen om die natuurlike mens 'n geestelike mens te maak nie. God bewerk die instemming van die wil inderdaad op geen ander manier as deur hierdie aansporing nie. Die krag van die Goddelike werking, waarin God die Satan se werking oortref, bestaan hierin dat God ewig goeie dinge maar die Satan slegs tydelike voordele belowe.

Die Sinode leer. Dit is suiwer Pelagiaans en in stryd met die hele Skrif, wat, behalwe aansporing, nog 'n ander, baie kragtiger en Goddeliker werkwyse van die Heilige Gees by die bekering van die mens ken: Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee (Eze 36:26).

*Artikel **8.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God gebruik by die wedergeboorte van die mens nie daardie kragte van sy almag waardeur Hy die menslike wil kragtig en feilloos tot geloof en bekering ombuig nie. As al die genadewerkinge wat God gebruik om die mens te bekeer, voltooi is, kan die mens nogtans God en die Heilige Gees, wat sy wedergeboorte beoog en hom weer gebore wil laat word, só weerstaan - en hy doen dit inderdaad ook dikwels - dat hy sy eie wedergeboorte geheel en al verhinder. Dit bly dus in sy eie mag om weer gebore te word of nie.

Die Sinode leer: Dit beteken niks anders nie as om al die krag van die genade van God in ons bekering weg te neem en die optrede van die almagtige God aan die wil van die mens te onderwerp. Dit is in stryd met wat die apostels leer: Ons glo na die werking van die

krag van sy sterkte (Eph 1:19), en: dat God alle welgevalle aan wat goed is, en alle werk van die geloof in ons met krag volkome maak (2Th 1:11), en: sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien (2Pe 1:3).

*Artikel **9.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die genade en die vrye wil is gedeeltelike oorsake wat altwee saam die begin van die bekering bewerk. Die genade gaan in hierdie volgorde ook nie aan die werking van die wil vooraf nie. Dit wil sê: God help die menslike wil nie kragtig tot bekering voordat die menslike wil self in beweging kom en daarop besluit nie.

Die Sinode leer: Die kerk van ouds het hierdie leer al lankal by die Pelagiane veroordeel kragtens die woorde van die apostel: So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is (Rom 9:16); en: Wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? (1Co 4:7), en net so: Dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae (Phi 2:13).

Hoofstuk 5: Die Volharding van die Heiliges

*Artikel **1.***

Hulle wat God volgens sy voorneme tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus, roep en deur die Heilige Gees wederbaar, verlos Hy wel van die heerskappy en slawerny van die sonde. Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van hulle bedorwe natuur en bestaan nie.

*Artikel **2.***

Hieruit ontstaan die daaglikse sondes van swakheid, en selfs die allerbeste werke van die heiliges is nog gebrekkig. Daarom moet hulle hulle voortdurend voor God verootmoedig, hulle toevlug tot die gekruisigde Christus neem, die bedorwe natuur hoe langer hoe meer doodmaak deur die Gees van die gebed en heilige beoefening van godvresendheid en vurig na die bereiking van die volmaaktheid verlang. totdat hulle, losgemaak van hierdie sterflike liggaam, met die Lam van God in die hemel regeer.

*Artikel **3.***

Vanweë hierdie oorblyfsels van die inwonende sonde en ook vanweë die aanvalle van die wêreld en die Satan kan die bekeerdes nie in hierdie genade volhard as hulle aan hulle eie kragte oorgelaat was nie. Maar God is getrou. Uit barmhartigheid bekragtig Hy hulle in die genade wat eenmaal aan hulle gegee is, terwyl Hy hulle ook tot die einde toe kragtig daarin bewaar.

*Artikel **4.***

Die mag van God, waardeur Hy die ware gelowiges in die genade bekragtig en bewaar, is so groot dat dit nie deur die sondige natuur oorwin kan word nie. Tog word die bekeerdes nie altyd so deur God gelei en beweeg dat hulle - deur hulle eie skuld - in sommige besondere gevalle nie van die leiding van die genade sou kon afwyk en deur die begeerlikhede van die sondige natuur verlei kan word en dit navolg nie. Daarom moet hulle voortdurend waak en bid om nie in versoekings gelei te word nie. As hulle dit nie doen nie, kan hulle deur hulle sondige natuur, die wêreld en Satan tot swaar en gruwelike sondes verlei word. Soms word hulle ook inderdaad, onder die regverdige toelating van God, daartoe verlei. Die droewige val van Dawid, Petrus en ander heiliges wat vir ons in die heilige Skrif beskryf is, bewys dit.

*Artikel **5.***

Met sulke growwe sondes vertoorn hulle God vreeslik, verdien hulle die dood, bedroef hulle die Heilige Gees, versteur hulle die oefening in die geloof, verwond hulle die gewete baie ernstig en verloor hulle soms 'n tyd lank die besef van die genade. Dit gebeur totdat God weer die lig van sy vaderlike aangesig oor hulle laat skyn wanneer hulle deur opregte berou op die regte pad terugkeer.

*Artikel **6.***

God, wat oneindig barmhartig is, neem, weens die onveranderlike besluit van die uitverkiesing sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom weg nie, selfs nie in hulle jammerlike sondeval nie. Hy laat hulle ook nie só diep val dat hulle uit die genade van die aanneming en uit die staat van die regverdiging uitval nie. Ook laat Hy nie toe dat hulle die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees begaan en, heeltemal deur Hom verlaat, hulleself in die ewige verderf stort nie.

*Artikel **7.***

Wanneer hulle so in die sonde val, bewaar God eerstens in hulle sy onverganklike saad waaruit hulle weergebore is, sodat dit nie vergaan of vernietig word nie. Ten tweede vernuwe Hy hulle deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot berou. Die gevolg is dat hulle oor die sondes wat hulle gedoen het, van harte en volgens die wil van God berou het en deur die geloof, met 'n gebroke hart, vergifnis in die bloed van die Middelaar begeer en verkry. So besef hulle weer die genade van God, wat nou met hulle versoen is; deur die geloof in Hom eerbiedig hulle sy ontferminge om daarna met groter ywer hulle eie heil met vrees en bewing uit te werk.

*Artikel **8.***

Dat hulle nie heeltemal uit die geloof en die genade uitval of ook tot die einde in die sonde bly of verlore gaan nie, verkry hulle nie deur hulle eie verdienste of inspanning nie maar weens die genadige barmhartigheid van God. As dit van hulle afgehang het, kon dit nie alleen maklik gebeur het nie maar sou dit ongetwyfeld ook gebeur het. Maar omdat dit van God afhang, kan dit glad nie gebeur nie. Immers, sy raad kan nie verander, sy belofte kan nie verbreek, die roeping na sy voorneme kan nie herroep, die verdienste, voorbidding en bewaring van Christus kan nie kragteloos gemaak word nie, net so min as wat die verseëling deur die Heilige Gees verydel of vernietig kan word.

*Artikel **9.***

Die gelowiges kan sekerheid hê van hierdie bewaring van die uitverkorenes tot die saligheid en van die volharding van die ware gelowiges in die geloof. Hulle het hieroor sekerheid volgens die maat van die geloof waarmee hulle seker glo dat hulle ware en lewende lidmate van die kerk is en altyd sal bly en dat hulle vergifnis van sondes en die ewige lewe het.

*Artikel **10.***

Hierdie sekerheid spruit dus nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar uit die geloof aan die beloftes van God wat Hy in sy Woord baie oorvloedig tot ons troos geopenbaar het; uit die getuienis van die Heilige Gees: Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. (Rom. 8:16-17), en laastens uit die ernstige en heilige strewe na 'n goeie gewete en goeie werke. As die uitverkorenes van God in hierdie wêreld nie hierdie vaste troos het dat hulle die oorwinning sal behou en hierdie onfeilbare pand van die ewige heerlikheid sou besit nie, sou hulle die ellendigste van al die mense wees.

*Artikel **11.***

Voorts getuig die Skrif dat die gelowiges in hierdie lewe teen verskillende sondige vertwyfelings stry en, as hulle in ernstige versoekings kom, nie altyd hierdie volle geloofsvertroue en hierdie sekerheid van die volharding ondervind nie. Maar God, die Vader van alle vertroosting laat nie toe dat hulle bo hulle kragte versoek word nie, maar gee saam met die versoeking ook die uitkoms (1Co 10:13), en deur die Heilige Gees maak Hy steeds weer die sekerheid van die volharding in hulle wakker.

*Artikel **12.***

Dit is egter totaal onmoontlik dat hierdie sekerheid van die volharding die ware gelowiges hoogmoedige en sorgelose mense sou maak. Dit is daarenteen 'n ware wortel waaruit nederigheid, kinderlike vrees, ware godsvrug, geduld in alle stryd, vurige gebede, standvastigheid onder die kruis en in die belydenis van die waarheid en blywende vreugde in God spruit. Ook is die oordenking van hierdie weldaad vir hulle 'n aansporing tot ernstige en aanhoudende beoefening van dankbaarheid en goeie werke, soos uit die getuienisse van die Skrif en die voorbeelde van die heiliges blyk.

*Artikel **13.***

Wanneer die vertroue in die volharding weer lewendig word in hulle wat uit 'n val in sonde weer opgerig word, bring dit geen ligsinnigheid of verwaarlosing van die godsvrug nie maar eerder 'n baie groter besorgdheid om nougeset die paaie van die Here te bewaar. Hierdie paaie is vantevore gemaak. Wanneer hulle daarop loop, behou hulle gevolglik die sekerheid van hulle volharding. 'n Verdere gevolg is dat die aangesig van die versoende God - waarvan die aanskouing vir die gelowiges soeter as die lewe en die verberging bitterder as die dood is - nie weer weens hulle misbruik van sy vaderlike goedheid van hulle afgewend word en hulle só in swaarder gemoedskwellings verval nie.

*Artikel **14.***

Dit het God behaag om sy genadewerk deur middel van die verkondiging van die evangelie in ons te begin. So bewaar Hy dit, sit Hy dit voort en voleindig Hy dit deur die aanhoor, die lees en die oordenking van die evangelie, deur die aansporing, vermanings en beloftes daarin en ook deur die gebruik van die sakramente.

*Artikel **15.***

Hierdie leer van die volharding van die ware gelowiges, en die heiliges, en van die sekerheid daaroor het God tot eer van sy Naam en tot troos van die vromes baie uitvoerig in sy Woord geopenbaar en in die harte van die gelowiges ingeprent. Die sondige natuur verstaan hierdie leer nie, die Satan haat dit, die wêreld bespot dit, onkundiges en huigelaars misbruik dit en dwaalgeeste bestry dit. Die Bruid van Christus het dit egter altyd as 'n skat van onberekenbare waarde innig liefgehad en dit volhardend verdedig. God sal sorg dat die kerk dit ook in die toekoms doen. Teen God kan geen beplanning standhou nie, nog minder kan geweld iets teen Hom vermag. Aan hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees kom toe eer en heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Verwerping van die dwalings:

Die regsinnige leer is nou uiteengesit.

*Artikel **1.***

Daarom verwerp die Sinode die dwaling van hulle wat leer: Die volharding van die ware gelowiges is nie die gevolg van die uitverkiesing of 'n gawe van God wat deur die dood van Christus verwerf is nie. Dit is 'n voorwaarde (soos hulle sê) van die nuwe verbond wat die mens, voor sy finale uitverkiesing en regverdiging, deur sy vrye wil moet volbring.

Die Sinode leer: Die Heilige Skrif getuig immers dat volharding die gevolg van die uitverkiesing is en dat dit deur die krag van die dood, die opstanding en die voorbidding van Christus aan die uitverkorenes gegee word: Die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard (Rom 11:7); ook Rom 8:32-35 : Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie? Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, Ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus?

*Artikel **2.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God gee die gelowige wel genoeg krag om te volhard en is bereid om dit in hom te bewaar, mits die mens sy plig doen. Al is alles wat nodig is om in die geloof te volhard en wat God wil gebruik om die geloof te bewaar, ook in werking gestel, dan nog hang dit altyd van die wil van die wil af of die mens sal volhard of nie sal volhard nie.

Die Sinode leer: Hierdie mening is duidelik 'n Pelagiaanse dwaling. Terwyl dit die mense vry wil maak, maak dit van hulle ketters. Dit is ook in stryd met die deurlopende getuienis van die evangeliese leer wat die mens alle stof tot roem ontneem en die lof vir hierdie weldaad alleen aan die genade van God toeskryf. Dit is verder ook in stryd met die uitspraak van die apostel: Dit is God wat ons ook sal bevestig tot die einde toe, om in die dag van onse Here, Jesus Christis onberispelik te wees (1Co 1:8).

*Artikel **3.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die ware gelowiges en wedergeborenes kan nie alleen heeltemal en onherroeplik uit die regverdigende geloof,

die genade en saligheid uitval nie maar val inderdaad ook dikwels daaruit en gaan vir ewig verlore.

Die Sinode leer: Hierdie opvatting maak juis die genade van die regverdiging en die wedergeboorte en die voortdurende bewaring deur Christus kragteloos. Dit is ook in stryd met die nadruklike woorde van die apostel Paulus: As Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was, veel meer dan sal ons, noudat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn (1Co 5:8-9), en van die apostel Johannes: Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore (1Jo 3:9). Net so is dit in teëspraak met die woorde van Jesus Christus: Ek gee my skape die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal, en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie (Joh 10:28-29).

*Artikel **4.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die ware gelowiges en wedergeborenes kan die sonde tot die dood, of dié teen die Heilige Gees, begaan.

Die Sinode leer: Dieselfde apostel Johannes, nadat hy in 1Jo 5:16-17 melding gemaak het van hulle wat tot die dood sondig, en verbied het om vir hulle te bid, voeg dadelik in v. 18 daarby: Ons weet dat elkeen wat uit God gebore, is, nie sondig (naamlik met so 'n sonde) nie, maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie (1Jo 5:18).

*Artikel **5.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: 'n Mens kan in hierdie lewe geen sekerheid van die toekomstige volharding sonder 'n besondere openbaring besit nie.

Die Sinode leer: Deur hierdie leer word die vaste troos wat die ware gelowiges in hierdie lewe het, weggeneem en die twyfel van die pousgesindes weer in die kerk ingevoer. Die Heilige Skrif lei egter hierdie sekerheid nie telkens uit 'n besondere en buitengewone openbaring af nie maar uit die kenmerke wat aan die kinders van God eie is, en uit die standhoudende beloftes van God. Dit kom veral na vore by die apostel Paulus in Rom 8:39 : Geen skepsel sal ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus onse Here is nie, en by Johannes: Hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, em Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat Hy ons gegee het (1Jo 3:24).

*Artikel **6.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die leer van die sekerheid van die volharding en van die saligheid is, kragtens sy eie aard en wese, 'n kussing vir die sondige natuur en skadelik vir die godsvrug, goeie sedes, gebede en ander heilige handelinge. Daarteenoor is dit selfs lofwaardig om daaraan te twyfel.

Die Sinode leer: Daarmee wys hulle immers dat hulle die krag van die Goddelike genade en die werking van die Heilige Gees wat in ons woon, nie ken nie. Ook weerspreek hulle die apostel Johannes, wat met uitdruklike woorde die teendeel in sy eerste brief leer: Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is (1Jo 3:2-3). Buitendien word hulle weerlê deur die voorbeeld van die heiliges van die Ou en die Nuwe Testament. Hoewel hulle van hulle volharding en saligheid seker was, het hulle nogtans in die gebede en ander geloofshandelinge volhard.

*Artikel **7.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die geloof van hulle wat slegs 'n tyd lank glo, verskil net in tydsduur van die regverdigende en saligmakende geloof.

Die Sinode leer.. Christus stel immers self duidelik in Mat 13:20 en Luk 8:13 en volgende verse nog 'n drieledige onderskeid vas tussen hulle wat net 'n tyd lank glo, en die ware gelowiges. Hy sê: Eersgenoemdes ontvang die saad op rotsagtige grond, maar die gelowiges in goeie grond of in goeie harte; eersgenoemdes is sonder wortel, maar die gelowiges het 'n vaste wortel; eersgenoemdes dra nie vrug nie, maar die gelowiges dra met standvastigheid of volharding in verskillende mate hulle vrugte.

*Artikel **8.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Dit is nie ongerymd dat die mens sy eerste wedergeboorte verloor en daarna weer, selfs baiekeer weergebore word nie.

Die Sinode leer: Met hierdie leer ontken hulle die onverderflikheid van die saad van God waardeur ons weergebore word, en kom hulle in stryd met die getuienis van die apostel Petrus: Julle wat wedergebore is, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike (1Pe 1:23).

*Artikel **9.***

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Christus het nêrens gebid dat die gelowiges in die geloof onfeilbaar sou volhard nie.

Die Sinode leer: Hulle weerspreek Christus self, wat sê: Ek het vir jou gebid, Petrus, dat jou geloof nie mag ophou nie (Luk 22:32); en die evangelis Johannes, wat getuig dat Christus nie alleen vir die apostels gebid het nie, maar ook vir almal wat deur hulle woord sou glo: Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, en: Ek bid nie dat U hulle, uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar (Joh 17:11, Joh 17:15, Joh 17:20).

Besluit

Die voorgaande is dan die duidelike, eenvoudige en openhartige verklaring van die regsinnige leer aangaande die Vyf Artikels waaroor in Nederland verskil van mening is. Tegelyktertyd is dit die verwerping van die dwalings waardeur die Nederlandse kerke 'n tyd lank in beroering was. Die Sinode oordeel dat hierdie uiteensetting en verwerping uit die Woord van God geneem is en met die belydenisse van die Gereformeerde Kerke ooreenstem. Hieruit blyk dit duidelik dat mense vir wie dit allermins betaamlik was, in stryd met alle waarheid, billikheid en liefde die volk die volgende wou wysmaak:

> dat die leer van die Gereformeerde Kerke en die hoofpunte in die aanhangsels oor die uitverkiesing uit eie aard en aandrif die gemoedere van die mense van alle godsvrug en eerbied weglei;
>
> dat hierdie leer 'n oorkussing van die duiwel en die sondige natuur en 'n vesting van die Satan is, waaruit hy vir alle mense hinderlae opstel, die meeste verwond en baie met pyle òf van wanhoop òf van sorgeloosheid dodelik tref;
>
> dat hierdie leer God tot outeur van die sonde, 'n onregverdige tiran en 'n huigelaar maak en dat dit niks as die herleefde leer van die Stoïsyne, Manigeërs, Libertyne en Moslems is nie;
>
> dat hierdie leer die mense sondig en sorgeloos maak en dat hulle hulle daardeur verbeel dat, op watter wyse hulle ook al leef, dit nie die saligheid van die uitverkorenes verhinder nie en dat hulle gevolglik sonder kommer allerhande afskuwelike sondes kan doen;
>
> dat dit die verworpenes nie tot saligheid strek nie, selfs al sou hulle inderdaad ook al die werke van heiliges verrig;
>
> dat volgens hierdie leer God enkel en alleen deur sy wilsbesluit en sonder oorweging of inagneming van enige sonde van enigiemand die grootste deel van die wêreld vir die ewige verderf voorbeskik en geskep het;
>
> dat net soos die verkiesing die fontein en oorsaak van die geloof en van die goeie werke is, die verwerping ook so die oorsaak van die ongeloof en goddeloosheid is;
>
> dat baie onskuldige kinders van gelowiges van die moederbors weggeruk en op wreedaardige wyse in die hel gegooi word, sonder dat (die bloed van Christus of) hulle doop of die gebede van die kerk by hulle doop vir hulle tot voordeel kan wees.

En watter baie ander soortgelyke bewerings is daar nie wat die Gereformeerde Kerke nie alleen nie aanvaar nie maar ook van ganser harte verfoei!

Daarom doen hierdie Sinode van Dordrecht in die Naam van die Here 'n beroep op almal wat die Naam van ons Verlosser Jesus Christus gelowig aanroep, om die geloof van die Gereformeerde Kerke nie te beoordeel op grond van hier en daar saamgeroepte lasteringe

of op grond van persoonlike uitsprake van verskeie ouer of jonger leraars nie. Hierdie uitsprake word dikwels slegs met kwade bedoelings aangehaal of vermink en tot 'n verkeerde betekenis verdraai. Hulle moet eerder op grond van die openbare belydenisse van genoemde Gereformeerde Kerke oordeel en op grond van hierdie uiteensetting van die regsinnige leer wat met algemene instemming van almal saam en van elke lid van die hele Sinode afsonderlik vasgestel is.

Vervolgens vermaan die Sinode hierdie lasteraars emstig dat hulle moet besef watter swaar oordeel van God hulle oor hulleself bring as hulle teen soveel kerke en teen die belydenisse van soveel kerke valse getuienis gee, die gewetens van die swakkeres in beroering bring en naarstiglik streef om by baie mense die gemeenskap van die ware gelowiges verdag te maak.

Ten slotte doen hierdie Sinode 'n beroep op alle mededienaars in die evangelie van Christus om hulle in die behandeling van hierdie leer in die skole en in die kerke vroom en eerbiedeig te gedra. Hulle moet hierdie leer sowel mondeling as skriftelik tot eer van die Naam van God, tot heiligmaking van die lewe en tot troos van die verslae harte uitlê. Hulle moet in ooreenstemming met die Skrif nie alleen na die reël van die geloof dink nie maar ook praat. Eindelik moet hulle hulle weerhou van alle uitsprake wat die voorgeskrewe perke van die ware strekking van die Heilige Skrif oorskry. Sulke uitsprake kan aan die skaamtelose dwaalleraars 'n gegronde rede gee om die leer van die Gereformeerde Kerke sleg te maak of te belaster.

Mag die Seun van God, Jesus Christus, wat aan die regterhand van die Vader sit en aan die mense gawes gee, ons in die waarheid heilig. Mag Hy hulle wat dwaal, tot die waarheid lei en die lasteraars van die gesonde leer die mond snoer. Mag Hy die getroue bedienaars van sy Woord die Gees van wysheid en onderskeiding gee, sodat al hulle uitsprake tot eer van God en tot opbouing van die hoorders mag strek. Amen.

UITSPRAAK VAN DIE SINODE OOR DIE REMONSTRANTE

Deur God se genade is die waarheid tot hiertoe verduidelik en bekragtig.; hulle dwalings is verwerp en veroordeel, en hulle onbillike laster afgeweer. Hierdie Sinode van Dordrecht het verder egter nog een taak oor. Dit is naamlik om ernstig, volhardend en ooreenkomstig die gesag wat dit volgens die Woord van God oor al die lede van sy kerke het, op al die herders in die verenigde Nederlandse kerke saam en elkeen afsonderlik, op al die leraars in Universiteite en skole, op rektore en onderwysers; kortom, op almal aan wie die versorging van siele of die onderwys van die jeug opgedra is, 'n beroep te doen, hulle aan te spoor, te vermaan en by hulle aan te dring daarop om die vyf bekende artikels van die Remonstrante agterweë te laat. Dit is enersyds blote dwaling en andersyds skuilplekke vir dwalings Verder dring ons by hulle daarop aan om hierdie gesonde leer van die heilswaarheid, wat uit die suiwerste bronne van God se Woord geput is, suiwer en ongeskonde te bewaar. Ons versoek hulle ook om dit getrou en verstandig aan die volwassenes en die jeug voor te hou en te verduidelik. Hulle moet ook die uiters aangename en nuttige gebruik daarvan in lewe sowel as in sterwe noukeurig verduidelik As hulle van die kudde afdwaal en anders voel en deur 'n nuwe opvatting weggeruk word, moet hulle hulle sagmoedig in die duidelike waarheid onderrig. As God dan aan hulle die bekering gee om die waarheid te erken en met 'n gesonder gevoel terug te keer, moet hulle een in gees, mond, geloof en liefde opnuut tot die kerk van God en die gemeenskap van die heiliges toetree. sodat die wond van die kerk uiteindelik kan genees en die hart en siel van al sy lede een in die Here kan word.

Daar het egter sommige mense onder die benaming Remonstrante onder ons na vore gekom. (Die Sinode is van oordeel dat selfs die naam Remonstrante en Teenremonstrante in ewige vergetelheid moet vergaan.) Hulle het met persoonlike naywer en beraadslaging die tug en kerkorde geweld aangedoen en die vermanings en raad van hulle medebroeders verag. en die eens bloeiende kerke van Nederland wat in geloof en liefde ten nouste aan mekaar verbonde was, baie ernstig en gevaarlik in beroering gebring. Hierbenewens het hulle skadelike dwalings van ouds weer te voorskyn gebring en ook nuwes gesmee. Dit het hulle openlik en in die geheim mondelings en skriftelik onder die gewone mense versprei en met die grootste heftigheid verdedig. Hulle het geen maat of perk gemaak daaraan om die leer wat tot dusver in die kerk aanvaar is met valse beskuldigings en verskriklike lasterlikhede aan te val nie. Oral het hulle alles met hindernisse, tweedrag, gewetenswroeging en oproer gevul. Sulke swaar sondes teen die geloof, teen die liefde, teen die goeie sedes en teen die kerkeenheid en kerkvrede moet beslis met uiters gestrenge straf gestraf word. Hierdie sondes kan immers in geen mens geduld word nie en is in die geval van dienaars in alle tye met die strengste straf vergeld.

Met aanroeping van die heilige Naam van God en deeglik bewus van sy gesag volgens die Woord van God; in navolging van die spore van al die wettige Sinodes sowel van ouds as van onlangs, en gewapen met die gesag van die State Generaal, verklaar en oordeel hierdie Sinode dus soos volg:

Al daardie herders wat getoon het dat hulle aanstigters tot partyskappe in die kerk was en daardie leraars van die dwaalleer, word skuldig bevind aan korrupsie van die godsdiens,

die skeuring van die kerkeenheid en die ernstigste struikelblokke. Hierbenewens word diegene wat voor hierdie Sinode gedaag is, ook skuldig bevind aan ondraaglike hardnekkigheid teenoor die bevele van die hoë owerheid wat in hierdie Sinode bekendgestel is, en juis ook teen hierdie agbare Sinode.

Daarom verbied die Sinode ten eerste die bogenoemde mense wat voor die sinode gedaag is van alle kerklike diens en ontslaan hulle uit hulle ampte. Die Sinode oordeel ook dat hulle geen akademiese diens nie waardig is nie tot tyd en wyl hulle met ernstige inkeer wat deur hulle woorde, hulle dade en ywer daarteen voldoende bewys is, die kerk tevrede stel, waarlik en volkome daarmee versoen en in die gemeenskap daarmee opgeneeem word. Dit is ons opregte begeerte tot hulle beswil en tot blydskap van die hele kerk in ons Here Christus.

Ander mense van wie hierdie nasionale Sionode nie kennis dra nie, laat die Sinode volgens die aanvaarde orde aan provinsiale sinodes, klasisse en ouderlinge oor met die versoek dat hulle daarvoor moet sorg dra dat die kerk vir die huidige geen skade ly nie of in die toekoms hoef te vrees nie. Hulle moet die aanstigters tot hierdie dwalings met 'n gees van wysheid onderskei. Hulle moet die weerspannige, rumoerige opstokers en oproermakers so gou moontlik uit die kerklike en skoolampte wat aan hulle kennis en sorg toevertrou is, skors. Hulle word naamlik ook vermaan om na ontvangs van die oordeel van hierdie Nasionale Sinode, en die verkryging van die gesag van die owerhede, onverwyld saam te staan om te voorkom dat hierdie kwaad as gevolg van hulle tydsaamheid aangroei en sterker word.. Hulle moet die mense wat uit swakheid en vanweë die tydsgewrig geval het, meegesleur is en miskien daaroor as dinge van mindere belang twyfel, of selfs diegene wat 'n ander opvatting huldig, maar nogtans kalm en bedaard, onskuldig en leersaam is, met alle sagmoedigheid, liefdesdiens en geduld tot ware en volkome eensgesindheid met die kerk nooi. Hulle moet dit egter so doen dat hulle versigtig waak om niemand tot die heilige amp toe te laat wat weier om die leer wat deur hierdie sinodale besluite uitgevaardig is, te onderteken en te onderrig nie. Hulle moet niemand in sy amp hou as hy deur sy openlike verskil die leer wat in hierdie Sinodale besluite met so 'n groot eenstemmigheid goedgekeur is, skade kan berokken en die eensgesindheid van die herders en die rustigheid van die kerke opnuut in beroering kan bring nie.

Verder vermaan hierdie agbare sinode al die kerklike vergaderings om met die grootste versigtigheid toesig te hou oor al die kuddes wat aan hulle toevertrou is om betyds teen al die nuwighede wat in die kerk te voorskyn kan kom, op te tree en dit soos onkruid uit die land van die Here uit te roei. Hulle moet op skole en onderwysers let om te voorkom dat vir die kerk en staat later opnuut verderf geskep sou word vanweë persoonlike opvattings en verwronge gedagtes wat by die jeug ingeplant word.

Ten slotte betuig die Sinode eerbiedig sy dank aan die eerwaarde hooggestrenge here in die State Generaal van die Verenigde Nederlande omdat hulle die kerk in so 'n nodige en gepaste tydstip genadiglik te hulp gekom het toe kerksake aangeveg en in verval was. Hulle het ook die regskape en getroue diensknegte van God onder hulle beskerming geneem. Hulle het die begeerte gehad dat die pand van alle seën, naamlik die waarheid

van sy Woord, heilig en eerbiedig in hulle landstreke bewaar moes word en geen inspanning of koste ontsien om so 'n groot taak te bevorder en af te handel nie. Vir sulke uitnemende dienste bid die Sinode hulle die oorvloedigste vergelding van die Here toe sowel geestelik as tydelik in hulle openbare sowel as hulle persoonlike optrede. Voorts versoek en gelas die Sinode hierdie vriendelike here onderdanig en nederig om alleen hierdie heilsame leer, wat met die grootste getrouheid deur die Sinode volgens die Woord van God en die algemene instemming van die Gereformeerde Kerke uitgeklaar is, in hulle gebiede te laat aanhoor; om alle ketterye en dwalings wat by hulle ontstaan, af te weer en onrustige en oproerige geeste aan bande te lê; die Sinode versoek hulle om voort te gaan om hulle as ware en goedgunstige voeders en beskermers van die kerk te betoon , die uitspraak oor die voorgemelde persone , wat volgens die kerkreg en die landswette bevestig is, te bekragtig en die besluite van die Sinode deur die byvoeging van hulle gesag onbeweeglik en bestendig te maak.

In die naam en op las van die Sinode:
Sebastian Damman, Skriba van die Sinode;
Festus Hommius, Predikant te Leyden, en Aktuaris van die Sinode;
As getuie van die Handelinge: Daniel Heinsius.

Formuliere

Kinderdoop

FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE DOOP AAN KINDERS

Die hoofsaak van die leer van die heilige doop in hierdie drie punte saamgevat:

Sonde

Ten eerste: Ons en ons kinders is in sonde ontvang en gebore en is daarom onder die toorn van God, sodat ons nie in die ryk van God kan inkom nie[1], tensy ons opnuut gebore word[2]. Dit word aan ons geleer deur die indompeling in en besprinkeling met die water, waardeur die onreinheid van ons siele vir ons aangewys word, sodat ons vermaan word om 'n afkeer van onsself te he, ons voor God te verootmoedig en ons reiniging en saligheid buite onsself te soek.

Verlossing

---

1 Romeine 3:9, 19; Romeine 5:12-21

2 Johannes 3:3

Ten tweede: Die heilige doop betuig en verseël aan ons die afwassing van die sondes deur Jesus Christus[3]. Daarom word ons gedoop in die Naam van God: die Vader en die Seun en die Heilige Gees[4]. Want as ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseel die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig[5], ons tot sy kinders en erfgename aanneem en ons daarom met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer of tot ons beswil beskik.

En as ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy ons in sy bloed so van al ons sondes was - waarmee Hy ons in sy dood en opstanding inlyf - dat ons van ons sondes bevry en voor God regverdig gereken word[6].

Net so ook as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig[7] deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelik onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word[8].

Dankbaarheid

Ten derde: Omdat alle verbonde uit twee dele bestaan, daarom word ons ook weer deur die doop vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid[9]. Ons moet naamlik hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, aanhang, vertrou en liefhe met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand en met al ons kragte[10]; ons moet van die wêreld afsien, ons ou natuur doodmaak en 'n godvrugtige lewe lei. En as ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons aan die genade van God twyfel of in die sondes bly le nie: die doop is immers 'n seël en ontwyfelbare getuienis dat ons 'n ewige verbond met God het.

Die kinderdoop

---

3 1 Korintiërs 6:11
4 Matteus 28:19
5 Genesis 17:7, Galasiërs 4:6-7
6 1 Korintiërs 1:30
7 1 Korintiërs 12:13
8 Romeine 8:9, 15, 16
9 Romeine 12:1-2
10 Matteus 22:37-40

En hoewel ons kinders hierdie dinge nie verstaan nie, mag hulle nogtans nie daarom van die doop uitgesluit word nie, aangesien hulle sonder dat hulle dit weet, aan die verdoemenis in Adam deel het en ook, sonder dat hulle dit weet weer in Christus tot genade aangeneem word. So spreek God ook tot Abraham, die vader van al die gelowiges, en daarom ook tot ons en ons kinders en sê: *Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou*[11]. Dit betuig Petrus ook met woorde: *Want die belogte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here ons God na Hom sal roep*[12]. Daarom het God vroeër beveel dat hulle besny moet word, wat 'n seël van die verbond en van die geregtigheid van die geloofwas; so het Christus hulle ook omhels, die hande opgelê en geseën[13].

Omdat die doop nou in die plek van die besnydenis gekom het, daarom moet die kinders as erfgename van die ryk van God en van sy verbond gedoop word[14]. En die ouers is verplig om hulle kinders terwyl hulle opgroei, hieromtrent breedvoeriger te onderrig[15].

Om hierdie heilige instelling van God tot sy eer, tot ons troos en tot opbouing van die gemeente uit te voer, laat ons daarom sy heilige Naam aanroep:

Gebed

O, almagtige, ewige God,

U het volgens u streng oordeel die ongelowige en onboetvaardige wêreld met die sondvloed gestraf en die gelowige Noag met sy gesin - agt mense - deur u groot barmhartigheid gered en bewaar; U het die verharde Farao met al sy manne in die Rooisee verdrink en u volk Israel op droë grond daardeur gelei - waardeur die doop afgebeeld is[16].

---

11 Genesis 17:7
12 Handelinge 2:39
13 Markus 10:16
14 Kolossense 2:11-12
15 Psalm 78:3-4, Efesiërs 6:4
16 1 Petrus 3:20-21

Ons bid U, kragtens u grondelose barmhartigheid, dat u hierdie kind (kinders) van U genadiglik wil aansien en deur u Heilige Gees in u Seun Jesus Christus wil inlyf, sodat hy (sy/hulle) met Hom in sy dood begrawe mag word en met Hom in 'n nuwe lewe mag opstaan[17].

Laat hy (sy/hulle), terwyl hy (sy/hulle) Hom daagliks navolg, sy (haar/hulle) kruis blymoedig dra[18] en Hom aanhang met opregte geloof, vaste hoop en vurige liefde[19], sodat hy (sy/hulle) hierdie lewe, wat tog niks anders as 'n voortdurende sterwe is nie, deur U getroos, mag verlaat en op die laate dag sonder verskrikking voor die regterstoel van Christus, u Seun, mag verskyn.

Dit bid ons deur Hom, ons Here Jesus Christus, u Seun, wat, saam met U en die Heilige Gees een enige God, leef en regeer in ewigheid. Amen.

Die doopouers moet nou op die volgende vrae antwoord:

Vrae

Geliefdes in die Here Christus, U het gehoor dat die doop 'n instelling van God is om aan ons en ons kinders sy verbond te verseël. Daarom moet ons dit vir hierdie doel en nie uit gewoonte ofbygelowigheid gebruik nie. Dat dit openbaar kan word dat dit u gesindheid is, moet u van u kant op hierdie vrae opreg antwoord:

Ten eerste: Hoewel ons kinders in sondes ontvang en gebore en daarom aan allerhande ellende, ja, aan die verdoemenis self, onderworpe is, bely u nogtans dat hulle in Christus geheilig is en daarom as lidmate van sy gemeente behoort gedoop te wees?

Ten tweede: Bely u dat die leer wat in die Ou en Nuwe Testament en in die Artikels van die Christelike geloof vervat is en in die Christelike kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die saligheid is?

Ten derde: Belowe u en neem u u voor om hierdie kind (kinders), van wie u die vader en/of moeder is, wanneer hy (sy/hulle) dit kan verstaan, in die genoemde leer na u vermoe te onderrig en te laat onderrig?

---

17 Romeine 6:4ev

18 Matteus 16:24

19 1 Johannes 4:18

Antwoord: Ja.

Daarna sê die dienaar as hy die doop bedien, die volgende:

Doop

N, ek doop u/jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Dankgebed

Almagtige, barmhartige God en Vader, Ons dank en loof U dat U ons en ons kinders, deur die bloed van u geliefde Seun Jesus Christus, al ons sondes vergewe en ons deur u Heilige Gees tot lidmate van u eniggebore Seun en daardeur tot u kinders aangeneem het en dit aan ons met die heilige doop beseël en bekragtig. Ons bid U ook deur Hom, u geliefde Seun, dat U hierdie kind (kinders) altyd met u Heilige Gees wil regeer, sodat hy (sy/hulle) Christelik en godvrugtig opgevoed mag word en in die Here Jesus Christus mag groei en toeneem[20], sodat hy (sy/hulle) u vaderlike goedheid en barmhartigheid, wat u aan hom (haar/hulle) en ons almal bewys het, kan bely en in alle geregtigheid onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus, kan lewe en moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk kan stry en oorwin[21], om U en u Seun Jesus Christus, en ook die Heilige Gees, die enigste ware God, ewig te loof en te prys. Amen.

[20] Efesiërs 4:16-17

[21] Efesiërs 6:10-13

Volwassedoop

FORMULIER VIR DIE BEDiening VAN DIE HEILIGE DOOP VOLWASSENES

[As diegene wat in hulle jeug (deur nalatigheid of deur dwaling van hulle ouers) nie gedoop is nie, tot hulle jare van begrip gekom het en begeer om die Christelike doop te ontvang, moet hulle eers goed in die grondslae van die Christelike godsdiens onderrig word. En as hulle daarvan (voor die kerkraad of voor verteenwoordigers van die kerkraad of openlik - al na gelang dit in elke kerk die opbouendste geag word) 'n goeie belydenis gedoen het, moet hulle tot die heilige doop toegelaat word, en by die bediening daarvan moet hierdie formulier gebruik word.]

Die hoofsaak van die leer van die heilige doop word in hierdie drie punte saamgevat:

Sonde

Ten eerste: Ons en ons kinders is in sonde ontvang en gebore en is daarom onder die toorn van God, sodat ons nie in die ryk van God kan inkom nie[22], tensy ons opnuut gebore word[23]. Dit word aan ons geleer deur die indompeling in en besprinkeling met die water, waardeur die onreinheid van ons siele vir ons aangewys word, sodat ons vermaan word om 'n afkeer van onsself te hê, ons voor God te verootmoedig en ons reiniging en saligheid buite onsself te soek.

Verlossing

Ten tweede: Die heilige doop betuig en verseël aan ons die afwassing van die sondes deur Jesus Christus[24]. Daarom word ons gedoop in die Naam van God: die Vader en die Seun en die Heilige Gees[25]. Want as ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig[26], ons tot sy kinders en erfgename aanneem en ons daarom met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer of tot ons beswil beskik.

---

22 Romeine 3:9, 19; Romeine 5:12-21
23 Johannes 3:3
24 1 Korintiërs 6:11
25 Matteus 28:19
26 Genesis 17:7, Galasiërs 4:6-7

En as ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy ons in sy bloed so van al ons sondes was - waarmee Hy ons in sy dood en opstanding inlyf - dat ons van ons sondes verlos en voor God regverdig gereken word[27].

Net so ook as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig[28] deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelik onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word[29].

Dankbaarheid

Ten derde: Omdat alle verbonde uit twee dele bestaan, daarom word ons ook weer van Godsweë deur die doop vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid[30]. Ons moet naamlik hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel met ons hele verstand en met al ons kragte[31]; ons moet van die wêreld afsien, ons ou natuur doodmaak en 'n nuwe godvrugtige lewe lei.

En as ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die _enade van God twyfel[32] of in die sondes bly lê nie: die doop is immers 'n seël en ontwyfelbare getuienis dat ons 'n ewige verbond met God het[33].

En hoewel die kinders van die Christene - al verstaan hulle hierdie dinge nie - uit krag van die verbond gedoop moet word, is dit nogtans nie geoorloof om die volwassenes te doop nie tensy hulle eers, onder die besef van hulle sondes, van hulle boetvaardigheid en van hulle geloofin Christus belydenis doen. Want om hierdie rede het nie alleen Johannes die Doper, onder die verkondiging van die doop van bekering tot vergifnis van sondes volgens die gebod van God, die wat hulle sondes bely het, gedoop nie[34], maar het

---

27 1 Korintiërs 1:30
28 1 Korintiërs 12:13
29 Romeine 8:9, 15, 16
30 Romeine 12:1-2
31 Matteus 22:37-40
32 Romeine 4:20-21
33 Psalm 105:8
34 Markus 1:4-5, Lukas 3:3

ook ons Here Jesus Christus sy apostels beveel om al die nasies te onderrig en hulie in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees te doop[35], terwyl Hy hierdie belofte daarby voeg dat wie geglo het en gedoop is, gered sal word[36]. So het ook die apostels (soos blyk uit die Handelinge van die apostels) volgens hierdie reel nie ander volwassenes gedoop nie as net die wat van hulle boetvaardigheid en geloof belydenis gedoen het[37]. Daarom is dit ook vandag nie geoorloofom enige ander volwassenes te doop nie as die wat die verborgenhede van die heilige doop uit die prediking van die heilige evangelie geleer het en dit verstaan en daarvan sowel as van hulle geloof deur mondelinge belydenis rekenskap kan gee.

Om hierdie instelling van God tot sy eer, tot ons troos en tot opbouing van die gemeente uit te voer, laat ons daarom sy heilige Naam aanroep:

Gebed

O almagtige, ewige God,

U het volgens u streng oordeel die ongelowige en onboetvaardige wereld met die sondvloed gestraf en die gelowige Noag met sy gesin - agt mense - deur u groot barmhartigheid gered en bewaar. U het die verharde Farao met al sy manne in die Rooisee verdrink en u volk Israel op droë grond daardeur gelei - waardeur die doop afgebeeld is[38].

Ons bid U, kragtens u grondelose barmhartigheid dat u hierdie broeder(s)/suster(s) genadiglik wil aansien en deur u Heilige Gees in u Seun Jesus Christus wil inlyf, sodat hy (sy/hulle) met Hom in sy dood begrawe mag word en met Hom in 'n nuwe lewe mag opstaan[39]. Laat hy (sy/hulle), terwyl hy (sy/hulle) Hom daagliks navolg, sy (haar/hulle) kruis blymoedig dra[40] en Hom aanhang met opregte geloof, vaste hoop en vurige liefde[41],

---

35 Matteus 28:19
36 Markus 16:16
37 Handelinge 2:38; 8:36-37; 10:47-48; 16:14-15; 16:31-33
38 1 Petrus 3:20-21
39 Romeine 6:4ev
40 Matteus 16:24
41 1 Johannes 4:18

sodat hy (sy/hulle) hierdie lewe, wat tog niks anders as 'n voortdurende sterwe is nie, deur U getroos, mag verlaat en op die laaste dag sonder verskrikking voor die regterstoel van Christus, u Seun, mag verskyn. Dit bid ons deur Hom, ons Here Jesus Christus, u Seun, wat, saam met U en die Heilige Gees een enige God, leef en regeer in ewigheid. Amen.

Die bedienaar spreek die volwassene wat gedoop sal word, soos volg aan:

Vrae

U, N, begeer ook om met die heilige doop gedoop te word, sodat dit vir u 'n seël van u inlywing in die kerk van God kan wees. Dat dit kan blyk dat u nit alleen die Christelike geloof aanvaar waarin u afsonderlik deur ons onderrig is en waarvan u voor ons belydenis gedoen het nie, maar dat u ook, deur die genade van God, u lewe daarvolgens wil inrig moet u voor God en sy gemeente opreg hierop antwoord:

Ten eerste: Glo u in die enige ware God, onderskei in drie Persone: Vader, Seun en Heilige Gees, wat hemel en aarde en alles wat daarin is, uit niks geskep het en nog so onderhou en regeer dat niks in die hemel of op die aarde sonder sy Goddelike wil gebeur nie?

Antwoord: Ja.

Ten tweede: Glo u dat u in sonde ontvang en gebore is en daarom onder die toorn van God is; dat u van nature heeltemal onbekwaam tot enige goed is en tot alle kwaad geneig is; dat u met gedagtes, woorde en dade die gebooie van die Here baiekeer oortree het, en het u oor hierdie sondes van u van harte berou?

Antwoord: Ja.

Ten derde: Glo u dat Jesus Christus, wat terselfdertyd ware en ewige God is en ware mens, wat sy menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria aangeneem het, vir u deur God tot 'n Saligmaker geskenk is; dat u deur hierdie geloof vergewing van die sondes in sy bloed ontvang en dat u deur die krag van die Heilige Gees 'n lidmaat van Christus en van sy kerk geword het?

Antwoord: Ja.

Ten vierde: Stem u in met al die Artikels van die Christelike geloof soos dit hier in die Christelike kerk uit die Woord van God geleer word, en is u van voorneme om tot die einde van u lewe in hierdie leer te volhard; sien u af van alle ketterye en dwalinge wat met hierdie leer bots, en belowe u dat u in die gemeenskap van hierdie Christelike kerk sal volhard, nie alleen in die aanhoor van die Goddelike Woord nie maar ook in die gebruik van die heilige nagmaal?

Antwoord: Ja.

Ten vyfde: Het u u van harte voorgeneem om altyd Christelik te lewe en van die wereld en sy sondige begeerlikhede af te sien soos dit lidmate van Christus en sy gemeente betaam, en sal u u gewiillig aan alle Christelike vermanings onderwerp?

Antwoord: Ja.

Mag die goeie en grote God uit sy goedheid deur ons Here Jesus Christus aan u in hierdie heilige voorneme sy Goddelike genade en seën verleen. Amen.

Doop

Daarna se die bedienaar by die doop

N, ek doop u in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Dankgebed

Almagtige, barmhartige God en Vader,

Ons dank en loof U dat U ons en ons kinders, deur die bloed van u geliefde Seun Jesus Christus, al ons sondes vergewe en ons deur u Heilige Gees tot lidmate van u eniggebore Seun en daardeur tot u kinders aangeneem het en dit aan ons met die heilige doop beseel en bekragtig. Ons bid U ook deur Hom, u geliefde Seun, dat U hierdie broeder (suster) altyd met u Heilige Gees wil regeer, sodat hy (sy) Christelik en godvrugtig lewe en in die Here Jesus Christus groei en toeneem[42], sodat hy (sy) u vaderlike goedheid en barmhartigheid, wat U aan hom (haar) en ons almal bewys het, kan bely en in alle geregtigheid onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus, kan lewe

[42] Efesiërs 4:16-17

en moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk kan stry[43] en oorwin, om U en u Seun Jesus Christus en ook die Heilige Gees, die enigste ware God, ewig te loof en te prys. Amen.

[43] Efesiërs 6:10-13

Belydenis

FORMULIER VIR DIE AFLEGGING VAN BELYDENIS VAN GELOOF

Aan die gemeente

Geliefdes in die Here,

God het in Jesus Christus, ons Here, die verbond van genade met ons en ons kinders opgerig[44].

As kinders en erfgename[45] het ons deel aan die volle rykdom van die weldade van hierdie verbond maar word ons ook tot gehoorsaamheid[46] aan en aanvaarding[47] van die verbond geroep. Daarom moet verbondskinders wanneer hulle tot die nodige insig gekom het[48], hulle geloof openlik in die midde van die gemeente bely[49] asook hulle voorneme om deur die krag van die Heilige Gees die verbondsgemeenskap met God te onderhou[50].

Gelei deur die Gees van God[51] en sy Woord het hierdie broeders en susters die kerkraad gevra om hulle geloof hier openlik te bely. Nadat hulle behoorlik onderrig en ondervra is, is die kerkraad daarvan oortuig dat elkeen van hulle toegerus is[52] om tot sodanige persoonlike belydenis te kom.

Derhalwe word aan elkeen van hulle nou afsonderlik die geleentheid daartoe gebied.

Aan die voornemende belyers

Geliefdes

U kom nou hier voor die aangesig van God en in die midde van sy gemeente om u geloof te bely. Daarom versoek ek u om in alle opregtheid op die volgende vrae te antwoord:

---

44 Handelinge 2:39
45 Romeine 8:17
46 Genesis 17:9
47 1 Timoteus 1:15
48 Kolossense 2:2
49 1 Timoteus 6:12
50 1 Johannes 1:3
51 Galasiërs 4:6
52 Efesiërs 4:12

1 Glo u in die enige ware God[53]: Vader, Seun en Heilige Gees, in wie se Naam u gedoop is[54]?

2 Glo en bely u dat al is u in sonde ontvang en gebore[55] en nog steeds tot alle boosheid geneig[56], u tog in Christus geheilig is[57], deur die Vader tot sy kind aangeneem is[58] en deur die Heilige Gees tot 'n nuwe gehoorsaamheid opgewek is[59]?

3 Glo en bely u dat die Ou en Nuwe Testament die Woord van God en die volkome leer van die saligheid is, soos dit ook in die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke uitgedruk word en in die kerk hier geleer word?

4 Is dit u voorneme om deur die genade van God in hierdie leer tot die einde van u lewe standvastig te volhard[60], die verbondsgemeenskap met God te onderhou[61], Hom van harte liefte hê[62] en in gehoorsaamheid aan sy Woord[63] te dien, van die wêreld en sy begeerlikheid af te sien[64], u lewe en saligheid buite uselfin Christus te soek en so hierdie belydenis van u met 'n godvresende lewe te bevestig[65]?

5 Beloof u, terwyl die volle gemeenskap met die kerk van Christus nou vir u ontsluit word, om as 'n lewende lid van die kerk[66] die bediening van Woord en sakramente ywerig te soek[67], u gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van

---

53 Deuteronomium 6:4
54 Matteus 28:19
55 Psalm 51:7
56 Romeine 7:21
57 Hebreërs 10:10
58 Efesiërs 1:5
59 1 Petrus 1:21
60 1 Timoteus 4:16
61 Johannes 15:4
62 Deuteronomium 6:5
63 1 Samuel 15:22.
64 1 Petrus 1:14
65 1 Korinthiërs 1:30
66 1 Petrus 2:5
67 1 Petrus 2:2

die ander lede[68] en tot uitbouing van die koninkryk van God[69] aan te wend en dat u u aan die Christelike vermaning en tug sal onderwerp[70] as u in leer of lewe u misgaan[71]?

NN, wat is hierop u antwoord?

Antwoord: Ja.

Opwekking en verwelkoming

Waar u hier openlik u geloof bely en God se verbondsbeloftes wat in u doop verseel is, aanvaar het, wek ons u op om hierin te volhard. In die Naam van ons Here Jesus Christus heet ons u hartlik welkom in die volle gemeenskap met die volk van God. Mag die God self van alle genade, wat ons tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus geroep het, nadat ons 'n kort tyd gely het, u volmaak, bevestig, versterk en grondves. Aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid. Amen.

---

68 Filippense 2:4
69 Handelinge 1:8
70 Spreuke 8:33
71 Matteus 18:15

Nagmaal

FORMULIER VIR DIE VIERING VAN DIE HEILIGE NAGMAAL

Geliefdes in die Here Jesus Christus,

Instelling

Luister na die instellingswoorde van die heilige nagmaal van ons Here Jesus Christus soos die apostel Paulus dit vir ons beskrywe in die eerste Korintierbrief[72]:

Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker na die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en so van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. Om tot ons troos die nagmaal van die Here te kan hou is dit ten eerste nodig dat ons ons voorafreg sal ondersoek en, ten tweede, dat ons dit sal hou soos Christus beveel het, naamlik tot sy gedagtenis.

Selfondersoek

Die ware selfondersoek bevat hierdie drie hoofpunte:

Ten eerste: Elkeen moet nadink oor sy sonde en vervloeking, sodat hy homself kan mishaag en hom voor God kan verootmoedig; want die toorn van God teen die sonde is so groot dat Hy dit, eerder as om dit ongestraf te laat bly, aan sy geliefde Seun, Jesus Christus, met die bittere en smadelike kruisdood gestraf het.

Ten tweede: Elkeen moet sy hart ondersoek of hy die vaste belofte van God glo dat al sy sondes hom alleen op grond van die lyding en dood van Jesus Christus vergewe is en dat

[72] 1 Korintiërs 11:23-29

die volkome geregtigheid van Christus hom as sy eie toegereken en geskenk is, ja, so volkome asofhy in eie persoon vir al sy sondes betaal en alle geregtigheid volbring het.

Ten derde: Elkeen moet sy gewete ondersoek of hy van voorneme is om van nou af met sy hele lewe ware dankbaarheid aan God te betoon en opreg voor Hom te wandel; ook om eerlik alle vyandskap, haat en nyd te laat vaar en voortaan in ware liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe.

Almal wat so gesind is, wil God in genade aanneem en as waardige tafelgenote van sy Seun, Jesus Christus, beskou. Maar die wat, aan die ander kant, hierdie getuienis nie in hulle hart ondervind nie, eet en drink 'n oordeel oor hulleself. Volgens die bevel van Christus en van die apostel Paulus vermaan ons dan ook almal wat weet dat hulle met die volgende aanstootlike Sondes besmet is, om nie die nagmaal van die Here te gebruik nie, en ons verkondig aan hulle dat hulle geen deel aan die ryk van Christus het nie: alle afgodsdienaars; almal wat afgestorwe heiliges, engele of ander geskape dinge aanroep, en die wat beelde vereer; alle towenaars en waarseers wat diere of mense of ander dinge besweer en die wat aan so 'n beswering glo; alle veragters van God en sy Woord en die heilige sakramente; alle Godslasteraars; almal wat skeuring en oproer in kerk en staat wil veroorsaak; almal wat vals sweer[73] en wat hulle ouers en owerhede ongehoorsaam is; alle moordenaars en twissoekers en die wat in haat en nyd teen hulle naaste lewe; alle egbrekers, hoereerders, dronkaards, diewe, onwettige winsmakers, rowers, dobbelaars, gierigaards en almal wat aanstootlik lewe[74]. Hulle almal moet, solank hulle in sulke sondes volhard, hulle van die nagmaal onthou, wat Christus alleen vir sy gelowiges ingestel het, sodat hulle oordeel en verdoemenis nie nog swaarder word nie.

Maar, geliefde broeders en susters in die Here, die bedoeling is nie om die verslae harte van die gelowiges kleinmoedig te maak nie, asof slegs die wat sonder enige sonde is, na die nagmaal van die Here mag kom. Ons kom tog nie na die nagmaal om daarmee te kenne te gee dat ons in onsselfvolmaak en regverdig is nie; inteendeel, ons kom juis omdat ons ons lewe buite onsselfin Christus soek, en daarmee bely ons dat ons deur ons

---

[73] Levitikus 19:12

[74] 1 Korintiërs 5:11. Efesiërs 5:5, Eksodus 20:12-17, Sagaria 8:17

misdade dood is. Dit is wel so dat ons nog baie ellende en gebreke in onsself vind, byvoorbeeld dat ons nie 'n volmaakte geloof het nie; dat ons God ook nie met so 'n ywer dien as wat ons verskuldig is nie; dat ons daagliks moet stry teen die swakheid van ons geloof en ons sondige drifte. Waar ons egter deur die genade van die Heilige Gees oor sulke gebreke van harte berou het en opreg begeer om volgens al die gebooie van God te lewe, mag ons daarvan heeltemal seker wees dat geen sonde of swakheid wat teen ons wil in ons oorgebly het, kan verhinder dat God ons in genade aanneem en hierdie hemelse voedsel en drank waardig en deelagtig maak nie.

Gedagtenis

Laat ons nou verder oordink vir watter doel die Here vir ons sy nagmaal ingestel het, naamlik dat ons dit tot sy gedagtenis moet doen. Dit beteken dat ons Hom daarby soos volg moet gedenk:

Ons moet van harte glo dat Jesus Christus - volgens die beloftes wat van die begin af aan die aartsvaders gegee is - deur die Vader in hierdie wêreld gestuur is; dat Hy ons vlees en bloed aangeneem het en die toorn van God, waaronder ons ewig moes versink het, van die begin van sy menswording af tot aan die einde van sy lewe op aarde vir ons gedra het; dat Hy in alle gehoorsaamheid aan die Goddelike wet die geregtigheid vir ons volbring het, veral toe die las van ons sonde en van die toorn van God Hom bloedsweet in Getsemane ontpers het[75]; dat Hy Hom laat bind het om ons te ontbind en daarna ontelbare smaadhede gely het, sodat ons nooit meer in skande sou geraak nie; dat Hy onskuldig tot die dood veroordeel is, sodat ons voor die gerig van God vrygespreek kan word; ja, dat Hy sy geseënde liggaam aan die kruis laat spyker het om die skuldbrief van ons sonde[76] daaraan vas te heg; dat Hy so ons vervloeking op Hom gelaai het om ons met sy seën te vervul; dat Hy Hom aan die kruishout, na liggaam en siel, tot in die allerdiepste smaad en angs van die hel verneder het, toe Hy hardop geroep het: My God, my God, waarom het U My verlaat?[77] - sodat ons tot God geneem en nooit meer deur Hom verlaat sou word nie; dat Hy aan die einde met sy dood en bloedstorting die nuwe

---

75 Lukas 22:44

76 Kolossense 2:44

77 Matteus 27:46, Markus 15:34

en ewige testament, die verbond van genade en versoening, bevestig het toe Hy gese het: Dit is volbring[78].

Dat ons vas kan glo dat ons tot hierdie genadeverbond behoort, het die Here Jesus toe Hy die nagmaal ingestel het, die brood geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek, aan sy dissipels gegee en gese: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so het Hy na die ete die beker geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit aan hulle gegee en gese: Drink almal daaruit; hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle en vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes. Doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Dit wil sê, so dikwels as wat julle van hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, sal julle daardeur, soos in die geval van 'n blywende aandenking en pand, herinner en verseker word van hierdie hartlike liefde en trou van My teenoor julle. Dit blyk daaruit dat Ek vir julle, wat anders die ewige dood moes sterwe, my liggaam aan die kruishout in die dood gee en my bloed stort en julle hongerige en dorstige harte met my gekruisigde liggaam en uitgestorte bloed tot die ewige lewe voed en verkwik. Julle word hiervan verseker deur die brood wat voor julle oë gebreek word, die beker wat aan elkeen gegee word, en die feit dat julle dit tot my gedagtenis met die mond eet en drink[79].

Uit hierdie instelling van die heilige nagmaal van ons Here Jesus Christus sien ons dat Hy ons geloof en vertroue op sy volmaakte offer rig, wat eenmaal aan die kruis volbring is, as die enigste grondslag van ons saligheid. Daardeur het Hy die ware voedsel en drank van die ewige lewe vir ons hongerige harte geword; want deur sy dood het Hy die oorsaak van ons ewige honger en kommer, naamlik die sonde, weggeneem. So het Hy vir ons die lewendmakende Gees verwerf, sodat ons deur die Gees - wat in Christus as die Hoof en in ons as sy lede woon - ware gemeenskap met Hom kan hê en aan al sy rykdom, die ewige lewe, geregtigheid en heerlikheid deel kan kry.

Verder word ons ook deur dieselfde Gees onderling as lede van een liggaam in ware broederlike liefde saamgebind, soos die apostel sê: Omdat dit een brood is, is ons almal

---

78 Johannes 19:30

79 1 Korintiërs 11:23-25

een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood[80]. Net soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word en uit baie druiwekorrels, as hulle gepars word, een wyn vloei, so moet ons almal wat deur die geloof in Christus ingelyf is, een liggaam wees. Ter wille van ons geliefde Saligmaker, wat ons eerste so uitnemend liefgehad het, moet ons broederlike liefde nie alleen met woorde nie maar ook met die daad teenoor mekaar bewys. Mag die almagtige, barmhartige God en Vader van ons Here Jesus Christus deur sy Heilige Gees ons daartoe help. Amen.

Laat ons nou, om dit alles te verkry, ons voor God verootmoedig en Hom met waaragtige geloof om sy genade aanroep:

Gebed

Barmhartige God en Vader,

In hierdie nagmaal herdenk ons die heerlike gebeurtenis van die bittere dood van u geliefde Seun, Jesus Christus. Ons bid U dat U deur u Heilige Gees 'n opregte vertroue in ons harte sal bewerk om ons al meer aan u Seun oor te gee, sodat ons belaste en verslae harte met sy liggaam en bloed, ja, met Hom, waaragtige God en mens, die enige hemelse brood, deur die krag van die Heilige Gees gevoed en verkwik word en ons nie meer in ons sondes lewe nie maar Hy in ons en ons in Hom. Laat ons so waarlik deel he aan die nuwe en ewige testament en verbond van genade, sonder om te twyfel dat U ewig ons genadige Vader is wat ons ons sondes nooit toereken nie en ons as u geliefde kinders en erfgename na liggaam en siel met alle dinge versorg. Verleen ons ook u genade om getroos ons kruis op te neem, onsself te verloen, ons Heiland te bely en onder alle droefheid met verlange ons Here Jesus Christus uit die hemel te verwag, waar Hy ons sterflike liggame aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en ons tot in ewigheid by Hom sal neem. Verhoor ons, o almagtige God en barmhartige Vader, deur Jesus, wat ons geleer het om so te bid: Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daag1ikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars

[80] 1 Korintiërs 10:17

vergewe; en lei ons nie in versoeking nie maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid[81]. Amen.

Daarna se die bedienaar van die Woord:

Hartverheffing

Om dan nou met die ware hemelse brood, Christus, gevoed te word moet ons nie met ons harte aan die sigbare tekens van brood en wyn verkleef bly nie maar ons harte ophef na die hemel, waar Jesus Christus ons Voorspraak aan die regterhand van sy hemelse Vader is, soos ons ook in die Artikels van ons Christelike geloof bely. Laat ons ook nie daaraan twyfel nie dat ons lewe net so werklik deur die werking van die Heilige Gees met sy liggaam en bloed gevoed en verkwik word as wat ons die brood en drank tot sy gedagtenis ontvang.

Formule

As die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar:

Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet; gedenk en glo dat die liggaam van ons Here Jesus Christus gebreek is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

En as hy die beker aangee:

Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is die gemeenskap met die bloed van Christus. Neem, drink almal daaruit; gedenk en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

Na die bediening sê die bedienaar:

Lofverheffing

Geliefdes in die Here, aangesien die Here ons siele nou aan sy tafel gevoed het, laat ons almal saam sy Naam met dankbaarheid prys en in ons hart soos volg sê:

Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid

---

[81] Matteus 6:9-13

vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede. Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees[82].

Hy het selfs sy eie Seun nie gespaar nie maar Hom vir ons almal oorgegee en ons alles genadiglik met Hom geskenk[83]. Aangesien God reeds sy liefde vir ons daarin bewys het dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was, soveel te meer sal ons deur Hom van sy toorn gered word nou dat ons in sy bloed geregverdig is. As ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, hoeveel te meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons met Hom versoen is[84]. Daarom sal my mond en hart die lofvan die Here verkondig van nou af tot in ewigheid. Amen.

Gebed

Almagtige, barmhartige God en Vader, Ons dank U met ons hele hart dat U uit grondelose barmhartigheid u eniggebore Seun aan ons as 'n Middelaar en offer vir ons sondes en as 'n spys en drank van die ewige lewe geskenk het. Ons dank U ook dat U ons 'n opregte geloof gee, waardeur ons hierdie weldade deelagtig word, en dat U ook tot versterking van die geloof vir ons die nagmaal laat instel en verorden het. Ons bid U, getroue God en Vader, dat U deur die werking van u Heilige Gees die gedagtenis van ons Here Jesus Christus en die verkondiging van sy dood bevorderlik wil laat wees vir ons daaglikse vooruitgang in die regte geloof en in die salige gemeenskap. Dit bid ons deur Hom, u geliefde Seun, Jesus Christus. Amen.

---

82 Psalm 103:1-4, 8-13

83 Romeine 8:32

84 Romeine 5:8-10

Nagmaal (verkort)

VERKORTE FORMULIER VIR DIE VIERING VAN DIE HEILIGE NAGMAAL

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Instelling

Luister na die instellingswoorde van die heilige nagmaal van ons Here Jesus Christus soos Paulus dit beskryf:

Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gese: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker na die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en so van die brood eet en uit die beker drink[85].

Om die nagmaal reg en troosryk te vier is dit nodig om onsself vooraf reg te ondersoek en dit tot sy gedagtenis te gebruik.

Selfondersoek

Dle ware selfondersoek bevat hierdie drie hoofpunte:

Ons moet nadink oor ons sonde en vervloeking en ons met diepe berou hieroor voor God verootmoedig. Ons moet die vaste belofte van God glo dat al ons sondes alleen op grond van die soenverdienste van Christus vergewe is en dat sy volkome geregtigheid ons toegereken en geskenk is. Ons moet die opregte begeerte hê om met ons hele lewe dank aan God te bewys, opreg voor Hom te wandel en in ware liefde en eensgesindheid met ons naaste te lewe[86].

---

85 1 Korintiërs 11:23-28

86 1 Korintiërs 11:27-29, Psalm 51

Wie so gesind is, wil God in genade aanneem en in die seëninge van die nagmaal laat deel. Maar hulle wat hardnekkig en sonder berou God se gebod oortree, eet en drink 'n oordeel oor hulleself. Daarom verkondig ons aan alle afgodsdienaars, towenaars en waarsêers en die wat aan hulle glo, godslasteraars en skeurmakers in kerk en staat, meinediges en ongehoorsames, moordenaars en twissoekers, egbrekers, hoereerders, dronkaards, diewe, rowers, dobbelaars en gierigaards[87] om nie na die nagmaal van die Here te kom nie. Want niemand wat liefdeloos en aanstootlik lewe, het deel aan die ryk van Christus nie. Tog kom ons nie na die nagmaal omdat ons onsself sondeloos en volmaak ag nie; inteendeel, ons kom juis omdat ons ons lewe buite onsself in Christus soek. Daarmee erken ons dat ons van nature deur die sonde dood is. Ons het inderdaad nog baie gebreke: gebrek aan geloof, aan ywer in God se diens, aan liefde tot God en ons naaste. Ons het egter deur die genade van die Heilige Gees van harte berou oor ons sondes en begeer opreg om volgens al die gebooie van God te lewe. Daarom kan ons seker wees dat God ons in genade aanneem en waardig maak om deel te he aan die hemelse spys en drank.

Gedagtenis

Die Here leer ons die doel van die nagmaal wanneer Hy sê: Doen dit tot my gedagtenis. Om dit te doen moet ons opreg glo dat Hy deur die Vader na hierdie wereld gestuur is, dat Hy ware mens geword het en as sondelose Lam die toorn van God gedurende sy hele lewe op aarde vir ons gedra het. Hy het met volmaakte gehoorsaamheid God se wet vir ons vervul. Hy het ons smaad gedra sodat ons nooit weer tot skande sou word nie. Hy is onskuldig ter dood veroordeel sodat ons voor die gerig van God vrygespreek kan word. Hy is aan die kruis gespyker om die skuldbrief van ons sondes[88] vas te nael. So het Hy ons vervloeking op Hom geneem om ons met sy seën te vul. Hy het helse pyn en smart en bange Godverlatenheid gely toe Hy uitgeroep het: My God, my God, waarom het U My verlaat?[89] sodat ons nooit meer deur God verlaat sou word nie. Eindelik het Hy met

---

87 1 Korintiërs 5:11. Efesiërs 5:5, Eksodus 20:12-17, Sagaria 8:17, Levitikus 19:12

88 Kolossense 2:44

89 Matteus 27:46, Markus 15:34

sy dood en bloedstorting die ewige genadeverbond bekragtig met die woorde: Dit is volbring[90].

Wanneer ons so aan Hom dink, word die tekens van brood en wyn telkens weer 'n versekering dat Hy Hom in ons plek oorgegee het en dat Hy ons so seker met sy liggaam en bloed voed as wat ons die brood en wyn eet en drink. So wil die lewende Christus deur sy Gees ons van sy liefde verseker en ons tot die vaste wete bring dat ons ook tot hierdie genadeverbond behoort. En elke maal as ons nagmaal vier, verkondig ons sy dood totdat Hy kom.

Daarom laat die fees van die nagmaal ons ook met groot verlange uitsien na die bruilofsmaal van die Lam. So leer die nagmaal ons om die enige kruisoffer van ons Here Jesus Christus as die enigste grondslag van ons saligheid in die geloofte omhels. Daar is sy liggaam gebreek en sy bloed vergiet tot 'n volkome versoening van al ons sondes en het Hy vir ons die ware voedsel en drank van die ewige lewe geword. Deur sy dood het Hy ook vir ons die lewendmakende Gees verwerf, wat ons aan Christus in ware gemeenskap verbind en in al sy rykdomme laat deel. Dieselfde Gees bind ons ook as lede van een liggaam in ware liefde saam. Omdat ons almal aan die een brood deel het, is ons almal een liggaam[91]. Daarom moet ons almal wat deur die geloof in Christus ingelyf is, hierdie eenheid in liefde met woord en daad teenoor mekaar bewys. Mag God deur sy Gees ons daartoe help. Amen.

Gebed

Laat ons ons nou eers voor God verootmoedig en Hom gelowig om sy genade aanroep:

Barmhartige God en Vader, Ons dank U dat ons die troosryke gebeurtenis van u Seun, Jesus Christus, se bittere dood mag gedenk. Ons bid U, gee deur u Heilige Gees 'n opregte vertroue in ons hart om ons al meer aan u Seun oor te gee, sodat ons met Hom, die hemelse brood, verkwik word en nie meer in ons sondes nie maar in Hom mag lewe. Verseker ons dat U ons genadige Vader is en ons u kinders en erfgename. Help ons om onsself te verloën, ons Heiland te bely en met verlange te wag op sy terugkoms, wanneer

---

90 Johannes 19:30

91 1 Korintiërs 10:17

Hy ons in ewigheid tot Hom sal neem. Verhoor ons, o God en barmhartige Vader, om Jesus ontwil. Amen.

Hierna volg 'n toepaslike psalm. Die dienaar gaan na die tafel en sê:

Hartverheffing

Verhef u harte tot Jesus Christus, ons Voorspraak aan die regterhand van die hemelse Vader, en wees verseker dat die Heilige Gees u net so seker met Jesus se liggaam en bloed versterk as wat u die tekens van brood en wyn tot sy gedagtenis ontvang.

Formule

Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet; gedenk en glo dat die liggaam van ons Here Jesus Christus gebreek is tot 'n volkome versoening van al ons sondes. Die beker van danksegging wat ons met danksegging seen, is die gemeenskap met die bloed van Christus. Neem, drink almal daaruit; gedenk en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

Lofverheffing

Geliefdes, omdat die Here ons met die hemelse brood verkwik het, laat ons almal saam in dankbaarheid sy Naam loof en prys met die woorde:

Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam!

Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!

Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede.

Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees.

So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.

Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees.

Hy het selfs sy eie Seun nie gespaar nie maar Hom vir ons almal oorgegee en ons alles genadiglik met Hom geskenk[92].

Daarom sal ons mond en hart die lof van die Here verkondig van nou af tot in ewigheid. Amen.

Dankgebed

Barmhartige God en Vader, Ons dank en loof U dat U die heerlike beloftes van die evangelie met hierdie nagmaal aan ons bekragtig. Ons dank U dat U u eniggebore Seun geskenk het as Middelaar en offer vir ons sondes. Ons dank U vir die ware geloof, waardeur ons deel kry aan die offer van u Seun. Ons bid U, laat deur die werking van die Heilige Gees die verkondiging van die dood van ons Here ons daagliks laat groei in die geloof en in die heerlike gemeenskap met Christus, om sy Naam ontwil. Amen.

[92] Psalm 103:1-4, 8-13, Romeine 8:32

Ban

FORMULIER VIR DIE BAN OF AFSNYDING VAN 'N LIDMAAT VAN DIE GEMEENTE

Geliefdes in die Here Jesus Christus,

Daar is reeds verskeie kere bekend gemaak dat N swaar gesondig het en daardeur ernstig aanstoot gegee het.

Hy/sy het in die strik van die duiwel geraak[93], en die hou hom/haar in sy mag om sy wil te doen. Hy/sy verset hom/haar hardnekkig teen die wil van die vader[94], en niemand kon tot nou toe getuig dat hy/sy sy/haar sonde opreg bely het en ware berou betoon het en hom/haar van sy/haar verkeerde pad bekeer het nie; inteendeel, hy/sy maak sy/haar skuld deur verharding en 'n onbekeerlike hart nog daagliks meer.

Ons het u reeds meegedeel dat ons die uiterste geneesmiddel sal moet toepas as hy/sy hom/haar na al die geduld wat die kerk gehad het, nie bekeer nie. Hy/sy moet volgens opdrag van God van die gemeente afgesny word, sodat die hele liggaam nie deur die verrottende en tot nog toe ongeneeslike lid besmet en die Naam van God gelaster word nie[95].

Daarom verklaar ons, die kerkraad van hierdie gemeente, in die Naam en krag van ons Here Jesus Christus dat N nou uit die gemeente van God uitge sluit is. Met innige droefheid sny ons hom/haar af van die gemeenskap met Christus, van die heilige sakramente, van alle geestelike seeninge van God wat die gemeente kragtens die belofte van die Koning van die kerk toekom. Jesus Christus se immers: Alles wat julle op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly[96].

---

93 1 Timotheüs 3:7

94 1 Johannes 3:8ev., Johannes 8:44

95 1 Korintiërs 5:5, 7, 13

96 Matteus 16:19

Geliefde Christene, Ons vermaan u: moet nie met hom/haar omgaan nie, sodat hy/sy beskaam mag word. U moet hom/haar egter nie as vyand beskou nie maar wys hom/ haar juis van tyd tot tyd in liefde tereg[97].

Geliefde broeder en suster, U het gesien hoe hierdie man/vrou deur verharding tot 'n val gekom het. Leer uit hierdie droewige saak opnuut om die Here te vrees en luister na die woorde van die apostel: Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie[98]. Volhard daarom getrou in die gemeenskap met die Vader en die Seun en die Heilige Gees en ook met alle gelowiges tot die einde toe in die hoop op die heerlikheid van God. Waak en stry dan teen die sonde, die duiwel en sy listigheid; moet nie u hart verhard nie; bely u sondes, betoon berou en sorg deur bekering dat u lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus is.

Laat ons elke las afgooi, ook die sonde, wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat voor ons le, met volharding loop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van ons geloof[99] - alles tot eer van God die Here[100].

Maar aangesien dit God is wat in ons werk en ons gewillig en bekwaam maak om sy heilige plan uit te voer, laat ons sy Naam aanroep.

Almagtige, regverdige God en barmhartige Vader,

Ons bely dat ons swaar teen u gesondig het; ons het vanwee ons ongeregtigheid die droefheid en smart van hierdie afsnyding verdien. Ons bid U, wees ons om Christus ontwil genadig en barmhartig; vergewe ons, Here, en handel met ons nie volgens ons sondes en vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie. Ons bid U, verwek deur u Gees in ons hart steeds meer 'n gevoel van smart oor die sonde en laat ons U, die Here, vrees vanwee u oordele oor hulle wat sonder berou of bekering hardnekkig in die sonde bly voortlewe. Bewaar ons van besmetting deur die wêreld; gee ons die krag tot bekering in die lewe in Christus Jesus. Ons smeek U, seën ons vermaninge en bring uit genade en

---

97 1 Korintiërs 5:11, 1 Timotheüs 5:22, 1 Tessalonisense 3:14-15

98 1 Korintiërs 10:12

99 Hebreërs 12:1-2

100 Filippense 2:13

deur ons vermaning en voorbeeld die afgesnyde sondaar/sondares en almal wat hulle verhard en in ongeloof lewe, weer op die regte pad te- rug. En bring oor ons vreugde in plaas van smart, blydSkap in plaas van droefheid. Laat so u Naam geheilig word in Jesus _hristus, ons Here, deur die gemeenskap van die Heilige Gees, tot in ewigheid. Amen.

Heropname

FORMULIER OM 'N AFGESNYDE LIDMAAT WEER IN DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS OP TE NEEM

Afkondiging

Geliefdes in die Here Jesus Christus,

Die kerkraad maak met vreugde aan u bekend dat N, wat 'n tvd gelede van die gemeente van Christus afgesny is, die opregte begeerte het om weer in die gemeente opgeneem te word.

Deur die geneesmiddel van die afsnyding sowel as deur ernstige vermaninge en u gebede vir hom/haar het hy/sy so ver gekom om sy/haar sondes te bely, berou te betoon en hom/haar van sy/haar sondige pad te bekeer. Ons moet volgens die bevel van God die wat hulle bekeer, weer met blydskap in die gemeenskap ontvang. Daarom sal die kerkraad N, na instemming deur die gemeente, van die ban of af- snyding onthef, sodat hy/sy aan die viering van die heilige nagmaal deel kan he. As iemand hierteen wettige beswaar het, moet hy/sy die kerkraad betyds van die beswaar verwittig. Intussen moet elkeen die Here dank vir die genade wat Hy aan hierdie sondaar/sondares bewys het, en tot die Here bid dat Hy die broeder/suster tot sy/haar ewige saligheid in sy troue Vadersorg sal behou.

Die formulier vir opneming

Geliefdes in die Here Jesus Christus,

Die kerkraad het met vreugde aan u bekend gemaak dat broeder/suster N hom/haar opreg bekeer het sodat hy/sy met u medewete weer in die gemeente van Christus opgeneem kan word[101].

Nadat die Here Jesus in Matteus 18 die vonnis van sy kerk in die afsnyding van die onboetvaardige sondaars bevestig het, verklaar Hy onmiddellik daarby dat alles wat sy dienaars op die aarde oopsluit, in die hemel oopgesluit bly. Daarmee gee Hy te kenne dat wanneer iemand deur sy kerk afgesny is, alle hoop op die saligheid hom nie ontneem is

[101] 2 Korintiërs 2

nie maar dat hy weer van die bande van die verdoemenis vry kan word[102]. Omdat God dus in sy Woord verklaar dat Hy nie in die dood van die sondaar behae het nie maar daarin dat hy hom bekeer en lewe[103], daarom het die kerk ook nog altyd hoop op die bekering van die, afgedwaalde sondaar en hou sy arms oop om die bekeerde weer te ontvang.

Daarom hoef niemand wat hom/haar opreg bekeer, enigsins daaraan te twyfel dat hy/sy beslis deur God in genade aangeneem is nie.

Christus selfbevestig dit immers: As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie[104].

Verder beveel Paulus nie net dat 'n sondaar uit die gemeente verwyder moet word nie maar ook dat hy/sy vergewe en bemoedig moet word nadat hy/sy na bestrawwing tot insig gekom het[105].

Verwelkom hom/haar daarom in liefde en loof die Here.

Aanspraak

Geliefde broeder/suster in die Here Christus,

U staan hier voor God en sy heilige gemeente om openlik te verklaar dat die afsnyding regverdig was, dat u u sondes bely het, berou betoon het en u van u verkeerde pad bekeer het. Ons versoek u daarom om opreg op elkeen van die volgende vrae te antwoord:

Vrae

Glo u dat die Here u sondes ter wille van Jesus Christus vergewe het?

Ja.

Begeer u om weer in die gemeente van Christus opgeneem te word?

Ja.

Beloof u om u voortdurend te bekeer en getrou volgens die Woord van God te lewe?

---

102 Matteus 18:18
103 Esegiël 18:23
104 Johannes 20:23
105 2 Korintiërs 2:6-8

Ja.

N, in die Naam van ons Here Jesus Christus verklaar ons dat die afsnyding nou opgehef is[106].

U is weer in die gemeente van Christus opgeneem en het daarom weer deel aan die gemeenskap van Christus, aan die heilige sakramente en aan alle geestelike seëninge van God wat die gemeente kragtens die beloftes van God toekom[107]. Wees verseker van die genade van God, waak en stry teen die sonde, die duiwel en sy listigheid.

En mag God u om Jesus Christus ontwil tot die einde toe bewaar. Amen.

En u, geliefde gemeente, ontvang u broeder/suster in hartlikheid en liefde weer terug in die ryk van God en as 'n broeder/suster in die gemeente. Wees bly want hy/sy was dood en het weer lewend geword, verlore en is gevind[108].

Verheug u saam met die engele in die hemel oor hierdie sondaar/sondares wat hom/haar bekeer het[109].

Laat ons nou die Here loof en dank!

Dankgebed:

Ons Vader wat in die hemel is,

Ons dank U vir die bekering en die nuwe lewe wat u ons broeder/suster geskenk het[110]. Ons verheug ons oor u genade en lankmoedigheid.

Ons bid U wees hom/haar steeds genadig; vernuwe hom/haar na u ewebeeld, sodag hy/sy U in blydskap kan dien[111].

Skenk hom/haar krag om tot die einde toe in die geloof te volhard[112] en laat ons uit hierdie voorbeeld leer dat daar by U genade is. Ons bid U, verseker hom/haar en ons dat

---

106 Matteus 18:18
107 Efesiërs 4:12-16, Romeine 8:30
108 Lukas 15:24
109 Lukas 15:1-10
110 Esegiël 18:23
111 Efesiërs 4:23-24
112 Matteus 24:13

ons almal ter wille van die Here Jesus Christus mede-erfgename van die ewige lewe is.
Amen

Bevestiging VDM

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD

Geliefdes in ons Here Jesus Christus

Die naam van ons mede-broeder, N, wat hier teenwoordig is, is herhaaldelik in die gemeente afgekondig nadat hy as herder en leraar van hierdie gemeente beroep is. Niemand het 'n wettige beswaar teen sy leer en lewe ingebring nie, en daarom gaan ons nou in die Naam van die Here tot sy bevestiging oor. Dit is egter nodig dat u, broeder N, en ons almal wat hier teenwoordig is, eers moet luister wat die Woord van God ons oor die instelling en ampswerk van die herders of bedienaars van die Woord leer.

Ons glo dat Christus mense tot besondere dienste in sy kerk roep. Daarom gee hy aan sy kerk apostels en profete; ander gee Hy as evangeliste, ander as herdersd en leraars om die gelowiges vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus toe te rus[113].

As herder en leraar is u, geliefde broeder, geroep om die kudde van God wat aan u sorg toevertrou word, te versorg, te lei en te beskerm. U moet dit doen deur die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente, die diens van gebede en deur te help met die regering van die kerk[114].

U ampswerk is dus die volgende:

1. U moet die Woord van God grondig ondersoek en suiwer en eenvoudig aan die gemeente verkondig. As herder moet u vashou aan die betroubare Woord wat volgens die leer is, en dit reg sny[115]. In die eredienste en by huisbesoek moet u die lidmate onderrig en vertroos, vermaan en teregwys volgens die eis van elkeen se omstandighede. Paulus sê immers: Ek besweer jou voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord; hou aan, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering[116].

---

113 Efesiërs 4:11-12
114 Handelinge 20:28
115 Titus 1:9, 2 Timotheüs 2:15
116 2 Timotheüs 4:1, 2

2. U moet die sakramente bedien wat die Here as tekens en seëls van sy genadeverbond ingestel het. Uit die bevel van Christus aan sy kerk is dit duidelik die doop bedien moet word[117] en sy dood by die nagmaal herdenk moet word.

3. U moet die Naam van die Here in die erediens aanroep met skuldbelydenis, met lof- en danksegging, en u moet vir alle mense voorbidding doen[118].

4. U moet die verbondskinders onderrig in die kennis van die Woord van God, gedagtig aan die woord v_n Christus aan Petrus: Laat my lammers wei[119].

5. U moet saam met die ouderlinge oor die gemeente toesig hou en sorg dat alles ordelik verloop. Die gemeente moet teen dwaalleer beskerm word, en lidmate moet nie sondig en sleg lewe soos die goddeloses nie. Vir die doel is aan die apostels en in hulle aan die opsieners, van wie u een is, die sleutels van die hemelryk toevertrou[120].

6. Dit is ook u roeping om aan die wêreld die evangelie te verkondig[121] en om die gelowiges op te wek om die Naam van die Here Jesus voor die mense te bely. U moet ook die afgedwaaldes opsoek om hulle in die gemeenskap van die kerk terug te bring[122].

U besef dus hoe heerlik maar ook hoe verantwoordelik die roeping en diens van die bedienaar van die Woord is, terwyl u die volgende woorde van die apostel in gedagte hou: En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen[123].

Vrae

---

117 Matteus 28:19
118 1 Timoteus 2:1
119 Johannes 21:15
120 Matteus 16:19
121 Matteus 28:19
122 Lukas 15:1-10
123 2 Korintiërs 5:18-20

N, u het gehoor wat u opdrag is. Ons vra u nou om opreg op die volgende vrae te antwoord:

1. Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is?

2. Glo u dat die Heilige Skrif die Woord van God is en die volmaakte leer van die saligheid bevat, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

3. Beloof u om u Goddelike opdrag getrou en met ywer ooreenkomstig hierdie leer uit te voer?

4. Beloof u om u lewe ooreenkomstig hierdie leer in te rig?

5. Beloof u om u aan die kerklike vermaning en tug te onderwerp as u miskien in leer of lewe afwyk?

Wat is hierop u antwoord?

Hierop moet hy antwoord: Ja

Daarna moet die bevestiger en ander bedienaars van die Woord hom die regterhand oplê* en sê:

Mag God, ons hemelse Vader, wat u tot hierdie diens geroep het, u deur sy Heilige Gees verlig, u deur sy hand versterk en u in u bediening so regeer dat u lewe en werk sal dien tot grootmaking van sy Naam en tot uitbreiding van die ryk van sy Seun, Jesus Christus! Amen.

Daarna moet die bevestiger van die kansel af die bevestigde bedienaar van die Woord en verder die hele gemeente soos volg vermaan:

Geliefde broeder en mededienaar,

U moet Christus liefhê en as herder sy skape laat wei, oor hulle toesig hou, nie uit dwang nie maar gewilliglik, nie om vuil gewin nie maar met bereidwilligheid; ook nie uit

* Slegs wanneer 'n proponent bevestig word.

heerssug oor die wat God aan u sorg toevertrou het nie, maar met die innige begeerte om 'n voorbeeld vir die kudde te wees[124].

Wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid. U moet aanhou met voorlesing, vermaning en lering.

Leef daarin, sodat u vooruitgang vir almal duidelik kan wees. Moenie die genadegawes wat aan u gegee is, verwaarloos nie[125].

Let op u lewe en u leer, volhard daarin, want deur dit te doen sal u uself red sowel as die wat u hoor[126]. Ly dan verdrukking, soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus[127]. En wanneer die Opperherder verskyn, sal u die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang[128].

En u, geliefde gemeente, ontvang u bedienaar van die Woord met blydskap[129]. Betoon hom die nodige agting. Dink daaraan dat God self u deur hom aanspreek. Laat die koms van hom wat die goeie boodskap bring, vir u lieflik en aangenaam wees. Dink aan hom in u gebede[130].

Wees gehoorsaam aan u voorgangers, want hulle hou wag oor u lewe, en hulle moet aan God rekenskap gee[131]. As u dit doen, sal die vrede van God in u huise inkom en sal u wat hierdie broeder, wat 'n profeet is, ontvang[132], die loon van 'n profeet verwerf; en omdat u deur sy woord in Christus glo, sal u deur Christus die ewige lewe beerwe.

Maar omdat niemand uit homself tot hierdie dinge in staat is nie, laat ons met danksegging tot God bid.

Gebed

---

124 1 Petrus 5:2-3
125 1 Timotheüs 4:12-15
126 1 Timotheüs 4:16
127 2 Timoteus 2:3
128 1 Petrus 5:4
129 Jesaja 52:7
130 1 Tessalonisense 5:25, 2 Tessalonisense 3:1
131 Hebreërs 13:17
132 Matteus 10:41

Barmhartige Vader, Ons dank U dat U aan hierdie gemeente 'n getroue bedienaar skenk. Ons bid U, maak hom deur u Gees hoe langer hoe meer bekwaam vir die taak waarvoor U hom voorberei en waartoe U hom geroep het. Verlig sy verstand dat hy u Woord kan verstaan en gee aan hom vrymoedigheid om die geheimenis van die evangelie bekend te maak. Verleen hom wysheid en in- sig om die gemeente saam met die ouderlinge reg te regeer en om die Christelike vrede te bewaar, sodat die gemeente onder sy bediening en deur sy goeie voorbeeld in aantal en in deug kan toeneem. Gee dat hy moedig mag wees in alle moeilikhede wat hy in sy diens mag teekom. Versterk hom deur die troos van u Heilige Gees, sodat hy tot die einde toe standvastig kan bly en eenmaal saam met die getroue dienaars in die vreugde van die Here ont- vang mag word.

Verleen die gemeente ook u genade om hulle teen- oor hulle herder te gedra soos dit hoort. Laat hulle hom as u gesant erken en hulle aan sy lering en ver- maning onderwerp, sodat hulle deur sy bediening van die Woord in Christus kan glo en die ewige lewe deelagtig kan word. Verhoor ons, o Vader, deur u geliefde Seun. Amen.

Bevestiging professore

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN 'n DIENAAR VIR DIE OPLEIDING VAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD

Geliefdes in ons Here Jesus Christus

1. Die naam van ons aanwesige broeder, N is behoorlik aan die kerke bekend gemaak nadat hy vir die diens van opleiding van die Woord aan die Teologiese Skool N beroep is. Aangesien hy met goeie getuienis oor sy leer en lewe van die kerk N waar hy gedien het, gekom het, gaan ons nou in die Naam van die Here tot sy bevestiging oor.

2. Dit is egter nodig dat u, broeder N, en ons almal wat hier teenwoordig is, eers moet luister na 'n kort uiteensetting van wat die Woord van God ons leer van dié diens waardeur manne opgelei word om bedienaars van die Woord te wees.

3. Ons Here Jesus Christus roep en vergader uit die verdorwe menslike geslag sy kerk deur sy Woord en Gees. Hiertoe maak Hy deur 'n besondere genade gebruik van die diens van mense. Daarom sê Paulus dat Hy sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars gegee het tot opbouing van die liggaam van Christus[133].

Dit is egter nodig dat die herders en leraars vir hierdie belangrike taak toegerus word. Dit leer Christus aan ons deurdat Hy Self sy dissipels drie jaar lank onderrig het; en Paulus skryf aan Timoteus: "Wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer"[134]. Hierdie diens word in die besonder opgedra aan hulle wat die toekomstige bedienaars van die Woord moet oplei.

Die opleiding moet só geskied dat die bedienaars die Woord van die Here grondig en opreg aan die kerke sal verkondig; die Christene in die openbaar sowel as in die huise sal onderrig, vermaan, vertroos en bestraf volgens elkeen se behoefte; diegene wat nog nie belydenis van die Christelike geloof gedoen het nie, sal onderrig om hulle geloof te bely; aan diegene wat onverskillig en goddeloos lewe, die oordeel van God te verkondig. Die

---

133 Efesiërs 4:11

134 2 Timotheüs 2:12

toekomstige bedienaars van die Woord moet ook opgelei word om saam met die ouderlinge die kerk van God in goeie orde en tug te hou deur toe te sien dat almal hulle ooreenkomstig die Woord van God gedra.

4. 'n Professor vir die opleiding van bedienaars van die Woord moet vashou aan die Skrif en die gesonde leer, en vir almal 'n goeie voorganger in die Here wees. Daarom moet hy ook, naas die opleiding van bedienaars van die Woord, dwaalleer bestry met die gesonde leer wat volgens die Skrif is, en teësprekers weerlê.

In hierdie heerlike diens het hy die belofte van die Here: "Kyk, Ek is met julle tot aan die voleinding van die wêreld"[135].

Om hierdie diens te bevestig, moet u nou op die volgende vrae antwoord, sodat elkeen kan hoor dat u bereid is om hierdie diens te aanvaar:

Eerstens: Is u in u hart oortuig dat u deur middel van die kerke deur God self tot hierdie heilige diens geroep is?

Tweedens: Bely u dat die Skrifte van die Ou en Nuwe Testament die enige Woord van God is en die volkome leer van die saligheid is, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is; en onderskryf u dat ons gemeenskaplike geloof soos uitgespreek in die Drie Formuliere van eenheid, nl. die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, in alles met die Woord van God ooreenkom?

Derdens: Beloof u om hierdie diens, soos dit aan u voorgehou is, volgens hierdie leer uit te oefen tot eer van die Here, en beloof u om u leer met 'n Godvrugtige lewe te versier, terwyl u u sal onderwerp aan die kerklike vermaning en tug as u miskien in leer of lewe afwyk?

Hierop moet hy antwoord: Ja, van harte.

6. Daarna moet die bevestiger wat die vrae gestel het, sê: Mag God, ons hemelse Vader, wat u tot hierdie diens geroep het, u deur die Heilige Gees só toerus en regeer dat u hierdie diens getrou, toegewyd en vrugbaar werksaam mag wees, sy Naam groot gemaak en die ryk van Jesus Christus uitgebrei word. Amen.

---

135 Matteus 28:20

Maar omdat niemand uit homself tot hierdie dinge onbekwaam is, laat ons die almagtige God aanroep:

Barmhartige God en Vader, ons dank U dat dit u genadige beskikking is om uit die verlore menslike geslag u kerk te vergader deur die diens van mense. Ons dank U dat U Self u kinders wat U tot die ewige lewe uitverkies het, roep, en dat U hulle deur getroue diensknegte wil versorg met u evangelie.

Ons bid u, maak hierdie dienskneg van u bekwaam vir die besondere diens waartoe U hom toeberei en geroep het, sodat hy u Woord mag toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan andere te leer. Open sy verstand om die Heilige Skrif te verstaan en gee aan hom vrymoedigheid dat hy 'n getroue getuie mag wees om die verborgenheid van die evangelie bekend te maak. Verleen hom wysheid en insig, sodat toegeruste manne uitgestuur kan word om met die Woord van waarheid u kerk te help bewaar en vermeerder.

Aangesien hy sy diens sal verrig in 'n wêreld waar die aanslae van die bose teen u kerk toeneem, smeek ons dat U hom steeds moedig sal maak in die stryd waartoe U hom roep, en dat hy alle ketterye met die skild van die geloof en die lig van u Woord mag help afweer. Versterk hom deur die kragtige werking van u Heilige Gees, sodat hy sal volhard tot die einde toe om eenmaal te mag ingaan in die vreugde van sy Here.

Ons dra ook aan u genadige sorg op die teologiese Skool waar ons broeder werksaam sal wees saam met sy mede-arbeiders sowel as hulle wat daar opgelei word vir die bediening van die Woord.

Verhoor ons, o Vader, deur u geliefde Seun Jesus Christus. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Bevestiging sendelinge

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN SENDELINGE

Geliefdes in ons Here Jesus Christus

Die naam van ons mede-broeder, NN, wat hier teenwoordig is, is herhaaldelik in die gemeente afgekondig nadat hy as herder en leraar van hierdie gemeente beroep is. Niemand het 'n wettige beswaar teen sy leer en lewe ingebring nie, en daarom gaan ons nou in die Naam van die Here tot sy bevestiging oor.

Dit is egter nodig dat u, broeder N, en ons almal wat hier teenwoordig is, eers moet luister wat die Woord van God ons leer oor die instelling en ampswerk van die herders of bedienaars van die Woord wat uitgestuur word om die evangelie aan die heidene gaan verkondig.

God, ons hemelse Vader, roep en vergader[136] uit die verdorwe menslike geslag 'n gemeente tot die ewige lewe[137]. Hiervoor maak Hy deur 'n besondere genade van die diens van mense gebruik. Daarom sê Paulus dab die Here Christus sommige as apostels, ander as profete; ander as evangeliste, ander as herders en leraars gegee het om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus, tot opbouing van die liggaam van Christus[138]. Hieruit is dit duidelik dat die amp van bedienaar van die Woord (herdersamp) 'n instelling van Jesus Christus is.

Op grond hiervan is dit duidelik dat die amp van die herders of bedienaars van die Woord die volgende behels:

Ten eerste moet hulle die Woord van die Here, soos dit in die Heilige Skrif geopenbaar is, grondig en opreg aan die heidene en die gemeentes verkondig. Hulle moet dit in die openbaar en afsonderlik tot heil van die toehoorders doen deur hulle te onderrig, te vermaan, te vertroos en te bestraf volgens elkeen se behoefte. Die bekering[139] tot God en die versoening met Hom deur die geloof in Jesus Christus moet verkondig word, en met

---

136 Matteus 28:18-20
137 Johannes 3:16
138 Efesiërs 4:11-12
139 Handelinge 20:28

die Heilige Skrif moet alle dwalinge en ketterye wat met die suiwere leer in stryd is, weerlê word. Dit word aan ons duidelik in die Skrif geleer, want terwyl die apostel Paulus sê dag hulle in die Woord moet arbei, leer hy ook elders dat die na die maat of die reël van die geloof moet geskied[140]. Hy moet ook vashou aan die betroubare Woord wat volgens die leer is, en dit moet reg sny; net so ook: hy wat profeteer - dit wil sê: wat die Woord van God spreek - spreek tot mense woorde van opbouing en troos en bemoediging[141]. Op 'n ander plek hou hy hom as 'n voorbeeld vir die herders voor as hy verklaar dat hy in die openbaar en in die huise onderrig gegee het en kragtig aangedring het op die bekering tot God en die geloof in Jesus Christus[142]. Dit het veral 'n duidelike beskrywing van die amp van evangeliedienaar waar die apostel dit só stel:

Dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons (dit wil sê die apostels en die herders) die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. Ons tree dan as gesante op om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen[143]. Verder met betrekking tot die weerlegging van die onsuiwere leer sê dieselfde apostel dat 'n dienaar van die Woord moet washou om die teësprekers te kan weerlê en die mond te snoer[144].

Ten tweede is dit die amp van hierdie bedienaars van die Woord om die Naam van God in die openbaar aan te roep ten behoewe van diegene aan wie die Woord verkondig word. Want oor vir herders geld wat die apostels van hulleself sê, naamlik: maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die Woord[145]. Dit het die heilige apostel Paulus in gedagte as hy vir Timotheüs sê: In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorgedes, dankseggings gedoen word vir alle mense, vir konings en almal wat hooggeplaas is.

---

140 Romeine 12:7
141 1 Korintiërs 14:3
142 Handelinge 20:20-21
143 2 Korintiërs 5:18-20
144 Titus 1:9, 11; 2 Timotheüs 2:15
145 Handelinge 6:4, 1 Timotheüs 2:1-2

Ten derde is dit hulle amp om die sakramente te bedien wat die Here as seëls wan sy genade ingestel het. Dit blyk uit die bevel wat Christus aan die apostels gegee het en daarmee ook aan die herders: Doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees[146]. Net so ook die volgende: Want Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het...[147]

Ten laaste is dit die amp van hierdie bedienaar van die Woord om saam met die sendende ker die gelowiges met goeie tug ordelik te hou en te regeer soos die Here dit beveel het, en met die sleutels van die hemelryk wat aan hom toevertrou is, oop en toe te sluit. Verder moet hy die gelowiges tot die stigting van gemeentes lei en hulle leer om alles te onderhou wat Christus ons beveel het[148].

Uit die voorgaande is dit duidelik hoe 'n heerliek werk hierdie diens is, omdat sulke groot dinge waardeur ons tot stand kom; ja, hoe uiters noodsaaklik dit is, omdat die mense daardeur tot saligheid gebring word. Dit is dan ookk die rede waarom die Here wil hê dat hierdie amp altyd sal bly bestaan. Daarom sê Christus aan sy apostels as Hy hulle uitstuur om hierdie heilige bediening te vervul: Kyk, Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld[149]. Hieruit blyk dit dat dit sy wil is dat hierdie heilige diens altyddeur op die aarde onderhou moet word, want die mense wat Hy daar aanspreek, kon nie tot die voleinding van die wêreld in die lewe bly nie. Daarom vermaan Paulus Timotheüs ook om wat hy gehoor het, toe te vertrou aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ander te leer[150]; soos hy dan ook aan Titus, nadat hy hom as herder in diens gestel het, bevel gegee het om van stad tot stad ouderlinge aan te stel[151].

Omdat ons nou 'n Bedienaar van die Woord in hierdie diens bevestig en hom uitstuur om die Woord aan heidene te verkondig, moet u, broeder N, antwoord op wat aan u gevra sal word, sodat elkleen kan hoor dat u bereid is om hierdie diens te aanvaar:

---

146 Matteus 28:19
147 1 Korintiërs 11:23
148 Matteus 28:19
149 Matteus 20:28
150 2 Timoteus 2:2
151 Titus 1:5

Ten eerste: Is u in u hart oortuig dat u wettig deur die gemeente en daarom deur God self tot hicrdie heilige diens geroep is?

Ten tweede: Bely u dat die Skrifte van die Ou en Nuwe Testament die enige Woord van God en die volmaakte leer van die saligheid is en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Ten derde: Beloof u om u Goddelike opdrag, soos dit aan u voorgehou is, volgens hierdie leer getrou uit te oefen en om u leer met 'n Godvrugtige lewe te versier, terwyl u u sal onderwerp aan die kerklike toesig en tug volgens die algemene orde van die kerke as u miskien in leer of lewe afwyk?

Hierop moet hy antwoord: Ja

Daarna moet die bedienaar wat die vrae gestel het, hom die regterhand oplê* en sê:

Mag God, ons hemelse Vader, wat u tot hierdie diens geroep het, u deur sy Heilige Gees verlig, u deur sy hand versterk en u in u bediening so regeer dat u daarin na behore en vrugbaar kan wandel tot grootmaking van sy Naam en tot uitbreiding van die ryk van sy Seun, Jesus Christus. Amen.

Daarna moet die bedienaar van die kansel af die bevestigde bedienaar en verder die hele gemeente soos volg vermaan:

Geliefde broeder en mededienaar van Christus, U moet Christus liefhê omdat ons glo as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het; en Hy (Christus) het vir almal gesterwe, sodat die wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is. Wees getrou in die bediening van die versoening. Wees 'n voorbeeld vir die gelowiges en die onder wie u arbei in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid. Hou aan met met voorlesing, vermaning en lering en moenie die genadegawe wat aan u gegee is, verwaarloos nie[152]. Wees vlytig in hierdie dinge, leef sodat u vooruitgang vir almal duidelik kan wees. Let op die leer en volharding daarin. Verdra geduldig alle lyding en verdrukking, soos 'n goeie krygsman van Christus[153], want

---

* Slegs wanneer 'n proponent bevestig word.

152 1 Timotheüs 4:12-15

153 2 Timoteus 2:3

deur dit te doen sal u uself red sowel as dit wat u hoor. En wanneer die Opperherder verskyn, sal u die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang[154]. Weet dat die kerk wan die Here geroep is om te sorg vir die verkondinging van die blye boodskap aan die heidene, soos dit blyk uit wat die apostels aangaande die Tessalonisense geskryf het[155]. So is ook Paulus en Silas deur die gemeente na die heidene gestuur nadat hulle aan die genade van God opgedra is[156]. Om mense te oortuig stuur God die verkondigers van die blye boodskap tot wie Hy wil en wanneer Hy wil, deur wie se diens die mensed geroep word tot bekering en geloof is Christus die Gekruisigde. Want: Hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie?[157]

En u, geliefde gemeente, dank God dat Hy u waardig ag om hierdie dienaar te ontvang en uit te stuur. U wat eertyds ook ver was maar nou deur die bloed van Christus naby gekom het mag nou wat u ontvang het, aan ander gee wat nog ver is. Gee as kinders van die Koning van konings ruin en mild vir hierdie werk van die Here. Vergesel hierdie dienskneg van God bo alles met u gebede, sodat 'n woord hom gegee kan word as hy sy mond oopmaak, om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak. Laat vanuit u hart en van u lippe die bede: Laat U koninkryk kom! nooit wyk nie, sodat die dan nader mag kom waarop die volheid van die heidene sal ingaan en die hele Israel sal salig word. Maranata[158]! - die Here kom!

Maar aangesien niemand uit homself tot hierdie dinge bekwaam is nie, laat ons God met danksegging aanroep:

Barmhartige Vader,

Ons dank U dat dit U behaag om vir u uit die verlore menslike geslag deur die diens van mense 'n gemeente tot die ewige lewe te vergader en dat u hierdie gemeente nog son genadig van 'n getroue bedienaar van die Woord voorsien het.

---

154 1 Petrus 5:4
155 1 Tessalonisense 1:8
156 Handelinge 15:40
157 Romeine 10:14-15
158 1 Korintiërs 16:22

Ons bid U, maak hom deur u Gees hoe langer hoe meer bekwaam vir die diens waarvoor U hom voorberei en geroep het. Open sy verstand om u Heilige Skrif te verstaan en gee aan hom as hy sy mond oopmaak, 'n woord om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak. Gee hom wysheid en insig om die diegene onder wie hy arbei, in Christelike vrede voor te gaan, sodat deur sy bediening die uitverkorenes vergader mag word. Gee dat hy moedig mag wees in alle moeilikhede en probleme wat hy in sy diens mag teëkom. Versterk hom deur die troos van u Heilige Gees, sodat hy tot die einde toe standvastig kan bly en eenmaal saam met die getroue diensknegte in die vreugde van sy Here ontvang mag word.

Verleen ook aan diegene onder wie hy arbei, die genade om hom as u gesant te ontvang, sy leer met alle agting aan te neem en hulle aan sy vermaning onderwerp, sodat hulle deur sy woord in Christus mag glo en die ewige lewe deelagtig mag word.

Verhoor ons, o Vader, deur u geliefde Seun, wat ons geleer het om so te bid: Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geshied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Bevestiging sendelinge (verkort)

VERKORTE FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN SENDELINGE

Geliefdes in ons Here Jesus Christus

Die naam van ons mede-broeder, NN, wat hier teenwoordig is, is herhaaldelik in die gemeente afgekondig nadat hy as herder en leraar van hierdie gemeente beroep is met die besondedere opdrag om die evangelie aan die heidene gaan verkondig. Niemand het 'n wettige beswaar teen sy leer en lewe ingebring nie, en daarom gaan ons nou in die Naam van die Here tot sy bevestiging oor.

Dit is egter nodig dat u, broeder N, en ons almal wat hier teenwoordig is, eers moet luister wat die Woord van God ons leer oor die instelling en ampswerk van bedienaars van die Woord wat uitgestuur word om die evangelie aan die heidene gaan verkondig.

Ons glo dat God, ons hemelse Vader, uit die verdorwe menslike geslag 'n gemeente tot die ewige lewe[159] roep en vergader[160]. Hiervoor maak Hy deur 'n besondere genade van die diens van mense gebruik. Daarom het Jesus Christus ook voor sy hemelvaart aan sy dissipels bevel gegee om dissipels van al die nasies te maak, hulle te doop en hulle te leer om alles te onderhou wat hy hulle beveel het[161]. Hiervoor gebruik Hy deur 'n besondere genade die diens van mense.

Ons glo ook dat Christus mense tot besondere dienste in sy kerk roep. Daarom gee Hy aan sy kerk apostels en profete; ander gee Hy as evangeliste, ander as herders en leraars om die gelowiges vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus toe te rus.[162]

As bedienaar van die Woord wat uitgestuur word om die evangelie aan die heidene te verkondig, behels u ampswerk die volgende :

1. U moet die Woord van God grondig, suiwer en eenvoudig aan die heidene en gemeentes verkondig. As bedienaar van die Woord en herder moet u aan die betroubare

---

159 Johannes 3:16
160 Romeine 8:28-30
161 Matteus 28:18-20
162 Efesiërs 4:11-12

Woord vashou en dit reg sny[163]. In die openbaar sowel as andersinds moet u dit tot nut van die toehoorders toepas deur te onderrig, te vermaan en te bestraf volgens die behoeftes van elkeen. U moet die bekering tot God en die versoening met Hom deur die geloof in Jesus Christus verkondig[164] en met die Heilige Skrif alle afgodery, dwalinge en ketterye weerlê wat in stryd met hierdie leer is.

2. U moet die sakramente bedien wat die Here as tekens en seëls van sy genadeverbond ingestel het. Uit die bevel wat Christus aan sy kerk is dit duidelik dat die doop bedien moet word[165] en sy Dood by die nagmaal herdenk moet word.

3. U moet die Naam van die Here in die erediens aanroep met skuldbelydenis[166], met lof- en danksegging, en u moet vir alle mense voorbidding doen[167].

4. U moet die kinders van gelowiges en almal in die versoening van Jesus Christus glo, in die kennis van die Woord van God onderrig[168].

5 U moet saam met die sendende kerk(e) die gelowiges met goeie tug ordelik hou en regeer soos die Here dit beveel het. Vir dié doel is aan die apostels en in hulle aan die opsieners, onder wie u een is, die sleutels van die hemelryk toevertrou[169].

6. Verder moet u die gelowiges tot stigting van gemeentes lei en hulle leer om alles te onderhou wat Christus hulle geleer het[170].

U besef dus hoe heerlik maar ook hoe verantwoordelik die taak van die bedienaar van die Woord is wat uitgestuur word om die evangelie aan die heidene te verkondig. Hou die volgende woorde van die apostel in gedagte: En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Hom versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. Ons tree dan op

---

163 Titus 1:9, 2 Timotheüs 2:15
164 2 Korintiërs 5:18
165 Matteus 28:19
166 Handelinge 6:4
167 1 Timoteus 2:1
168 Johannes 21:15, 17
169 Matteus 16:19
170 Matteus 28:19

as gesante om Christus ontwil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen[171].

U het gehoor wat u opdrag is. Ons vra u om nou opreg op die volgende vrae te antwoord:

Vrae

1. Is u in u hart oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is?

2. Glo u dat die Heilige Skrif die Woord van God is en die volmaakte leer van die saligheid bevat, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

3. Beloof u om u Goddelike opdrag getrou en met ywer ooreenkomstig hierdie leer uit te voer?

4. Beloof u om u lewe in ooreenstemming met hierdie leer in te rig?

5. Beloof u om u aan die kerklike toesig en tug te onderwerp as u miskien in leer of lewe afwyk?

Wat is hierop u antwoord?

Hierop moet hy antwoord: Ja

Daarna moet die bedienaar en ander bedienaars van die Woord hom die regterhand oplê* en sê:

Mag God, ons hemelse Vader, wat u tot hierdie diens geroep het, u deur sy Heilige Gees verlig, u deur sy hand versterk en u in u bediening so regeer dat u lewe en werk sal dien tot grootmaking van sy Naam en tot uitbreiding van die ryk van sy Seun, Jesus Christus. Amen.

Daarna moet die bedienaar van die kansel af die bevestigde bedienaar en verder die hele gemeente soos volg vermaan:

Geliefde broeder en mededienaar,

---

171 2 Korintiërs 5:18-20

* Slegs wanneer 'n proponent bevestig word.

U moet Christus liefhê en getrou wees in die bediening van die versoening[172], omdat God deur die diens van mense tot bekering en geloof in Christus die Gekruisigde roep[173]. As herder moet u sy skape laat wei, oor hulle toesig hou, nie uit dwang nie maar gewilliglik, nie om vuil gewin nie maar met bereidwilligheid; ook nie uit heerssug oor die wat God aan u sorg toevertrou het nie, maar met die innige begeerte om 'n voorbeeld vir die kudde te wees[174].

Wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid. U moet aanhou met voorlesing, vermaning en lering.

Leef daarin, sodat u vooruitgang vir almal duidelik kan wees. Moenie die genadegawes wat aan u gegee is, verwaarloos nie[175].

Let op u lewe en u leer, volhard daarin, want deur dit te doen sal u uself red sowel as die wat u hoor[176]. Ly dan verdrukking, soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus[177]. En wanneer die Opperherder verskyn, sal u die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang[178].

En u, geliefde gemeente, ontvang hierdie bedienaar van die Woord met blydskap[179]. Betoon hom die nodige agting. Laat die koms van hom wat die goeie boodskap bring, vir u lieflik en aangenaam wees. Dink aan hom in u gebede[180]. Ondersteun hom met die nodige middele sodat hy die evangelie aan die heidene kan verkondig. Dink aan hom sodat hy met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend kan maak.

Maar aangesien niemand uit homself tot hierdie dinge in staat is nie, laat ons met danksegging tot God bid:

Barmhartige Vader,

---

172 2 Korintiërs 5:11-15, 18
173 Romeine 10:14-15
174 1 Petrus 5:2-3
175 1 Timotheüs 4:12-15
176 1 Timotheüs 4:16
177 2 Timoteus 2:3
178 1 Petrus 5:4
179 Jesaja 52:7
180 1 Tessalonisense 5:25, 2 Tessalonisense 3:1

Ons dank U dat dit U behaag om vir U uit die verlore menslike geslag deur die diens van mense 'n gemeente tot die ewige lewe te vergader en dat U aan hierdie gemeente 'n getroue dienaar skenk wat daartoe uitgestuur word. Ons bid U maak hom deur u Gees hoe langer hoe meer bekwaam vir die taak waarvoor U hom voorberei en waartoe U hom geroep het. Verlig sy verstand dat hy u Woord kan verstaan en gee aan hom vrymoedigheid die geheimenis van die evangelie bekend te maak. Gee hom wysheid en insig om die Christelike vrede te bewaar, sodat deur sy bediening die uitverkorenes vergader mag word.

Gee dat hy moedig mag wees in alle moeilikhede en probleme wat hy in sy diens mag teëkom. Versterk hom deur die troos van u Heilige Gees, sodat hy tot die einde toe standvastig kan bly en eenmaal saam met die getroue dienaars in die vreugde van sy Here ontvang mag word.

Verleen ook aan diegene onder wie hy arbei, die genade om hom as u gesant te erken, sy leer met alle agting aan te neem en hulle aan sy vermaning te onderwerp, sodat hulle deur sy woord mag glo en die ewige lewe deelagtig mag word.

Verhoor ons, o Vader, deur u geliefde Seun. Amen.

Ouderling-diaken

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

U weet hoe ons nou verskillende male die naam/name afgekondig het van ons medebroeder(s) wat as ouderling(e) en diaken(s) van hierdie gemeente verkies is, ten einde te verneem of iemand iets het waarom hy/hulle nie in sy/hulle diens bevestig mag word nie. Aangesien niemand egter enige wettige beswaar teen sy/hulle bevestiging voorgelê het nie, sal ons hom/hulle nou in sy/hulle diens bevestig. Vir die doel moet u, broeder(s) wat bevestig word, en ook alle aanwesiges eers uit die Woord van God 'n kort uiteensetting van die instelling en ampswerk van die ouderlinge en diakens aanhoor.

'n Ouderling is iemand wat die diens van regering in die gemeente van Christus beoefen[181]. Ouderlinge of opsieners[182] het deurgaans in die apostoliese kerk die gemeente met die Woord geregeer en versorg[183] volgens die gawes wat die Heilige Gees gegee het.

Wat die diakens betref: 'n Diens om die gemeente as een gemeenskap in Christus te laat lewe, het spoedig in die apostoliese kerke nodig geword[184]. Hierdie diens word duidelik onderskei van die diens van die Woord en gebede asook van die diens van regering[185].

Ons glo dat Christus mense tot besondere dienste in sy kerk roep om die gelowiges vir hulle dienswerk toe te rus tot opbouing van die liggaam van Christus. Daarom rus Christus hulle ook toe met die gawes wat hulle nodig het.

As ouderling(e), geliefde broeder(s), word u geroep om die gemeente te regeer en te versorg. Hierdie diens word nie net aan een of twee toevertrou nie maar aan al die ouderlinge saam[186], wat onder leiding van en saam met die bedienaar van die Woord die

---

181 Handelinge 15:6; Handelinge 20:28

182 Filippense 1:1

183 1 Timoteus 3:1-2, Titus 1:5-9, 1 Petrus 5:1-3

184 Handelinge 2:42, 44-46; Handelinge 4:32-37; Handelinge 6:1-4

185 1 Timoteus 3:2, 8; Filippense 1

186 Handelinge 15:6

kerkraad vorm. Om hierdie diens behoorlik te kan uitoefen is dit nodig dat die ouderlinge die Woord van God deeglik ondersoek en hulle oefen in die rykdom van die evangelie.

U opdrag as ouderling(e) is dus die volgende:

1. U moet toesien dat alles in die kerk behoorlik volgens goeie orde plaasvind, dat die Woord en sakramente gereeld en suiwer bedien word en dat die sakramente heilig gehou word. U moet daarop let dat die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens getrou en deeglik hulle Goddelike opdragte uitvoer, en u moet die bedienaar(s) van die Woord met goeie raad bystaan.

2. U moet sorgvuldig let op die leer en lewe van elke lidmaat en alle Christene met raad en troos ondersteun. Teen die lidmate wat hulle nie bekeer nie en in hulle sondes voortlewe, moet met die kerklike vermaning en tug opgetree word[187], en die wat berou het, moet weer in die gemeenskap van die kerk ontvang word.

3. U moet veral oor die leer en wandel van bedienaars van die Woord toesig hou, sodat alles tot opbouing van die kerk mag strek en geen vreemde leer voorgedra word nie[188].

4. U moet ook die afvalliges en heidene tot bekering en geloof in Jesus Christus roep, want so vergader Christus sy kerk.

As diaken(s), geliefde broeder(s), word u geroep om sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen. U moet ook toesien dat die gelowiges aan almal goed doen, sodat die liefde van Christus op hierdie wyse openbaar kan word.

Saam met u medediakens moet u

almal besoek en hulle aanspoor om daadwerklike liefde teenoor die medegelowiges en alle mense te bewys;

deur elkeen te besoek sorg dra dat nie een deur armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie;

---

187 Efesiërs 4:1, 3, 2 Timotheüs 2:25-26

188 Handelinge 20:29

die middele wat gegee word tot diens van die wat in nood verkeer, sorgvuldig beheer, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitdeel.

Sodoende moet u Christus, u medegelowiges en alle mense dien, die gemeente tot diens toerus en die liefde van Christus tot verheerliking van God in die wêreld laat skitter.

U het gehoor wat u opdrag is. Ons vra u nou om opreg op die volgende vrae te antwoord:

Vrae

Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is?

Glo u dat die Heilige Skrif die Woord van God is en dat dit die volmaakte leer van die saligheid bevat, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Belowe u om u Goddelike opdrag getrou en met ywer in ooreenstemming met hierdie leer uit te voer en volgens hierdie leer te lewe?

Belowe u om u aan die kerklike vermanings en tug te onderwerp as u miskien in leer of lewe afwyk?

Hierop vra die bedienaar:

N, wat is hierop u antwoord?

Hierop moet hy/hulle antwoord:

Ja.

Daarop moet die bedienaar sê:

Mag die alvermoende God en Vader u sy genade skenk om in hierdie diens getrou en vrugbaar werksaam te wees!

Verder moet hy hom/hulle sowel as die hele gemeente soos volg vermaan:

Wees dan, ouderling(e), ywerig in die regering van die gemeente. Wees soos ('n) wagter(s) oor die huis van God, vermaan en vertroos elkeen na sy behoefte. Gee daarop ag dat die leer suiwer gehou word en dat die gemeente vroom lewe.

En u, diaken(s), wees toegewyd in u diens. Stel vas wat die nood van die gelowiges is, en kom hulle te hulp. Spoor almal tot mededeelsaamheid aan. Wees versigtig in die besteding van die middele wat aan u sorg toevertrou is.

Wees getrou in u diens en wees ('n) goeie voorganger(s) vir die hele gemeente[189]. So sal u vir uself 'n eervolle plek in die gemeente verwerf en groot vrymoedigheid in u geloof in Christus verkry en na hierdie lewe in die vreugde van die Here ingaan[190].

En u, geliefde gemeente, ontvang hierdie man(ne) as dienaar(s) van God. Stel u gewillig onder hulle toesig en regering, want hulle waak oor u lewe en sal eenmaal daarvan rekenskap moet gee[191].

Laat u, in die beoefening van die gemeenskap van die heiliges, deur die diakens lei[192]. Gee sonder bybedoelings en dwang, want God het mense lief wat blymoedig gee[193]. Doen u daaglikse werk getrou, sodat u ook hulle kan help wat behoefte het[194].

Dink aan die ouderlinge en diakens in u gebede.

Gebed

Maar orndat ons dit uit onsselfnie kan doen nie, laat ons die almagtige God aanroep.

Ons Vader,

Ons dank U dat u hierdie man(ne) deur u Gees gelei het om die roeping op te volg. Ons bid U, gee aan hom/hulle steeds meer die gawes wat hy/hulle nodig het om sy/hulle diens te verrig. Skenk aan hom/hulle wysheid, skranderheid, onderskeidingsvermoë en liefde. Verleen hom/hulle genade om getrou in die diens te volhard en nooit deur teleurstelling, moeite, verdriet ofvervolging van die wêreld te verslap nie.

Seën, Here, die gemeente waaroor u hom/hulle gestel het. Maak elkeen gewillig om hom aan die vermaning van die ouderlinge te onderwerp, omdat ons hulle eer ter wille van

---

189 1 Timoteus 3:13
190 Matteus 25:21, 23
191 Hebreërs 13:17
192 Romeine 12:8
193 2 Korintiërs 9:7
194 Efesiërs 4:28

hulle roeping. Voorsien die gemeente genadiglik van die nodige middele om ryk te kan wees in vrygewigheid en alle goeie werke. Leer ons, deur die liefde van ons Here Jesus Christus, om aan mekaar se belange te dink.

Laat so u heilige Naam geëer word en die ryk van u Seun Christus kom.

Verhoor ons, o Vader, deur u geliefde Seun. Amen.

Ouderling

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN OUDERLINGE

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

U weet hoe ons nou verskillende male die name afgekondig het van ons medebroeder(s) wat as ouderling(e) van hierdie gemeente gekies is, ten einde te verneem of iemand iets het waarom hy/hulle nie in sy/hulle amp bevestig mag word nie. Aangesien niemand egter enige wettige beswaar teen hom/ hulle voorgelê het nie, sal ons hom/hulle nou in die Naam van die Here in sy/hulle amp bevestig. Vir die doel moet u, broeder(s) wat bevestig word, en ook alle aanwesiges eers uit die Woord van God 'n kort uiteensetting van die instelling en ampswerk van die ouderlinge aanhoor.

'n Ouderling is iemand wat die diens van regering in die gemeente van Christus beoefen[195]. Ouderlinge of opsieners[196] het deurgaans in die apostoliese kerk die gemeente met die Woord geregeer en versorg[197] volgens die gawes wat die Heilige Gees gegee het.

Ons glo dat Christus mense tot besondere dienste in sy kerk roep om die gelowiges vir hulle dienswerk toe te rus tot opbouing van die liggaam van Christus. Daarom rus Christus hulle ook toe met die gawes wat hulle nodig het.

As ouderling(e), geliefde broeder(s), word u geroep om die gemeente te regeer en te versorg. Hierdie diens word nie net aan een of twee toevertrou nie maar aan al die ouderlinge saam[198], wat onder leiding van en saam met die bedienaar(s) van die Woord die kerkraad vorm. Om hierdie diens behoorlik te kan uitoefen, is dit nodig dat die ouderlinge die Woord van God deeglik ondersoek en hulle in die rykdom van die evangelie verdiep.

U opdrag as ouderling(e) is dus die volgende:

---

195 Handelinge 15:6; Handelinge 20:28

196 Filippense 1:1

197 1 Timoteus 3:1-2, Titus 1:5-9, 1 Petrus 5:1-3

198 Handelinge 15:6

1. U moet toesien dat alles in die kerk behoorlik volgens goeie orde plaasvind, dat die Woord en sakramente gereeld en suiwer bedien word en dat die sakramente heilig gehou word. U moet daarop let dat die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens getrou en deeglik hulle Goddelike opdragte uitvoer, en u moet die bedienaar(s) van die Woord met goeie raad bystaan.

2. U moet sorgvuldig let op die leer en lewe van elke lidmaat en alle Christene met raad en troos ondersteun. Teen die lidmate wat hulle nie bekeer nie en in hulle sondes voortlewe, moet met die kerklike vermaning en tug opgetree word[199], en die wat berou het, moet weer in die gemeenskap van die kerk ontvang word.

3. U moet veral oor die leer en wandel van bedienaars van die Woord toesig hou, sodat alles tot opbouing van die kerk mag strek en geen vreemde leer voorgedra word nie[200].

4. U moet ook die afvalliges en heidene tot bekering en geloof in Jesus Christus roep, want so vergader Christus sy kerk.

Vrae

U het gehoor wat u opdrag is. Ons vra u nou om opreg op die volgende vrae te antwoord:

Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is?

Glo u dat die Heilige Skrif die Woord van God is en dat dit die volmaakte leer van die saligheid bevat, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Beloof u om u Goddelike opdrag getrou en met ywer ooreenkomstig die leer uit te voer?

Beloof u om u lewe ooreenkomstig hierdie leer in te rig?

Beloof u om u aan die kerklike vermaning en tug te onderwerp as u miskien in leer of lewe afwyk?

Hierop vra die bedienaar:

NN, wat is hierop u antwoord?

---

199 Efesiërs 4:1, 3, 2 Timotheüs 2:25-26

200 Handelinge 20:29

Hierop moet hy/hulle antwoord:

Ja.

Daarop moet die bedienaar sê:

Mag die alvermoende God en Vader u sy genade skenk om in hierdie diens getrou en vrugbaar werksaam te wees!

Verder moet hy hom/hulle sowel as die hele gemeente soos volg vermaan:

Wees dan, ouderling(e) ywerig in die regering van die gemeente. Wees soos ('n) wagter(s) oor die huis van God; vermaan en vertroos elkeen na sy behoefte. Gee daarop ag dat die leer suiwer gehou word en dat die gemeente vroom lewe. Wees getrou in u diens en wees ('n) goeie voorganger(s) vir die hele gemeente[201]. So sal u vir uself 'n eervolle plek in die gemeente verwerf en groot vrymoedigheid in die geloof in Christus en na hierdie lewe in die vreugde van die Here ingaan[202].

En u, geliefde gemeente, ontvang hierdie man(ne) as dienaar(s) van God. Stel u gewillig onder hulle toesig en regering, want hulle waak oor u lewe en sal eendag daarvan rekenskap moet gee[203]. Dink aan die ouderlinge in u gebede.

Gebed

Maar omdat ons dit uit onsself nie kan doen nie, laat ons die almagtige God aanroep:

Ons Vader

Ons dank U dat U hierdie man(ne) deur u Gees gelei het om die roeping op te volg. Ons bid U gee aan hom/hulle steeds meer die gawes wat hy/hulle) nodig het om sy/hulle diens te kan verrig. Skenk aan hom/hulle wysheid, skranderheid, onderskeidingsvermoë en liefde. Verleen hom/hulle die genade om getrou in die diens te volhard en nie deur teleurstelling, moeite, verdriet of vervolging van die wêreld te verslap nie.

Seën, Here, die gemeente waaroor U hom/hulle gestel het. Maak elkeen gewillig om hom aan die vermaninge van die ouderlinge te onderwerp omdat ons hulle eer ter wille

---

201 1 Timoteus 3:13

202 Matteus 25:21, 23

203 Hebreërs 13:17

van hulle roeping. Laat so u heilige Naam geëer word en die ryk van u Seun kom. Verhoor ons, o Vader, deur u geliefde Seun.

Amen.

Diaken

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN DIAKENS

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

U weet hoe ons nou verskillende male die naam/name afgekondig het van ons medebroeder(s) wat as diaken(s) van hierdie gemeente verkies is, ten einde te verneem of iemand iets het waarom hy/hulle nie in sy/hulle diens bevestig mag word nie. Aangesien niemand egter enige wettige beswaar teen sy/hulle bevestiging voorgelê het nie, sal ons hom/hulle nou in sy/hulle diens bevestig. Vir die doel moet u broeder(s) wat bevestig word, en ook alle aanwesiges eers uit die Woord van God 'n kort uiteensetting van die instelling en ampswerk van die diakens aanhoor.

'n Diens om die gemeente as een gemeenskap in Christus te laat lewe, het spoedig in die apostoliese kerke nodig geword[204]. Hierdie diens word duidelik onderskei van die diens van die Woord en gebede asook van die diens van regering[205]..

As diaken(s), geliefde broeder(s), word u geroep om sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen. U moet ook toesien dat die gelowiges aan almal goed doen, sodat die liefde van Christus op hierdie wyse openbaar kan word.

Saam met u medediakens moet u

almal besoek en hulle aanspoor om daadwerklike liefde teenoor die medegelowiges en alle mense te bewys;

deur elkeen te besoek sorg dra dat nie een deur armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie;

die middele wat gegee word tot diens van die wat in nood verkeer, sorgvuldig beheer, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitdeel.

---

[204] Handelinge 2:42, 44-46; Handelinge 4:32-37; Handelinge 6:1-4

[205] 1 Timoteus 3:2, 8; Filippense 1

Sodoende moet u Christus, u medegelowiges en die gemeente tot diens toerus en die liefde van Christus tot verheerliking van God in die wêreld laat skitter.

U het gehoor wat u opdrag is. Ons vra u nou om opreg op die volgende vrae te antwoord:

Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is?

Glo u dat die Heilige Skrifdie Woord van God is en dat dit die volmaakte leer van die saligheid bevat, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Belowe u om u Goddelike opdrag getrou en met ywer in ooreenstemming met hierdie leer uit te voer en volgens hierdie leer te lewe?

Belowe u om u aan die kerklike vermanings en tug te onderwerp as u miskien in leer of lewe afwyk?

Hierop vra die bedienaar:

N, wat is hierop u antwoord?

Hierop moet hy/hulle antwoord:

Ja.

Daarop moet die bedienaar sê:

Mag die alvermoende God en Vader u sy genade skenk om in hierdie diens getrou en vrugbaar werksaam te wees!

Verder moet hy hom/hulle sowel as die hele gemeente soos volg vermaan:

Wees dan toegewyd in u diens. Stel vas wat die nood van die gelowiges is, en kom hulle te hulp. Spoor almal tot mededeelsaamheid aan. Wees versigtig in die besteding van die middele wat aan u sorg toevertrou is.

Wees getrou in u diens en wees ('n) goeie voorganger(s) vir die hele gemeente[206]. So sal u vir uself 'n eervolle plek in die gemeente verwerf en groot vrymoedigheid in u geloof in Christus verkry en na hierdie lewe in die vreugde van die Here ingaan[207].

---

206 1 Timoteus 3:13

207 Matteus 25:21, 23

En u, geliefde gemeente, ontvang hierdie man(ne) as dienaar(s) van God.

Laat u, in die beoefening van die gemeenskap van die heiliges, deur die diakens lei[208] en wees ('n) goeie voorganger(s) vir die hele gemeente. Gee sonder bybedoelings en dwang, want God het mense lief wat blymoedig gee[209]. Doen u daaglikse werk getrou, sodat u ook hulle kan help wat behoefte het[210].

Dink aan die diakens in u gebede.

Maar omdat ons dit uit onsselfnie kan doen nie, laat ons die almagtige God aanroep.

Gebed

Ons Vader,

Ons dank U dat u hierdie man(ne) deur u Gees gelei het om die roeping op te volg. Ons bid U, gee aan hom/hulle steeds meer die gawes wat hy/hulle nodig het om sy/hulle diens te verrig. Skenk aan hom/hulle wysheid, skranderheid, onderskeidingsvermoë en liefde. Verleen hom/hulle genade om getrou in d_e diens te volhard en nooit deur teleurstelling, moeite, verdriet ofvervolging van die wêreld te verslap nie.

Seën, Here, die gemeente waaroor u hom/hulle gestel het. Voorsien die gemeente genadiglik van die nodige middele om ryk te kan wees in vrygewigheid en alle goeie werke. Leer ons, deur die liefde van ons Here Jesus Christus, om aan mekaar se belange te dink. Laat so u heilige Naam geeer word en die ryk van u Seun Christus kom. Verhoor ons, o Vader, deur u geliefde Seun. Amen.

---

208 Romeine 12:8

209 2 Korintiërs 9:7

210 Efesiërs 4:28

Huwelik

FORMULIER VIR DIE HUWELIKSBEVESTIGING

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, God het die huwelik met hierdie woorde ingestel: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas[211].

Toe het die HERE God 'n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens. Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem. Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees[212].

Net so lei God vandag nog elke man en vrou na mekaar toe. Van hierdie instelling van die huwelik getuig ons Here Jesus Christus ook: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie[213]. Daarom het Hy die huwelik ook so hoog geeer deur sy teenwoordigheid en sy wondertekens op die bruilof in Kana[214]. En Paulus se met die oog op Christus en die gemeente dat die huwelik 'n groot verborgenheid is. Hieruit leer ons dat die huwelik, wat in die welbehae van God gegrond is, baie eerbaar is, want dit is 'n afbeelding van die verhouding tussen Christus en die gemeente[215].

Die getroudes kan daarom ook in hulle hart verseker wees van die hulp en bystand van God, selfs wanneer hulle dit glad nie verwag nie. Hoewel getroudes as gevolg van die sonde gewoonlik deur allerhande teespoed getref word en daar lyding oor hulle kom, kan u dit nogtans geduldig en dankbaar aanvaar, aangesien dit alles uit die han van die Here kom.

---

211 Genesis 2:8
212 Genesis 2:21-24, Matteus 19:4-6
213 Matteus 19:4-6
214 Johannes 2:1-11
215 Efesiërs 5:32

Maar u moet ook weet wat die doel van die huwelik is.

Die een moet naamlik die ander getrou help en bystaan in alles wat tot die tydelike en ewige lewe behoort. Die menslike geslag moet ook deur die huwelik gebou word[216], en ouers moet hulle kinders opvoed in die ware kennis en vrees van God tot sy eer en tot hulle saligheid.

Verder dien die huwelik om die mens alle onkuisheid te laat vermy. Daarom moet elke man sy eie vrou hê en elke vrou haar eie man[217], met medewete en toestemming van hulle ouers of voogde. Hulle huwelikslewe moet heilig wees, sodat die tempel van God, naamlik die liggaam, nie verontreinig word nie.

U moet ook weet hoe die gedrag van die een teenoor die ander volgens die Woord van God moet wees: En dan moet u, man, besef dat God u as hoof van die vrou gestel het, soos Christus die Hoof van sy gemeente is[218]. U moet haar liefhê en verstandig lei, onderrig, vertroos en beskerm en haar as vrou eer. U moet nie teen haar verbitterd word nie maar verstandig met haar saamwoon. U moet ook ywerig en getrou u beroep beoefen, sodat u u gesin eerbaar kan onderhou en ook aan die behoeftiges iets kan gee.

En u, vrou, moet u man liefhê, hom eer en gehoorsaam wees[219] in alles wat reg en billik is, net soos die gemeente aan Christus onderdanig is. U moet u man ook behulpsaam wees in alles wat goed en reg is[220], en aan u gesin en huishouding die regte aandag gee. Verder moet u ingetoë en eerbaar lewe, vir ander tot voorbeeld in deugsaamheid[221].

Die bedienaar vra nou aan die bruidspaar:

AB en CD, nou dat u weet dat God die huwelik ingestel het en wat Hy u daarin beveel, getuig u hier voor God en almal wat teenwoordig is, dat dit u opregte voorneme is om so in hierdie staat te lewe, en begeer u dat u huwelik nou gesluit en bevestig sal word?

Antwoord: Ja.

---

216 Genesis 1:28
217 1 Tessalonisense 4:3-5
218 Efesiërs 5:23, 25
219 Efesiërs 5:24
220 Genesis 3:16
221 1 Petrus 3:1-6

Verklaar u, AB, dat, sover u weet, daar regtens geen beletsel is teen u voorgenome huwelik met CD hier teenwoordig nie en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u CD tot u wettige vrou neem?

Antwoord: Ja.

Verklaar u, CD, dat sover u weet, daar regtens geen beletsel is teen u voorgenome huwelik met AB hier teenwoordig nie en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u AB tot u wettige man neem?

Antwoord: Ja.

Daarna spreek die bedienaar die bruidspaar soos volg toe:

Mag ons Here God die voorneme wat Hy u gegee het, bekragtig, en mag die begin van u huwelik wees in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het!

Nou gee hulle mekaar die regterhand, en die bedienaar rig hom tot die bruidegom:

AB, u het hier voor God en almal teenwoordig verklaar dat u CD as u wettige vrou neem. Beloof u dat u haar nooit sal verlaat nie, dat u haar sal liefhê en getrou sal onderhou soos 'n getroue en Godvresende man aan sy vrou verskuldig is? Beloof u verder dat u heilig met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van di_ heilige evangelie?

Wat is u antwoord?

Antwoord: Ja.

Daarna rig die dienaar hom tot die bruid:

CD, u het hier voor God en almal teenwoordig verklaar dat u AB as u wettige man neem. Beloof u dat` u hom sal liefhê, hom gehoorsaam sal wees, hom sal dien en help en hom nooit sal verlaat nie? Beloof u verder dat u heilig met hom sal lewe en hom in alles getrou sal bly, soos 'n vrome en getroue vrou aan haar man verskuldig is ooreenkomstig die uitspraak van die heilige evangelie? Wat is u antwoord?

Antwoord: Ja.

Hierna sê die bedienaar:

Ek verklaar nou dat AB en CD hier teenwoordig regtens getroud is. Mag die Vader van alle barmhartigheid, wat u deur sy genade tot hierdie huwelik geroep het, u met opregte liefde en trou verbind en u sy seen gee! Amen.

Maar omdat daar in onsself niks goeds is nie en alle goeie gawes van bo kom, van die Vader van die ligte, versoek ek u om neer te kniel voor die Here, sodat ons almal saam met u en vir u kan bid.

Laat ons bid.

Gebed

Almagtige God, U openbaar u goedheid en wysheid in al u werke en het ook van die begin af gese dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie. U het vir hom 'n hulp geskep wat by hom pas, en verorden dat die wat twee was, een moet wees. Ons bid U dat U hierdie egpaar wat U tot die heilige huwelik geroep en saam verbind het, deur u Heilige Gees wil lei, sodat hulle in 'n ware en vaste geloof heilig volgens u Goddelike wil sal lewe en alle boosheid teestaan. Seën hulle ook, soos U die gelowige vaders, u getroue vriende en dienaars, Abraham, Isak en Jakob, geseen het. *En aangesien hulle mede-erfgename is van die verbond wat U met hierdie vaders gesluit het, bid ons dat U aan hulle die genade sal verleen om hulle kinders, as dit U behaag om hulle die te gee, Christelik op te voed tot eer van u heilige Naam, tot opbou van u gemeente en tot verbreiding van u heilige evangelie.

Verhoor ons, Vader van alle barmhartigheid, deur Jesus Christus, u geliefde Seun, ons Here, wat saam met U en die Heilige Gees leef en regeer - die enige, ware, ewige God, wat altyd geprys moet word.

Amen.

Ten slotte versoek die bedienaar om 'n gepaste seënbede te sing, en sê daarna:

Mag ons HERE God u met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saamverbind lank en heilig mag lewe! Amen.

---

* Laat weg waar nie toepaslik nie.

Gebede

CHRISTELIKE GEBEDE WAT IN DIE SAMEKOMSTE VAN DIE GELOWIGES, IN DIE HUISE EN ELDERS GEBRUIK WORD

BEDE BY DIE AANVANG VAN DIE SAMEKOMS VAN DIE GEMEENTE

Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het. Amen.

'n Algemene belydenis van die sondes en 'n gebed voor die preek op Sondag en op vas- en biddae

O ewige God en allergenadigste Vader, ons verootmoedig ons uit die grond van ons hart voor u hoe majesteit waarteen ons so dikwels en so gruwelik gesondig het, en ons erken dat as U met ons in die gerig wil gaan, ons niks anders as die ewige dood verdien het nie. Want behalwe dat ons almal deur die erfsonde voor U onrein en kinders van die toorn is, in sonde ontvang en in ongeregtigheid gebore, waardeur allerhande bose luste in ons woon, wat teen U en ons naaste stry, het ons nog bowendien met die daad u gebooie dikwels en sonder ophou oortree deur na te laat wat U ons beveel het en te doen wat ons uitdruklik verbode was. Ons erken, en dit is ons van harte leed, dat ons almal soos skape gedwaal en grootliks teen U gesondig het; ja ons bely tot ons vernedering en tot roem van U ontferming oor ons, dat ons sondes meer is as die hare van ons hoof en dat ons tienduisend talente skuldig is, terwyl ons niks het om te betaal nie. Daarom is ons ook nie waardig om u kinders genoem te word of ons oe na die hemel op te slaan om ons gebede voor U uit te spreek nie. Nogtans, o Here God en barmhartige Vader, weet ons dat U nie die dood van die sondaar begeer nie, maar dat hy hom bekeer en lewe, en dat U barmhartigheid oneindig is wat U bewys aan diegene wat hulle tot U bekeer. Ons roep u van harte aan in die vertroue op ons Middelaar Jesus Christus, die Larn van God wat die sonde van die wêreld wegneem, en bid U om medelye met ons swakheid te hê deur ons al ons sondes om Christus wil te vergewe. Was ons in die suiwere fontein van sy bloed, dat ons rein en wit soos sneeu mag word. Bedek ons naaktheid met sy onskuld en geregtigheid ter wille van die eer van u Naam. Reinig ons verstand van alle blindheid en ons harte van alle moedswil en hardnekkigheid. Open nou die mond van u dienaar en vervul dit met u wysheid en kennis, dat hy u Woord suiwer en vrymoedig kan verkondig. Berei ook die harte van ons almal, sodat ons dit kan hoor, verstaan en bewaar. Skryf u

wette, volgens u beiofte, in die tafels van ons harte en gee ons lus en krag om daarin te wandel, tot roem en eer van u Naam en tot stigting van u gemeente. Dit alles, o genadige Vader, bid en begeer ons in die Naam van Jesus Christus wat ons geleer het om aldus te bid:

Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons shulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe ; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

'N GEBED VIR AL DIE BEHOEFTES VAN DIE GELOWIGES, OM GEBRUIK TE WORD OP DIE RUSDAG NA DIE EERSTE PREEK

Almagtige, barmhartige God, ons erken en bely voor U dat ons nie waardig is om ons oë op te slaan na die hemel en ons gebed voor U te bring as U ons verdienste en waardigheid sou wil aansien nie. Want ons gewete beskuldig ons en ons sondes gee getuienis teen ons. Ons weet ook dat U 'n regverdige Regter is wat die sondes straf van hulle wat u gebooie oortree. Maar, o Here, omdat U ons beveel het om U in al ons behoeftes aan te roep en uit u onuitspreeklike barmhartigheid beloof het om ons gebede te verhoor, nie vanwee ons verdienste nie (want die is daar nie), maar ter wille van die verdienste van ons Here Jesus Christus, wat U as 'n Middelaar en Voorspreker verordineer het, - daarom laat ons alle ander hulp vaar en neem ons ons toevlug alleen tot u barmhartigheid.

Ten eerste, o Here, bely ons dat U ons soveel weldade bewys het dat dit vir ons nie moontlik is om alles ten volle te besef of om dit uit te spreek nie; insonderheid dat U ons gelei het tot die lig van u waarheid en die kennis van u heilige evangelie. Daarenteë het ons deur ons ondankbaarheid u weldade vergeet; ons het van U afgewyk en ons eie begeertes gevolg ; ons het U nie geëer soos ons skuldig was nie. Grootliks het ons gesondig, en as U met ons in die gerig sou wil gaan, sou ons niks anders as die ewige dood en die verdoemenis kan verwag nie. Maar, o Here, aanskou die aangesig van u Gesalfde, en nie ons sondes nie, sodat u toorn deur sy voorbede stil mag word. Vermeerder in ons die genade van u Gees, dat die daagliks meer en meer ons vlees met al sy bose luste kruisig en ons tot 'n beter lewe vernuwe.

En omdat dit U behaag dat vir alle mense gebid word, daarom bid ons U om u seën oor die leer van u heilige evangelie te gee, sodat dit orals verkondig en aangeneem word en die ganse wêreld vervul word met u saligmakende kennis: die onwetendes bekeer en die swakkes gesterk word en elkeen u heilige Naam nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad groot maak en heilig. Wil daartoe getroue dienaars in u oes uitstuur en hulle so met gawes toerus, dat hulle hul amp getrou bedien. Wil daarentee uitroei alle valse leraars, roofsugtige wolwe en huurlinge, wat hulle eie eer en voordeel soek, en nie die eer van u heilige Naam alleen of ook die welvaart en saligheid van mense nie.

Ons bid U vir die arbeid van die sending onder Jode, Mohammedane en heidene, en vir alle evangeliearbeid onder hulle wat nog die naam van Christen dra, maar van u waarheid ver afgewyk het. Gedenk aan die Christelike onderwys met almal wat daarin arbei en daarvoor sorg. Wil ook seën alle vereniginge van oueres en jongeres, wat volgens die reël van u Woord bedoel die heiliging van u Naam, die koms van u ryk en die volbrenging van u wil. Wees met alle stigtinge van barmhartigheid en skenk aan hulle wat daarin arbei, in ryke mate die gawe van die liefde.

Ons bid U ook vir die wêreldlike regeringe, insonderheid vir diegene wat U oor ons gestel het. Gee dat hulle regering daartoe strek dat die Koning van alle koninge oor hulle en hul onderdane regeer en die ryk van die duiwel, wat 'n ryk is van alle skandelikhede en ongeregtighede, deur hulle as u dienaars hoe langer hoe meer verwoes en vernietig word, en dat ons onder hulle 'n geruste en stil lewe lei, in alle godsaligheid en eerbaarheid.

Verder bid ons U vir al ons medebroeders wat ter wille van die naam en die Evangelie van ons Here Jesus Christus vervolging ly. Wil hulle met u Heilige Gees vertroos en genadig daaruit verlos; en laat nie toe dat die gedagtenis van u Naam op aarde uitgeroei word nie, sodat die vyande van u waarheid hulle nie beroem tot oneer en lastering van u Naam nie. Maar as dit u Goddelike wil is dat die gevange Christene met hulle dood vir die waarheid getuienis moet gee en u Naam moet prys, gee dan troos aan hulle in hul lyde, dat hulle dit uit u vaderlike hand mag aanneem en, deurdat hulle daarin u wil volg, standvastig mag bly in lewe en in sterwe, tot u eer, tot stigting van u gemeente en tot hulle eie saligheid.

Ons bid ook vir almal wat U tugtig met armoede, gevangenis, krankheid van die liggaam ofaanvegting van die gees. Troos hulle almal, o Here, volgens die eis van hulle nood wat U ken. Gee dat hulle tugtiging hulle dien tot erkenning van hul sondes en betering van hul lewe.

Wil hulle ook gee standvastige geduldigheid, versoet hulle lyde en verlos hulle eindelik, sodat hulle oor u goedheid hul verbly en u Naam vir ewig prys. Troos ook alle weduwees en wese, omdat U hulle Vader is. Wil in almal wat kranksinnig is, die goeie gawes van die verstand vermeerder, sodat hulle dit kan aanwend tot grootmaking van u Naam en stigting van hulle naaste. Eindelik, o Here, wil ons en die wat aan ons verbonde is, sowel as alles wat aan ons behoort, in u beskerming en bewaring neem; vernaamlik die wat op reis is op moeitevolle wee tot bevordering van u Kerk of die welvaart van die land, of ook vir hulle eie eerlike sake. Seën ook die opbrings van die aarde, gee daarvoor gunstige jare en vrugbare wasdom; en gee dat ons in ons beroep volgens u wil lewe en die gawes wat ons deur u seën ontvang, so gebruik dat hulle ons ni

'N OPENBARE BELYDENIS VAN DIE SONDES EN KORTER GEBED VOOR DIE PREEK

Hemelse Vader, ewige en barmhartige God, ons erken en bely voor u Goddelike majesteit dat ons arme, ellendige sondaars is, ontvang en gebore in alle boosheid en verdorwenheid, geneig tot alle kwaad en onnuttig tot enige goed, en dat ons met ons sondige lewe sonder ophou u heilige gebooie oortree, waardeur ons u toorn teen ons verwek en volgens u regverdige oordeel die ewige verdoemenis op ons laai. Maar, o Here, ons voel berou en smart dat ons U vertoorn het; ons beskuldig en klaag onsself aan vanwee ons misdade en begeer dat U genadiglik ons ellendigheid wil aansien. Ontferm U oor ons, o allergoedertierendste God en Vader, en vergeef ons al ons sondes ter wille van die heilige lyde van u liewe Seun Jesus Christus. Verleen ons ook die genade van u Heilige Gees, wat ons leer om ons ongeregtigheid van ganser harte te erken en onsself so te mishaag, dat die sonde in ons gedood word en ons in 'n nuwe lewe weer opstaan, waarin ons waaragtige vrugte van heiligheid en geregtigheid voortbring wat U deur Jesus Christus welgevallig kan wees. Gee ons ook dat ons u heilige Woord volgens u

Goddelike wil reg verstaan, sodat ons daaruit leer om al ons vertroue op U alleen te stel en van aile skepsele af te trek. Laat ook ons ou mens met al sy begeertes van dag tot dag meer en meer gekruisig ward, en laat ons ons aan U opoffer tot 'n lewende dankoffer, tot eer van u heilige Naam en tot stigting van ons naaste. Wil ook genadiglik bekeer almal wat nog van u waarheid wegdwaal, sodat ons U almal saam eendragtig dien in heiligheid en geregtigheid al die dae van ons lewe. Dit begeer ons van U deur ons Here Jesus Christus wat ons geleer en beveel het om aldus te bid: Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geshied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons shulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

'N KORTER GEBED NA DIE PREEK

Here, almagtige God, laat u heilige Naam ter wille van ons sondes nie gelaster word nie; want ons het menigvuldig teen U gesondig deurdat ons u heilige Woord nie gehoorsaam soos dit ons betaam nie, en deur onwetendheid, ondankbaarheid en murmurering u toorn daagliks teen ons verwek: Daarom is dit dat U ons met reg tugtig. Maar, o Here, wees gedagtig aan u grote barmhartigheid en ontferm U oor ons. Gee ons kennis van en smartgevoel oor ons sondes en betering van ons lewe. Sterk die dienaars van u Kerk, dat hulle getrou en standvastig u heilige Woord verkondig. Sterk ons owerheid, dat hulle die wêreldlike swaard met geregtigheid en billikheid voer. Bewaar ons ook teen alle valsheid en ontrou, verydel alle bose en listige raadslae wat teen u Woord en Kerk bedink word. O Here, onttrek u Gees en Woord nie aan ons nie, maar gee ons vermeerdering van die geloof, en in alle kruis en teespoed lydsaamheid en standvastigheid. Kom u Kerk te hulp, verlos dit van alle geweld, bespotting en tirannie. Sterk ook alle swakke en bedroefde harte. En skenk ons u vrede deur Jesus Christus, ons Here, wat ons hierdie gewisse belofte gegee het: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy hulle gee; en wat ons beveel het om aldus te bid:

Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk hom, laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse

brood, en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

'N GEBED VOORDAT UIT DIE KATEGISMUS ONDERRIG GEGEE WORD

O Hemelse Vader, u Woord is volmaak en bekeer die siel, 'n waaragtige getuienis wat aan die eenvoudiges wysheid gee en die oe van die blindes verlig, 'n kragtige middel tot saligheid vir almal wat dit glo. Maar omdat ons van nature blind is en onbekwaam tot enige goed, en U ook niemand wil aansien wat nie ootmoedig en verslae van hart is en u Woord vrees nie, daarom bid ons U dat U ons duistere verstand wil verlig met u Heilige Gees en ons wil gee 'n sagmoedige hart waaruit geweer word alle verwaandheid en vleeslike wysheid wat vyandskap teen U is; sodat ons, as ons u Woord hoor, dit reg verstaan en ons lewe daarna inrig. Wil ook genadiglik bekeer almal wat nog van u waarheid afdwaal, dat ons almal saam U eendragtig mag dien in ware heiligheid en geregtigheid al die dae van ons lewe. Dit begeer ons alleen om Christus wil, wat ons geleer het om in sy Naam te bid en ook beloof het om ons te verhoor:

Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geshied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons shulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

'n Gebed nadat uit die kategismus onderrig gegee is

O genadige, barmhartige God en Vader, ons dank U dat dit U behaag het om 'n genadeverbond op te rig met die gelowiges en hulle nageslag, 'n verbond wat U nie alleen deur die heilige doop verseël het nie, maar nog daagliks bevestig as U vir U lof berei uit die mond van hulle kinders, om so die wyse manne van hierdie wêreld beskaamd te maak. Ons bid U, vermeerder in hulle u genade, dat hulle in Christus, u Seun, gedurig toeneem en groei, totdat hulle die mate van die volle grootte van Christus in alle wysheid en geregtigheid verkry het. Gee ons ook u genade, dat ons hulle in u kennis en vrees onderrig, soos U ons beveel het, sodat deur hulle godsaligheid die ryk van die Satan verwoes word en die ryk van Jesus Christus in hierdie en ander gemeentes versterk word,

tot eer van u heilige Naam en tot hulle ewige saligheid, deur Jesus Christus, u Seun en ons Here, wat ons geleer het om aldus te bid::

Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geshied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons shulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Gebed voor die ete

Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd. U maak u hand oo_ en versadig alles wat lewe met welbehae (Ps. 145:15, I6).

Here, almagtige God, U wat alles geskape het en nog deur u Goddelike krag onderhou en die volk Israel in die woestyn gespysig het - strek u seën uit oor ons, u arme dienaars, en heilig vir ons hierdie gawes wat ons uit u milde hand ontvang, sodat ons dit matig en heilig volgens u goeie wil gebruik en daardeur erken dat U ons Vader en die oorsprong van alle goeie dinge is. Gee ook dat ons altyd, en voor alles, soek die geestelike brood van u Woord, waarmee ons siele gespysig word tot die ewige lewe, wat U vir ons berei het deur die heilige bloed van u liewe Seun, ons Here Jesus Christus. Amen.

Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geshied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons shulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Ons Here Jesus Christus vermaan ons aldus in Luk. 21:34, 35: Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en die dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon.

GEBED NA DIE ETE

In Deut. 8: 10, 11 spreek die HERE aldus:

Jy sal eet en versadig word en die HERE jou God loof oor die goeie land wat Hyjou gegee het. Neem jou in ag dat jy die Here jou God nie vergeet deur sy gebooie en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie.

Here God, hemelse Vader, ons dank U vir al u weldade wat ons sonder ophou uit u milde hand ontvang; dat dit u Goddelike wil is om ons te onderhou in hierdie tydelike lewe en ons te versorg met alles wat ons nodig het; maar insonderheid dat ons deur U wedergebore is tot die hoop van 'n beter lewe wat U aan ons geopenbaar het deur u heilige evangelie. Ons bid U, barmhartige God en Vader, om nie toe te laat dat ons harte hier in hierdie aardse en verganklike dinge inwortel nie, maar dat ons altyd opwaarts sien na die hemel en ons Saligmaker Jesus Christus verwag, totdat Hy op die wolke tot ons verlossing sal verskyn. Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geshied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons shulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Loof die HERE want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid (Ps. 106:1).

GEBED VIR KRANKES EN AANGEVOGTENES

Ewige, barmhartige God en Vader, U is die ewige saligheid van die lewendes en die ewige lewe van die sterwendes. U alleen het dood en lewe in u hand, en sorg sonder ophou so vir ons, dat gesondheid of krankheid, goed of kwaad nie oor ons kan kom nie; ja, geen haar van ons hoof kan val sonder u wil nie, terwyl U ook vir u gelowiges alle dinge ten beste keer. Ons bid U, verleen ons die genade van u Heilige Gees, dat Hy ons leer om ons ellendigheid reg te ken en geduldig u kastydinge te verdra, wat ons tog tienduisend maal groter verdien het. Ons weet dat hulle vir ons geen tekens van u toorn is nie, maar van u vaderlike liefde jeens ons, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel word nie. Vermeerder, o HERE, ons geloof deur u Heilige Gees. Laat ons hoe langer hoe meer in Christus ingelyf word soos lidmate in hulle geestelike Hoof, aan wie U ons in lyde en heerlikheid gelyk wil maak. Maak die kruis ligter volgens wat ons swakheid kan verdra. Ons onderwerp ons geheel en al aan u wil, hetsy dat U ons siele langer in hierdie tabernakel wil laat bly of tot U in die ewige lewe wil neem, aangesien

ons Christus se eiendom is en daarom nie kan vergaan nie. Ons wil graag hierdie swakke vlees verlaat in die hoop van die salige opstanding, wanneer dit veel heerliker aan ons teruggegee sal word. Laat ons tog gevoel die salige troos van die vergewing van sondes en van die regverdigmaking van Christus, sodat ons met daardie skild alle aanvegtinge van satan kan oorwin. Laat sy onskuldige bloed die vlek en die onreinheid van ons sondes uitwis. Laat sy geregtigheid intree vir ons ongeregtigheid in u laaste oordeel. Wapen ons met geloof en hoop, sodat ons nie tot skande word deur enige skrik vir die dood nie. Wanneer ons liggaamlike oë duister word, laat dan die oë van die gees op U sien. Wanneer U ons die gebruik van die tong beneem het, laat die hart dan nie ophou om U aan te roep nie. O Here, ons beveel ons siele in u hande. Wil ons in ons laaste nood nie verlaat nie. Doen dit om Jesus Christus wil alleen, wat ons geleer het om aldus te bid: Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geshied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons shulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

DIE MÔREGEBED

Barmhartige Vader, ons dank U dat U hierdie nag so getrou oor ons gewaak het, en ons bid U dat U ons wil versterk met u Heilige Gees. Laat Hy ons voortaan lei, dat ons hierdie dag, sowel as al die dae van ons lewe, bestee tot alle geregtigheid en heiligheid. Laat ons doel, by alles wat ons ter hand neem, altyd wees om u eer te verbrei, so dat ons dan ook al die voorspoed by ons voornemens van u milde hand alleen verwag. En dat ons die genade van mag verkry vergeef ons, volgens u belofte al ons sondes ter will van die heilige lyde en bloedvergieting van ons Here Jesus Christus; want ons het oor die sondes van harte berou. Verlig ook ons harte, sodat ons alle werke van die duisternis aflê en as kinders van die lig in alle godsaligheid in 'n nuwe lewe wandel. Gee ook seen by die verkondiging van u Goddelike Woord. Vernietig alle werke van die duiwel. Versterk alle getroue kerkdienaars en owerhede van u volk. Vertroos alle vervolgde en benoude harte deur Jesus Christus, u liewe Seun, wat ons beloof het dat U ons alles wat ons U in sy Naam bid, sekerlik sal gee en ons daarom beveel het om aldus te bid: Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geshied,

soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons shulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen. Verleen ons ook u genade dat ons volgens u wil mag lewe, die wil wat U aan ons in u Wet geopenbaar het en in hierdie Tien Gebooie saamgevat is:

TOE het God al hierdie woorde gespreek en gesê:

Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.

Die eerste gebod: Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Die tweede gebod: Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.

Die derde gebod: Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Die vierde gebod: Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het HY gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.

Die vyfde gebod: Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

Die sesde gebod: Jy mag nie doodslaan nie.

Die sewende gebod: Jy mag nie egbreek nie.

Die agtste gebod: Jy mag nie steel nie.

Die negende gebod: Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

Die tiende gebod: Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

DIE AANDGEBED

O barmhartige God, ewige Lig wat skyn in die duisternis, U at die nag van sondes en alle blindheid van die hart verryf; U wat die nag verorden het om te rus soos U die dag veroren het om te werk, ons bid U, gee dat ons liggame in vrede en tilheid mag rus, dat hulle daarna bekwaam mag wees om die arbeid te dra wat U ons oplê. Laat ons slaap matig en nie onordelik wees nie, sodat ons aan liggaam en siel onbevlek mag wees, ja dat selfs ons slaap tot u eer mag wees. Verlig die oë van ons verstand dat ons nie in die dood ontslaap nie, maar altyd ons verlossing uit hierdie ellende verwag. Beskerm ons ook teen alle aanvegting van die duiwel en neem ons in u heilige hoede. En aangesien ons hier die dag nie deurgebring het sonder teen U grootliks te sondig nie daarom bid ons U, wil ons sondes bedek deur u barmhartigheid soos U alle dinge op aarde met die duisternis van die nag bedek sodat ons daardeur van u aangesig nie verstoot word nie. Gee ook rus en troos aan alle krankes, bedroefdes, en aangevogte harte deur ons Here Jesus Christus, wat ons geleer het om aldus te bid: Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geshied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons shulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

GEBED BY DIE OPENING VAN DIE KERKLIKE BYEENKOMSTE

Hemelse Vader, ewige en barmhartige God, dit het U behaag in oneindige wysheid en goedertierenheid om uit al die mense van die ganse aarde vir U 'n gemeente te vergader deur die verkondiging van die heilige evangelie, en die te regeer deur die diens va mense. U het ons ook tot so 'n amp genadiglik geroep en ons beveel om ag te gee op die kudde wat Christus met sy dierbare bloed verwerf het. Ons is dan nou hier in u heilige Naam vergader om volgens die voorbeeld van die Apostoliese Kerk, ooreenkomstig ons amp, te handel oor die dinge wat voor ons sal kom en wat betrekking het op die welstand en die

stigting van u gemeentes. Aangesien ons egter moet bely dat ons daartoe onnuttig en onbekwaam is, omdat ons van nature uit onsself niks goed kan dink of doen nie, daarom bid ons U, o getroue God en Vader, dat U volgens u belofte, in ons vergadering wil wees met u Heilige Gees sodat Hy ons in alle waarheid lei. Neem ook van ons weg alle misverstand en verkeerde beweginge van die vlees, en gee dat u heilige Woord die enigste reel en rigsnoer van al ons beraadslaginge en besluite mag wees, sodat alles strek tot eer van u Naam, tot stigting van u gemeente en tot gerustheid van ons eie gewete, deur Christus Jesus, u Seun, wat met U en die Heilige Gees, die enige en waaragtige God, ewig geloof en geprys moet word. Amen.

GEBED BY DIE SLUITING VAN DIE KERKLIKE BYEENKOMSTE

Here God, hernelse Vader, ons dank U van harte dat dit U behaag om in hierdie land vir U 'n kerk te vergader en dat U daartoe ons diens wil gebruik en ons die genade wil gee om vry en onverhinderd u heilige evangelie te preek en van alle godsalige oefeninge gebruik te maak; daarbenewens dat U nou met u Heilige Gees in ons vergadering was, ons beraadslaginge en besluite bestuur het volgens u wil en ons harte in onderlinge vrede en eendrag verbind het. Ons bid U, o getroue God en Vader, wil tog ons voorgenome arbeid genadiglik seën en die werk wat U begin het, kragtig volvoer. Versamel vir U altyd 'n ware gemeente en bewaar dit by die suiwere leer, die regte gebruik van die heilige sakramente en die getroue uitoefening van die tug; maak daarenteë tot niet alle bose en listige raadslae wat teen u Woord en Kerk bedenk word. Sterk die kerkdienaars, dat hulle getrou en standvastig u heilige Woord verkondig; ondersteun en bemoedig die opsieners en armversorgers, dat hulle deur die getroue bediening van hulle ampte u Kerk tot 'n seën mag wees. Wil ook ons owerhede sterk, sodat hulle die wêreldlike swaard met geregtigheid en billikheid mag voer. Gee dat hulle ganse regering daarop gerig mag wees dat die Koning van die koninge oor hulle en hul onderdane mag regeer en die ryk van die duiwel, wat 'n ryk is van alle skandelikhede en ongeregtighede, deur hulle as u dienaars hoe langer hoe meer verwoes en tot niet gemaak mag word, en dat ons onder hulle 'n geruste en stil lewe mag lei, in alle godsaligheid en eerbaarheid. Verhoor ons, o God en Vader, deur Jesus Christus, u liewe Seun, wat met U en die Heilige Gees, die enige en waaragtige God, ewig geloof en geprys moet word. Amen.

'N GEBED BY DIE OPENING VAN DIE VERGADERING VAN DIE DIAKENS

Barmhartige God en Vader, U het nie alleen gesê dat ons altyd armes by ons sal hê nie, maar het ook beveel om hulle by te staan, terwyl U vir die doel in u gemeente die diens van die diakens ingestel het, waardeur hulle gehelp kan word. Aangesien ons in hierdie gemeente tot die amp van die diakens geroep is en nou hier in u Naam vergader het om oor ons diens met mekaar te spreek, bid ons U in alle ootmoed, om Jesus Christus wil, dat U by ons wil wees met die Gees van onderskeiding, sodat ons goed kan onderskei tussen die wat waarlik arm is, en die wat dit nie is nie; en dat ons met alle blymoedigheid en getrouheid die liefdegawes wat deur ons versamel is, aan elkeen mag uitdeel wat behoefte het en nie ongetroos laat bly die behoeftige lidmate van u liewe Seun nie. Vuur die harte van die gemeentelede aan met 'n opregte liefde tot die armes, dat hulle mildelik meedeel van hulle tydelike goedere waaroor U hulle as bestuurders gestel het. En gee dat ons wat die middele ontvang om die behoeftiges te help, ons amp getrou, sonder dat dit ons 'n las is en met 'n onbekrompe hart, mag bedien. Verleen ons ook die genade om nie alleen met die uiterlike gawe nie, maar ook met u heilige Woord die ellendiges te vertroos. En aangesien die mens nie net van brood lewe nie, maar van elke woord wat uit u mond kom, wil daarom ook u seën uitstrek oor ons uitdeling en die brood van die armes vermenigvuldig, dat hulle en ons rede mag hê om U te loof en te dank, terwyl ons verwag die salige koms van u liewe Seun Jesus Christus wat om ons ontwil arm geword het, om ons ryk te maak tot in ewigheid. Amen.